# DIE OPLEIDING VAN PERSONEEL VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSWERK GESIEN TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE PROBLEMATIEK VAN DIE BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE

**A.J. Viljoen**

*'n Proefskrif ter verkryging van die graad D. Phil. aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.*

Promotor: *Prof. H.C. van Rooy*

**Potchefstroom**
**1973**

*'n Ad hoc-toekenning is van die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang om 'n ondersoek na die opleidingsbehoeftes van die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika in te stel. Die finansiële steun word met dank erken, maar die menings wat in hierdie proefskrif uitgespreek is en die gevolgtrekkings wat gemaak is, moet in geen geval as die menings of gevolgtrekkings van dié Raad beskou word nie.*

INHOUD

AFDELING A


1 **Inleiding**

1.1 Die aard van die probleem 1
1.2 Die probleem 6
1.3 Metode van ondersoek 13

2 **Oorsig van die ontwikkelinge op biblioteek- en inligtingsgebied**

2.1 Inleiding 20
2.2 Differensiasie in die biblioteekwese 23
2.3 Die totstandkoming van dokumentasie as gespesialiseerde aktiwiteit 27
2.3.1 Ontsluiting van inligting 31
2.3.2 Inligtingsdiens 35
2.4 Inligtingswerk en inligtingkunde 38
2.5 Samevatting 41

3 **Die terreine van biblioteek- en inligtingkunde**

3.1 Inleiding 45
3.2 Biblioteekkunde as dissipline 47
3.2.1 Inleiding 47
3.2.2 Die funksies van die biblioteekwese 48
3.2.2.1 Die maatskaplike funksies van die biblioteekwese 53
3.2.2.2 Die bedryfsfunksies van die biblioteekwese 62
3.2.2.3 Samevatting 63
3.2.3 Is 'n biblioteekwetenskap moontlik? 64
3.2.3.1 Inleiding 64
3.2.3.2 Verskillende opvattings rakende 'n biblioteekwetenskap 67

3.2.3.3 Gevolgtrekkings 77
3.3 Die inligtingkunde - 'n nuwe dissipline? 80
3.3.1 Inleiding 80
3.3.2 Die aktiwiteite van inligtingswerk 83
3.3.3 Die identifisering van inligtingkunde as terrein van ondersoek 89
3.3.3.1 Die Amerikaanse siening van inligtingkunde 89
3.3.3.2 Opvattings oor die inligtingkunde buite Amerika 98
3.3.3.3 Huidige stand van die inligtingkunde as wetenskap 103
3.4 Die verband tussen biblioteek- en inligtingkunde 106
3.5 Samevatting 109

AFDELING B

4 **Tendense in die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers in die buiteland**
4.1 Inleiding 113
4.2 Die beroepsaard van biblioteek- en inligtingswerk 114
4.3 Die aard en oogmerke van beroepsopleiding 120
4.3.1 Die aard van beroepsopleiding 120
4.3.2 Oogmerke van beroepsopleiding 123
4.3.2.1 Die oogmerk om voldoende getalle beroepslui te lewer 124
4.3.2.2 Die oogmerk om goed gekwalifiseerde beroepslui te lewer 125
4.4 Tendense in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk 129
4.4.1 Inleiding 129
4.4.2 Die aard van biblioteek- en inligtingswerk as faktor in die vormgewing van opleiding 130
4.4.3 Die invloed van die hoër onderwysstelsel van 'n land as faktor in die ontwikkeling van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk 134
4.4.4 Die neiging om beroepsopleiding meer teoreties in te stel 143

4.4.5 Invloed van spesialisasie en differensiasie as faktore in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk 151
4.4.5.1 Inleiding 151
4.4.5.2 Die werking van spesialisasie en differensiasie in die algemeen 153
4.4.5.3 Die werking van spesialisasie en differensiasie op die terrein van biblioteek- en inligtingwerk 154
4.4.5.4 Die vraagstuk van 'n algemene basiese opleiding 160
4.4.5.5 Spesialisasie in die opleiding 170
4.4.5.5.1 Inleiding 170
4.4.5.5.2 Die aard van gespesialiseerde opleiding 173
4.4.5.5.3 Gespesialiseerde opleiding vir inligtingswerk 176
4.4.5.5.4 Ander vorms van gespesialiseerde opleiding 193
4.4.5.5.5 Samevatting 194
4.4.5.6 Differensiasie in die opleiding 196
4.4.5.6.1 Inleiding 196
4.4.5.6.2 Opleiding vir verskillende diensvlakke 197
4.4.5.6.3 Funksionele opleiding 218
4.4.5.6.4 Samevatting 221
4.4.6 Die vraagstuk van praktiese of kliniese opleiding 223
4.4.6.1 Inleiding 223
4.4.6.2 Omskrywing van praktiese of kliniese opleiding 224
4.4.6.3 Problematiek van praktiese opleiding 225
4.5 Samevatting 228

5 **Historiese oorsig van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika**

5.1 Inleiding 231
5.2 Opleiding deur die S.A. Biblioteekvereniging 233
5.3 Oorskakeling van bibliotekarisopleiding na die universiteite 234

5.4 Teoretiese versus praktiese opleiding 241
5.5 Algemene vorming en die tydsduur van die opleiding 247
5.6 Akkreditering 250
5.7 Samevatting 251

AFDELING C

6 **Aanduidings van die Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingspraktyk se behoefte aan opgeleide personeel**
6.1 Inleiding 255
6.2 Die kwantitatiewe behoefte aan opgeleide personeel 255
6.2.1 Personeelbesetting van Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste in 1969 256
6.2.2 Opgawe van addisionele personeel wat benodig word 263
6.2.3 Bevindings 271
6.3 Die personeelbehoeftes in kwalitatiewe sin 272
6.3.1 Inleiding 272
6.3.2 Behoeftes van die praktyk aan opgeleide personeel 274
6.3.2.1 Die behoeftes van die sosiale biblioteke 275
6.3.2.2 Die behoeftes van die inligtingsbiblioteke 281
6.4 Voortgesette opleiding 289
6.5 Samevatting 294

7 **Die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers in Suid-Afrika**
7.1 Hoër onderwys in Suid-Afrika 298
7.1.1 Beroepsopleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite 303
7.1.2 Samevatting 309
7.2 Die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika 310
7.2.1 Vorme en vlakke van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika 310

7.2.1.1 Formele opleiding 310
7.2.1.2 Voortgesette beroepsopleiding 315
7.2.2 Vereistes vir toelating tot biblioteekkundige studiekursusse 315
7.2.3 Duur van opleidingskursusse 317
7.2.4 Organisasie van die opleiding 318
7.2.4.1 Samestelling van die curriculum 318
7.2.4.2 Sillabusse van opleidingskursusse 322
7.2.4.3 Praktiese opleiding 327
7.2.4.4 Tyd bestee aan teoretiese en praktiese opleiding 332

**AFDELING D**

**8 Die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika**

8.1 Inleiding 343
8.2 Die vermoë van die opleidingsinrigtings om voldoende getalle formeel opgeleide rekrute te lewer 343
8.3 Die vermoë van die opleidingsinrigtings om bibliotekarisse en inligtingswerkers te lewer wat oor die vereiste voorbereiding en opleiding beskik 351
8.3.1 Inleiding 351
8.3.2 Algemene basiese opleiding 353
8.3.2.1 Tweeledigheid van die basiese opleiding 354
8.3.2.2 Probleme rondom die vierjarige graad en die hoër diploma in biblioteekkunde 359
8.3.2.3 Inhoud van 'n algemene basiese opleidingskursus vir biblioteek- en inligtingswerk 369
8.3.2.3.1 Inleiding 369
8.3.2.3.2 Nie-beroepsgedeelte van die curriculum 370
8.3.2.3.3 Beroepsgedeelte van die curriculum 374
8.3.2.4 Die plek van praktiese opleiding in die curriculum 383

8.3.3 Gespesialiseerde opleiding 388
8.3.4 Differensiasie in die opleiding volgens diensvlakke 391
8.3.4.1 Opleiding vir 'n laer diensvlak 391
8.3.4.2 Die gevorderde nagraadse vlak 397
8.3.5 Opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers op universitêre vlak 403

9 **Gevolgtrekkings en aanbevelings 409**

9.1 Biblioteek- en inligtingkunde as terreine van ondersoek 409
9.2 Beroepsopleiding - algemeen 413
9.3 Vorme en vlakke van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk 414
9.4 Opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika en die behoefte aan opgeleide personeel van die biblioteek- en inligtingspraktyk 419
Die moontlike verdringing van die beoefening van die basiese wetenskappe deur die eise van beroepsopleiding 420
Gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika 421

**Bylaes 429**

**Bibliografie 509**

## TABELLE


1 Distribution of core courses by number and percent of schools 166

2 Personeelbesetting van biblioteke en inligtingsdienste, 1969. 257

2.1 Vergelyking tussen statistiek van 1961 en 1969 oor personeelbesetting van biblioteke 259

2.2 Professionele personeel volgens tipe inrigting 260

2.3 Verhouding tussen mans en dames professionele personeel 262

2.4 Verhouding tussen personeel met 'n natuur- en geesteswetenskaplike agtergrond 263

3 Beskikbaarheid van personeel met professionele biblioteek- en inligtingskwalifikasies 264

4 Beraming van die getal personeel wat in 1969 in diens geplaas sou kon word, beide in vakatures en in betrekkings wat deur persone gevul is wat nie oor die regte kwalifikasies vir hul werk beskik het nie 266

5 Beraming van die addisionele getal personeel wat van 1970 tot 1974 vir biblioteek- en inligtingswerk benodig word 267

6 Vergelyking van die behoefte van sosiale en inligtingsbiblioteke aan opgeleide personeel 269

7 Uitbreiding en verbetering van bestaande dienste – openbare biblioteke 276

8 Evaluering van opleidingsinhoud deur hoofde van sosiale biblioteke 278

9 Waardebepaling van eienskappe en kwalifikasies vir sukses in biblioteekwerk deur hoofde van sosiale biblioteke 279

10 Benutting van personeel vir beroepsarbeid in sosiale biblioteke 280

11 Uitbreiding en verbetering van bestaande dienste – opvoedkundige biblioteke 283

12 Uitbreiding en verbetering van bestaande dienste – gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste 283

13 Evaluering van opleidingsinhoud deur hoofde van inligtingsbiblioteke 286
14 Waardebepaling van eienskappe en kwalifikasies vir sukses in biblioteekwerk deur hoofde van inligtingsbiblioteke 287
15 Benutting van personeel vir beroepsarbeid in inligtingsbiblioteke 288
16. Omvang van doelbewuste en beplande indiensopleiding deur verskillende tipes inrigtings 291
17 Aanbieding van verskillende vorme van indiensopleiding 292
18 Aanduiding van behoefte aan kort kursusse volgens tipe inrigting en personeel 294
19 Bereidwilligheid van owerhede om personeel vry te stel om voortgesette opleiding te ondergaan 295
20 Kursusse in biblioteek- en inligtingkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite, 1973 312
21 Samestelling van curriculum vir graad in biblioteekkunde 321
22 Terreine waaruit honneurskursusse saamgestel word 323
23 Laer diploma in biblioteekkunde – getal lesure per week volgens vakke 333
24 Hoër diploma en graad in biblioteekkunde – getal lesure per week volgens vakke 334
25 Getal studente wat in die biblioteekkunde afgestudeer het, 1961–1972 337
26 Getal inrigtings wat afgestudeerdes gelewer het 338
27 Doserende personeel soos in 1973 341
28 Studente wat in biblioteekkunde afgestudeer het, 1968–1972 345
29 Verhouding van laer teenoor hoër professionele personeel 347

## BYLAES


1 Opname oor opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk: Openbare biblioteke 429

2 Opname oor opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk: Provinsiale biblioteekdienste 434

3 Opname oor opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk: Universiteits- en Kollegebiblioteke 439

4 Opname oor opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk: Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste 444

5 Opname oor opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk: Nasionale biblioteke 450

6 Vraelys oor opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk 454

7 South African Library Association. Standards for library schools 461

8 Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Standaarde vir biblioteekkundige opleiding 464

9 Benutting van personeel vir beroepsarbeid volgens opvoedkundige vlak in openbare biblioteke 469

10 Benutting van personeel vir beroepsarbeid volgens opvoedkundige vlak in provinsiale biblioteke 470

11 Benutting van personeel vir beroepsarbeid volgens opvoedkundige vlak in opvoedkundige biblioteke 471

12 Benutting van personeel vir beroepsarbeid volgens opvoedkundige vlak in gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste 472

13 Benutting van personeel vir beroepsarbeid volgens opvoedkundige vlak in nasionale biblioteke 473

14 Laer diploma in biblioteekkunde – Sillabusse van beroepsvakke 474

15 Hoër diploma in biblioteekkunde – Sillabusse van beroepsvakke 480

16 Graad in biblioteekkunde – Sillabusse van beroepsvakke 490

17 Vakindeling en -benaming van kursusse in biblioteekkunde 498

18 Afgestudeerdes vir laer diploma in biblioteekkunde 502

19 Afgestudeerdes vir hoër diploma in biblioteekkunde 503
20 Afgestudeerdes vir drie- en vierjarige grade in biblioteekkunde 504
21 Afgestudeerdes vir honneurs in biblioteekkunde 505
22 Afgestudeerdes vir meestersgraad in biblioteekkunde 506
23 Afgestudeerdes vir doktorsgraad in biblioteekkunde 507
24 Afgestudeerdes vir kwalifikasies in skoolbiblioteekkunde 508
25 Doserende personeel volgens opleidingsinrigtings 509
26 Gemiddelde getal gewone graad- en beroepstudente in biblioteekkunde I en II 510

# AFDELING A

# 1 INLEIDING

## 1.1 Die aard van die probleem

Opleiding vir enige beroep is 'n middel tot 'n doel, naamlik die opleiding en voorbereiding van rekrute om as volwaardige lede tot 'n bepaalde arbeidsveld toe te tree. Dit is moontlik om tussen verskillende vorme van opleiding te onderskei soos formele en voortgesette opleiding. In hierdie studie gaan dit om formele opleiding, wat deur 'n instelling vir die doel daargestel, onderneem word, terwyl voortgesette opleiding nie in diepte behandel sal word nie.

Voordat formele beroepsopleiding 'n algemene verskynsel geword het, het elke beroepsgemeenskap self sorg gedra dat nuwelinge wat wou toetree op die een of die ander wyse die nodige kundigheid en vaardigheid vir die beoefening van hul werk verwerf het. Opleiding by wyse van vakleerlingskap is een van die vroegste metodes van opleiding wat vir die doel aangewend is, en dit word vandag nog aangetref. Selfs 'n beroep soos dié van rekenmeester, wat redelik hoë aansien geniet, pas in sekere opsigte vandag nog die metode toe. Vakleerlingskap hou in dat die rekruut in die praktyk onder leiding van ervare beoefenaars sy nering aanleer. In die tipe opleiding het die klem sterk geval op die aanleer van tegnieke en die afrigting in die vaardigheid om die werk te doen, sonder dat in die reël veel aandag aan die teorie van die arbeidsveld bestee is.

Na gelang sekere beroepe deur die proses van professionalisering groter wasdom bereik het, en die gemeenskap bereid was om aan die beoefenaars daarvan groter vryheid in die uitvoering van hul werk te verleen, het dit noodsaaklik geword dat hulle ook in 'n groter mate die verantwoordelikheid, wat deur beroepsbeslissings meegebring is, sou dra. Dit het die besef laat ontstaan dat die gemeenskap die lede van professies of beroepe alleen die groter mate van vryheid in hul

daaglikse werk kon toelaat, indien hul in die teorie van hul vak goed onderlê was. Sodoende kon hulle die probleme waarmee hulle gekonfronteer is, ontleed en tot die regte beslissings kom in plaas daarvan om net op 'n aantal aangeleerde tegnieke terug te val.

Onderrig in die teorie en filosofie van 'n arbeidsveld is die taak van akademiese inrigtings, en dit lei tot die instelling van formele opleidingskursusse aan inrigtings vir hoër onderwys. Vandag word beroepsopleiding as een van die regmatige funksies van die moderne universiteit en ander inrigtings vir hoër onderwys aanvaar.

In sommige gevalle het vakleerlingskap in kombinasie met formele akademiese opleiding bly voortbestaan; in ander gevalle het dit mettertyd verdwyn en het die opleidingsinrigtings 'n vollediger opleiding, waarby 'n mate van praktiese opleiding ingesluit is, begin aanbied. Die beroepsgemeenskap het in die reël in laasgenoemde gevalle nie sy tradisionele verantwoordelikheid vir opleiding heeltemal ingeboet nie. Deur middel van die beroepsvereniging is standaarde gestel waaraan die opleiding moes voldoen om vir die lede van die beroepsgemeenskap aanvaarbaar te bly.

Vandag is dit dan die praktyk dat die belangrikste deel van die opleiding vir beroepe en professies op 'n formele basis deur 'n inrigting, soos 'n inrigting vir hoër tegniese onderwys, 'n kollege of universiteit, aangebied word. Uit hierdie benadering ontwikkel met verloop van tyd 'n teorie en praktyk van opleiding wat as 'n selfstandige terrein van ondersoek erkenning verkry het. Dit bly egter steeds 'n middel tot 'n doel, en daarom moet die bestudering van die opleiding vir 'n bepaalde beroep, soos in die geval van die biblioteek- en inligtingswese, in noue verband met die arbeidsveld en sy problematiek geskied. Naas die vereistes, wat deur die aard van die opleiding gestel word, moet voortdurend ook met ontwikkelinge en veranderinge wat in die arbeidsveld ingetree het, rekening gehou word. Die oorskakeling van die opleiding van die beroepsgemeenskap na die onderwysinrig-

tings maak die laasgenoemdes mede-verantwoordelik vir die lewering van afgestudeerdes, wat oor die nodige teoretiese kennis en praktiese oriëntering beskik, om met sukses tot hul beroep te kan toetree.

Hoewel biblioteek- en inligtingswerk 'n redelik lang geskiedenis het, het die behoefte aan beter funksioneel opgeleide personeel eers teen die einde van die vorige eeu tot die daarstelling van formele opleidingskursusse gelei. Voor daardie tyd is persone vir biblioteekwerk opgelei deur in 'n biblioteek te gaan werk, dus 'n soort vakleerlingopleiding. Die metode kon uiteindelik, as gevolg van die inwerking van verskillende faktore, nie meer in die behoefte aan opgeleide personeel voldoen nie. In 1876 begin Melville Dewey met formele opleiding vir biblioteekwerk aan die Universiteit van Columbia en in 1885 word die eerste eksamens van die Library Association in Engeland afgeneem.

Die sterk Britse invloed in Suid-Afrika en die feit dat verskeie persone met Britse biblioteekkwalifikasies en -ervaring gedurende die eerste dekades in Suid-Afrikaanse biblioteke werksaam was, 'n hele paar in leidende hoedanigheid, moes daartoe bygedra het dat die eerste formele bibliotekarisopleiding in Suid-Afrika ook deur die beroepsvereniging aangebied en beheer is.

In 1933 neem die korrespondensiekursusse van die S.A. Biblioteekvereniging in aanvang, maar reeds in 1938 en 1939 word die eerste opleidingskursusse op universitêre vlak aan die universiteite van Pretoria en Kaapstad onderskeidelik ingestel. Hierdie tendens word voortgesit met die instelling van verdere opleidingskursusse op universitêre vlak deur die Universiteit van Suid-Afrika (1955), Potchefstroom (1956), Stellenbosch en Witwatersrand (1958), Oranje-Vrystaat (1964), Rhodes (1966) en die Randse Afrikaanse Universiteit (1968). Die Natalse Universiteit het ook met opleiding op die hoër vlak in 1973 begin.

In 1962 het die S.A. Biblioteekvereniging sy opleiding vir blankes gestaak en die verantwoordelikheid aan die Universiteit van Suid-Afrika

oorgedra. Saam met die Universiteit van Natal is daar vandag dus tien universiteite wat formele opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk vir blankes voorsien. Naas die Universiteit van Suid-Afrika, wat ook aan nie-blankes opleiding verskaf, bied die Universiteit van Belville vir Kleurlinge, die Universiteit van Durban vir Indiërs en die Universiteit van Fort Hare vir Bantoes opleiding op die onderhawige terrein aan.

Dit is opvallend dat opleidingskursusse aan sewe universiteite in die tydperk 1955 tot 1969 ingestel is. Dit word aanvaar dat hierdie snelle uitbreiding deur 'n groter vraag na opgeleide personeel gestimuleer is. Die groter vraag na opgeleide personeel is op sy beurt weer deur ontwikkelinge op biblioteekgebied in die hand gewerk.

Die vraag is egter of die toename in opleidingsfasiliteite daarin slaag om in die bestaande behoefte in terme van die aantal en die tipe personeel te voorsien. Daar kan ook gevra word of die toename in die getal opleidingsinrigtings in die lig van die behoefte aan opgeleide personeel geregverdig is en of die snelle uitbreiding inderdaad tot die progressiewe ontwikkeling van bibliotekarisopleiding in Suid-Afrika bygedra het?

Die ontwikkelinge en veranderinge wat in Suid-Afrika op biblioteek- en inligtingsgebied ingetree het, is egter nie die enigste invloede wat op die plaaslike opleiding inwerk nie. Die biblioteekwese vorm deel van 'n universele beroepsgemeenskap en word ten nouste geraak deur ontwikkelinge en veranderinge elders in die wêreld. Die biblioteek- en inligtingswese van lande mag onderling verskil en individuele trekke vertoon, maar die sterk gemeenskaplike ondergrond ten opsigte van beskouinge, ontwikkelinge en vraagstukke rakende die terreine is ongetwyfeld 'n faktor wat opleiding hier ter plaatse behoort te beïnvloed.

Die rol van die biblioteekwese in die samelewing is aan voortdurende

verandering onderworpe na gelang die sosiale verband waarin dit optree, verander, en daardeur nuwe behoeftes ontstaan waaraan voldoen moet word. Die ontwikkelingspeil in Suid-Afrika, byvoorbeeld op die natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied, staan nog ver agter by dié van Amerika, Engeland en ander Europese lande. Ontwikkelinge op biblioteekgebied, wat hierdeur gestimuleer word, ontbreek gevolglik nog tot 'n groot mate in Suid-Afrika. Dit verminder egter nie die betekenis van die veranderinge wat op sosiale gebied ingetree het en elders reeds tot aanpassings op biblioteekgebied gelei het nie, en ook nie die implikasies daarvan vir opleiding nie.

Die mees radikale verandering wat in die 20e eeu in die biblioteekwese in algemene sin ingetree het, is die opkoms van die sogenaamde inligtingsprofessies. Die konvensionele biblioteekwese is een van die instellings in die gemeenskap wat tradisioneel 'n aandeel in die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling vir gebruik van die bronne van kennis en van inligting gehad het. Veranderings op maatskaplike gebied, soos die snelle ontwikkeling van die natuurwetenskappe en die tegnologie, het inligtingsbehoeftes meegebring waarin die konvensionele biblioteekwese skynbaar nie kon voorsien nie. Die gevolg was dat nuwe aktiwiteite, soos dokumentasie (later inligtingswerk) ontstaan het; dat nuwe instellings, soos inligtingsentra tot stand gekom het; en dat nuwe soorte personeel, soos inligtingswerkers na vore gekom het om van die take wat vroeër deur die konvensionele bibliotekaris verrig is, uit te voer. Hierdie nuwe aktiwiteite, instellings en funksionarisse het naas die konvensionele biblioteekwese ontwikkel en daarna begin streef om laasgenoemde te verdring en sy rol, veral wat betref die inligtingsfunksie, oor te neem. Tradisionele bibliotekarisse het aanvanklik skepties gestaan teenoor die nuwe geslag nie-bibliotekarisse met hul intense belangstelling in die ontwikkeling van nuwe tegnieke vir die reproduksie, vermenigvuldiging en

disseminasie van gedrukte materiaal, met hul bestudering en toepassing van gemeganiseerde metodes vir die bewaring en die ontsluiting van inligting, en met hul navorsing in die teorie van onderwerpsklassifikasie.[1] Daarteenoor het die nie-bibliotekarisse, meesal natuurwetenskaplikes of tegnoloë, bewus van die sukses wat hulle met die hantering van gespesialiseerde inligting behaal het, op die konvensionele biblioteekwese begin neersien en die standpunt ingeneem dat laasgenoemde se rol beperk is tot die versameling, die bewaring en die beskikbaarstelling van *dokumente* met die klem op die bewaringsfunksie. Die konfrontasie wat sodoende tussen die konvensionele en die nie-konvensionele biblioteekwese ontwikkel het, hou ook belangrike implikasies vir die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers in Suid-Afrika in. Daar sal moet rekenskap gegee word van vraagstukke soos die verband tussen die biblioteekwese en die nuwere inligtingsprofessies en in hoeverre dit die taak van die opleidingsinrigtings in Suid-Afrika is om opleiding vir die inligtingsprofessies te voorsien.

## 1.2 Die probleem

Formele opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk het in die vroeg dertiger jare in Suid-Afrika begin, maar weens die verskil in benadering van die eerste opleidingsinstansies, naamlik die S.A. Biblioteekvereniging en die universiteite van Pretoria en Kaapstad, was die opleidingspatroon aanvanklik aan heelwat skommelinge onderhewig. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare begin 'n verdere sewe universiteite met opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk[2] en neem die opleidingspatroon meer definitiewe vorm aan. Hoewel daar met verloop van tyd verskeie bydraes oor die opleiding van personeel vir

1) *Becker, J. en Hayes, R.M.* Information storage and retrieval: tools, elements, theories. New York, Wiley, 1967. p. 45.

2) Die Universiteit van Natal, wat in 1973 met opleiding begin het, is nie in die studie in berekening gebring nie.

biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika verskyn het, meesal in die vorm van tydskrifartikels[3)] en referate voor konferensies,[4)] terwyl twee akademiese studies[5)] oor die onderwerp ook voltooi is, is die opleidingspatroon, soos dit aan die begin van die sewentigerjare daar uitgesien het, nog nie krities in oënskou geneem nie.

Dit is daarom die doel van hierdie studie om ondersoek in te stel na die gewenste aanpassings in die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in die lig van die heersende ontwikkelingstendense op biblioteek- en inligtingsgebied. Met die oog hierop is dit nodig om die faktore wat 'n belangrike invloed op die opleiding kan uitoefen, vooraf te ontleed en die implikasies daarvan vir die opleiding in Suid-Afrika te bepaal.

Die eerste faktor wat belangrike implikasies vir die opleiding inhou, is die veranderinge wat op biblioteek- en inligtingsgebied ingetree het. Die biblioteek was nog altyd een van die belangrikste instellings vir die bewaring en die versorging van die skriftelike rekords van die gemeenskap. Veranderings en ontwikkelinge op maatskaplike gebied, wat 'n invloed op die taak van die biblioteek uitgeoefen het, is met verloop

3) *Immelman, R.F.M.* Professional education for librarianship. *Library world* 64: 313-320, 1963.

*Immelman, R.F.M.* Education for librarianship in South Africa. *Journal of education for librarianship* 6: 300-306, 1965/1966.

4) *Van Rooy, H.C.* Opleiding van bibliotekarisse in Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 26: 84-95, 1959.

*Malan, S.I.* Die opleidingsimplikasies van die nuwere tendense in die biblioteekwese vir Suid-Afrika. (*In* Van Rooy, H.C. en Viljoen, A.J. *reds.* Nuwere ontwikkelinge op die gebied van die biblioteekwese en inligtingsvoorsiening. Potchefstroom, Departement Biblioteekkunde, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1969. p. 155-183).

*Malan, S.I.* Bibliotekaris-opleiding vir die sewentigerjare in Suid-Afrika: die siening van die opleidingsinrigtings (*In* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 25e jaarlikse konferensie, 1970. Oos-Londen. Referate gelewer. Potchefstroom, 1970. p. 77-92.)

5) *Wertheimer, R.J.* Patterns in the education of librarians in South Africa. Cape Town, 1958.

*Fouche, B.* Die leergang by die opleiding van bibliotekarisse. M.A. (Bibl.)-verhandeling. Pretoria, 1968.

van tyd in die aanpassings wat op biblioteekgebied aangebring is, weerspieël.

Tot en met die 18e eeu was die biblioteek oorwegend 'n geleerde instelling en was die persone wat as bibliotekarisse opgetree het meesal geleerdes wat naas hul geleerde aktiwiteite ook biblioteekwerk verrig het. Die biblioteekwese van hierdie era was in hoofsaak met aktiwiteite gemoeid wat onder die dokumentasie- of inligtingsfunksie tuishoort, hoewel tekens van 'n sosiale funksie ook reeds al aanwesig was.

Vanaf ongeveer die 18e eeu vind daar egter ontwikkelinge op maatskaplike gebied plaas, wat invloede sou meebring, waardeur 'n meer definitiewe skeiding tussen die dokumentasie en die sosiale funksie van die biblioteekwese tot stand kom. Die snelle ontwikkeling op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied het enersyds 'n groter beklemtoning van dokumentasie-aktiwiteite nodig gemaak, terwyl die ontwaking van die gemeenskap tot die besef dat die massas ongeletterde en onderontwikkelde lede van die samelewing deur die nodige opvoedingsgeleenthede in beter mense kon ontwikkel, andersyds as stimulus in die totstandkoming van 'n nuwe biblioteektipe, die sosiale of openbare biblioteek, gedien het. Laasgenoemde biblioteektipe is as 'n instrument vir die opvoeding van die volksmassas voorgehou en sodoende is die sosiaal-opvoedkundige funksie van die biblioteekwese sterk voorop gestel.

Die differensiasie in sosiaal-opvoedkundige en dokumentasie-biblioteke het later 'n ander vorm begin aanneem insoverre dat dokumentasie- of inligtingsaktiwiteite ook buite biblioteke steeds meer toepassing gevind het. Dit lei daarheen dat voorstanders van dokumentasie begin om 'n onderskeid tussen die konvensionele en die niekonvensionele biblioteekwese te tref en sodoende word 'n verwarring geskep betreffende die verband tussen die biblioteekwese en die

opkomende inligtingsprofessies.

Met die oog op hierdie probleme word in die studie vooraf ondersoek ingestel na die verband tussen die ontwikkelinge op inligtingsgebied en die tradisionele biblioteekwese, en in hoeverre biblioteek- en inligtingswerk tot dieselfde terrein behoort en of daar grondige verskille tussen die twee terreine bestaan. In dieselfde verband word ook nagegaan in hoeverre 'n dissiplinêre raamwerk vir beide terreine reeds tot stand gekom het en of daar langs hierdie weg meer lig op die verband tussen biblioteek- en inligtingkunde gewerp kan word.

Aangesien daar persone is wat beweer dat biblioteek- en inligtingswerk geskei behoort te word en dat die biblioteekkunde aan die inligtingkunde, of omgekeerd, ondergeskik is en daar in sekere gevalle ook heeltemal afsonderlike opleidingsprogramme in inligtingkunde ontstaan het, is antwoorde op hierdie vrae nodig met die oog op die bestudering van die patroon van beroepsopleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika.

In die tweede plek moet daarmee rekening gehou word dat die veranderinge op biblioteek- en inligtingsgebied in lande soos die Verenigde State en Groot-Brittanje heelwat verder as in Suid-Afrika gevorder het en dat die invloed hiervan op die opleiding wel deeglik sal blyk. Daarom behoort die vernaamste ontwikkelingstendense in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in die buiteland ook nagegaan te word. Hoewel die omstandighede sodanig verskil dat ontwikkelinge in die opleiding van byvoorbeeld die Verenigde State nie bloot net in Suid-Afrika oorgeplant kon word nie, bied dit nogtans voorbeelde van moontlike benaderings wat hier met vrug nagevolg kan word.

Met die oog daarop om die ontwikkelingstendense in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk korrek te kan interpreteer, word ook van die aard van die opleiding rekenskap gegee. Vir 'n ambag is suiwer tegniese opleiding nodig en vir professionele of beroepsarbeid, oplei-

ding van 'n professionele of beroepsaard.

Hoewel beide die biblioteek- en inligtingswese op professionele status aanspraak maak, word redelik algemeen aanvaar dat hulle nog in 'n proses van professionalisering verkeer en nie dieselfde status as byvoorbeeld die geneeskunde, die teologie of die regsgeleerdheid geniet nie. Dit is egter 'n aangeleentheid waaroor heelwat meningsverskil bestaan, en veral in die geval van die biblioteekwese is daar persone, soos William J. Goode, 'n Amerikaanse sosioloog, wat van mening is dat die biblioteekwese nooit as 'n geleerde professie erkenning sal verkry nie.[6] Daar moet dus ook eers oor die beroepstatus van die biblioteek- en inligtingswese besin word alvorens 'n standpunt oor die aard van die opleiding ingeneem kan word.

Die derde faktor wat in die bestudering van die plaaslike opleiding in aanmerking geneem moet word, is die eise van die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika ten opsigte van opgeleide personeel. Teoreties gesproke is die doel van beroepsopleiding om die student vir 'n lewenstaak voor te berei. Dit beteken dat die rekruut nie bloot net in 'n aantal tegnieke afgerig word om by voltooiing van sy opleiding met sukses tot die arbeidsveld te kan toetree nie. Die opleiding moet in terme van die inhoud en organisasie van die opleidingsprogram in staat wees om afgestudeerdes te lewer met die nodige vorming en kundigheid om in latere jare by veranderende omstandighede te kan aanpas. Dié ideaal staan heel dikwels in teenstelling tot die situasie in die praktyk, waar persone met verouderde opvattings die toon aangee, waar beproefde metodes bo vernuwing verkies word en waar eksterne faktore op sosiaal-kulturele, wetenskaplike en ekonomiese gebied 'n beperkende invloed uitoefen. Hierdeur ontstaan 'n spanning tussen die ideale toe-

6) *Goode, W.J.* The theoretical limits of professionalization (*In* Etzioni, A. *red.* The semi-professions and their organization. New York, Free Press, 1969. p. 281).

stand en die praktiese situasie, wat daarheen neig om die standaard van opleiding na laer vlakke af te trek.

Daar bestaan ongelukkig ook op biblioteek- en inligtingsgebied 'n neiging om persone sodanig op te lei dat hulle slegs afgerig is om met sukses tot die huidige praktyk toe te tree. Die opleidingsinstansies laat hulle in 'n hoë mate dus lei deur opvattings, werkswyses en die behoeftes van die praktyk in die samestelling en aanbieding van opleidingsprogramme. Die navolging van die praktyk en die resultaat daarvan in opleiding is een van die vernaamste probleme in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk. Die oorsaak van vele probleme kan egter ook by faktore, soos die afwesigheid van 'n volledig uitgewerkte kennisbasis van teoreties-wetenskaplike beginsels, swak ontwikkelde navorsingsaktiwiteite en die tekort aan bekwame akademies geskoolde doserende personeel, gesoek word. Die behoeftes van die praktyk kan egter nie sonder meer geïgnoreer word nie, want dit is slegs redelik om van afgestudeerdes te verwag dat hulle naas die vermoë om by toekomstige omstandighede aan te pas, ook in staat sal wees om die verantwoordelikhede van hul eerste betrekking op bevredigende wyse uit te voer.[7)] Indien die eise van die praktyk reg verstaan en geïnterpreteer word, bied dit die gronde waarop die korttermyn doelstellings van opleiding gebaseer kan word.

Die vasstelling van die behoeftes van die huidige biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika aan opgeleide personeel word in hierdie studie gedoen deur 'n ontleding van die volgende aspekte daarvan:

die kenmerke van die personeel wat in 1969 in Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsafdelings werksaam was;
die behoefte aan bykomende opgeleide personeel vir die tydperk tot

7) *Carnovsky, L.* Changing patterns in librarianship: implications for library education. *Wilson library Bulletin* 41: 484-491, 1967. p. 487.

1974;

die ontwikkelingstendense in biblioteke en inligtingsdienste;

die behoefte aan persone met 'n gespesialiseerde teenoor 'n basiese opleiding;

hoofde se gradering van aspekte van die opleidingsinhoud en die waardebepaling van eienskappe en kwalifikasies wat vir doeltreffende werkverrigting belangrik is;

benutting van personeel vir beroepsarbeid volgens die opvoedkundige vlak.

Sake soos indiensopleiding, die behoefte aan voortgesette opleiding en die instelling van biblioteekowerhede daarteenoor word volledigheidshalwe aangeroer, maar nie in diepte bespreek nie.

Na die ontleding van die faktore wat 'n invloed op die opleiding kan uitoefen, soos die veranderinge wat op biblioteek- en inligtingsgebied ingetree het, die verband tussen die twee terreine, die ontwikkelingstendense in die opleiding in die algemeen en die behoeftes van die praktyk in Suid-Afrika, is dit nodig om in die vierde plek die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika vas te stel. Onder die opleidingspatroon word ingesluit, die vorme en vlakke van opleiding met die klem op formele opleiding, toelatingsvereistes, die duur van die opleiding, die organisasie van die opleiding, waaronder samestelling van die curriculum, die sillabusse en die praktiese opleiding, terwyl aan sekere aspekte soos studente, navorsingsaktiwiteite, doserende personeel en die opleidingseenheid terwille van die agtergrond ook aandag geskenk word.

Die beeld wat van die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon verkry word, sal dan ten slotte in die lig van die bevindings, wat in die voorafgaande gedeelte van die studie bereik is, geëvalueer word om so vas te stel watter verdere aanpassings in die plaaslike opleidingspatroon as wenslik beskou word. 'n Eksterne faktor wat 'n belangrike invloed op die totstandkoming en ontwikkeling van die opleidingspatroon

het, is die hoër onderwysstruktuur van die land. As agtergrond tot die beskrywing van die opleidingspatroon moet die hooftrekke en ontwikkelingstendense van hoër onderwys in Suid-Afrika vasgestel word. In hierdie situasie lê tot 'n groot mate die moontlikhede vir die ontwikkeling van die opleiding, maar ook beperkinge waarmee rekening gehou moet word, opgesluit.

Gesien die stadium van ontwikkeling waarin biblioteekdienste vir nie-blankes tans nog verkeer en die eiesoortige probleme verbonde aan die opleiding van personeel vir hierdie dienste, is gevoel dat dit 'n onderwerp vir 'n selfstandige studie is en word dit derhalwe nie in die ondersoek aangeraak nie.

## 1.3 Metode van ondersoek

Die oogmerke van die studie is om te bepaal watter aanpassings in die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon nodig mag wees in die lig van ontwikkelinge op biblioteek- en inligtingsgebied. Met die oog hierop is inligting uit drie oorde versamel, ontleed en in die studie verwerk. Eerstens is die ontwikkelinge op biblioteek- en inligtingsgebied en die invloed wat dit op die opleidingsprogramme in sekere oorsese lande gehad het, nagegaan, tweedens is inligting oor die behoefte van die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika aan opgeleide personeel versamel en derdens is die hooftrekke van die huidige opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika vasgestel.

Oor die eerste aspek, naamlik die ontwikkelinge wat op biblioteek- en inligtingsgebied ingetree het en die invloed daarvan op die opleiding in sekere oorsese lande, is inligting deur middel van 'n literatuurstudie bekom. Daar is gevind dat die inligting oor die ontwikkelingstendense op biblioteek- en inligtingsgebied en oor die voorbereiding en opleiding van personeel vir hierdie rigtings geredelik beskikbaar is. Dit geld veral vir die situasie in die Verenigde State van Amerika en Groot-Brittanje, wat twee van die toonaangewende lande op hierdie terreine

is, en daarom is die twee lande ook grotendeels as voorbeelde gebruik. Die resultate van die literatuurstudie word hoofsaaklik in hoofstukke twee tot vier aangebied.

Die inligting oor die tweede aspek, die behoefte van die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika aan opgeleide personeel in hoofstuk ses, is met behulp van vraelyste en persoonlike besoeke aan die inrigtings self ingesamel. Aangesien daar in Suid-Afrika, veral onder die openbare en gespesialiseerde biblioteke, baie inrigtings voorkom wat te klein is om sinvolle gegewens vir die opname te kon oplewer, is sekere maatstawwe neergelê waaraan voldoen moes word alvorens 'n biblioteek in die ondersoek betrek word.

Die beplanning van die opname, en veral van die vraelyste, het in ooreenstemming met erkende wetenskaplike prosedures geskied, soos dit in handleidings oor die saak aangetref word.[8)] Benewens die samesprekings met prof. H.C. van Rooy, as die promotor, is prof. S.J. Preller, hoogleraar in Praktiese Opvoedkunde en Tersiêre Onderwys, aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. ook in verband met die beplanning van die opname geraadpleeg. Hierna is konsepvraelyste aan verteenwoordigers van die volgende inrigtings vir voltooiing voorgelê en tydens 'n persoonlike onderhoud bespreek: Inligtingsafdeling, Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Nywerhede; Tegniese Inligtingsdiens, W.N.N.R.; Pretoriase Openbare Biblioteek; Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens; Die Staatsbiblioteek, Pretoria en die Potchefstroomse Universiteitsbiblioteek. Op grond van hierdie samesprekings is die vraelyste in 'n finale vorm gegiet.

Vir die doel van die opname is vyf kategorieë inrigtings onderskei, naamlik, openbare biblioteke, provinsiale biblioteke, universiteits- en kollegebiblioteke (daar word in die studie na laasgenoemde twee

8) *Line, M.B.* Library surveys... London, Bingley, 1967.
*Mouly, G.J.* The science of educational research. New York, American Book Co., 1963.

tipes biblioteke as die opvoedkundige biblioteke verwys,[9] nasionale biblioteke en ten slotte, gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste. Die maatstawwe waaraan vir insluiting in die opname voldoen moes word, word onder elke kategorie behandel. Om vir die onderlinge verskille voorsiening te maak, is 'n afsonderlike vraelys aan elk van die vyf genoemde kategorieë gestuur. (Bylaes 1 tot 5). Die vraelyste het in hoofsaak ooreengestem, dog daar is by wyse van kleiner variasies met die besondere omstandighede van die onderskeie biblioteektipes rekening gehou. Uit die aard van die saak is daar 'n groter ooreenkoms tussen die vraelyste van die sogenaamde sosiale biblioteektipes, die openbare en provinsiale biblioteke aan die een kant en tussen die inrigtings waar die dokumentasie- of inligtingsfunksie oorheers, naamlik die opvoedkundige, nasionale en gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste aan die ander kant. In die verwerking en interpretering van die gegewens is die posisie van die sosiale en inligtingsbiblioteke waar moontlik teenoor mekaar gestel.

Die seleksie van biblioteke vir die uitsending van die vraelyste is gebaseer op beskikbare inligtingsbronne soos die *Adresboek van Suid-Afrikaanse biblioteke*[10]. Verder is in al die vraelyste 'n vraag ingesluit oor sake soos die grootte van die versameling en die sirkulasiesyfers, en die inligting is as kontrole gebruik in die finale beslissing oor watter vraelyste verwerk moet word.

*Openbare biblioteke*

In die kategorie is 'n aansienlike persentasie biblioteke wat weens die beperkte omvang van hul diens nie sinvolle inligting met betrekking tot die behoefte aan opgeleide personeel kan oplewer nie. By die seleksie van biblioteke is die volgende maatstawe met diskresie toegepas: dat die bevolking van die gemeenskap tienduisend en meer moes beloop en dat die jaarlikse sirkulasiesyfer 'n honderdduisend en meer boekdele

9) Weens die besondere eise wat deur die onderwysowerhede aan opgeleide personeel vir skoolbiblioteke gestel word, word die behoeftes van die tipe biblioteek nie spesifiek in berekening gebring nie. Die opleiding van hierdie kategorie personeel is 'n onderwerp wat 'n afsonderlike ondersoek verg.

10) PRETORIA. Staatsbiblioteek. Adresboek van Suid-Afrikaanse biblioteke, dl. 1: Wetenskaplike en navorsingsbiblioteke. Pretoria, 1965.

moes bedra het. Dit het opgeval dat die oorgrote meerderheid van die biblioteke, wat aan bogenoemde vereistes voldoen het, tienduisend en meer boekdele in hulle versamelings gehad het.

Die seleksie van die vyftig biblioteke wat eventueel gekies is, is gedoen op grond van die inligting in die 1967-68 uitgawe van die *Official South African Municipal Yearbook.*[11)]

Van die vyftig vraelyste wat uitgestuur is, is ses en dertig terugontvang. Tydens die redigering is besluit dat drie van die vraelyste weens gebrekkige inligting nie vir verwerking geskik is nie. Gevolglik is die antwoorde van drie en dertig van Suid-Afrika se grootste openbare biblioteke verwerk. Dit gee 'n respons van 66 persent wat as bevredigend beskou word.

In opvolging van die voltooide vraelyste, en om 'n beter insig in die personeelprobleme van die biblioteke te kry, is persoonlik besoeke by twaalf openbare biblioteke, dus 36,4 persent van die getal lyste wat verwerk is, afgelê.

*Provinsiale biblioteke*

Vraelyste is aan die provinsiale biblioteekdienste van Kaapland, Transvaal, Vrystaat en Natal gestuur en slegs laasgenoemde het nie gereageer nie. Besoeke is ook by eersgenoemde drie biblioteke se hoofkwartiere afgelê.

*Opvoedkundige biblioteke*

In teenstelling met die openbare biblioteekgroep is hierdie biblioteke in totaal veel minder maar is selfs die kleinste biblioteke van so 'n omvang dat besluit is om almal in die opname te betrek. 'n Totaal van ses en dertig vraelyste is uitgestuur en drie en dertig is terugontvang. Vier van hierdie lyste is op grond van gebrekkige inligting

11) OFFICIAL. South African municipal year book 1967-1968. Pretoria, S.A. Association of Municipal Employees (1968). p. 432-440.

uitgeskakel sodat 'n totaal van nege en twintig of 80,6 persent verwerk is. Die verskillende tipes opvoedkundige biblioteke is soos volg in die opname verteenwoordig: die geskrewe getal is die getal inrigtings waaraan vraelyste gestuur is, terwyl die getal in syfers daarna die aantal vraelyste wat verwerk is, aantoon: twaalf (11) universiteitsbiblioteke (afsonderlike vraelyste vir die Durbanse en die Pietermaritzburgse afdelings van die Natalse universiteitsbiblioteek), veertien (11) onderwyskollegebiblioteke, die vier (4) onderwysdepartementele biblioteke, en ses (3) Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys.

Besoeke is by een en twintig of 72,4 persent van die biblioteke in hierdie groep afgelê. Daar is sorg gedra dat die besoeke verteenwoordigend van al die verskillende tipes biblioteke is.

*Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste*

In hierdie groep moes rekening gehou word met die groot getal klein biblioteke, baie sonder voltydse personeel, en met die probleem van die groot verskeidenheid rigtings, soos die vakgebied, wat deur die biblioteke verteenwoordig word. Dit bring mee dat daar in die meeste rigtings so 'n swak verteenwoordiging van biblioteke is dat dit sinvolle bestudering van hul behoeftes onmoontlik maak. Verder is 'n aantal van die biblioteke onderdele van groter biblioteke, soos die van universiteite, wat reeds by die opname betrek is. In die lig van hierdie faktore is besluit om alleen selfstandige biblioteke en inligtingsdienste op die terreine van die *natuur- en toegepaste wetenskappe* in te sluit. sluit.

Selfs dan kon die inrigtings nie voor die voet opgeneem word nie. As minimumvereistes is gestel dat die biblioteek minstens een voltydse personeellid in diens moes hê, 'n versameling van sowat vyfhonderd monografiese werke en nie minder nie as 'n duisend stukke gespesialiseerde materiaal, soos pamflette, navorsingsverslae, patente of kaarte moes hê en op minstens vyftig lopende tydskrifte ingeteken moes

wees. Aan die hand van die *Adresboek van Suid-Afrikaanse biblioteke*[12] is agt en sewentig inrigtings gevind wat aan die vereistes voldoen het, maar by die terugontvangs van die lyste het dit geblyk dat ses van die inrigtings nie op daardie stadium oor voltydse personeel beskik het nie en is die antwoorde uitgeskakel en nie as deel van die opname beskou nie. Gevolglik het die monster nou uit twee en sewentig inrigtings bestaan en is van die groep altesaam sewe en vyftig antwoorde terugontvang. Sewe van hierdie vraelyste is op grond van gebrekkige inligting uitgeskakel en dus is vyftig uit die twee en sewentig of 69,4 persent van die vraelyste finaal verwerk.

Die samestelling van die monster kan aan die hand van 'n indeling in *Wetenskaplike navorsingsorganisasies in Suid-Afrika*[13] in die volgende tipesinrigtings ontleed word. Die eerste getal toon die aantal vraelyste uitgestuur en die getal in hakies, die aantal wat eventueel verwerk is: 17(17) staats-of provinsiale instellings; 9(9) statutêre inrigtings; 6(5) museums, botaniese en soölogiese tuine, sterrewagte of waarnemingstasies; en 32(15) nywerheidsinrigtings (mynwese ingeslote).

'n Probleem waarna reeds verwys is, is die behandeling van takbiblioteke binne 'n groter stelsel. So 'n geval is die Sentrale Landboubiblioteek wat die sentrale organisasie vir agtien ander gespesialiseerde biblioteke dwarsoor die land vorm. Hoewel hierdie biblioteke in 'n mindere en meerdere mate selfstandig funksioneer, word belangrike dienste deur die sentrale organisasie, soos aanskaffing en voorbereiding van materiaal en tegniese hulp en advies aan hulle gelewer. Daarom is hulle behoeftes in die enkele vraelys van die Sentrale organisasie saamgevat.

Persoonlike besoeke is by twee en twintig of 44,0 persent van die

12) PRETORIA. Staatsbiblioteek, ibid.

13) *Suid-Afrikaanse wetenskaplike en nywerheidsnavorsingsraad.* Gids: Wetenskaplike navorsingsorganisasies in Suid-Afrika, 1968. Pretoria, 1968.

vyftig biblioteke waarvan inligting verwerk is, afgelê.

Die antwoorde wat ontvang is op vraag sewe in die vraelys vir gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste, wat gehandel het oor die verskillende vlakke van kennis wat vir die uitvoering van die werk vereis word, was nie van so 'n aard dat dit sinvol verwerk kon word nie.

*Nasionale biblioteke*

Die drie nasionale biblioteke van Suid-Afrika, naamlik die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Staatsbiblioteek en die Biblioteek vir Blindes, is almal in die opname ingesluit en is ook persoonlik besoek.

Ten slotte moet gemeld word dat slegs inrigtings in die vier provinsies, Kaapland, Vrystaat, Transvaal en Natal, wat hoofsaaklik 'n diens aan blankes lewer, in die opname ingesluit is.

Vir die derde aspek waaroor inligting versamel is, die huidige opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika, is ook van vraelyste gebruik gemaak. 'n Eerste opname in dié verband is in 1969 uitgevoer, maar nadat gedurende die loop van die studie belangrike verwikkelinge in die opleidingsprogramme van sekere van die opleidingsinstansies ingetree het, is besluit om die inligting opnuut in te samel. Gevolglik is 'n nuwe vraelys (bylae 6) in Februarie 1973 aan die nege universiteite wat by die vorige opname betrek is, gestuur.[14] Al nege die opleidingseenhede het die vraelyste voltooi en die gevraagde inligting voorsien. Slegs die inligting van hierdie laaste opname word in hoofstuk sewe weergegee.

14) Die universiteite van Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Rhodes, Stellenbosch, Suid-Afrika en Witwatersrand.

# 2 OORSIG VAN DIE ONTWIKKELINGE OP BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSGEBIED

## 2.1 Inleiding

Biblioteke het ontstaan nadat die mens geleer het om te skryf en so sy waarnemings en ervarings op te teken. Die doel met die biblioteek vanaf die begin was die bewaring van kennis in rekordvorm en die oorlewering daarvan aan die komende geslagte. Naas sy bewaarfunksie het die biblioteek ook 'n gebruiksaspek gehad. Aanvanklik het die bewaarfunksie sterk oorheers, soos blyk uit die geskiedenis van die groot bewaarbiblioteke van die Oudheid, die kloosterbiblioteek van die Middeleeue en die vertoonbiblioteek van die Renaissance en die Baroktydperk. En tog is biblioteke vanaf die begin ook vir gebruik bedoel gewees. „In general we may say that Antiquity, the Middle Ages, the university, and the 19th century set up their libraries for a definite purpose of intellectual exploitation and with objectives which may be summed up in the term culture."[1)]

Die kontemporêre biblioteek het die bewaarfunksie behou, maar is in teenstelling met die historiese biblioteek baie sterker op die gebruik wat van sy versameling gemaak word, ingestel. Dit veroorsaak dat die biblioteek vandag baie meer gevoelig is vir die eise wat op maatskaplike gebied aan hom gestel word.

'n Terugblik op die biblioteekgeskiedenis leer dat met die 18e en die 19e eeu 'n tydperk afgesluit word wat deur Shera as „the age of library individualism" bestempel word.[2)] In dié tydperk, wat oor meer as tweeduisend jaar gestrek het, blyk die uniformiteit van die biblioteek

1) *De Vleeschauwer, H.J.* The fundamental library phenomenon of our time. *Mousaion* 77/78: 50, 1964-1965.

2) *Shera, J.H.* Libraries and the organization of knowledge. London, Crosby Lockwood, 1965. p. 36-39.

uit sy diens wat dit aan 'n eksklusiewe gebruikerskorps gelewer het. Dit was 'n instelling ten bate van 'n klein minderheid in die gemeenskap en het geen rol in die lewe van die massa gespeel nie.[3] Gedurende die Middeleeue, toe die Kerk die toon aangegee het, is dit veral deur geestelikes gebruik. Met die opkoms van universiteite was dit 'n instrument vir die onderrig en studie, en gedurende die Renaissance en Barok het dit „in die diens gestaan...van 'n opperkultuur gedra deur 'n ryk koopmanspatrisiaat of 'n geadelde burokrasie en hulle geleerde aanhangers."[4]

Voor die 18e eeu was die gebruikers van die biblioteek deurgaans die geleerde en ontwikkelde lede van die samelewing asook studente wat besig was om hulle vir 'n loopbaan in die teologie, die regte, die geneeskunde of die onderwys voor te berei.[5] Die lektuurbehoeftes van die geleerde, die leermeester en die student was tot 'n hoë mate dieselfde gewees. Die voorraad van biblioteke het in hoofsaak uit monografiese werke bestaan, want die tydskrif het maar pas as kommunikasiemedium begin opgang maak. Daarby het heelwat duplisering van werke plaasgevind en was dit nie moeilik om 'n redelike volledige, hoewel klein, versameling van al die belangrikste werke op te bou nie. Die organisasie van die biblioteke was eenvoudig, want die gebruikers het hul materiaal geken en het geen behoefte aan ingewikkelde bibliografiese apparaat gehad nie. Elke biblioteek was nou verbonde aan die inrigting wat dit tot stand gebring het, het 'n intieme kontak met sy klein groepie gebruikers gehad en van samewerking of die uitruiling van inligting tussen biblioteke het min tereg gekom.

3) *Johnson, E.D.* History of libraries in the Western world. 2nd ed. Metuchen, N.J., Scarecrow Press, 1970. p. 488-494.

4) *Coetzee, P.C.* Die openbare biblioteek en die toekoms. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 36: 39, 1968.

5) *Shera*, op. cit., p. 37-38.

Die beoefening van geleerdheid was in hierdie era intens individualisties en op die biblioteek en die boek aangewys. Die apparatuur vir navorsing was beperk en primitief en die enigste ander wyse van kommunikasie wat bestaan het, was persoonlike briefwisseling tussen geleerdes. Die ontstaan van die wetenskaplike tydskrif in die 17e eeu was 'n bewys van die behoefte aan die beter kommunikasie van inligting.[6)]

'n Verdere kenmerk van die historiese biblioteek, wat dikwels onopgemerk verbygaan weens die dominerende rol wat die dokumentasiefunksie in die diens aan die geleerdheid ingeneem het, was die eerste voortekens van die sosiale funksie wat in embrio aanwesig was. Coetzee wys daarop „dat ons reeds in Egipte vanaf die Midderyk getuienis het van 'n sosiale funksie van die literatuur en dat literatuurvoorsiening aan leke ongetwyfeld 'n funksie van sekere biblioteke van die Romeinse Oudheid was."[7)]

Ook in die humanistiese biblioteek het die dokumentasie-arbeid „en die voorsiening van vormingsliteratuur aan 'n ontwikkelde leserspubliek hand aan hand gegaan."[8)]

Die eenheidskarakter van die historiese biblioteek in die tydperk voor die 18e eeu is in die hand gewerk deur die taak wat hy gehad het ten opsigte van 'n geleerde en ontwikkelde gebruikerskorps, die universele karakter van sy boekevoorraad, en die eenvoud van sy organisasie.

Ontwikkelinge op maatskaplike gebied gedurende die tydperk wat met die 18e eeu begin, sou 'n einde aan die biblioteek van die individualisme maak en veranderinge teweegbring wat vandag nog hul

6) Ibid., p. 37.

7) *Coetzee*, ibid.

*De Vleeschauwer, H.J.* History of the library since the French Revolution. *Mousaion* 81-83: 11-12, 1966.

8) *Coetzee*, ibid.

voortgang het.

## 2.2 Differensiasie in die biblioteekwese

Die eenheidskarakter van die historiese biblioteek in die Weste was, soos uit die voorafgaande geblyk het, daarin geleë dat die sosiale en dokumentasiefunksie in een inrigting verenig was. Deur die inwerking van sekere ontwikkelinge op maatskaplike gebied sou daar egter 'n differensiasie van hierdie funksies plaasvind, wat tot die totstandkoming van nuwe inrigtings en die ontwikkeling van nuwe aktiwiteite op biblioteekgebied sou lei.

Twee ontwikkelinge op maatskaplike gebied, wat met die opkoms van die demokrasie saamgeval het, naamlik die emansipasie van die gewone man, die derde stand, en later van die arbeiderproletariaat, die vierde stand was van die primêre oorsake van die differensiasie in die negentiende eeuse biblioteekwese waardeur die sosiale of openbare biblioteek as nuwe biblioteektipe tot stand gekom het.[9]

Die opkoms van die derde stand of burgery in die agtiende eeu was grotendeels 'n gevolg van die materiële welvaart wat deur die Industriële Rewolusie meegebring is. Lede van die derde stand was gewoonlik uit die swak geletterde werksmassa afkomstig. Na gelang hul materiële welvaart toegeneem het, het hulle ook 'n sterk begeerte na groter geestelike en sosiale vryheid geopenbaar. In die proses van vrywording is die verwerwing van die kultuur, wat tot nou die alleenreg van die geestelikes en adellikes was, as doelwit gestel. Een van die maniere waarop die doelwit bereik kon word, was deur te lees. Die gevolg was 'n toenemende belangstelling in die literatuur en in lees, wat aanleiding gee tot die vermeerdering van populêre tydskrifte, die publikasie van vertolkende werke waarin die kuns en die wetenskap op verstaanbare wyse uitgebeeld

9) *Coetzee*, ibid.

is, en, ten slotte, die stigting van die eerste sosiale biblioteke in Europa en Amerika gedurende die 18e eeu. Met die ontstaan van die burgerlike sosiale biblioteek van die Verligting as voorloper van die hedendaagse openbare biblioteek verskyn die eerste tekens van 'n breuk in die eenheidskarakter van die historiese biblioteek.

'n Tweede rede vir die skeuring wat in die eenheidskarakter van die historiese biblioteek sou intree, spruit voort uit die ontstaan van 'n nuwe sosiale klas, die proletariaat of Vierde Stand.

Die opkoms van die vierde stand was grotendeels die resultaat van die toenemende industrialisasie wat op die Industriële Rewolusie gevolg het. Die tipe mens was swak ontwikkel en trek in groot massas in die nywerheidsgebiede saam, waar hulle onder uiters ellendige sosiale omstandighede 'n bestaan moes maak. Weens 'n gebrek aan ontspanningsfasiliteite openbaar die arbeider die neiging om op ongewenste wyses, soos drankmisbruik, aan sy behoeftes uiting te gee. Hul onderontwikkeldheid skep die behoefte aan geleenthede om opleiding van die een of die ander aard te ontvang, terwyl die ontwaking van die demokratiese staatsvorm dit noodsaaklik gemaak het dat iets aan hul kulturele opheffing gedoen word sodat hulle beter burgers van hul land kon word.

Die probleme wat rondom die opkoms van die proletariaat ontwikkel het, skep die behoefte aan maatskaplike dienste „wat vir die eerste keer die sosiale funksie van die biblioteek as 'n taak wat miskien deur 'n nuwe tipe biblioteek behartig moet word, na vore bring."[10] Teen die middel van die negentiende eeu was hierdie nuwe biblioteektipe, die openbare biblioteek, 'n werklikheid en is dit algemeen beskou as „an educational agency, an instrument for the extension of the formal educational process throughout mature life."[11]

10) *Coetzee,* ibid.

11) *Shera, J.H.* Documentation and the organization of knowledge. London, Crosby Lockwood, 1966. p. 28.

In teenstelling met die historiese biblioteek wat beide vormingsliteratuur aan 'n ontwikkelde leserskring voorsien het, die sosiale funksie, en deur geleerdes vir studie en navorsing gebruik is, die dokumentasiefunksie,[12] val die klem in die openbare biblioteek van na 1850 op kulturele en opvoedkundige doelstellings wat op 'n uitbreiding van die sosiale funksie neerkom. Die dokumentasiefunksie is vanselfsprekend ook nog in die openbare biblioteek beoefen, maar in die wetenskaplike biblioteke, soos universiteits- en nasionale biblioteke, wat die voortsetting van die historiese biblioteek was, het dit meer pertinent aandag gekry.

Daar kan met De Vleeschauwer saamgestem word dat 'n essensiële kenmerk van die 19e eeuse biblioteek „is thus the creation of its bipolarity, or its division into scholarly and public libraries, the latter being caused by the social world evolution and the former by the universal scientific movement."[13]

'n Derde faktor wat tot die differensiasie van die biblioteekwese bygedra het, was „die groei van die wetenskappe tot gespesialiseerde bedrywe in die negentiende eeu en die skepping van 'n wetenskaplike vakliteratuur wat met 'n steeds versnelde pas geproduseer word en spesiale eise vir bewaring en ontsluiting stel."[14] Alhoewel dit moeilik is om die relatiewe belangrikheid van die invloed van die verskillende faktore wat deur die veranderinge, veral op natuurwetenskaplike gebied, meegebring is, op die biblioteekwese aan te toon, is drie sake veral van belang.[15]

12) *Coetzee,* ibid.

13) *De Vleeschauwer, H.J.* The fundamental library phenomenon of our time. *Mousaion* 77/78:39, 1964/65.

14) *Coetzee,* ibid.

15) *Shera, J.H.* Libraries and the organization of knowledge. London, Crosby Lockwood, 1965. p. 40-41.

Eerstens het die groei van die wetenskappe tot gespesialiseerde bedrywe in die 19e eeu gelei tot die skepping van 'n wetenskaplike vakliteratuur wat nie alleen tot die geweldige toename in gepubliseerde inligting bygedra het nie, maar ook die kompleksiteit van die literatuur baie verhoog het. Dit het die behoefte aan meer gespesialiseerde bibliografiese apparaat vir die bewaring en ontsluiting van inligting laat ontstaan.

Tweedens was dit veral die inligtingsbehoeftes van die natuurwetenskappe en die tegnologie wat tot die verskyning van nuwe vorme van publikasies aanleiding gegee het. Eers was dit die tydskrif wat die boek as die belangrikste kommunikasiemedium verdring het en later het die wetenskaplike of tegniese verslag weer met die tydskrif begin meeding. Laasgenoemde twee vorms het heeltemal nuwe probleme ten opsigte van die bibliografiese beheer meegebring. „Such drastic alterations in the form in which the results of scholarship are recorded and disseminated compel equally unorthodox innovations in library and bibliographic methods."[16]

'n Derde kenmerk van die moderne wetenskap wat belangrike invloede sou uitoefen, was die aard van die navorsing self. In teenstelling met die verlede word die beoefening van wetenskaplike en navorsingsaktiwiteite 'n onderneming wat deur groepe in plaas van individue bedryf word. Dit is die gevolg van die koste en kompleksiteit van die navorsingsproses, maar dit spruit ook uit die interdissiplinêre benadering voort wat noodsaaklik geword het om die probleme van die moderne tyd die hoof te kan bied. Verder was die beoefening van wetenskaplike aktiwiteite ook nie meer net tot die akademiese wêreld beperk nie. Die handel en die nywerheid het ervaar dat, om hul produk te verbeter en hul afset te vergroot, navorsing gerig op hul probleme 'n noodsaaklikheid geword het. Ook die staat begin om

16) Ibid., p. 40.

navorsing op 'n steeds groter skaal te onderneem.

Hierdie ontwikkelinge op wetenskaplike gebied het steeds groter eise aan die dokumentasiefunksie van die wetenskaplike biblioteek begin stel. Die omvang van die literatuur en die verskeidenheid van publikasievorme, wat versamel en bewaar moes word, het aangegroei; die aard van die gebruikers se literatuurbehoeftes het vereis dat die ontsluiting van die materiaal meer volledig en intensief moes geskied; en uitwendige omstandighede, soos nywerheidsnavorsing, het sneller beskikbaarstelling van inligting noodsaaklik gemaak. „This means that any system of bibliographic organization must be designed to make readily available the extensive and increasingly intricate accumulations of technological and operational literature as well as the literature of scholarship."[17)]

Die invloed van die faktore wat uit die ontwikkelinge op wetenskaplike gebied voortgespruit het, het nie alleen die differensiasie tussen die openbare en die geleerde biblioteek bevorder nie, maar sou in toenemende mate as stimulus dien vir die ontplooiing van die dokumentasiefunksie tot 'n gespesialiseerde aktiwiteit, binne sowel as buite die konvensionele biblioteekwese.

## 2.3 Die totstandkoming van dokumentasie as gespesialiseerde aktiwiteit

Hoewel die dokumentasiefunksie, wat die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling van inligting inhou, reg van die begin af deel van die biblioteekwese was, het die bewaarfunksie aanvanklik voorop gestaan en het die ontwikkeling van bibliografiese organisasie op biblioteekgebied traag verloop. Die historiese biblioteek van voor die agtiende eeu het 'n relatiewe klein en eenvormige versameling monografiese werke gehad en sy gebruikers, wat uit geleerdes en

17) Ibid., p. 42.

studente bestaan het, het nie moeilike eise aan die bibliografiese organisasie gestel nie. Gevolglik het die stimulus om tot vernuwing te kom grotendeels ontbreek. Die toename in gedrukte materiaal gedurende die 18e en die 19e eeu, die opkoms van die wetenskaplike tydskrif en die meer gespesialiseerde inligtingsbehoeftes, wat deur die groei van die wetenskappe tot gespesialiseerde bedrywe meegebring is, het egter tot 'n bewuswording by bibliotekarisse gelei dat 'n behoefte aan beter metodes van bibliografiese organisasie bestaan het.[18)]

'n Eerste manifestasie van die 19e eeuse bibliotekaris se bewuswording van die probleme en belangrikheid van bibliografiese organisasie en beheer vind ons in die ontstaan van die tydskrifindeks. Teen die middel van die 19e eeu het tydskrifte alreeds twee eeue bestaan en 'n uiters belangrike rol as kommunikasiemedium in die wetenskaplike lewe vervul. Baie tydskrifte het egter geen indekse bevat nie en daarby het inligting oor dieselfde onderwerp in verskillende tydskrifte verskyn. Om beter beheer oor die onderwerpsinhoud van die tydskrifliteratuur te kon uitoefen, het William F. Poole en sy medewerkers aan die biblioteek van die Universiteit Yale in Amerika in 1848 met die eerste voorbeeld van 'n tydskrifindeks[19)] begin waarin 'n aantal tydskrifte volgens onderwerp geïndekseer is.

Die probleme van bibliografiese beheer wat deur die snelgroeiende getal tydskrifte veroorsaak is, het nie net bibliotekarisse gestimuleer om na oplossings te soek nie, maar ook nie-bibliotekarisse. In die verband word veral aan wetenskaplikes en navorsers op die gebied van die natuur- en toegepaste wetenskappe gedink. Hierdie groep verbruikers van inligting het reeds op 'n vroeë stadium die behoefte aan doeltreffende kommunikasie van wetenskaplike inligting getoon.

18) *Shera, J.H. en Egan, M.E. reds.* Bibliographic organization... Chicago, University of Chicago Press, 1951. p. 78.

19) *Shera, J.H.* Documentation and the organization of knowledge. London, Crosby Lockwood, 1966. p. 25.

Gedurende die 16e eeu ontstaan die praktyk om kennis by wyse van persoonlike briefwisseling tussen geleerdes uit te ruil. Nadat die getal wetenskaplikes en die wetenskaplike werksaamhede verder toegeneem het, kom die wetenskaplike tydskrif na vore. Op die wyse kon 'n groter getal lesers die inligting makliker bekom as per brief of deur 'n boek te publiseer. Die eerste wetenskaplike tydskrif is in 1665 deur die Royal Society as sy *Philosophical Transactions* gepubliseer.[20] Die tydskrifliteratuur se getalle het so vinnig aangewas dat dit saam met die baie pamflette, verslae, patente en ander vorms van gespesialiseerde materiaal, wat vir die wetenskaplike dikwels die primêre bronne van inligting vorm, 'n situasie geskep het wat dit vir die individu onmoontlik gemaak het om met die verskyning van nuwe inligting tred te hou. Uit dié nood word die uittrekseltydskrif gebore as 'n tipe tydskrif wat op 'n terrein of terreine van die kennis, uittreksels verskaf van alle belangrike en resente geskrifte en dokumente wat gedurende 'n sekere periode verskyn het. Die vroegste voorbeeld van 'n uittrekseltydskrif was die *Pharmaceutisches Centralblatt* (later bekend as die *Chemisches Zentrallblatt)* wat in 1830 begin verskyn het en vandag nog bestaan. Volgens Bradford moet die begin van dokumentasie as aktiwiteit, wat die ordening van die groeiende literatuurstroom in belang van die gebruikers ten doel gehad het, na die ontstaan van die uittrekseltydskrif teruggevoer word. „Allthough the beginnings of documentation may be traced to the earliest catalogues of printed books, and the first catalogues were classed catalogues, the real commencement of the art of documentation was the appearance of periodicals designed to give abstracts of current scientific literature."[21]

20) *Kruger, C.M.* Die inligtingsprobleem. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1964. p. 4.
21) *Bradford, S.C.* Documentation. London, Crosby Lockwood, 1948. p. 58.

Naas die beheersing van die tydskrifliteratuur was daar ook verdere pogings deur die tradisionele bibliotekaris om beter metodes vir bibliografiese organisasie daar te stel. In Engeland werk Panizzi die beginsels waarop die outeurskatalogus gebaseer moet word, uit, soos blyk uit die „Catalogue of printed books in the Library of the British Museum" wat in 1841 gepubliseer word, terwyl Edward Edwards in sy „Handbook of library economy" (1859) die voordele van die geklassifiseerde onderwerpskatalogus teenoor die alfabetiese katalogus sterk propageer.[22] In Amerika beywer Charles C. Jewett en sy tydgenote hulle vir die daarstelling van 'n groot nasionale bibliografiese sentrum en 'n gesamentlike katalogus van die besit van Amerika se vernaamste biblioteke, terwyl Charles Ammi Cutter sy „Rules for a dictionary catalogue" saamstel „which still remains one of the best treatments of subject cataloguing that the profession has produced."[23]

Vir hierdie pioniers was die doelstelling van die biblioteek geleë „in the provision of the bibliographic machinery necessary to provide both physical and subject access to printed records."[24] Die gevolgtrekking waartoe Shera kom, en waarmee hierdie ondersoeker saamstem, is dat die biblioteekwese en die dokumentasie teen die einde van die 19e eeu, wat betref die funksie van die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling van inligting uit die literatuur tot 'n hoë mate onafskeidbaar in hul ontwikkeling was. „They arose in response to the same needs, employed common basic procedures, were directed toward almost identical objectives, and in many instances were advanced by the same practitioners."[25]

22) Ibid., p. 14.
23) *Shera*, ibid.
24) Ibid., p. 27.
25) Ibid.

Gedurende die twintigste eeu sou dokumentasie as gevolg van verskillende invloede ontwikkel tot 'n gespesialiseerde aktiwiteit, wat steeds meer buite konvensionele biblioteke om bedryf is, en wat na die Tweede Wêreldoorlog ook onder ander benaminge soos inligtingswerk bekend geraak het.

In die ontwikkelingsgang van dokumentasie is daar twee hoofstrominge wat deurgaans aangetoon kan word, naamlik die ontsluiting van inligting en die beskikbaarstelling van inligting, wat deur Loosjes[26] onderskeidelik aktiewe en passiewe dokumentasie genoem word.

### 2.3.1 *Ontsluiting van inligting*

Ten spyte van die pogings van die konvensionele biblioteekwese in die 19e eeu om nuwe tegnieke vir bibliografiese organisasie, soos onderwerpskatalogisering en kennisklassifikasiesisteme te ontwikkel, het dit spoedig geblyk dat hulle minder geskik was vir die ontsluiting van inligting in brokstukke, soos in die geval van afsonderlike tydskrifartikels of in versamelings van gespesialiseerde nie-boekmateriaal van 'n tegniese aard.

Teen die agtergrond van 'n steeds toenemende literatuurstroom, al groter spesialisering van kennisterreine en daarmee saam van navorsingsaktiwiteite, het 'n behoefte aan meer doeltreffende tegnieke en apparaat vir die bibliografiese organisasie van inligting ontstaan. Die behoefte is die sterkste gevoel op die terreine van die natuurwetenskappe en die tegnologie „where the need first existed to organize more minutely the recorded information of a narrow defined subject field in support of intensive research demands."[27] Gevolglik het persone wat

26) *Loosjes, Th. P.* On documentation of scientific literature. London, Butterworths, 1967 p. 5.

27) *Becker, J. en Hayes, R.M.* Information storage and retrieval: tools, elements, theories. New York, Wiley, 1967. p. 39.

hierby betrokke was, soos natuurwetenskaplikes en ingenieurs, begin om die ontwerp van gespesialiseerde inligtingstelsels te bestudeer. Aangesien die persone eerstens geïnteresseerd was in nuwe maniere waarop gespesialiseerde inligting georganiseer en gebruik kon word, „they tend to view information systems in a broader sense than traditional librarianship by including the entire process from original publication of material to its ultimate dissemination from the information system."[28] Dokumentasie-instellings in verskillende lande, en veral die International Federation for Documentation, het almal 'n gemeenskaplike doel nagestreef, naamlik „to create new tools which can be applied to the mass information problem of our time"[29]

Die probleme waarmee die dokumentaliste hul besig gehou het, was nie vreemd aan die biblioteek nie, dog omstandighede, soos die vermeerdering in gepubliseerde kennis en toenemende spesialisasie op wetenskaplike gebied, het dit alleen meer kompleks gemaak.

Verskillende faktore het daartoe bygedra dat die bibliotekaris in die negentiende eeu en daarna nie voldoende aandag geskenk het aan die oplossing van die probleme van bibliografiese organisasie wat hoofsaaklik as gevolg van die ontwikkelinge op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied na vore gekom het nie.

Die verkleefdheid van die konvensionele bibliotekaris aan die boek as die belangrikste medium waarmee hy werk, in plaas van die inligting self, afgesien van die vorm waarin dit voorkom, was een van die redes waarom die bibliotekaris te stadig by veranderende omstandighede aangepas het. Ook die feit dat die oorgrote meerderheid bibliotekarisse 'n geesteswetenskaplike agtergrond gehad het, was 'n struikelblok. Die gebrek aan die regte vakagtergrond het die bibliotekaris daarvan weerhou om die probleme van natuurwetenskaplike doku-

28) Ibid., p. 43.
29) Ibid., p. 45.

mentasie aan te pak. Dit het hom ook afsydig teenoor die moontlikhede van meganisasie en outomatisasie laat staan, en hy het die sake eerder aan die natuurwetenskaplike en ingenieur, wat in die probleme van bibliografiese organisasie geïnteresseer geraak het, oorgelaat.

Waarskynlik die belangrikste oorsaak, weens die tydstip waarop dit plaasgevind het, was die intense belangstelling wat gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu wêreldwyd in die opvoeding van die volksmassas gekom het en waarby veral die openbare biblioteekwese betrek is. Die konvensionele biblioteekwese het in so 'n mate by die beweging betrokke geraak dat dit hul aandag van die dringende probleme van bibliografiese organisasie afgetrek het. Nou was dit ongelukkig juis op die tydstip dat ontwikkelinge op wetenskaplike, handels- en nywerheidsgebied en die staatsadministrasie hoër eise aan die tydige en doeltreffende beskikbaarheid van inligting begin stel het.

Terwyl openbare bibliotekarisse aan die einde van die 19e eeu en die begin van die 20e eeu hul in 'n toenemende mate op die sosiale funksie van die biblioteek toegespits het en akademiese biblioteke die bewaringsfunksie voorop gestel het, ontwikkel „dokumentaliste" aktiewe dokumentasie deur die aanpassing van die tradisionele biblioteektegnieke, klassifikasie en katalogisering, en deur die skepping van nuwe metodes van bibliografiese beheer in die vorm van indeksering en abstrahering „to gain precise subject access to serial literature and a variety of non-book material which was characterized by rapid growth."[30] In teenstelling met die opkoms van die openbare biblioteek wat as 'n differensiasie in die biblioteekwese beskou kan word, omdat dit ander oogmerke as die geleerde biblioteek nagestreef

30) *Jefferson, G.* Libraries and society. Cambridge, Clarke, 1969. p. 95.

het, is die ontwikkeling van aktiewe dokumentasie bloot 'n uitbouing van die tradisionele biblioteek se dokumentasiefunksie. As sodanig verteenwoordig dit egter ook 'n verwydering van die tradisionele biblioteek, veral waar laasgenoemde nagelaat het om dit wat sy eerstegeboortereg was, self te ontwikkel.[31)]

Die kloof tussen die konvensionele en nie-konvensionele biblioteekwese word vergroot deur die direkte invloed wat die Tweede Wêreldoorlog op die probleme van inligtingsbeheer uitgeoefen het. Die oorlog het 'n aanmerklike versnelling van ontwikkelinge op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied meegebring. Dit het op sy beurt die behoefte aan meer en beter ontsluiting van gespesialiseerde inligting laat toeneem,[32)] want die oorlog lei tot „an upsurge in the use of non-book media for information storage and transmission, it accelerated both the volume and turn-around urgency of information requests, and it narrowed areas of specialization while it made these areas interdependent."[33)] Daarby het baie ongepubliseerde materiaal gedurende die oorlogsjare geakkumuleer en dit het die tempo van publikasie direk na die oorlog vinnig laat toeneem.[34)] Die tendens om op tradisionele biblioteektegnieke te verbeter is verskerp „and many experiments were started with machine-sorted punched cards (the beginnings of semi-mechanisation) on the one hand, and photographic film devices like the Rapid Selector on the other."[35)]

Ongeveer dieselfde tyd begin die Amerikaners om die begrip „infor-

31) *Shera*, op. cit., p. 36.

32) Id. The present state of education and training in documentation, information science and special librarianship in the United States. (*In* International Federation for Documentation. 31st Congress, Washington, 1965. F.I.D. proceedings. Washington, Spartan books, 1965. p. 33).

33) *White, H.S.* Professional identity: Revolt of the scientists. *Wilson library bulletin:* 44: 551, 1970.

34) *Kent, A.* Textbook on mechanized information retrieval. 2nd ed. New York, Interscience, 1966. p. 5.

35) *Coblans, H.* Use of mechanised methods in documentation work. London, Aslib, 1966. p. 3.

mation retrieval" in plaas van dokumentasie te gebruik. Daardeur is die bestaande verwarring rakende die onsekerheid tussen biblioteekwese en dokumentasie verder vererger. Coblans beweer dat „information retrieval" losweg gebruik is „as the generic term for the retrieval of references, documents and data, but in practice it nearly always means document retrieval."[36] Let ons egter op die ontwikkelingstendense gedurende die tyd in die Verenigde State dan blyk dit dat die begrip ten nouste aan gemeganiseerde inligtingsontsluiting gekoppel geraak het.[37]

### 2.3.2 *Inligtingsdiens*

Die ander pool van dokumentasie naas ontsluiting is die herwinning en beskikbaarstelling van inligting. Dié aspekte is ten nouste verbonde aan wetenskaplike ondersoek en spruit voort uit die navorser se delegering van sy taak om self die inligting te soek, aan 'n ander funksionaris, die bibliotekaris of die dokumentalis.[38]

Die ontwikkeling van inligtingsdiens het saamgehang met die opkoms van die natuurwetenskappe en die toename van natuurwetenskaplike en toegepaste navorsing, want dit was die beoefenaars van hierdie terreine wat bereid was om die opsporing van inligting te delegeer.[39] Dit was ook op hierdie gebiede dat die opvatting ontstaan het, „that the library should help in the task of giving information to research workers without waiting for them to ask for it – should *disseminate* as well as *collect* information."[40]

36) Ibid.

37) *Mooers, C.N.* The next twenty years in information retrieval; some goals and predictions. *American documentation* 11: 229, 1960.

38) *Loosjes,* op. cit., p. 67.

39) *Foskett, D.J.* Information service in libraries. 2nd ed. London, Crosby Lockwood, 1970. p. 2.

40) Ibid., p. 6.

Die volgende faktore op die gebied van die natuur- en toegepaste wetenskappe het tot die ontwikkeling van passiewe dokumentasie of inligtingsdiens bygedra. Eerstens het die toenemende stroom van publikasies dit vir die navorser onmoontlik gemaak om van alles op hoogte te bly en nog sy eie werk ook te doen. Tweedens het die aard van natuurwetenskaplike navorsing, wat op die ontdekking van feite berus, die delegering van inligtingswerk moontlik gemaak. Die navorser kan aan iemand anders beduie wat h  soek en dan die opsporing van die feite aan die inligtingsbeampte oorlaat. Dit is veral die toegepaste wetenskaplike wat bereid is om van hierdie metode gebruik te maak.

Die derde faktor wat waarskynlik die vernaamste bydrae tot die ontwikkeling van 'n meer daadwerklike inligtingsdiens gelewer het, spruit uit die toepassing van navorsing in nywerheidsverband voort. In die nywerheid is resultate van die eerste belang, en terwille van koste en die dringendheid van ontwikkelingswerk is dit meer lonend bevind om 'n inligtingsbeampte te gebruik wat met groter doeltreffendheid inligtingswerk vir die praktiserende wetenskaplike kan doen. „All these developments led inevitably to the idea of a service of information provided by one of the staff who would be in touch with all the laboratory work, but whose primary duty would be to organize the literature – and to get to know all other possible sources of useful information."[41]

Die idee van inligtingsdiens of passiewe dokumentasie was nie vreemd aan die konvensionele biblioteekwese nie, maar die klem het in sekere biblioteektipes, soos universiteits- en kollegebiblioteke, meer op die onderrig in die gebruik van die biblioteek en sy bronne of hulpverlening by die opsporing van inligting as op die direkte verskaffing van die inligting self geval. In die gespesialiseerde vakbiblioteke was

41) Ibid., p. 10.

daar 'n sterk neiging om die gevraagde inligting aan die gebruiker te verskaf,[42] maar aangesien konvensionele biblioteke skynbaar nie doeltreffend in dié opsig kon slaag nie, het inligtingsgebruikers self begin om metodes te ontwikkel wat beter in hul behoeftes kon voorsien.[43]

Alhoewel raakpunte met die konvensionele biblioteekwese bly voortbestaan, ontwikkel die dokumentasie in die twintigste eeu sodanig dat 'n verwydering van die konvensionele biblioteekwese intree. Die omvang en intensiteit van die inligtingsbehoeftes vereis dat meer doeltreffende inligtingsdienste ontwikkel word. Dit geskied hoofsaaklik in twee rigtings, naamlik die verskillende vorms van lektuurberigdienste, wat daarop gemik is om die gebruikers op hoogte van nuwe inligting te hou, en die beantwoording van navrae wat veel verder deurgetrek word, soos in gevalle waar ook gepoog is om die evaluering van inligting te onderneem.

Aan die ander kant het verskerpte probleme op die gebied van bibliografiese organisasie, dit wil sê aktiewe dokumentasie, vereis dat nuwe middele en metodes gevind word sodat 'n groter mate en diepte van inhoudsontleding deur inligtingsontsluiting verkry kon word. Pionierswerk is in dié verband deur Amerikaners soos Mortimer Taube (koördinaat-indeksering) en Calvin Mooers (gemeganiseerde kodering) en die Indiese biblioteekkundige, Ranganathan, (fasetanalise) gedoen. Die beskikbaarheid van meganiese en elektroniese hulpmiddele in die vorm van ponskaartmasjiene en rekenaars het meegehelp om eksperimentering en ontwikkelingswerk met gemeganiseerde indeksering, abstrahering en vertaling te stimuleer.

42) *Rothstein, S.* The development of reference services through academic traditions, public library practice and special librarianship. Chicago, Association of College and Reference Libraries, 1955. p. 103.

43) *White,* ibid.

## 2.4 Inligtingswerk en inligtingkunde

Die afsydigheid van die konvensionele bibliotekaris ten opsigte van die probleme van bibliografiese organisasie en sy gebrekkige belangstelling in die benutting van tegnologiese hulpmiddels het daartoe bygedra dat die ontwikkelingswerk op dié gebied grotendeels deur nie-bibliotekarisse, soos navorsers en ingenieurs, gedoen is. Verder het die omvang en intensiteit van inligtingsprobleme ook die aandag van wetenskaplikes uit dissiplines soos die wiskunde, linguïstiek, psigologie en rekenaarwetenskap begin trek „as they became aware of and were captivated by the complexities of information transfer problems."[44)]

Uit hierdie smeltkroes van benaderings ontwikkel daar in die Verenigde State in die sestiger jare die begrippe „inligtingswerk" en „inligtingkunde" vir die terrein van aktiwiteite wat met verloop van tyd ook as gespesialiseerde biblioteekwese, dokumentasie en inligtingsontsluiting („information retrieval") bekend gestaan het.

Aanvanklik het die problematiek van die prosessering en oordrag van inligting ook as „science information", weens die noue bande met die natuurwetenskappe, bekend gestaan.[45)] In 1961 en 1962 vind daar twee konferensies oor die opleiding van „science information specialists" aan die Georgia Institute of Technology plaas.[46)] Die twee konferensies het vier belangrike resultate opgelewer.[47)]

Eerstens word vir die eerste maal duidelik tussen die inligtingswerker

44) *Taylor, R.S.* Professional aspects of information science and technology (*In* Annual review of information science and technology, vol. 1, 1966. New York, Interscience Publishers, 1967. p. 19).

45) *Cohan, L. and Craven, K.* Science information personnel; the new profession of information combining science, librarianship and foreign language. New York, Modern Language Association of America, 1961. p. 1.

46) *Conferences on training science information specialists,* Georgia Institute of Technology, Atlanta, 1961, 1962. Proceedings. Atlanta, Georgia, 1962.

47) *Taylor,* op. cit., p. 19.

en die inligtingkundige onderskei, wat op 'n onderskeid tussen die tegnologie en die wetenskap neerkom.

Tweedens word die begrip inligtingkunde vir die eerste maal omskryf, alhoewel in die bepaalde definisie nie tussen die tegnologie en die wetenskap onderskei word nie. „Information science: The science that investigates the properties and behaviour of information, the forces governing the flow of information and the means of processing information for optimum accessibility and usability. The processes include the origination, dissemination, collection, organization, storage, retrieval, interpretation and use of information. The field is derived from or related to mathematics, logic, linguistics, psvchology, computer technology, operations research, the graphic arts, communications, library science, management, and some other fields."

Derdens het verslae van interdissiplinêre werk en programme in die kommunikasie- en inligtingswetenskappe aan sekere Amerikaanse universiteite die aandag gevestig op die moontlike interaksie tussen opleidingsprogramme in inligtingkunde en die in die meer basiese wetenskappe.

Vierdens het twee nagraadse opleidingsprogramme direk uit die byeenkomste van 1961/62 voortgevloei, naamlik die aan die School of Information Science te Georgia Institute of Technology en aan die Division of the Information Sciences van Lehigh University. In nie een van die twee gevalle was daar 'n bestaande opleidingsprogram vir bibliotekarisse aan die inrigtings nie.

'n Laaste besluit van die 1962 konferensie te Georgia Institute of Technology, waarvan kennis geneem moet word, is om nie meer die terme „dokumentasie" en „dokumentalis" te gebruik nie:

„Documentation and documentalist. We have avoided use of these two terms because of the wide variation in their use and in the numerous interpretations of their meaning. We suggest, therefore, if

anyone should wish to use these terms he should state his particular definition."[48]

Die betekenis van hierdie besluit is dat die begrip dokumentasie nooit dieselfde inslag in Amerika as in Europa gevind het nie en dat dit 'n weerspieëling is van die bewuswording dat die inligtingsprobleem aan alle dokumentasie-aktiwiteite ten grondslag lê. 'n Studie van die kenmerke en vloei van inligting sou dus meer korrek deur die begrip „inligtingkunde", en die praktyk van inligtingswerk deur „inligtingstegnologie" weergegee word. In Europese lande was „dokumentasie" die gevestigde begrip vir die aktiwiteite wat met die nie-konvensionele biblioteekwese geassosieer is. Die begrip dokumentalis is in Europa soms ook in 'n meer algemene betekenis gebruik om 'n bibliotekaris, 'n literatuurontleder of 'n stelselontwerper op die hoër vlak of 'n tegnikus betrokke by reprografiese werk op 'n laer vlak in te sluit.[49] Nogtans is Amerikaanse skrywers van mening dat die Europese dokumentalis in hoofsaak met die Amerikaanse „science information specialist" ooreengestem het in terme van die werk wat hy gedoen het en sy sterk natuurwetenskaplike of tegniese agtergrond.[50]

Die belangrike verskil wat in die middel sestiger jare tussen Europese lande en die Verenigde State oor die omvang en die inhoud van die nie-konvensionele biblioteekwese bestaan het, is dat in die Verenigde State reeds 'n besliste onderskeid tussen die tegnologie en die wetenskap van inligtingswerk gemaak is. Hierdie afleiding word deur 'n opname van Salton gesteun, waarin hy bevind dat daar in die vroeg sestiger jare nog min navorsing op inligtingkundige gebied in Wes-Europa gedoen is en dat met enkele uitsonderings die verwantskappe tussen

48) *Conferences on training science information specialists,* op. cit., p.115.
49) *Malin, M.V.* Trip report. *American documentation* 13: 401, 1962.
50) Ibid.
*Taylor,* op. cit., p. 29.

die basiese wetenskappe en inligtingswerk ook nog nie verken is nie.[51]

Die gebruik van die begrip „dokumentasie" in lande buite die Verenigde State verwys dus in hoofsaak na die tegnologie van inligtingswerk, en wanneer die begrip „inligtingkunde" wel gebruik is, was dit nie sinoniem met „research and development in the information field, but a highly specialized form of bibliographic service to scientific and scholarly research. In Europe especially, the use of the term seems closer to 'documentation' than to the investigatory activities that characterize it in the United States."[52] In 1966 stel die Russiese skrywer, Mikhailov, egter die begrip „informatika" as naam vir die dissipline van wetenskaplike inligting voor,[53] om sodoende die terminologiese verwarring verder te vergroot.

## 2.5 Samevatting

Die biblioteekwese het oor 'n tydperk van ongeveer tweeduisend jaar na sy ontstaan 'n eenheidskarakter vertoon. Gedurende hierdie tydperk het die klem in biblioteekwerk op die versameling, die bewaring, die ordening en die beskikbaarstelling vir gebruik van die skriftelike rekords van die samelewing geval. Die kenmerke van die historiese biblioteek wat die sterkste opval, is sy geleerde karakter en die feit dat sy dienste in die reël net tot die beskikking van 'n eksklusiewe groep gebruikers, meesal geleerdes en studente, was. In wese het die historiese biblioteek dus 'n sterk beklemtoonde dokumentasiefunksie in sy diens aan die geleerdheid geopenbaar. Van die begin af was daar

51) *Salton, G.* Automatic information processing in Western Europe. *Science* 144: 626-632, 1964.

52) *Shera, J.H. en McFarland, A.S.* Professional aspects of information science and technology (*In* Annual review of information science and technology, vol. 4, 1969. Chicago, Encyclopaedia Britannica, 1969. p. 443).

53) *Foskett, D.J.* Progress in documentation: Informatics. *Journal of documentation* 26: 340, 1970.

egter ook tekens van 'n sosiale funksie insoverre die biblioteek ook literatuur vir ander doeleindes, soos vir algemene vorming, aan sy gebruikers verskaf het.

Ontwikkelinge op maatskaplike gebied vanaf die 18e eeu, wat met die vrywording van die gewone man en die Industriële Rewolusie saamgehang het, lei tot die opkoms van nuwe sosiale klasse soos die burgery en die arbeiderproletariaat. Op hulle beurt skep die burgery en die arbeiderproletariaat weer 'n behoefte aan sosiale dienste, waaronder die openbare of sosiale biblioteekdiens ook tel, en dit dien as 'n belangrike aanleiding tot die skeuring in die eenheidskarakter van die historiese biblioteek in terme van 'n differensiasie in sosiale en dokumentasiebiblioteke. Die differensiasietendens word verder aangehelp deur die groei van die wetenskappe tot gespesialiseerde bedrywe en die totstandkoming van 'n sterk uitdeinende vakliteratuur, veral op die gebied van die natuurwetenskappe en tegnologie, waardeur 'n behoefte geskep word aan meer doeltreffende bibliografiese organisasie van die rekord en meer daadwerklike inligtingsdienste, en wat dus tot 'n groter beklemtoning van die dokumentasiefunksie aanleiding gee.

Gedurende die twintigste eeu het die dokumentasiefunksie, wat in embrio reeds in die historiese biblioteek aanwesig was, tot 'n aktiwiteit ontwikkel wat soveel nuwe fasette vertoon het dat daar tussen die konvensionele en die nie-konvensionele biblioteekwese onderskei kon word.

Bepaalde faktore het op die een of die ander wyse tot die groei van die nie-konvensionele biblioteekwese bygedra. Een van die vernaamste hiervan is ongetwyfeld die kenmerke verbonde aan die ontwikkelinge wat op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied plaasgevind het. Die groter getalle wetenskaplikes, die enorme bedrae geld wat aan navorsing bestee is en die toepassing van navorsing in die nywer-

heid het almal tot die groeiende belangrikheid van inligtingswerk of die dokumentasiefunksie bygedra. Verdere faktore is die groter toevloei van inligting; die gewoontes van gebruikers, byvoorbeeld die tegnoloë, wat dit verkies dat iemand anders inligtingswerk vir hulle doen; die toetreding van nuwe soorte personeel, soos natuurwetenskaplikes en ingenieurs sonder formele biblioteekopleiding tot die terrein van inligtingswerk; die ontstaan van nuwe soorte inrigtings op inligtingsgebied, soos die gespesialiseerde inligtingsentrum; en ten slotte het die tradisies van die biblioteekwese ook bygedra tot die ontwikkeling van die nie-konvensionele biblioteekwese.

Die aard van die ontwikkeling van die nie-konvensionele biblioteekwese blyk onder andere uit die terminologie wat gebruik is om die terrein van aktiwiteite aan te dui. Aanvanklik word die begrip *dokumentasie* gebesig as die naam vir die meer gespesialiseerde vorms van inligtingsontsluiting en -verskaffing. In Wes-Europa vind dokumentasie inderdaad soveel inslag dat dit selfs vandag nog redelik algemeen gebruik word. In Groot-Brittanje en die Verenigde State kom *gespesialiseerde biblioteekwese* vanaf 'n vroeë stadium in die twintigste eeu voor en is dit sinoniem met 'n meer aktiewe inligtingsdiens en 'n meer diepgaande ontsluiting van inligting. Na die Tweede Wêreldoorlog tree die begrip *inligtingsontsluiting* („information retrieval") in die Verenigde State na vore en word dit redelik sterk met gemeganiseerde ontsluiting van inligting verbind.

*Dokumentasie* het nooit dieselfde inslag in die Verenigde State as in Wes-Europa gevind nie, en vanweë die besef dat inligting die sentrale plek in die beoefening van die dokumentasiefunksie inneem, word *inligtingswerk* of „information technology" as begrip geformuleer, wat die werk wat gedoen word, aandui, en daarteenoor die begrip *inligtingkunde* of „information science" vir die wetenskap van inligtingswerk. 'n Paar jaar nadat die Amerikaners bewustelik 'n onderskeid

tussen die tegnologie en die wetenskap gemaak het, stel Russiese inligtingspesialiste die term *informatika* [54] vir die wetenskap van inligting voor.

Voortaan sal die terme ***inligtingswerk*** en ***inligtingsfunksie*** eerder as ***dokumentasie*** en ***dokumentasiefunksie*** gebruik word.

Terwyl dit nou duidelik is dat inligtingswerk uit die dokumentasiefunksie van die historiese biblioteek voortgevloei het, maar weliswaar daarna tot 'n gespesialiseerde terrein ontwikkel het, wat wel van die konvensionele biblioteekwese onderskei kan word, is die vraag wat die diepere verband tussen die twee terreine, soos deur biblioteekkunde en inligtingkunde verteenwoordig, is.

In hierdie hoofstuk het die klem sterk op die ontwikkeling van die dokumentasie- of inligtingsfunksie geval. Dit strook met die situasie in die praktyk waar die sosiale funksie, hoewel dit in die vorm van die onderskeie sosiale biblioteektipes 'n redelike kwantitatiewe ontwikkeling beleef het, in vergelyking met die inligtingsfunksie nie naastenby in dieselfde mate in die praktyk 'n toepassing gevind het nie.

54) In Europese lande word die term ook in verband met rekenaarwetenskap gebruik. Vergelyk verder paragraaf 3.3.3.2 van hierdie studie.

# 3 DIE TERREINE VAN BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE

## 3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is bevind dat daar sedert die helfte van die negentiende eeu 'n differensiasie in die biblioteekwese onder invloed van ontwikkelinge op maatskaplike gebied ingetree het, waardeur die sosiale en die inligtingsfunksie onderskei is as die taak wat deur verskillende tipes inrigtings tot uitvoer gebring word. Naas die differensiasie van die sosiale en die inligtingsfunksie in die tradisionele biblioteekwese het faktore, soos die ontwikkelinge wat op die gebied van die natuur- en toegepaste wetenskappe plaasgevind het, so 'n sterk invloed op die inligtingsfunksie uitgeoefen dat dit tot 'n gespesialiseerde terrein uitgegroei het, wat deur baie as 'n nuwe dissipline naas die biblioteekkunde beskou word.

In die geval van die biblioteekkunde word daar reeds lank gewys op die gebrek aan 'n teoretiese raamwerk waarbinne die praktyk verklaar en geëvalueer kan word. In 1933 verklaar Butler in sy *Introduction to library science* dat „the librarian is strangely uninterested in the theoretical aspects of his profession."[1] Tradisionele bibliotekarisse het wel daarin geslaag om effektiewe sisteme vir die lewering van dienste en sekere doeltreffende tegnieke vir die uitvoering van werksaamhede te ontwikkel, maar het nog altyd in gebreke gebly om bevredigende antwoorde op die vraag te kry, waarom dit alles gedoen word. Die feit dat daar nog nie veel vordering met die wetenskaplike fundering van die biblioteekkunde gemaak is nie, blyk uit die woorde van Goffman in 1970: „If a discipline is defined by its problems, and to my knowledge the problems of library science have yet to be defined, then

1) *Butler, P.* An introduction to library science. Chicago, Ill., University of Chicago Press, 1933. p. xi.

library science itself has yet to emerge as a discipline."[2] Die skrywer vervolg feitlik in dieselfde asem: „Hence, in recent years library science has turned back to information science as a means of obtaining the academic respectability which it lacks."[3] Hierdie beskouing dat die inligtingkunde „might very well be able to supply a theoretical basis to librarianship"[4] het twee belangrike implikasies. Daar word erken dat daar 'n besliste verband tussen die twee terreine bestaan, en dit bevat die suggestie dat die inligtingkunde meer basies en meer omvattend as die biblioteekkunde is. Maar ook inligtingkunde word nog nie as 'n selfstandige dissipline erken nie. Dit is juis die bogenoemde skrywer, Goffman, wat so 'n standpunt inneem,[5] terwyl 'n ander skrywer dit soos volg stel: „It is true to state that there is not, as yet, in existence, an accepted body of thought, a methodology which might be called the discipline of information science."[6] Daar is wel heelwat pogings aangewend om die begrip inligtingkunde te definieer en die omvang van die terrein te omskryf.[7] Die situasie aan die begin van die sewentiger jare kan opgesom word in die woorde dat daar nog nie 'n algemeen aanvaarde omskrywing van inligtingkunde bestaan nie, dat dit as dissipline nog nie selfstandigheid bereik het nie en dat sy verband met die biblioteekkunde ook nog nie duidelik aangetoon is nie.[8] Dit is 'n situasie wat vir die op-

2) *Goffman, W.* Information science: Discipline or disappearance. *Aslib proceedings* 22: 590, 1970.

3) Ibid.

4) *Saracevic, T. en Rees, A.M.* The impact of information science on library practice. *Library journal* 93: 4098, 1968.

5) *Goffman*, op. cit., p. 589-595.

6) *Caldwell, W.* Libraries and information science. *Library association record* 72: 137, 1970.

7) Vergelyk byvoorbeeld pogings deur *Borko, H.* Information science: What is it? *American documentation* 19: 3-5, 1968.

*Mikhailov, A.I. e.a.* Informatics: Its scope and methods (*In* International Federation for Documentation. On theoretical problems of informatics. Moscow, All-Union Institute for Scientific and Technical Information, 1969. p. 7-24).

8) *Artandi, S.* An introduction to computers in information science. Metuchen, N.J., Scarecrow press, 1968. p.8.

leiding van personeel glad nie bevredigend is nie en daarom word vooraf rekenskap gegee van die aard en omvang van die terreine van biblioteek- en inligtingkunde en die verband tussen hulle.

## 3.2 Biblioteekkunde as dissipline

### *3.2.1 Inleiding*

Onder biblioteekwese word verstaan die totaal van biblioteke, dienste, en persone wat daarop ingestel is om in bepaalde behoeftes wat in die gemeenskap bestaan, te voorsien. Shera stel dit soos volg: „Librarianship in the generic sense, as a professional activity, is concerned with all of these agencies, operations, techniques and principles that contribute to the objective of making graphic records as useful to society as is humanly possible, i.e., to maximize the social utility of graphic records for the benefit of mankind."[9] Die totstandkoming van die biblioteekwese as sosiale onderneming en die aanvaarding van sekere verantwoordelikhede met betrekking tot die bewaring en versorging van die rekords van die samelewing het ongemerk oor 'n lang tydperk geskied. Histories gesien is die biblioteek nie 'n doel op sigself nie, maar dit is met bepaalde nuttigheidsoogmerke gestig,[10] en daarom kan gestel word dat die biblioteekwese instrumenteel van aard is, wat uit sy funksies blyk. Weens sy instrumentele aard is die biblioteekwese daarop ingestel om onder veranderde omstandighede nuwe oogmerke te aanvaar, waaruit nuwe funksies voortvloei.[11] Die totstandkoming van die openbare of sosiale biblioteek in die 19e eeu met die doel om as opheffingsmiddel vir die volksmassas te dien, is 'n voorbeeld van so 'n

9) *Shera, J.H.* Of librarianship, documentation and information science. UNESCO *bulletin for libraries* 22: 63, 1968.

10) *De Vleeschauwer, H.J.* Prolegomena tot 'n biblioteekgeskiedenis. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 22: 11-18, 1954.

11) *Coetzee, P.C.* Die biblioteekwese van Suid-Afrika in kultuurhistoriese perspektief. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 27: 11, 1959.

nuwe oogmerk wat deur die biblioteekwese aanvaar is. Dit lei tot die ontplooiing van die sosiale funksie van die biblioteek met toespitsing op die verskaffing van lektuur vir selfopvoeding en ontspanning.

Sonder kennis van die funksies van die biblioteekwese is 'n wetenskaplik gefundeerde biblioteekkunde nie moontlik nie, „want die biblioteekkunde is een van daardie wetenskappe waarin die eenheid van die kennisinhoud gegrond is in 'n doelstelling." [12)]

3.2.2 *Die funksies van die biblioteekwese*

Die funksies van die biblioteekwese kan onderskei word in die bedryfsfunksies, naamlik daardie werksaamhede wat deur die biblioteek in die nastrewing van sy oogmerke uitgevoer word, en die maatskaplike funksies, naamlik die werkinge of uitwerkinge van die biblioteek as maatskaplike instelling vir of op die gemeenskap, waar 'n doel dan uit wat gebeur, afgelei kan word.[13)]

Vir die bepaling van sy funksies moet die doel waarna die biblioteekwese streef, bekend wees. In die woorde van Shera is dit „to maximise the social utility of graphic records for the benefit of mankind."[14)] Die fokuspunt in hierdie omskrywing van die doel is die woord „record" wat wyd geïnterpreteer moet word om die totaal van dokumente in te sluit. Onder dokument word verstaan „'n stoflike of abstrakte voorwerp of funksie waaruit afgelei of bewys kan word dat 'n ander voorwerp bestaan, of dat 'n verandering plaasgevind het."[15)] 'n Onderskeid kan gemaak word tussen saaklike dokumente, geskrewe dokumente en abstrakte dokumente. Laasgenoemde word gebruik in

12) Ibid., p. 12.

13) *Fouche, B.* Die leergang by die opleiding van bibliotekarisse. M.A. (Bibl.)-verhandeling. Pretoria, 1968. p. 80-81.

14) *Shera,* ibid.

15) *Coetzee, P.C.* 'n Diskoers oor metodes van ondersoek in die biblioteekkunde. 2de verb. dr. Pretoria, Die Staatsbiblioteek, 1968. p.5.

die betekenis van „voortlewing in die taal van woorde, of in die kultuur van gebruike en instellings wat dui op toestande, gewoontes en denkwyse van die verlede."[16] Verder kan verskillende rekords onderskei word, waarvan die belangrikste die argeologiese rekord, die argivale rekord, en die rekord van ervaring, kuns en kennis is.[17]

Die funksie van die rekord as die totaal van dokumente is om as 'n hulp vir die menslike geheue op te tree, „'n kunsmatige orgaan, wat alles kan bevat wat waardig geag word om blywend in menslike herinneringe gehou te word."[18] In die lig gesien vorm die rekord daardie aspek van die kommunikasieverskynsel in die menslike samelewing, wat met indirekte mededeling te doen het. Dit staan teenoor die direkte mededeling wat via die gesproke woord geskied, maar wat die nadeel van 'n betreklike geringe penetrasievermoë openbaar.[19] „By indirekte mededeling maak die boodskapgewer 'n betreklik duursame rekord van een of ander aard van sy boodskap. Hierdie rekord kan bewaar en vermenigvuldig word en sal dan die ontvanger of ontvangers op 'n gegewe oomblik, in sommige gevalle selfs honderde jare nadat die oorspronklike rekord gemaak is, bereik."[20]

In teenstelling met die subjektiewe en kortstondige aard van direkte kommunikasie is die rekord 'n meer objektiewe en permanente kommunikasiemedium wat van die uiterste belang in die voortbestaan van kultuur en die oordrag van inligting is. Dit kan hierdie funksie egter alleen vervul indien dit bewaar word en in die algemeen aan persone beskikbaar gestel word. Om die rede het 'n behoefte al vroeg ontstaan

16) Ibid

17) Ibid.. p. 5-6.

18) Id. Die ken- en werkwêreld van die biblioteekkunde. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1964. p. 7.

19) *Coetzee, P.C.* Die biblioteekwese van Suid-Afrika in kultuurhistoriese perspektief. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 27: 14, 1959.

20) Id. Die openbare biblioteek en die toekoms. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 36: 43, 1968.

om organe in die gemeenskap te skep wat die organisasie en versorging van die rekord kon onderneem. Die biblioteek is een van die instellings wat in die lewe geroep is om naas die argief, die museum en die massakommunikasiemedia van ons tyd 'n aandeel in die byeenbrenging, die organisasie en die paraatstelling van die rekords van die menslike samelewing met die oog op die benutting daarvan te hê. Die biblioteek is tradisioneel in hoofsaak met die organisasie en versorging van slegs een van die genoemde rekordtipes, naamlik die rekord van ervaring, kuns en kennis gemoeid. Hierdie rekord het met verloop van tyd verskillende vorme aangeneem. Vandag bestaan dit uit die boek en 'n verskeidenheid nie-boekmedia om in al die gediversifiseerde kommunikasiebehoeftes van die moderne samelewing te voorsien. Die doel van die biblioteekwese kan gevolglik omskryf word as die oorskakeling van die inhoud van die rekord na die gebruiker, of in ander woorde gestel, die bewerkstelliging van indirekte kommunikasie deur middel van die rekord, terwyl die omskrywing van die doel in populêre terme as inligtingsoordrag bestempel kan word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die betekenis van inligting in laasgenoemde omskrywing baie ruim opgevat moet word sodat dit kennis en data sowel as elemente soos emosies, menings, fantasieë en gissings, wat in rekords mag voorkom, omvat. Kennis beteken in die verband 'n korpus van feite wat binne 'n afgebakende raamwerk as die waarheid beskou word, terwyl data eerder los brokstukke inligting is, wat nie noodwendig waar is nie.[21)]

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die biblioteek as orgaan vir die organisering en versorging van die rekord sekere uit-

21) *Ehlers, D.L.* The role of the library in the communication of information. (*In:* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 26e jaarlikse konferensie, 1971, Pretoria. Referate gelewer. Potchefstroom, 1971. p. 178-179).

werkings in die gemeenskap sal hê. Hierdie werkinge van die biblioteek as sosiale instelling is sy maatskaplike funksies en die oogmerke daarvan sal deur die behoeftes van die gemeenskap beïnvloed word.[22) ] Hieruit kan afgelei word dat daar 'n noue band tussen die biblioteek en die kommunikasieverskynsel bestaan. Omdat daar nog nie afdoende kennis oor die fundamentele aard van die kommunikasieverskynsel en sy werkinge in die gemeenskap bestaan nie,[23)] kan alleen op algemene gronde aangetoon word wàt die verband tussen die maatskaplike funksies van die biblioteekwese en die rol van kommunikasie, en in besonder indirekte kommunikasie, in die gemeenskap is.

Algemeen gestel, behels kommunikasie die oordrag van boodskappe tussen 'n boodskapgewer en 'n ontvanger. Binne die verband kan kommunikasie op 'n groot verskeidenheid situasies van toepassing wees, soos die kontak tussen twee persone in gesprek, die senustelsel van 'n dier of die skakeling tussen 'n beskawing en sy kultuur.[24)] Aangesien die biblioteekwese op die organisering van die rekord van ervaring, kuns en kennis, dus die literatuur afgesien van sy verskyningsvorm, gerig is, moet hierdie aspek van kommunikasie nader belig word.

Coetzee wys daarop dat die opvatting van kommunikasie as die oordrag van inligting een is wat baie algemeen voorkom. Dit beteken dat daar 'n boodskapgewer is wat oor feite beskik wat hy aan 'n boodskapontvanger wil bekend maak. Die proses van kommunikasie word voltooi sodra die ontvanger van die inligting kennis geneem het. „Volgens hierdie opvatting sou die literatuur dan 'n totaal van inligtingsboodskappe wees, opgestel deur mense wat oortuig was dat hulle

22) *Shera, J.H.* Documentation and the organization of knowledge. London, Crosby Lockwood, 1966. p. 175.

23) Ibid., p. 174.

24) *Cherry, E.C.* The communication of information (*In* Smith, A.G. Communication and culture. New York, Holt, Rinehart and Winston, 1966. p. 36).

sulke belangrike ontdekkinge gemaak het dat hulle kennis op 'n duursame wyse geregistreer en bewaar moes word."[25]

Die biblioteek is een van die instellings wat as 'n medium optree om dié kommunikasie-handeling te laat slaag. Die uitvoering van die inligtingsfunksie is wel een van die vernaamste take van alle biblioteektipes, en dit staan sterk voorop by inligtingswerk, maar dit is nie die enigste funksie van kommunikasie wat met die literatuur in verband staan nie.

Vir die ontleding van die ander funksies van kommunikasie, kan gevra word: met watter oogmerke word boodskappe gegee en ontvang? en wat is die werking daarvan op gewer en ontvanger? Die oogmerke van die boodskapgewer kan onder drie hoofde opgesom word:

om te onderrig en op te voed, dit wil sê om vormend op die persoonlikheid van 'n ander in te werk – vormingsfunksie;

om ander te oorreed tot die inneem van 'n bepaalde gesindheid of oor te haal om bepaalde handelinge te verrig – die oorredingsfunksie;

om uiting te gee aan eie stemmings of om stemmings by ander te skep en verbonde hieraan 'n behoefte aan simpatieke en gesellige verkeer met die medemens – die stemmings- of geselligheidsfunksie.[26]

Die ontvanger word min of meer deur dieselfde motiewe beweeg om die mededelings te aanvaar.

Dit is nou duidelik dat daar naas die inligtingsfunksie ook ander funksies van indirekte kommunikasie is en dat met hul werking in die bespreking van die maatskaplike funksies van die biblioteekwese rekening gehou sal moet word.

25) *Coetzee*, ibid.
26) Ibid., p. 43-44.

### *3.2.2.1 Die maatskaplike funksies van die biblioteekwese*

Uit sy historiese ontwikkeling het geblyk dat die biblioteek se rol op twee terreine lê, te wete, „as a tool for information and knowledge" en „as a social service."[27)]

Hiermee word dus die maatskaplike funksies van die biblioteekwese, naamlik die inligtings- en die sosiale funksie bedoel.

#### 3.2.2.1.1 *Die inligtingsfunksie van die biblioteekwese*

Van die twee funksies is die inligtingsfunksie die duidelikste omlyn en word die omvang en betekenis daarvan, wat die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling van die rekord omvat, algemeen aanvaar. Weliswaar kan die biblioteekwese hom nie daarop beroem dat hy daarin geslaag het om die organisering en benutting van die rekord vir inligtingsdoeleindes met groot sukses uit te voer nie. Daarvan getuig die ontwikkeling van inligtingswerk buite die biblioteek om, tot 'n gespesialiseerde terrein, wat grootliks deur die toedoen van nie-bibliotekarisse meegebring is. Basies bly dit egter dieselfde funksie wanneer dit in die breër kommunikasieverband gesien word en is daar slegs 'n verskil in die intensiteit waarmee dit beoefen word.

Hierdie stelling kan gestaaf word deur daarop te let dat van die gespesialiseerde inligtingsaktiwiteite, soos lektuurberigdiens en gevorderde tegnieke van indeksering, wat aanvanklik buite die biblioteek ontstaan het, vandag in 'n toenemende mate ook in die konvensionele biblioteke toegepas word.

Onder die inwerking van die faktore wat sy groei gestimuleer het, soos die fenomenale ontwikkeling van die natuur- en toegepaste wetenskappe, wat op hul beurt meer gespesialiseerde inligtingsbehoeftes, 'n diversifikasie van publikasievorme en 'n sterk vermeerdering in die stroom

27) *Gardner, F.M.* To fill the empty mind. *Library journal* 89: 3682, 1964.

van inligting meegebring het, het die inligtingsfunksie tot 'n omvang uitgegroei wat ons visie van die sosiale funksie tot 'n mate versluier het.

Vir baie, en daaronder ressorteer ook biblioteekkundiges, lê die taak van die biblioteekwese in hoofsaak by die beoefening van die inligtingsfunksie van die rekord. 'n Verklaring vir dié beklemtoning lê in die erkenning wat in die 20e eeu aan die belangrikheid van inligting op verskillende terreine gegee word, waardeur die organisasie en benutting van inligting ewe-eens meer aandag gekry het.

Inligting vorm vandag 'n onontbeerlike element in die wetenskaplike lewe in die algemeen, in navorsing en ontwikkelingswerk, in die nywerheid, op militêre gebied, in die bestuurslewe en op vele ander terreine, selfs tot so 'n mate dat dit as 'n nasionale bate vir enige land beskou word.

In die lig van die utiliteitswaarde van inligting en die prioriteit wat daaraan geheg word, tesame met die feit dat pogings aangewend word om vir inligtingswerk 'n wetenskaplik gefundeerde dissipline uit te werk teenoor die gebrek aan duidelikheid betreffende die rol van die sosiale funksie van die rekord, maak dit vir die biblioteekwese gebiedend noodsaaklik om hom opnuut van sy verantwoordelikheid in die verband rekenskap te gee.

3.2.2.1.2 *Die sosiale funksie van die biblioteekwese*

Die tendens om aan die inligtingsfunksie voorkeur te verleen, is verstaanbaar indien in aanmerking geneem word dat „die sosiale funksie self nie baie duidelik omskryf is nie en veral as die gronde en oogmerke van die sosiale funksie hoegenaamd nie helder omlyn is nie."[28)] In dieselfde trant merk Gardner op dat sodra na die biblioteek se sosiale funksie verwys word „one is at once on insecure dangerous

28) *Coetzee*, op. cit., p. 38.

ground. We have always been vaguely conscious that libraries have a social purpose, that a well-read man will become thereby a better citizen, that a public library is a cultural asset to the community."[29]
In die lig van die gebrek aan duidelikheid oor die omvang en aard van die sosiale funksie van die biblioteekwese word dit meer breedvoerig behandel.

In die bepaling van die aard van die sosiale funksie moet dit van die inligtingsfunksie onderskei word.

Die aanwending van nuwe tegnologiese hulpmiddele in biblioteek- en inligtingswerk het, hoewel dit groot vooruitgang in die hantering van inligting gebring het, tot die beskouing bygedra dat die biblioteek bloot net met die oordrag van inligting te make het, dus die oorbeklemtoning van die inligtingsfunksie. Hierteen maak Foskett beswaar, want „to speak of a library developing into an 'information transfer system' is to ignore completely the library's role in those areas in which 'information' is not what readers are looking for."[30]

In 'n latere bydrae beklemtoon dieselfde skrywer dit dat die blote hantering van inligting nie genoeg is nie, daar moet voortdurend ook met die uiteindelike doel van die gebruik van inligting en die mens as gebruiker rekening gehou word. „The ends of libraries are to serve the needs of users, to effect communication – of values as well as of facts, of insight as well as of information... Users of libraries should now be able to expect the same dynamism from libraries in the cause of education and recreation as has been devoted to the handling of information."[31]

29) *Gardner*, ibid.

30) *Foskett, D.J.* The library in the age of leisure. *Library association record* 69:8, 1967.

31) Id. The changing role of the librarian. *Times literary supplement* January 15, 1971. p. 64.

Carnovsky wys op die uiteenlopende aard van inligtingsontsluiting aan die een kant en van lees aan die ander kant. Dit is twee pole wat onderskeidelik behoort tot „the world of information and things, and the world of values."[32] Die eerste dra by tot die verbetering van die wêreld waarin ons lewe en dit help met die bevordering van kultuurprogressie, maar inligting en navorsing kan die mens nie voldoende leer om tussen reg en onreg of tussen skoonheid en banaliteit te onderskei nie; „none of them can give us the inner sense of peace, the appreciation of truth, beauty and goodness contemplated by Plato... indeed, they are concerned with another world entirely, and they cannot touch the world of the human spirit."[33] Die biblioteek kan hier egter 'n rol speel omdat dit die leser as individu met die klassieke literatuur van die wêreld in aanraking kan bring — literatuur wat groot is „because of its probing into values that can never be discovered in test tubes, slide rules, or statistical compilations."[34]

In die bepaling van die aard van die sosiale funksie moet verder versigtig tussen die verskillende fasette daarvan onderskei word.[35] „Om die aard van die sosiale funksie, soos dit vandag verrig word, te bepaal, moet ons vra watter rol die literatuur inderdaad in die lewe van die hedendaagse mens speel."[36]

In par. 3.2.2 is vasgestel dat kommunikasie deur middel van die rekord die oogmerke kan hê om inligting oor te dra, om vormend op ander in te werk, om te oorreed en om aan stemmings uiting te gee of by ander op te wek of om bloot terwille van gesellige verkeer te

32) *Carnovsky, L.* Changing patterns in librarianship: Implications for library education. *Wilson library bulletin* 41: 490, 1967.

33) Ibid., p. 490-491.

34) Ibid., p. 491.

35) *Coetzee, P.C.* The public library: Has it an educational function? *Suid-Afrikaanse biblioteke* 34: 29-30, 1966.

36) Id. Die openbare biblioteek en die toekoms. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 36: 42, 1968.

kommunikeer. Die feit dat die openbare biblioteek gewoonlik oor 'n versameling, wat onder meerdere uit parate naslaanwerke, vakliteratuur, literatuur van 'n vormende aard asook verskillende vorms van oudiovisuele materiaal beskik, bestaan, maak dit vir hom moontlik om nie slegs 'n opvoedings- maar ook 'n opvoedkundige funksie uit te voer. Aktiwiteite soos opvoeding vir volwassenes en hulp aan skoliere, studente of persone wat met selfstudie besig is, ressorteer onder hierdie hoof. Verskillende van die funksies van indirekte kommunikasie is hier ter sprake, soos die inligtings-, vormings- en oorredingsfunksie.

Daar kan egter met reg gevra word in watter mate die openbare biblioteek wel in hoofsaak vir opvoedkundige doeleindes, in die sin dat didaktiese en kennisverruimende oogmerke daarmee gepaard gaan, gebruik word? Is dit die lig waarin die gewone man op straat sy openbare biblioteek beskou? Coetzee is van mening dat die meeste mense nie aan die openbare biblioteek as 'n opvoedkundige instelling glo nie en dit ook nie daarvoor gebruik nie.[37] Vir die meeste mense is die openbare biblioteek bloot 'n plek waar lektuur vir ontspanning en vermaak verkry kan word. „In the provision of entertainment and recreation the public library has today become too successful: it has closed the commercial subscription libraries, it is competing with popular paper back publishers, and attempt to offer the same level of material as that being provided effectively by television. In many areas the local library is looked upon merely as a social amenity service."[38]

Die benutting van die openbare biblioteek vir sy ontspanningsliteratuur vorm egter ook 'n aspek van die sosiale funksie wat nie afgewys mag word nie; trouens dit voorsien in die diepgevoelde behoefte van

37) Ibid.

38) *Jones, D.* Looking to the future: The effect of the changing pattern of society (*In* Library Association. Proceedings, papers and summaries...1969. p. 27-33).

kontak met sy medemens wat elke individu openbaar. Wanneer dit nie op direkte wyse bevredig kan word nie, 'n verskynsel wat weens die toenemende vereensaming van die mens in die moderne tyd baie algemeen voorkom, dan word na ander maniere van bevrediging gesoek. „Die literatuur en veral stemmingsliteratuur, die verhalende en anekdotiese literatuur is in sy produksie en konsumpsie 'n surrogaat vir 'n belangrike sy van die bestaan van die mens as samelewingswese."[39]

Die vereensaamde mens is verder ook baie ontvanklik vir oorredingsliteratuur en word maklik deur ander vorme van indirekte kommunikasie, soos die rolprent, die klankrekord, die radio en televisie beïnvloed in sy soeke na stemmings en gemoedsaandoeninge van ander. Die biblioteek vorm in die opsig 'n teenvoeter vir die massamedia insoverre dit steeds 'n keuse aan die gebruiker bied waaroor hy self moet besluit. Verder bestaan daar ook geen rede waarom die biblioteek net die literatuur in die vorm van die tradisionele media aan die gebruiker hoef te bied nie. Baie biblioteke begin ook om die massamedia soos die rolprent, die klankopname en televisie by hul programme in te skakel.

Hoewel daar verder nie veel oor die ontspanningsaspek van die sosiale funksie gesê kan word nie omdat ons nog so min weet van die invloed van hierdie soort lees op die mens, word openbare biblioteke en ander biblioteke insoverre hul die soort lektuur verskaf, in die opsig goed gebruik. Die feit dat biblioteke nie die swakker en minderwaardige tipe ontvlugtingslektuur asook dit wat degraderend is, aanhou nie, verseker ten minste dat hierdie tipe leesstof nie 'n afbrekende werking op die gebruikers sal hê nie.

Benewens die moontlikhede vir opvoeding en ontspanning wat die

39) *Coetzee,* op. cit., p. 45.

openbare biblioteek op grond van sy versamelings en dienste bied, vestig Coetzee die aandag op die enkulturatiewe werking wat daar van dié maatskaplike instelling uitgaan. Enkulturasie is 'n onopsetlike, maar uiters belangrike, werking wat die kommunikasieproses in die menslike samelewing het.[40]

Die mens word nie met kultuur gebore nie, dit is iets wat elkeen moet aanleer. Die mens is kultuurskepper in die mate waarin hy die natuur makgemaak en tot 'n tuiste ingerig het. Maar die verwerwing van kultuur hou ook in die aanleer van taal en inlywing by die sisteem van opvattings, gesindhede en gedragspatrone van sy eie kultuurmilieu. Dit is 'n proses van enkulturasie wat nooit ophou nie, „throughout our lives we are exploring and discovering our own culture, and extending our horizon from that of the family group to that of the immediate community, the civic group, the nation, the wider cultural community (in our case the Western cultural whole")[41] Hierdie inlywing vind plaas deur aan die kommunikasieproses van die gemeenskap deel te neem, waardeur die individu ongemerk die opvattings van sy omgewing oorneem, die gesindhede aanvaar en inval by die soort gedrag wat die gemeenskap van hom verlang. In teenstelling met opvoeding wat met doelgerigte en dikwels verpligte onderrig geassosieer word, vertoon enkulturasie 'n spontane karakter. Die individu word gedryf deur sy behoefte om by sy gemeenskap in te pas en dit beweeg hom om eerder aan die groep se eise uit eie beweging te voldoen as om gekritiseer en selfs belaglik gemaak te word.[42]

'n Fundamentele voorwaarde vir enkulturasie is die toeganklikheid

40) Ibid., p. 44.

41) Id. The public library: Has it an educational function? *Suid-Afrikaanse biblioteke* 34: 31, 1966.

42) Ibid.

van die kulturele erfenis. Hierdie toegang verkry die kind deur die huisgesin, waar die kulturele grondslag gelê word en deur die mate waarin hy in staat gestel word om in die buurt, die skool, die werkkring en in die openbare lewe op te tree. Sy voorbereiding in die huisgesin en die skool stel hom ook in staat om van ander oorleweringsmiddele soos die literatuur gebruik te maak. Die literatuur is vir enkulturasie van besondere belang omdat dit die deel van die kulturele erfenis wat nie deur direkte verkeer bereik kan word nie, toeganklik maak.

Die belang van die biblioteek sien Coetzee nou in die lig van die toegang wat die individu vandag tot die kultuur van sy klein samelewing en tot die breëre Westerse kultuur het.[43] In die eerste instansie moet beklemtoon word dat toegang primêr deur direkte persoonlike verkeer en eers daarna deur indirekte media verkry word.

In die hedendaagse industriële, sterk gereglementeerde maatskappy word dit al moeiliker om geleenthede vir persoonlike omgang in die gesin en die buurt te skep. Trouens, die buurt as samelewingsmilieu is besig om te kwyn en die gesin ontaard in 'n groep waarin mense saamwoon, maar waarin persoonlike verkeer al minder word. Die oorsake hiervan moet in die eise wat deur die werksituasie geskep word en in die reglementering van vryetydsbesteding gesoek word. Die gejaagde lewe, die reglementering van vermaak en selfs die ingesteldheid van die onderwys om die leerling en student vir 'n loopbaan voor te berei moet op die lange duur 'n kultuurstrydige uitwerking hê. Simptome van kultuurverlies in die Weste is dan ook reeds sigbaar. Die opstand van die jeug teen die bestaande orde, wat weier om in die norme van die kultuur opgevoed te word, is voldoen-

43) Id. Die biblioteekwese en die samelewing (*In* Van Rooy, H.C. en Viljoen, A.J., *reds.* Nuwere ontwikkelinge op die gebied van die biblioteekwese en inligtingsvoorsiening. Potchefstroom, Departement Biblioteekkunde, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1969. p. 52-56).

de bewys hiervan.

Die versperrings wat deur die moderne samelewing teen die proses van enkulturasie opgewerp word, bied 'n uitdaging aan die sosiale biblioteek om 'n diens aan die mens te lewer. Dit kan hy doen „deur die literatuur te verskaf waardeur die individu hom tot persoon kan vorm, dit wil sê 'n beeld kan vorm van wat hy wil wees en daardie beeld verwesenlik. Dit kan hierdie materiaal voorsien om 'n kultuuragtergrond te bou onder omstandighede waar geen leiding uit direkte kommunikasie beskikbaar is nie."[44)]

Alhoewel die biblioteekwese die taak om enkulturasie te bevorder nie alleen kan vermag nie, beklee dit 'n gunstige posisie om 'n besondere bydrae te lewer. Dit berus daarop dat hy met die leser as beoefenaar van 'n liefhebbery te doen het. Daar is dus geen dwang, geen reglementering, geen doelbewuste indoktrinering nie, maar 'n geleentheid vir spontane soeke en verwerwing van die kulturele erfenis soos wat dit nog altyd natuurlikerwys plaasgevind het.

Daar moet ook besef word dat al die funksies van kommunikasie 'n aandeel in die proses van enkulturasie het. Die literatuur wat 'n vormende uitwerking het, staan wel voorop, maar ook die oorredende en die ontspanningslektuur kan 'n bydrae lewer. So kan die leser met die regte leiding opgevoed word om ook die regte ontspanningsleesstof te lees. Hier is dan ook inderdaad weer van 'n opvoedingsfunksie sprake.[45)]

Daar moet met Coetzee saamgestem word dat die biblioteek 'n belangrike rol in die proses van enkulturasie kan speel, maar dit is ook duidelik dat die enkulturatiewe werking van die literatuur 'n onderafdeling

44) *Coetzee, P.C.* Die openbare biblioteek en die toekoms. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 36: 47, 1968.

45) Id. Die biblioteekwese van Suid-Afrika in kultuurhistoriese perspektief. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 27: 16, 1959.

van opvoeding in algemene sin vorm. Hoewel die enkulturatiewe taak van die biblioteek, dus van 'n opvoedkundige taak in enger betekenis, byvoorbeeld optredes in verband met opvoeding vir volwassenes, onderskei kan word, hoort beide tuis onder die sosiale funksie van die biblioteekwese in sy algemene en breë betekenis.

Samevattend moet gestel word dat met hierdie uiteensetting ook nog nie daarin geslaag is om die sosiale funksie volledig te verklaar nie. Daarvoor is ons kennis van die leser en sy motiewe in die gebruik van die literatuur nog te gebrekkig. Wat wel met sekerheid gestel kan word, is dat die sosiale funksie van die biblioteekwese 'n geweldige potensiaal vir ontwikkeling het. Benewens die aanbieding van dienste met 'n opvoedkundige strekking en die voorsiening in die ontspanningsbehoeftes van lesers, is die openbare biblioteek in die posisie om op unieke wyse die werking van enkulturasie in die samelewing deur middel van indirekte kommunikasie of dan wel, kommunikasie deur middel van die rekord aan te help. In teenstelling met die gejaagde en gereglementeerde lewenswyse van die moderne tyd bied die openbare biblioteek die geleentheid aan enigeen om op spontane en vrywillige wyse die soeke na en die verwerwing van sy kulturele erfenis na te streef.

3.2.2.2 *Die bedryfsfunksies van die biblioteekwese*

Die maatskaplike funksies van die biblioteek word moontlik gemaak deur die uitvoering van sy bedryfsfunksies. Deur die toepassing van laasgenoemde word die hulpgeheue van die samelewing, soos in die rekord saamgevat, geaktiveer en tot nut gestel.

Die bedryfsfunksies kan in twee groepe geskei word, naamlik die bestuursfunksie en die operatiewe funksies. Onder laasgenoemde word die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling van die rekord gereken en omdat die aktiwiteite so vanselfsprekend is, word hulle nie verder behandel nie.

Die bestuursfunksie het saam met die groter wordende individuele inrigtings en die idee van biblioteeknetwerke om optimum benutting van die rekord te verseker, geweldig in belangrikheid toegeneem. Net soos in die geval van enige moderne onderneming berus die effektiwiteit van die diens op die gehalte van die bestuur. Hierdie funksie neem 'n sentrale posisie ten opsigte van die operatiewe funksies in deurdat dit die beplanning, die organisasie, die leiding en die beheer ten opsigte van die versameling, bewaring, ens. van die rekord uitmaak. Dit is die funksie waardeur die inrigting of organisasie wat vir die versorging en aktivering van die rekord noodsaaklik is, daargestel, aan die gang gehou en voortgesit word. Die taak van die bestuursfunksie is in moderne tye nie alleen gekompliseer weens die omvang wat individuele biblioteke aanneem nie, maar ook vanweë die noodsaaklikheid om die lewering van dienste deur middel van samewerking tussen die biblioteke op nasionale en internasionale vlak aan te pak.

Ontwikkelingswerk en toegepaste navorsing as aktiwiteite neem deesdae 'n steeds belangriker plek in by die ontwerp, die daarstelling en die uitbouing van individuele biblioteke sowel as van biblioteeknetwerke. Hierdie twee aktiwiteite word hier genoem omdat hulle, of deur bestuurspersoneel beoefen word, of deur personeel in 'n stafhoedanigheid ter ondersteuning van die werk van die lyn- of bestuurspersoneel gedoen word. Dit voer daarheen dat in biblioteekwerk, naas die operatiewe arbeid, wat in opleidingsprogramme nog altyd die vernaamste doelwit van die onderrig was, ook aan ontwikkelingswerk en toegepaste navorsing, aandag bestee moet word. Om die beeld van die moontlike kategorieë van werk te voltooi moet ook na basiese navorsing as 'n vierde kategorie verwys word, maar dit is 'n aktiwiteit wat op biblioteekgebied nog nie tot sy reg kom nie.

#### 3.2.2.3 *Samevatting*

Op grond van die voorafgaande bespreking kan besluit word dat die

doel van die biblioteekwese in die oordra van inligting geleë is. Deur die uitoefening van sy inligtings- en sosiale funksie streef die biblioteekwese daarna om die maksimale benutting van die rekord van ervaring, kuns en kennis deur die maatskappy moontlik te maak. Hierdie twee maatskaplike funksies is in 'n mindere of meerdere mate in alle biblioteektipes aanwesig hoewel die klem soms sterker op een van die twee val.

Die inligtingsfunksie, wat in hoofsaak met die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling van die rekord te make het, is ongetwyfeld die verste van die twee funksies ontwikkel. Sommige toepassings daarvan, soos dit onder die benaming „inligtingswerk," veral op natuurwetenskaplike gebied aangetref word, het heel gespesialiseerde nuwe aktiwiteite opgelewer, maar in wese bly dit dieselfde funksie. Die sosiale funksie is meer problematies weens ons gebrekkige kennis van die mens se oogmerke met die gebruik van die literatuur en die invloed wat dit op hom uitoefen. Dit word aanvaar dat die werking van die sosiale funksie, veral soos dit in die openbare biblioteek geopenbaar word, op opvoeding, enkulturasie en ontspanning gerig is.

Naas die maatskaplike funksies is ook bedryfsfunksies uitgesonder, waardeur die biblioteekorgaan geaktiveer en tot nut gestel word. In die verband is daar op gewys dat behalwe operatiewe werk ander kategorieë van werk soos ontwikkelingswerk, toegepaste navorsing en basiese navorsing ook onderskei behoort te word, alhoewel basiese navorsing nog nie veel aandag ontvang nie.

### 3.2.3 *Is 'n biblioteekwetenskap moontlik?*

#### 3.2.3.1 *Inleiding*

In die inleidende paragrawe van hierdie hoofstuk is aangetoon dat daar nog geen eenstemmigheid bestaan oor die vraag of die biblio-

teekkunde wel as 'n wetenskap beskou kan word nie. Skrywers oor die onderwerp is dit egter eens dat die uitbouing van 'n teoreties-wetenskaplike kennisbasis vir die biblioteekwese wel 'n saak van dringende belang is.

Vooraf moet vasgestel word wat onder die begrip „wetenskap" verstaan word omdat dit die raamwerk bied waarbinne dié ondersoek behoort te skied. Een verklaring van wetenskap is dat dit 'n totaal van gesistematiseerde kennis rakende 'n bepaalde fundamentele verskynsel of studievoorwerp is.[46)] Op grond van hierdie siening beweer die Duitse biblioteekkundige, Leyh, dat daar nog nie van 'n biblioteekwetenskap sprake kan wees nie weens die gebrek aan eenheid en innerlike samehang van die onderskeie vakke wat onder die hoof saamgegroepeer word.[47)] 'n Meer gangbare opvatting is die van die wetenskap as 'n bedryf, 'n doelgerigte proses wat deur mense uitgevoer word „with the object of discovering facts and of constructing conceptual frameworks within which reliable prediction of future events and conditions will be possible."[48)] Dit laat die vraag ontstaan na die doel van so 'n bedryf. In die verband stel P.C. Coetzee dit soos volg: „Die objek waarin die wetenskap dan sy eenheid vind is geen voorhandige studievoorwerp nie, maar 'n ewentuele objek wat aan die einde van die arbeid as produk van die rede tot stand gebring sal wees" en verder „dat die eenheid van die wetenskap nie in 'n fundamentele verskynsel as studievoorwerp lê nie, maar in 'n grondprobleem, in sy tuigwerk van begrippe en in die kenwêreld of formele objek wat hy in proses is om te konsti-

46) Id. Die ken- en werkwêreld van die biblioteekkunde. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1964. p.4.

47) *Kouwenhoven, A.O.* Bibliotheekwetenschap en wetenschappelijke bibliotheek. *Bibliotheekleven* 49: 140-141, 1964.

48) *Coetzee, P.C.* 'n Diskoers oor metodes van ondersoek in die biblioteekkunde. Pretoria, Die Staatsbiblioteek, 1968. p. 90.

Vergelyk ook *De Groot, A.D.* Methodology... The Hague, Mouton, 1969. p. vi-vii.

tueer."[49]

Uit hierdie wetenskapsbeskouing volg dat wetenskapsarbeid dinamies is en dat dit nooit voltooi word nie. Verder dat daar nie slegs een nie, maar 'n verskeidenheid van wetenskappe is en dat die verskillende kenwêrelde wat tot stand kom elk „sentreer rondom 'n besondere probleem wat lei tot 'n reduksie van die ervaring tot 'n beperkte gebied van relevanthede..."[50]

By die toepassing van hierdie beskouing van die wetenskap op die biblioteekkunde moet rekening gehou word met wat onder 'n praktiese wetenskap verstaan word. In die geval van 'n praktiese wetenskap word die totstandkoming van die teorie of die kenwêreld gewoonlik deur die bestaan van 'n werkwêreld voorafgegaan. Die werkwêreld word aanvanklik op empiriese gronde uitgebou, asook deur die navolging van praktyke wat elders suksesvol blyk te gewees het. Met verloop van tyd word losstaande probleme op 'n ad hoc-basis wetenskaplik ondersoek, maar by gebrek aan 'n sentrale probleemstelling word min vordering met die daarstelling van 'n wetenskaplik gefundeerde dissipline gemaak. Nadat 'n sentrale probleemstelling bepaal is, kan met die konstituering van 'n omvattende kenwêreld begin word wat al die sye van die werkwêreld sal omvat en verklaar. Die ontwikkeling van die biblioteekkunde kan met die patroon wat geskets is, vergelyk word.[51] Die biblioteekkunde was aanvanklik op die beskrywing van interne bedryfspraktyke van bepaalde biblioteke wat as voortreklik beskou is, ingestel. Die beskrywing van die praktyke gaan mank aan enige kritiese ingesteldheid sover dit hul oogmerke en die situasie waarvoor dit bedoel was, betref. Met

49) *Coetzee, P.C.* Die ken- en werkwêreld van die biblioteekkunde. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1964. p. 5-6.

50) Ibid., p. 5.

51) Ibid., p. 6-7.

die instelling van biblioteekkunde as 'n akademiese leervak aan universiteite in Amerika en Duitsland, word die skamele empiriese inhoud met historiese en literêre leerstof wat vir die bibliotekaris as noodsaaklik of nuttig beskou is, aangevul.

Weens die feit dat 'n wetenskaplik gefundeerde biblioteekkunde waarskynlik nog aan die ontwikkel is, kan nou alleenlik nagegaan word watter opvattings reeds ontwikkel het en of dit moontlik is om die hoofmomente van so 'n dissipline tentatief aan te toon. Vir die doel word die opvattings van enkele skrywers nagegaan en vergelyk.

3.2.3.2 *Verskillende opvattings rakende 'n biblioteekwetenskap*

Aanvanklik het die opleiding van bibliotekarisse op universitêre vlak weinig tot die ontwikkeling van die biblioteekkunde as wetenskap bygedra. Daarvoor was die opleiding te tegnies georiënteerd met geen aandag aan navorsing nie. Die instelling van die Graduate Library School aan die universiteit van Chicago in 1926 sou egter 'n meer wetenskaplike benadering in die beoefening van die biblioteekkunde inlei. „Here, for the first time in library history was a truly graduate, professional school dedicated to scholarship, research, and publica tion."[52) Verteenwoordigers van die Inrigting soos Butler, Waples Wellard en andere het belangrike bydraes tot die uitbouing van die grondslae van die biblioteekkunde gelewer. Van hulle was dit juis Pierce Butler wat in sy *Introduction to library science* (1933) die eerste was om 'n ruimer wetenskaplike benadering van die vak te bepleit „en wat 'n besef toon dat die biblioteekkunde, voordat hy sy aandag aan die interne bedryfsaangeleenthede kon gee, moes afreken met die groter probleem van die funksie van die biblioteek binne die kader van die maatskappy en die kultuur."[53)

52) *Carroll, C.E.* The professionalization of education for librarianship with special reference to the years 1940-1960. Metuchen, N.J., Scarecrow press, 1970. p. 54.

53) *Coetzee,* op. cit., p. 7.

Sedert die verskyning van Butler se werk het die vraagstuk van die wetenskaplike fundering van die biblioteekkunde gereeld in die literatuur opgeduik. Al die skrywers oor die aangeleentheid is egter nie altyd seker of so iets soos 'n biblioteekwetenskap inderdaad moontlik is nie. Een wat in laasgenoemde kategorie val, is die Britse skrywer, Raymond Irwin, wat skepties teenoor die moontlikheid staan om biblioteekkunde as 'n eksakte wetenskap uit te bou.[54] Irwin se skeptisisme is veral gemik teen die gedagterigting van 'n groep Amerikaanse bibliotekarisse, wat in navolging van Pierce Butler daarna gestreef het om biblioteekkunde as wetenskap, hoofsaaklik deur die toepassing van statistiese metodes, in aansyn te roep.

Die Duitse skrywer, Predeek, sonder die boek as die kern van die biblioteekwetenskap uit en daarom vorm die biblioteek 'n brandpunt waarin die belange van skrywers, uitgewers, lesers en bibliotekarisse saamvloei om so gesamentlik 'n invloed op die lede van die gemeenskap wat in die literatuur belangstel, uit te oefen.[55] Daarteenoor verwerp 'n volgende Duitse biblioteekkundige, Georg Leyh, die boek as sentrale studievoorwerp van die biblioteekwetenskap [56] en verklaar hy dat daar nie van 'n wetenskap sprake kan wees nie omdat die verskillende biblioteekkundige vakke nie 'n gesamentlike probleemsentrum het nie.[57] Ook die Hollandse skrywer, L. Brummel, beskou die boek nie as kernprobleem nie. „Men kan niet langer volhouden dat het boek in zijn uitwendige aspekten het bindend element is van allerlei kennis en kunde, die dan ten onrechte bibliotheekwetenschap genoemd wordt."[58] Vir Brummel is die biblioteek self

54) *Irwin, R.* Librarianship; essays on applied bibliography. London, Grafton, 1949. p. 11.

55) *Brummel, L.* Bibliotheek, wetenschap en bibliotheekwetenschap. 's-Gravenhage, Nijhoff, 1960. p.5.

56) *Leyh, G.* Die Bildung des Bibliothekars. Kopenhagen, Munksgaard, 1952. p. 89-90.

57) *Kouwenhoven,* ibid.

58) *Brummel,* op. cit., p. 4.

die fundamentele verskynsel wat bestudeer moet word. Ook dit kan nie bevredig nie, want dit is nie korrek om die biblioteekkunde net tot die bestudering van biblioteekprobleme te beperk nie.[59)]

Ongeveer dieselfde tyd (1960) as Brummel ontleed die wysgeer-biblioteekkundige, H.J. de Vleeschauwer, die probleem op 'n wysgerige grondslag met die doel om te bewys dat 'n biblioteekwetenskap moontlik is.[60)] Hy stel dit soos volg: „the general and indefinite object of the library as a whole is books, and the specific quality which makes of books a phenomenon peculiar to the library, is their capacity for transmitting human thought and knowledge."[61)] Die boek is 'n te algemene verskynsel om net tot die biblioteek te behoort, maar sodra ons dit as 'n middel beskou om idees en kennis oor te dra, is daar 'n verband met die biblioteekwese.

Daar bestaan by De Vleeschauwer geen twyfel dat alle biblioteke en biblioteekaktiwiteite, die aard van die biblioteekberoep en die betekenis van die biblioteek 'n probleemsentrum vind in die boek as verskynsel en sy karakter as 'n instrument vir die oordrag van idees. In die lig van dié probleemstelling verklaar die skrywer die biblioteekverskynsel aan die hand van die kousaliteitsbeginsel deur dit volgens vier faktore te ontleed.[62)]

Die eerste faktor is die materiële oorsaak van die biblioteek wat bestaan uit die materiaal waaruit dit opgebou word, en dit is die boek as manifestasie van menslike denke. Enigiets wat met die studie van boeke te make het, soos historiese vorme van die boek, die ontwikkeling van die skryfkuns in die boek, publikasievorm, die boekhandel,

59) *Coetzee*, op. cit., p. 4.

60) *De Vleeschauwer, H.J.* Library science as a science. *Mousaion* 37-40, 1960.

61) Ibid., p. 45.

62) Ibid., p. 46-55.

ens. sal dus 'n bydrae tot die verklaring van die materiële inhoud van die biblioteek lewer.

Die boek as verskynsel is in die biblioteek egter spesifiek van belang omdat dit die draer van idees, dus 'n kommunikasiemiddel is, en hierin lê die tweede of formele oorsaak waardeur die bestaan van die biblioteek verklaar kan word. Dit behels 'n studie van sake soos die redigering van die boek, sy versameling, bewaring, organisasie, ontsluiting en toeganklikmaking.

Die boek kan sy doel alleen bereik indien dit geaktiveer en benut word. Dit word deur die effektiewe oorsaak verklaar, naamlik die totstandbrenging en die instandhouding van biblioteke deur bibliotekarisse en die lesende publiek waardeur dit in 'n lewende en effektiewe organisasie omskep word. Onder die faktor ressorteer die biblioteek in sy verskillende vorme en tipes, die personeel, hul opleiding en professionele organisasie, bestuur en beheer, die professionele literatuur asook die studie van die gebruikers.

„The final cause of library science consists in the purpose which led the founder to establish the library, and which was subsequently accepted as a guiding principle by the administrators of the library."[63) ] Dit is die faktor wat vooruit bepaal watter rigting deur die effektiewe oorsaak ingeslaan sal word. Daarom omvat dit die betekenis van die biblioteek en die sosiologiese, individualistiese en opvoedkundige bedoelings van die biblioteek.

Hoewel dit slegs buitelyne is, is De Vleeschauwer van mening dat dit duidelik toon dat 'n biblioteekwetenskap moontlik is.[64)]

Na aanleiding van die pogings van skrywers soos Predeek, Brummel en De Vleeschauwer om die probleemsentrum van die biblioteekkunde

63) Ibid., p. 49.
64) Ibid., p. 55.

te bepaal, verklaar Kouwenhoven, „en inderdaad, hoe belangwekkend sommige van de theoretische voorstudies ook mogen zijn, men ontkomt niet aan de indruk dat ze de bibliotheekwetenschap geen eigenlijke wetenschaplijke kern hebben weten te geven, althans niet hebben aangeraakt."[65] Vir dié skrywer lê die probleem van die biblioteekwetenskap opgesluit in die vraag tot watter mate die biblioteek die ontstaan van 'n nuwe wetenskaplike of kulturele skepping in die vorm van 'n publikasie beïnvloed en wat die aandeel van die biblioteek in die proses is.

Elke nuwe publikasie se ontstaan kan na drie bronne teruggevoer word, te wete, die onderwerp van die studie, die skeppende gees en die biblioteek. Biblioteekwetenskap moet die aandeel van laasgenoemde bestudeer en veral nagaan waarom struikelblokke in die verwantskap tussen die biblioteek en die proses van wetenskaplike of kulturele skepping ontstaan. Die skrywer stel dit duidelik dat biblioteek in die ruimste sin moontlik opgevat moet word, naamlik „als de gehele, in boek, tijdschrift e.d. gesublimeerde, productie van wetenschaplijke en culturele activiteit, al dan niet juist geconserveerd en al dan niet volledig ontsloten."[66] Dit sal vir die biblioteekwetenskap veral belangrik wees om die betrekkinge tussen biblioteek en publikasie na te gaan, hoewel die betrekkinge tussen studievoorwerp en skeppende gees nie uit die oog verloor moet word nie.

Vir hierdie bestudering van die verwantskap tussen biblioteek en publikasie verkies die skrywer die term „bibliologie" bo bibliografie omdat laasgenoemde slegs die beskrywing van die boek op die oog het. „Bibliologie tracht niet slechts te verklaren waarom en waardoor het geschrevene naar zijn uit- en inwendige vorm tot stand kwam, maar

65) *Kouwenhoven,* op. cit., p. 137
66) Ibid., p. 142.

ook naar zijn inhoud, voorzover die teruggrijpt op reeds bestaande literatuur."[67] Die volgende vrae kan na aanleiding van hierdie probleemstelling gevra word: Kan die ontstaangeskiedenis van 'n boek gerekonstrueer word? Hoe het die eerste konsepsie ontstaan en waardeur is dit beïnvloed? Hoe het die skrywer die biblioteek gebruik? Watter deel van die boek is reproduksie en watter is oorspronklike bydrae? Hierdie vrae kon nog verder uitgebrei word, maar dit is duidelik dat die skrywer hier aan die biblioteekwetenskap die taak opdra om die rol van kritiese ondersoeker en skakelmeganisme by die skepping van kennis te vervul. Die vraag is egter of die taak van die biblioteekwetenskap sodoende nie heeltemal te eng gesien word nie. Wat byvoorbeeld van die gebruiker van die inhoud van die biblioteek? Moet die biblioteekwetenskap nie ook 'n studie van die gebruikers, hul motiewe en gewoontes insluit nie?

'n Siening van die biblioteekkunde wat in die literatuur nog nie veel aandag getrek het nie, vermoedelik vanweë die feit dat dit in Afrikaans geskryf is, is die van P.C. Coetzee, die Suid-Afrikaanse biblioteekkundige soos in sy inougurele rede in 1964 uiteengesit.[68] Vir Coetzee vorm die „rekord" die probleemsentrum waarom die biblioteekkunde as wetenskap opgebou word.[69] Tydens die bespreking van die funksies van die biblioteekwese is reeds nader bepaal wat onder „rekord" verstaan moet word. Dit is die totaal van dokumente en kan uit 'n verskeidenheid van rekords bestaan, waaronder die argeologiese rekord, die argivale rekord en die rekord van ervaring, kuns en kennis die belangrikste vorme is. Van die drie genoemde vorme van die rekord verdien die rekord van ervaring, kuns en kennis die meeste aandag, want dit omsluit „die totaal van

67) Ibid., p. 144.

68) *Coetzee, P.C.* Die ken- en werkwêreld van die biblioteekkunde. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1964.

69) Ibid., p. 7.

opgetekende (of – in die twintigste eeu – op ander maniere geregistreerde) getuienis van mense aangaande hulle ondervindinge, hulle fantasieskeppinge, hulle denke."[70)]

Die funksie van die rekord is om as 'n kunsmatige geheue vir die mens te dien, waarin alles wat waardig en belangrik geag is, blywend in herinnering gehou word. As onderdeel van die kommunikasieproses vorm die rekord een van die vernaamste vorms van indirekte kommunikasie wat weens sy objektiwiteit en permanente aard van groot belang in die voortbestaan en vooruitgang van kultuur is. Hoewel die rekord van ervaring, kuns en kennis hoofsaaklik in geskrewe en gedrukte vorm bestaan het, het die tegnologiese vooruitgang van die twintigste eeu nuwe en belangrike rekordmedia opgelewer wat ook hierby ingesluit moet word.

Die rekord as praktiese probleem het natuurlik bestaan lank voordat daar sprake van biblioteekkunde as vakwetenskap was. Om dit as kommunikasiemiddel te laat funksioneer moes die gemeenskap organe skep om dit te versorg en te organiseer. Die praktiese probleme wat hieruit voortgevloei het, is met verloop van tyd op empiriese wyse aangepak en opgelos. Die resultate hiervan vind ons in die biblioteek in sy verskillende vorme wat tot stand gekom het en tegnieke en apparaat wat ontwikkel is. Maar die rekord en sy gebruik is aan voortdurende veranderinge onderworpe en daarom het ons hier met 'n praktiese probleem te doen „wat slegs opgelos kan word deur middele te vind waarmee bepaalde oogmerke bereik kan word.[71)] Die kernprobleem van die biblioteekkunde is daarom „die opbou van 'n werkwêreld wat sentreer rondom die bewaring en die gebruik van die rekord."[72)] Dit kan egter alleen slaag indien ons oor die nodige

70) *Coetzee, P.C.* 'n Diskoers oor metodes van ondersoek in die biblioteekkunde. Pretoria, Die Staatsbiblioteek, 1968. p.6.

71) *Coetzee,* op. cit., p. 8.

72) Ibid.

teoretiese kennis aangaande die bewaring en die gebruik van die rekord beskik, dus moet die biblioteekwetenskap „'n omvattende kenwêreld konstitueer wat alle sye en vorme van die rekord en sy gebruik raak."[73]

In ooreenstemming met die beskouing van wetenskap „as 'n onderneming wat daarop gerig is om 'n sisteem van opvattings te vorm waarin 'n bewus-eensydige beeld van die wêreld gegee word,"[74] skets Coetzee vervolgens 'n globale program vir die biblioteekkunde as wetenskap.[75] Hierin onderskei hy drie komponente, naamlik die rekord, die gemeenskap en die biblioteekwese as sisteem.

Eerstens moet die biblioteekkunde hom rekenskap gee van die rekord se aard, vorme en funksies: wat is die rekord, hoe ontstaan dit, hoe word dit saamgestel en in watter vorme verskyn dit; ook sy ontwikkelingsgeskiedenis; en wat is sy funksies – laasgenoemde het met die kommunikasieproses te doen en slaan op die sosiale en inligtingsfunksie van die bibliotek.

Tweedens is dit nodig om kennis te verwerf aangaande die mens as vervaardiger en gebruiker van die rekord. Hier kan 'n onderskeid tussen die mens as gebruiker van die rekord en as gebruiker van die biblioteek gemaak word. Ons moet onder andere weet waarom en hoe die mens die rekord en die biblioteek gebruik en die uitwerking wat dit op hulle het. Kennis van die aard van gebruik is belangrik by die daarstelling van metodes vir die organisasie van die rekord.

Derdens is kennis van die biblioteekwese as sisteem nodig. 'n Onderskeid kan tussen die eksterne sisteem van die biblioteekwese en die interne sisteem van die biblioteek gemaak word. Ekstern gesien omvat dit die ontstaan, ontwikkeling en wisselwerking tussen die ver-

73) Ibid.
74) *Coetzee*, op. cit., p. 33.
75) *Coetzee*, op. cit., p. 8-9.

skillende biblioteektipes op nasionale en internasionale vlak. Intern handel dit oor kennis in verband met die bedryfsfunksies van die biblioteekwese en al die faktore wat 'n rol by die versameling, die bewaring, die ontsluiting, die opsporing en die beskikbaarstelling van die rekord speel. Ook die bestuurstaak word hierby ingesluit.

Skrywers soos Butler, Predeek, De Vleeschauwer, Kouwenhoven en Coetzee stem dus in hoofsaak saam dat die „boek" in sy wyds moontlike betekenis die probleemsentrum vir die biblioteekkunde is. Om die saak meer presies te bepaal, verwys De Vleeschauwer byvoorbeeld na boeke in die betekenis van „their capacity for transmitting human thought and knowledge." Hierdie opvatting word die beste in Coetzee se formulering weerspieël, wat die rekord van ervaring, kuns en kennis as die probleemsentrum van die biblioteekkunde stel, op grond waarvan 'n kenwêreld opgebou word, „ten einde tegnieke en instrumente te weeg te bring, dus om 'n werkwêreld te konstitueer."[76)]

Ten slotte word 'n beskouing aangehaal wat op 'n vroeër stadium die lig gesien het. Dit is naamlik 'n bydrae deur Jesse Shera en Margaret Egan waarin hulle in 1952 'n nuwe dissipline, „perhaps a science of communication" voorgestel het en dit by gebrek aan 'n beter term „social epistemology" verdoop het.[77)]

Die twee skrywers is van mening dat kommunikasie via die rekord, „graphic communication" die primêre taak van die biblioteek is, maar dat die probleem alleen binne die raamwerk van 'n breër teorie van die kommunikasieproses bestudeer kan word. Die nuwe dissipline moet 'n raamwerk bied waarbinne die komplekse probleem van die intellektuele prosesse van die gemeenskap bestudeer kan word. Daar is wel 'n begin gemaak om die wyse waarop intellektuele prosesse van

76) Ibid., p. 6.

77) *Shera, J.H.* Libraries and the organization of knowledge. London, Crosby Lockwood, 1965. p. 18-33.

die individu fungeer te bestudeer, dus die wyse waarop kennis geskep en oorgedra word, maar dieselfde aandag is nog nie aan die werking van intellektuele kragte in die sosiale verband bestee nie. Daarom moet ondersoek ingestel word na „those processes by which society *as a whole* seeks to achieve a perceptive or understanding relation to the total environment – physical, psychological, and intellectual."[78]

Die fokuspunt van die nuwe dissipline is die prosesse waarvolgens die produksie, distribusie en benutting van intellektuele produkte in die gemeenskap plaasvind. Hoewel hierdie siening van Shera twintig jaar gelede reeds uiteengesit is, het dit ongelukkig nie die nodige aandag ontvang nie, terwyl dit in hoofsaak dieselfde terrein dek as wat byvoorbeeld in die laat sestiger jare deur inligtingkundiges, soos Mikhailov en andere, vir die inligtingkunde aangetoon is.[79]

Daar moet egter op gelet word dat Shera die teorie in hoofsaak op die inligtingfunksie toegespits het. Dieselfde gedagterigting blyk ook uit 'n bydrae in 1956 waar dieselfde skrywer twee fundamentele vrae vir die biblioteekkunde voorop stel. Eerstens, wat is kennis, en meer spesifiek, die kenmerk van opgetekende kennis, en tweedens, hoe word dit aangewend? „For it is this relationship between recorded knowledge, on the one hand, and man as the user of it, on the other, that is the true core of librarianship."[80]

Verder is dit belangrik om daarop te let dat Shera in hierdie bydraes die oortuiging huldig dat die biblioteekprobleem alleen in verhouding tot die totale kommunikasieproses bestudeer kan word, maar dat die biblioteekkundige die taak nie alleen sal kan onderneem nie.

78) Ibid. p. 27.

79) *Foskett, D.J.* Progress in documentation: Informatics. *Journal of documentation* 26: 343, 1970.

80) *Shera.* op. cit., p. 55.

Vir die uitvoering daarvan sal hy die samewerking van sielkundiges, volkekundiges, taalkundiges en geleerdes uit 'n wye verskeidenheid van vakgebiede moet verkry.[81]

Ook die biblioteekkundiges het reeds in die vyftiger jare besef dat die probleem waarmee hulle te make het, so kompleks is dat dit alleen deur 'n interdissiplinêre benadering behoorlik bestudeer kan word.

3.2.3.3 *Gevolgtrekkings*

In die afwesigheid van 'n volledige wetenskaplik gefundeerde biblioteekkunde word 'n behoefte deur biblioteekkundiges uitgespreek dat pogings in die werk gestel moet word om 'n teoretiese raamwerk daar te stel waarbinne die aktiwiteite van die biblioteekwese verklaar kan word. So 'n teoretiese raamwerk is ook nodig vir die uitvoering van navorsing ten opsigte van nuwe probleemsituasies wat ontstaan en om die verband van die biblioteekkunde met ander dissiplines aan te toon.

In hul strewe om 'n wetenskaplik gefundeerde beskouing van die biblioteekwese daar te stel, is biblioteekkundiges deur sekere beperkende opvattings gekortwiek. Eerstens die opvatting dat die biblioteekkunde as terrein van ondersoek aan die biblioteek as inrigting gekoppel is.[82] Hierteenoor word gestel dat dit die taak van die biblioteekkunde is om die fundamentele probleme betrokke by die benutting en oordrag van inligting en die aanwending van die literatuur vir sosiale doeleindes te bestudeer. Daar kan wel ondersoek ingestel word na die doelmatigste wyse waarop 'n inrigting soos die biblioteek of 'n inligtingsentrum, aangewend kan word om hierdie kommunikasie te

81) Ibid.

82) *Brummel*, op. cit., p. 6.

bevorder of te bewerkstellig.[83)]

In die tweede plek bestaan die neiging om die terrein van die biblioteekkunde tot kommunikasie deur middel van die rekord te beperk. Die feit dat die biblioteekkunde nie alreeds meer volledig in terme van die kommunikasieverskynsel geïnterpreteer is nie, kan daaraan toegeskryf word dat die rekord en sy gebruik in die eerste plek as 'n praktiese probleem ervaar is. Die biblioteekkunde was tot dusver daarop toegespits om 'n werkwêreld op te bou wat rondom die bewaring en die gebruik van die rekord gesentreer het. Gevolglik is nie voldoende aandag aan die konstituering van 'n kenwêreld of die teoretiese kennisbasis, waardeur al die sye en die vorme van die rekord en sy gebruik verklaar kan word, bestee nie. Alhoewel biblioteekkundiges besef het dat die biblioteekkunde met die kommunikasieverskynsel verband hou, [84)] het hulle nog nie daartoe gekom om 'n studie van breër kommunikasieverskynsels te maak nie. Dit moet as 'n versuim aan die kant van biblioteekkundiges beskou word dat hulle die breër kommunikasieproblematiek en sy verband tot die biblioteekverskynsel verwaarloos het.[85)]

'n Derde en laaste faktor wat die uitbou van 'n biblioteekwetenskap gestrem het, is die feit dat minder goed besef is dat naas die oordrag van inligting, kommunikasie deur middel van die rekord ook ten doel kan hê om gesindhede uit te druk, aan gevoelens lug te gee, te probeer oorreed of bloot net aan die samelewingspel deel te neem.[86)] Hierdie aspek van die biblioteektaak — die sosiale funksie — is wel

83) *Gerryts, E.D.* Die betekenis van die inligtingkunde vir die biblioteekkunde. Pretoria, Die Universiteit van Suid-Afrika, 1970. p.8.

84) *Vgl. Coetzee, P.C.* Die kommunikasieleer en die biblioteekkunde (afgerol) en *Shera, op. cit.*, p. 18-33.

85) *Coetzee, P.C.* Kommunikasie en die biblioteekwese. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 36: 1, 1968.

86) Ibid., p. 2.

nog nie deur die biblioteekkunde volledig ondersoek en verklaar nie, maar uit die geskrifte van 'n skrywer soos P.C. Coetzee blyk dit dat dit hier om 'n aspek van kommunikasie gaan wat in die toekoms van groter belang sal word. In sy geskrifte oor die rol van die sosiale funksie van die biblioteek het Coetzee aangetoon dat dit 'n eensydige beskouing is om kommunikasie net as die oordrag van inligting van een individu of liggaam na 'n ander te beskou.[87] Dit is dié skrywer se standpunt dat Shera se „social epistemology" wat aan die inligtingsfunksie ten grondslag lê, deur 'n soortgelyke fundering van die sosiale funksie, wat hy „a culturology of readership" noem, aangevul behoort te word „to provide the framework for investigating the rôle of literature and reading in assuring the continuity of cultures and in widening cultural horizons. These two sciences will have a common foundation in a more basic science of communication but will study two aspects of the same fundamental phenomenon."[88]

Daar kan besluit word dat hoewel 'n volledige biblioteekwetenskap nog nie tot stand gekom het nie, sekere biblioteekkundiges reeds ingesien het dat dit as terrein van ondersoek noue bande met die kommunikasieverskynsel vertoon en dat die kenwêreld van die biblioteekkunde 'n breër studie van kommunikasieverskynsels en nie net van die rekord of indirekte kommunikasie sal moet insluit nie.

Dit moet ook beklemtoon word dat die teorie van kommunikasie via die rekord in die verklaring van die saak met beide 'n inligtingsfunksie en 'n sosiale funksie van die rekord moet rekening hou.

Ten slotte kan die program van die biblioteekkunde onder die volgende hoofde saamgevat word: die rekord, sy aard, vorme en funksies; die mens as vervaardiger en gebruiker van die rekord, en die eksterne

87) Ibid., p. 1.

88) *Coetzee, P.C.* The two faces of librarianship. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 34: 14, 1966.

en interne sisteme waardeur die kommunikasie van die inligting plaasvind

## 3.3 Die Inligtingkunde – 'n nuwe dissipline?

### *3.3.1 Inleiding*

Vroeër in die hoofstuk is na die menings van skrywers verwys wat beweer dat 'n inligtingswetenskap nog nie bestaan nie. Daar is ook diegene wat reken dat ons hier nie met iets te doen het „that is qualitively different from contemporary librarianship; instead we are faced with the continuation of a single line of development."[89]
Uit die historiese oorsig in die vorige hoofstuk het egter geblyk dat daar gedurende hierdie eeu 'n onderskeid tussen die konvensionele en die nie-konvensionele biblioteekwese ontwikkel het. Weliswaar was daar aanvanklik 'n noue ooreenkoms tussen die biblioteekwese en die dokumentasie as voorloper van die inligtingkunde. Na gelang die probleme van inligtingsbeheer groter geword het, het daar deur improvisasie en innovasie nuwe aktiwiteite en benaderings na vore gekom waardeur 'n mate van onderskeid tussen biblioteek- en inligtingswerk moontlik geword het.

Die ontwikkeling van inligtingswerk is deur verskillende verskynsels gekenmerk, sommige waarvan 'n negatiewe invloed op die duidelike uitkristallisering van die omtrekke daarvan en sy verband met 'n aanverwante saak soos die biblioteekwese gehad het. Die tendense het op hul beurt weer 'n remmende invloed op die identifisering van die terrein van ondersoek en die eventuele ontstaan en erkenning van 'n moontlike nuwe dissipline, die inligtingkunde, gehad.

Eerstens is die ontwikkeling van die terrein van inligtingswerk, soos in hoofstuk 2 gestel, deur 'n verwarring van begrippe gestrem. Die

89) *Artandi,* op. cit., p. 8.

begrip „dokumentasie" is vanaf die begin in Europese lande gebesig vir aktiwiteite soos die samestelling en uitgee van uittrekseltydskrifte wat dikwels buite die konvensionele biblioteekwese plaasgevind het. Daarteenoor het dié aktiwiteite in Amerika aanvanklik onder die benaming „special librarianship" geskied. Hoewel „dokumentasie" ook in Amerika gebruik is, is dit na die Tweede Wêreldoorlog deur „information retrieval" verdring en het „science information" vir 'n tyd inslag gevind totdat meer definitief tussen „information science" en „information technology" onderskei is. Laasgenoemde begrip verwys na die aktiwiteite wat uitgevoer word en eersgenoemde is die wetenskap waarop hierdie inligtingspraktyk veronderstel is om te berus.

Die saak is verder vererger deurdat van hierdie begrippe losweg in verband met biblioteke en biblioteekwerk gebruik is sonder om duidelik onderskeid te tref. Dit is natuurlik 'n feit dat van hierdie aktiwiteite in 'n sekere mate of in biblioteke plaasgevind het of later in die konvensionele biblioteekwese opgeneem is.

'n Tweede verskynsel wat 'n invloed uitgeoefen het, is die noue assosiasie wat, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, tussen meganisasie en dokumentasie, inligtingsontsluiting en inligtingswerk ontwikkel het. Die probleem van doeltreffende inligtingsbeheer, wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog op die voorgrond getree het en onmiddellik na die oorlog deur 'n toename in wetenskaplike aktiwiteite en die gepaardgaande styging in die volume van gepubliseerde inligting, beklemtoon is, het met die tegnologiese revolusie van meganisasie saamgeval. Weens die feit dat die konvensionele biblioteekwese in gebreke gebly het om meer doeltreffende oplossings vir die bewaring en ontsluiting van inligting te vind, het nie-biblioteekkundiges in die probleem van inligtingsbeheer geïnteresseerd geraak. Hulle was meesal natuurwetenskaplikes en ingenieurs wat, weens hul kennis van die nuwe

tegnologiese hulpmiddels, in die gemeganiseerde hantering van inligting na 'n oplossing vir die inligtingsprobleem begin soek het. Die aanwending van meganiese en elektroniese hulpmiddels was nie sonder struikelblokke nie en stimuleer ondersoeke na allerlei probleme wat ondervind word. Hierdie wetenskaplike aktiwiteite en die aanbieding van kursusse oor meganisasie, hoewel in baie gevalle aan tradisionele biblioteekskole, bring die gedagte voort dat hier 'n nuwe dissipline wat ten nouste aan die rekenaar gekoppel was, begin ontwikkel het.

Ook die feit dat konvensionele bibliotekarisse aanvanklik nie veel in meganisasie belanggestel het nie en dit selfs teengestaan het,[90)] versterk die opvatting dat dit juis een van die vernaamste verskille tussen biblioteek- en inligtingkunde was. Namate dit duidelik geword het dat die meganisering van inligtingswerk nie die wonderwerk sou oplewer wat in die vooruitsig gestel is nie,[91)] het die besef ook gekom dat die ontwikkeling van 'n wetenskap nie tot 'n verskynsel soos die rekenaar beperk kon word nie, daar dit 'n suiwer tegnologiese aangeleentheid is.[92)] Daarby het die konvensionele biblioteekwese na 'n trae begin daartoe oorgegaan om meganisering op 'n groter skaal toe te pas.[93)]

Derdens, vertoon inligtingswerk 'n noue band met die natuurwetenskaplike en tegnologiese vakterreine. Vir baie is dit 'n soort werk wat net aan dié terreine gekoppel is, vandaar 'n begrip soos „science information". Die verbintenis moet verklaar word uit die feit dat dokumentasie, en wat daaruit voortgevloei het, in 'n hoë mate uit

90) *Shera, J.H.* Librarians against machines. *Wilson library bulletin* 42: 71, 1967.

91) *Goffman*, op. cit., p. 589.

92) *Caldwell*, op. cit., p. 137.

93) *Bundy, M.L.* Libraries, manpower and automation: Shaping the future of libraries. *Library trends* 18: 472, 1970.

die inligtingbehoeftes van die natuur- en toegepaste wetenskappe ontstaan het en vandag nog steeds deur dieselfde behoeftes gestimuleer word. Dit het daartoe gelei dat die meeste van die navorsing en teoretisering, veral in die Verenigde State en Groot-Brittanje op die behoeftes en die kenmerke van hierdie terreine gebaseer is, terwyl ons hier met 'n verskynsel te doen het wat op die kommunikasie van inligting op enige vakgebied van toepassing behoort te wees. Daar is tewens vandag aanduidings dat inligtingsbeheer ook op ander terreine, soos die sosiale wetenskappe, meer aandag begin kry.

### 3.3.2 *Die aktiwiteite van inligtingswerk*

Die probleem om tussen biblioteek- en inligtingswerk te onderskei moet na die praktyk teruggevoer word. „In practice, library and information work forms one continuous spectrum of a mixture of the two, with library services predominating in the mixture at one end and information services at the other."[94] Op die meeste punte sal beide biblioteek- en inligtingswerk gedoen word, soms meer van die een en soms meer van die ander. Ook die personeel sal wissel van persone wat oor biblioteekkwalifikasies en ervaring in biblioteekwerk beskik aan die een kant, na persone met 'n vakkundige, meesal natuurwetenskaplike, agtergrond en kundigheid in die tegnieke van inligtingswerk aan die ander kant. Om die saak verder te verwar kom biblioteek- en inligtingsdienste gewoonlik in kombinasie voor, terwyl een van die twee, afhangende van die ontwikkelingsgeskiedenis van die betrokke inrigting, 'n meer prominente plek inneem. Gewoonlik maak die inligtingsdiens van die materiaal en fasiliteite van die biblioteek gebruik om sodoende 'n spesialisering van die inligtingsfunksie te verteenwoordig. Dit is dan vir die gebruikers baie moeilik om in die praktyk tussen die twee dienste te onderskei.

94) *Hanson, C.W.* Introduction to science-information work. London, Aslib, 1971. p. 28.

Indien die inhoud van handboeke oor gespesialiseerde biblioteekwese,[95] dokumentasie,[96] inligtingsontsluiting,[97] of inligtingswerk[98] as leidraad gebruik word om die funksies en aktiwiteite van die terrein nader te bepaal, blyk dit dat die algemene indeling met die van die biblioteekwese ooreenstem. Net soos in die geval van konvensionele biblioteke word die keuring en verkryging van die materiaal en inligting, die ontsluiting van die voorraad en die beskikbaarstelling van dokumente en inligting aan die gebruikers as aktiwiteite van inligtingswerk behandel.

Die volgende verskille tussen die konvensionele en die nie-konvensionele biblioteekwese kan egter aangetoon word. Eerstens word die sosiale funksie, naamlik die beskikbaarstelling en aanwending van die literatuur vir kulturele, opvoedkundige en ontspanningsdoeleindes slegs in die konvensionele biblioteekwese aangetref. Inligtingswerk is inderdaad net 'n uitbouing van die inligtingsfunksie soos dit by die konvensionele biblioteekwese aangetref word. Tweedens val die klem in inligtingswerk baie sterk op die hantering en voorsiening van inligting teenoor die beskikbaarstelling van dokumente soos hoofsaaklik by die biblioteekwese aangetref. „In very general terms, libraries are commonly thought of as providing documents rather than information, and information services as providing information rather than documents."[99] In samehang met hierdie punt val dit in die derde plek op dat sekere van hierdie aktiwiteite, soos inligtingsont-

95) *Ashworth, W.* Handbook of special librarianship and information work. 3rd ed. London, Aslib, 1967.

96) *Loosjes, Th. P.* On documentation of scientific literature. London, Archon Books, 1967.

97) *Kent, A.* Information analysis and retrieval. New York, Becker and Hayes, 1971.

98) *Hanson, C.W.* Introduction to science-information work. London, Aslib, 1971.

*Foskett, D.J.* Information service in libraries. 2nd ed. London, Crosby Lockwood, 1970.

99) *Hanson,* op. cit., p. 28.

sluiting en die beskikbaarstelling van inligting, op 'n baie meer intensiewe en gespesialiseerde skaal in inligtingswerk as in die biblioteekwese uitgevoer word. Dit moet verklaar word uit die feit dat die konvensionele biblioteke in hul dienslewering meer algemeen gerig is, soos in terme van die verskeidenheid van vakgebiede wat gedek word en die verskeidenheid in die gebruikers wat bedien word. Daarteenoor is inligtingswerk gewoonlik gespesialiseer in terme van vakgebied(e) en/of tipe gebruiker wat bedien word, sodat dit vereis word en prakties ook moontlik is, om meer intensiewe en gespesialiseerde dienste te lewer. Vierdens, is meganiese en elektroniese hulpmiddels op 'n veel groter skaal vanaf 'n vroeë stadium en selfs vandag nog in die kader van inligtingswerk aangewend. In die vyfde plek word in inligtingswerk met 'n groter verskeidenheid en meer gespesialiseerde tipes materiaal gewerk as gevolg waarvan probleme in inligtingsbeheer ondervind word waarmee die konvensionele biblioteekwese nie so goed bekend is nie. In die verband word aan tegniese verslae, patente, standaarde, handelsliteratuur, mikromateriaal en die baie vorme van uiters gespesialiseerde tipes soos kaarte, uitknipselversamelings, magneetbande, ens. gedink. Gevolglik moet daar dikwels tuisgemaakte uittrekselbulletins en indekse vir ontsluitingsdoeleindes opgestel word. Sesdens, word inligtingswerk gekenmerk deur die aansienlike persentasie persone met vakkundige kwalifikasies en deskundige opleiding in verskillende rigtings sonder formele opleiding in inligtings- of biblioteekwerk wat daarin bedrywig is. 'n Laaste moontlike verskil met die biblioteekwese is die dringendheid waarmee die diens in baie gevalle gelewer moet word. In groot nywerhede, sakeondernemings en navorsingsorganisasies waar mededinging straf is of projekte teen groot koste afgehandel word, beteken die tydige verskaffing van die benodigde inligting ontsaglik baie vir sukses en doeltreffendheid.

Indien die verband tussen die twee terreine van nader beskou word, kan by wyse van veralgemening gestel word dat die seleksie en aan-

skaffing van die materiaal asook die ontsluiting daarvan, veral wanneer dit volgens konvensionele metodes geskied, meer dikwels deur die biblioteekkomponent uitgevoer word. Die ontsluiting van die inligting is egter een van die aspekte wat onder inligtingswerk veel meer intensief en gespesialiseerd aangepak word. In die verband het veral die Amerikaners verskillende nuwe tegnieke vir nie-konvensionele indeksering ontwikkel. 'n Voorbeeld hiervan is die koördinaatindeksering van Mortimer Taube. Hand aan hand met hierdie tegnieke het die aanwending van meganiese (ponskaarte) en elektroniese (rekenaar) hulpmiddels gepaard gegaan. Een van die bekendste hiervan is die „Keyword-in-Context (KWIC)-metode van ontsluiting wat met die oog op die benutting van dié hulpmiddels ontwikkel is. 'n Groot aantal van die Amerikaanse handboeke is juis op die meganisering van inligtingsontsluiting ingestel.[100)]

Ten spyte van die vernuwing wat deur hierdie nuwe tegnieke teweeggebring is, vind Farradane dat hulle nog ernstige gebreke vertoon wat alleen deur verdere navorsing uitgeskakel kan word. „The fact is, however, that almost no systematic research to discover the basic laws relating to information and its organization has been carried out. As a result, there has been no proven and accepted method of information retrieval."[101)]

'n Volgende aspek wat in inligtingswerk veel verder as in die konvensionele biblioteekwese ontwikkel is, is die verskaffing van inligting. In die biblioteekwese staan die aktiwiteit meesal as naslaanwerk bekend en dateer dit terug tot aan die einde van die 19e eeu toe vir die eerste keer daarmee in Amerikaanse biblioteke begin is. In teenstel-

100) Vgl. byvoorbeeld *Hayes, R.M. en Becker, J.* Handbook of data processing for libraries. New York, Becker and Hayes, 1970.

101) *Farradane, J.E.L.* Analysis and organization of knowledge for retrieval. *Aslib Proceedings* 22: 608, 1970.

ling met die biblioteekwese waar inligtingsverskaffing hoofsaaklik die beantwoording van navrae inhou en dikwels neerkom op onderrig hoe om die inligting te bekom, het 'n meer aktiewe vorm van inligtingsdiens in inligtingswerk ontwikkel. Juis weens die dringendheid waarmee inligting dikwels benodig word en spesialisering op enkele vakgebiede, het, naas die beantwoording van navrae, ook die praktyk van bekendstelling of disseminasie van nuwe inligting in die inligtingspraktyk ontwikkel. Voordat die gebruiker dus om die inligting kom vra, word dit reeds aan hom bekend gestel. Sodanige lektuurberigdiens word op verskillende maniere tot uitvoer gebring, waaronder lyste van nuwe aanwinste, uittrekselbulletins wat plaaslik opgestel word, sirkulering van tydskrifte, lopende literatuurondersoeke en selektiewe disseminasie van inligting. Van hierdie metodes was bekend in konvensionele biblioteke, maar ander, soos die selektiewe disseminasie van inligting is nuutskeppinge wat eers op 'n later stadium ook by biblioteke begin inslag vind het.

Hoewel die beantwoording van navrae ook in biblioteke bekend was, is dit weereens in die inligtingspraktyk verfyn en op meer gevorderde wyses uitgevoer. In teenstelling met die biblioteekwese word die beantwoording van navrae in die reël meer volledig aan die inligtingswerker gedelegeer en word dit van hom verwag om volgens die behoefte van die navraer met die presiese inligting na vore te kom. Dit kan in die vorm van 'n uiters volledige of 'n selektiewe lys van verwysings met of sonder annotasies of selfs 'n kritiese oorsig van die literatuur wees. 'n Mate van evaluering van die inligting kan veral in die gespesialiseerde inligtingsentrums van die inligtingspesialis vereis word. In sulke gevalle is 'n ter sake vakagtergrond van groot belang.

Vir die verskaffing van 'n inligtingsdiens op hierdie vlak is 'n veel dieper ontleding van die onderwerpsinhoud van die versameling, soos met behulp van koördinaatindeksering, 'n vereiste.

In die laaste plek moet opgemerk word dat verskeie bykomende aktiwiteite in inligtingswerk ontwikkel het wat nie normaalweg in biblioteke aangetref is nie. Voorbeelde hiervan is die skryf van verslae, redigering van publikasies en die gereedmaak vir of selfs die publikasie daarvan; vertaalwerk en baie meer aandag aan openbare betrekkinge met gebruikers en kliënte van buite as wat in biblioteke die geval is.[102)]

Hoewel verskille tussen die praktyke van biblioteek- en inligtingswerk dus wel deeglik bestaan, is dit eerder graad- as soortverskille en moet met Foskett saamgestem word as hy sê, „These services may take many forms and often reach the highest levels of scholarship; and it is my opinion that the information officer who organizes and performs them has taken librarianship to its most advanced state, but has not founded a new and qualitatively distinct profession."[103)]

Net soos in die geval van die biblioteekwese kan die aktiwiteite wat op inligtingsgebied plaasvind in vier kategorieë ingedeel word.[104)] Eerstens die operatiewe arbeid wat al die take omvat wat in die daaglikse funksionering van die organisasie uitgevoer word. Tweedens, ontwikkelingswerk wat inhou die aanpassing van die bestaande diens by veranderende omstandighede of die beplanning van 'n nuwe diens of 'n onderdeel van 'n diens. Die meganisering van 'n aspek of van die hele stelsel is 'n verdere voorbeeld. In die derde plek toegepaste navorsing wat die oplossing van probleme, die skepping van nuwe dienste, prosesse en apparaat ten doel het. Laastens basiese navorsing, waardeur gepoog word om die kennis aangaande basiese verskynsels en prosesse op inligtingsgebied, soos die plek van inligting

102) *Hanson*, op. cit., p. 193-196.

103) *Foskett, D.J.* op. cit., p. 23.

104) *Schur, H. and Saunders, W.L.* Education and training for scientific and technological library and information work. London, H.M.S.O., 1968. p. 42-43.

in wetenskaplike navorsing, te vermeerder en uit te brei.

### 3.3.3 *Die identifisering van inligtingkunde as terrein van ondersoek*

Die opvatting dat inligtingswerk 'n terrein van aktiwiteite is wat van die biblioteekwese onderskei moet word, dien as stimulus om dit vanaf die vroeg sestiger jare as 'n nuwe dissipline te identifiseer en te omskryf. Geen algemeen aanvaarbare teorie van inligtingswerk is tot dusver geponeer nie, maar dit is wel moontlik om tendense in verskillende lande oor die saak aan te toon.

#### 3.3.3.1 *Die Amerikaanse siening van die inligtingkunde*

Verskillende Amerikaanse skrywers stem saam[105)] dat die vroegste bewuste poging om die dissipline van inligtingkunde te definieer uit twee konferensies by die Georgia Institute of Technology in 1961 en 1962 voortgevloei het, waar dit omskryf is as die wetenskap, „that investigates the properties and behavior of information, the forces governing the flow of information, and the means of processing information for optimum accessibility and usability. The processes include the origination, dissemination, collection, organization, storage, retrieval, interpretation, and use of information. The field is derived from or related to mathematics, logic, linguistics, psychology, computer technology, operations research, the graphic arts, communications, library science, management, and some other fields."[106)] Hoewel die omskrywing ook nog die hantering van die inligting, dus die tegnologie betrek, word die nuwe voorgestelde dissipline hierin omlyn.

105) *Taylor, R.S.* Professional aspects of information science and technology (*In* Annual review of information science and technology, vol. 1, 1966. New York, Interscience Publishers, 1967. p. 19).

*Harmon, G.* On the evolution of information science. *Journal of the American Society for Information Science* 22: 240, 1971.

106) *Conferences on Training Science Information Specialists,* Georgia Institute of Technology, Atlanta, 1961, 1962. Proceedings, Atlanta, Georgia, 1962. p. 115.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die genoemde konferensies aan die Georgia Institute of Technology as 'n stimilus gedien het om opleidingskursusse in inligtingkunde aan inrigtings, soos skole vir die opleiding van ingenieurs, in te stel, wat opvallend van die tradisionele bibliotekarisopleiding verskil het.

Daarby het sekere van die tradisionele biblioteekskole, soos Drexel Institute of Technology en University of California, Los Angeles, daartoe oorgegaan om vir inligtingkunde in hul opleidingsprogramme voorsiening te maak. Hierdie ontwikkelinge lei tot heelwat verwarring in die opleidingsituasie, soos blyk uit die konferensie oor *The Education of Science Information Personnel - 1964*,[107)] wat in 1964 aan die Western Reserve University plaasgevind het.

'n Aanduiding van die behoefte wat bestaan het om groter duidelikheid oor inligtingkunde as dissipline te verkry, blyk uit die feit dat 'n volgende byeenkoms oor die opleiding in inligtingkunde wat in 1965 gehou is,[108)] grotendeels gewy is aan 'n bespreking „over the credentials of information science as a discipline and the kind of discipline it may be; the attempts to formulate a theory of information science; and the pedagogic aspects of this projected discipline."[109)]

Die bewuswording van die inligtingkunde as 'n terrein van studie lei tot verskillende pogings om die veld van ondersoek verder te omskryf. In 1963 wys Taylor daarop dat die gedragswetenskappe tesame met die logika en wiskunde, linguistiek en sisteemanalise 'n

107) *Goldwyn, A.J. en Rees, A.M. reds.* The education of science information personnel – 1964. Cleveland, Ohio, Center for Documentation and Communication Research, School of Library Science, Western Reserve University, 1965.

108) *Symposium on Education for Information*, Warrenton, Va., 7-10 September, 1965. Proceedings... Washington, D.C., Spartan Books, 1965.

109) *Shera, J.H.* The present state of education and training in documentation, information science and special librarianship (*In* International Federation for Documentation. 31st Congress, Washington, 1965. F.I.D. proceedings. Washington, Spartan Books, 1965. p. 35).

meer fundamentele benadering tot inligtingkunde bied. Van 1962 tot 1967 verskyn verskillende omskrywings van inligtingkunde deur Wooster waaruit die evolusie van die terrein blyk. In 1962 onderskei Wooster vier funksionele aspekte van inligtingkunde, naamlik, vasstelling van patrone, leksikale prosessering, besluitvorming en kodering, kommunikasie en beheer. Teen 1967 brei dieselfde skrywer sy siening uit om ses gebiede in te sluit, naamlik, navorsing oor inligtingstelsels, identifisering en klassifisering van inligting, oordrag van inligting, aanpassende en selforganiserende sisteme, taal en linguistiese navorsing en teoretiese grondslae.[110)]

Die probleem om die nuwe terrein van ondersoek bevredigend te omskryf moet, volgens Carlos A. Cuadra, daaraan toegeskryf word dat dit besig was om uit 'n interdissiplinêre werking te ontwikkel en te groei.[111)] Die enigste saambindende element was die sentrering rondom die inligtingsprobleem, maar as gevolg van die universaliteit van die inligtingsprosesse en die wye verskeidenheid in die vakagtergrond van die medewerkers, was daar weinig eenstemmigheid rakende die grense van die nuwe vakgebied, sy oorsprong, sy aard en sy toekoms.

Die interdissiplinêre benadering van die inligtingkunde in die Verenigde State het meegebring dat skrywers oor die aangeleentheid in hul soeke na 'n sintese van die bydraes van die verskillende terreine wat daarby betrek is, 'n steeds meer teoretiese rigting ingeslaan het.

'n Voorbeeld van hierdie tendens blyk uit referate wat gelewer is by 'n konferensie oor opleiding in die inligtingkunde aan die Universiteit van Pittsburgh in 1968 en ook die artikels wat na aanleiding van die

110) *Harmon*, op. cit., p. 237.

111) *Cuadra, C.A.* Introduction to the ADI Annual review (*In* Annual review of information science and technology, vol. 1, 1966. New York, Interscience publishers, 1967. p. 1-2).

konferensie geskryf is.[112] Die skrywers behandel nie alleen die saak oorwegend vanuit 'n teoretiese hoek nie, maar daar is ook geen of baie min ooreenstemming in hul beskouings van wat 'n inligtingswetenskap is. Hillman meen dat aan die dissipline gestalte gegee sal kan word deur die verskillende komponente daarvan te verenig en 'n breë algemene teorie van inligtingsontsluiting te ontwikkel.[113] Vir Klempner is dit noodsaaklik dat 'n konseptuele raamwerk van die terrein eers afgebaken en die onderdele daarvan aangetoon word. As onderdele van die terrein onderskei hy: die proses van konseptualisering, die prosesse van bewaring en oordrag en die prosesse van benuttiging. Die studie van inligting moet die mens en die masjien reflekteer.[114] Yovits wys daarop dat die inligtingkunde alleen erkenning as 'n wetenskap sal verkry indien begrippe en analitiese uitdrukkings geformuleer kan word, wat in die algemeen op die vloei van inligting van toepassing is. Hy ontwikkel so 'n model in sy referaat.[115]

Die teoretiese benadering van die inligtingkunde word deur Otten en Debons tot 'n uiterste gevoer wanneer hulle die terrein van ondersoek tot 'n wetenskap van die wetenskappe verhef en dit Informatologie[116] noem. Die skrywers suggereer dat die aard van inligting, net soos materie en energie, fundamenteel mag wees en dat handelinge hiervan op fundamentele verskynsels gebaseer is. Studies van inligting neem dan die karakter van 'n metawetenskap van inligting aan, waardeur dit moontlik word om die verbande tussen die inligting-

112) *Belzer, J. red.* Information science education: Curriculum development and evaluation. *American documentation* 20: 325-376, 1969.

113) *Hillman, D.J.* How to win the pentathlon-unifying theories of information science. *American documentation* 20:335-336, 1969.

114) *Klempner, I.M.* Information science unlimited? ...A position paper. *American documentation* 20: 339-343, 1969.

115) *Yovits, M.C.* Information science: Toward the development of a true scientific discipline. *American documentation* 20: 369-376, 1969.

116) *Otten, K. and Debons, A.* Towards a metascience of information: Informatology. *Journal of the American Society for Information Science* 21: 89-94, 1970.

kunde en ander wetenskappe te verklaar.

Daar word ook deur Harmon aangetoon dat die inligtingkunde nie alleen 'n uitbreiding en metamorfose van sy twee grondvorme, dokumentasie en inligtingsontsluiting is nie, maar dat dit direk of indirek oogmerke en begrippe van sekere kommunikasie- en gedragswetenskappe inkorporeer of vertoon.[117)]

Die groei en ontwikkeling van dokumentasie en inligtingsontsluiting het naamlik met die voorkoms van soortgelyke tendense in die geslag van moderne gedrags- en kommunikasiewetenskappe saamgeval. Oor 'n tydperk van twintig jaar het die volgende dissiplines na vore gekom: Linguistiek en semantiek (1933), waardeleer (1938), besluitkunde (1939), spelteorie (1944), dokumentasie (1945), inligtingsteorie, kubernetika (1948) en algemene sisteemteorie en inligtingsontsluiting (1950). Die moontlikheid dat hierdie ontwikkelinge terloops plaasgevind het, is baie skraal en daar is 'n sterk suggestie dat hierdie terreine as 'n respons op dieselfde probleme ontwikkel het.[118)]

Hoewel die benaderings van die genoemde wetenskappe mag verskil, vertoon hulle dieselfde oogmerke. „They seek optimal communication and interaction between and among men, machines and nature. Collectively the integrative disciplines appear to be involved in a unity and use of science movement."[119)]

Retrospektief gesien het van hierdie kommunikasie- en gedragwetenskappe, soos die informasieteorie, die algemene sisteemteorie en die kubernetika, ook hul aandag aan probleme wat vir die dokumentasie

117) *Harmon*, op. cit., p. 235-241.

118) Id. Information science as an integrative discipline (*In* American Society for Information Science. Proceedings, v.6: Cooperating information societies...32nd annual meeting, San Francisco, California, October 1-4, 1969. Ed. by Jeanne B. North. Westport, Conn., Greenwoord, 1969. p. 459).

119) Ibid., p. 462.

en die ontsluiting van inligting van belang was, gegee. So vroeg as 1956 word die daarstelling van „a framework of general theory to enable one specialist to catch relevant communications from others" as 'n oogmerk van die algemene sisteemteorie gestel.[120] Gedragwetenskaplikes stel hulleself in 1964 reeds ten doel om mee te help aan die daarstelling van wetenskappe vir inligting, klassifikasie, kodering, bewaring, ontsluiting en voorsiening en herwinning van inligting.[121] Ook die informasieteorie en die kubernetika het duidelike implikasies vir die kommunikasieprobleem ingehou.

Dit was dan binne hierdie dissiplinêre opset dat die kongresgangers by die Georgia Institute of Technology in 1962 die eerste formele omskrywing van die inligtingkunde opgestel het.[122]

Teen 1967 bereik Amerikaanse skrywers die punt waar hulle met groter sekerheid die verband tussen die inligtingkunde en die kommunikasiewetenskappe kan aantoon. Weisman bestempel dit as „a basic and major component of communications; it studies the creation, management, and exploitation of recordable knowledge."[123] Gorn beskou dit as 'n dissipline in sy eie reg en nie net 'n interdissiplinêre veld nie. Hy voorsien ook die moontlikheid dat inligtingkunde eventueel groter gemeenskaplikheid tussen die natuur- en geesteswetenskappe sal kan teweegbring.[124]

Die afleiding wat Harmon uit hierdie meer resente beskouings oor die inligtingkunde maak, is dat dit noue bande met kontemporêre

120) Aanhaling van K. Boulding deur *Harmon, G.* On the evolution of information science. *Journal of the American Society for Information Science* 22: 236, 1971.

121) The ABS program. *American behavioral scientist* 7: 60, 1964.

122) Vergelyk par. 3.3.3.1 vir die teks van die omskrywing.

123) *Weisman, H.M.* Information and the discipline of communication sciences (*In* American Documentation Institute. Levels of interaction between man and information. Washington, 1967. p. 11).

124) *Gorn, S.* The computer and information sciences and the community of disciplines. *Behavioral science* 12: 433-452, 1967.

kommunikasie- en gedragswetenskappe vertoon, veral die kubernetika, die sisteemteorie en die besluitkunde. Op grond van 'n vroeëre studie deur hierdie skrywer oor die kronologiese opkoms, groei en differensiasie van wetenskaplike dissiplines, besluit hy dat die inligtingkunde vroeg in die sewentigerjare volwassenheid as 'n dissiplinêre sisteem sal bereik. 'n Potensiële langtermyn taak wat Harmon vir die dissipline voorsien „involves active participation in forming a complete suprasystem of knowledge which would unify the arts, sciences and professions."[125)]

Ook hy sien dus in hierdie dissipline die potensiaal vir 'n wetenskap van die wetenskappe.

Alhoewel inligtingkunde teen 1967 dan erkenning as 'n fundamentele veld van ondersoek verwerf het, is dit nog geen selfstandige wetenskap nie, grotendeels omdat dit nog nie 'n volledige teoretiese raamwerk ontwikkel het nie.[126)] Om die rede was die verskyning van „Introduction to information science,"[127)] onder redakteurskap van Tefko Saracevic in 1970 'n belangrike gebeurtenis. Die werk is nie 'n inleiding vir die oningewyde in die gewone sin van die woord nie, want dit bestaan uit die redakteur se keuse van gevorderde teoretiese en eksperimentele werk op die gebied wat oor die afgelope dekade of wat verskyn het. „What the book does is to 'introduce' the idea and content of information science in a way that has not been done before."[128)]

Die siening van Saracevic van die inligtingkunde as terrein van onder-

125) *Harmon,* op. cit., p. 240.

126) *Mikhailov,* op. cit., p. 13.

127) *Saracevic, T. samest.* Introduction to information science. New York, Bowker, 1970.

128) Uit 'n resensie deur B.C. Vickery oor die werk. *Journal of documentation* 27: 223, 1971.

soek, soos dit in die algemene inleiding van die bogenoemde werk, verskyn, is 'n verdere uitbouing van die idee van 'n basiese inligtingswetenskap. Vir die skrywer lê die mens se kommunikasieprosesse aan die grond van die inligtingkunde. Kommunikasie, 'n basiese proses wat aan al die aktiwiteite van mense ten grondslag lê en dit deursuur, bestaan uit die oordra van iets, genoem inligting, van 'n mededeler na 'n ontvanger. Ons weet nie seker wat die inligting alles inhou nie, maar ons kan dit aan die hand van sy verskillende manifestasies, eienskappe en uitwerkings bestudeer. Inligting is 'n komplekse verskynsel met 'n verskeidenheid van fisiese, biologiese, en gedragseienskappe wat elk afsonderlik bestudeer kan word. Dit is egter die taak van die inligtingkunde om die verskeidenheid eienskappe van inligting- en kommunikasieprosesse nie in isolasie, maar in hul dinamiese en gemeenskaplike interaksie te bestudeer, waardeur hul onderlinge verband en afhanklikheid vasgestel kan word. „In other words, the basic subject matter of information science is study of the behavior, properties and effects of information in all of its facets and study of a variety of communication processes affecting and being affected by human beings."[129] Aangesien kommunikasieprosesse deur middel van sisteme, en meer spesifiek inligtingsisteme uitgevoer word, is dit die taak van die inligtingkunde om 'n studie te maak van die struktuur, oogmerke, funksies, eienskappe, gedrag en die werking van inligtingsisteme.

Twee verdere opmerkings van Saracevic verdien vermelding. Inligtingkunde is nie 'n pragmatiese dissipline nie, dit is in die eerste plek op basiese en toegepaste aspekte gerig. Dit moet nie met inligtingswerk verwar word nie, hoewel die toepassing en uitwerkinge van die tegnologie vraagstukke oplewer waarin die inligtingkunde sal belangstel.

129) *Saracevic*, op. cit., p. xx.

Tweedens word inligtingkunde tans gekarakteriseer deur sy beklemtoning van natuurwetenskaplike en tegniese literatuur as kommunikasiemedia, natuurwetenskaplikes en ingenieurs as gebruikers, inligtingsontsluitingssisteme, rekenaartegnologie, ens.

In die laaste afdeling van die werk, *Introduction to information science,* verskyn 'n bydrae deur William Goffman waarin hy 'n matematies georiënteerde teorie van kommunikasie voorstel.[130] Deur middel van die teorie word losstaande verskynsels op grond van die gedrag, die kenmerke en die manifestasies van kommunikasieprosesse in verband gebring met die struktuur van inligtingstelsels en met die beheer oor die prosesse wat daarby betrokke is. Die laasgenoemde skrywer is van mening dat dit die doelwit van inligtingkunde as wetenskap behoort te wees om 'n verenigde wetenskaplike benadering tot die studie van die verskillende verskynsels, wat die begrip inligting omsluit, daar te stel. Hierdie verskynsels kan in biologiese prosesse, asook in die menslike bestaan en in masjiene wat deur die mens geskep is, aanwesig wees. Daarom moet die vak hom besig hou met die daarstelling van 'n groep fundamentele beginsels wat beheer oor alle kommunikasieprosesse en hul verwante inligtingsisteme uitoefen.

In 'n ander bydrae waarsku Goffman dat die teoretiese benadering die enigste weg is „which can lead to the formation of a legitimate discipline of information science. If such activity is not forthcoming in the near future, in great abundance, then information science is destined to become extinct in the evolutionary process of scientific thought."[131]

Die opvattings oor inligtingkunde van enkele Amerikaanse skrywers wat hier behandel is, toon dat persone in die Verenigde State 'n dui-

130) Ibid., p. 726-749.
131) *Goffman,* op. cit., p. 595.

delike onderskeid tussen die tegnologie en die wetenskap van inligting tref en die inligtingkunde as 'n dissipline van suiwer wetenskaplike ondersoek beskou.

Die skrywers vertoon verder ooreenstemming met betrekking tot die sterk interdissiplinêre karakter van die inligtingkunde en dit word veral met die geslag van moderne gedrags- en kommunikatiewe wetenskappe, soos besluitkunde, spelteorie, linguistiek, kubernetika en sisteemteorie, geassosieer. Dit word egter ook erken dat dit uiters moeilik is om „inligting", die kernprobleem waarom dit handel, bevredigend te definieer.

Ten slotte is dit duidelik dat die tendens in die Verenigde State is om nie bloot net 'n teorie van kommunikasie via die rekord te ontwikkel nie, maar dat dit as die doelwit van die inligtingkunde gestel word om die fundamentele beginsels te identifiseer wat beheer oor alle kommunikasieprosesse en hul verwante inligtingsisteme uitoefen en dit tot 'n teorie van kommunikasie te verwerk.

3.3.3.2 *Opvattings oor die inligtingkunde buite Amerika*

Die Britse opvatting van inligtingkunde sluit beide die teorie en praktyk van die hantering van inligting in, waaronder die volgende sake onderskei word: opsporing van inligting, beantwoording van navrae, abstrahering, skryf van verslae, klassifikasie, indeksering, rekenaarmatige ontsluiting van inligting en die toetsing van sodanige sisteme. Die teorie van inligtingontsluiting word wel bestudeer, maar tot dusver word min aandag aan aanverwante terreine soos logika, linguistiek, kubernetika of sisteemanalise in die opleiding gegee.[132)]

'n Goeie voorbeeld van die Britse benadering word in 'n bydrae deur

132) *Farradane, J.* Professional aspects of information science and technology (*In* Annual review of information science and technology, vol. 6, 1971. Chicago, Encyclopaedia Britannica, Inc., 1971 p. 400).

Caldwell aangetref.[133] Die skrywer vestig eerstens die aandag op die wanopvatting, wat redelik algemeen bestaan, waarin die inligtingkunde te sterk met gemeganiseerde inligtingsontsluiting geassosieer word. Hoewel dit 'n aspek van die terrein is, is dit nie die belangrikste nie. Tweedens is dit sy mening dat daar nog nie sprake van 'n volwaardige inligtingswetenskap is nie, hoewel die nodige akademiese bestanddele waaruit sodanige dissipline kan ontwikkel, waarskynlik aanwesig is. Sommige van die bestanddele is op die biblioteekwese van toepassing, terwyl ander weer baie daarvan verskil. As vernaamste elemente van 'n dissipline wat eventueel kan ontwikkel, word die volgende onderskei: Onderwerpsanalise van inligting, sisteemanalise en elektroniese dataverwerking, beginsels van bestuur, sosiologie van inligtingswerk en onderwerpsbibliografie. Ander onderwerpe, volgens Caldwell, wat in 'n toenemende mate met die ontwikkelende dissipline van inligtingkunde in verband gebring en met van die reeds genoemde aspekte geassosieer word, is semantiek en sintaktiese analise, logika en informasieteorie, linguistiek en taalprosessering en kunsmatige intelligensie („artificial intelligence").[134] Die gevolgtrekking waartoe die skrywer kom, is dat die inligtingkunde die biblioteekkunde in sy ontwikkeling vooruit is en in belangrike opsigte daarvan verskil, maar dat die twee terreine op gemeenskaplike gronde gebaseer is.

Origens het daar oor die teorie van die inligtingkunde min in die Britse literatuur verskyn wat enigsins met die opvattings van die Amerikaners vergelyk kan word.

Dieselfde kan egter nie van ander Europese lande gesê word nie, waar, onder leiding van Russiese geleerdes, die begrip „informatika" vir die wetenskap van inligting tot stand gekom het. In 1966 stel die direk-

133) *Caldwell*, op. cit., p. 137-141.
134) Ibid., p. 138.

teur van VINITI, prof. A.I. Mikhailov en van sy kollegas 'n nuwe dissipline, informatika, bekend, „which studies the structure and properties of scientific information as well as the regularities of scientific information activity, its theory, history, methods, and organization."[135] In 'n latere bydrae oor „Informatics: its scope and methods" deur dieselfde skrywers[136] word beklemtoon dat hoewel die tegnieke van die gemeganiseerde hantering van inligting belangrik is, die basiese benadering moet wees om Informatika in 'n sosiale konteks te plaas en nie as 'n tegnologie te beskou nie. Volgens Mikhailov en sy kollegas, „the subject matter of informatics are phenomena and general laws of scientific information activities, rather than these activities themselves which may and should be performed by experts and scientists in the respective domains of science and technology."[137] Die informatika wil hom ook nie bemoei met die feit of 'n bepaalde brokkie inligting waar of vals is, ook nie of dit 'n nuwigheid is of oor die bruikbaarheid daarvan uitspraak lewer nie. Wat wel belangrik is, is dat die inligting betyds en so doeltreffend as moontlik aan die potensiële gebruiker beskikbaar gestel moet word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die term „scientific" in bogenoemde omskrywings, volgens die Russiese gebruik, op alle kennisterreine van toepassing is en nie net op die natuurwetenskappe, soos wat die gebruik oor die algemeen in die Engelse taal is nie.[138]

Op grond van hul beredenering van die inhoud en omvang van informatika blyk dat die Russiese skrywers dit as 'n sosiale weten-

135) *Foskett, D.J.* Progress in documentation: Informatics. *Journal of documentation* 26: 340, 1970.

136) *Mikhailov*, op. cit., p. 7-24.

137) Ibid., p. 14.

138) *Foskett*, op. cit., p. 343.

skap beskou, „since the object of its study – i.e. scientific-information activities – is a phenomenon peculiar to and occuring only in the human society."[139] Hulle ondervind egter nog probleme om die plek en die verband daarvan onder die ander wetenskappe presies aan te toon. Die lys van wetenskappe waarmee hierdie opkomende dissipline in interaksie verkeer, sluit onder andere in: informasieteorie, kubernetika, betekenisleer, wiskundige logika, semantiek, psigologie, biblioteekkunde en vertakkinge van die ingenieurswese. Van hierdie wetenskappe sonder die skrywers betekenisleer, psigologie en biblioteekkunde as die belangrikste terreine vir die ontwikkeling van informatika uit.

Foskett verheug hom daarin dat die Russe informatika nie net tot die terrein van die natuurwetenskappe beperk nie en dit nie net as 'n tegnologie, wat op die hantering van inligting toegespits is, beskou nie, maar wel as 'n terrein van ondersoek wat met mense en hul bepaalde behoeftes te doen het. Hy meen dan ook dat informatika, soos hier voorgestel, 'n dissipline in wording is, want „for the first time, people are now studying the behavior of information itself and the properties, or morphology...of information flow."[140] Hy gaan dan self voort en bespreek aspekte wat vir 'n inligtingswetenskap van belang is, soos die ontwikkeling van kennis, begripsvorming, linguistiese aspekte, klassifikasie, inligtingsontsluiting, die sosiologie van inligtingsoordrag en inligtingsdiens, om daarmee die kompleksiteit te illustreer van die sintese wat gemaak sal moet word om hierdie dissipline tot wasdom te bring.

Tydens die bespreking van opvattings oor inligtingkunde in die Verenigde State het geblyk dat sekere inligtingkundiges van mening is dat dit

139) *Mikhailov*, op. cit., p. 15.
140) *Foskett*, op. cit., p. 344.

die taak van die inligtingkunde is om 'n omvattende teorie van kommunikasie te ontwikkel. Dit is nou belangrik om daar op te let dat die begrip „informatica" in Europa ook gebruik word vir die verwerking van inligting op 'n terrein soos die bestuurswese, veral met behulp van rekenoutomate, en dat persone hierby betrokke ook pogings aanwend om dit as 'n terrein van ondersoek te identifiseer. Die terrein van informatica word deur Nielen omlyn „als theoretische studie van informatiesystemen tezamen met hun praktische realisatie in menselijke taken en machines, speciaal in computers."[141]
Die vakgebied word drieledig ingedeel en bestaan uit 'n teoretiese studie van inligtingsisteme, die beheer van bestaande inligtingsisteme en die ontwerp en realisering van nuwe inligtingsisteme. Op verskeie plekke in sy rede betreur Nielen die gebrek aan voldoende teoretiese kennis in verband met die probleme waarmee die informatica gekonfronteer word.[142] Hy onderskei informatica ook van rekenaarwetenskap en is van mening dat dit toepassing vind op alle terreine van die wetenskap en maatskaplike lewe. Naas toepassings in die wiskunde en die natuurwetenskappe noem hy spesifiek, „het beheer van informatiebestanden in bedrijfsbestuurs-, bio-medische en bibliotheekwetenschappen, de simulatie van cognitieve processe... en het onderwijs per computer. Informatiestructuren en -systemen worden voorts bestudeer o.a. in de moleculaire biologie, de neurologie, de psychologie en sociologie. Deze en dergelijke toepassingen kunnen tot de informatica worden gerekend, zolang zij op zinvolle wijze van die toepassingsgebieden kunnen worden losgemaakt."[143]

Die betekenis hiervan is dat Nielen net soos ander skrywers reeds

141) *Nielen, G.C.* Het vakgebied informatica. Alphen aan den Rijn, Samson, 1970. p. 8.

142) Ibid., p. 8, 9, 12,13.

143) Ibid., p. 7.

aangehaal, waaronder Goffman, Shera en Harmon, tot die gevolgtrekking kom dat 'n omvattende inligtingswetenskap ontwikkel sal moet word, wat nie beperk is tot enige van die toepassingsgebiede, soos rekenaarsisteme of biblioteek- en wetenskaplike inligtingsisteme nie, maar waarin die basiese beginsels waarop inligtingsisteme of die kommunikasie van inligting berus, vasgestel en in 'n sinvolle geheel of teoretiese raamwerk saamgevat is.

### 3.3.3.3 *Huidige stand van die inligtingkunde as wetenskap*

In paragraaf 3.2.3.1 van die studie is die beskouing aangehaal dat biblioteekkunde 'n praktiese wetenskap is, wat inhou dat dit gerig is op die uitbouing van 'n kenwêreld wat tot die konstituering van die werkwêreld van die biblioteekwese moet bydra. Min vordering is met die uitbouing van sodanige kenwêreld gemaak, hoewel redelike eenstemmigheid bestaan oor die moontlike probleemsentrum waarom die biblioteekkunde opgebou moet word, naamlik die rekord van ervaring, kuns en kennis.

Ook op inligtingsgebied het 'n werkwêreld (dokumentasie of inligtingswerk) bestaan voordat met pogings begin is om 'n kenwêreld (inligtingkunde of informatika) te konstitueer. Die ontleding van die opvattings van enkele skrywers oor die inligtingkunde uit die Verenigde State, Groot-Brittanje en Rusland toon egter dat meningsverskil oor die doelstellings van 'n inligtingswetenskap bestaan en dat die hele saak nog op 'n losse voet verkeer.

Die volgende uiteenlopende benaderings tot inligtingkunde kan onderskei word.[144] Eerstens is daar diegene wat inligtingkunde as 'n wetenskap (natuur- of sosiale wetenskap) beskou wat uit 'n interdissiplinêre

144) *Vagianos, L.* Information science: A house built on sand. *Library journal* 97: 155-156, 1972.

werking opgroei. Die resultaat sal dan 'n wetenskap wees wat 'n verskeidenheid verskynsels kan verklaar op grond van teorieë wat uit die verwante wetenskappe afgelei is. 'n Tweede groep persone benader inligtingkunde as 'n teoretiese wetenskap, wat as verklaring van 'n bestaande dissipline, in die geval die biblioteekkunde, wil dien. 'n Derde benadering is om inligtingkunde as 'n metawetenskap van sekere bestaande dissiplines en dus as 'n saambindende teorie te behandel. 'n Vierde groep beskou inligtingkunde as 'n tegnologie wat 'n geleerde professie tot gevolg het. Hierdie persone tref dan 'n vergelyking met die geneeskunde waar baie van die basiese navorsing deur wetenskappe wat die geneeskunde ondersteun, gedoen word. Op grond hiervan word beweer dat 'n geleerde professie nie 'n wetenskap is nie. Die geneeskunde self konsentreer op die verbetering en ontwikkeling van toegepaste tegnieke en die opleiding van praktisyns.

Hierdie verskynsel van uiteenlopende opvattings oor die inligtingkunde kan daaraan toegeskryf word dat inligtingkundiges, eerstens nie die aard van hul probleem verstaan nie en tweedens nie weet wat hulle doelstellings is nie. Wat die eerste punt betref, word daar vandag 'n groot ophef oor die regte benutting van inligting gemaak „but no one has provided conclusive evidence which delineates how much information, what kind, in what format, and of what quality is needed."[145] Die rede hiervoor is dat ons nog nie die wyse waarop data deur die menslike brein in kennis omgesit word, kan verklaar nie. Met hierdie standpunt stem ander skrywers saam. Foskett waarsku daarteen om inligting tot 'n kommoditeit te reduseer en die klem te plaas „on the technology of processing information without regard to its meaning or destination."[146] Vir Farradane

145) Ibid., p. 154.
146) *Foskett,* op. cit., p. 342.

is dit belangrik dat tussen data en inligting onderskei word. Inligting is 'n vorm van gekommunikeerde kennis en kennis is 'n produk van die menslike brein, maar baie basiese navorsing „will have to be done on the psychology of thinking before we can have adequate theories of these parts of the consensus."[147] Ook Shera beklemtoon dit herhaaldelik dat dit vir die biblioteekkunde van die uiterste belang is om 'n begrip te hê van die wyse waarop kennis in die menslike brein geskep word.[148] Hierdie twyfel oor die fundamentele aard van inligting sal eers uit die weg geruim moet word alvorens die doel van die inligtingswetenskap met groter sekerheid gestel kan word.

Die tweede punt van kritiek is dat inligtingkundiges nie duidelik omlynde oogmerke vir hul wetenskap kan aantoon nie. 'n Simptoom hiervan is die terminologiese verwarring wat op internasionale en op nasionale vlak bestaan. Daar is weliswaar heelwat definisies van 'n inligtingswetenskap, maar behalwe dat hulle om die inligtingsprobleem sentreer, kan riglyne vir die inligtingkunde nie daaruit afgelei word nie.[149] Hierdie verskillende pogings om 'n nuwe dissipline te definieer „remains only a mixture of different disciplines...and not a new unified scientific discipline. Furthermore, it has become too theoretical, and no longer has its feet firmly on the ground of practical tasks which the theory may illumine and develop."[150]

Die oogmerk wat vir 'n inligtingwetenskap gestel word, naamlik „the establishment of a set of fundamental principles governing the behavior of all communication processes and their associated information systems,"[151] lyk na 'n feitlik onbegonne taak. Vir die doel sal dit nodig

147) *Farradane*, op. cit., p. 407.

148) *Shera, J. H.* The cerebral foundation of library science. *Library school review of the Kansas State Teachers College* 1968, p. 3-6.

149) *Vagianos*, op. cit., p. 155.

150) *Farradane*, op. cit., p. 406-407.

151) *Goffman*, op. cit., p. 591.

wees om 'n sintese uit meer as twintig verskillende wetenskappe te bewerkstellig.[152]

Indien so 'n basiese, verklarende kommunikasiewetenskap tot stand gebring kan word, sal dit as teoretiese basis vir veel meer aktiwiteite as wat in hierdie studie onder biblioteek- en inligtingswerk verstaan word, dien.

### 3.4 Die verband tussen biblioteek- en inligtingkunde

Uit die ontleding van opvattings oor biblioteek- en inligtingkunde wat in hierdie hoofstuk gedoen is, het geblyk dat min vordering nog met die wetenskaplike fundering van die twee terreine van ondersoek gemaak is. Verder dat die opvattings wat oor beide bestaan, veral in die geval van die inligtingkunde, heelwat meningsverskil vertoon met betrekking tot die uiteindelike doelstellings wat nagestreef word.

Onder inligtingkundiges spesifiek is daar 'n opvatting dat die taak van die biblioteekwese in hoofsaak tot die versameling en bewaring en in 'n mate ontsluiting van materiaal beperk is. Verder word ook gemeen dat die biblioteek net met die hantering van dokumente gemoeid is. Uit 'n historiese oogpunt gesien bestaan daar wel gronde vir so 'n standpunt omdat die inligtingsfunksie in konvensionele biblioteke nie so sterk ontwikkel het nie. Die probleem van inligtingsbeheer in al sy fasette word dan tot die terrein van inligtingswerk gereken en die indruk daarmee geskep dat dit 'n verskynsel van die twintigste eeu is en dat inligtingkunde tot stand gekom het om die probleem op te los.

Uit die historiese oorsig het egter geblyk dat die inligtingsfunksie, dus die versameling, die bewaring, die organisasie en die beskikbaarstelling van die rekords van die mens vir gebruik, nog altyd 'n taak

152) *Vagianos,* op. cit., p. 155.

van die biblioteekwese was. Dit is wel waar dat hierdie aktiwiteite buite die biblioteekwese tot hoër vlakke van ontwikkeling gebring is en dat nuwe tegnieke en metodes vir die ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting, veral met behulp van meganisasie, ontwikkel is. Hierdie aktiwiteite van inligtingswerk is egter nie prinsipieel vreemd aan die biblioteekwese nie en daar is volop getuienis dat dit in toenemende mate in konvensionele biblioteke toegepas word.[153)]

Die siening dat die biblioteekwese net 'n versamel- en bewaarfunksie het en dat die beoefening van die inligtingsfunksie, en dus ook die bestudering daarvan tot die inligtingkunde behoort, kan nie onderskryf word nie.

Al dek biblioteek- en inligtingswerk wat betref die inligtingsfunksie in hoofsaak dieselfde terrein, is daar desnieteenstaande 'n wye spektrum van take wat in die twee sfere uitgevoer word en tot probleme lei wat 'n behoefte aan 'n verklarende teorie daarstel. Daarby is die sosiale funksie van die biblioteekwese net so 'n aspek van die verskynsel van indirekte kommunikasie as die inligtingsfunksie, maar daar word tot sover nie spesifiek daarna in die uiteensetting van teorieë oor die terrein van die inligtingkunde verwys nie. Die siening van Goffman en ander skrywers van die inligtingkunde sluit egter die kommunikasie van inligting in alle verbande in en daarom kan die aanwending van literatuur vir sosiale doeleindes ook hieronder betrek word. In die biblioteekkunde, aan die ander kant, word weer min of geen aandag aan die bestudering van die skepping van kennis, begripsvorming en dergelike sake wat plaasvind voordat kennis in opgetekende vorm verskyn, gegee nie. Ook die studie van die gewoontes en behoeftes van gebruikers van inligting is verwaarloos. Tog is daar enkele biblioteekkundiges,

153) Byvoorbeeld die eksperimente met inligtingsbeamptes in Britse universiteitsbiblioteke – *Foskett, D.J.* The changing role of the librarian. *Times literary supplement* January 15, 1971. p. 63.

soos J.H. Shera en P.C. Coetzee, wat vroeër reeds ingesien het dat hierdie aspekte van die kommunikasieverskynsel deur die biblioteekkunde bestudeer moet word. Ander biblioteekkundiges begin ook tot hierdie insigte kom.[154)]

Die feit dat skrywers oor die inligtingkunde vanaf 'n vroeë stadium die probleem van inligtingsbeheer vanuit 'n breër hoek as die biblioteekkunde benader het, het meegehelp om die verband tussen die inligtingsprobleem en 'n verskeidenheid ander dissiplines, soos die kubernetika, die sisteemteorie, die logika en die sielkunde na vore te bring, waardeur 'n interdissiplinêre karakter aan die terrein van ondersoek verleen is. Daar is ook reeds heelwat navorsing deur inligtingkundiges onderneem oor sake, soos gebruikerstudies, vloei van inligting, indeksering, beantwoording van navrae en evaluering van inligtingsisteme wat vir biblioteekkunde van groot betekenis is.[155)]

Uit die bespreking in die hoofstuk word afgelei dat biblioteek- en inligtingkunde deel van die kommunikasieverskynsel uitmaak en dat albei daarop ingestel is om tot die konstituering van 'n werkwêreld, die biblioteek- en inligtingspraktyk by te dra, waar in hoofsaak dieselfde aktiwiteite uitgevoer word. Weens die gebrekkige teoretiese raamwerk wat tot dusver vir beide terreine ontwikkel het, is dit moeilik om die verband verder te detailleer, maar dit is belangrik om daarop te let dat opvattings oor inligtingkunde, veral in die Verenigde State, daaraan 'n veel omvangryker betekenis as aan biblioteekkunde gee. In die laasgenoemde geval is die klem nog altyd meer pertinent op die kommunikasie van inligting via die rekord geplaas,

154) *Caldwell*, op. cit., p. 139-140.
*Sharr, F.A.* The proper study of librarianship. *Library journal* 96: 3727-3730, 1971.
155) *Saracevic en Rees*, op. cit., p. 4099-4100.

terwyl die inligtingkunde en die informatika die kommunikasie van inligting in alle verbande wil betrek. Die paadjie lei dan onvermydelik na die konsep van 'n allesomvattende kommunikasiewetenskap met as fokuspunt die proses van inligtingsoordrag.

### 3.5 Samevatting

Biblioteek- en inligtingswerk as die werkwêreld moet onderskei word van biblioteek- en inligtingkunde as die terreine van ondersoek, wat daarop gemik is om kenwêrelde tot stand te bring om die sinvolle uitbouing van die onderskeie werkwêrelde moontlik te maak. Die feit dat 'n verskil tussen die werk- en die kenwêreld gemaak word, beteken dat ook tussen verskillende kategorieë werk onderskei moet word, naamlik operatiewe werk, ontwikkelingswerk, toegepaste navorsing en basiese navorsing.

Daar is verder aangetoon dat biblioteek- en inligtingswerk nie in beginsel van mekaar verskil nie, maar dat die lyn van die oorspronklike dokumentasiefunksie van die biblioteekwese in inligtingswerk heelwat verder gevoer is en tot 'n gespesialiseerde aktiwiteit ontwikkel het. Dit is egter ook waar dat van die gespesialiseerde aktiwiteite van inligtingwerk steeds meer toepassing in die konvensionele biblioteekwese vind. Daarteenoor het die beoefening van die sosiale funksie hoofsaaklik tot die sosiale biblioteekwese beperk gebly.

Die feit dat die aktiwiteite wat op biblioteek- en inligtingsgebied plaasvind, soveel ooreenstemming toon, wys daarheen dat gemeenskaplike gronde waarop die aktiwiteite berus, behoort te bestaan. Na 'n ontleding van opvattings oor biblioteek- en inligtingkunde is bevind dat beide terreine van ondersoek deel van die kommunikasieverskynsel uitmaak. Die presiese verband tussen hulle bly nog onseker en dit moet toegeskryf word aan die probleem om kernbegrippe, soos inligting, korrek te definieer en aan die feit dat vir nie een van die terreine tot

sover 'n bevredigende teoretiese raamwerk daargestel is nie.

Hoewel sommige biblioteekkundiges besef het dat 'n studie van breër kommunikasieverskynsels noodsaaklik is, het die klem in die biblioteekkunde tot dusver hoofsaaklik op 'n bestudering van kommunikasie deur middel van die rekord geval. Dié situasie is daaraan te wyte dat die aandag op biblioteekgebied nog grotendeels deur die opbou van 'n werkwêreld in beslag geneem is. Hierteenoor is die problematiek van inligtingsbeheer deur inligtingkundiges meer grondig in terme van die kommunikasieverskynsel in die breë benader. Een van die vernaamste redes hiervoor is dat persone wat in die inligtingsproblematiek geïnteresseerd geraak het, heel dikwels ervare vakwetenskaplikes uit ander terreine was, wat weens hul wetenskaplike agtergrond in staat was om 'n studie van die probleem meer korrek aan te pak. Daarby het sommige van hulle oor 'n grondige kennis van aanverwante dissiplines soos die logika, die linguistiek, die psigologie of die sisteemteorie beskik.

Uit hierdie teoretiese en interdissiplinêre benadering ontwikkel die opvatting van inligtingkunde as 'n suiwer ondersoekende wetenskap, wat daarop gemik is om die fundamentele beginsels wat aan alle kommunikasieprosesse van die mens en die verwante inligtingsisteme onderliggend is, te identifiseer en tot 'n teorie te verwerk. Daar bestaan egter ernstige twyfel of dit moontlik is om so 'n omvattende wetenskaplike dissipline in aansyn te roep, en alleen die tyd sal leer of dit wel gaan gebeur.

Intussen bly dit egter 'n behoefte dat daar vir die opleiding van personeel vir biblioteek- en inligtingswerk aanvaarbare operasionele doelstellings voorhande moet wees. In die afwesigheid van 'n omvattende biblioteek- en inligtingswetenskap vereenselwig hierdie ondersoeker hom met 'n standpunt uit die literatuur dat biblioteek- en inligtingkunde nie as 'n suiwer teoreties, ondersoekende dissipline

benader word nie, maar as 'n toegepaste wetenskap wat 'n geleerde professie tot gevolg het.[156] Dit beteken dat die lede van die professie wel vir die ontwerp, die installering en die funksionering van inligtingsisteme verantwoordelik sal wees, maar dat hulle vir dié doel hoofsaaklik van die bevindinge van basiese navorsing op die terrein van die wetenskappe, wat grondliggend aan biblioteek- en inligtingkunde is, gebruik sal maak. Naas die uitvoering van operatiewe werk, ontwikkelingswerk en toegepaste navorsing sal dit ook die taak van die beroep wees om na die opleiding van personeel om te sien. Hiermee word die moontlikheid dat biblioteekkundiges en inligtingkundiges wel by basiese navorsing betrokke kan raak of dit onderneem, nie uitgesluit nie, maar dit word nie as hul primêre taak gesien om so 'n omvattende inligtingswetenskap as wat in die vooruitsig gestel word, tot stand te bring nie. 'n Verskeidenheid van ander rigtings, byvoorbeeld bedryfsadministrasie, is met dieselfde probleme in verband met die beheer oor inligting en die daarstelling en instandhouding van inligtingstelsels gemoeid. Daarby is vakkundiges uit gebiede soos die wiskunde, die psigologie, en die linguistiek reeds in die inligtingsproblematiek geïnteresseerd en is hulle beter toegerus om die basiese probleme te deurvors.

Dit is die standpunt van hierdie ondersoeker dat die biblioteek- en inligtingkunde met die oog op opleiding en veral die basiese opleiding as 'n toegepaste wetenskap beskou word. Die saamgestelde begrip „biblioteek- en inligtingkunde" word verder spesifiek gebruik om na die terrein van ondersoek te verwys wat op inligtingsontsluitingsisteme en -prosesse van toepassing is. In hierdie ondersoekgebied word die klem op kommunikasie deur middel van die rekord van kennis, kuns en ervaring, soos dit in biblioteke en inligtingsentrums aangetref

156) *Vagianos,* op. cit., p. 157

word, geplaas. Daarmee word die problematiek van inligtingsbeheer deur middel van ander vorme van inligtingsisteme, soos argiewe, dataprosesseringsisteme, liasseersisteme en museums nie buite rekening gelaat nie, maar hulle word nie so direk in hierdie studie betrek nie.

# AFDELING B

# 4 TENDENSE IN DIE OPLEIDING VAN BIBLIOTEKARISSE EN INLIGTINGSWERKERS IN DIE BUITELAND

## 4.1 Inleiding

Dit is algemene kennis dat biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika in baie opsigte ver agterstaan by die vooruitgang wat in oorsese lande gemaak is. Tot in die vyftiger jare van hierdie eeu het die klem in Suid-Afrika op die ontwikkeling van openbare en provinsiale biblioteekdienste geval. Weens die ontplooiing van sy universiteitswese en die fenomenale vooruitgang op die terreine van die nywerheid, die mynbou en die landbou sedert die Tweede Wêreldoorlog, wat as 'n sterk stimulus vir navorsings- en ontwikkelingswerk gedien het, het die sestiger jare 'n onmiskenbare klemverskuiwing na wetenskaplike en nywerheidsbiblioteke beleef, wat in wese 'n klemverskuiwing van die sosiale biblioteekwese na die inligtingswese inhou.

Hierteenoor het die nie-konvensionele biblioteekwese in sekere oorsese lande soveel vordering gemaak, dat die verskillende vertakkinge daarvan 'n georganiseerde staat bereik het selfs nog voor die stigting van die Suid- Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1930. Die Special Library Association is in 1909 in die Verenigde State gestig, Aslib in 1924 in Groot-Brittanje, die American Documentation Institute in 1930 in die Verenigde State, en in 1937 word die Internasionale Federasie vir Dokumentasie (FID) in die lewe geroep.

Vanweë die vooruitgang wat met beide biblioteek- en inligtingswerk en die gepaardgaande opleidingsprogramme vir personeel in verskeie oorsese lande gemaak is, bied dit die moontlikheid om uit die verloop daarvan vas te stel watter ontwikkelinge ons in Suid-Afrika te wagte kan wees. Dit gee inderdaad aan ons die geleentheid om in die lig van oorsese ontwikkelinge te bepaal wat hier gedoen kan word om ongewenste praktyke en onsuksesvolle benaderings te vermy en 'n meer sinvolle

ontwikkeling te beplan en doelbewus uit te voer.

Met die oog hierop is dit nodig om te bepaal wat die aard van die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk behoort te wees met die primêre oorweging om ondersoek in te stel na die aard van die werk waarvoor opgelei moet word.

## 4.2 Die beroepsaard van biblioteek- en inligtingswerk

Die gebruik om na biblioteekwerk as 'n professie te verwys, kom reeds lank algemeen voor. Dit is egter 'n opvatting wat nie deur almal, binne sowel as buite die biblioteekwese, aanvaar word nie.[1] Dit mag 'n aanduiding wees dat biblioteekwerk waarskynlik nie aan die eise wat vir 'n professie gestel word, voldoen nie.

Die begrip „professie" word gebruik vir 'n soort werk in die gemeenskap wat tradisioneel 'n hoë aansien geniet en waaraan in die reël 'n goeie inkomste verbonde is. Die voordele wat met die tradisionele professies soos geneeskunde, regsgeleerdheid en teologie gepaard gegaan het, het as dryfveer vir baie ander nerings gedien om ook na professionele status te streef.

Vir die verwerwing van volwaardige professionele status gaan 'n nering deur 'n proses van professionalisering waartydens dit sekere van sy kenmerke wysig om beter aan die vereistes van 'n ideaal-tipiese professie te voldoen. Daar bestaan egter nog nie eenstemmigheid oor die elemente wat by die sosiale proses van professionalisering betrokke is nie. Vollmer en Mills kom tot die gevolgtrekking dat meer empiriese navorsing nodig is om te kan bepaal watter elemente werklik essensieël is. „We must distinguish these *essentials* from

1) *Butler, P.* Librarianship as a profession. *Library quarterly* 21: 235-247, 1951.
*Goode, W.J.* The librarian: from occupation to profession? *Library quarterly* 31: 306-320, 1961.

other elements that are merely *correlates* of the process under some circumstances.[2] Dit is gevolglik moeilik om 'n definitiewe skeiding tussen „professies" en „nie-professies" te maak. Meet ons van die sogenaamde nie-professies aan die kenmerke wat vir die tradisionele professie aangegee word, dan blyk dit dat die nie-professies ook van die kenmerke besit al is dit net in 'n mindere mate. Daarom is dit meer korrek om die verskillende soorte werk in die gemeenskap as 'n kontinuum voor te stel wat strek van die „beroepe" wat die kenmerke die swakste vertoon, soos nagwag en plaasarbeider tot die onbetwiste professies soos geneesheer, regsgeleerde en wetenskaplike.[3]

'n Verdere probleem is die betekenis wat aan terme soos „professie" en „beroep" geheg word. In die omgangstaal word die twee terme dikwels as sinonieme gebruik. Dit is nie heeltemal verkeerd nie, want „beroep" het 'n meer algemene en 'n meer spesifieke betekenis. In algemene sin word gewoonlik na enige „werk" of „nering", in Engels „occupation", as beroepe verwys, terwyl dit in meer spesifieke sin as 'n sinoniem van die Engelse woord „profession" beskou kan word.

Hoewel die term „professie" ook dikwels sonder die nodige diskresie gebruik word, kan heel spesifieke kenmerke, soos hierna aangetoon, aangehaal word om die professionele aard van 'n bepaalde soort werk aan te dui. Aan die hand van hierdie kenmerke kan byvoorbeeld die vier tradisionele professies, geneeskunde, regsgeleerdheid, teologie en universitêre onderrig onderskei word of na professies soos tandheelkunde, kliniese sielkunde en sekere aspekte van ingenieurswerk verwys word, wat in die huidige tyd die erkenning as professies verwerf het.[4]

2) *Vollmer, H.M.* en *Mills, D.L.* Professionalization. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1966. p. 43.

3) Ibid., p. 10-11.

4) *Goode, W.J.* The theoretical limits of professionalization (*In*: Etzioni, A. *red.* The semi-professions and their organization. New York, Free Press, 1969. p. 280).

In hierdie studie word verkies om die term „professie" slegs vir daardie soorte werk te gebruik wat aan die gestelde eise voldoen. Omdat die term „beroep" se betekenis wyer opgevat en dit ook meer algemeen in Afrikaans gebruik word, sal dit beter van toepassing wees in 'n bespreking wat oor biblioteek- en inligtingswerk handel. In sommige opsigte is professie egter so goed ingeburger, soos in die onderskeiding tussen die professionele en sub-professionele diensvlakke, dat dit nie geheel en al vermy kan word nie.

Dit is nodig om vas te stel wat die kenmerke van 'n professie is om na te gaan in hoeverre die biblioteek- en inligtingswese daaraan voldoen.

In werklikheid is daar slegs twee kenmerke wat in enige ware professie die sentrale plek inneem en waarop alle ander kenmerke gebaseer is, naamlik die teoretiese kennisbasis en die ideaal van diens.[5)] Die teoretiese kennisbasis as sentrale kenmerk, kan in die volgende subdimensies ontleed word: die kennis en vaardighede moet abstrak en in 'n korpus van beginsels georganiseer wees; die kennis moet op konkrete probleme van toepassing wees; die gemeenskap moet glo dat die kennis hul probleme kan oplos; die gemeenskap moet bereid wees om die hantering van die probleme aan die professionele gemeenskap oor te laat omdat hulle oor die kennis beskik en ander nie; die professionele gemeenskap self moet tot die skepping, organisasie en oordrag van die kennis bydra; die professionele gemeenskap moet as die finale arbiter in meningsverskille rakende die oplossing van probleme wat voorkom, beskou word; die kennis waaroor die lede beskik moet van sodanige aard en omvang wees dat die man op straat nie daaroor beskik nie.

Hoewel die biblioteekwese nie heeltemal sonder 'n teoretiese be-

5) Ibid., p. 277-280.

gronding is nie,[6] is in hoofstuk 3 van hierdie studie reeds aangetoon dat dit nog nie oor 'n volledig uitgewerkte kennisbasis beskik waaroor die lede van die beroep alleen beheer uitoefen nie.

Die publiek is ook nie bereid om te aanvaar dat die bibliotekaris oor gespesialiseerde kennis beskik wat hom in die oplossing van sy probleme kan help nie.[7] Die duidelikste manifestasie van hierdie tendens kan in die opkoms van inligtingswerk waargeneem word. Namate die inligtingsprobleem in die twintigste eeu groter geword het en nie-bibliotekarisse hul aandag aan die probleem begin gee het, het die opvatting ontstaan dat die bibliotekaris nie vir die taak opgewasse is nie.[8] Aangesien die probleme van inligtingsbeheer die akuutste op die terreine van die natuurwetenskappe en tegnologie was, is wetenskaplike inligtingswerk („science information") as 'n nuwe aktiwiteit en terrein van ondersoek beskou. Die bibliotekaris is in so 'n mate as onbevoeg geag om die probleme van wetenskaplike inligtingswerk te behartig dat 'n belangrike ondersoekkommissie in die V.S.A. aanbeveel het dat die navorser self groter verantwoordelikheid vir die kommunikasie en beskikbaarstelling van inligting moet aanvaar.[9]

Die gevolg is dat die bibliotekaris nog nie oor die outonomie beskik om as arbiter oor probleme wat onder sy jurisdiksie val, op te tree nie, want hy beskik nie oor gekodifiseerde kennis wat hy beter as enige ander groep bemeester het nie. Soos in hoofstuk 3 aangetoon, kan dieselfde argumente ook teen die inligtingkunde ingebring word.

6) *Saracevic, T.* en *Rees, A.M.* The impact of information science on library practice. *Library journal* 93: 4098, 1968.

7) *Goode, W.J* The librarian: from occupation to profession? *Library quarterly* 31: 313, 1961.

8) *Shera, J.H.* Librarians against machines. *Wilson Library bulletin* 42: 69, 1967.

9) V.S.A. President's Science Advisory Committee. Science, government, and information: the responsibilities of the technical community and the Government in the transfer of information; a report. Washington, U.S. Govt. Print. Office, 1963. p. 2-3.

Dit beskik ook nog nie oor 'n teorie van abstrakte beginsels nie. Aanduidings bestaan wel dat inligtingkundiges beter daarin geslaag het om die probleme wat ondersoek moet word, te identifiseer en meer doelgerigte navorsing is reeds onderneem.[10] Dit skyn asof die inligtingkundige hom nie veel oor die kwessie van professionele status bekommer nie, 'n feit wat waarskynlik daaraan toegeskryf moet word dat die inligtingkundiges uit die kring van natuurwetenskaplikes en ingenieurs kom wat reeds 'n groter mate van professionele status geniet.[11]

Die tweede sentrale kenmerk wat in die beoordeling van professies uitgesonder word, is die diensideaal. Diensoriëntering as norm hou in dat die tegniese oplossings waartoe die professionele persoon kom, op die kliënt se behoeftes gebaseer moet wees en nie noodwendig tot die materiële voordeel van die praktisyn of die gemeenskap moet strek nie. Ook in die geval kan 'n aantal subdimensies onderskei word: die professionele persoon moet oor die behoeftes van die kliënt beslis, nie hyself nie; die professie stel eise van opoffering aan die praktisyn wat hy bereid moet wees om te aanvaar; die gemeenskap glo dat die professionele persoon nie alleen die ideale aanvaar nie maar ook sal uitleef; die professionele gemeenskap hou 'n stelsel van interne dissipline in stand waardeur ongewenste optrede bekamp en getrouheid aan die ideale beloon word.[12]

Gemeet aan die tweede hoofkenmerk vertoon die biblioteekberoep ook belangrike tekortkominge. Dit kan beswaarlik beweer word dat die bibliotekaris in sy verhouding tot sy kliënte oor hul behoeftes beslis en met wetenskaplike gefundeerde oplossings na vore kom.

10) *Saracevic* en *Rees*, op. cit., p. 4099-4100.

11) *Shera, J.H.* en *MacFarland, A.S.* Professional aspects of information science and technology (*In:* Annual review of information science and technology, vol. 4, 1969. Chicago, Encyclopaedia Britannica, 1969. p. 444).

12) *Goode, W.J.* The theoretical limits of professionalization (*In:* Etzioni, A. *red.* The semi-professions and their organization. New York, Free Press, 1969. p. 278-279).

Die beeld wat by die meeste skrywers voorop staan, is dat die bibliotekaris bloot aan die wense van sy kliënte voldoen. Dit is wel waar dat 'n ervare en goedopgeleide lesersgids in 'n mate sy kliënte se leesbehoeftes kan bepaal en deur simpatieke leiding daarin kan slaag om hul leessmaak te verbeter, hulle te help om persoonlike oogmerke te bereik, ens. Die potensiaal van lesergidsdiens kan egter nog baie ontwikkel word.

Op 'n ander terrein, naamlik inligtingsdiens, vertoon die tradisionele bibliotekaris egter groot gebreke. Heel selde is naslaanbibliotekarisse bereid om direkte antwoorde te verskaf, probleme te ontleed of oordele oor die literatuur te vel. Die houding moet onder andere aan 'n gebrek aan die regte vakkundige agtergrond toegeskryf word.[13] Die inligtingsberoep vaar in dié opsig heelwat beter, veral waar die vraagstuk van inligtingsvoorsiening baie sentraal in hul aktiwiteite staan en gespesialiseerde inligtingswerkers gewoonlik vakspesialiste is wat op 'n eng omlynde gebied inligtingswerk verrig.

Uit die aard van die saak hoef die gemeenskap geen vrese te hê dat hulle deur die bibliotekaris en die inligtingswerker uitgebuit word nie, gevolglik word 'n stelsel van kontrole oor die beroep se aktiwiteite as onnodig beskou.

Nietemin kan dit egter nie ontken word dat bibliotekarisse en inligtingswerkers eerstens op diens aan hul gebruikers ingestel is, geen eie gewin uit hul werk haal nie en dat die gemeenskap ook 'n diens van hulle verwag. Verder is bibliotekarisse en inligtingswerkers in beroepsverenigings georganiseer en is 'n stelsel van opleiding daar gestel wat vandag merendeels op universitêre vlak aangebied word.

Daar kan besluit word dat biblioteek- en inligtingswerk in die proses

13) *Bundy, M.L.* en *Wasserman, P.* Professionalism reconsidered. *College and research libraries* 29: 9-11, 1968.

van professionalisering verkeer, maar selfs uit hierdie sketsmatige oorsig moet dit duidelik wees dat die biblioteek- en inligtingsberoep nog baie veranderinge sal moet ondergaan om op die leer van professionalisering vordering te maak. Dit skyn asof die inligtingsberoep in sekere opsigte verder gevorder het, wat die biblioteekwese tot voordeel kan strek. Op die gebied van die inligtingkunde, wat as dissipline by uitstek navorsingsgerig is, is daar reeds heelwat navorsing gedoen wat van direkte belang vir biblioteekontwikkeling is. Nieteenstaande tekortkominge kan dus aanvaar word dat beide biblioteek- en inligtingswerk se beroepmatigheid sodanig is dat formele beroepsopleiding op universitêre vlak geregverdig is.

Beroepsopleiding is 'n vername middel waardeur die beroepmatigheid van 'n bepaalde terrein verbeter kan word. As onderdeel van die beroep is die opleiding self ook aan die proses van professionalisering onderworpe. Weens die verbintenis met universiteite in baie gevalle bestaan die moontlikheid ook dat meer doelgerigte navorsing wat vir die uitbouing van die kennisbasis belangrik is, onderneem kan word.

### 4.3 Die aard en oogmerke van beroepsopleiding

Aangesien die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk ook in die proses van professionalisering betrokke is, is kennis en insig van die aard en kenmerke van beroepsopleiding nodig alvorens die tendense in opleiding in ander lande van nader ondersoek word.

#### *4.3.1 Die aard van beroepsopleiding*

Die aard van beroepsopleiding het met die loop van jare 'n definitiewe verandering ondergaan. Die verandering word nie altyd in die terminologie wat gebruik word, weerspieël nie. Twee terme is hier ter sprake, naamlik opleiding („training") en opvoeding („education"), en hulle moet van mekaar onderskei word wanneer die

voorbereiding van persone vir 'n beroep ter sprake is. Die spesifieke betekenis van *opleiding* in die verband slaan op die afrigting in en die aanleer van die vaardighede wat nodig is vir die beoefening van die beroep. *Beroepsopvoeding* daarteenoor beklemtoon 'n intellektuele benadering en kan gesien word as „a process designed to broaden and deepen the mind of a man, to give him an intellectual apparatus which will be general useful to him, to inculcate the fundamental moral virtue of responsibility, and to give him a set of standards or values by which to regulate his thought and life." [14)]

In teenstelling met opleiding wat meer op die aanleer van die tegniese vaardighede konsentreer, is opvoeding teoreties georiënteer en daarop gerig om die student in die beginsels van sy beroep te onderlê. Uit die ontwikkelingsgeskiedenis van beroepsopleiding blyk dat die klem mettertyd van opleiding alleen na opvoeding en opleiding verskuif het met eersgenoemde as die vernaamste element.

Dit was tot dusver nog nie moontlik om 'n ideaal-tipiese beeld van die verskillende stadiums waardeur die opleiding vir 'n beroep behoort te ontwikkel, saam te stel nie. Die patroon waardeur die opleiding van geneeshere ontwikkel het, kan as 'n redelike voorbeeld beskou word.[15)] Die eerste stadium kan as vakleerlingskap omskryf word. Die aspirant-dokter het hom aan 'n bekende geneesheer verbind en oor 'n aantal jare deur waarneming en kliniese onderrig by die siekbed die nodige kennis en vaardighede op empiriese wyse verwerf. Die tweede stadium breek aan met die oorname van die opleiding deur die universiteite. Die toename in die hoeveelheid kennis oor die beroep en die behoefte aan meer en beter opgeleide geneeshere het vereis dat 'n ander opleidingspatroon gevolg word. Met die stap is beroepsopleiding na 'n hoër

14) *Sharr, F.A.* Presidential address. *Library assistant* 45: 85, 1952.

15) *McGrath, E.J.* Liberal education in the professions. (New York) Institute of Higher Education, Teachers College, Columbia University, 1959. p. 29-34.

vlak van intellektuele en teoretiese onderrig verhef. Meer aandag is aan die bestudering van basiese beginsels in plaas van blote empiriese skoling gegee. Die idee van vakleerlingskap het egter nie heeltemal verdwyn nie, aangesien daar nog altyd 'n mate van praktiese opleiding behoue gebly het. Hierdie tweede stadium waar van suiwer tegniese opleiding weggebreek is, het reeds aan die Middeleeuse universiteit begin en het ook by die teologie en die regsgeleerdheid voorgekom. Die derde ontwikkelingstadium word gekenmerk deur die tendens om vir toelating tot beroepstudie sekere voorafkwalifikasies, meesal 'n baccalaureusgraad, te vereis.

Die jongste fase in beroepsopleiding wat pas in die huidige tyd bereik word, gaan uit van die standpunt dat die opleiding nie net 'n eng beroepswaarde moet hê nie, maar ook die algemene vorming van die student moet bevorder. Om die rede behoort die student in sy voorberoepstudie ook vakke te neem wat nie direk met sy rigting verband hou nie. Dit is 'n praktyk wat in die Verenigde State redelik algemeen voorkom dat beroepsopleiding sekere vormende kursusse insluit.[16)] Teen 1960 het die opleidingsprogramme van ingenieurs in die Verenigde State byvoorbeeld van 15 tot 18 persent van hul tyd aan die studie van geestes- en sosiaalwetenskaplike vakke afgestaan.[17)]

Uit 'n studie oor beroepsopleiding het dit duidelik geword dat programme vir beroepsopleiding oor die jare weg beweeg het, „from a narrow and almost exclusive concern with technical knowledge and an emphasis on practical experience to a more theoretical treatment of specialized subject matter and an enlargement of the prospective practitioner's general education."[18)]

16) *Williams, A.R.* General education in higher education (New York) Institute of Higher Education, Teachers College, Columbia University, 1968. p. 144-181.

17) Ibid., p. 152.

18) *McGrath, E.J.* The ideal education for the professional man *(In:* National Society for the Study of Education. Committee on Education for the Professions. Education for the professions. Chicago, 1962. p. 282.)

In 1953 maak die Suid-Afrikaanse biblioteekkundige, H.C. van Rooy, dieselfde onderskeid tussen die twee onderhawige begrippe en pleit hy daarvoor dat die klem in die voorbereiding van bibliotekarisse van *opleiding* na *opvoeding* verlê moet word.[19] Dit is egter opvallend dat die term „beroepsopvoeding" naas „beroepsopleiding" nie eintlik in Afrikaans gebesig word nie. 'n Gesaghebbende skrywer oor universitêre aangeleenthede in Suid-Afrika, P.G.W. du Plessis, gebruik die begrip „beroepsvoorbereiding" vir „die wetenskaplike onderleg en opvoeding vir 'n beroep" ter onderskeiding van „'n tegniese of toegepaste beroepsopleiding."[20] Omdat dit die neiging in Afrikaans is om „beroepsopleiding" in 'n breër betekenis te gebruik sodat dit beide „opvoeding" of „voorbereiding" en „opleiding" in hul meer spesifieke betekenisse insluit, sal die term voortaan alleen gebruik word en „beroepsvoorbereiding" naas „beroepsopleiding" slegs wanneer die onderskeid tussen die twee wyses van beroepstudie beklemtoon wil word.

### *4.3.2 Oogmerke van beroepsopleiding*

Dit het 'n algemene praktyk geword om van voornemende beroepslui te verwag dat hulle 'n beroepskwalifikasie, gewoonlik aan 'n inrigting vir hoër of beroepsonderwys moet verwerf, alvorens hulle tot die beroepsgemeenskap toegelaat word. In sekere gevalle, soos die geneeskunde, word die opleidingsvereistes selfs in wetgewing vasgelê. Die feit dat beroepsopleiding tans hoofsaaklik op universitêre vlak geskied, het meegebring dat die universiteite vir die lewering van voldoende getalle nuwe rekrute verantwoordelik gehou word, maar van hulle kant vereis die universiteite weer dat die opleiding aan hoë akademiese vereistes moet voldoen.

19) *Van Rooy, H.C.* Enkele gedagtes oor opvoeding vir biblioteekdiens (*In:* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 8ste Jaarlikse konferensie, Johannesburg, 1953. Referate en toesprake. (s. pl.) 1953. p. 29-36).

20) *Du Plessis, P.G.W.* Gevraagde universiteit; eenheid van die wetenskap in spesialisasie en beroepsvoorbereiding aan die huidige universiteit. (Port Elizabeth) 1967. p. 52-53.

Uit hierdie opset het die twee vernaamste oogmerke van beroepsopleiding gegroei, naamlik om goed gekwalifiseerde rekrute en rekrute in voldoende getalle vir die onderskeie beroepe te lewer.[21)] Dit kan ook as oogmerke van kwaliteit en kwantiteit respektiewelik beskryf word.

Vir die verdere ontleding van die twee oogmerke word die opvattings van die Amerikaanse skrywers, W.J. McGlothlin en E.J. McGrath oor die onderwerp gebruik.[22)]

*4.3.2.1. Die oogmerk om voldoende getalle beroepslui te lewer*

Die stygende vraag na opgeleide beroepslui in alle sektore van die gemeenskap is so 'n bekende feit dat daaroor nie verder uitgewei hoef te word nie. In Suid-Afrika het die tekort aan opgeleide onderwysers 'n jaar of twee gelede krisisafmetings aangeneem. Selfs die tradisionele professies ondervind probleme met die mannekragtekort.

McGlothlin doen vier moontlikhede aan die hand om die oogmerk beter te bereik: rekrutering van meer voornemende studente; daarstelling van meer opleidingsfasiliteite; verkorting van die tydperk van opleiding, hoewel die neiging in die praktyk eerder is om die opleiding te verleng; rasionalisering van die arbeidsorganisasie in die beroep sodat meer hulp en subprofessionele personeel gebruik kan word, wat meebring dat dit moontlik word om die opleiding meer direk met die eise van die arbeidsituasie te korreleer.[23)]

Hierdie oogmerk neem 'n sekondêre plek in na die oogmerk van kwaliteit, want getalle alleen is nie voldoende nie. Die opgeleides moet eerstens in staat wees om hul rol as beroepslui te vervul.

21) *McGlothlin, W.J.* The professional schools. New York, Center for Applied Research in Education, 1964. p. 15.

22) Ibid., p. 12-31.

*McGrath,* op. cit., p. 281-301.

23) *McGlothlin,* op. cit., p. 17-22.

*4.3.2.2 Die oogmerk om goed gekwalifiseerde beroepslui te lewer*

Naas die oogmerk van voldoende getalle, moet die opleidingsinstansies hulle ook ten doel stel om afgestudeerdes te lewer wat hul beroep met sukses kan beoefen. Daarom moet daarna gestreef word om die gehalte van die opleiding steeds te verbeter. Met die oog hierop kan gevra word oor watter kwaliteite 'n effektiewe beroepsmens behoort te beskik?

*4.3.2.2.1 Beroepsbevoegdheid*

Die primêre oogmerk van enige beroepsopleiding is om die student die kennis en bekwaamheid van sy bepaalde terrein by te bring. Dit word gedoen deur in die opleidingsprogram voorsiening te maak vir onderrig in die teorie wat aan die beroepsaktiwiteite ten grondslag lê, en vir kursusse wat die gespesialiseerde kennis en tegniese vaardighede bybring wat 'n bepaalde beroep kenmerk en van ander onderskei.

Die onderrig in die teorie wat aan die beroepsaktiwiteite ten grondslag lê, geskied op tweërlei wyse. Eerstens in die vakke wat die teoretiese grondslag van die praktyk uitmaak, byvoorbeeld die bakteriologie in geneeskunde, die materia medica in farmasie en die wetenskapskunde of die betekenisleer in biblioteek- en inligtingswerk; tweedens, in vakke wat nie spesifiek met die beroepsaktiwiteite verband hou nie, maar wat vir 'n begrip van gespesialiseerde opleiding noodsaaklik is, soos die chemie vir geneeskunde, die plantkunde vir farmasie en moontlik sekere rigtings in die wiskunde, die psigologie en die sosiologie vir biblioteek- en inligtingkunde.

Die tweede belangrike komponent wat tot die verwerwing van beroepsbevoegdheid bydra, is dié kursusse waardeur die gespesialiseerde kennis en tegniese vaardighede van die student ontwikkel word, soos die snykunde in geneeskunde, voorbereiding van voorskrifte in farmasie en die ontsluitingsleer of die leserkunde in biblioteek- en inligtings-

werk. 'n Onderdeel van hierdie komponent wat 'n belangrike bydrae tot die opleiding lewer, is die verskillende vorme van praktiese of kliniese opleiding wat by kursusse ingesluit word.

McGrath stel drie pertinente vereistes aan dié deel van die opleidingsprogram wat op die bybring van beroepsbekwaamheid gerig is: die onderrigsprogram behoort nie te poog om die onderwerpsinhoud in te veel detail te dek nie, oormatige en te vroeë spesialisering in die opleiding behoort vermy te word en in die onderrig van beroeps- sowel as ondersteunende vakke behoort die klem op die teorie en die algemene begrippe en nie soseer op die tegnieke wat net onder sekere omstandighede toegepas kan word nie, te val nie.[24)]

*4.3.2.2.2. Sosiale begrip*

Die primêre oogmerk van die beroepsopleiding is om die beroepsbevoegdheid by te bring, „but the usefulness of competence may be sharply limited unless the student is able to place his skills within the context of society."[25)]

Elke beroepsmens moet 'n voldoende mate van algemene vorming („general education") ondergaan om sy effektiwiteit as werker te onderskraag, maar nog belangriker, om die kwaliteite van sy gees en karakter tot so 'n mate te vorm dat hy 'n waardige lid van sy gemeenskap kan wees. Die gemeenskap het die reg om te verwag dat diegene wat die voorreg van hoër onderwys ondergaan het, in staat sal wees om hul gawes so goed as moontlik in die hantering van die steeds moeiliker wordende probleme van hul gemeenskap op alle vlakke aan te wend. „All professional education programs should, therefore, include a sufficiently broad component of general studies to prepare students for these responsibilities outside

24) *McGrath*, op. cit., p. 300.
25) *McGlothlin*, op. cit., p. 24.

their professions."[26]

*4.3.2.2.3 Diensoriëntering*

Beroepsopleiding het ook 'n belangrike taak om 'n diensoriëntering by die student aan te kweek. Dit word algemeen aanvaar dat die lede van 'n beroep die belange van hul klante altyd eerste stel. Die status wat die gemeenskap aan beroepe toeken, berus in 'n belangrike mate op hul diensgeoriënteerdheid.

Weens die sentrale plek wat die diensmotief in beroepsbeoefening inneem, word die beginsels daarvan gewoonlik in die vorm van 'n etiese kode uitgedruk.

Verskeie beroepe demonstreer hul erns met die gehoorsaming van die kode deur kollegas wat dit op 'n ernstige wyse skaad, te tugtig en selfs uit die kring van die beroepsvereniging uit te skop.

'n Dure plig rus op die opleiding om die student in die deontologie van sy beroep te onderrig. Dit kan geskied by wyse van 'n kursus in die etiek van die beroep, maar die hele onderrigsprogram moet ook daarop ingestel wees om die student met diensoriëntering te deurdrenk.

*4.3.2.2.4 Geleerde inslag*

'n Laaste oogmerk is om die student te stimuleer om student te bly nadat hy tot die praktyk toegetree het en om hom in staat te stel om navorsing uit te voer en die resultate van navorsing te kan interpreteer.

Enige beroepsmens kan onder die wisselende omstandighede van die huidige tyd en die geweldige omset in kennis alleen funksioneel bly deur voortdurende selfstudie, deur geleenthede vir voortgesette op-

26) *McGrath*, op. cit., p. 300-301.

leiding te benut en deur navorsing te doen of die resultate daarvan te assimileer. Daarom is dit ook 'n taak van die opleidingsinstansies om selfontwikkeling as 'n lewenshouding by die student aan te kweek en in die verband voorsiening te maak vir geleenthede vir voortgesette studie.[27)]

Alhoewel dit duidelik geblyk het dat biblioteek- en inligtingswerk nie as 'n volwaardige professie beskou kan word nie, verkeer die terrein in die proses van professionalisering en word aanvaar dat beroepsopleiding van personeel geregverdig is.

Samevattend kan gestel word dat twee oogmerke vir beroepsopleiding aangegee word, naamlik om voldoende getalle nuwe rekrute vir die praktyk te lewer en om toe te sien dat die rekrute oor die nodige kwalifikasies beskik om hul werk te kan doen. Die oogmerk van kwantiteit kan onder andere verwesenlik word deur 'n rasionalisering van die arbeidsorganisasie in die praktyk sodat in die opleiding duideliker tussen die professionele en die subprofessionele vorms van opleiding gedifferensieer kan word. By die uitvoering van die oogmerk van groter kwaliteit in die opleiding moet die volgende sake veral in aanmerking geneem word: die klem moet in beroepsopleiding sterker op die teoretiese as die tegniese val; daar moet gewaak word teen te veel detail in die opleidingsinhoud; oormatige en te vroeë spesialisering in die opleiding behoort vermy te word; die belangrikheid van 'n voldoende mate van algemene opvoeding in die opleiding van beroepsmense kan nie genoeg beklemtoon word nie; die diensmotief moet sterk voorop gestel word; en die student moet georiënteer word om ook in die beroepspraktyk steeds student te bly en vir die doel moet die nodige fasiliteite, onder andere deur die opleidingsinstansies, vir voortgesette opleiding beskikbaar gestel word.

27) Ibid., p. 301.

## 4.4 Tendense in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk

### *4.4.1 Inleiding*

In par. 4.1 is daarop gewys dat opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in oorsese lande soos die Verenigde State, Engeland en Europa op 'n veel vroeër datum as in Suid-Afrika begin het. Die opleidingspatrone wat tot stand gekom het en die tendense wat vandag in hul opleiding aanwesig is, is die resultaat van 'n veel langer ontwikkelingsperiode waaruit ons lesse kan put. Daarby vertoon oorsese opleiding uiteenlopende kenmerke wat aanduidings kan verskaf van rigtings waarin ons eie opleiding kan of behoort te ontwikkel. Maar die oorsese opleidingspatrone en-programme is ook die resultaat van die inwerking van bepaalde faktore waarmee in ons opleiding rekening gehou moet word.

In plaas daarvan om die studie van oorsese opleiding bloot in die vorm van 'n beskrywing van die opleidingspatroon in elke land te gee, sal die invloed van sekere faktore daarop ondersoek word. Die faktore wat in die ontleding in berekening gebring word, hang nou met die professionalisering van die opleiding saam. Opleiding as 'n onderdeel van die biblioteek- en inligtingsberoep moet noodwendig tekens van die professionaliseringsproses weerspieël. Daar word derhalwe van die veronderstelling uitgegaan dat indien hierdie verskynsel as uitgangspunt geneem word, dit 'n gerieflike raamwerk kan bied waarbinne op oorsigtelike wyse na tendense en aspekte wat vir die Suid-Afrikaanse opleiding rigtinggewend mag wees, gesoek kan word.

Eerstens is die aard van biblioteekwerk of die beroepmatigheid van die bibliotekaris 'n faktor wat sy invloed op die opleiding sal laat geld. In die tweede plek is dit besonder belangrik om die invloed van die hoër onderwysstelsel van 'n bepaalde land op die opleidingspatroon na te gaan. Die faktor gee aanleiding tot die uiteenlopende opleidingspatrone wat in verskillende lande tot stand gekom het.

Derdens is dit 'n kenmerk van beroepsopleiding in die algemeen dat die oorname daarvan deur inrigtings van hoër onderwys 'n klemverskuiwing van 'n tegnies-georiënteerde na 'n meer teoretiese opleiding teweegbring. Die laaste faktor vertoon moontlike verbande met die tweede, wat oor die invloed van die hoër onderwysstelsel handel, want in 'n land waar klem op beroepsopleiding as die taak van die universiteit gelê word, sal opleiding op universitêre vlak 'n voorwaarde vir beroepstatus wees. Vierdens was daar vanaf die 19de eeu sterk neigings tot spesialisasie en differensiasie in biblioteekwerk waardeur ooreenstemmende aanpassings in die opleiding van personeel nodig geword het. Ten slotte moet onvermydelik ook aan die vraagstuk van praktiese of kliniese opleiding, wat 'n wesenlike onderdeel van opleiding vir enige beroep uitmaak, aandag verleen word.

### *4.4.2 Die aard van biblioteek- en inligtingswerk as faktor in die vormgewing van opleiding*

Biblioteekwerk as arbeidsveld het maar eers in die negentiende eeu so 'n mate van selfstandigheid bereik dat die behoefte ontstaan het om rekrute formeel daarvoor op te lei. Gedurende die voorafgaande periode, wat oor etlike eeue gestrek het, was daar nie enige moeilike tegnieke en vaardighede waarvoor persone formeel opgelei moes word nie. Die biblioteekwese is nie as 'n volwaardige beroep beskou nie. „Most people working in libraries were identified as something else – critics, writers, divines, courtiers, etc."[28]

Die bibliotekaris van die historiese biblioteek was meesal 'n geleerde wat in die eerste plek met die redigering en vertaling van werke en later ook met kopiëring en tekskritiek besig was en biblioteekwerk was 'n neweproduk van sy geleerde aktiwiteite.[29]

28) *Winger, H.W.* Aspects of librarianship: a trace work of history (*In:* Ennis, P.H. en Winger H.W. *red.* Seven questions about the profession of librarianship. Chicago, University of Chicago Press, 1962. p.23).

29) Ibid., p. 24.

Hierdie toestand het grotendeels tot en met die sewentiende eeu voortgeduur, wat die tydperk van die moderne wetenskapsbeoefening ingelui het. Saam met die verhoogde intellektuele aktiwiteite het die toename in gedrukte werke, wat op die uitvinding van die boekdrukkuns volg, daartoe gelei dat die rol van die biblioteek belangriker geword het. Pioneerbibliotekarisse soos Gabriel Naude, John Dury en Gottfried Leibniz vertoon in hul geskrifte oor die biblioteek 'n bewuswording van die verantwoordelikheid wat op die bibliotekaris rus om 'n meer doelgerigte aanskafbeleid te volg en 'n diens aan gebruikers te lewer.[30)]

Die keerpunt in die tradisionele rol van die bibliotekaris kom in die negentiende eeu deur die inwerking van drie faktore.[31)] Eerstens verkry die nasionale biblioteek as uitvloeisel van die Franse Rewolusie sy finale beslag. Die konfiskering van groot hoeveelhede boeke bring mee dat aandag aan die probleem van die organisering van 'n groot versameling boeke gegee moes word en dit lei ook tot die beplanning van boekbesit op nasionale vlak en die uitbreiding van dienste aan alle persone. Tweedens vind die institusionalisering van wetenskaplike navorsing aan universiteite en navorsingsinstitute plaas. Die vestiging van 'n wetenskapsbedryf op groot skaal skep 'n dringende behoefte aan die kommunikasie van inligting, waardeur ongekende nuwe eise aan bibliografiese beheer van inligting gestel word. Derdens vind die stigting van vrye openbare biblioteke plaas en beleef sosiale biblioteekdienste, veral in die Engelssprekende wêreld, 'n fenomenale opbloei. In Amerika vermeerder openbare biblioteke van 29 inrigtings in 1776 tot 3 682 in 1876.[32)]

30) Ibid., p. 26-28.

31) *Fouche, B.* Die leergang by die opleiding van bibliotekarisse. M.A.-verhandeling. Pretoria, 1968. p. 8-10.

32) *White, C.M.* The origins of the American library school. New York, Scarecrow Press, 1961, p. 14.

Die uitbreiding van die getal universiteits- en kollegebiblioteke geskied nie teen dieselfde tempo nie, maar die kommunikasie van inligting op natuurwetenskaplike gebied ontwikkel nuwe dimensies wat nuwe probleme meebring. Dit is veral merkbaar in die snelle groei van natuurwetenskaplike tydskrifte waardeur 'n klemverskuiwing van die boek na die tydskrif as die vernaamste publikasiemedium plaasvind. Die bibliografiese beheersing van afsonderlike tydskrifartikels is 'n nuwe probleem waarmee die biblioteekwese nie voorheen te doen gehad het nie.

Die vinnige uitbreiding van biblioteke vereis meer personeel en gekoppel aan die feit dat biblioteekwerk baie meer tegnies geword het, ook beter opgeleide personeel. Voor die tyd is persone vir biblioteekwerk voorberei deur die praktiese ervaring wat in die werk opgedoen is. Die enigste ander vorm van opleiding wat noodsaaklik geag is, weens die geleerde karakter van die historiese biblioteek, was 'n studie van vakke soos tale en die ensiklopedie van die wetenskappe.

Laasgenoemde vorm van opleiding was egter onvanpas vir die nuwe eise wat deur die opkomende sosiale biblioteke met hul klem op tegnieke, gestel is.[33] Daarby kon die opleiding deur praktiese ervaring, 'n vorm van onbeplande vakleerlingskap, ook nie voldoende ervare persone lewer om in al die behoeftes te voldoen nie.

Met die uitkristallisering van die tegniese aspekte van biblioteekwerk laat in die negentiende eeu en die siening van die sosiale biblioteek se taak as opheffingsmiddel van die massas, het die biblioteekbeweging soveel momentum verkry dat die behoefte ontstaan het om dié arbeidsveld formeel te organiseer. In 1876 vind die stigting van die American Library Association plaas en in 1877 dié van

33) *Winger*, op. cit., p. 30.

die Library Association in Engeland. Beide beroepsverenigings gee feitlik vanaf die begin aandag aan die kwessie van die formele opleiding van bibliotekarisse.

Die bewuswording onder bibliotekarisse van die beroepsaard van hul werk, lei dus tot die vervanging van die informele en onbeplande opleiding van personeel terwyl hulle werk, 'n soort van vakleerlingskap, met meer doelgerigte en formele opleiding. So vind die eerste eksamens van die Library Association in 1885 plaas en in 1887 skryf die eerste studente in vir Melvil Dewey se kursus te Columbia College.

Op die stadium word in die opleidingskursusse egter nog nie tussen die verskillende soorte werk onderskei nie. Na 'n deurtastende ondersoek van bibliotekarisopleiding in die Verenigde State kom C.C. Williamson in sy verslag in 1923 tot die gevolgtrekking dat 'n definitiewe onderskeid tussen biblioteekwerk van 'n beroepsaard en dié van 'n klerklike aard gemaak behoort te word. Hy beveel verder aan dat biblioteekskole net die opleiding in die suiwer beroepsaktiwiteite behoort aan te bied.[34)]

Ten spyte van hierdie duidelike riglyn van Williamson het groter toespitsing op die suiwer beroepselemente in die opleiding langsaam plaasgevind. Trouens, soos uit verdere bespreking sal blyk, het bibliotekarisopleiding vir 'n geruime tyd 'n hardnekkige tegniese inslag behou. Aangesien die professionalisering van opleiding vir biblioteek- en inligtingwerk in hoofsaak deur ander faktore, veral die verskynsels van spesialisering en differensiëring, beïnvloed is, word die saak in die volgende paragrawe volledig bespreek.

34) *Williamson, C.C.* Training for library service; a report prepared for the Carnegie Corporation of New York. New York, Updike, 1923. p. 136.

### *4.4.3 Die invloed van die hoër onderwysstelsel van 'n land as faktor in die ontwikkeling van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk*

Met die besluit van die biblioteekverenigings van Groot-Brittanje en die Verenigde State om aan formele opleiding van bibliotekarisse in plaas van opleiding deur ervaring voorkeur te gee, kom 'n volgende faktor ter sprake wat oor die loop van jare 'n belangrike rol in die vormgewing van bibliotekarisopleiding sou speel, naamlik die opvattings oor beroepsopleiding en die opleidingspatrone vir ander beroepe wat in elke land in swang was.

Hierdie invloed is reeds merkbaar in die opleiding wat in die Verenigde State en Groot-Brittanje ontwikkel nadat die beroepsverenigings hul steun aan meer formele opleiding toegesê het. Die suiwer tegniese aard van Melvil Dewey se kursus wat in 1887 aan die Columbia University College in aanvang neem, was 'n direkte uitvloeisel van die belangrikheid wat aan tegniese opleiding gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu in die Engelssprekende wêreld geheg is. Die idee van tegniese opleiding het ten koste van die tradisionele stelsel van vakleerlingskap vordering gemaak weens veranderende eise wat aan opgeleide werkers deur die industriële rewolusie gestel is, die groter mate van mededinging tussen volke as gevolg van die uitbreiding van die wêreldhandel en die feit dat lande waar vakskoling reeds voorgekom het, beter resultate behaal het.[35)]

Die vernaamste oogmerk met die negentiende eeuse tegniese opleiding was om mense voor te berei wat hul werk goed kon doen. In 'n sekere sin was dit nog steeds vakleerlingopleiding, maar dit is op 'n meer sistematiese wyse aangebied. Dit is ten volle waar van Dewey se skool, wat daarop ingestel was, „to produce the same kind of competence as apprenticeship by using more systematic methods."[36)] Die

35) *White*, op. cit., p. 20-33.
36) Ibid., p. 81.

feit dat Dewey se biblioteekskool aan 'n inrigting vir hoër onderwys begin het, is nie van veel waarde nie. Hy was op daardie stadium die hoof van die universiteitsbiblioteek van Columbia University College en met sy aanvaarding van 'n pos as hoof van die New York State Library het die biblioteekskool in 1899 saam met hom daarheen verskuif. Maar 'n belangrike presedent is deur Dewey geskep, en dit was 'n aanduiding van ontwikkelinge wat sou kom.[37]

Teenoor die idee van 'n tegniese opleiding waarin onderrig deur lesings 'n belangrike rol gespeel het, vertoon die opleiding wat in dieselfde tyd deur die Library Association in Engeland ingestel word nog steeds die karakter van ambagsopleiding. Al verskil was dat die kandidate 'n eksamen van die beroepsvereniging moes aflê om 'n kwalifikasie te verwerf.

Die instelling van die Library Association se eksamens was 'n weerspieëling van die Britse tradisie waarvolgens die beroepsvereniging deur middel van 'n stelsel van eksamens beheer oor opleiding uitgeoefen het. Die enigste manier waarop iemand 'n biblioteekkwalifikasie kon verwerf, was deur die Vereniging se eksamens af te lê. Min aandag is aan die voorsiening van opleidingsfasiliteite, waardeur die studente hulleself kon voorberei, gegee. Hulle moes deur deeltydse klasse (waar beskikbaar), korrespondensiekursusse en dienservaring vir die eksamens voorberei. Dié opleidingspatroon het in 'n groot mate voortgespruit uit die beskouing wat in Engeland teen die einde van die negentiende eeu en selfs later bestaan het dat beroepsopleiding, behalwe in die geval van die tradisionele beroepe, nie die taak van die universiteit is nie.[38]

37) *Bramley, G.* A history of library education. London, Bingley, 1969. p. 79-80.

38) *Harrison, J.C.* Education for librarianship abroad: the United Kingdom. *Library trends* 12: 123-125, 1963/64.

Dit was dan ook die oorsaak daarvan dat meer as dertig jaar na die instelling van die Library Association se eksamens verloop het voordat die eerste opleidingskursusse, los van die Vereniging, in 1919 aan die University College of London ingestel is. Met hierdie stap is daar egter nie onmiddellik 'n nuwe opleidingspatroon gevestig nie. Daarvoor het die lede van die beroepsvereniging te skepties teenoor voltydse opleiding op universitêre vlak gestaan. Die redes vir hierdie houding is nie moeilik om te vind nie. Eerstens was dit die algemene praktyk in die land dat persone hulle beroepskwalifikasies verwerf deur 'n soort vakleerlingskap te volg en eksamens van die beroepsvereniging af te lê. Tweedens was lede van die vereniging bevrees dat die prestige wat aan 'n universiteitskwalifikasie verbonde was die waarde van hul eie kwalifikasies sou verminder,[39)] en derdens was lede nie bereid om die verantwoordelikheid wat die Library Association kragtens sy statuut vir die bevordering van opleiding, eksaminering en sertifisering van bibliotekarisse gehad het, te laat vaar nie.[40)]

Na die instelling van die eerste voltydse opleiding aan die University College of London in 1919 vind uitbreiding van voltydse opleiding eers weer na die Tweede Wêreldoorlog plaas. Die stimulus hiervoor was om opleiding aan die baie persone wat van die oorlog teruggekeer het, te verskaf. Dit sou egter nie aan die universiteite geskied nie. Hoewel onderhandelings gevoer is, byvoorbeeld met die University College Nottingham, was die universiteite nie bereid om die Library Association se beleid, waarvolgens laasgenoemde beheer oor die leerplanne en eksaminering behou, te aanvaar nie.

Weens die behoefte aan voltydse opleiding word die taak uiteindelik aan tegniese kolleges opgedra om studente vir die eksamens van die Vereniging voor te berei. Voor die einde van die veertiger jare

39) *Bramley*, op. cit., p. 31-32.
40) Ibid., p. 18-19.

begin opleiding aan sewe van die kolleges.[41] Gedurende die tydperk 1946—1963 is die vestiging en stabilisering van hierdie kollegekursusse die vernaamste ontwikkeling op die gebied van opleiding in Brittanje. Dit bestaan parallel met die tradisionele opleiding van deeltydse studie en vakleerlingskap voort. Met die uitsondering van die studente van die University of London het al die kandidate dieselfde eksamens van die Library Association afgelê.

In die sestiger jare het die behoefte aan verbetering van tegnologiese opleiding in die algemeen daartoe gelei dat die status van sekere tegniese kolleges tot kolleges vir gevorderde tegnologie verhoog is en is in 1964 'n liggaam, die „Council for National Academic Awards" ingestel wat beheer oor die standaard van opleiding in hierdie kolleges moes uitoefen. Die Council for National Academic Awards was ook by magte om grade buite die universitêre sisteem toe te ken. Dit moes tot 'n noodwendige verhoging in die standaard van opleiding, ook van bibliotekarisopleiding, aan die kolleges lei.

Teen hierdie agtergrond stel die Library Association in 1964 sy nuwe leerplanne, wat vir 'n tweejarige voltydse program van opleiding voorsiening maak, in werking. Ook die Vereniging het begin besef dat die ou stelsel van vakleerlingskap met deeltydse studie nie meer voldoende was nie. Die tydperk vir voltydse opleiding in biblioteekkunde is hiermee ingelui en het 'n proses van aftakeling van die vakleerlinggeoriënteerde benadering van bibliotekarisopleiding in Groot-Brittanje begin.[42]

Die toenemende mate waarin beroepsopleiding aan inrigtings vir hoër onderwys verskaf is, het die Library Association daartoe gebring om sy houding teenoor universitêre opleiding te wysig. In 1960 knoop die

41) Ibid., p. 46-50.
42) Ibid., p. 63.

Vereniging onderhandelings met die Universiteit van Sheffield aan met die oog op die daarstelling van 'n nagraadse skool vir bibliotekarisopleiding. Die onderhandelinge slaag en in 1964 begin die skool met sy opleiding. Dit word gevolg deur soortgelyke kursusse aan die universiteite van Belfast in 1965 en Strathclyde in 1966, waar 'n driejarige graadkursus aangebied word. Hoewel samewerking tussen die universiteite en die Library Association bestaan en laasgenoemde hul kursusse erken, het die Vereniging geen seggenskap in hul leerplanne of eksaminering nie.

'n Verdere ontwikkeling is die erkenning van graadkursusse in biblioteekkunde aan sekere gevorderde kolleges deur die Council for National Academic Awards vanaf 1968.[43)]

Eers nadat beroepsopleiding 'n meer algemene verskynsel op die vlak van hoër onderwys in Groot-Brittanje geword het, is hierdie benadering ook tot voordeel van die biblioteekberoep aangewend. Hierby moet die konserwatiewe uitkyk van die Library Association ook nie buite rekening gelaat word nie. Selfs vandag sit die Vereniging die praktyk voort om te eksamineer en te sertifiseer hoewel dit nie meer die alleenreg daarop het nie.

Teenoor die situasie in Engeland waar opvattings oor die taak van die hoër onderwys in beroepsopleiding die oorgang van die vakleerling na die universitêre stadium in bibliotekarisopleiding vertraag het, het die faktor van die hoër onderwys in Amerika juis as stimulus gedien om die proses te verhaas. In die Verenigde State het die universiteite vanaf 'n vroeë stadium die verantwoordelikheid om persone vir 'n beroep op te lei aanvaar: „The American university has always regarded the supply of highly trained, skilled professional men and women as one of its prime functions."[44)]

43) Ibid., p. 67.
44) Ibid., p. 75.

As ontwikkelende land het Amerika in die negentiende eeu 'n behoefte ondervind aan persone wat die uitdaging van die praktyk kon aanvaar en baasraak. Gevolglik het die ideaal van 'n geleerde opvoeding in die ou tale en die letterkunde wat op die Europese model geskoei was, ontoereikend geblyk te wees, en ontwikkel programme vir tegniese opleiding na die burgeroorlog. Vir die doel word die sogenaamde „Land Grant Colleges" in die lewe geroep, maar ook die universiteite word by beroepsopleiding betrek.

Aanvanklik word nie duidelik tussen opleiding vir beroepe wat hoër en laer op die beroepsleer voorgekom het en wat respektiewelik 'n meer teoretiese en meer praktiese opleiding vereis het, onderskei nie.[45] Die resultaat was dat alle soorte beroepsopleiding nie altyd dieselfde status in die akademiese kring geniet het nie. Dit was dan ook die vernaamste probleem waarmee die Amerikaanse biblioteekkundige te kampe gehad het, naamlik, „of establishing the claims of librarianship as a university discipline, with their university peers as the people to be convinced."[46] In teenstelling met 'n land soos Engeland, waar die lede van die biblioteekberoep, veral die openbare bibliotekarisse, self eers daarvan oortuig moes word, het sy Amerikaanse kollega universitêre opleiding gouer aanvaar, hoewel leiersfigure, soos William F. Poole, aan die begin wel daarteen gekant was.[47]

Dit was teen hierdie agtergrond dat Dewey met sy „purely technical course" aan die University College of Columbia begin het. Omdat dit een van die minder bekende „beroepe" was, was die universiteitsowerhede nie baie geneë om bibliotekarisopleiding toe te laat nie en was

45) Ibid., p. 76.

46) *Saunders, W.L.* The library school in the university setting (*In:* International Conference on Education for Librarianship, University of Illinois, 1967. Library education: an international survey. Ed. by Larry E. Bone. (Urbana) University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1968. p. 79).

47) *Bramley*, op. cit., p. 77.

hulle nie spyt om weer daarvan ontslae te raak nie.[48]

Na die indringende ondersoek wat Abraham Flexner in 1910 na die stand van mediese opleiding ingestel en die ingrypende voorstelle tot verbetering wat daaruit voortgevloei het,[49] het nie alleen hierdie tipe opleiding daarby gebaat nie, maar alle ander tipes sodat beroepskole vroeg in die twintigste eeu 'n beter akademiese status binne die universiteite verkry het. Die gevolg was dat beroepsopleiding, veral vir die nie-tradisionele professies, insluitende die biblioteekwese, spoedig 'n hoër aansien as in Europa verwerf het.[50]

Die gunstige atmosfeer wat daarvoor bestaan het en die vroeë stadium waarop met voltydse opleiding aan inrigtings vir hoër onderwys begin is, het meegebring dat die Verenigde State die beste voorbeeld is van die wyse waarop bibliotekarisopleiding tot volwaardige beroepsopleiding op universitêre vlak gevorder het. Die invloed van die hoër onderwysstelsel was egter slegs een van die bydraende faktore aangesien die aard van biblioteekwerk en die neiging om die beroepsopleiding meer teoreties te maak, ook 'n belangrike bydrae in die ontwikkeling van beroepsopleiding vir biblioteekwerk gelewer het.

Die suiwer tegniese opleidingskursus van Melvil Dewey was ten spyte van teenstand van sowel binne as buite die beroep redelik geslaagd. Verdere skole het gevolg, meesal verbonde aan biblioteke soos die Los Angeles - Openbare Biblioteek en aan inrigtings wat tegniese opleiding gegee het, soos die Drexel Institute in Philadelphia. Ook hierdie nuwe skole volg die tegniese benadering, want in die meeste gevalle het hulle onder leiding van Dewey se oud-studente ontstaan.

In die samestelling van hul leerplanne het die vroeë biblioteekskole

48) Ibid., p. 78-80.
49) *Flexner, A.* Medical education in the United States and Canada. Boston, 1910.
50) *Saunders,* op. cit., p. 78.

nougeset met die behoeftes van die praktyk rekening gehou. „The education of librarians from 1887 to 1920 shows continuous improvements in method and organization, all geared to the practical problems of libraries which relied on the schools for help."[51]

Uit 'n vergelyking van die verskillende skole se kursusse vind White dat daar teen 1920 reeds 'n soort kernleerplan aangetoon kan word: boekkeuring, aanskaffing, bibliografie en naslaanwerk, katalogisering en klassifikasie, uitleenwerk, biblioteekadministrasie en die geskiedenis van boeke en biblioteke.[52]

Daar word aanvaar dat die tegniese opleidingsbenadering teen hierdie tyd in die Verenigde State gevestig was.[53] Tog het bibliotekarisopleiding dieselfde lae standaarde, wat in die vroeg twintigste eeu tiperend van beroepsopleiding in die algemeen was, gereflekteer. Dit is dan seker nie toevallig dat die Carnegie Corporation, wat die Flexner-opname oor mediese opleiding gefinansier het, ook fondse vir 'n soortgelyke opname oor bibliotekarisopleiding beskikbaar gestel het nie.[54]

In 1923 verskyn die verslag van C.C. Williamson,[55] waarin die beroeps- en intellektuele aspekte van bibliotekarisopleiding vir die eerste maal omskryf word in 'n poging om dit van die blote tegniese opleiding van Dewey en sy navolgers te onderskei.[56] Van die verskillende aanbevelings wat Williamson gemaak het, is die volgende onder meer van belang:[57] dat tussen biblioteekwerk van 'n beroepsaard en dié van

51) *White,* op. cit., p. 122.

52) Ibid., p. 183.

53) *Carroll, C.E.* The professionalization of education for librarianship, with special reference to the years 1940-1960. Metuchen, N.J., Scarecrow Press, 1970. p. 264.

54) *Bramley,* op. cit., p. 83.

55) *Williamson, C.C.* Training for library service; a report prepared for the Carnegie Corporation of New York. New York, Updike, 1923.

56) *Carroll,* op. cit., p. 252.

57) *Williamson,* op. cit., p. 136-146.

klerklike aard onderskei word en dat biblioteekskole net die suiwer beroepsopleiding moet onderneem; dat die beroepsopleiding op 'n volle voorgraadse opleiding volg; dat biblioteekskole slegs as departemente aan universiteite en nie aan inrigtings, soos biblioteke, verbonde moet wees nie; dat die studiekursus minstens oor twee jaar moet strek, met die eerste jaar aan basiese opleiding en die tweede jaar aan gespesialiseerde opleiding gewy; dat die Amerikaanse Biblioteekvereniging 'n stelsel vir die sertifisering van bibliotekarisse moet daar stel, en ook akkreditering van opleidingsprogramme moet oorweeg.

Die feit dat al hierdie aanbevelings, met die uitsondering van sertifisering, in vervulling gegaan het, dui op die belang van hierdie opname. Die verslag van Williamson was gerig teen die tipe tegniese opleiding wat deur Melvil Dewey in aansyn geroep is. In sy aanbevelings vertoon hy die invloede van opvattings wat oor beroepsopleiding in Amerika ontwikkel het. Basies het dit daarop neergekom dat bibliotekarisopleiding op universitêre vlak in die vorm van nagraadse beroepsopleiding met die klem op 'n teoretiese benadering aangebied moes word. Hiermee is die teenstelling tussen 'n meer tegniese opleiding gebaseer op die behoeftes van die praktyk teenoor „a theoretically-based education which would provide the initiate with the principles and philosophy of the profession and leave the technical aspects of training to his employer,"[58] aan die lig gebring en sou dit dwarsdeur die geskiedenis van bibliotekarisopleiding bly voortbestaan.

Die verslag van Williamson het die grondslag gelê vir 'n ontwikkeling wat sou uitloop op die verhoging van die standaard van bibliotekarisopleiding tot volwaardige beroepsopleiding op universitêre vlak volgens die opvatting wat daaroor in die Verenigde State bestaan het.

58) *Carroll*, op. cit., p. 12.

*4.4.4 Die neiging om beroepsopleiding meer teoreties in te stel*

Saam met veranderende opvattings oor die aard van biblioteekwerk en die invloed van die Amerikaanse stelsel van hoër onderwys, het die verskynsel om in beroepsopleiding aan 'n teoretiese benadering voorkeur te verleen, meegehelp om aan bibliotekarisopleiding in die Verenigde State vorm te gee.

'n Belangrike instrument in die hervorming van Amerikaanse bibliotekarisopleiding was die Board of Education for Librarianship wat grotendeels op grond van 'n aanbeveling deur Williamson deur die American Library Association in 1924 ingestel is om die akkreditering van opleidingsprogramme te onderneem.

Volgens die Amerikaanse stelsel beteken akkreditering dat 'n buite-instansie, gewoonlik die beroepsliggaam, opleidingsprogramme aan die hand van opleidingstandaarde evalueer om te verseker dat al die opleidingsinstansies opleiding wat van die vereiste standaard is, aanbied.

Die Board of Education for Librarianship en sy opvolger, die Committee on Accreditation het met die loop van jare verskillende stelle standaarde opgestel aan die hand waarvan die Amerikaanse biblioteekskole geëvalueer en 'n lys van geakkrediteerde skole opgestel is. Die verskillende stelle standaarde weerspieël nie alleen die ontwikkeling in die beroepsgemeenskap se opvatting van wat die opleiding behoort te wees nie, maar het inderdaad ook 'n rol gespeel in die opheffing daarvan tot volwaardige beroepsopleiding.

Die eerste stel standaarde van die American Library Association verskyn in 1925 en maak vir die evaluering van vier tipes biblioteekskole voorsiening:[59] 'n junior voorgraadse skool verbonde aan 'n

59) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Board of Education for Librarianship. First annual report of the Board of Education for Librarianship. *ALA Bulletin* 19:235-236, 1925.

biblioteek, kollege of universiteit met as toelatingsvereiste een jaar van kollegestudie; 'n tweede en 'n derde tipe skool verbonde aan inrigtings wat grade toeken en wat onderskeidelik drie jaar kollegestudie en 'n vierjarige kollegegraad as toelatingsvereiste stel; vierdens 'n gevorderde nagraadse biblioteekskool wat 'n integrale deel van 'n universiteit uitmaak en aan al die vereistes wat vir nagraadse studie gestel word, moes voldoen. Onder die eerste vyftien geakkrediteerde biblioteekskole van 1925 was daar egter nie een wat aan die vereistes van laasgenoemde kategorie kon voldoen het nie.[60)]

Die eerste hersiening van die standaarde in 1933 het geen ingrypende veranderings ingehou nie. Die klassifikasie van skole in kategorieë is egter gewysig sodat net vir drie tipes skole voorsiening gemaak word.[61)] Die kategorie I-skole het minstens 'n baccalaureusgraad vir toelating tot die eerste volle jaar van akademiese studie in biblioteekkunde vereis en kon ook gevorderde beroepsopleiding na die eerste jaar aanbied. Die kategorie-II skole kon alleen die eerste volle jaar van studie in biblioteekkunde aanbied en het vier jaar studie op kollegevlak as toelatingsvereiste gestel. In kategorie III het daardie skole geval wat die ekwivalent van een jaar akademiese studie in biblioteekkunde as onderdeel van 'n voorgraadse program aangebied het.

'n Graad is dus nie as toelatingsvereiste in die geval van kategorie-III skole gestel nie en die biblioteekskool kon selfs nog aan 'n goedgekeurde biblioteek verbonde gewees het.[62)] Die tekort aan personeel gedurende die oorlogsjare het daartoe gelei dat druk ontstaan het om meer kategorie-III skole te stig sodat afgestudeerdes vinniger gelewer kan word. Dit het 'n beweging weg van die ideaal van

60) *Carroll*, op. cit., p. 48.
61) Ibid., p. 49.
62) *Carroll*, op. cit., p. 76.

nagraadse beroepsopleiding beteken. Omdat beide die 1925- en die 1933-standaarde grotendeels daarop ingestel was om voorsiening vir al die bestaande biblioteekskole te maak, kon akkreditering nie daarin slaag om deur die toepassing van die standaarde die bibliotekarisopleiding drasties te verbeter nie.[63] Eers na die aanvaarding van die 1951-standaarde is van die swakker skole uitgeskakel en alleen dié wat aan die vereistes voldoen het, in die lys opgeneem.

Die bereiking van die ideaal van volwaardige beroepsopleiding, soos uitgedruk in die 1951-standaarde, is deur verskeie sake moontlik gemaak. Eerstens het die stigting van die Graduate Library School aan die Universiteit van Chicago hierin 'n belangrike aandeel gehad.

Volgens Amerikaanse opvattings is een van die onderskeidende kenmerke van 'n professie die aanwesigheid van 'n nagraadse skool aan een van die belangriker universiteite, wat deur persone van hoogstaande akademiese gehalte beman word. Reeds in die eerste standaarde van 1925 is vir so 'n opleidingsentrum voorsiening gemaak. Met behulp van finansiële ondersteuning van die Carnegie Corporation word die Graduate Library School in 1926 aan die Universiteit van Chicago gevestig. Dit staan in skerp teenstelling tot die grotendeels tegniesgeoriënteerde opleidingsprogramme wat op daardie stadium aan die ander biblioteekskole in swang was. Die stigting van die Graduate Library School getuig van die geloof wat sekere persone, hoewel in die minderheid, gehad het dat die biblioteekkunde 'n terrein was wat sistematies ondersoek kon word en dat die biblioteekberoep self ook tot die skepping van sy kennisbasis moes bydra. Aanvanklik het die Graduate Library School dit as sy taak gesien om in die eerste plek navorsing te doen en te publiseer, terwyl die basiese opleiding van bibliotekarisse aan die ander skole oorgelaat is. Mettertyd

63) Ibid.

is die standpunt gewysig en vanaf 1944 begin dit ook basiese opleiding aanbied.[64]

Die rigting wat deur die Graduate Library School voorgestaan is, is spoedig deur nog vier skole nagevolg. Vanaf 1927–1928 stel Illinois, Michigan, California en Columbia ook die sogenaamde „sixth-year master's degree" in.[65] Dit beteken dat 'n ekstra jaar aan nagraadse beroepstudie naas die basiese opleiding bestee is.

Hoewel dit nog 'n aantal jare sou duur voordat die begrip van nagraadse beroepsopleiding volle erkenning sou verkry, moet die krediet aan die Chicago Graduate Library School gegee word vir die feit dat dit die beroep wakker geskud het vir die noodsaaklikheid om sy opleiding te verhef tot „a graduate and scholarly level and to subject all its purposes and methods to the scrutiny of scientific investigation."[66]

Die feit dat bibliotekarisopleiding in Amerika vanaf 'n vroeë stadium op universitêre vlak aangebied is, het dit sterk aan die invloede uit die akademiese kring blootgestel. Dit het as aanleiding gedien om die tekortkominge van 'n suiwer tegniese beroepsopleiding by baie wat binne en buite die opleiding gestaan het, tuis te bring. Die logiese weg wat binne die Amerikaanse hoër onderwysstelsel oopgelê het, was om na nagraadse beroepsopleiding te streef. Die stigting van die Graduate Library School het bewys dat die ideaal verwesenlik kan word. Die meeste opleidingsprogramme het egter die tegniese benadering bly volg, en daarby het die verskillende tipes skole verhoed dat bibliotekarisopleiding die nodige erkenning op universitêre vlak verkry het.

64) Ibid., p. 264-265.

65) *Danton, J.P.* Between M.L.S. & Ph.D.; a study of sixth-year specialist programs in accredited library schools. Chicago, American Library Association, 1970. p. 2.

66) *Carroll,* op. cit., p. 255.

In die jare 1940–1960 het die professionalisering van die opleiding vinniger vordering gemaak. Die tweede faktor naas die Graduate Library School wat hierin 'n bepalende invloed uitgeoefen het, was die reeks konferensies wat van 1946 tot 1948 plaasgevind het.[67] Die volgende sake is van die vernaamste resultate wat daaruit voortgevloei het:[68] die erkenning van die nagraadse biblioteekskool as navorsingsentrum en opleidingsinstansie; die behoefte aan 'n algemeen vormende opleiding op die voorgraadse vlak; die vereiste van 'n graad as toelating tot die skole; die behoefte aan 'n vyfjarige meestersgraad as eerste beroepskwalifikasie; die kommer oor ongeakkrediteerde voorgraadse opleiding; die konsensus oor die noodsaaklikheid vir 'n kernleerplan wat deel van elke bibliotekaris se opleiding moes uitmaak en die moontlikheid van spesialisering in die tweede helfte van die vyfde jaar.[69]

'n Derde faktor wat sy invloed laat geld het, was 'n reeks kritiese opnames en studies oor bibliotekarisopleiding in dieselfde tyd, wat probleme aangedui het en nuwe insigte gebring het. Daar was die opname van Metcalf, Osborn & Russell[70] in 1942, waarin kritiek gelewer is op die gebrek aan dosente met die regte kwalifikasies, die elementêre aard van die leerplanne en die gebrek aan 'n teoretiese kennisbasis in die biblioteekkunde, en die studie van Wheeler[71] in 1946 waarin hy veral te velde trek teen verdere uitbreiding van kategorie-III skole omdat die gevaar van 'n verlaging van akademiese standaarde in hulle opleiding opgesluit gelê het.

67) Ibid., p. 69-112.

68) Ibid., p. 256-257.

69) 'n Baccalaureusgraad in die Verenigde State neem vier jaar van studie in beslag, gevolglik vind die beroepsopleiding hoofsaaklik in die vyfde jaar plaas.

70) *Metcalf, K.D. e.a.* Program of instruction in library schools. Urbana, University of Illinois Press, 1943.

71) *Wheeler, J.L.* Progress and problems in education for librarianship. New York, Carnegie Corporation, 1946.

Die invloed van hierdie konferensies en opnames is merkbaar in die eksperimentering met opleidingsprogramme wat in die veertiger jare onder geakkrediteerde skole van stapel gestuur word. In 1947 stel die Universiteit van Denver 'n nuwe vyfjaaropleiding in wat tot die meestersgraad lei.[72] Tot op die stadium is 'n baccalaureusgraad (Bachelor of Library Science) na vyfjaar studie toegeken, en kon 'n meestersgraad aan die kategorie-I skole na 'n sesde jaar van studie verwerf word.

Dit was duidelik dat die tyd aangebreek het om die 1933-minimum standaarde te hersien. Weens die groot verskeidenheid van opleidingsprogramme wat onder die ou standaarde en daarbuite tot stand gekom het, het die Board of Education for Librarianship besluit om net standaarde vir 'n basiese kwalifikasie daar te stel en die evaluering van voorgraadse en gevorderde opleidingsprogramme voorlopig buite rekening te laat.

Die aanvaarding van die 1951 *Standards for Accreditation*[73] was die vierde en belangrikste faktor wat tot volwaardige beroepsopleiding in Amerika sou lei. In 'n sekere sin was die standaarde 'n kulminasie van ontwikkelinge reeds beskryf, want dit was gebaseer op veronderstellings wat aan die nuwe opleidingsprogramme wat sedert die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom het, ten grondslag gelê het.[74] Hierdie veronderstellings was die volgende: dat daar 'n gemeenskaplike of kerninhoud is vir die opleiding van alle bibliotekarisse; dat hierdie inhoud 'n beroepskarakter het; dat die beroepsopleiding een jaar van die vyfjaarprogram van hoër onderwys moet beslaan; dat die suksesvolle aflegging van vyf jaar van akademiese

72) *Carroll*, op. cit., p. 154-159.

73) *ALA Bulletin* 46: 48-49, 1952.

74) *Leigh, R.D. red.* Major problems in the education of librarians. New York, Columbia University Press, 1954. p. 93.

en beroepsopleiding tot 'n meestersgraad behoort te lei; dat hierdie nagraadse beroepskwalifikasie as vereiste by die aanstelling in professionele betrekkings in biblioteke behoort te geld en dat die voorgraadse kursusse in biblioteekkunde gedeeltelik en voorlopig van aard is en nie volle beroepsstatus aan diegene wat dit voltooi, verleen nie.

Akkreditering volgens die 1951-standaarde is in 1957 afgehandel en van die kategorie-III skole wat nie die vereiste standaard kon haal nie, het nie erkenning gekry nie. Met hierdie ontwikkeling het bibliotekarisopleiding ook die status van volwaardige nagraadse beroepsopleiding bereik. „Through a gradual process, it had moved from apprenticeship in libraries to organized schools and curriculums which emphasized the practical and technical aspects of the subjects. From these, and particularly in the more advanced schools, there developed a more academic generalized concept of the librarian's education in close affiliation with other graduate programs."[75)]

'n Onvermydelike gevolg van die instelling van die vyfjarige meestersgraad as basiese kursus was dat die bestaande meestersgrade, wat na 'n sesde jaar van studie as 'n gevorderde kwalifikasie deur die vyf kategorie-I skole toegeken is, al minder ondersteun is en teen 1960 almal gestaak is.[76)] Dit het beteken dat die volgende stap na die basiese vyfjarige kursus studie op die doktorale vlak was. Slegs 'n paar van die biblioteekskole het doktorale programme aangebied en teen 1962 het sewe skole oor 'n tydperk van drie en dertig jaar net 173 doktorsgrade toegeken.[77)]

Weens die feit dat die bestaande doktorale programme nie voldoende persone met gespesialiseerde kennis en navorsingservaring kon lewer nie, het biblioteekskole vroeg in die sestiger jare begin om weer

75) *Carroll*, op. cit., p. 179.
76) *Danton*, op. cit., p. 4.
77) Ibid., p. 5.

gespesialiseerde kursusse na die basiese meestersgraad in te stel. Hierdie sogenaamde „post-Master's degrees" bied meer gespesialiseerde opleiding in 'n bepaalde rigting aan sonder om die klem so sterk op die navorsingsaspek, soos vir doktorsgraadstudie vereis, te laat val.

In een opsig is hierdie ontwikkeling 'n uitbouing van die nagraadse karakter van die beroepsopleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in die Verenigde State, maar in 'n ander opsig illustreer dit ook weer die invloed van die hoër onderwysstelsel van 'n land op die beroepsopleiding. In 'n studie oor die verskynsel van die „post-Master's degree" word bevind „that the sixth-year specialist programs in the library field closely parallel what is being done in numerous other professional fields."[78)]

Uit die voorafgaande blyk dit dat die twee faktore wat in hul invloed op die opleiding van biblioteekwerk ten nouste saamhang, die opvattings oor hoër onderwys in 'n bepaalde land en die teoretiese benadering van die opleiding is. Die twee lande wat hier ter sprake is, Groot-Brittanje en Verenigde State, bied goeie voorbeelde van die werking van die twee faktore. In Groot-Brittanje het die opvatting, dat die universiteite nie opleiding vir allerlei beroepe behoort aan te bied nie, daartoe bygedra dat bibliotekarisopleiding eers in die sestiger jare op 'n voltydse basis op universitêre vlak voorgekom het. Voor dié oorskakeling moes voornemende bibliotekarisse in ooreenstemming met die bestaande opvattings, hul beroepskwalifikasies verwerf deur 'n soort vakleerlingskap te volg en die eksamens van die beroepsvereniging te slaag. Selfs nadat ir rigtings vir hoër onderwys, in die geval tegniese kolleges, 'n aandeel in die opleiding begin neem het, was dit op die leerplanne

78) Ibid., p. 38.

vir die eksamens van die Library Association gebaseer.

Hierteenoor het die Amerikaanse universiteite vanaf 'n vroeë datum beroepsopleiding as hul taak beskou. Bibliotekarisopleiding het selfs in sy eerste formele vorm op universitêre vlak met die instelling van die kursus van Melvil Dewey in 1887 aan die University College, Columbia begin. Net soos met ander beroepsrigtings was die opleiding aanvanklik baie tegnies ingestel, maar nadat beroepsopleiding vroeg in die twintigste eeu skerp onder die soeklig gekom het, het die teoretiese benadering die oorhand begin kry. Dit was net 'n logiese ontwikkeling dat die oorskakeling van bibliotekarisopleiding na die akademiese milieu die uitwerking sou hê dat die karakter van die opleiding van 'n professioneel-tegniese na 'n professioneel-akademiese sou verander. Die stadium word in die Verenigde State in 1951 met die aanvaarding van 'n nuwe stel standaarde vir die akkreditering van opleidingsprogramme bereik, want daarin word neergelê dat bibliotekarisopleiding 'n gemeenskaplike kerninhoud met 'n beroepskarakter het en dat die beroepsopleiding in wese 'n nagraadse karakter het wat een jaar, verkieslik die laaste, van 'n studieprogram van vyf jaar beslaan. In Groot-Brittanje word 'n baccalaureusgraad of die ekwivalent daarvan selfs vandag nog nie as 'n vereiste vir die basiese beroepskwalifikasie van die Library Association gestel nie.

### *4.4.5 Invloed van spesialisasie en differensiasie as faktore in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk.*

#### *4.4.5.1 Inleiding*

Die neiging tot spesialisering van werksaamhede is een van die kenmerke van die sosiale organisasie in die moderne gemeenskap, want dit stel die mens in staat om beter beheer oor die omvang van sy aktiwiteite en sy kennis in verband daarmee te behou. Dit kom op alle lewensterreine voor, maar is juis die duidelikste op die terrein van

die kennis waarneembaar. In die natuur- en toegepaste wetenskappe het die verskynsel van spesialisering reeds in die vorige eeu sterk na vore begin tree en neem dit nog steeds toe. Die vermeerdering van die getal vakgebiede, iets wat deur spesialisering in die hand gewerk is, en die toespitsing van wetenskaplikes en navorsers op eng afgebakende probleemgebiede, het ongetwyfeld die behoefte aan biblioteek- en inligtingsdienste van 'n gespesialiseerde aard sterk gestimuleer. Maar ook in ander opsigte het die twintigste eeuse gemeenskap met sy komplekse samestelling van gediversifiseerde arbeids- en belangstellingsterreine 'n groter verskeidenheid van biblioteektipes en inligtingsdienste noodsaaklik gemaak om in die vele behoeftes aan lektuur en inligting te kan voorsien. Gevolglik ontwikkel vanaf die negentiende eeu nuwe tipes biblioteke soos nasionale, openbare, universiteits-, kollege- en skoolbiblioteke en dié wat volgens vakgebied, tipe gebruiker, of vorm van die materiaal gespesialiseer is, asook die verskillende vorms van dokumentasie- of inligtingsentrums wat later ontstaan het.

Terselfdertyd het die toenemende erkenning van die belangrike funksie van biblioteke en inligtingsdienste en die gepaardgaande groei van hierdie aktiwiteite tot 'n differensiasie van nuwe take en vlakke van werkverrigting in biblioteek- en inligtingswerk gelei. Sodoende kom deskundiges soos boekkeurders, katalogiseerders, indekseerders en inligtingsbeamptes deur funksionalisasie tot stand. Op dieselfde gronde van funksionalisasie word tussen vlakke in die personeelstruktuur, bv. professionele en klerklike personeel, onderskei.

In dié ontwikkelingsproses het die kragte van spesialisasie en differensiasie, wat in die sosiale organisasie in die algemeen werksaam is, 'n beslissende rol gespeel en moet ook met die invloed wat hulle op die opleiding kan uitoefen rekening gehou word. Van die faktore wat 'n invloed op opleiding uitgeoefen het, is hierdie die mees problematiese en oplossings vir die vraagstukke wat deur hul

werking meegebring word, kan nie altyd aangetoon word nie.

#### *4.4.5.2 Die werking van spesialisasie en differensiasie in die algemeen*

Hoewel spesialisasie en differensiasie nie onbekende verskynsels is nie, moet daarteen gewaak word om nie die werking van die twee kragte in die organisasie van die gemeenskapslewe met mekaar te verwar nie. Daar bestaan die neiging om die uitwerking van albei as spesialisasie aan te gee. Dit is insiggewend om in dié verband op die ontleding van die werking van spesialisasie en differensiasie as kragte in die ekonomiese en bedryfslewe deur Limperg en Van der Schroeff te let.[79)] Volgens hul beskouing oefen spesialisasie 'n horisontale krag uit waardeur ondernemings in die eksterne organisasie gevorm word wat slegs een of 'n beperkte getal produkte vervaardig of slegs 'n besondere diens lewer.

Die oprigting van gespesialiseerde ondernemings geskied dus op grond van die produk of diens wat gelewer word, byvoorbeeld 'n fabriek wat net skoene vervaardig of 'n winkel wat net hoede verkoop.

Differensiasie daarenteen het 'n vertikale werking waardeur die ondernemingslewe in horisontale geledinge verdeel word. In teenstelling met spesialisasie neem differensiasie die aard van die werk wat verrig word as die uitgangspunt. Wat vroeër 'n bepaalde bewerking in die totale produksieproses was, byvoorbeeld die maal van meel in die geval van 'n bakkery, word deur differensiasie afgesonder en as 'n afsonderlike onderneming voortgesit.

Differensiasie en spesialisasie werk ook deur in die interne organisasie van 'n onderneming waar dit veral op die groepering van werksaamhede in onderdele (departemente en betrekkings) 'n invloed uitoefen.

79) *Limperg, Th.* Bedrijfseconomie; verzameld werk, dl. V: Leer van de inwendige organisatie. Deventer, Kluwer, 1965.
*Van der Schroeff, H.J.* Leiding en organisatie van het bedrijf; 3e geheel herz en bijgewerkte dr. Amsterdam, Kosmos, 1965.

Die meubelafdeling in 'n groot afdelingswinkel is 'n spesialisasie op grond van die ware wat dit hanteer, maar die inkoop- of personeel-afdeling in dieselfde winkel is 'n differensiasie, want die groepering is op grond van die aard van die werksaamhede gedoen. Die werking van hierdie twee kragte in die interne organisasie van 'n biblioteek is reeds in 'n vorige ondersoek nader belig.[80)]

*4.4.5.3 Die werking van spesialisasie en differensiasie op die terrein van biblioteek- en inligtingswerk*

In die geheel gesien was biblioteek- en inligtingswerk aan geweldige veranderinge onderworpe en het die omtrekke en die onderdele daarvan vandag nog nie duidelik uitgekristalliseer nie.[81)] Deur met die werking van die kragte van spesialisasie en differensiasie rekening te hou kan 'n beter begrip van die verband tussen die verskillende aspekte van biblioteek- en inligtingswerk verkry word en mag dit ook meehelp om in die opleidingsituasie 'n beter houvas op sekere probleme te verkry.

In die historiese biblioteek was daar tot en met die negentiende eeu, as gevolg van sy eenheidskarakter en die feit dat biblioteekwerk nie as 'n arbeidsveld op sy eie beskou is nie, min tekens van die spesialisasie en die differensiasie van werksaamhede. Met die totstandkoming van die openbare biblioteek in die negentiende eeu het 'n verandering in die situasie ingetree. Dit ontwikkel as 'n nuwe tipe biblioteek wat die opheffing van die volksmassas as mikpunt gehad het en moet in sy aanvanklike toespitsing op 'n sekere tipe gebruiker as 'n spesialisering beskou word. Heel gou ontwikkel die openbare biblioteek egter as 'n maatskaplik-kulturele instelling met 'n

80) *Viljoen, A.J.* 'n Fundering van die interne organisasie van die universiteitsbiblioteek op teoretiese grondslae. M.A. (Bibl.)-verhandeling. Potchefstroom, 1967.

81) Hierdie feit blyk uit die swak ontwikkelde teoretiese basis wat vir beide die terreine bestaan, soos vroeër reeds in hoofstuk drie aangedui.

taak teenoor die gemeenskap in die algemeen en word dit veral as instrument gesien waardeur die individu en die groep intellektueel, kultureel en geestelik gevorm kan word.

Ongeveer dieselfde tyd lei ander maatskaplike ontwikkelinge, soos die snelle opbloei van die natuur- en toegepaste wetenskappe tot die ontstaan en beklemtoning van inligtingswerk waardeur die inhoud van die literatuur meer doeltreffend tot die beskikking van gebruikers gestel kan word. Indien openbare biblioteke met hul sterk beklemtoonde sosiale funksie aan die eenkant en wetenskaplike en nywerheidsbiblioteke met hul toespitsing op die inligtingsfunksie aan die ander kant, langs mekaar gestel word, het ons in hoofsaak met 'n horisontale differensiasie van werksaamhede te make. Daar moet egter op gelet word dat groter openbare biblioteke wat in die reël oor omvangryke en waardevolle versamelinge biblioteekmateriaal beskik het, in sommige gevalle self ook belangrike inligtingsaktiwiteite verrig het en nog steeds verrig.[82)]

Benewens die feit dat inligtingswerk in algemene sin in alle tipes biblioteke aanwesig was, is reeds aangetoon dat nuwe groeipunte van inligtingswerk in die negentiende eeu buite die biblioteekwese ontstaan het, soos die totstandkoming van uittrekseltydskrifte in 1830. Die groei van hierdie inligtingswerksaamhede het 'n noue verband met die behoeftes van die natuurwetenskappe en die tegnologie gehad, en die moontlikhede wat dit vir meer doeltreffende dienslewering op die gespesialiseerde terreine ingehou het, lei tot institusionalisering daarvan in die vorm van gespesialiseerde inrigtings soos gespesialiseerde biblioteke en dokumentasie- en later inligtingsentrums. Die feit dat hierdie inrigtings hul diens volgens bepaalde kriteria ingerig het, dui daarop dat hier van spesialisering binne die breër

82) In Suid-Afrika word die land se enigste algemene tydskrifindeks nog steeds deur sy grootste openbare biblioteek, naamlik dié van Johannesburg, saamgestel.

terrein van biblioteek- en inligtingswerk sprake is. Die inrigting kan gespesialiseerd wees volgens die behoeftes van 'n bepaalde vakgebied, byvoorbeeld kernkragnavorsing, of die tipe gebruiker is as vertrekpunt geneem, byvoorbeeld 'n tegniese inligtingsdiens. Hierdie tipe spesialisering is nie net tot die natuur- en toegepaste wetenskappe beperk nie soos blyk uit die talle vakbiblioteke op die gebied van die musiek, die teologie en die biblioteke vir blindes of inligtingsdienste vir sakelui wat vandag voorkom. 'n Derde tipe spesialisering gaan uit van die vorm van die materiaal, soos koerantbiblioteke, filmoteke of diskoteke.

Die werking van spesialisasie in die ordening van die terreine van biblioteek- en inligtingswerk sit homself in die vorming van departemente of takke in die interne organisasie van inrigtings voort. Voorbeelde hiervan is 'n mediese takbiblioteek binne die stelsel van 'n groot universiteitsbiblioteek (onderwerp), of 'n kinderafdeling van 'n openbare biblioteek (tipe gebruiker) of 'n departement vir tydskrifte, oudio-visuele materiaal, patente, ens. (vorm van die materiaal). Die meeste gespesialiseerde inligtingsentrums berus op spesialisasie omdat die klem of op die onderwerp van die materiaal, byvoorbeeld Nuclear Safety Information Centre, of op die tipe gebruiker, byvoorbeeld 'n militêre inligtingsdiens, val. Naas die groot verskeidenheid gespesialiseerde biblioteke en inligtingsentrums moet universiteits-, kollege-, en skoolbiblioteke as meer algemene vorms van spesialisasie volgens die tipe gebruiker gereken word. Ook die nasionale biblioteek met sy klem op die versameling, bewaring en ontsluiting van die nasionale boekproduksie hoort hier tuis.

Teenoor die neiging tot spesialisering het die snelle groei in die omvang van die arbeidsveld en die kennis in verband met biblioteke en inligtingsdienste asook meer komplekse organisasiepatrone, die behoefte geskep om arbeid ook volgens 'n ander grondslag, naamlik, dié van differensiasie, in te deel. Differensiasie hou in dat werksaamhede volgens die aard van die te verrigte arbeid gegroepeer word. Die

oorwegings wat in ekonomiese verband tot differensiasie lei, is nie in die eerste plek op die tipe gebruiker, die vakgebied of die vorm van die materiaal gerig nie, maar op 'n meer ekonomiese aanwending van arbeidskrag en middele en die beter benutting van die opleiding en ervaring van die persone in *funksionele* opsig.

Die groepering van werksaamhede met die oog daarop om arbeidskrag en middele meer ekonomies aan te wend, sal byvoorbeeld daartoe lei dat alle aanskaffing en voorbereiding van materiaal in 'n groot universiteitsbiblioteekstelsel sentraal verrig word ten spyte van die desentralisasie van die diens volgens ander oorwegings soos die tipe gebruiker of die onderwerpsterrein. 'n Veel goedkoper personeelstruktuur is nou moontlik omdat 'n kleiner aantal personeellede vir gesentraliseerde aanskaffing en voorbereiding nodig is, as wat die geval sou gewees het indien hierdie aktiwiteite in die voorgraadse biblioteek, die tydskrifdepartement en die onderwerpsdepartementele biblioteke gedupliseer sou word. Tweedens bied 'n gedifferensieerde organisasiestruktuur die moontlikheid om arbeidskrag en middele *funksioneel* beter te benut. In die geval van persone is hier geleentheid om aanleg, opleiding en ervaring te kombineer sodat groter deskundigheid ten opsigte van 'n sekere *soort* werk ontwikkel word. Sodanige persone word dan nie tot 'n sekere tipe biblioteek of diens deur sy „spesialisering" beperk nie. Bestuurder, katalogiseerder, indekseerder en inligtingsbeampte is voorbeelde hier.

Die uitwerking van differensiasie op biblioteek- en inligtingsgebied kan in die eerste plek in breër verband aangetoon word in die onderskeid tussen die sosiale biblioteekwese en die inligtingswese op grond van die onderlinge verskille in die aard van die aktiwiteite op die twee terreine. In die sosiale biblioteekwese, en dan veral in die openbare biblioteek, val die klem op die verwesenliking van sosiaal-opvoedkundige oogmerke deur die beskikbaarstelling en aanwending van literatuur en

inligting vir byvoorbeeld die opvoeding vir volwassenes, kulturele aksies of bloot net vir ontspanning. In die inligtingswese daarteenoor is die vernaamste doelwit die versameling, bewaring, ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting vir doeleindes van studie, navorsing, ontwikkelingswerk, beplanning, bestuur, ens. Die uitwerking van differensiasie kan ook in ander opsigte aangetoon word. Eerstens lei dit tot die vertikale differensiasie van werksaamhede in verskillende diensvlakke. Met verloop van tyd het daar veral drie diensvlakke uitgekristalliseer, naamlik, die professionele, die subprofessionele en die klerklike. Vertikale differensiasie van die operatiewe arbeid word grotendeels deur die eis om die biblioteek of inrigting so ekonomies moontlik te laat funksioneer in die hand gewerk. Benewens sekere suiwer professionele take soos saakkatalogisering, klassifisering, indeksering of inligtingsverskaffing moet nog 'n groot verskeidenheid subprofessionele en klerklike take in die lewering van 'n biblioteek- of inligtingsdiens verrig word. Die koms van formele opleiding, veral nadat universiteite begin het om dit te onderneem, het die besef gebring dat dit om ekonomiese redes wenslik is om die hoër en die laer gewaardeerde arbeid van mekaar te skei sodat persone met beroepskwalifikasies wat 'n veel hoër salaris verdien, nie hul tyd op elementêre en klerklike werk, verspil nie. Dit lei tot 'n definitiewe onderskeid tussen professionele en klerklike werk, maar die toenemende groei in die omvang van die organisasie en die volume van die werksaamhede wat verrig moes word, het ook die behoefte geskep om in die professionele groep verder tussen professionele en subprofessionele werk te onderskei. Die onderskeiding in drie vlakke, naamlik professioneel, subprofessioneel en klerklik is vandag in biblioteekwerk altans, 'n redelike algemene verskynsel.

Vanselfsprekend is die kwessie van formele opleiding vir klerklike werk nie hier ter sprake nie, dog slegs die beroepsopleiding vir die professionele en subprofessionele range. Opleiding vir laasgenoemde

kategorie is een van die neteligste probleme waarmee ons te make het.

In die tweede plek het die groei in die omvang van biblioteek- en inligtingsaktiwiteite en die ontstaan van meer komplekse organisasiestelsels die horisontale differensiasie van arbeid volgens funksie tot gevolg gehad. Hiervolgens het aspekte soos die bestuurstaak, boekkeuring, indeksering en die verskaffing van inligting onder gunstige omstandighede tot funksionalisasies ontwikkel wat redelik selfstandig beoefen kan word.

'n Faset van horisontale differensiasie van die arbeid wat spesiale vermelding verdien, is die praktyk wat in biblioteek- en inligtingswerk ontstaan het om gebruikers in die gebruik van inligtingsbronne, bibliografiese hulpmiddele en dienste en ander beskikbare inrigtings vir die hantering van inligting in te lei en te onderlê. Dit kan inderdaad as 'n soort inleiding tot die kommunikasie van inligting bestempel word. In die lig van die ernstige afmetings wat die inligtingsprobleem in al sy fasette besig is om aan te neem, is die hele aangeleentheid van die bestudering van die gebruiker van inligting en sy gewoontes, asook die aanbieding van kursusse waardeur persone beter in die gebruik van literatuur en inligting onderlê kan word, 'n saak wat ernstige aandag verdien.

Samevattend kan gestel word dat spesialisering in biblioteek- en inligtingswerk volgens die tipe gebruiker, die vakgebied of die vorm van die materiaal, asook die differensiasie volgens hoofrigtings en die vertikale en horisontale differensiasie volgens diensvlakke en funksies onderskeidelik, die grootste probleem is waarvoor beroepsopleiding vandag te staan kom. Op grond van die omvang wat biblioteek- en inligtingswerk bereik het en die kompleksiteit van die organisasies wat tot stand gekom het, bestaan die behoefte en noodsaaklikheid vir personeel om te „spesialiseer." Sodoende het die situasie ontwikkel

dat 'n blote basiese opleiding nie meer aan die eise van persone wat in 'n sekere biblioteektipe wil spesialiseer of wat hulle op 'n sekere funksie wil toelê, voldoen nie. „Specialization of library training presents itself to be the most important problem of improving library education, its most urgent aspect being the differentiated education of librarians for libraries of different categories."[83] Met hierdie stelling moet onvermydelik saamgestem word, dog wat belangrik is, is die wyse waarop dit tot uitvoer gebring word. Die geskiedenis van bibliotekarisopleiding in ander lande toon dat oormatige spesialisering in die opleiding, soos afsonderlike kursusse in tipes biblioteke, skadelik is vir 'n eenheidskonsepsie van die beroep. Waar spesialisering en differensiëring van opleiding in Suid-Afrika nog aan die begin staan, moet gepoog word om in die lig van die ervaringe tot 'n meer verantwoorde aanpak van die vraagstuk te kom.

Die behoefte aan gespesialiseerde en gedifferensieerde opleiding bring egter die vraagstuk van 'n basiese opleiding na vore. Vrae oor wat 'n basiese opleiding is en waarom dit nodig is en of 'n basiese opleidingskursus vir die terreine van biblioteek en inligtingswerk moontlik is, moet vooraf beantwoord word.

### *4.4.5.4 Die vraagstuk van 'n algemene basiese opleiding*

Die eerste en belangrikste rede vir 'n algemene basiese opleiding is dat een van die kenmerke van 'n beroep geleë is in die bestaan van 'n korpus van gemeenskaplike kennis wat as basis vir die beoefening van alle beroepsaktiwiteite behoort te dien. Die uitgangspunt is dat al die beoefenaars van 'n geleerde beroep in hierdie kern van kennis onderlê moet wees ongeag of hulle later in 'n bepaalde rigting wil spesialiseer, want sodoende word die eenheid van die beroep behou en bevorder. Daarmee word nie noodwendig bedoel dat die

83) *Gastfer, M.P.* Differentiated library training. *Inspel* 4: 67, 1969.

sogenaamde kernleerplan al die kursusse insluit wat in die voorbereiding van studente vir 'n beroepsloopbaan vereis word nie.[84] Die afwesigheid van 'n algemeen aanvaarde kernleerstof waarin alle nuwelinge onderrig behoort te word, hou die gevaar in dat die beroepsaktiwiteite en -opleiding 'n fragmentariese karakter sal vertoon. Die vraag kan tereg gestel word of 'n rigting wat nie 'n algemene basiese opleiding kan aanbied nie, inderdaad 'n beroep is? Om die rede moet ook gewaak word teen die neiging om die opleiding vir enige beroep onnodig in verskillende gespesialiseerde kursusse te versnipper wat nie op 'n voorafgaande basiese opleiding gefundeer is nie.

Naas hierdie primêre oorweging kan verdere sekondêre, hoofsaaklik praktiese, argumente ten gunste van 'n algemene basiese opleiding aangehaal word. Eerstens kan studente, veral skoolverlaters, baie moeilik vooraf besluit in watter bepaalde rigting hulle eendag sal wil spesialiseer.[85] Indien diepgaande inligting oor die vereistes wat deur die verskillende rigtings gestel word, beskikbaar sou wees, sou dit waarskynlik moontlik gewees het om hierdie probleem deur voorligting en keuring van studente uit te skakel. Tweedens sal enige oormatige spesialisering in die basiese opleiding die mobiliteit van personeel binne die beroep erg aan bande lê.[86] In 'n rigting waar ernstige mannekragprobleme ondervind word, is dit nie 'n verstandige beleid om te volg nie. Derdens is dit 'n uiters moeilike saak om rigtings vir basiese spesialisasie uit te sonder wat algemeen aanvaarbaar is en wat sal verseker dat genoegsame kandidate vir opleiding hulle sal aanmeld, want elke spesialis glo dat sy rigting so belangrik is dat 'n afsonderlike

84) *Asheim, L. red.* The core of education for librarianship: a report of a workshop held under the auspices of the Graduate Library School of the University of Chicago, August 10-15, 1953. Chicago, American Library Association, 1954. p. 2.

85) *Carroll,* op. cit., p. 263.

86) *Neill, S.D.* Another structuring of library science for the education of librarians. *Journal of education for librarianship* 12: 20, 1971.

opleiding daarin aangebied behoort te word.[87]

Die belangrikste argument ten gunste van 'n algemene basiese opleiding bly egter die bindende werking wat onderrig in 'n kernleerstof op die ontwikkeling van beide die beroep en die beroepsopleiding uitoefen. „The case for the generalist position derives its chief strength from the contributions it makes toward three prime objectives of any profession – unity, flexibility and mobility."[88] Uit die historiese oorsig en die ontleding en vergelyking van biblioteek- en inligtingkunde het geblyk dat hierdie terreine, ten spyte van verskille in benadering en in metodes van werk, basies na die kommunikasieverskynsel teruggevoer kan word. Tans is daar nog te min gedoen om 'n dissiplinêre raamwerk vir die verskillende rigtings wat met inligting, sy hantering en gebruikers te doen het, op grond van hierdie gemeenskaplike basis daar te stel.

Die situasie word onvermydelik in opleidingsprogramme weerspieël. Na gelang inligtingswerk sterker op die voorgrond getree het, het sommige bestaande biblioteekskole inligtingkundige kursusse, soos gemeganiseerde inligtingsontsluiting of stelselontleding en -ontwerp, by hulle programme ingesluit en dan gereken hulle lei inligtingkundiges op. Kursusse in inligtingkunde het ook as onderdele van ander studierigtings, veral die ingenieurswese, ontstaan, terwyl verskillende selfstandige opleidingsprogramme in inligtingkunde los van biblioteekkundige opleiding tot stand gekom het. Met enkele uitsonderings, soos die Universiteit van Sheffield se kursus in Engeland en die nuwe MLS-graad van die Universiteit van Kalifornië,[89]

87) *Shera, J.H.* The present state of education and training in documentation, information science, and special librarianship in the United States (*In:* International Federation for Documentation. 31st Congress, Washington, 1965. F.I.D. proceedings. Washington, Spartan Books, 1965. p. 32).

88) *Jackson, E.* en *Rothstein, S.* Should library schools produce specialists or generalists? *ALA Bulletin* 56: 322, 1962.

89) *Horn, A.H.* The new position on the M.L.S. degree at UCLA. *California libraries* 33: 5-8, 1972.

waar 'n definitiewe poging aangewend word om 'n kernleerstof oor biblioteek- en inligtingswerk aan te bied, kom so 'n basiese opleiding nog nie algemeen voor nie. Hierdie verskynsel moet baie direk aan die afwesigheid van 'n omvattende teorie waardeur die biblioteek- en inligtingspraktyk verklaar kan word, gewyt word. Konvensionele biblioteekopleidingsprogramme bevat wel gedeeltes wat ook in inligtingkundige opleiding gedek word, veral wanneer klem op die teoretiese aspekte van onderwerpe, soos die teorie van klassifikasie en saakkatalografie, stelselontleding en bestuurskunde, gelê word. Hierdie opleidingsprogramme skiet in die oë van inligtingkundiges in ander opsigte egter nog ver tekort.

Dit is opvallend dat skrywers uit die geledere van die biblioteekwese in die afgelope tyd met breë riglyne vir opleidingsprogramme gekom het, waarin belangrike aspekte van beide terreine geïntegreer is. Caldwell deel byvoorbeeld sy voorgestelde program in drie dele in: „a study of knowledge itself, its origins, production and growth, and the forms in which it is represented; the organization and management of the resultant 'vehicles' for the conveyance of knowledge; a study of users of knowledge, their needs, latent as well as expressed, their motivations in the use of knowledge, and the social consequences of this."[90)]

Die opkoms van die inligtingkunde het 'n belangrike bydrae gelewer om biblioteekkundiges daartoe te bring om hul eie terrein en dus ook die opleiding in die breër verband van die kommunikasieverskynsel te benader. Na gelang daarin geslaag word om die breër aspekte van kommunikasie in opleidingsprogramme vir biblioteek- en inligtingswerk in te sluit, behoort 'n ware algemene basiese opleiding nader aan verwesenliking te kom. Hierdie stadium is nog nie bereik nie, en daarom moet opleiding vir inligtingswerk, wanneer die hele probleemgebied

90) *Caldwell, W.* Libraries and information science. *Library association record* 72: 139, 1970.

van biblioteek- en inligtingswerk globaal benader word, voorlopig as 'n gespesialiseerde saak beskou word.

Die vraagstuk van 'n algemene basiese opleiding, en veral soos gestel teenoor spesialisering in die opleiding, kom in verskillende lande na vore. In die Verenigde State was daar reeds in 1909 druk gewees om gespesialiseerde bibliotekarisopleiding aan te bied. Retrospektief gesien, meen White dat die uitstaande kenmerk van hierdie bedeling nie soseer die onvermoë van die biblioteekskole was om 'n bevredigende opleiding vir 'n verskeidenheid van tipes werk te voorsien nie, „but the beginnings of earnest search for ground on which to revise the logic of current expectations that these specialties had to be accompanied by corresponding proliferation of library-school courses."[91)]

Hierdie stryd tussen die voorstanders van die fragmentering van opleiding in gespesialiseerde rigtings en diegene wat 'n basiese opleiding as eerste vereiste gestel het, het in die Verenigde State voortgeduur tot met die aanvaarding van die *Standards for Accreditation* in 1951.[92)] Vier belangrike beginsels is in die standaarde neergelê, naamlik: dat die basiese opleiding van bibliotekarisse oor vyf jaar na skool moet strek; dat die opleidingsinhoud, hoewel nie noodwendig in die laaste jaar saamgetrek nie, die ekwivalent van een akademiese jaar moet beslaan; dat die primêre doelstelling van die opleidingsprogram is om studente in die fundamentele beginsels en prosesse wat gemeenskaplik aan alle tipes biblioteke en alle aspekte van biblioteekwerk is, te onderlê; dat die onderrig in gespesialiseerde aspekte van biblioteekwerk 'n plek in die basiese program kan kry, maar nie ten koste van die vereiste algemene akademiese en professionele vorming nie.

91) *White*, op. cit., p. 185.
92) *Carroll*, op. cit., p. 299-302.

Met die aanvaarding van die standaarde is van die veronderstelling uitgegaan dat 'n basiese opleiding waardeur studente vir alle soort biblioteekwerk voorberei word, 'n voorvereiste is en dat spesialisering hierop kan volg, sodat dit op 'n goeie begronding van 'n kernleerstof gebaseer kan wees. Sodoende het die pleidooie vir gespesialiseerde basiese opleiding, sover dit tradisionele biblioteekwerk betref, in die Verenigde State die finale nekslag gekry. In die jongste hersiening van die American Library Association se standaarde in konsepvorm word hierdie standpunt in hoofsaak weer bevestig, maar word daar wel ook vir spesialisering in die basiese opleidingsprogram voorsiening gemaak.[93)]

In tabel 1 wat aan *Education for librarianship*[94)] ontleen is, word 'n ontleding van vyftig van die twee en vyftig geakkrediteerde biblioteekskole se programme vir 1970 ten opsigte van die vakke wat as kernleerstof beskou word, gegee.[95)] Hieruit blyk weliswaar dat die idee van 'n kernleerplan agteruitgang toon. Slegs nege van die skole stel historiese biblioteekkunde as 'n verpligte vak, terwyl biblioteekbedryfskunde deur vier en twintig vereis word. 'n Nuwe vak soos inligtingkunde word net deur agt van die inrigtings as verpligtend gestel. Dit is egter ewe opvallend dat die verpligte vakke, met die uitsondering van inligtingkunde en navorsingsmetodes, nog in hoofsaak dieselfde is as die wat in Williamson se verslag wat in 1923 verskyn het, vermeld is.[96)]

93) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Revised standards for accreditation. *American libraries* 2: 959-963, 1971.

94) *Reed, S.R.* The curriculum of library schools today: a historical overview (*In:* Education for librarianship: the design of the curriculum of library schools. Ed. by Herbert Goldhor. Urbana, Ill., University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1971. p. 30).

95) Ibid., p. 29-36.

96) *Osborn, A.D.* The design of the curriculum for the third era of education for librarianship (*In:* Education for librarianship: the design of the curriculum of library schools. Ed. by Herbert Goldhor. Urbana, Ill., University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1971. p. 165).

Tabel 1

Distribution of core courses by number and percent of schools

| *Subject Area* | *Required Courses* | *Elective Courses* | *Content Included in Other Courses* | *Schools Offering Courses* | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | *Number* | *Percent* |
| Reference and bibliography | 42 | 5 | 3 | 50 | 100 |
| Cataloging and classification | 42 | 4 | 4 | 50 | 100 |
| Selection and acquisition | 32 | 10 | 4 | 46 | 92 |
| Introduction to librarianship; library in society | 26 | 11 | 3 | 40 | 80 |
| Administration, management, and systems analysis | 24 | 3 | 23 | 50 | 100 |
| Research methods | 14 | 29 | 0 | 43 | 86 |
| History of books and libraries | 9 | 35 | 4 | 48 | 96 |
| Information science | 8 | 36 | 6 | 50 | 100 |
| Communication and libraries | 4 | 18 | 0 | 22 | 44 |
| Seminar: issues and trends | 3 | 30 | 4 | 37 | 74 |

Oorgeneem uit *Education for librarianship; the design of the curriculum of library schools. Ed. by Herbert Goldhor. Urbana, Ill., University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1971*, p. 30

In teenstelling met die Verenigde State het 'n vorm van basiese opleiding vir biblioteekwerk sedert 1914 in Groot-Brittanje bestaan. Met die uitsondering van studente aan die biblioteekskool van die Universiteit van Londen, wat vanaf 1919 vir sy eie diploma opgelei het, moes alle persone wat as bibliotekarisse wou kwalifiseer, vanaf 1914 die eksamens van die Library Association aflê.[97)]

Die feit dat groei en ontwikkeling binne die biblioteekwese die behoefte aan iets meer as die bestaande basiese opleiding geskep het, blyk uit die hersiening van die Library Association se opleidingsprogramme want in 1933 word die eerste keer vir 'n mate van spesialisering by wyse van keusevraestelle in die finale eksamen voorsiening gemaak.[98)] Hierdie tendens word in die volgende twee hersienings in 'n versterkte mate voortgesit. Die 1964-hersiening was tewens die eindresultaat van lang uitgerekte samesprekings en onderhandelinge tussen die Library Association en Aslib in 'n poging om beter in laasgenoemde vereniging en sy lede se vereistes vir meer gespesialiseerde opleiding te voldoen. Volgens Aslib was die opleiding na die hersiening egter nog steeds te veel op die behoeftes van die openbare biblioteek gerig en het dit nie voldoende spesialisering in gespesialiseerde biblioteekwerk en in inligtingswerk moontlik gemaak nie.[99)]

Die 1964-hersiening se leerplan was vir voltydse studie oor twee jaar bedoel en is uit twee dele saamgestel. Die eerste deel is net aan kernleerstof gewy om die student in die basiese beginsels wat gemeenskaplik aan alle biblioteektipes is, te onderlê. Dit sluit vraestelle oor die biblioteek en gemeenskap, die beheer van biblioteke, die

97) *Bramley*, op. cit., p. 28.
98) Ibid., p. 39-40.
99) Ibid., p. 58.

organisasie van kennis en bibliografiese beheer in. In die tweede deel van die kursus is dit vir die student moontlik om tussen alternatiewe vraestelle volgens biblioteektipe of aspekte van biblioteekwerk waarin hy belangstel, te kies. Hierdie tweeledige leerplan was vir nie-gegradueerdes bedoel, terwyl 'n leerplan vir 'n nagraadse diploma vir gegradueerdes ook ingestel is, wat in hoofsaak met die voorafgaande ooreengekom het, behalwe dat nie in dieselfde mate vir spesialisering volgens biblioteektipe voorsiening gemaak is nie.[100)]

Net soos in die Verenigde State het die beroepsvereniging in Engeland van die veronderstelling uitgegaan dat alle bibliotekarisse eers 'n basiese opleiding moes ondergaan en dat spesialisering in aspekte van biblioteekwerk, soos die teorie van katalogisering en klassifikasie, of die hantering en disseminasie van inligting, op die basis hiervan kon plaasvind. Die basiese opleiding in Engeland het egter nooit dieselfde standaard as in die Verenigde State bereik nie. In teenstelling met die Britse opset waar nie-gegradueerdes dieselfde kwalifikasie as gegradueerdes kon behaal en die opleiding ook aan kolleges vir gevorderde tegniese onderwys gevolg kon word, is die Amerikaanse basiese opleiding na 1951 tot die universitêre vlak en in hoofsaak tot die nagraadse vlak beperk.

In Europese lande oefen die geleerde tradisie 'n besondere invloed uit op die opvattings rakende 'n basiese opleiding vir biblioteekwerk. Van persone wat daarin geïnteresseerd is om hulle vir 'n loopbaan in 'n wetenskaplike biblioteek te bekwaam word verwag om eers gevorderde studie in 'n vakrigting te voltooi alvorens die beroepsopleiding aangepak word. Die gekombineerde studie van 'n vakrigting en die biblioteekwetenskap word as die basiese opleiding beskou. Hierdie benadering word nog in 1955 in Oos-Duitsland met die beplanning van 'n nuwe universitêre kursus aan die Humboldt Universiteit in Berlyn gevolg.[101)]

100) Ibid., p. 64.

101) *Kunze, H.* The training of librarians and documentalists in the German Democratic Republic. *Journal of librarianship* 2: 46-47, 1970.

Die opleiding van personeel vir sosiale biblioteekdiens daarenteen is oorwegend tegnies van aard en sluit heelwat ervaringsdiens in as 'n vorm van opleiding. Dit geskied ook op 'n laer vlak en vereis nie 'n universiteitsgraad vir toelating tot die beroepstudies nie. In die geval van Wes-Duitsland word daar aan sommige biblioteekskole wel deesdae ook op die hoër vlak vir openbare biblioteekwerk opgelei.[102)]

In Duitsland is die struikelblok in die weg van 'n basiese opleiding vir alle biblioteektipes dus net omgekeerd deurdat die meeste klem op die personeelbehoeftes van wetenskaplike biblioteke gelê word en die openbare biblioteek verwaarloos word. 'n Aanduiding dat die wenslikheid van 'n breë algemene basiese opleiding ook in Europa wel ingesien word, vind ons in die woorde van prof. L. Brummel wanneer hy in 1962 verklaar dat hy glo dat biblioteekskole die enigste moontlikheid bied „om alle bibliotheekopleidingen tezamen te brengen en de ontwikkeling te sturen in de richting van een gemeenschappelijke onderbouw met daarboven gedifferentiëerde opleidingen voor verschillende bibliotheektypen."[103)]

Samevattend kan gestel word dat die belang van 'n basiese opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in verskillende lande ingesien word, maar dat geen algemene patroon aangewys kan word nie. In dié opsig toon die basiese opleiding van die geakkrediteerde biblioteekskole in Amerika in die vorm van hul vyfjarige meestersgraad die grootste mate van eenvormigheid en die hoogste standaard wat die vlak van aanbieding betref.

102) *Carroll, F.L.* Library education in West Germany. *Wilson library bulletin* 43: 994, 1969.

103) *Centrale Vereniging voor Openbare Bibliotheken.* Commissie Middelbare Bibliotheekscholen. Rapport. (s.pl.) 1962. p. 9.

#### *4.4.5.5 Spesialisasie in die opleiding*

##### *4.4.5.5.1 Inleiding*

Die toename in die omvang en intensiteit van biblioteek- en inligtingswerk as gevolg van die eise van omstandighede en die daarmee gepaardgaande groter en meer komplekse organisasiestrukture van die inrigtings wat biblioteek- en inligtingsdienste lewer, is twee van die faktore wat die behoefte aan personeel met gespesialiseerde opleiding verhoog het.

Soos reeds aangetoon verloop spesialisering in die biblioteek- en inligtingspraktyk hoofsaaklik in drie rigtings, naamlik volgens onderwerpsterrein, tipe gebruiker of vorm van die materiaal. Die motivering agter hierdie verskillende spesialiseringsrigtings is die moontlikheid om 'n diens te lewer wat beter by die behoeftes van die gebruikers aangepas is en om die gespesialiseerde opleiding, kennis en ervaring van personeel beter te benut.

'n Persoon met 'n algemene basiese beroepskwalifikasie wat in 'n biblioteek of inligtingsdiens beland, wat volgens een van die bogenoemde kriteria gespesialiseer is, mag vind dat hy met probleme te doene kry wat in sy basiese opleiding, of glad nie, of nie intensief genoeg behandel is nie. Hierdie leemte in 'n algemene basiese opleiding word goed besef, maar sekere faktore het nog altyd die oplossing daarvan op 'n wyse wat almal tevrede stel, in die wiele gery.[104] Eerstens geld die gebrek aan tyd om te kan spesialiseer. Volgens die markwaarde wat deur die gemeenskap aan 'n opgeleide bibliotekaris geheg word in die vorm van die salaris wat betaal word, kan daar vandag hoogstens een jaar van die totale opleidingstyd aan die beroepsgedeelte van die opleiding bestee word. Soos reeds aangetoon, verkies die beroepsgemeenskap dat hierdie tydperk wat vir die verwerwing van 'n eerste

104) *Jackson, E.* en *Rothstein, S.* op. cit., p. 321-322.

beroepskwalifikasie beskikbaar is, hoofsaaklik vir 'n algemene basiese opleiding gebruik word, maar een akademiese jaar is vandag alreeds ontoereikend om aan die basiese opleiding reg te kan laat geskied.

'n Tweede praktiese probleem in die weg van beter gespesialiseerde opleiding is „the indeterminate character of courses proposed."[105] Daar was in die verlede weinig ooreenstemming oor die soort opleiding wat personeel vir gespesialiseerde biblioteekwerk moes ontvang. Hierdie besef het Amerikaanse bibliotekarisse vroeg in die vyftiger jare daartoe gebring om 'n paneel van deskundiges aan te wys wat die nodige leerplanne kon uitwerk. Die resultaat van hul pogings is in die vorm van 'n tydskrifartikel gepubliseer.[106] Met verwysing na hierdie leerplanne verklaar Shera dat daar onder hulle nie een kursus was wat vir alle studente noodsaaklik geag is nie. „What the authors sought was subject knowledge supported by enough library science to put that knowledge to effective use."[107]

'n Goeie vakagtergrond in die betrokke spesialiteitsrigting is feitlik die enigste vereiste in opleiding vir gespesialiseerde biblioteek- en ook in inligtingswerk waaroor eenstemmigheid bestaan het, en dit het in werklikheid niks met beroepsopleiding as sodanig te doen nie. Die enigste bydrae wat die opleidingsinstellings in dié verband kan lewer, is om die beroepsopleiding so te organiseer dat voldoende persone uit 'n verskeidenheid van vakrigtings dit kan volg. Dit is byvoorbeeld een van die redes waarom 'n hoër diploma in biblioteekkunde in Suid-Afrika in stand gehou word.

'n Ander rede waarom daar in die verlede nie met duidelikheid aange-

105) Ibid., p. 321.

106) *Education* for special librarianship. *Library quarterly* 24: 1-20, 1954.

107) *Shera, J.H.* An educational program for special librarians. *Journal of education for librarianship* 1: 121-122, 1960/61.

toon kon word watter soort gespesialiseerde opleiding aangebied moet word nie, was die onsekerheid oor die omvang en aard van die terrein van gespesialiseerde biblioteekwerk en inligtingswerk. Hierdie terrein het snel verander en met verloop van tyd is ook heelwat nuwe aktiwiteite, soos abstrahering en indeksering, vertaling en die skryf en redigering van publikasies, as normale pligte aanvaar. Teen die vyftiger jare het die terrein van inligtingswerk as gespesialiseerde aktiwiteit egter tot so 'n mate gestalte begin kry dat afsonderlike kursusse en selfs opleidingsprogramme in verskillende lande daarvoor ingestel is. Hoewel daar nou meer konkreet gestel kan word wat hierdie gespesialiseerde opleiding behoort in te hou, is daar ook nog wyd uiteenlopende benaderings wat aansienlik van mekaar verskil. Hierop word later teruggekom.

'n Derde probleem van 'n praktiese aard is om geskikte personeel vir die aanbieding van allerlei gespesialiseerde kursusse te vind. Omdat hulle nie almal voltyds betrek kan word nie, word van die persone deeltyds ingespan. Die gebrek hiervan is die afwesigheid van voortgesette toesig oor die studente en min deelname aan die uitbouing van die program.

Miskien nog die grootste probleem is, in die vierde plek, die studente self. Behalwe die probleem dat die student selde vooruit weet in watter rigting hy wil spesialiseer, is dit ook baie moeilik om vooruit te bepaal of die aanvraag vir persone met 'n eng gespesialiseerde opleiding groot genoeg sal wees en sal bly om die aanbieding daarvan te regverdig.

Hierdie vier struikelblokke het in die verlede die toename in gespesialiseerde opleiding in die wiele gery omdat hulle opleidingsinrigtings beïnvloed het om eerder die klem op 'n algemene basiese opleiding te laat val.

#### 4.4.5.5.2 *Die aard van gespesialiseerde opleiding*

'n Ontleding van die praktyk toon dat spesialisering in biblioteek- en inligtingswerk volgens die vakgebied, die tipe gebruiker of die vorm van die materiaal óf in die vorm van 'n volledige biblioteek- en inligtingsdiens óf in die vorm van 'n onderdeel van eersgenoemde soos 'n departement of tak, kan voorkom. Dit beteken dat hier meesal 'n biblioteek- en/of inligtingsorganisasie bestaan wat net soos die meer algemene biblioteke die versameling, die bewaring, die ontsluiting en die beskikbaarstelling van inligting ten doel het. Die vernaamste verskil is die toespitsing op die betrokke spesialiseringsrigting en die intensiteit waarmee die werk verrig word, wat beteken dat dit 'n graad- en nie 'n soortverskil is nie. In so 'n gespesialiseerde eenheid geskied die versameling van materiaal en inligting op 'n meer intensiewe en doelgerigte wyse, die ontsluiting van inligting word met groter diepte en presiesheid uitgevoer en die inligtingsdiens is meer dinamies en persoonlik gerig as wat die geval in 'n algemene biblioteek is.

Daar is weliswaar aktiwiteite soos abstrahering, vertaling, skryf van verslae of die redigering van publikasies wat nie normaalweg in algemene biblioteke aanwesig is nie en ook minder aandag in basiese opleidingsprogramme ontvang.

Origens word die diens wat gelewer word tot so 'n mate op die voorwerp van spesialisasie gerig dat hieruit verskille mag voortvloei. In vakbiblioteke word geweldig baie waarde aan vakkennis in die spesialiteitsrigting geheg omdat die vermoë van die personeel om met die gebruikers te kommunikeer en inligting te hanteer en te evalueer hierdeur bepaal word, maar dit is 'n saak wat buite die terrein van beroepsopleiding lê. In die geval van spesialisering volgens die tipe gebruiker word 'n intieme kennis van die gebruikers en hul behoeftes vereis, soos wat deur kinderbiblioteekwerk geillustreer word. So

ook sal die sukses van die aktiwiteite van versameling, ontsluiting en beskikbaarstelling in 'n diens wat volgens die vorm van die materiaal gespesialiseer is, deur 'n grondige kennis van die tipe materiaal bepaal word.

Aangesien die aktiwiteite wat uitgevoer word en die metodes en die tegnieke wat vir die verskillende spesialiseringsrigtings toegepas word basies dieselfde is, is daar in die verlede geglo dat teen die fragmentering van die opleiding in 'n groot aantal gespesialiseerde opleidingsprogramme gewaak moet word omdat dit onnodige duplisering sal meebring.[108] In sommige gevalle mag 'n persoon met 'n grondige basiese opleiding aangevul deur indiensopleiding moontlik daarin slaag om die mas op te kom. Die behoeftes van die praktyk het egter ook getoon dat sekere rigtings op meer doelgerigte gespesialiseerde opleiding kan aanspraak maak. Soos aangetoon was die mees algemene benadering om naas onderrig in sekere kernvakke soos biblioteekbedryfskunde, katalogisering en klassifikasie, naslaanwerk en keuring van materiaal, studente toe te laat om deur middel van keusevraestelle meer gespesialiseerde opleiding te ontvang.

Hierdie idee van spesialisering in die basiese opleiding tref ons in beide die Amerikaanse en Britse opleidingsprogramme aan. In albei lande het dit op 'n vroeë stadium die gebruik geword om keusevraestelle in die basiese opleiding in te sluit waardeur die student meer klem op 'n sekere rigting kon lê. Sodra 'n nuwe rigting homself genoegsaam bewys het en voldoende aanvraag vir die opleiding na vore gekom het, is 'n nuwe keusevraestel bygevoeg. Voorbeelde hiervan is kursusse in kinderbiblioteekwerk, skoolbiblioteekwese, spesiale biblioteekwese, oudio-visuele materiaal, dataprosessering en outomatisering, inligtingsontsluiting en inligtingkunde.

108) *Reece, E.J.* Programs for library schools. New York, Columbia University Press, 1943. p. 60-61.

Die opleidingsprogramme van die Library Association bied in dié verband 'n goeie voorbeeld van hoe daar langs dié weg gepoog is om in bibliotekarisopleiding vir spesialisering voorsiening te maak. Die opleidingsprogram van die Library Association bestaan uit twee dele.[109] Deel I omvat die kernleerstof wat in die volgende vraestelle ingedeel word: (1) The library and the community; (2) Goverment and control of libraries; (3) The organization of knowledge; en (4) Bibliographical control and service. Deel II van die kursus is uit drie afdelings saamgestel, genoem A, B en C. Afdeling A bestaan uit drie vraestelle: akademiese en nasionale biblioteke, spesiale biblioteke en inligtingsdienste en openbare biblioteke. 'n Kandidaat kies een van die drie rigtings uit afdeling A en nog vier vraestelle uit afdelings B en C, wat na sy keuse 'n bepaalde rigting kan beklemtoon. Indien hy byvoorbeeld in 'n inligtingswerkrigting wil spesialiseer, neem hy uit lys A spesiale biblioteke en inligtingsdienste; uit lys B vraestelle soos indeksering, praktiese indeksering, bibliografie, disseminasie van inligting en naslaan- en inligtingsdienste en uit lys C 'n vraestel oor die bibliografiese organisasie van die vakgebied waarin hy belangstel. Op dieselfde wyse kan 'n kursus met 'n beklemtoning van een van die ander twee hoofrigtings saamgestel word.

Die verkleefdheid aan die tradisionele kernleerplan plus 'n verskeidenheid van keusevraestelle het op geen stadium egter aan die eise van sekere gespesialiseerde groepe voldoen nie.[110] So byvoorbeeld word opleiding van skoolbibliotekarisse vandag grotendeels selfstandig aangebied en opleiding vir inligtingswerk word ook in sommige gevalle as 'n afsonderlike gespesialiseerde opleiding aangetref.

109) *Library Association.* Student's handbook, 1972-'73. London, 1972. p. 11-12.

110) *Farradane, J.E.L.* The Institute: the first twelve years. *The information scientist* 4: 143-145, 1970.

Dit is ook belangrik om te let op die uitsprake van verskillende sprekers by 'n konferensie oor bibliotekarisopleiding wat in 1970 in die Verenigde State gehou is. Behalwe die feit dat die meeste van die sprekers op direkte en indirekte wyse vir radikale hersiening van bibliotekarisopleidingsprogramme gepleit het, het sommige op die noodsaaklikheid van spesialisering in rigtings gewys wat in die verlede oënskynlik op bevredigende wyse in die tradisionele programme in Amerikaanse biblioteekskole gedek is. Evans bepleit gespesialiseerde opleiding vir akademiese biblioteekwerk,[111)] terwyl Monroe dieselfde doen vir openbare biblioteekwerk.[112)] Asheim vestig die aandag op die tendens om vir gespesialiseerde leerplanne voorsiening te maak wat daarop gemik is om opleiding in 'n enkele aspek van biblioteekdiens te verskaf, soos in skoolbiblioteekkunde, onderrigshulpmiddele en inligtingkunde. Ander skole spits hulle weer toe op die uitbouing van enkele sterk spesialiseringsrigtings in plaas daarvan om opleiding in al die fasette van biblioteekwerk te gee.[113)]

Vanweë die belangrike implikasies wat gespesialiseerde opleiding in inligtingswerk vir die onderhawige studie inhou, word die saak nou afsonderlik oorweeg.

#### 4.4.5.5.3 *Gespesialiseerde opleiding vir inligtingswerk*

Die verteenwoordigers van die gespesialiseerde biblioteekwese was van die vroegste pleitbesorgers vir meer en beter gespesialiseerde opleiding. Ten spyte van hul ontevredenheid met die bestaande basiese

111) *Evans, G.E.* Training for academic librarianship: past, present and future (*In:* Education for librarianship: the design of the curriculum of library schools. Ed. by Herbert Goldhor. Urbana, Ill., University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1971. p. 98-119).

112) *Monroe, M.E.* Curriculum for the preparation of public librarians (*In:* Education for librarianship: the design of the curriculum of library schools. Ed. by Herbert Goldhor. Urbana, Ill., University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1971. p. 120-129).

113) *Asheim, L.* New trends in the curriculum of library schools (*In:* Education for librarianship: the design of the curriculum of library schools. Ed. by Herbert Goldhor. Urbana, Ill., University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1971. p. 68).

bibliotekarisopleiding kon hulle naas die vereiste van 'n toepaslike vakkundige agtergrond vir 'n lang tyd nie met duidelikheid aantoon presies waaruit hierdie gespesialiseerde opleiding moes bestaan nie. Dit word beweer dat die stadige vooruitgang wat met die tipe opleiding gemaak is, nie soseer aan agtelosigheid en 'n gebrek aan belangstelling toegeskryf moet word nie, maar aan die „confusion of objectives and purpose, absence of a sense of direction, and lack of vigorous leadership."[114]

Die opbloei van inligtingswerk, veral na die Tweede Wêreldoorlog, as 'n aktiwiteit wat primêr daarop ingestel was om die versameling, bewaring, ontsluiting en beskikbaarstelling van *inligting* op die terreine van die natuur- en toegepaste wetenskappe op 'n meer gespesialiseerde en intensiewe wyse te onderneem het die weg tot meer doelgerigte opleidingsprogramme in inligtingswerk gebaan.

Die gespesialiseerdheid van inligtingswerk as terrein lê nie in die tipe werk wat verrig word nie, hoewel die tradisionele dokumentasiefunksie hier veel verder ontwikkel en uitgebrei is, maar in die feit dat dit in die reël op eng omskrewe vakgebied(e) en/of vir heel gespesialiseerde gebruikersgroepe of selfs volgens die vorm van die materiaal uitgevoer word. Om die rede word dit hier behandel, maar indien dit in die algemeen teenoor die sosiale funksie van die biblioteekwese gestel word, kan die terrein van inligtingswerk ook as 'n differensiasie beskou word, omdat die aard van die werk dan as uitgangspunt geneem word.

'n Vroeë voorbeeld van hierdie tipe opleiding was die kursus in dokumentasie wat in 1950 aan die Western Reserve University in die Verenigde State aangebied is. Behalwe die onderrig in metodes van indeksering en abstrahering het die kursus ook die gebruik van ponskaarte

114) *Shera,* op. cit., p. 122.

en ander metodes van bibliografiese organisasie ingesluit.[115] Ook in Europa en Groot-Brittanje was daar roeringe want in 1952 begin NIDER in Nederland met kursusse in gespesialiseerde biblioteekwese en dokumentasie, terwyl die Union francaise des Organismes de Documentation (UFOD) 'n soortgelyke kursus in 1953 instel.[116]

In Engeland het die lede van Aslib sedert 1948 gepoog om beter gespesialiseerde opleiding ingestel te kry, maar die poging is in 1957 finaal laat vaar. Dit was die direkte aanleiding tot die stigting van die Institute of Information Scientists in 1958. Onder leiding van die Instituut word die eerste volledige kursus in inligtingkunde ter wêreld in 1961 op 'n deeltydse basis aan die Northhampton College (vandag City University) van stapel gestuur.[117]

Die saak van gespesialiseerde opleiding in inligtingswerk ontvang steeds meer aandag in die Verenigde State, en na ondersoeke en konferensies word in 1963 met sodanige kursusse begin aan die American Institute of Biological Sciences, die Georgia Institute of Technology en die Drexel Institute of Technology.[118]

Intussen het die opleidingsituasie in inligtingkunde ongelukkig ook baie meer kompleks geraak, want kursusse in die rigting kan gevolg word aan 'n verskeidenheid van inrigtings soos biblioteekskole, opleidingsinstansies wat net in die rigting spesialiseer, en ook as 'n onderdeel van departemente vir rekenaarwetenskap, kommunikasiewetenskappe en ingenieurswese. Daarby vertoon toelatingsvereistes

115) *Shera, J.H.* The present state of education and training in documentation, information science, and special librarianship in the United States (*In:* International Federation for Documentation. 31st Congress, Washington, 1965. F.I.D. Proceedings. Washington, Spartan Books, 1965. p. 33).

116) *Farradane, J.E.L.* Training for information science (*In:* Progress in library science, 1965. London, Butterworths, 1965. p. 98).

117) Id. Progress in documentation: Training for information science. *Journal of documentation* 26: 261, 1970.

118) *Farradane,* op. cit., p. 99.

en leerplanne 'n groot verskeidenheid.[119]

Die totstandkoming van afsonderlike opleidingsprogramme en die vernuwing wat in die hantering en prosessering van inligting deur tegnologiese ontwikkelinge teweeggebring is, het inrigtings vir die opleiding van bibliotekarisse laat besef dat die inligtingkunde en inligtingswerk definitiewe implikasies vir hul opleidingsprogramme ingehou het. Die aanbieding van 'n keusevraestel in „spesiale biblioteekwese" kon nie meer die nuwe aktiwiteite en inhoud van die inligtingkunde bevredigend dek nie.

In die Verenigde State, waar navorsings- en ontwikkelingswerk 'n groot omvang aanneem en gespesialiseerde biblioteke verbonde aan nywerhede, sake-ondernemings en die staatsadministrasie 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis het, is sedert die laat vyftiger jare baie fondse bestee aan navorsing- en ontwikkelingswerk om die moontlikhede en probleme van inligtingsontsluiting en beskikbaarstelling, veral met behulp van meganisasie, te ondersoek en te verbeter. Gevolglik is biblioteekskole in die land baie meer direk met die probleem van opleiding vir inligtingswerk gekonfronteer.

Dit blyk dat die Noord-Amerikaanse biblioteekskole die probleem van opleiding in inligtingkunde teen 1967 op tweërlei wyse aangepak het.[120] Eerstens deur kursusse in inligtingkunde as spesialiseringsrigting in die tradisionele biblioteekkundeleerplan te inkorporeer en tweedens deur afsonderlike opleidingsprogramme in inligtingkunde te ontwikkel. Die eerste hoofbenadering, naamlik skole wat kursusse met 'n inligtingkundige strekking by hul bestaande biblioteekkundeleerplan geïnkorporeer het, kan ook weer in twee sub-benaderings geskei word.

119) *Vagianos, L.* Information science: a house built on sand. *Library journal* 97: 156-157, 1972.

120) *Rees, A.* en *Riccio, D.* Curriculum: Information science. *Drexel library quarterly* 3: 108-114, 1967.

Eerstens is daar die skole wat die inligtingkundige kursusse bloot as losstaande keusevraestelle aanbied. Hulle aanbiedings kan in drie spesialiseringsrigtings gegroepeer word:

1. Dataprosessering en biblioteekmeganisering wat deur sewentien skole met kursusse in sisteemanalise, die teorie en toepassing van outomatisering op biblioteekprosedures, ens. aangebied word.

2. Dokumentasie en die bewaring, ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting. Negentien skole het kursusse in die ontwerp van ontsluitingsisteme, aanskaffing, onderwerpsanalise, kodering, opsporing van inligting, disseminasie, evaluering van ontsluitingsisteme, bestuur van inligtingsentrums, ens.

3. Navorsingsmetodologie van inligtingkunde. Ses skole bied kursusse in wiskunde, logika, linguistiek, statistiek en ander wetenskappe en hul toepassing op navorsing in biblioteek- en inligtingsverband aan. Sommige skole laat ook studente toe om kursusse in ander departemente met die oog op hul navorsing te neem.

'n Tweede sub-benadering by die biblioteekskole wat inligtingkundige kursusse by biblioteekkundeleerplanne inkorporeer, is om die kursusse nie net bloot as keusevraestelle nie maar as 'n sub-leerplan binne die basiese graadkursus aan te bied. Voorbeelde van biblioteekskole wat in 1967 'n bepaalde volgorde van inligtingkundige kursusse binne die basiese program het, is die universiteite van Chicago, Western Reserve, Pittsburgh en Florida State.

Hierteenoor was die tweede hoofbenadering van die Amerikaanse biblioteekskole om afsonderlike programme wat tot die meestersgraad in inligtingkunde lei, in te stel. Slegs twee inrigtings, naamlik die University of California, te Los Angeles en die Drexel Institute of Technology het sodanige opleiding teen 1967 gehad.

In tred met opvattings in die land poog Amerikaanse biblioteekskole om in hul opleiding tussen die wetenskap en die tegnologie van

inligting te onderskei. Dit skyn egter asof hulle nie goed daarin geslaag het nie, want kritici wys daarop dat die opleiding te veel daarop gerig is om persone vir huidige betrekkings in inligtingswerk volgens die eise van die praktyk op te lei en te min aandag word aan die opleiding van navorsers verleen.[121)]

'n Latere ondersoek in 1970 toon dat nege uit 'n totaal van twee en veertig geakkrediteerde biblioteekskole nog geen pogings aangewend het om die nuwe ontwikkelinge op inligtingsgebied by die tradisionele biblioteekkundige leerplan in te werk nie. Agtien van die skole het wel kursusse waarin die inligtingsbenadering op biblioteekprobleme toegepas word. Hierdie kursusse kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik, dataprosessering in die biblioteek, bewaring en ontsluiting van inligting en inligtingsisteme. Elke skool het gemiddeld een of twee van hierdie kursusse, maar die meeste van die skole het nie permanente personeel vir die aanbieding daarvan nie. Die ander vyftien skole het programme in biblioteek- en inligtingkunde, wat beteken dat biblioteek-georiënteerde inligtingkundige leerplanne binne die raamwerk van die tradisionele program aangebied word.[122)]

Hierdie ontleding toon groot ooreenstemming met die posisie in 1967, behalwe dat 'n groter getal skole nou inligtingkunde meer doelgerig aanbied.

In bogenoemde opname word ook verwys na opleidingskursusse wat buite tradisionele biblioteekskole bestaan, waar die studente 'n heel gespesialiseerde inligtingkundige opleiding ontvang. In hierdie groep kom die volgende inrigtings voor: Lehigh University, Georgia Institute of Technology, Ohio State University en ook die University of California, Los Angeles wat 'n tradisionele biblioteekskool het, maar wat 'n

121) Ibid., p. 113.

122) *Belzer, J.* Education in information science. *Journal of the American Society for Information Science* 21: 272-273, 1970.

afsonderlike graadopleiding in inligtingkunde aanbied. Volgens Belzer hoort skole wat opleiding in rekenaarwetenskappe gee nie hier tuis nie, hoewel hulle programme dikwels onder dieselfde naam bekend staan.[123)]

In ooreenstemming met die Amerikaanse benadering, wat die inligtingkunde as 'n suiwer ondersoekende wetenskap beskou, is die inrigtings wat 'n gespesialiseerde inligtingkundige opleiding aanbied, oorwegend teoreties en interdissiplinêr georiënteerd. So kan byvoorbeeld die siening van J. Belzer aangehaal word, wat dit as die taak van inligtingkundige opleiding beskou om die beginsels en teorieë wat inligtingsprosesse beheer, te identifiseer; om gespesialiseerde kennis van diverse terreine soos die fisiese, gedrags- en ingenieurswetenskappe op inligtingsprobleme van toepassing te maak; en om die middele te ontwikkel waardeur teoretiese en toegepaste inligtingsprobleme en -sisteme gehanteer kan word. Vir die bereiking van hierdie oogmerke stel hy 'n leerplan voor wat uit ses komponente bestaan:

1. Metodologie: statistiek, operasionele navorsing, logika en wiskunde, sisteemanalise en navorsingsmetodes;
2. Tegnologie: rekenaarprogrammering, omvangryke liasseringstrukture, bestuursinligtingsisteme, inligtingontsluitingsisteme, rekenaarnetwerke;
3. Gedragstudies: kenteorie, kubernetika en aanpassingssisteme, outomata, linguistiek, mens-masjien interaksie;
4. Bestuur: kosteberekening, biblioteek- en inligtingsentrumbestuur, aanskaffing van materiaal;
5. Gebruik en dienste: ontleding, indeksering en katalogisering, bibliografie, gespesialiseerde biblioteke, tipe biblioteek;
6. Beroepsopleiding: internskap (praktiese opleiding), spesiale

123) Ibid., p. 272.

studies en seminare, verhandeling en proefskrifte.[124]

Nog 'n voorbeeld van die Amerikaanse benadering word aangetref in die program van Georgia Institute of Technology.[125] Die samestelling van die opleidingsprogram is op die uitgangspunt gebaseer dat die studie van inligting en sy prosesse en hul toepassings nie tot die biblioteekwese of enige ander enkele wetenskap of professie beperk is nie. Dit sluit 'n wetenskaplike of teoretiese georiënteerde en 'n ontwerp- of beroepsgeoriënteerde rigting van studie in, dus die wetenskap en die tegnologie. Die teoretiese rigting (Keuse I) het 'n metawetenskap ten doel wat op grond van die abstrakte teorieë van die inligtingproses en algemene sisteme, daarop gemik is om 'n algemene stel tegnieke en middele vir die oplossing van probleme in die wetenskap te ontwikkel. Hieronder word probleme verstaan soos die metodologie van die wetenskap en wetenskaplike navorsing, kodifisering van kennis, natuurwetenskaplike en tegnologiese vooruitskatting en die optimalisering van kenprosesse.

Die beroepsgeoriënteerde inligtingswerkrigting omvat 'n program vir die bestudering en die ontwerp van sisteme vir inligtingsprosessering (Keuse II) en 'n program vir die bestudering en ontwerp van rekenaarsisteme (Keuse III).

Die opleiding is op die nagraadse vlak en slegs vir meesters- en doktorsgraadstudente bedoel. 'n Student vir die meestersgraad kan in een van die drie keuses spesialiseer. Elke keuserigting bestaan uit twee groepe verpligte vakke (ongeveer tweederdes van die hele program), en die orige derde word uit keusevakke wat binne en buite die skool geneem kan word, saamgestel. Die eerste groep van ses verpligte vakke is dieselfde vir al drie rigtings, dus 'n soort kernleerplan, en sluit onderwerpe

124) Ibid., p. 272.

125) *Slamecka, V.* Graduate programs in information science at the Georgia Institute of Technology. *Special libraries* 59: 246-250, 1968.

in vanuit die moderne algebra, matematiese logika, linguistiek, betekenisleer en algemene sisteemteorie. Die tweede reeks verpligte vakke word aan die inhoud van die betrokke keuserigting gewy. So omvat Keuse I (die teoretiese rigting) die teorieë van die voorstelling van tekens, meting, kodering en klassifikasie; gevorderde betekenisleer; herkenning, omskepping, kommunikasie en beheer van inligting; en inligtingprosessering in die menslike brein.

Ten slotte kan wat die Amerikaanse toneel betref na 'n studie van Belzer en andere verwys word, waarin gepoog is om die omvang en kenmerke van opleidingsprogramme in inligtingkunde in Noord-Amerika in terme van hulle leerplanne en kursusse te ontleed.[126)] Uit die studie blyk dat opleiers en beroepslui die volgende nege faktore uitsonder wat 'n bydrae tot die leerplan in inligtingkunde behoort te lewer: psigologie/gedragswetenskap; taal/linguistiek; bestuurskunde; statistiek; biblioteekkunde; sisteme; wiskunde; inligtings- en kommunikasieteorie; en rekenaarwetenskap/outomate.

Deur middel van dieselfde studie is ook vasgestel dat die volgende sewe kursusse die kern van 'n inligtingkundeleerplan behoort uit te maak: Inleiding tot inligtingkunde; sisteemteorie en toepassings; matematiese metodes in inligtingkunde; rekenaarorganisasie en programmeringsisteme; abstrahering/indeksering/katalogisering; inligting- en kommunikasieteorie; en navorsingsmetodes.

Die beskouing in Noord-Amerika, waarvolgens 'n onderskeid tussen die wetenskap en tegnologie van inligting gemaak word, lei in die geval van die suiwer inligtingkundige opleidingsinstansies dus tot 'n oorwegend teoretiese benadering van die opleiding. Die benadering word ook deur enkele biblioteekskole met 'n afsonderlike program in inligtingkunde gevolg. Die res van die biblioteekskole laat die klem

126) *Belzer, J. e.a.* Curricula in information science: analysis and development. *Journal of the American Society for Information Science* 22: 193-223, 1971.

hoofsaaklik op die tegnologie van inligting val.

Vir 'n evaluering van die Amerikaanse inligtingkundige opleiding word die uitsprake van die bekende Britse inligtingkundige, J.E.L. Farradane, aangehaal. Daaruit sal terselfdertyd ook in 'n belangrike mate die benadering blyk wat in Engeland ten opsigte van opleiding in inligtingkunde bestaan. Farradane is nie alleen een van die pioniers van inligtingkundige opleiding in sy eie land nie, maar waarskynlik in die wêreld. Hy het naamlik 'n belangrike aandeel in die totstandkoming van die Institute of Information Scientists in 1958 gehad, asook in die instelling in 1961 van die eerste volledige kursus in die wêreld vir opleiding in inligtingkunde.[127)]

In verskillende geskrifte wat sedert 1965 van Farradane verskyn het, kritiseer hy opleiding vir inligtingkunde in die Verenigde State op die gronde dat dit te teoreties is en gevaar loop om kontak met die praktyk te verloor. In die situasie skuil, volgens hom, 'n ongesonde eensydigheid, want ook die opleiding moet meehelp om 'n hegte dissipline te ontwikkel, en in die opsig is die gespesialiseerde teoretiese kursusse nie nuttig nie „as they lack the practical ground-roots for orderly growth or for the necessary practical application of theory."[128)] Hy bepleit meer basiese navorsing in verband met die aard van inligting, die wyse waarop dit meer akkuraat gehanteer kan word, die kommunikasie daarvan aan die gebruiker en die probleem van die psigologie van die gebruiker en 'n begrip van sy behoeftes. Die antwoorde op hierdie vrae sal, aldus Farradane, egter nie maklik en gou verkry word nie.

Farradane is verder van mening dat inligtingkundige opleiding in Europa en Engeland wel die teoretiese aspekte van inligtingsontsluiting dek,

127) *Farradane, J.E.L.* The Institute: the first twelve years. *The information scientist* 4: 148, 1970.

128) Id: Progress in documentation: Training in information science. *Journal of documentation* 26: 264, 1970.

maar tot dusver word ondersteunende vakke soos logika, linguistiek, kubernetika of sisteemanalise nog nie aangebied nie en hy voel ook dat die behoefte aan hierdie vakke in inligtingkunde ook nog nie bewys is nie.[129] Die skrywer openbaar ook 'n kritiese houding teenoor die oorbeklemtoning in die Verenigde State van die rol van die rekenaar in die opleiding en die navorsing omdat daarmee die indruk geskep word dat dié apparaat alle inligtingsprobleme sal kan oplos. Hy glo dat dit belangriker is om meer aandag aan die organisasie en hantering van inligting te skenk, byvoorbeeld deur nuwe metodes van klassifikasie te ontwikkel.[130]

Die opleiding wat deur Farradane vir die Institute of Information Scientists begin is, word vandag nog steeds onder sy leiding aan die City University, London, voortgesit. Dit bestaan tans uit 'n nagraadse diploma wat deur persone wat in inligtingsdepartemente werksaam is op 'n deeltydse basis oor twee jaar geneem kan word en 'n tweede basiese kwalifikasie, 'n M.Sc.-graad in inligtingkunde, wat in hoofsaak dieselfde inhoud as die nagraadse diploma dek, maar wat ten opsigte van die toelatingsvereistes daarvan verskil.

Benewens hierdie twee basiese kwalifikasies kan studente ook vir gevorderde grade, die M.Phil en die Ph.D. inskryf wat by wyse van navorsing verwerf word.[131] Vir toelating tot die nagraadse diploma word 'n graad in enige vertakking van die natuur- en toegepaste wetenskappe, die ekonomie of die sosiale wetenskappe vereis, maar persone met honneursgrade kry voorkeur. Die toelatingsvereiste vir die

129) Id. Professional aspects of information science and technology (*In:* Annual review of information science and technology, vol. 6, 1971. Chicago, Encyclopaedia Britannica, 1971, p. 400).

130) Id. Training for information science (*In:* Progress in library science, 1965. London, Butterworths, 1965. p. 100).

131) *Diploma* course in information science; a two-year day-release course. London, Centre for Information Science, The City University, 1970.

*Information* science M.Sc. degree course. London, Centre for Information Science, The City University, 1971.

M.Sc.-graad in inligtingkunde is 'n honneursgraad in die natuur- of toegepaste wetenskappe, maar persone met 'n soortgelyke graad in die ekonomie of die sosiale wetenskappe word wel oorweeg. Dit word van die meestersgraadstudente verwag om 'n skripsie oor 'n inligtingkundige onderwerp ter afronding van hul studie te voltooi. Die leerplanne vir die diploma en die meestersgraad bestaan uit vyf hoofafdelings:

Versameling van inligting: bronne van inligting, gepubliseerde en ongepubliseerde bronne, Britse en buitelandse gespesialiseerde bronne en metodes vir die lokalisering van bronne;
Bewaring en ontsluiting van inligting: klassifikasieteorie, inligtingsontsluiting, rekenaars en toepassings van ander wetenskaplike dissiplines;
Disseminasie van inligting: vloei van inligting, abstrahering en organisering van die vloei van inligting;
Wetlike en kommersiële aspekte van inligtingswerk: toepaslike wetgewing en standaarde;
Administrasie en ander aspekte van inligtingswerk: bestuur van inligtingsafdelings, reproduksie en aanbieding van inligting en taalkundige studies.

Reeds uit die inhoud van die leerplanne is dit duidelik dat die City University se kursusse primêr op die tegnologie en nie op die wetenskap van inligting gerig is nie. Die feit word ook deur die oogmerk wat vir die twee kursusse aangegee word, gestaaf: „This course provides the knowledge and opportunity to develop the skills required for responsible work in information science."[132) ]Die benadering staan in skerp teenstelling met die teoreties-wetenskaplike inslag van die meeste Amerikaanse inligtingkundige opleidingsprogramme.

132) *Information* science M.Sc. degree course, op. cit., p. 3.

Teenoor die suiwer inligtingswerkbenadering van die City University vertoon die kursusse van die Postgraduate School of Librarianship and Information Science van die University of Sheffield, wat sedert 1968 'n basiese opleiding op 'n nagraadse vlak in 'n biblioteekkundige en in 'n inligtingkundige rigting aanbied, 'n benadering waarin die integrering van die biblioteek- en inligtingkundige terreine, asook voldoende geleentheid vir spesialisering in die onderskeie rigtings, nagestreef word.[133)] By die voltooiing van die eenjarige voltydse studie word 'n meestersgraad, 'n M.A. in biblioteekwese of 'n M.Sc. in inligtingstudies toegeken.

Die nagraadse karakter van die opleiding blyk uit die toelatingsvereistes, waarvolgens 'n honneursgraad in die geestes- of sosiale wetenskappe vir die M.A. en 'n soortgelyke graad in die natuurwetenskappe en tegnologie vir die M.Sc. vereis word. Daarby moet applikante oor 'n kennis van twee vreemde tale en minstens 'n jaar praktiese ervaring in biblioteek- of inligtingswerk beskik. Gedurende die laaste kwartaal van die eenjaar voltydse studie word van die studente verwag om 'n skripsie oor 'n bepaalde onderwerp in te dien.[134)]

In beide die studierigtings, die meer biblioteekgerigte M.A. en die meer inligtinggerigte M.Sc.-studie, word die leerstof in drie hoofterreine ingedeel waarbinne die studente na 'n basiese opleiding kan spesialiseer. Die eerste kwartaal word aan basiese opleiding gewy en gedurende die tweede kwartaal en 'n deel van die derde word gespesialiseer, terwyl die werk verbonde aan die spesiale studie in die

133) Die biblioteekkundige en die inligtingkundige kursusse het 'n gemeenskaplike kerninhoud van minstens 25 persent — Vgl. Farradane, J.E.L. Professional aspects of information science and technology (*In:* Annual review of information science and technology, vol. 6, 1971. Chicago, Encyclopaedia Britannica, 1971. p. 401.

134) *Sheffield.* University. Postgraduate School of Librarianship and Information Science. Prospectus 1972-1973. Sheffield (1972? ).
*Schur, H.* University of Sheffield M.Sc. course in information studies. *Aslib proceedings* 21: 24-31, 1969.

laaste drie maande gedoen word.

Die leerplan vir die M.A. dek die volgende drie terreine:

die aard en die behoeftes van die gemeenskappe wat deur biblioteke en inligtingsdienste van verskillende soorte bedien word (benewens die algemene studies kan kandidate of op die gemeenskappe van die akademiese of die openbare biblioteek konsentreer);
die bronne van inligting waardeur die behoeftes van gebruikers bevredig word (benewens 'n algemene benadering van die bronne van inligting kan daar ook in die hoofkennisterreine soos die geestes- en sosiale wetenskappe gespesialiseer word met die moontlikheid van 'n sekondêre spesialisering in die natuurwetenskappe en die tegnologie);
die wyse waarop die inligtingsbronne hierbo genoem in diens van die onderskeie gemeenskappe gebruik en aangewend word (dit sluit 'n studie van onderwerpe soos katalogisering, klassifikasie en die gemeganiseerde hantering van inligting in).

Alle studente volg 'n kort basiese kursus oor die rekenaar en sy toepassing op biblioteek- en inligtingwerk en bestudeer ook daardie aspekte van biblioteekbedryfskunde wat met hul studierigting in verband staan. Verder moet elke student een of meer opsionele kursusse oor onderwerpe soos biblioteekopnames, kleiner akademiese biblioteke, vergelykende biblioteekwese, gemeganiseerde hantering van rekords en programmering van rekenaars volg.

Die leerplan vir die M.Sc. in Inligtingstudies dek ewe-eens drie terreine:
die skepping en gebruik van inligting, wat onderwerpe soos die studie van bepaalde nywerhede, die studie van die vloei van inligting in groepe besig met ontwikkelingswerk, die probleme van innovasie en die inligtingsbehoeftes van akademiese en ander gemeenskappe omvat;
inligtingsbronne met die klem op die inligtingsbronne van die natuurwetenskappe en die tegnologie, terwyl in die eerste kwartaal inleidende

kursusse in algemene, geestes- en sosiaalwetenskaplike bronne aangebied word waarna die studente 'n keuse het om in sekondêre opsig in óf die geestes- óf sosiale wetenskappe se inligtingsbronne verder te spesialiseer;
kommunikasie van inligting wat twee hoof komponente, naamlik die organisasie van inligting vir gebruik en stelsels en dienste insluit, asook onderwerpe soos klassifikasie en indeksering, bewaring, ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting, bedryfskunde, operasionele studies en rekenaarprogrammering.

Opsionele vraestelle in hierdie kursus maak voorsiening vir 'n aantal vraestelle wat die geleentheid bied om sekere aspekte van die gebruik van rekenaars in inligtingswerk meer intensief te bestudeer.

Benewens hierdie twee basiese kursusse kan geskikte kandidate ook meesters- en doktorsgraadstudie by wyse van navorsing aanpak. Daar moet dus tussen die basiese meestersgrade en die wat by wyse van navorsing verwerf word, onderskei word.

Die enigste ander inligtingkundige opleiding in Groot-Brittanje wat enigsins met die kursusse van Sheffield en City University vergelyk kan word, is die studie vir meesters- en doktorsgrade aan die School of Library, Archive and Information Studies van die University College van Londen, waar 'n kombinasie van vakke in inligtingstudies, rekenaarwetenskap of gespesialiseerde biblioteekwese gevolg kan word.[135] Die kursusse bied egter nie dieselfde doelgerigte opleiding in inligtingswerk as die waarop Farradane aanspraak maak nie.[136]

Origens is enkele opleidingskursusse in inligtingswerk wat tot 'n eerste graad lei, reeds aan sekere tegniese kolleges ingestel.[137]

135) *Farradane,* op. cit., p. 402.

136) *Brown, A.* Training for information science. *Journal of documentation* 26: 374, 1970.

137) *Wilson, T.D.* The B.Sc. degree in information science at Newcastle-upon-Tyne. *Aslib proceedings* 21: 18-23, 1969.

Buite die Verenigde State en Groot-Brittanje was daar aan die begin van die sewentiger jare nog nie veel opleidingskursusse vir inligtingswerk wat met die in die genoemde twee lande vergelyk kan word nie. In Europa staan hierdie tipe opleiding merendeels as dokumentasie bekend, en dan stem dit meer met die opleiding vir gespesialiseerde biblioteekwese in die Verenigde State ooreen. Benewens voltydse nagraadse opleiding vir inligtingswerk aan enkele Franse inrigtings en 'n kursus aan die Charles-Universiteit in Praag bestaan daar korter gespesialiseerde kursusse in Duitsland en Swede en voorgraadse kursusse in Pole en Rusland. Latere inligting toon dat ook in Wes-Duitsland daar so laat as 1971 nog nie vordering gemaak is met die aanbieding van opleiding wat meer as net die tegnologie van inligtingswerk dek nie.[138)]

Onder leiding van een van die personeellede van die Universiteit van Sheffield se Nagraadse Skool, H. Schur, is 'n nagraadse kursus in inligtingkunde in Israel ingestel, wat heelwat ooreenstemming met die Britse benadering vertoon.[139)]

Uit die oorsig blyk dat inligtingkundige opleiding aan die begin van die jare sewentig 'n groot verskeidenheid wat betref organisasie en inhoud vertoon en hoofsaaklik in twee rigtings beweeg. Die een gedagterigting, veral in die Verenigde State, staan 'n meer teoreties-wetenskaplike opleiding voor, terwyl die ander, hoofsaaklik in Groot-Brittanje en op die Vasteland, 'n meer prakties-tegniese benadering volg.

Samevattend kan gestel word dat die probleem van opleiding vir inligtingswerk (waaronder dokumentasie en gespesialiseerde biblioteekwese ook ingesluit word) op die volgende maniere oor die loop van die tyd aangepak is: Eerstens het biblioteekskole met tradisionele

138) *Cremer, M.* The information scene in Germany and Britain: 1. The German information scene. *Aslib proceedings* 23: 632, 1971.

139) *Schur, H.* Post-graduate science information course in Israel. *Unesco bulletin for libraries* 24: 251-265, 1970.

opleidingskursusse vir bibliotekarisse bloot gespesialiseerde kursusse by die bestaande leergang gevoeg en studente moes dan van die inligtingkundige vraestelle neem of kon dit as keusevraestelle volg. Die ou leerplanne het dus grotendeels onveranderd bly voortbestaan. Tweedens het sommige biblioteekskole verder gegaan en 'n afsonderlike inligtingkundige leerplan parallel met of as alternatief tot die ou leerplanne ingestel. In hierdie kategorie val ook daardie inrigtings wat net 'n suiwer inligtingkundige program aanbied. Vanuit die beginselstandpunt dat daar geen wesenlike maar alleen toepassingsverskille tussen biblioteek- en inligtingswerk is, en vanuit die biblioteekkundige hoek beskou, is nie een van bogenoemde benaderings aanvaarbaar nie. In plaas van om die broodnodige integrasie van die twee terreine van biblioteek- en inligtingkunde deur middel van die opleiding te ontwikkel en te bevorder, word die onderskeid tussen die konvensionele en die nie-konvensionele biblioteekwese onnodig beklemtoon en tot 'n soortverskil verhef. Die meer logiese benadering is in die derde plek „the blending of the new content into a basically revised version of the old curriculum – or, if the converse pleased more, the blending of the old content into a basically new curriculum."[140] Alleen op die wyse kan 'n basiese opleidingskursus, gebaseer op die gemeenskaplike kenmerke van biblioteek- en inligtingswerk, ontwikkel word. Op die basis van so 'n algemene basiese opleiding kan verdere spesialisasies uitgebou word.

Die bogenoemde opmerking is in 1966 deur R.C. Swank, die dekaan van die biblioteekskool van die University of California (Berkeley) gemaak. Vanaf die begin van 1972 word juis so 'n geïntegreerde meestersgraad in biblioteek- en inligtingkunde deur die University of California (Los Angeles) ingestel. Die tydperk van opleiding word terselfdertyd tot twee jaar verleng.[141] In die lig van die noue bande tussen

140) *Swank, R.C.* Documentation and information science in the core library school curriculum. *Special libraries* 58: 41, 1967.

141) *Horn*, op. cit., 5-8.

biblioteek- en inligtingswerk lyk hierdie ontwikkeling na die logiese weg wat steeds meer gevolg behoort te word.

### 4.4.5.5.4 *Ander vorms van gespesialiseerde opleiding*

Naas opleiding vir inligtingswerk is daar weinig voorbeelde van ander vorms van gespesialiseerde opleiding wat dieselfde omvang en selfstandigheid bereik het. Die moontlikhede en die potensiële behoeftes vir afsonderlik gespesialiseerde opleiding vir, byvoorbeeld, werk met kinders en jongmense, oues van dae, gestremdes, minderbevoorregtes, tegnoloë, sakelui of werk met tydskrifte, musiekplate, staatspublikasies en patente, is wel deeglik aanwesig en word besef. Die praktiese probleme soos die tydperk vir opleiding beskikbaar, genoegsame getalle, ens. werk egter die daarstelling van selfstandige opleidingsprogramme in plaas van die metode van keusevraestelle teë.

In die Verenigde State waar die vraag na opgeleide personeel veel groter is as in die meeste ander lande, word gespesialiseerde opleidingsprogramme in enkele ander opsigte wel aangetref. Daar is reeds op gewys dat naas inligtingswerk die opleiding van skoolbibliotekarisse aan geakkrediteerde biblioteekskole, maar veral aan ander inrigtings, 'n algemene verskynsel is. Opleiding vir mediese biblioteekwerk kom voor by die universiteite van Kalifornië (Berkeley), Chicago en Minnesota [142] en by die Case Western Reserve University.[143] Die laasgenoemde biblioteekskool het ook 'n gevorderde spesialiseringskursus in die werk met kinders en beplan gespesialiseerde opleidingsprogramme vir regsbibliotekarisse en argivarisse.[144] Terwyl hierdie soort gespesialiseerde

142) *Rees* en *Riccio*, op. cit., p. 112.

143) *Shera, J.H.* The School of Library Science at the Case Western Reserve University. *The Library binder* 17: 23, 1969.

144) Ibid., p. 22-23.

programme in die Verenigde State alreeds betreklik seldsaam is, ontbreek hulle in 'n groot mate in ander lande.

4.4.5.5.5 *Samevatting*

Reeds vroeg in die twintigste eeu was daar pleidooie vir meer gespesialiseerde opleidingskursusse in biblioteekwerk, maar weens faktore soos 'n gebrek aan voldoende opleidingstyd en die ongedefinieerdheid van die terrein van die nie-konvensionele biblioteekwese het opleidingsinstansies verkies om eerder 'n algemene basiese opleiding aan te bied. Volgens die aard van die werk is daar drie rigtings waarin die gespesialiseerde opleiding moontlik is, naamlik volgens vakgebied, tipe gebruiker of vorm van die materiaal.

In die loop van die twintigste eeu het daar groot getalle biblioteke en inligtingsdienste ontwikkel, wat volgens een van hierdie grondslae, maar veral volgens vakgebied, gespesialiseer was. Wanneer die druk vir gespesialiseerde opleiding in 'n sekere rigting, byvoorbeeld regs- of musiekbiblioteekwerk, sterk genoeg geword het, is 'n keusevraestel by die basiese opleidingsprogram ingesluit. Die fragmentering van bibliotekarisopleiding in 'n groot aantal gespesialiseerde kursusse is langs die weg teengewerk omdat die spesialisering deur middel van keusevraestelle na 'n algemene basiese opleiding gevolg het.

Die patroon van 'n basiese opleiding plus keusevraestelle het ongelukkig nie daartoe bygedra dat nuwe ontwikkelinge op die gebied van biblioteek- en inligtingswerk op sinvolle wyse by die tradisionele leerplan ingewerk is nie. Sodoende ontwikkel die neiging in bibliotekarisopleiding om eerder die praktyk te volg as om self die leiding te neem.

In die gevalle waar die reëling die voorstanders van 'n bepaalde rigting nie bevredig het nie, soos die inligtingspraktyk en die skoolbi-

blioteekwese, is afsonderlike gespesialiseerde opleidingskursusse los van bestaande bibliotekarisopleiding tot stand gebring. Hoewel spesialisering in beroepsopleiding nie afgewys word nie, moet daarteen gewaak word dat langs hierdie weg 'n breuk in 'n bepaalde beroepsrigting veroorsaak word of verder aangehelp word. Die rigting waarin gespesialiseerde inligtingkundige opleiding, byvoorbeeld in die Verenigde State, ontwikkel het, en die onvermoë van bibliotekarisopleiding om sy algemene basiese opleidingsprogramme by veranderende omstandighede aan te pas, skep ongelukkig juis so 'n toestand van verdeeldheid.

Die standpunt wat in hierdie studie ingeneem word, is dat 'n algemene basiese opleiding in stand gehou moet word waarin beide biblioteek- en inligtingswerk gedek word sodat dit as basis vir alle gespesialiseerde opleiding kan dien. In die lig van die diversiteit en kompleksiteit van die hedendaagse biblioteek- en inligtingswêreld sal daar egter in 'n toenemende mate ook vir spesialisering in die opleiding voorsiening gemaak moet word, maar in hoofsaak eers na die voltooiing van die basiese opleiding. By sodanige spesialisering in die opleiding behoort die drie reeds genoemde grondslae, naamlik volgens die vakgebied, die tipe gebruiker of die vorm van die materiaal, as uitgangspunt te geld.

Die ervaring het geleer dat daar in die verband sekere definitiewe behoeftes is waarmee rekening gehou moet word. Dit is veral op die gebied van die natuurwetenskappe en die tegnologie dat persone met gevorderde vakkwalifikasies en ervaring in navorsings- en ontwikkelingswerk in die praktyk by inligtingswerk betrek word. Indien van hierdie persone graag formele opleiding in inligtingswerk wil ondergaan, kan dit moeilik van hulle verwag word om eers 'n algemene basiese kursus in biblioteek- en inligtingswerk saam met jong beginners te deurloop. Een moontlikheid om in die behoefte te voorsien, is die instelling

van 'n basiese opleiding op 'n hoër vlak soos by die Universiteit van Sheffield of die City University in Groot-Brittanje, waarvoor dan minstens 'n honneursgraad in 'n vakrigting as toelatingsvereiste gestel word.

4.4.5.6 *Differensiasie in die opleiding*

4.4.5.6.1 *Inleiding*

Differensiasie in die opleiding is 'n saak wat ook baie probleme oplewer, maar dit bied 'n benadering van beroepsopleiding vir biblioteek- en inligtingswerk wat in die toekoms al belangriker mag word.

'n Moontlike vorm van gedifferensieerde opleiding wat onderskei kan word, is kursusse waarin die klem meer spesifiek óf op die sosiale óf op die inligtingsfunksie geplaas word. Die suiwer inligtingkundige opleidingsprogramme, soos die van die City University in Londen, wat in die hoofstuk onder die hoof van gespesialiseerde opleiding bespreek is, kan in 'n sekere sin dus ook as gedifferensieerde opleiding beskou word. Omdat die meeste van die inligtingkundige opleidingskursusse in die verlede egter van die behoeftes van die natuur- en toegepaste wetenskappe uitgegaan het, is hulle in die studie sover eerder onder spesialisering bespreek. Sodra 'n inligtingkundige kursus sonder die beklemtoning van 'n bepaalde kennisterrein aangebied sou word, moet dit as 'n differensiasie behandel word, want dan word die aard van die werk as uitgangspunt vir die formulering van die opleiding geneem.

Dit word dikwels van tradisionele biblioteekkundige opleidingskursusse gesê dat te veel klem op die openbare biblioteek, en dus moontlik op die sosiale funksie geplaas word, maar weens ons gebrekkige kennis van die motiewe waarom mense lees en waarvoor hulle lektuur gebruik, asook die invloed wat dit op die mens het, kom die sosiale funksie van die biblioteekwese tans in die beroeps-

opleiding nog nie tot sy reg nie.

Omdat enige jong rekruut vir biblioteek- en inligtingswerk 'n basiese opleiding behoort te ontvang, waarin beide die sosiale en die inligtingsfunksie 'n regmatige plek inneem, is dit nie gewens om afsonderlike basiese opleidingskursusse in hierdie twee hoofrigtings aan te bied nie, maar hulle kan as uitgangspunte by die indeling van die stof vir opleiding op 'n gevorderde vlak dien. In die sosiale rigting kan byvoorbeeld gevorderde vraestelle in leserkunde, werk met kinders en jongmense of met spesiale groepe ingestel word en in die inligtingsrigting in ontsluitingsleer, inligtingsdiens, ens.

Ander vorms van gedifferensieerde opleiding wat voorkom, is volgens die diensvlakke of die funksie wat verrig word. Hierdie twee moontlikhede word nou verder ontleed.

4.4.5.6.2 *Opleiding vir verskillende diensvlakke*

Die toename in die volume werk van biblioteke en ander instansies vir die verskaffing van inligting en die groter en meer komplekse organisasiestrukture het vereis dat met meer noukeurigheid tussen vlakke van werk in vertikale opsig gedifferensieer moes word. Dit is opvallend dat die bewuswording van die behoefte aan die differensiasie van biblioteekwerk juis deur die koms van formele biblioteekopleiding aangewakker is. In 1923 vestig Williamson in 'n verslag oor bibliotekarisopleiding in Amerika die aandag op die dringende noodsaaklikheid daarvan om tussen klerklike en professionele aktiwiteite te onderskei en die opleiding hiervolgens in te rig.[145)]

Die wyse waarop beroepsopleiding vir biblioteekwerk in Duitsland aangepak is, het in die verband ook belangrike invloed uitgeoefen. Grotendeels as gevolg van die optrede van prominente Duitse bibliotekarisse,

145) *Williamson*, op. cit., p. 136.

soos F.A. Ebert en M. Schrettinger, word in 1893 deur wetgewing bepaal dat slegs persone wat 'n universitêre studie van vyf jaar deurloop en 'n doktorsgraad in 'n spesiale vak behaal het, tot 'n tweejarige nagraadse studie in die biblioteekwese toegelaat sou word.[146)] Dit het egter spoedig duidelik geword dat hierdie persone wat primêr vir die wetenskaplike biblioteke opgelei is, te hooggeleerd en te gespesialiseerd was om die baie roetinewerk in biblioteke te verrig waarteen gewone klerklike persone nie opgewasse was nie. Gevolglik word in 1909 deur wetgewing voorsiening gemaak vir die opleiding van personeel op 'n laer diensvlak om as biblioteekassistente in wetenskaplike biblioteke en as bibliotekarisse in openbare biblioteke diens te doen. Dit neem die vorm aan van 'n driejarige opleiding, bestaande uit een jaar ervaringsdiens in 'n biblioteek en twee jaar van onderrig in biblioteektegnieke en -roetines.[147)]

Ten spyte van hierdie vroeë bewuswording van die noodsaaklikheid om duidelik tussen professionele en nie-professionele werk in die opleiding te onderskei en om vir die opleiding van ondersteunende personeel voorsiening te maak, is vertikale differensiasie in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk nog nêrens in die wêreld bevredigend opgelos nie. Dit skyn ook asof dit een van die immergroen probleme van beroepsopleiding in die algemeen is.[148)]

Benewens die onderskeiding tussen klerklike en subprofessionele vlakke in biblioteekwerk het die behoefte aan personeel met formele kwalifikasies op 'n hoër vlak as die basiese professionele kwalifikasies hom lank reeds ook voorgedoen.

146) *Kunze*, op. cit., p. 43-44.

147) Ibid., p. 45.

148) *Berelson, B. red.* Education for librarianship. Chicago, American Library Association, 1949. p. 25-26.

Al word dit vandag besef dat biblioteek- en inligtingswerk personeel op verskillende vlakke op grond van die werk wat hulle moet doen en die opleiding wat dit vereis, benodig, is dit nog nie 'n algemene verskynsel dat die gewenste indeling van tipes personeel vir die biblioteek- en inligtingsdienste van 'n bepaalde land nasionaal bepaal en neergelê is nie. Een van die weinige voorbeelde van so 'n uiteensetting is die beleidsverklaring wat die American Library Association in 1970 onder die opskrif „Library education and manpower" uitgereik het.[149)]

In hierdie verklaring word vertikaal tussen vyf tipes personeel volgens die aard van die werk en die mate van verantwoordelikheid wat daarby betrokke is, asook die opleiding wat daarvoor benodig word, gedifferensieer. Die vyf vlakke van personeel wat onderskei word, word verder in twee hoofgroepe, naamlik professionele en ondersteunende personeel gegroepeer. Parallel aan die vlakke van personeel met biblioteekkundige of inligtingkundige kwalifikasies word ook vir personeel sonder beroepskwalifikasies, maar met gespesialiseerde vakkundige en ander toepaslike kwalifikasies, voorsiening gemaak. Op die hoogste vlak in hierdie skema is die *senior bibliotekaris,*[150)] wat naas relevante ervaring oor beroepskwalifikasies op die gevorderde vlak, soos die „post-Master's degree" of 'n doktorsgraad beskik. Hierdie persone word vir die mees verantwoordelike take, waaronder bestuurswerk, gebruik. Op die volgende vlak, dié van *bibliotekaris*, waarvoor in die Verenigde State as basiese beroepskwalifikasie die meestersgraad in biblioteekkunde gestel word, word van die personeel verwag om beroepsverantwoordelikhede, insluitende bestuurswerk, te verrig, wat selfstandige oordeelsvermoë, interpretasie van reëls en prosedures, ontleding van probleme en die formulering van oorspronklike oplossings inhou.

149) *Library* education and manpower. *American libraries* 1: 341-344, 1970.

150) Die begrippe „biblioteekwese", „biblioteek", ens. word in hierdie uiteensetting in hul wydste betekenis gebruik en sluit dus ook „inligtingswerk", ens. in.

Verder word drie tipes ondersteunende personeel aangewys. Op die hoogste vlak in hierdie groep is die *biblioteekmedewerker* („library associate")[151] wat oor 'n baccalaureusgraad met of sonder kursusse in biblioteekkunde of 'n onvoltooide meestersgraad in biblioteekkunde kan beskik. Die personeel verrig werksaamhede waarvoor gevestigde prosedures en tegnieke gebruik word. Hulle staan onder toesig van professionele personeel, maar moet ook 'n mate van eie oordeel kan vel. Hierop volg die *tegniese biblioteekassistent* of die „library technical assistant," soos dit in die Verenigde State bekend staan, waarvoor minstens twee jaar van kollegestudie vereis word. Die personeel verrig ondersteunende werk ten opsigte van die biblioteekmedewerker en al die hoër vlakke. Op die laagste vlak val die *klerklike personeel.*

In 'n studie oor wetenskaplike en tegnologiese biblioteek- en inligtingswerk in Groot-Brittanje[152] word vier kategorieë werk in gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste, naamlik produksie of operatiewe werk, ontwikkelingswerk, toegepaste navorsing en basiese navorsing onderskei en word die ooreenstemmende tipes personeel wat hiervoor benodig word, aangetoon. Hoewel dit hier slegs oor gespesialiseerde biblioteek- en inligtingswerk handel, is die indeling ook in die algemeen van belang. Op die laagste vlak is die tegniese assistent wat die baie roetine- en tegniese take in die biblioteke en inligtingsdienste kan verrig. 'n Subprofessionele beroepskwalifikasie word vir die vlak in die vooruitsig gestel. Hierdie personeel sal slegs operatiewe werk verrig.

Vervolgens word drie professionele vlakke onderskei, naamlik die

151) 'n Benaming wat moeilik vertaal word en in ieder geval vaag is – vergelyk die kritiek deur Marshall, J. The occupational context (*In:* Library technician at work: Theory and practice. Ottawa, Canadian Library Association, 1970. p. 24).

152) *Schur, H.* en *Saunders, W.L.* Education and training for scientific and technological library and information work. London, H.M.S.O., 1968. p. 42-52.

nie-gradueerde, die gradueerde en die nagraadse vlakke. Vir die nie-gradueerde word die opleiding van die Library Association vereis, terwyl die gegradueerdes, persone is wat oor die driejarige geïntegreerde grade wat deur die tegniese kolleges in biblioteek- en inligtingswerk aangebied word, beskik. Die nagraadse vlak vereis die verskillende vorme van basiese nagraadse beroepskwalifikasies op tot die meestersgraad wat in Groot-Brittanje aangebied word.

Laastens word 'n gevorderde professionele vlak onderskei waarvoor die gewone navorsingsgrade op die meesters- en doktorsgraad vlak benodig word.

Al vyf die tipes personeel wat genoem is, kan vir operatiewe werk gebruik word, maar ontwikkelingswerk en toegepaste navorsing hoort net tuis by persone met grade en nagraadse of gevorderde kwalifikasies, terwyl basiese navorsing in hoofsaak net deur persone met gevorderde kwalifikasies uitgevoer behoort te word.

'n Oorsig van bibliotekarisopleiding in 'n groot verskeidenheid van Europese lande[153)] toon dat personeel vir verskillende diensvlakke opgelei word. Die verskeidenheid in die opleidingsprogramme is egter so groot dat die vlakke alleen in breë trekke onderskei kan word. Die opleiding is hoofsaaklik in twee diensvlakke gedifferensieer, naamlik 'n professionele en subprofessionele vlak. Vir die professionele vlak word 'n universiteitsgraad plus beroepsopleiding vereis. Die beroepsopleiding kan of na die verwerwing van 'n universiteitsgraad aan 'n universiteit of aan 'n inrigting wat in beroepsopleiding spesialiseer ondergaan word, of die beroep- en die graadstudies word op 'n geïntegreerde basis aan 'n universiteit geneem. Naas die professionele is die subprofessionele personeel 'n baie bekende verskynsel in Europese biblioteke. Dit is persone met 'n sekondêre

153) *Piquard, M.* The training of librarians in Europe. *Unesco bulletin for libraries* 21: 311-317, 1967.

skoolsertifikaat, wat 'n tegniese georiënteerde opleiding, gewoonlik aan 'n nie-universitêre onderwysinrigting, deurloop het.

Die professionele personeel, met ander woorde, diegene met grade plus beroepsopleiding waarna hierbo verwys is, werk gewoonlik in nasionale, universiteits- en gespesialiseerde biblioteke, maar hulle word nie so algemeen, veral nie op die Kontinent, in openbare biblioteke gebruik nie. Die personeel vir die openbare biblioteek kom heel dikwels uit die geledere van die subprofessionele vlak.

Gevorderde kwalifikasies in biblioteek- en inligtingswerk is nog nie 'n baie algemene verskynsel in Europese lande nie, maar vir werk in wetenskaplike biblioteke en inligtingsdienste word baie waarde aan gevorderde vakkundige kwalifikasies geheg.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat deur die werking van vertikale differensiasie opleiding op beide laer en hoër vlakke as die basiese beroepskwalifikasie in algemene verskynsel op biblioteek- en inligtingsgebied geword het, en daarom word die twee fasette verder ontleed.

4.4.5.6.2.1 *Die subprofessionele vlak*

Die noodsaaklikheid daarvan om duidelik tussen die professionele en nie-professionele aspekte in die praktyk sowel as in die opleiding te onderskei, word algemeen aanvaar. Die gewone klerklike take is nie moeilik om uit te ken nie. Tussen die twee uiterstes van die suiwer klerklike en professionele take lê egter 'n omvangryke en gevarieërde tussengebied van take wat 'n meer tegniese karakter het. 'n Opvatting wat begin veld wen, is dat die uitvoering van hierdie meer tegniese take nie altyd 'n lang intensiewe beroepsopleiding gerugsteun deur 'n algemeen vormende voorafstudie, soos die studie vir 'n baccalaureusgraad, vereis nie. Die gedagte dat 'n tipe ondersteunende personeel op 'n middelvlak nodig is om die tegniese take uit die hande van die professionele personeel te neem, is reeds aan

die begin van hierdie eeu in Duitsland ingesien en in verskillende vorme in die meer vooruitstrewende biblioteeklande toegepas.

'n Belangrike probleem is om duidelik aan te toon presies watter take van biblioteek- en inligtingswerk in hierdie kategorie met die oog op die opleiding ingesluit moet word. Beide die Amerikaanse[154)] en die Britse biblioteekverenigings[155)] het lyste gepubliseer waarin 'n onderskeid tussen professionele en nie-professionele take getref word, maar dan word die suiwer klerklike en die meer tegniese take nie duidelik uit mekaar gehou nie.[156)] Die knaende tekorte aan opgeleide professionele personeel en die besef dat die toevloei van talentvolle rekrute, veral mans, nie oornag dramaties sal verbeter nie, het in verskillende lande die besef gebring dat die moontlikheid van ondersteunende personeel wat baie van die meer tegniese verpligtinge van die professionele personeel kan oorneem, wel oorweging verdien.

In lande, soos Denemarke, Kanada en die Verenigde State, waar die aanwending van spesiaal opgeleide personeel vir die uitvoering van suiwer tegniese aktiwiteite tans geredelik aanvaar word, is ook gepoog om hul taak meer definitief te omskryf met die oog op die beplanning van opleidingsprogramme.

In Denemarke[157)] word beoog om biblioteekassistente op te lei om sekere take op die volgende terreine oor te neem: die voorbereiding van materiaal, administratiewe werk en uitleenwerk. In die geval van die voorbereiding van materiaal sluit dit die tegniese werk in verband met die aankoop van materiaal, titelbeskrywing en kontrole

154) *American Library Association.* Board on Personnel Administration. Descriptive list of professional and non-professional duties in libraries; a preliminary draft. Chicago, 1948.

155) *Library Association.* Professional and non-professional duties in libraries; a descriptive list. London, 1962.

156) Vgl. ook kritiek van Fouche, op. cit., p. 106-107.

157) *Krogh, K.* Training for non-professional library assistants in Denmark. *Library Association record* 69: 268, 1967.

oor die inbinding van materiaal in. Op die administratiewe vlak word die biblioteekassistent met boekhouding en sekretariële werk belas en in uitleenwerk met die uitleenroetines en toesig oor die personeel wat daarby betrokke is.

In 'n beleidsdokument van die American Library Association rakende kriteria vir opleidingsprogramme[158)] word die volgende as pligte en verantwoordelikhede vir die tegniese biblioteekassistent aangegee:
1. Hulle verleen ondersteuning en bystand aan professionele personeel en kan toesig oor klerke of ander tegniese assistente uitoefen;
2. Hul take hou verband met 'n verskeidenheid van funksies soos aangepas by die oogmerke van die bepaalde inrigting en mag die volgende operatiewe en/of toesighoudende take insluit: die fisiese voorbereiding, instandhouding en uitstalling van materiaal; instandhouding van rakke, lêers en toerusting; uitleenwerk waaronder die registrasie van gebruikers, die verduideliking van uitleenreëls, reservering, uitlening en terugontvangs, hou van rekords, hantering van uitstaande boetes; aanskafwerk, waaronder bestelling van materiaal (uitsluitend die seleksie), kontrole van lyste, hou van rekords en die opsporing van bibliografiese inligting;
katalogisering, waaronder die prosessering van tweede eksemplare en nuwe uitgawes, bestelling van kataloguskaarte, standkataloguswerk, liassering, fisiese instandhouding van die katalogus en eenvoudige titelbeskrywing;
inligtingsdiens, waaronder take soos die beantwoording van aanwysende en feitlike navrae en die lokalisering van bibliografiese inligting wat nie 'n komplekse soektog vereis nie;
3. Spesiale take kan opgedra word in die lig van die omstandighede van elke inrigting, byvoorbeeld take wat daarop gerig is om die aanleg

158) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Criteria for programs to prepare library media technical assistants. *American Libraries* 2: 1059-1061, 1971.

en vermoë van persone in vertolkende en skeppende werk, veral in openbare biblioteke, te benut.

Uit die publikasie, „The Library technician at work" blyk dat tegniese biblioteekassistente in Kanada in hoofsaak vir dieselfde take in die praktyk as in die Verenigde State gebruik word.[159)]

'n Voorbeeld van take wat spesifiek vir 'n tegniese assistent in inligtingswerk in Groot-Brittanje aangegee word, is die volgende:[160)] alfabetiese en numeriese liasseerwerk, instandhouding en kontrolering van rekords en materiaal, aanskafwerk volgens instruksies, gebruik van toerusting soos teleks, bandtikmasjiene, ponsapparaat en ponskaartmasjiene en toerusting, hantering en roetine-instandhouding van reprografiese toerusting en gebruik van mikrografiese apparaat.

Die werksaamhede wat in die bogenoemde omskrywings van die taak van tegniese biblioteekassistente aangegee word, is take wat normaalweg in biblioteke en soortgelyke inrigtings deur klerke, persone met universiteitsgrade sonder beroepsopleiding of selfs persone met een of ander beroepskwalifikasie in biblioteek- en inligtingswerk verrig word. Die toewysing van hierdie tipe werksaamhede aan personeel verskil van inrigting tot inrigting en word onder meerdere deur die grootte van die organisasie, die tipe biblioteek of inligtingsdiens, die doeltreffendheid van die arbeidsorganisasie en die beskikbaarheid van die verskillende tipes personeel bepaal. In die lig van die voorgenoemde uiteensettings wil dit egter voorkom of 'n tendens aan die ontwikkel is om die werksaamhede in biblioteke en inligtingsdienste met 'n spesifiek tegniese strekking te identifiseer en aan personeel op 'n bepaalde vlak toe te wys.

159) *Library* technician at work: Theory and practice. Ottawa, Canadian Library Association, 1970.

160) *Schur* en *Saunders*, op. cit., p. 45-46.

Wat die opleiding van personeel vir hierdie middelvlak betref kan in hoofsaak twee opleidingspatrone onderskei word. Die een patroon kan as 'n laer professionele opleiding bestempel word en die ander as 'n subprofessionele of tegniese opleiding. 'n Tipiese voorbeeld van die laer professionele opleiding word gevind in die Britse stelsel en ook in lande wat noue bande met die land het of gehad het soos Suid-Afrika en Australië. Die Britse stelsel, soos dit in die opleidingsprogramme van die Library Association voor 1964 tot uiting kom, het bestaan uit kursusse en eksamens op verskillende vlakke wat deur alle studente gevolg moes word. 'n Nuweling wat tot die beroep toegetree het, het met die toelatingseksamen begin en indien hy oor die vermoëns beskik het om al die eksamens te slaag, kon hy deur die verskillende trappe tot by die heel boonste vlak, die finaal, gevorder het. Die eerste professionele eksamen is as 'n kwalifikaise op 'n laer professionele vlak beskou.[161]

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie eerste professionele kwalifikasie die eerste trap in dieselfde baan uitgemaak het. Alle bibliotekarisse moes dus eers die meer elementêre gedeelte van die beroepsopleiding voltooi voordat hulle die volgende vlak aangepak het. Dit is 'n stelsel hierdie wat natuurlikerwys uit die tegnies-georiënteerde benadering van beroepsopleiding, wat in Engeland in swang was, voortgespruit het. Nuwelinge wat tot 'n beroep toegetree het, het as vakleerlinge begin werk en moes verskillende opeenvolgende eksamens, gewoonlik onder leiding van die beroepsvereniging, vir die verwerwing van hul kwalifikasies skryf. Hier was dus nie werklik sprake van 'n diensvlakdifferensiasie in die opleiding nie, want die kursusse van die verskillende vlakke is op mekaar gebou. Een resultaat van hierdie opleidingspatroon was dat geen duidelike beeld van die

161) *Aiyepeku*, *W. O.* **Training sub-professional library staff: an international survey.** ***International library review*** 4: 11, 1972.

opleiding van die bibliotekaris as beroepsmens gevorm kan word nie. Dié stelsel het in elk geval in 1964 met die aanvaarding van nuwe leerplanne grotendeels tot 'n einde gekom.[162] Die situasie ten opsigte van Suid-Afrika word later behandel. Alhoewel hierdie vorm van opleiding op sy tyd 'n nut gehad het deurdat dit aan werkende persone wat die moeilike weg van deeltydse studie verkies het, 'n kwalifikasie na 'n eerste periode van studie besorg het (vir sommige ook hul enigste), moet die benadering uit beginsel afgewys word. Dit berus nie op 'n duidelike vertikale differensiasie van die beroepstaak nie en werk belemmerend op die beroepsbeeld van die bibliotekaris in.

Hierteenoor staan die subprofessionele benadering wat in teenstelling met die laer professionele opleiding, op 'n duideliker onderskeid tussen soorte werk gebaseer is en wat die klem op die tegniese aspekte van biblioteek- en inligtingswerk plaas. Soos reeds aangetoon het die eerste betekenisvolle stap in hierdie rigting aan die begin van hierdie eeu in Duitsland gekom met die instelling vanaf 1909 van 'n opleiding vir „biblioteekassistente". Hulle moes as ondersteunende personeel in akademiese biblioteke optree, maar is in die reël ook in openbare biblioteke as die enigste opgeleide personeel gebruik. Met verloop van tyd het die opleiding van openbare bibliotekarisse na 1930 sy eie weg ingeslaan, hoewel dit steeds op 'n subprofessionele of tegniese vlak gebly het.[163]

In die Verenigde State, waar die beroepsopleiding van bibliotekarisse op 'n vroeë stadium sy weg na die universiteite gevind het, was die beroepsgemeenskap aanvanklik bereid om erkenning aan voorgraadse opleiding in biblioteekkunde te gee, soos blyk uit die bepalings van die 1933-Standaarde.[164] Die strewe om die standaard van die opleiding

162) *Bramley*, op. cit., p. 63-65.
163) *Kunze*, op. cit., p. 45.
164) *Carroll*, op. cit., p. 49.

meer in tred met ander soorte beroepsopleiding te bring, was egter so sterk dat in die hersiene 1951-Standaarde net vir 'n basiese opleiding voorsiening gemaak is, wat in hoofsaak op nagraadse vlak plaasgevind het. Aan die hand van hierdie standaarde is 'n sekere getal biblioteekskole geakkrediteer. Na 1951 het daar dus geen vorm van beheer of amptelike erkenning van voorgraadse opleiding meer bestaan nie. Gevolglik het 'n groot aantal voorgraadse opleidingsprogramme aan universiteite sonder geakkrediteerde programme en ook aan 'n verskeidenheid inrigtings, wat voorgraadse opleiding aangebied het, tot stand gekom.[165] Die doelstellings van hierdie voorgraadse programme het een of 'n kombinasie van die volgende moontlikhede ingesluit: opleiding in skoolbiblioteekwerk, voorbereiding vir verdere studie aan 'n nagraadse biblioteekskool, voorbereiding vir die subprofessionele vlak of opleiding in die gebruik van inligting.[166]

Dit is verder opvallend dat die opleiding vir subprofessionele biblioteekwerkers of biblioteektegnici, twee terme wat in Noord-Amerika in dieselfde betekenis gebruik word, hoofsaaklik aan die sogenaamde „junior" of „community college" aangebied word. Die ander soorte voorgraadse opleiding word merendeels by ander inrigtings vir voorgraadse opleiding, soos „liberal arts colleges" en onderwyskolleges aangetref. 'n Ondersoek in dié verband het ook gevind dat opleidingsprogramme vir biblioteektegnici in die Verenigde State gedurende die sestiger jare aansienlik toegeneem het.[167]

Wat in Amerika gebeur het, is dat leiers op biblioteekkundige gebied so met die ideaal behep geraak het om die standaard van hul opleiding tot die nagraadse vlak te verhef, dat die vraagstuk van opleiding

165) *Zachert, M.J.K.* Objectives and patterns in undergraduate library science education. New York) 1967.

166) Ibid., p. 113-125.

167) Ibid., p. 146.

vir 'n laer vlak heeltemal verwaarloos is. Hoewel persone alreeds in 1948[168)] en weer in 1954[169)], om maar twee van die vroeë uitsprake te noem, spesifiek op die behoefte aan 'n opleiding vir die middelvlak gewys en dit bepleit het, was daar suksesvolle weerstand teen die sanksionering en uitbouing van sodanige opleiding. Daar is onder andere aangevoer dat biblioteke nie behoefte het aan personeel wat oor 'n beperkte opvoedkundige agtergrond en sekere laegraadse vaardighede beskik nie, maar eerder aan persone met die nodige akademiese agtergrond wat deur indiensopleiding die vaardighede kan ontwikkel. Dit hang dan saam met die probleem dat dit nie moontlik is om 'n biblioteek se aktiwiteite op die patroon van 'n monteerfabriek in te rig waar elke persoon net 'n beperkte taak hoef te verrig nie. Verder is daar geredeneer dat 'n biblioteek 'n opvoedkundige inrigting is, wat selfs vir sy roetinewerk persone met die nodige algemene opvoeding vereis. Die ondertoon van hierdie argumente is dat iemand met 'n eng tegniese opleiding nie in die biblioteek inpas nie, altans nie onder die huidige patroon van arbeidsorganisasie wat in biblioteke aangetref word nie.[170)] Die sterkste beswaar is egter die bekommernis dat persone met 'n subprofessionele opleiding in professionele poste aangestel sal word en dat hierdie verskynsel op geen manier beheer kan word nie.[171)] Daar word ook gevra of hierdie tipe personeel vir die kleiner biblioteke wat nie volwaardig opgeleide bibliotekarisse kan bekostig nie, van enige nut sal wees.[172)]

Ten spyte van hierdie besware, besluite deur kommissies en die standpunt van die Library Education Division van die American Library

168) *Berelson*, op. cit., p. 250.

169) *Asheim, L. red.* The core of education for librarianship; a report of a workshop held under the auspices of the Graduate Library School of the University of Chicago, August 10-15, 1953. Chicago, American Library Association, 1954. p. 43-44.

170) *Conference on Library manpower*, Washington, 1967. Library manpower: Needs and utilization; a conference. Chicago, Ill., A.L.A., 1967. p. 13.

171) *Sass, S.* Library technicians – "instant librarians?" *Library journal* 92: 2126, 1967.

172) *Asheim*, op. cit., p. 44.

Association dat die opleiding van biblioteektegnici nie aangemoedig moet word nie,[173] het hierdie vorm van opleiding in Noord-Amerika aansienlik toegeneem. Daar is waarnemers wat van mening is dat die voortgesette ontwikkeling van dié vlak van opleiding verreikende gevolge op beide die praktyk en opleiding sal hê. „Successful technician programs will serve to clarify what are professional and non-professional tasks in libraries and will help to force a genuine redefinition of what is a professional librarian. Technician training courses will also serve to clarify the role and curriculum offerings of the graduate library schools".[174] Daar is dan ook aanduidings, soos dit blyk uit 'n opname oor die plasing van afgestudeerdes, dat Noord-Amerikaanse biblioteke begin om 'n meer bevredigende indeling van professionele en subprofessionele werk te maak, wat dit moontlik maak om persone met 'n subprofessionele opleiding beter te benut.[175]

Voorbeelde van opleidingsprogramme in verskillende lande op hierdie vlak toon dieselfde verskeidenheid as wat die geval met die basiese opleidingskursusse is. In 1967 het die Deense Skool vir Biblioteekwese 'n eerste kursus vir biblioteekassistente aangebied.[176] Die doel met die kursus was om klerklike werkers in biblioteke op te lei om die verantwoordelikheid vir sekere take in verband met die voorbereiding van materiaal, biblioteekadministrasie en uitleenwerk, oor te neem. Die kursus is vir twee tydperke van vier weke, 'n paar maande uitmekaar, beplan en het uit vier onderdele bestaan: algemene agtergrondskennis oor die biblioteekwese; meer gespesialiseerde kennis

173) *Sass*, op. cit., p. 2122.

174) *Marshall, J.M.* Canadian programs for the training of library technicians. *American Library Association.* Library Education Division. Newsletter, no. 68: 23, 1969.

175) The *Bowker* annual of library and book trade information 1972. New York, Bowker, 1972. p. 255.

176) *Krogh*, op. cit., p. 268-270.

oor voorbereiding van materiaal, administrasie en uitleenwerk; praktiese opleiding op hierdie drie terreine en werkmetodes.

In dieselfde tyd gee die Library Association toe aan die druk van verskillende groepe dat 'n vorm van formele opleiding vir biblioteekassistente ingestel moet word. Die kursus word sedert 1967 op 'n deeltydse basis deur tegniese kolleges aangebied en die eksamens vir die „Library assistants certificate" word deur die City and Guilds of London Institute afgeneem. Kandidate moet minstens negentien jaar oud wees, en oor nie minder nie as twee jaar ervaring in biblioteek- of inligtingswerk beski'k nie. Die eksaminering bestaan uit twee skriftelike vraestelle plus die resultate van 'n aantal praktiese werkopdragte. Ongelukkig is daar nie veel inligting oor die inhoud van die kursus beskikbaar nie, behalwe dat een kommentator die standaard daarvan met dié van die ou „First Professional Examination" van die Library Association vergelyk.[177)]

In Noord-Amerika het die opleiding van biblioteektegnici, soos reeds aangetoon, 'n voorgeskiedenis gehad in die verskeidenheid van voorgraadse biblioteekkundekursusse aan beide universiteite en kolleges. Gedurende die sestiger jare het die georganiseerde biblioteekwese die vraagstuk egter meer daadwerklik begin aanpak. In 1967 sluit die Texas State Library 'n kontrak met die Communication Service Corporation om leerplanne te ontwikkel wat vir die opleiding van „Library Technical Assistants" in die junior kolleges van Texas gebruik kan word. Die resultaat is 'n baie volledige handleiding met die titel „The Tex-tec syllabi" wat in 1968 verskyn.[178)] Aangesien die organisasie en die inhoud van hierdie kursus, asook dié van die kursusse wat in 'n

177) *Cockburn, J.W.* Library assistant's certificate. *Scottish Library Association News* 80: 6-8, 1967.

178) The *Tex-Tec* syllabi; courses of study for library technical assistants prepared for the Texas State Library by Louis Shores (a.o.) Washington, D.C., Communication Service Corporation, 1968.

latere publikasie van die Canadian Library Association voorkom,[179] noue ooreenstemming met 'n beleidsverklaring van die American Library Association in 1971 rakende die opleiding van tegniese biblioteekassistente vertoon,[180] word slegs laasgenoemde hier bespreek.

In teenstelling met sy aanvanklike teenkanting teen hierdie tipe personeel het die American Library Association in 'n beleidsverklaring in 1970, waarna vroeër verwys is, amptelike erkenning aan die „library technical assistant" verleen.[181] Die aanvaarding van die tegniese biblioteekassistent deur die georganiseerde biblioteekwese word opgevolg deur 'n beleidsverklaring waarin maatstawwe vir hul opleiding neergelê word.[182] In die beleidsverklaring word 'n tegniese biblioteekassistent omskryf as 'n persoon wat oor sekere spesifieke vaardighede in biblioteekwerk beskik. Alhoewel klerklike aktiwiteite 'n deel van die tegniese biblioteekassistent se toerusting kan uitmaak „the emphasis in his assignment should be on the special technician skills."[183] Daar word verder spesifiek gestel dat die maatstawwe slegs vir opleiding op die vlak van die junior kollege bedoel is.

Die voorgestelde opleidingsprogram, wat in die reël oor twee jaar strek, bestaan uit drie komponente. Eerstens, kursusse vir algemene vorming wat ongeveer vyftig persent van die totale program in beslag neem. Hieronder word kursusse ingesluit oor kommunikasievaardighede, Engelse taalwerk, sosiale wetenskappe, humaniora, fisiese wetenskappe, ens. Tweedens, biblioteektegniese kursusse wat 'n verdere vyf en twintig persent van die program uitmaak en wat

179) *Library* technician at work, ibid.
180) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION, ibid.
181) *Library* education and manpower, ibid.
182) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION, op. cit., p. 1061-1063.
183) Ibid., p. 1059.

die volgende insluit: inleiding tot die biblioteekwese en tipes en vorme van materiaal; ondersteunende aktiwiteite vir tegniese dienste; ondersteunende aktiwiteite vir openbare dienste, soos lesersgidsdiens en inligtingsverskaffing en praktiese werk in biblioteke. Die orige vyf en twintig persent van die program word in die derde plek aan verwante gespesialiseerde kursusse soos dataprosessering, instandhouding en hantering van oudio-visuele toerusting, aanbieding van storieure en kantooradministrasie bestee.

Die behoefte aan ondersteunende personeel spesifiek in gespesialiseerde inligtingswerk word ook aangevoel,[184)] maar dit word beweer dat inligtingsaktiwiteite so gevarieërd en verstrengel is „that it is difficult to delineate clearly an assistant function for which training can be defined and such staff may either be inadequate for newer techniques, or become frustrated in routine jobs."[185)] Hierteenoor kan na die aanbeveling van Schur en Saunders verwys word, wat vroeër aangehaal is, dat daar in wetenskaplike en tegnologiese biblioteek- en inligtingswerk betrekkings vir tegniese assistent ingestel behoort te word en dat hulle dieselfde opleiding as die „Library Assistant's Certificate" van City and Guilds of London Institute behoort te volg.

4.4.5.6.2.2 *Gevorderde nagraadse opleiding*

Uit die bespreking in hierdie hoofstuk sover het geblyk dat deur vertikale differensiasie 'n diensvlak in biblioteek- en inligtingswerk ontstaan, wat as subprofessionele werk bekend staan en wat dus op 'n laer vlak as die basiese beroepskwalifikasie te staan kom. Net so het daar ook werksaamhede ontwikkel, wat meer gevorderde opleiding as wat deur 'n basiese opleiding beoog word, vereis. Daar word in dié verband

184) *Farradane, J.E.L.* Standards in education in information science. *Aslib proceedings* 21: 33, 1969.

185) Id. Progress in documentation: Training for information science. *Journal of documentation* 26: 264, 1970.

gedink aan ontwikkelingswerk sowel as aan toegepaste en basiese navorsing wat hoë eise aan die uitvoerders stel, en wat aktiwiteite is wat steeds meer toeneem. Nagraadse of gevorderde opleiding vir 'n beroep kan in een van die volgende twee rigtings beweeg: die een is die opleiding van navorsers, „that is, the student who will contribute fundamental knowledge and methodology for attacking critical problems of the profession", en die ander, die opleiding van 'n hoëgraadse praktisyn „who has a broader and deeper understanding of the field than it is possible to provide during his initial education for the profession."[186)]

Die opleiding van navorsers deur middel van nagraadse opleidingsprogramme wat tot op die doktorale vlak loop, is 'n verskynsel wat sedert die stigting van die Graduate Library School aan die Universiteit van Chicago in die laat twintiger jare geleidelik toegeneem het. In lande soos die Verenigde State en Groot Brittanje kom die tipe opleiding algemeen voor, hoewel waarnemers dit eens is dat nog baie meer opgeleide navorsers vir die uitvoering van navorsing op biblioteek- en inligtingsgebied benodig word. Hierdie aspek van nagraadse opleiding word nie verder behandel nie, nie omdat dit onbelangrik is nie, maar omdat dit meer spesifiek deur die algemene beleid van die universiteite rakende akademiese sake bepaal en gerig word.

Die tweede rigting waarin nagraadse opleiding kan beweeg, naamlik die opleiding van hoëgraadse beroepslui, het meer direk met die beroepsopleiding te make en is nog besig om te ontwikkel. Dit is belangrik dat opleidingsinstansies met hierdie onderskeid in die nagraadse werk sal rekening hou en doelbewus daarvolgens beplan.

In die praktyk neem die Verenigde State weereens die voortou met die verskaffing van doelgerigte beroepsopleiding op 'n gevorderde nagraadse vlak. Reeds in die eerste standaarde vir opleiding, wat in

186) *Berelson*, op. cit., p. 37.

1925 verskyn het, word vir die toekenning van 'n meestersgraad na twee jaar van gevorderde studie op nagraadse vlak voorsiening gemaak.[187] Dit beteken dat 'n persoon na die voltooiing van 'n vierjarige baccalaureusgraad in die vyfde jaar die basiese biblioteekkwalifikasie kon behaal, en indien hy toegelaat word, kon hy aan sekere biblioteekskole[188] 'n verdere jaar gevorderde studie vir 'n meestersgraad onderneem.

Die feit dat 1451 van hierdie „sixth-year master degrees" tot 1960 deur vyf geakkrediteerde biblioteekskole toegeken is,[189] dui op die behoefte wat bestaan het aan meer intensiewe en omvattende beroepsopleiding bo en behalwe die basiese kwalifikasie.

Daarna ontwikkel die praktyk egter om 'n meestersgraad in plaas van 'n baccalaureusgraad as die basiese kwalifikasie na vyf jaar studie toe te ken. Die 1951-Standaarde bevestig die tendens deur dit te sanksioneer, en die gevolg hiervan is dat die gespesialiseerde meestersgraad wat na 'n sesde jaar van studie verwerf kon word, uitgedruk is en teen 1960 van die toneel verdwyn het.[190] Op die wyse is 'n gaping gelaat, want na die eenjarige meestersgraad is doktorale studie die volgende kwalifikasie, en behalwe dat nie alle biblioteekskole doktorale programme gehad het nie, het te min kandidate hulle vir verdere studie aangemeld. Gevolglik begin van die biblioteekskole, Columbia by name, om in 1961 weer 'n ekstra program, nou bekend as „sixth-year specialist programs" aan te bied.[191] In teenstelling met die vroeëre sesde jaarprogram is hierdie nuwe „post-Master's degree" (sy jongste amptelike benaming) meer spesifiek gerig op gevorderde studie in 'n gespesialiseer-

187) *Carroll*, op. cit., p. 48.
188) *Danton*, op. cit., p. 2.
189) *Carroll*, op. cit., p. 197.
190) *Danton*, op. cit., p. 4.
191) Ibid., p. 5.

de rigting of van 'n bepaalde soort professionele aktiwiteit.[192]

Die nuwe benadering wen vinnig veld en in 1969 kan reeds twintig sodanige programme geïdentifiseer word, terwyl inligting beskikbaar is van verskeie instansies wat dit op daardie stadium oorweeg het om een in te stel. Die onderskeie skole se doelstellings met die „post-Master's degree"-programme wissel baie, „Nonetheless, it is clear that all the schools conceive of their programs as ones which provide for at least some kind of *specialization* beyond the M.L.S."[193] Dit kan onder meerdere inhou 'n studie van inligtingkunde en outomatisering of 'n program met die oog op onderrigwerk in biblioteekkunde of bestuursopleiding of die verbetering van beroepsvaardighede.[194]

Die voorsiening in die behoefte aan gevorderde opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk is in Groot-Brittanje effens anders as in die Verenigde State benader. Verskillende van die universiteite bied gevorderde akademies-gerigte programme vir die opleiding van navorsers aan in welke gevalle dit van die studente wat vir hierdie meesters- en doktorsgrade inskryf, verwag word om hul studie deur middel van navorsingswerk af te handel. Die programme vir die opleiding van navorsers aan sommige van die inrigtings, soos die University College, London, Sheffield University en Queens University te Belfast, is biblioteekkundig georiënteerd, terwyl die program van die City University inligtingkundig gerig is. Dit is nie moontlik om algemene norme vir toelating aan te dui nie, maar die keuring soos deur elke inrigting toegepas, is streng.

Benewens hierdie akademies-gerigte gevorderde opleiding word in Groot-Brittanje 'n vorm van beroepsopleiding aangebied wat,

192) Ibid.
193) Ibid., p. 15.
194) Ibid., p. 14.

hoewel dit basies van aard is, van 'n hoër standaard is as die normale basiese opleiding, maar tog kan dit nie met die Amerikaanse „post-Master's degree" vergelyk word nie. Hierdie studie lei tot 'n meestersgraad en word in beide biblioteek- en inligtingkundige rigting aangetref. Die toelatingsvereiste is 'n honneursgraad in 'n bepaalde vakrigting, terwyl praktiese ervaring ook in sommige gevalle vereis word. Die kandidate moet gedurende hul studie 'n navorsingsprojek voltooi en die resultate in die vorm van 'n skripsie inhandig. Hier word dus nie 'n vorige basiese kwalifikasie in biblioteek- en inligtingswerk as toelating tot die studie vereis nie, en daarom is hier streng genome nie van gevorderde beroepsopleiding sprake nie. Voorbeelde van hierdie kursusse is die „M.A. in Librarianship" van die University of Sheffield, die „Master of Library Studies" van die Queens University, Belfast en die „M.Sc. in Information Studies" van Sheffield University of die „M.Sc. in Information Science" van die City University.

Die University College London bied wel 'n studiekursus, die „M.A. in Library and Information Studies" aan, wat nie net 'n basiese opleiding van 'n hoë graad is nie, maar wat as gevorderde opleiding in biblioteek- en inligtingswerk beskou kan word. Die toelatingsvereiste is 'n graad plus die universiteit se „Diploma in Library and Information Studies" of 'n soortgelyke kwalifikasie. Kandidate word toegelaat om individuele studieprogramme volgens hul eie behoeftes saam te stel.[195)]

In Europa kom gevorderde opleiding in biblioteek- en inligtingswerk nog nie algemeen voor nie, maar heelwat waarde word wel aan gevorderde opleiding in 'n vakrigting geheg.

Verder kan na Indië verwys word waar opleiding ook op verskillende vlakke aangetref word. Die eerste beroepskwalifikasie is 'n baccalau-

195) *London.* University College. School of Library, Archive and Information Studies. (Prospectus) London, 1971. p. 10.

reusgraad (B. Lib Sc) wat na een jaar van studie na 'n gewone baccalaureusgraad verwerf word. Dié basiese beroepskwalifikasie verleen toegang tot die studie vir 'n meestersgraad in biblioteekkunde (M. Lib Sc) wat aan drie universiteite, naamlik Delhi, Banaras en Punjab gevolg kan word.[196] Hierdie meestergraadprogramme, „aims at offering specialized training and makes one proficient in advanced library techniques and methodologies."[197] Dit is ook moontlik om 'n gevorderde kursus in dokumentasie oor 'n tydperk van veertien maande aan die „Documentation Research and Training Centre" te Bangalore te volg. As toelatingsvereiste word 'n graad in biblioteekkunde vereis. Ten slotte is daar fasiliteite vir doktorale studie aan die universiteit van Delhi beskikbaar.

4.4.5.6.3 *Funksionele opleiding*

In die praktyk gebeur dit dikwels dat personeel om sekere redes, soos persoonlike aanleg, hulle op 'n bepaalde soort werk toelê. Op die wyse kan so 'n mate van deskundigheid met betrekking tot 'n bepaalde taak, soos boekkeuring, indeksering of inligtingsverskaffing bereik word dat dit vir die persoon en sy werkgewer die voordeligste is om daarmee voort te gaan. Die verskynsel word natuurlik in die hand gewerk deur groter volumes werk en meer komplekse organisasies wat die behoefte skep aan personeel wat ook in funksionele opsig in 'n bepaalde soort werk „spesialiseer" of dan wel deskundigheid daarin verwerf. Dit is logies om te verwag dat in beroepsopleiding ook met hierdie behoefte van die praktyk rekening gehou sal word en dat daar naas gespesialiseerde opleiding, soos vir skool- regs- of mediese biblioteekwerk of werk met patente, ook meer spesifiek vir opleiding in funksionele opsig voorsiening gemaak sal word.

196) *Sharma, C.D.* Library science education in United States, Canada, Great Britain and India: Patterns, equivalencies and illusions. *Herald of library science* 10: 227, 1971.
197) Ibid., p. 230-231.

In die basiese opleidingsprogramme bied die indeling van die curriculum volgens vakke 'n mate van opleiding in die vernaamste funksionalisasies, soos die uitbouing van die versameling, die ontsluiting van die inligting, die verskaffing van inligting en die lewering van lesersgidsdiens. Dit is egter bedoel as 'n basiese opleiding en kan dus nie voldoende geag word indien 'n persoon hom in 'n sekere rigting wil toespits nie.

Net soos in die geval van gespesialiseerde opleiding is ook gepoog om vir die gedifferensieerde benadering by wyse van keusevakke, soos indeksering, disseminasie van inligting, outomatisering of navorsingsmetodes voorsiening te maak. Keusevraestelle in gedifferensieerde opsig kom egter eerder op nagraadse vlak as in die basiese opleiding voor, soos blyk uit die Amerikaanse „post-Master's degree", waar daar voldoende geleentheid is om in funksionele opsig gevorderde opleiding te ondergaan.[198] Ook hier kan weer daarop gewys word dat, indien in 'n bepaalde program, byvoorbeeld op nagraadse vlak, die klem in die opleiding of op die sosiale funksie of op die inligtingsfunksie geplaas sou word, daar van 'n differensiasie en nie 'n spesialisasie in die opleiding sprake sou wees.

Daar is egter een groot probleem wat die uitbouing van die horisontale differensiasie van personeelorganisasie ernstig in die wiele ry, en dit is die tradisionele benadering van personeelorganisasie in die praktyk waardeur die enigste weg tot bevordering vir professionele personeel deur die bestuursrange loop. Hierdie verskynsel is nie net tot die bibliowese beperk nie en hou in dat 'n persoon wat goed in 'n funksionele rigting, soos boekkeuring of indeksering is, vind dat verskillende bevorderings sy beroepsverpligtinge afstroop en met suiwer bestuurs- en administratiewe pligte vervang. Dit verteenwoordig egter die enigste

198) *Danton*, op. cit., p. 23 - 24

manier waarop hy 'n hoër salaris en status kan bekom en daarom is hy verplig om die weg te volg.

Die uitwerking van hierdie benadering is die verskraling van die gehalte werk en diens wat gelewer word, want die personeel wat oor die regte aanleg en belangstelling mag beskik, word verhinder om deur ervaring in ware deskundiges te ontwikkel.[199] Die feit dat die moontlikheid nie juis bestaan vir die personeel om in funksionele opsig 'n loopbaan te kan volg nie, verminder ook die behoefte aan meer doelgerigte formele onderrig in die verband.

Solank biblioteekowerhede en -besture nie bereid sal wees om personeel so te organiseer dat 'n persoon langs funksionele weg die hoogste vlakke of volledige uitlewing in sy beroepsarbeid kan bereik nie, sal die behoefte aan gedifferensieerde opleiding in funksionele opsig nie sterk toeneem nie.

Ten slotte word na 'n tipe funksionele opleiding verwys wat streng genome nie hier bespreek hoef te word nie, omdat dit meer op die taak van die opleidingsinstansies van toepassing is, naamlik die opleiding van gebruikers. In die reël word dit as die taak van die personeel van biblioteke en inligtingsdienste beskou om gebruikers in die hantering en benutting van inligtingsbronne, dokumentêr sowel as nie-dokumentêr in te lei en te onderrig. Weens die toenemende belangrikheid van inligting en die kompleksiteit van inligtingsbeheer het daar 'n beweging ontstaan om die onderrig van die gebruiker op 'n meer formele basis aan te bied. In dié verband is daar sommige wat meen dat opleidingsinstansies vir biblioteek- en inligtingswerk 'n taak het, hetsy om die opleiding van gebruikers self te

199) *Fouche, B.* Die rol van die openbare biblioteek met betrekking tot die bevrediging van nie-beroepsgerigte inligtingsbehoeftes (*In:* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 26ste Jaarlikse Konferensie, Pretoria, 1971. Referate gelewer. Potchefstroom, 1971. p. 126).

onderneem of om die tipe opleiding te inisieer en te beplan.[200]

4.4.5.6.4 *Samevatting*

Uit die oorsig van die situasie in sekere oorsese lande is dit duidelik dat deur vertikale differensiasie in die opleiding gepoog word om meer pertinent in die behoefte aan personeel vir verskillende diensvlakke in biblioteek- en inligtingswerk te voorsien. Deur differensiasie het daar naamlik opleidingsvlakke tot stand gekom wat beide laer of subprofessioneel en hoër of meer gevorderd van aard as die algemene basiese opleiding in die onderskeie lande is.

Die behoefte aan personeel met 'n subprofessionele opleiding wat ondersteunende werk op 'n middelvlak kan verrig, het in verskillende lande na vore gekom namate die basiese beroepsopleiding op universitêre vlak aangebied is en in tred met die eise van die akademiese milieu 'n professioneel-akademiese karakter verwerf het. Dit het die besef gebring dat persone met 'n universitêre opleiding, veral wanneer dit 'n nagraadse karakter het, inderdaad nie vir die meer tegniese georiënteerde take gebruik behoort te word nie. Alhoewel daar in die Verenigde State aanvanklik baie teenkanting teen 'n subprofessionele vlak van opleiding was, het die behoefte aan die tipe personeel en die moontlikhede wat die land se hoër onderwysstelsel in die vorm van die tweejarige beroepskursusse van die junior kollege gebied het, daartoe gelei dat die tipe opleiding in onlangse jare baie veld gewen het. Die uitwerking van die beskikbaarheid van die tipe personeel kan nog nie met sekerheid aangetoon word nie, maar dit word verwag dat dit sal lei tot 'n duideliker onderskeid tussen hoër en laer gewaardeerde beroepsaktiwiteite in personeelorganisasie sodat persone met die volledige basiese beroepsopleiding by uitstek vir die suiwer

200) *Lancaster, F.W.* User education: The next major thrust in information science? *Journal of education for librarianship* 11: 54, 1970.

beroepsarbeid gebruik sal word.

'n Vorm van gedifferensieerde opleiding vir die laer diensvlakke wat besig is om uit te sterf, is die laer professionele opleiding wat so tipies van die Britse stelsel was. In die vakleerlinggeoriënteerde opleiding wat deur die beroepsvereniging in Groot-Brittanje aangebied is, het alle studente met 'n elementêre kursus begin en kon hulle deur twee verdere trappe of eksamens die finaal bereik. Dit het beteken dat die verskillende eksamens wat inhoud en aanbieding betref op mekaar gebou was. Dit het ingehou dat diegene wat met die eksamens op die laer vlakke besig was, en selfs nie verder kon vorder nie, inderdaad vir die tegniese werksaamhede gebruik kon word. Nadat die Library Association in 1964 'n nuwe stelsel van voltydse opleiding ingevoer het, en opleiding deur inrigtings vir hoër onderwys op die gebied van biblioteek- en inligtingswerk in elk geval baie toegeneem het, het die „vakleerlinge" wat die laer gewaardeerde beroepsaktiwiteite kon verrig baie skaars geword. Die behoefte aan formele opleiding van ondersteunende personeel kry in 1967 gestalte in die „Library assistant's certificate" van die City and Guilds of London Institute wat met die goedkeuring van die Library Association ingestel is. In teenstelling met die vroeëre laer professionele opleiding is hierdie kwalifikasie subprofessioneel van aard.

Ook meer gevorderde opleiding op 'n hoër vlak as die basiese beroepskwalifikasie het 'n aanvaarde deel van die voorbereiding vir biblioteek- en inligtingswerk geword. In die verband is dit nodig om tussen die opleiding van navorsers en hoëgraadse praktisyns te onderskei. Weens die behoefte van die praktyk aan personeel, wat die leiding van komplekse organisasies kan behartig of wat in staat is om die uitdagende ontwikkelingswerk van moderne inligtingstelsels te onderneem, sal daar naas die opleiding van navorsers, meer gevorderde beroepsopleiding op 'n hoër vlak as die basiese beroepskwalifikasie, soos die Amerikaanse „post-Master's degree", georgani-

seer moet word.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat daar minstens vir die volgende vlakke in die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk op die nasionale vlak voorsiening gemaak behoort te word: Eerstens 'n subprofessionele of tegniese vlak en daarbenewens die opleiding vir die basiese beroepskwalifikasie en 'n gevorderde vlak, wat in die opleiding van navorsers aan die een kant en die opleiding van hoëgraadse praktisyns aan die ander kant, onderskei kan word.

4.4.6 *Die vraagstuk van praktiese of kliniese opleiding*

4.4.6.1 *Inleiding*

In paragrawe 4.4.2.2 en 4.4.2.3 het dit geblyk dat bibliotekarisopleiding in ooreenstemming met beroepsopleiding in die algemeen met verloop van tyd 'n meer teoretiese, dus professioneel-akademiese, karakter verwerf het. Dit laat die vraag ontstaan na die rol van praktiese of kliniese opleiding in die opleidingskursusse vir bibliotekarisse en inligtingswerkers. 'n Bydrae deur Rothstein voor 'n internasionale konferensie in 1967 met die titel „A Forgotten issue: practice work in American library education,"[201] is reeds 'n aanduiding van die gebrek aan aandag wat aan die saak, ook in die literatuur, verleen word. Om die rede is in hierdie studie vooraf gepoog om riglyne in die literatuur oor beroepsopleiding in die algemeen rakende die saak te vind, maar ook hier is daar 'n groot verskeidenheid en kan nog geen algemeen aanvaarde beginsels vir praktiese of kliniese opleiding aangetoon word nie.[202] Aan die hand van twee bronne oor beroepsopleiding in

201) *Rothstein, S.* A forgotten issue: Practice work in American library education (*In:* International Conference on Education for Librarianship, University of Illinois, 1967. Library education: an international survey. Ed. by Larry E. Bone. (Urbana) University of Illinois, Graduate School of Library Science, 1968. p. 197-222).

202) *Congress of the Universities of the Commonwealth*, 10th, 1968. Report of proceedings. London, 1969. p. 159.

die algemeen word die volgende tentatiewe riglyne gestel.[203]) Die aard van die praktiese opleiding moet deur opvoedkundige doelstellings en nie deur die praktyk bepaal word nie. Dit hou in dat die beheer oor die praktiese opleiding beide aan die universiteit of weg van die kampus steeds die verantwoordelikheid van die opleidingsinrigtings bly en dat hulle 'n aandeel daarin moet behou. Verder dat praktiese oefeninge van 'n suiwer repeterende aard in tegnieke, wat deel van beroepsaktiwiteite uitmaak, nie met universitêre onderrig versoenbaar is nie.

Die hoeveelheid praktiese opleiding moet voldoende wees om die beginsels waarop die praktyk berus, te belig en om vaardighede te kweek wat die student in staat stel om tot die praktyk toe te tree. Ook hier moet daarteen gewaak word om nie die praktiese opleiding in nuttelose repeterende oefening te laat ontaard nie.

Die aard en omvang van die praktiese opleiding behoort in ooreenstemming met die lengte van en die vlak waarop die opleidingskursus aangebied word, te wees. Ten slotte moet die praktyk en die opleidingsinrigtings ten nouste saamwerk in die beplanning en toepassing van praktiese of kliniese opleiding.

### 4.4.6.2 *Omskrywing van praktiese of kliniese opleiding*

Praktiese opleiding omvat twee vorme van opleiding wat albei daarop gemik is om die student se vaardigheid in die toepassing van tegnieke te ontwikkel. Die een vorm vind in hoofsaak in die klaskamer plaas en bestaan uit die demonstrasie van toerusting en prosesse, oefeninge in die laboratorium in 'n vak, soos katalografie, hantering van probleme, soos inligtingsnavrae en die uitvoering van projekte,

203) *McGrath, E.J.* The ideal education for the professional man (*In:* National Society for the Study of Education. Committee on Education for the Professions. Education for the professions. Chicago, 1962. p. 289-292).

*Congress of the Universities of the Commonwealth*, 10th, 1968, op. cit., p. 158-180.

soos die beplanning van geboue en ruimtes. Die ander vorm is waarneming van die praktyk tydens besoeke aan biblioteke en soortgelyke organisasies en praktiese werk of ervaringsdiens in welke geval die student in die werklike praktyk werksaam is. Verder dien daarop gewys te word dat praktiese werk of ervaringsdiens voor, gedurende of na afloop van die formele opleidingsprogram kan plaasvind, dat dit in verband met 'n bepaalde kursus(se) of in terme van die hele curriculum beplan kan word, en dat dit vir 'n vasgestelde periode gereël of dwarsdeur die jaar versprei word.[204)]

### 4.4.6.3 *Problematiek van praktiese opleiding*

Dit is die taak van beroepsopleiding om teoretiese sowel as praktiese opleiding aan die student te verskaf. Die vraag is egter of die klem op die teoretiese of die praktiese gelê moet word, hoeveel tyd aan elk bestee moet word en watter metodes gevolg moet word. Verder moet daarop gewys word dat in die kontrastering van teoretiese en praktiese opleiding die klem gewoonlik sterk op die ervaring wat in die werklike praktiese situasie opgedoen word, geplaas word. Ervaringsdiens is dan ook die mees problematiese aspek van praktiese opleiding, aangesien daar groter eenstemmigheid oor die wenslikheid van praktiese opleiding in klastyd bestaan. Laasgenoemde word in die reël hoofsaaklik in terme van die toepassing daarvan of die metode van onderrig bespreek.

Die tendense in praktiese opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk, met die klem op ervaringsdiens, word in die onderskeie benaderings van Groot-Brittanje en Noord-Amerika weerspieël. In laasgenoemde land is bibliotekarisopleiding, soos aangetoon, vanaf 'n vroeë stadium deur die universiteite onderneem en is 'n teoretiese benadering van die opleiding in toenemende mate nagestreef. Die reaksie teen die vroeëre

204) *Rothstein*, op. cit., p. 198-199.

oorbeklemtoning van 'n tegniese opleiding, soos deur Melvill Dewey voorgestaan, het in Noord-Amerika daartoe gelei dat die waarde wat aan 'n professioneel-akademiese opleiding met 'n nagraadse karakter geheg is, so hoog aangeslaan is dat praktiese opleiding nie meer as 'n waardige en noodsaaklike komponent van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk beskou is nie.[205)] Daarby het groeiende studentetalle, 'n oorvol akademiese jaar en die probleem om genoeg biblioteke te kry wat bereid is om saam te werk, die administrasie van ervaringsdiens oneindig bemoeilik. Weens die feit dat die biblioteekskole nie enige beheer oor die verloop van ervaringsdiens het nie, kon hulle ten spyte van al hul moeite ook nie verseker dat die studente wel sinvolle ervaring sou opdoen nie.[206)] Saam met die historiese ontwikkeling is dit hoofsaaklik praktiese oorwegings en nie soseer twyfel in die waarde van ervaringsdiens wat die vermindering en afskaffing daarvan meegebring het nie.

Ten spyte van die feit dat die meerderheid Amerikaanse biblioteekskole nie meer praktiese werk of ervaringsdiens as 'n deel van die formele gegradueerde curriculum in biblioteekkunde aanbied nie, verklaar een skrywer, „there appears to be a revival of interest in the use of field experiences."[207)]

Die situasie in Groot-Brittanje en ook in ander Europese lande staan in skerp teenstelling met die Amerikaanse benadering, waarskynlik ook as gevolg van 'n historiese ontwikkeling, waar 'n tegnies georiënteerde opleiding jare lank die botoon gevier het.

In 'n verslag oor bibliotekarisopleiding in Groot-Brittanje van 1968 word ervaringsdiens as 'n belangrike komponent in die opleidingspro-

205) *Leigh*, op. cit., p. 9-10.
*Rothstein*, op. cit., p. 217-218.
205) *Leigh*, op. cit., p. 9-10.
206) Ibid., p. 216.
207) *Grotzinger, L.* The status of 'practicum' in graduate library schools. *Journal of education for librarianship* 11: 332, 1972.

gram aanvaar.[208] Hierdie standpunt word weereens in 'n verslag van 'n subkomitee van die Library Association oor ervaringsdiens wat in 1972 gepubliseer is, onomwonde onderskryf.[209] In die 1968-verslag word die insluiting van ervaringsdiens in die curriculum nie alleen sterk aanbeveel nie, maar die betrokke kommissie spreek hom ook ten gunste daarvan uit dat ervaringsdiens voor toelating, gedurende die kursus en na afloop van die formele opleiding onderneem behoort te word. Hulle beveel verder aan dat die praktyk van sommige biblioteekskole om skakelbeamptes vir die organisasie van die ervaringsdiens aan te stel, deur alle skole nagevolg behoort te word. Toesig oor die werk van die studente bly egter die verantwoordelikheid van die praktiese bibliotekaris. Die kommissie is ook van mening dat biblioteke vir hul aandeel in die ervaringsdiens vergoed behoort te word.

Ten spyte van die feit dat baie Amerikaanse biblioteekskole nie meer ervaringsdiens as sodanig deel van hul opleiding maak nie, beveel die meeste van hulle alternatiewe metodes aan vir diegene wat sonder beroepservaring vir 'n formele opleidingskursus inskryf, soos deeltydse studie terwyl die student werk, laboratoriumopleiding en internskappe.[210]

Alhoewel daar nog nooit deur 'n doelgerigte ondersoek bewys is dat persone wat ervaringsdiens as deel van hul opleiding ondergaan het, beter bibliotekarisse en inligtingswerkers is nie, is praktiese of kliniese opleiding in al sy vertakkinge, en veral praktiese werk of ervaringsdiens, so 'n aanvaarde komponent van alle beroepsopleiding dat dit ook vir biblioteek- en inligtingswerk tot groot voordeel aangewend kan

208) *Groot-Brittanje.* Library Advisory Councils for England and Wales. Report on the supply and training of librarians. London, H.M.S.O., 1968. p. 5.

209) *Edwards, R.J.* Library school field work: a report. *Library association record* 74: 4, 1972.

210) *Grotzinger,* op. cit., p. 337-338.

word.

'n Laaste verwysing in die verband is die verklaring van 'n Suid-Afrikaanse geleerde wat 'n studie van onderwysersopleiding in sekere oorsese lande gemaak het en bevind het dat „Waar daar vroeër stemme opgegaan het teen die *onvolwasse, skoolse, oorwegend praktiese en akademies-onvoldoende* opleiding van die kolleges – daar gaan die stemme nou al meer op teen die *te teoretiese, te akademiese* en professioneel-onvoldoende opleiding van die universiteite, waar die dosente nie in staat sou wees om die gewenste opleiding te verskaf nie, of nie genoeg daarin belang stel nie".[211)]

Die afleidings wat gemaak kan word, is dat die program vir die voorbereiding van personeel vir biblioteek- en inligtingswerk beide uit 'n teoretiese gedeelte en 'n voldoende mate van praktiese opleiding behoort te bestaan. Daar moet ook teen gewaak word om in die opleiding nie die teoreties-akademiese aspek oor te beklemtoon nie, en daarom behoort praktiese of kliniese opleiding, waaronder praktiese werk of ervaringsdiens ingereken is, 'n wesenlike deel van die curriculum te bly. Verder is dit ook duidelik dat suksesvolle praktiese werk op die goeie samewerking van die kant van die praktyk berus, maar dat die opleidingsinstansies steeds 'n aandeel daarin moet behou. In die verband kan die beroepsvereniging 'n belangrike rol speel om die aanbieding en organisasie van die praktiese werk vlot te laat verloop.

## 4.5 Samevatting

Op grond van die bespreking van beroepsopleiding in die algemeen en die tendense in die opleiding van personeel vir biblioteek- en inligtingswerk in sekere oorsese lande word die volgende afleidings gemaak:

211) *Jordaan, G.J.* Onderwysersopleiding...verslag van studiereis (s.pl) 1972. p. 48.

(1) dat die terrein van biblioteek- en inligtingswerk, hoewel dit nie as 'n volwaardige professie erken word nie, 'n beroepsrigting is wat in die proses van professionalisering verkeer en waarvoor formele beroepsopleiding geregverdig is;

(2) dat beroepsopleiding in die algemeen twee oogmerke het, naamlik om voldoende getalle nuwe rekrute vir die praktyk te lewer en om sorg te dra dat hulle oor die nodige voorbereiding en opleiding beskik om tot hul beroep te kan toetree;

(3) dat die opvattings oor en die aard van hoër onderwys in 'n bepaalde land 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van beroepsopleiding, ook in die geval van biblioteek- en inligtingswerk uitoefen;

(4) dat die oorskakeling van die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk van die beroepsvereniging na inrigtings vir hoër onderwys 'n meer teoretiese benadering van die opleiding meegebring het;

(5) dat dit verkieslik is om die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in die eerste plek op 'n gedifferensieerde grondslag in te rig, want sodoende kan meer daadwerklik in die behoefte aan opgeleide personeel volgens vlak en tipe voorsien word, en word die fragmentering van die beroep teengewerk.

(6) dat die opleidingspatroon minstens vir drie opleidingsvlakke voorsiening behoort te maak, naamlik 'n subprofessionele of tegniese opleiding, 'n algemene basiese opleiding met 'n oorwegend nagraadse karakter en 'n gevorderde opleiding, wat in die opleiding van navorsers en hoëgraadse praktisyns, onderskei kan word;

(7) dat 'n algemene basiese opleiding, waarin beide biblioteek- en inligtingkunde gedek word, in die voorsienbare toekoms nog die vernaamste element in die opleidingspatroon behoort te vorm.

(8) dat die basiese en die gevorderde opleiding op universitêre vlak tuishoort, maar dat die subprofessionele opleiding volgens die moont-

likhede van die bepaalde land se hoër onderwysstelsel geakkommodeer word;

(9) dat in die lig van die diversiteit en kompleksiteit van die behoefte van die huidige biblioteek- en inligtingspraktyk daar vir spesialisering in die beroepsopleiding voorsiening gemaak word, maar dat die vorm van opleiding sover moontlik na 'n algemene basiese opleiding behoort te volg;

(10) dat in spesialisering van die opleiding met die rigtings waarin spesialisering in die praktyk verloop, naamlik volgens vakgebied, tipe gebruiker of vorm van die materiaal, rekening gehou word;

(11) dat in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in 'n toenemende mate vir gevorderde beroepsopleiding voorsiening gemaak word;

(12) dat geleenthede geskep word vir die formele opleiding van persone met gevorderde vakkundige kwalifikasies en praktiese ervaring, wat in inligtingswerk betrokke geraak het;

(13) dat die behoefte aan funksionele opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk deur die bestaande benaderings in die personeelorganisasie van die biblioteke en inligtingspraktyk aan bande gelê word;

(14) dat praktiese opleiding, ook in die vorm van ervaringsdiens, 'n wesenlike deel van die beroepsgedeelte van die curriculum behoort uit te maak;

(15) dat die suksesvolle aanbieding van ervaringsdiens op die goeie samewerking van die kant van die praktyk berus, maar dat die opleidingsinrigtings 'n aandeel daarin behoort te behou.

# 5 HISTORIESE OORSIG VAN OPLEIDING VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSWERK IN SUID-AFRIKA

## 5.1 Inleiding

Formele opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika kan tot die dertiger jare van hierdie eeu teruggevoer word en het dus nog nie 'n lang geskiedenis nie. Na die instelling van die eerste formele opleidingskursusse deur die S.A. Biblioteekvereniging in 1933 het die vooruitgang aanvanklik langsaam geskied, maar die vraag na opgeleide beroepslui het in die jare veertig en vyftig so toegeneem dat etlike universiteite kursusse in biblioteekkunde ingestel het.

Dit word beweer „that library education poses some basic and perennial issues, the resolutions of which will vary with time, place and social conditions."[1] Die basiese vraagstukke wat ter sprake is, en wat ook in die ontwikkeling van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika aanwesig was, is die vraagstuk van opleiding deur praktiese ervaring teenoor formele onderrig, die handhawing van 'n balans tussen teoretiese en praktiese opleiding, die omvang van algemene vorming, die instansie wat die opleiding behoort aan te bied, die curriculum en die onderrigsmetodes en die opleidingstydperk. Hierdie vraagstukke bestaan oral in beroepsopleiding en moet volgens die eise van die tyd en die bepaalde omstandighede van 'n land gehanteer word.[2]

Voor die aanvang van formele opleiding vir biblioteekwerk in 1933 was Suid-Afrikaanse biblioteke hoofsaaklik van die buiteland afhanklik vir die voorsiening van opgeleide en ervare personeel. Van 1900 tot 1904 het vier Britse bibliotekarisse byvoorbeeld na Suid-Afrika gekom

1) *Rothstein, S.* Issues, decisions and continuing debate: the history of American library education, 1870-1970 (*In:* Education for librarianship; papers presented at a workshop...Ed. by Gertrude C. Pomahac Edmonton, Alb., 1970. p. 9).

2) Ibid., p. 9-11.

om as hoofde van openbare biblioteke op te tree.[3] Hier en daar het Suid-Afrikaners begin om vir die eksamens van die Library Association in Groot-Brittanje in te skryf om sodoende formele kwalifikasies te bekom. Voor 1933 het G.V. Marais in 1928 en S.J. Kritzinger in 1930 hul kwalifikasies in biblioteekkunde aan die Universiteit van Columbia in Amerika gaan verwerf.[4]

Origens het Suid-Afrikaners bloot deur in biblioteke te werk, 'n mate van voorbereiding vir biblioteekwerk ondergaan. Dit het egter op 'n ongeorganiseerde basis geskied en kan kwalik as vakleerlingskap bestempel word.[5] Sommige biblioteke het gepoog om op een of ander wyse onderrig aan diegene wat hul beroep deur te werk moes aanleer, te verskaf, soos die Johannesburgse Openbare Biblioteek wat in die twintigerjare informele klasse aan sy personeel gegee het om hul kennis uit te brei. Vanaf 1924 het die stadsowerhede in Johannesburg egter besluit dat bevordering in die biblioteek alleen na die verwerwing van die Library Association se sertifikate sal geskied. Ook is besluit dat junior assistente op 'n tydelike basis aangestel word tot tyd en wyl hulle sekere van die Library Association se eksamens geslaag het.[6] Hier het ons 'n vorm van die vakleerlingopleiding wat in Engeland bestaan het.

Die jaar 1928 kan as die begin van georganiseerde biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika beskou word. In die jaar het die twee here, S.A. Pitt en M.J. Ferguson, in opdrag van die Carnegie-Korporasie van New York, 'n opname van biblioteektoestande in Suid-Afrika gemaak. Hulle bevindings het voor die eerste nasionale biblioteekkonferensie

3) *Kennedy, R.F.* Reflections on the history of education for librarianship in South Africa. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 22: 52, 1954.

4) *Malan, S.I.* Die opleiding van professionele bibliotekarisse in Suid-Afrika (*In:* Biblioteke en mense. Libraries and people. Bydraes aangebied aan R.F.M. Immelman. Onder redaksie van J.G. Kesting (e.a.) Kaapstad, Struik, 1970. p. 57).

5) *Rothstein*, op. cit., p. 3.

6) *Kennedy*, op. cit., p. 53.

gedien wat dieselfde jaar in Bloemfontein plaasgevind het. Op grond van die twee ondersoekers se bevindinge het die Konferensie besluit dat 'n biblioteekvereniging in die lewe geroep moet word, dat een van sy vernaamste take die reëling van opleiding van biblioteekpersoneel sal wees en dat die Britse stelsel van opleiding voorlopig nagevolg word.[7] Die een ondersoeker, M.J. Ferguson, wat 'n Amerikaanse bibliotekaris was, het egter gevoel dat die opleiding mettertyd aan 'n universiteit ingestel behoort te word.[8]

Na die totstandkoming van die S.A. Biblioteekvereniging in 1930 is onmiddellik 'n aanvang met die organisering van opleiding onder leiding van die Vereniging gemaak. Onderrig deur middel van korrespondensiekursusse begin in 1933, in 1934 word die eerste eksamens geskryf terwyl die eerste kandidaat in 1937 die Diploma as hoogste kwalifikasie verwerf.[9]

Die totstandkoming van die S.A. Biblioteekvereniging se opleiding en die instelling van opleidingskursusse aan die universiteite in latere jare het getoon dat die biblioteekberoep in Suid-Afrika op ondubbelsinnige wyse voorkeur aan formele opleiding bo opleiding deur praktiese ervaring gegee het.

## 5.2 Opleiding deur die S.A. Biblioteekvereniging

Die opleidingskursusse wat deur die S.A. Biblioteekvereniging tot stand gebring is, het die Britse stelsel redelik getrou nagevolg. In die lig van die noue verbintenis met Engeland op verskillende terreine en die feit dat leidende figure in die Vereniging hul ervaring in Britse biblioteke opgedoen het of hul kwalifikasies by wyse van korrespondensie-oplei-

7) *Ferguson, M.J.* Memorandum: Libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya colony. New York, 1929. p. 19-20.

8) Ibid., p. 25.

9) *Kennedy*, op. cit., p. 55.

ding deur die Library Association behaal het, kan hierdie navolging goed begryp word.

Die S.A. Biblioteekvereniging se eksamens was ewe-eens in drie stadiums ingedeel: die Elementêr het as 'n toelatingseksamen gedien en is gevolg deur die Intermediêr, wat toegang tot die assosiaatstatus verleen het, terwyl die Finaal as die hoogste eksamen 'n deel van die vereistes uitgemaak het om die Diploma en ook die sociusstatus te verwerf.[10)] Verdere kenmerke van die plaaslike opleiding waarin dit met die vakleerlinggeoriënteerde stelsel van die Library Association ooreengestem het, is die volgende: Kandidate moes ingeskrewe lede van die S.A. Biblioteekvereniging gewees het en moes voltyds in biblioteke gewerk het, die inhoud van die kursusse was baie tegnies van aard en die S.A. Biblioteekvereniging het ook vakansieskole vir die kandidate gereël om hulle met die voorbereiding vir die eksamens te help. In een belangrike opsig het die plaaslike opleiding egter verskil. Anders as die Library Association wat geen voorsiening daarvoor gemaak het nie, het die S.A. Biblioteekvereniging baie aandag aan die organisasie van die onderrig by wyse van korrespondensie gegee.[11)]

### 5.3 Oorskakeling van bibliotekarisopleiding na die universiteite

Reeds in die oorspronklike aanbevelings van die verslag van Ferguson en Pitt wat tot die inisiëring van die S.A. Biblioteekvereniging en sy opleiding gelei het, is die mening deur Ferguson uitgespreek dat daar op 'n geleë tydstip tot die instelling van opleiding aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit oorgegaan moet word.[12)] Die betrokkenheid van die inrigtings van hoër onderwys by die opleiding van personeel vir

10) *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.* Handboek oor die biblioteekwese in Suid-Afrika. Rondebosch, 1950. p. 83-90.

11) *Wertheimer, R.J.* Patterns in the education of librarians in South Africa. Cape Town, 1958. p. 17.

12) *Ferguson*, ibid.

biblioteek- en inligtingswerk en die eventuele oorname daarvan deur die universiteite geskied in Suid-Afrika op 'n veel vroeër stadium as byvoorbeeld in Groot-Brittanje. Die proses van oorskakeling van die meer vakleerlinggeoriënteerde opleiding met sy sterk prakties-tegniese inslag na 'n universitêre opleiding sou rofweg vanaf 1937 tot en met 1962 duur. Die eersgenoemde datum is die jaar waarin P.C. Coetzee die instelling van 'n kursus in biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria bepleit het,[13)] terwyl 1962 die datum is waarop die kursusse van die S.A. Biblioteekvereniging aan die Universiteit van Suid-Afrika oorgedra is. Gedurende hierdie tydperk van oorskakeling het feitlik al die basiese vraagstukke wat in beroepsopleiding voorkom, op die voorgrond getree en moes belangrike besluite deur die Vereniging en universiteite wat by die opleiding betrokke was, geneem word. Dit sluit sake in soos waar die opleiding aangebied behoort te word, die balans tussen teoretiese en praktiese opleiding, die mate van algemene vorming, die opleidingstydperk en die curriculum en die onderrigsmetodes.

Die vraagstuk van waar die opleiding moet plaasvind, is die duidelikste van almal besleg sover dit huidige ontwikkelinge betref. Daar moet egter op gelet word dat daar 'n noue verband tussen al die genoemde sake bestaan.

Naas Coetzee se bogenoemde voorstel in 1937 dat 'n opleidingskursus in biblioteekkunde aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit ingestel moet word, het 'n gesaghebbende regeringskommissie oor biblioteeksake, die *Inter-Departementele Komitee oor die biblioteke van die Unie van Suid-Afrika*, in dieselfde jaar met 'n soortgelyke mening gekom.[14)] Malan

13) *Coetzee, P.C.* Education for library service. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 4: 151-164, 1937.

14) *Unie van Suid-Afrika.* Interdepartementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika. Verslag. Kaapstad, Cape Times, 1937. p. 23.

vestig die aandag daarop dat die sekretaris van die komitee, S.J. Kritzinger, wat sy opleiding in 1930 in die Verenigde State aan die Universiteit van Columbia ondergaan het, waarskynlik sy invloed tot dien effekte moes laat geld het dat voltydse opleidingskursusse met 'n akademiese oriëntering aan universiteite daargestel behoort te word.[15]

Die gedagte van universitêre opleiding word spoedig in dade omgesit. In 1938 stel die Universiteit van Pretoria sy kursusse in om in 1939 deur die Universiteit van Kaapstad gevolg te word. In 'n bydrae heelwat later voer Immelman aan dat die nypende tekort aan opgeleide personeel, wat ten spyte van die S.A. Biblioteekvereniging se kursusse weens die voortgesette ontwikkeling van Suid-Afrika se biblioteke ontstaan het, 'n belangrike rede vir die instelling van opleidingskursusse deur die twee universiteite was.[16] Daarteenoor beweer Coetzee, ewe-eens in 'n latere bydrae, dat sy universiteit op 'n eie opleidingskursus besluit het omdat „die leerplan van die enigste instansie (die S.A. Biblioteekvereniging) wat in hierdie jare opleiding aangebied het, na die oordeel van die Biblioteekkomitee en die Senaat, nie aan die eise van opleiding vir die personeel van 'n groot studiebiblioteek voldoen het nie."[17] Daar is egter getuienis dat ook die Universiteit van Kaapstad met sy eie opleiding begin het omdat dit nie met die S.A. Biblioteekvereniging se opleiding tevrede was nie.[18]

Die S.A. Biblioteekvereniging het die toetrede van die universiteite tot die opleidingsterrein egter nie gunstig bejeën nie. In 1939 be-

15) *Malan*, op. cit., p. 41-42.

16) *Immelman, R.F.M.* Professional education for librarianship. *Library world*, 64:315, 1963.

17) *Coetzee, P.C.* Die ken- en werkwêreld van die biblioteekkunde. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1964. p. 3.

18) *Wertheimer*, op. cit., p. 34.
*Bramley, G.* A history of library education. London, Bingley, 1969. p. 106.

sluit die Administratiewe Raad om nie erkenning te verleen aan „enige kursusse in of skool vir biblioteekwetenskap... waaroor die Vereniging geen volle beheer uitoefen nie, tensy dergelike skool of kursusse op versoek van die Raad ingestel is." Die Vereniging besluit wel om op sy eie voorwaardes erkenning aan kwalifikasies wat deur ander inrigtings toegeken word, te verleen.[19)] Die vrees dat 'n oorproduksie van opgeleide bibliotekarisse kon ontstaan, was een van die redes vir hierdie optrede[20)], maar daar moes ongetwyfeld ook 'n sterk gevoel bestaan het dat die S.A. Biblioteekvereniging net soos die Library Association die alleenreg op die sertifisering in die beroep asook die beheer oor die opleiding en eksaminering, moes behou. Aangesien die Vereniging om verskillende redes nie daarin kon slaag om onder 'n wet geregistreer te word nie, het dit nooit dieselfde houvas as sy eweknie in Engeland op die opleiding verkry nie.

In 1940 slaag Immelman daarin om die erkenning van die S.A. Biblioteekvereniging vir die eenjarige nagraadse kursus van die Universiteit van Kaapstad te verwerf en word die kwalifikasie met die finale eksamen van die Vereniging gelykgeskakel.[21)] Die feit dat die Universiteit van Kaapstad se opleiding, eksaminering en sertifisering deur die Vereniging aanvaar is, was 'n aanduiding dat 'n eiesoortige patroon van opleiding in Suid-Afrika begin ontwikkel het. Die weiering van die Universiteit van Pretoria om sy opleiding volgens die wense van die beroepsvereniging in te rig, die onmag van laasgenoemde om sy benadering op die universiteit af te dwing en die verdere optrede van die S.A. Biblioteekvereniging in verband met die opleiding van personeel deur die universiteite, bevestig bogenoemde bewering maar te duidelik. In 1948 word naamlik 'n stel standaarde aanvaar met die

19) *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.* Verslag vir die drie jaar geëindig 30 Junie 1939. (s.pl.) 1939. p. 6-7.

20) Ibid., p. 7.

21) *Malan,* op. cit., p. 46.

oog op die evaluering van die opleidingsprogramme van biblioteekskole,[22] en in dieselfde jaar besluit die Raad dat 'n baccalaureusgraad as toelatingsvereiste vir sy Finale eksamen 'n vereiste is en dat die reëling vanaf 1952 sou geld.[23] Intussen het die Vereniging se opleidingstaak, wat deur vrywilligers naas hul dagtaak uitgevoer is, taamlik omvangryk geword, en ten spyte van verskeie hersienings en aanpassings, het dit geblyk dat die opleiding moontlik nie meer doeltreffend genoeg was nie.[24] Gevolglik ontstaan die gedagte in 1953 dat die Vereniging sy opleiding aan 'n geskikte inrigting – die Witwatersrandse Tegniese Kollege of die Universiteit van Suid-Afrika is oorweeg – moes oordra.[25] Daar word ook in 1952 besluit om die standaarde vir opleiding weereens te hersien.[26] Verdere stappe waardeur die bande met die Britse stelsel verbreek is, is die losmaking van die socius van die diploma en die omskepping van eersgenoemde in 'n meriete-toekenning vir voortreflike diens aan die biblioteekberoep, die afskaffing in 1959 van die Diploma met Honneurs (wat by wyse van 'n verhandeling verwerf kon word) en die besluit in 1961 om sy kursusse vanaf 1962 aan die Universiteit van Suid-Afrika oor te dra.[27]

In teenstelling met die agteruitgang van die biblioteekvereniging se opleiding het die oorskakeling van die opleiding na die universiteite op ondubbelsinnige wyse geslaag en het die opleidingsbenadering gestabiliseer geraak. In 1945 word die eerste voltydse dosent in biblioteekkunde, mej. L.E. Taylor, aan die Universiteit van Kaapstad aangestel, en in 1948 erken die Universiteit van Pretoria biblioteek-

22) Vgl. bylae 7 vir die teks van *Standards for Library Schools.*
23) *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.* Jaarverslag, 1947-1948. (s.pl.) 1948. p. 3.
24) *Kennedy,* op. cit., p. 54.
25) *Malan,* op. cit., p. 50.
26) *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.* Jaarverslag 1951-1952. Kaapstad, 1952. p. 22.
27) *Malan,* op. cit., p. 52.

kunde as 'n volwaardige akademiese vak. 'n Selfstandige departement en grade in biblioteekkunde, naamlik op baccalaureus-, honneurs-, magister- en doktorsgraadvlak word deur laasgenoemde universiteit ingestel.

Weens die versnelde pas van biblioteekontwikkeling in al die verskillende rigtings ontstaan daar in die vyftiger jare so 'n groot vraag na opgeleide personeel dat die bestaande opleidingsfasiliteite nie naasteby daarin kon voorsien nie.[28)] Die uitwerking hiervan is 'n uitbreiding van opleidingsfasiliteite, wat met die instelling van 'n vierjarige graadstudie aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1955 begin. Dit word gevolg deur die daarstelling van formele opleidingskursusse, in sommige gevalle op beide die laer en die hoër vlak, aan die volgende universiteite in die vyftiger jare: Potchefstroom (1956), Stellenbosch (1958) en Witwatersrand (1958) en in die sestiger jare aan die universiteite van die Oranje-Vrystaat (1964), Rhodes (1968) en die Randse Afrikaanse Universiteit (1969). Die jongste toevoeging is die opleidingskursusse van die Natalse Universiteit te Pietermaritzburg wat aan die begin van 1973 in 'n aanvang geneem het.

Sedert die S.A. Biblioteekvereniging sy opleidingstaak in 1962 aan die Universiteit van Suid-Afrika oorgedra het, word die opleiding van blanke personeel vir biblioteek- en inligtingswerk slegs op universitêre vlak aangebied. Daar het basies drie soorte kwalifikasies ontwikkel, naamlik 'n laer professionele kwalifikasie, in die vorm van 'n laer diploma in biblioteekkunde, 'n hoër professionele kwalifikasie, wat as 'n hoër diploma of 'n geïntegreerde baccalaureus artiumgraad in biblioteekkunde geneem kan word en die verskillende gevorderde stu-

28) *Van Rooy, H.C.* Opleiding van bibliotekarisse in Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 26: 85-86, 1959.

*Coetzee, P.C.* Voorraad en personeel in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese, III: Biblioteekkundige opleiding en navorsing. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 29: 139-140, 1962.

diekursusse op die honneurs-, die magister- en die doktorsgraadvlak. Hierbenewens kan gespesialiseerde kursusse in skoolbiblioteekkunde aan die Universiteite van Suid-Afrika, Potchefstroom en Randse Afrikaanse Universiteit gevolg word.

'n Saak wat besondere aandag vereis, is die opleiding op die laer professionele vlak, wat 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon geword het. Die tipe opleiding kan waarskynlik teruggevoer word na die tweede stap in die S.A. Biblioteekvereniging se kursusse, die Intermediêr, en ook na 'n besliste behoefte aan personeel met 'n basiese beroepskwalifikasie om as hoofde van kleiner biblioteke en as assistente in groter biblioteke op te tree.

Verskillende van die universiteite het naas die basiese professionele kwalifikasie, die hoër diploma of die graad in biblioteekkunde, ook 'n opleidingskursus ingestel wat onder verskillende name bekend gestaan het, maar wat vandag algemeen 'n laer diploma in biblioteekkunde genoem word. So het die Universiteit van Kaapstad vir 'n geruime tyd 'n eenjarige elementêre sertifikaat aangebied wat weinig algemeen vormende leerstof ingesluit het.[29] In die geval van die Potchefstroomse Universiteit word dit ingestel as 'n tweejarige kursus, met die eerste jaar aan suiwer akademiese studie en die tweede jaar aan die beroepstudie gewy.[30] Ook wat die curricula betref is 'n verskeidenheid op te merk. By sommige universiteite, soos Pretoria en Suid-Afrika, het die beroepsgedeelte uit dieselfde kursusse bestaan as wat deur die graadstudente vir biblioteekkunde I en II gevolg is.[31] Daarteenoor bevat die sillabusse van die laer diploma van sekere universiteite, soos Potchefstroom en Stellenbosch, vir 'n groot gedeelte dieselfde leerstof as vir die hoër diploma.[32] Hieruit blyk veral die invloed van

29) *Van Rooy*, op. cit., p. 91.
30) Ibid., p. 92.
31) Ibid., p. 89-92.
32) Ibid., p. 92-93.

die opleidingskursusse van die S.A. Biblioteekvereniging op die laer professionele vlak van opleiding wat aan die universiteite ontwikkel het.

### 5.4 Teoretiese versus praktiese opleiding

Die strewe om die standaard en die status van die beroepsopleiding te verhoog, dien as stimulus om van die tradisionele benadering, waar die beroepsvereniging die opleiding georganiseer en beheer het, na opleiding op die vlak van die hoër onderwys, en dus 'n meer akademiesgeoriënteerde benadering, oor te skakel. Dit bring 'n spanning tussen die teoretiese en die praktiese benadering, wat so kenmerkend van alle beroepe is, na vore en oefen ook 'n invloed op aanverwante sake soos die curriculum en die onderrigsmetodes uit.

Soos reeds aangedui, het georganiseerde formele bibliotekarisopleiding in Suid-Afrika, in navolging van die Britse voorbeeld, in die vorm van 'n prakties-tegniese opleiding begin. Die opleidingsinhoud was oorwegend tegnies, onderrig en eksaminering is onder leiding van die beroepsvereniging deur persone uit die praktyk behartig, die studente het reeds in biblioteke gewerk en die Finale Diploma is eers na drie jaar toepaslike ervaring in die praktyk toegeken. Uit die aard van die saak was studente wat hierdie opleiding deurloop het, reeds goed in die praktyk tuis en het hul praktiese oriëntering swaar by die werkgewers geweeg.

Daar was egter ook lede van die beroepsgemeenskap wat ingesien het dat die aard van biblioteekwerk sodanig was dat die volle potensiaal daarvan nie deur die blote beoefening van sekere tegnieke bereik kon word nie. Die opvatting word in 1937, die jaar waarin die eerste Diploma deur die S.A. Biblioteekvereniging toegeken word, in 'n bydrae van P.C. Coetzee van die Universiteit van Pretoria, waarin hy 'n nuwe biblioteekkundekursus op universitêre vlak propageer, in geen ondui-

delike taal gestel nie.[33)]

Volgens die siening van Coetzee is 'n bibliotekaris essensieël 'n geleerde persoon met 'n breë algemene vorming, sodat hy in sy dienslewering aan vakspesialiste op verskillende kennisterreine kan beweeg. Dit kan egter ook van hom verwag word om die nie-wetenskaplike gebruiker, die leek, in die bevrediging van sy lektuurbehoeftes by te staan en daarom onderskei hy tussen die inligtings- en die sosiale funksie van die biblioteekwese, wat hoë eise aan die intellektuele vermoëns, die kennisagtergrond en die beroepsvaardighede van die bibliotekaris stel. Gesien in die lig van die bibliotekaris se rol as tussenganger tussen die mens en die rekord, ongeag die vorm daarvan en afgesien van waarvoor dit gebruik word, is die oorwegend tegniese opleiding wat deur die S.A. Biblioteekvereniging en ook in ander lande aangebied word, vir Coetzee heeltemal onaanvaarbaar. Op grond van sy studie van opleidingskursusse, veral die op die Kontinent en van die Graduate Library School van die University of Chicago, stel hy 'n akademies-georiënteerde opleiding voor. Hy voel ook dat die student benewens sy beroepsopleiding 'n baccalaureusgraad behoort te behaal.

In die lig van die akademies-georiënteerde opleiding wat hy voorstaan, is Coetzee van mening dat die studie van klassifikasie die middelpunt van die bibliotekaris se opleiding behoort te vorm. Dit moet liefs met 'n studie van verskillende kennisterreine gepaard gaan en voldoende aandag moet aan onderwerpsbibliografie gewy word. Hierbenewens plaas hy ook heelwat klem op die historiese aspek van die boek en die biblioteekwese.

Wat die onderrigsaspek betref maak hy sterk beswaar teen die klem wat in die S.A. Biblioteekvereniging se kursusse op eksaminering en die memorisering van groot hoeveelhede feite geplaas word. Hy is

33) *Coetzee, P.C.* Education for library service. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 4: 151-160, 1937.

meer ten gunste van 'n probleembenadering waardeur die student geprikkel word om selfstandig te dink. Daarom is die mondelinge eksamen vir hom verkieslik bo die skriftelike eksamen.

Met hierdie standpuntinname van Coetzee, wat inderdaad reeds in Oktober 1936 in die vorm van 'n memorandum voor die S.A. Biblioteekvereniging gedien het,[34] word die era van die tweespalt tussen die prakties-tegniese en die teoreties-akademiese benadering in bibliotekarisopleiding in Suid-Afrika ingelui.

In dieselfde jaar, 1938, waarin Coetzee met sy kursus aan die Universiteit van Pretoria begin, deurloop R.F.M. Immelman 'n kursus in biblioteekkunde aan die Universiteit van Columbia in die Verenigde State en na sy terugkeer stuur hy die tweede universitêre opleidingskursus vir bibliotekarisse in 1939 aan die Universiteit van Kaapstad van stapel. Net soos Coetzee maak hy sy opvattings oor die opleiding aan die beroepsgemeenskap bekend en wel in die vorm van 'n referaat voor die Konferensie van die S.A. Biblioteekvereniging in 1940.[35] Onder die invloed van opvattings in die Verenigde State staan Immelman ook 'n meer akademiese benadering van bibliotekarisopleiding voor. Hy vertoon reg van die begin af egter 'n sterk bewustheid van die beroepsaard van biblioteekwerk en die noodsaaklikheid om dit verder uit te bou, veral deur die teoretiese kennisbasis van die biblioteekkunde voldoende te ontwikkel. Hiertoe kan 'n universiteitsgebaseerde opleiding 'n belangrike bydrae lewer omdat die leerplanne daardeur versterk word, die gehalte van die onderrig verhoog word en ruimer kontak met ander kennisterreine moontlik word.

'n Kenmerk van Immelman se opvattings is sy gebalanseerde siening van die taak van die beroepsopleiding. Hoewel hy 'n breë algemene

34) *Wertheimer,* op. cit., p. 24.

35) *Immelman, R.F.M.* The University of Cape Town scheme of education for librarianship. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 8: 151-156, 1941.

vorming vir die toekomstige bibliotekaris vereis, „the broadest possible general education, preferably coupled with some specialization,"[36] staan die vorming van die beroepsmens vir hom baie sterk voorop: „This course in Librarianship is certainly not designed to train technicians only but rather to cultivate a broad professional outlook in its students."[37] Daarby was dit sy strewe om in die opleiding wel deeglik met die behoeftes van die praktyk rekening te hou.[38] Die invloed van 'n prinsipiële benadering werk ook in sy beskouings oor die inhoud van die opleiding en die onderrigsmetodes deur. Vir Immelman is daar 'n definitiewe onderskeid tussen opleiding „which mainly involves routines and manipulation" en opvoeding vir biblioteekwerk, want opvoeding wat die taak van die biblioteekskool is, „is concerned with problems, human situations, the thought processes in connection with such manipulations."[39] Daarom word die klem in die kursus van die Universiteit van Kaapstad op die onderliggende beginsels en die doelstellings waarna gestreef word, geplaas. „The curriculum is not intended to give students a training in the procedures of individual libraries, but to enable them to obtain a sound foundation and the necessary equipment to understand library procedures, which should enable them to adapt themselves to work in any type of library and to any particular post on a library staff."[40]

Met die uitsondering van die kursus, *The principles of librarianship* wat deur Kaapstad aangebied is, voel Kennedy dat daar nie veel verskil tussen die curricula van dié Universiteit en die S.A. Biblioteekvereniging aangetoon kan word nie, dog hy erken dat die onderrig

36) Ibid., p. 156.
37) Ibid., p. 153.
38) Ibid., p. 156.
39) Ibid., p. 153.
40) Ibid., p. 154.

meer doeltreffend en die onderdele van die leerplanne beter gekoördineerd was.[41)]

Uit die enkele grepe kan afgelei word dat Coetzee en Immelman opvattings oor die opleiding van bibliotekarisse gehuldig het wat in belangrike opsigte van die prakties-tegniese opleidingskursusse van die S.A. Biblioteekvereniging verskil het. Beide here was vas oortuig dat 'n meer akademiese opleiding, soos op die universitêre vlak aangebied, noodsaaklik geword het. Die opvatting wortel in hul siening van biblioteekwerk as 'n beroep wat nie net uit die beoefening van sekere tegnieke bestaan nie, maar gerig is op die verskaffing van dienste op 'n intellektuele vlak en van 'n groot verskeidenheid, wat 'n breë algemene vorming en 'n insig in die beginsels waarop die aktiwiteite berus, vereis het. Daarby was albei oortuig dat die wetenskaplike beoefening van die biblioteekkunde 'n positiewe bydrae tot die uitbouing van die teorie van die vak kon lewer.

Die opleiding van die Universiteit van Pretoria het egter van die begin af die mees akademiese benadering van al die opleidingsprogramme gevolg en die benadering is met verloop van tyd in 'n tradisie omskep. Daar is byvoorbeeld steeds baie klem op die historiese biblioteekkunde gelê en besondere aandag is aan die ontwikkeling en die struktuur van die wetenskapsbedryf en die leserkunde gegee. Selfs in die onderrig van die tegniese aspekte van biblioteekwerk word die tegniese middele wat gebruik word as oplossings gesien wat vir sekere probleemsituasies gevind is.[42)] Hierdie oorwegend akademies-teoretiese benadering waarmee Pretoria vir 'n lang ruk sy tydgenote vooruit was, tesame met 'n skynbare gebrekkige kommunikasie tussen dié universiteit en die S.A. Biblioteekvereniging, het daartoe gelei dat die inrigting se opleiding nooit deur die Vereniging vir statusverlening erken is nie. Pretoria het welis-

41) *Kennedy,* op. cit., p. 56.
42) *Van Rooy,* op. cit., p. 89.

waar ook nooit by die Vereniging vir gelykskakeling met die vereistes wat gestel is, aansoek gedoen nie.

Die algemene aanvaarding van 'n meer teoretiese benadering in die opleiding hier te lande moet grotendeels aan die feit toegeskryf word dat Immelman daarin geslaag het om die erkenning van die S.A. Biblioteekvereniging vir die eenjarige nagraadse kursus van die Universiteit van Kaapstad as gelykstaande aan hul Finale Sertifikaat te verkry. Kandidate wat die kursus van Kaapstad geslaag het, kon naamlik om die sociusstatus van die S.A. Biblioteekvereniging aansoek gedoen het indien hulle bewys van bekwaamheid in twee vreemde tale gelewer het en minstens twee jaar toepaslike ervaring geniet het.[43] Sodoende het Immelman die patroon geskep waarvolgens opleidingsprogramme soos die van die universiteite van Potchefstroom, Stellenbosch en Witwatersrand later gemodelleer is en het hy ook die weg aangedui waarlangs hulle die erkenning van die beroepsvereniging vir hul kursusse kon verkry.

Immelman se benadering van bibliotekarisopleiding, wat deur sommige as die Anglo-Amerikaanse benadering bestempel word,[44] en sy persoonlike hantering van die saak het meer as enigiets anders daartoe bygedra dat die professioneel-akademiese rigting en daarmee saam universitêre opleiding vir bibliotekarisse algemeen aanvaar is, waardeur aan bibliotekarisopleiding in Suid-Afrika eiesoortige kenmerke verleen is.[45]

'n Volgende stap wat aansienlik tot die verstewiging van die teoretiesgeoriënteerde opleiding bygedra het, is die instelling in 1948 van grade op die baccalaureus- sowel as die nagraadse vlak deur die Universiteit van Pretoria. In die graadopleiding is groter klem op die teoreties-

43) *Malan*, op. cit., p. 46.
44) *Wertheimer*, op. cit., p. 34.
45) *Malan*, op. cit., p. 46-47.

filosofies-historiese basis van elke vlak gelê[46]) en dit het meegehelp dat groter erkenning aan biblioteekkunde as 'n studierigting op universiteit verleen is. Met die instelling van die nagraadse kursusse is die moontlikhede geskep vir gevorderde en gespesialiseerde opleiding en vir die beoefening van navorsingsaktiwiteite, wat onteenseglik 'n bydrae gelewer het om die aansien van die biblioteekberoep in Suid-Afrika te verbeter.[47])

Ten slotte kan daarop gewys word dat sedert H.C. van Rooy en P.C. Coetzee in 1962 en 1963 tot professore in biblioteekkunde aan die universiteite van Potchefstroom en Pretoria onderskeidelik bevorder is, nog ses professorate ingestel is. Die eerste doktorsgraad in biblioteekkunde is in 1961 aan T. Friis deur die Universiteit van Pretoria toegeken. Verder kan biblioteekkunde vandag as akademiese vak tot op die eerste of tweedejaarsvlak vir die gewone B.A.-graad aan verskillende van die universiteite gevolg word.

Daar kan met reg gekonkludeer word dat die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika as die taak van die universiteite beskou word, en dat daar oorwegend 'n professioneel-akademiese benadering gevolg word.

### 5.5 Algemene vorming en die tydsduur van die opleiding

'n Volgende saak wat ook heelwat meningsverskil en spanning in die plaaslike opleidingsituasie veroorsaak het, is die vraagstuk van die aard en die omvang van die algemene vorming wat 'n voornemende bibliotekaris behoort te ondergaan. Omdat die saak belangrike invloed op nog 'n vraagstuk, die tydsduur van die opleiding, uitoefen, word die twee tesaam oorweeg.

46) *Immelman, R.F.M.* Professional education for librarianship. *Library world* 64: 317, 1963.

47) *Malan,* op. cit., p. 48-49.

In die oorwegend tegniese opleiding wat byvoorbeeld onder leiding van die beroepsverenigings in Groot-Brittanje en in Suid-Afrika aangebied is, is bloedweinig voorsiening vir die algemene vorming van die bibliotekaris gemaak.

In die Verenigde State het Williamson in 1923 aanbeveel dat 'n minimum van vier jaar hoër onderwys vir toelating tot die beroepstudies vereis moet word. Ook in die standaarde wat in 1933, 1952 en 1972 in die Verenigde State aanvaar is, word die beginsel gehandhaaf, selfs in die mate dat die beroepsopleiding vandag tot 'n groot mate net nagraads aangebied word.

Die pioniers in Suid-Afrika, Coetzee en Immelman, het die saak van voldoende algemene vorming van die begin af bepleit. Namate die S.A. Biblioteekvereniging tot die besef gekom het dat bibliotekarisopleiding op die universitêre vlak behoort te geskied, het ook hierdie Vereniging die beginsel aanvaar. Vanaf 1952 moes persone oor 'n graad beskik alvorens hulle tot die kursus vir die Finale Eksamen toegelaat is.[48)]

Ten spyte van die feit dat Coetzee aanvanklik 'n sterk voorstander van 'n breë algemene vorming as deel van die bibliotekaris se opleiding was,[49)] inisieer hy die instelling van 'n driejarige graadkursus in biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria met biblioteekkunde as een van die twee driejarige hoofvakke. Daarmee word die suiwer akademiese inhoud van die curriculum vir die beroepsopleiding verminder, maar Coetzee se standpunt was dat biblioteekkunde 'n volwaardige akademiese vak is „wat in die beroepsopleiding dieselfde vormende waarde kan hê en dieselfde gewig kon besit as enige ander akademiese vak."[50)]

48) *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.* Jaarverslag, 1947-1948. (s.pl.) 1948. p. 3.

49) *Coetzee,* op. cit., p. 154.

50) *Coetzee, P.C.* Voorraad en personeel in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese, III: Biblioteekkundige opleiding en navorsing. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 29: 139, 1962.

Waarskynlik weens die instelling van etlike nuwe opleidingskursusse aan universiteite in die vyftiger jare en H.C. van Rooy se sterk pleidooi by die 1958-konferensie dat die S.A. Biblioteekvereniging sy opleidingskursusse moet staak,[51)] stel die Vereniging in 1958 'n subkomitee aan om die hele kwessie van akkreditering te ondersoek.[52)] Die finale produk van die subkomitee was 'n nuwe stel standaarde vir bibliotekundige opleiding wat in 1963 aanvaar is. Een van die grootste struikelblokke in die weg van die finale aanvaarding van die standaarde in 1963 was die kwessie van die opleidingstydperk.[53)] Volgens die standaarde moes die opleiding vir die hoër professionele vlak minstens vier jaar duur en benewens die biblioteekkundige inhoud, die volle komplement van die kursusse van 'n gewone baccalaureusgraad bevat.[54)] Die standaard skryf dus nie bloot 'n vereiste tydsduur voor nie, maar ook die mate van algemene vorming wat die student moet ondergaan. Hierdie standaard is in ooreenstemming met die praktyk in 'n vooruitstrewende biblioteekland, soos die Verenigde State en ook met die situasie in vergelykbare beroepe in Suid-Afrika, soos die onderwys.

Die Universiteit van Pretoria het egter voet by stuk gehou met sy driejarige graad en is deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat nagevolg wat vanaf 1964 ook 'n driejarige studiekursus aangebied het. Hoewel die beroepsvereniging nie in staat was om die aanbieding van hierdie opleidingskursusse te verhinder nie, was hulle ook nooit bereid om enige status daaraan te verleen nie.

Die vraagstuk van die duur van die opleidingstydperk vir die graad in biblioteekkunde het egter in 'n positiewe rigting verloop aangesien die

51) *Van Rooy, H.C.* op. cit., p. 94.

52) *Malan*, op. cit., p. 51.

53) Ibid., p. 53.

54) Vgl. bylae 8, Standaarde vir Biblioteekkundige Opleiding, paragraaf 2(b)(ii).

universiteite van Pretoria en Oranje-Vrystaat onderskeidelik in 1972 en 1973 albei na 'n vierjarige graad oorgeskakel het. Die probleem van die aard en die omvang van dic algemene vorming wat 'n voornemende bibliotekaris of inligtingswerker behoort te ontvang, duur egter voort, want beide die universiteite van Pretoria en Oranje-Vrystaat het die beroepsinhoud van die vierjarige graad ten koste van die akademiese inhoud vermeerder sodat hulle nie aan die vereiste wat in die Standaarde gestel word, van die volle komplement van die getal kursusse van 'n gewone baccalaureusgraad, voldoen nie. Verskeie biblioteekkundiges voel egter dat hierdie betrokke bepaling in die Standaarde in heroorweging geneem sal moet word aangesien die beroepsvakke wel ook 'n vormende invloed het en 'n volle baccalaureusgraad moontlik nie noodsaaklik is nie.

### 5.6 Akkreditering

Uit die voorafgaande bespreking het geblyk dat die S.A. Biblioteekvereniging geen direkte houvas op die opleidingskursusse wat deur die universiteite ingestel is, gehad het nie. Die Universiteit van Kaapstad het uit eie beweging die Vereniging genader om sy eenjarige nagraadse kursus vir statusverlening te erken, en dit in 1940 na onderhandelinge verkry,[55] maar Pretoria met sy meer akademies georiënteerde benadering het nooit sodanige erkenning van die Vereniging vir sy kursusse aangevra of verkry nie. Desnieteenstaande het Pretoria met sy opleiding voortgegaan en is sy driejarige graadkursus selfs vir 'n geruime tyd deur die Staat as uitgangspunt by die bepaling van salarisskale geneem, wat tot nadeel van diegene met die vierjarige graad in biblioteekkunde gestrek het.

Die onmag van die S.A. Biblioteekvereniging om standaarde vir opleiding neer te lê en af te dwing moet aan die feit toegeskryf word

55) *Malan*, op. cit., p. 45-46.

dat dit as beroepsvereniging nie onder wetgewing geregistreer is nie. Die Vereniging het egter voortdurend daarna gestreef om binne sy vermoë die standaard van die opleiding in stand te hou en te verbeter, soos blyk uit die eerste duidelik omskrewe stel standaarde vir evaluering van opleidingsprogramme wat in 1948 aanvaar is.[56] In 1963 is die standaarde in geheel omgewerkte vorm goedgekeur,[57] en tans is daar reeds besluit om die standaarde vir opleiding weereens te hersien.[58]

Hoewel die kandidate van die universiteite, waarvan die opleidingskursusse nie gelykgeskakel was aan die Standaarde van die Vereniging nie, oënskynlik nie probleme gehad het om werk te kry nie as gevolg van die tekort aan opgeleide personeel, het hulle in die kring van die beroepsgemeenskap nie beroepstatus geniet nie. Die faktor het blykbaar tog gewig gedra en daarom 'n invloed op die opleiding uitgeoefen, want met verloop van tyd het die meeste universiteite vrywillig by die Onderwyskomitee van die Vereniging, wat vir beheer oor die opleiding verantwoordelik is, om erkenning van hul kursusse aansoek gedoen. 'n Belangrike rede hiervoor is dat alleen persone met goedgekeurde beroepskwalifikasies as lede van takbesture, raadsverteenwoordigers, lede van die onderwyskomitee en in die poste van vise-president of eresekretaris van die Vereniging verkies kan word.

## 5.7 Samevatting

Uit die historiese oorsig blyk dat die verloop van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika in hooftrekke met die ontwikkelingstadia van beroepsopleiding in die algemeen ooreenstem en dat dieselfde basiese vraagstukke ook hier aanwesig is.

56) Bylae 7.
57) Bylae 8.
58) *Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.* Jaarverslag 1968-1969. Potchefstroom, 1969. p. 52.

Aanvanklik het die plaaslike opleidingsituasie sterk onder die invloed van die stelsel wat in Engeland onder leiding van die beroepsvereniging ontwikkel het, gestaan. Dieselfde vakleerlinggeoriënteerde opleiding is in 1933 hier ingestel. Spoedig het 'n beweging egter ontstaan om 'n meer teoreties georiënteerde opleiding op universitêre vlak aan te bied. Ten spyte van teenkanting van die S.A. Biblioteekvereniging word die eerste twee kursusse aan die Universiteit van Pretoria in 1938 en aan die Universiteit van Kaapstad in 1939 ingestel. In ooreenstemming met die ontwikkelingstendense in beroepsopleiding het die S.A. Biblioteekvereniging se tegniese opleiding geleidelik agteruitgegaan namate die teoretiese benadering van die universitêre opleiding veld gewen het, en het laasgenoemde per slot van sake die oorhand gekry met die staking van eersgenoemde se kursusse in 1962.

Alhoewel die opleidingskursusse van die universiteite van Pretoria en Kaapstad op dieselfde breë beginsel gebou is, vertoon elk 'n eie benadering wat van belang is vanweë die invloed wat daarvan op latere kursusse uitgegaan het. Die opleiding van die Universiteit van Pretoria het 'n teoreties-akademiese inslag gehad, terwyl in die kursusse van die Universiteit van Kaapstad die klem meer op die beroepsakademiese benadering geval het. Grootliks as gevolg van die groter klem wat die Universiteit van Kaapstad op die beroepsaspekte in hul opleiding geplaas het, slaag hulle daarin om die S.A. Biblioteekvereniging se erkenning vir hul opleiding te verkry. Langs hierdie weg het die stigter van die Kaapse biblioteekskool, R.F.M. Immelman, die teoreties georiënteerde opleiding op universitêre vlak vir die S.A. Biblioteekvereniging meer aanvaarbaar gemaak en terselfdertyd die weg voorberei vir ander universiteite wat ook daartoe wou oorgaan om bibliotekarisopleiding aan te bied.

Die opleidingskursusse wat in die loop van die jare aan die verskillende universiteite ontstaan het, het na óf Pretoria óf Kaapstad se voor-

beeld oorgeleun. So het die universiteite van Potchefstroom, Stellenbosch, Witwatersrand en Rhodes se kursusse die beroeps-akademiese benadering gevolg, terwyl die universiteite van Suid-Afrika en Oranje-Vrystaat en die Randse Afrikaanse Universiteit se opleiding affiniteite met Pretoria vertoon.

Dit skyn ook asof die probleem van die tydsduur van die opleiding met die herorganisering van die opleidingsprogramme van die universiteite van Pretoria en Oranje-Vrystaat opgeklaar is, maar die vraagstuk van die aard en die omvang van die algemene vorming wat die voornemende bibliotekaris of inligtingswerker behoort te ontvang moet nog besleg word.

Noudat van die belangrikste vraagstukke waarmee die opleidingsinstansies vir jare lank geworstel het, oënskynlik tot 'n bevredigende oplossing gebring is, kom nuwe vrae alweer na vore en word in die meeste gevalle nog hardop daaroor gedink. Een hiervan is die vraag waar die opleiding van subprofessionele personeel tuishoort. In die buiteland is die neiging om beroepsopleiding van 'n meer tegniese aard aan kolleges vir gevorderde onderwys toe te wys, maar in Suid-Afrika word voorgraadse diplomakursusse ook aan die universiteit aangebied. 'n Saak wat in die historiese oorsig nie meer prominent na vore gekom het nie, omdat spesialisering in die opleiding nog uiters beperk is, is die mate waarin nuwere ontwikkelinge op inligtingsgebied in die curricula weerspieël word.

In die lig van die feit dat daar in Suid-Afrika nie 'n stelsel van akkreditering bestaan nie en omdat die beroepsvereniging nie direkte beheer oor die universiteite se opleiding kan uitoefen nie, is dit belangrik dat die nodige kontak tussen die opleidingsinrigtings en die beroepsvereniging in stand gehou word. Sodoende bestaan die geleentheid om nuwe ontwikkelinge bekend te stel, te bespreek en te evalueer,

nie om 'n doodse eenvormigheid te handhaaf nie, maar met die oog daarop om die positiewe uitbouing van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk te verseker.

# AFDELING C

# 6 AANDUIDINGS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSPRAKTYK SE BEHOEFTE AAN OPGELEIDE PERSONEEL

## 6.1 Inleiding

'n Saak wat in die bestudering van die opleiding van personeel vir 'n bepaalde beroep onvermydelik aandag moet geniet, is die behoeftes van die praktyk aan opgeleide personeel. Vanselfsprekend is hierdie behoeftes nie die enigste en ook nie die belangrikste faktore wat opleiding beïnvloed nie, maar dit kan tog nuttige rigtingwysers in die beplanning van opleidingsprogramme oor die korttermyn verskaf. Dié vraagstuk word oorweeg in terme van die twee sentrale oogmerke van beroepsopleiding, naamlik die lewering van voldoende getalle nuut opgeleide rekrute (paragraaf 6.2) en die voorbereiding en opleiding van goed gekwalifiseerde beroepsmense (paragraaf 6.3). Met die oog hierop het hierdie ondersoeker in 1969 'n opname van die behoeftes van die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika aan opgeleide personeel onderneem.[1)] Die inligting wat deur middel van die 1969-opname ingesamel is, word in hierdie hoofstuk aangebied.

## 6.2 Die kwantitatiewe behoefte aan opgeleide personeel

Die opleidingsinrigtings behoort hulleself rekenskap te gee van die getalle opgeleide personeel wat vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika benodig word. Daar is verskillende redes waarom hierdie saak van belang is. Die vernaamste is waarskynlik dat daar voldoende getalle opgeleide personeel beskikbaar moet wees, maar dit is net so belangrik om teen 'n moontlike oorproduksie van rekrute te waak. Daarby moet die getalle nie net in algemene sin voldoende wees nie, maar die behoeftes op die verskillende vlakke en vir die onderskeie kategorieë werk moet ook in aanmerking geneem word.

1) Die beplanning en uitvoering van die opname word in paragraaf 1.3 bespreek.

Dit is egter 'n uiters moeilike taak om die mannekragbehoeftes vir enige beroepsrigting met groot sekerheid vooruit te bepaal. Soortgelyke pogings is reeds of word tans in lande soos die Verenigde State en Groot-Brittanje aangewend, maar skrywers waarsku dat dit aansienlike probleme oplewer om die behoefte aan opgeleide personeel in enige detail te bepaal.[2)]

'n Verdere probleem wat die saak in Suid-Afrika verswaar, is die feitlik algehele afwesigheid van bestaande inligting oor die personeelbehoeftes van Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste. In 1961 het. R.F.M. Immelman 'n opname van die personeelsituasie in Suid-Afrikaanse biblioteke gemaak,[3)] en in 1962 het P.C. Coetzee grotendeels aan die hand van Immelman se opname ook 'n bespreking oor die onderwerp gelewer.[4)] Daar is egter nie veel gegewens waarmee die inligting wat vir hierdie studie versamel is, vergelyk kan word nie.

*6.2.1 Personeelbesetting van Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste in 1969.*

In tabel 2 verskyn 'n opgawe van die personeelbesetting van die 118 inrigtings wat in die 1969-opname betrek is. Die verskillende biblioteektipes is soos volg in die monster verteenwoordig: 33 openbare biblioteke, 3 provinsiale biblioteke, 29 opvoedkundige biblioteke,[5)] 50 gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste en 3 nasionale biblioteke. Uit die antwoorde op die vraelyste blyk dit dat daar in 1969 in die 118 inrigtings 2 068 personeellede werksaam was, wat soos volg oor die verskillende tipes inrigtings versprei was:

834 of 40,3 persent in openbare biblioteke,

235 of 11,4 persent in provinsiale biblioteke,

2) *Cowley, J.* Education and training for librarianship (*In*: Studies in library management, volume one. Edited by Brian Redfern. London, Bingley, 1972. p. 43).

3) *Immelman, R.F.M.* The provision of personnel in South African libraries (*In:* Aspekte van die Suid-Afrikaanse biblioteekstruktuur. Aspects of South African libraries. Potchefstroom, Potchefstroom, Univ. for C.H.E. in collaboration with the South African library association, 1962)

4) *Coetzee, P.C.* Voorraad en personeel in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 29: 133-136, 1962.

5) Sluit biblioteke in van universiteite, onderwyskolleges, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en van die onderskeie onderwysdepartemente.

**Tabel 2**

Personeelbesetting van biblioteke en inligtingsdienste, 1969.*

**SOSIALE BIBLIOTEKE**

| | Openbare biblioteke: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % | Provinsiale biblioteke: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % | Subtotaal: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Laer professionele biblioteekkwalifikasies sonder 'n graad | 1 | 80 | | 4 | 85 | 78,7 | 2 | 21 | | | 23 | 21,3 | 3 | 101 | | 4 | 108 | 54,3 |
| 2. Laer professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad | 1 | 4 | | | 5 | 100,0 | | | | | | | 1 | 4 | | | 5 | 26,3 |
| 3. Hoër professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad in die natuur- en toegepaste wetenskappe | 1 | 18 | | | 19 | 100,0 | | | | | | | 1 | 18 | | | 19 | 52,6 |
| 4. Hoër professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad in die geesteswetenskappe | 14 | 102 | 2 | 3 | 121 | 67,6 | 12 | 45 | | 1 | 58 | 32,4 | 26 | 147 | 2 | 4 | 179 | 54,7 |
| 5. Hoër professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad in die ekonomiese wetenskappe | | 2 | | | 2 | 100,0 | | | | | | | | 2 | | | 2 | 40,0 |
| 6. Ander kwalifikasies bo en behalwe genoem onder paragraaf 1 tot 5 wat as inligtingskwalifikasies beskou kan word | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7. Slegs 'n akademiese graad (B.A.(Bibl.) uitgesluit) in die natuur- en toegepaste wetenskappe | 1 | 3 | | 1 | 5 | 33,3 | | 10 | | | 10 | 66,7 | 1 | 13 | | 1 | 15 | 24,6 |
| 8. Slegs 'n akademiese graad (B.A.(Bibl.) uitgesluit) in die geesteswetenskappe | 2 | 66 | 3 | 6 | 77 | 80,2 | 2 | 17 | | | 19 | 19,8 | 4 | 83 | 3 | 6 | 96 | 49,5 |
| 9. Slegs 'n akademiese graad (B.A. (Bibl.) uitgesluit) in die ekonomiese wetenskappe | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10. Ander grade | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11. Slegs matriek of 'n tegniese diploma | 9 | 378 | 2 | 62 | 451 | 78,7 | 10 | 111 | | 1 | 122 | 21,3 | 19 | 489 | 2 | 63 | 573 | 63,4 |
| 12. Minder as matriek | 3 | 50 | | 16 | 49 | 100,0 | | | | | | | 3 | 30 | | 16 | 49 | 53,3 |
| 13. Onderwysdiploma sonder graad | | 4 | 4 | | 8 | 88,9 | | 1 | | | 1 | 11,1 | | 5 | 4 | | 9 | 52,9 |
| 14. Finale diploma – S.A.B.V. sonder graad | | 12 | | | 12 | 85,7 | 2 | | | | 2 | 14,3 | 2 | 12 | | | 14 | 77,8 |
| SUBTOTAAL | 32 | 699 | 11 | 92 | 834 | 78,0 | 28 | 205 | | 2 | 235 | 22,0 | 60 | 904 | 11 | 94 | 1069 | 51,7 |
| % | 3,8 | 83,8 | 1,3 | 11,1 | | | 11,9 | 87,2 | | 0,9 | | | 5,6 | 84,6 | 1,8 | 8,8 | | |
| | Voltyds | | Deeltyds | | | | Voltyds | | Deeltyds | | | | | | | | | |
| | 731 | | 105 | | 834 | | 233 | | 2 | | 235 | | | | | | | |
| % | 87,6 | | 12,4 | | | | 99,1 | | 0,9 | | | | | | | | | |

**INLIGTINGSBIBLIOTEKE**

| | Opvoedkundige biblioteke: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % | Gespes. bibl. en inligtingsafdelings: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % | Nasionale biblioteke: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % | Subtotaal: Voltyds M | Voltyds V | Deeltyds M | Deeltyds V | Subtotaal | % | GROOT TOTAAL: Getal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 2 | 58 | | 3 | 63 | 69,2 | 2 | 18 | | 1 | 21 | 23,1 | | 6 | | 1 | 7 | 7,7 | 4 | 82 | | 5 | 91 | 45,7 | 199 | 9,6 |
| 2. | 2 | 9 | | 1 | 12 | 85,7 | | 1 | | 1 | 2 | 14,3 | | | | | | | 2 | 10 | | 2 | 14 | 73,7 | 19 | 0,9 |
| 3. | 2 | 5 | | 2 | 9 | 52,9 | 1 | 6 | | | 7 | 41,2 | | | | 1 | 1 | 5,9 | 3 | 11 | | 3 | 17 | 47,2 | 36 | 1,7 |
| 4. | 47 | 135 | | 21 | 203 | 60,2 | 13 | 69 | | 5 | 87 | 25,8 | 9 | 36 | | 2 | 47 | 14,0 | 69 | 240 | | 28 | 337 | 65,7 | 516 | 25,0 |
| 5. | 2 | | | | 2 | 66,7 | | | | | | | | 1 | | | 1 | 33,3 | 2 | 1 | | | 3 | 60,0 | 5 | 0,2 |
| 6. | | | | | | | | 1 | | | 1 | 100,0 | | | | | | | | 1 | | | 1 | 100,0 | 1 | 0,05 |
| 7. | 1 | 6 | | | 7 | 15,2 | 22 | 14 | | 2 | 38 | 82,6 | | 1 | | | 1 | 2,2 | 23 | 21 | | 2 | 46 | 75,4 | 61 | 3,0 |
| 8. | 7 | 34 | 1 | 5 | 47 | 47,9 | 11 | 19 | | 2 | 32 | 32,7 | 2 | 15 | | 2 | 19 | 19,4 | 20 | 68 | 1 | 9 | 98 | 50,5 | 194 | 9,4 |
| 9. | 3 | | | | 3 | 60,0 | 2 | | | | 2 | 40,0 | | | | | | | 5 | | | | 5 | 100,0 | 6 | 0,2 |
| 10. | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 | 100,0 | | 1 | | | 1 | 100,0 | 1 | 0,05 |
| 11. | 9 | 128 | 16 | 25 | 178 | 53,6 | 18 | 99 | 1 | 5 | 123 | 37,1 | 6 | 17 | | 7 | 30 | 9,1 | 33 | 244 | 17 | 37 | 331 | 36,6 | 904 | 43,7 |
| 12. | | 8 | | 3 | 11 | 25,6 | | 30 | | 2 | 32 | 74,4 | | | | | | | | 38 | | 5 | 43 | 46,7 | 92 | 4,5 |
| 13. | 2 | 5 | | 1 | 8 | 100,0 | | | | | | | | | | | | | 2 | 5 | | 1 | 8 | 47,1 | 17 | 0,8 |
| 14. | | 2 | | | 2 | 50,0 | | 2 | | | 2 | 50,0 | | | | | | | | 4 | | | 4 | 22,3 | 18 | 0,9 |
| SUBTOTAAL | 77 | 390 | 17 | 61 | 545 | 54,6 | 69 | 259 | 1 | 18 | 347 | 34,7 | 17 | 77 | | 13 | 107 | 10,7 | 163 | 726 | 18 | 92 | 999 | 48,3 | | |
| % | 14,1 | 71,6 | 3.1 | 11,2 | | | 19,9 | 74,6 | 0,3 | 5,2 | | | 15,9 | 72,0 | | 12,1 | | | 16,3 | 72,7 | 1,8 | 9,2 | | | 2 068 | 100,0 |
| | Voltyds | | Deeltyds | | | | Voltyds | | Deeltyds | | | | Voltyds | | Deeltyds | | | | | | | | | | | |
| | 467 | | 78 | | 545 | | 328 | | 19 | | 347 | | 94 | | 13 | | 107 | | | | | | | | | |
| % | 85,7 | | 14,3 | | | | 94,5 | | 5,5 | | | | 87,9 | | 12,1 | | | | | | | | | | | |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5, vraag 2 en bylaes 3 en 4, vraag 3.

545 of 26,4 persent in opvoedkundige biblioteke,
347 of 16,8 persent in gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste en
107 of 5,2 persent in nasionale biblioteke.

Indien bogenoemde getalle volgens die twee hoof kategorieë ingedeel word, was daar 1 069 of 51,7 persent persone in die sosiale biblioteke en 999 of 48,3 persent in die inligtingsbiblioteke werksaam. Die personeel wat in die monster opgeneem is, het oor die volgende kwalifikasies beskik:

| | |
|---|---|
| laer professionele biblioteekkwalifikasies, met of sonder 'n graad | 218 of 10,5 persent |
| hoër professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad | 575 of 27,8 persent |
| gespesialiseerde inligtingskwalifikasies | 1 of 0,05 persent |
| baccalaureusgraad maar sonder professionele biblioteek of inligtingskwalifikasies | 261 of 12,6 persent |
| matriek of 'n tegniese diploma of 'n laer onderwysdiploma | 921 of 44,5 persent |
| en minder as matriek | 92 of 4,5 persent. |

Met die oog daarop om die inligting van hierdie, die 1969-opname, met dié van Immelman, die 1961-opname,[6] te kan vergelyk, word in tabel 2.1 'n ontleding volgens die professionele en die nie-professionele personeel gegee.

6) Die inligting van Immelman se opname wat hier gebruik word, is in hoofsaak soos verwerk deur *Coetzee*, op. cit., p. 133.

Tabel 2.1

Vergelyking tussen statistiek van 1961 en 1969 oor personeelbesetting van biblioteke.

| | 1961-Opname | 1969-Opname |
|---|---|---|
| Professioneel opgeleide personeel (laer en hoër vlak) | 401 (49,0 persent) | 794 (38,4 persent) |
| Nie-professionele personeel | 418 (51,0 persent) | 1 274 (61,6 persent) |
| | 819 | 2 068 |

Hoewel die opname van Immelman slegs 53 biblioteke ingesluit het, het hulle minstens al die verskillende biblioteektipes verteenwoordig en kan so 'n globale vergelyking wel getref word. Die belangrikste feit wat opval, is dat die verhouding tussen professionele en nie-professionele personeel sedert 1961 'n gunstiger wending geneem het deurdat daar in 1969 ongeveer ses nie-professionele vir elke vier professionele persone in diens was teenoor die verhouding van bykans een tot een in 1961. Hieruit kan afgelei word dat professionele personeel in 1969 tot 'n groter mate vir die werk waarvoor hulle opgelei is, gebruik is.

Om 'n meer konkrete beeld van die verhouding tussen die professionele personeel van die verskillende biblioteektipes te verkry word sodanige ontleding in tabel 2.2, gebaseer op die inligting in tabel 2, gegee.

Uit hierdie gegewens blyk eerstens dat 'n totaal van 794 professionele personeel deur die opname aan die lig gebring is, wat 38,4 persent van die totale getal van 2 068 respondente vorm. Hiervan was 218 of 27,5 persent op die laer professionele vlak en 576 of 72,5 persent op die hoër professionele vlak werksaam. Alhoewel aanvaar kan word dat 'n groot deel van die personeel met gewone grade en selfs sommige van diegene met matriek of 'n tegniese diploma 'n aandeel in die subprofessionele werk in die biblioteke kan neem, wil dit voorkom of die getal persone met 'n laer professionele kwalifikasie (27,5 persent)

Tabel 2.2

Professionele personeel volgens tipe inrigting*

| | SOSIALE BIBLIOTEKE | | | | INLIGTINGSBIBLIOTEKE | | | | | TOTALE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | *Subtotaal* | | | | | *Subtotaal* | | | |
| | Openbare biblioteke | Provinsiale biblioteke | | *Persentasie* | Opvoedk. biblioteke | Gespes. bibl. ens. | Nasionale biblioteke | | *Persentasie* | | *Persentasie* |
| Laer professionele personeel | 90 | 23 | 113 | 51,8 | 75 | 23 | 7 | 105 | 48,2 | 218 | 27,5 |
| Hoër professionele personeel | 154 | 60 | 214 | 37,2 | 216 | 97 | 49 | 362 | 62,8 | 576 | 72,5 |
| | 244 | 83 | 327 | 41,2 | 291 | 120 | 56 | 467 | 58,8 | 794 | 100 |

* Bron: Tabel 2.

te laag is om doeltreffende benutting van die hoër professionele personeel te verseker. Tweedens werk daar heelwat meer professionele personeel in die inligtings- as in die sosiale biblioteke, naamlik 58,8 persent teenoor 41,2 persent, in teenstelling met die groter persentasie totale personeel van 51,7 persent wat in die sosiale biblioteke werksaam is teenoor 48,3 persent in die inligtingsbiblioteke. Die verskil ten gunste van die inligtingsbiblioteke word veral deur die hoë persentasie van 62,8 persent van die personeel op die hoër professionele vlak teenoor die 37,2 persent in die sosiale biblioteke meegebring. Op die laer vlak loop die sosiale biblioteek weer met 51,8 persent teen 48,2 persent voor. Ook dié verskille is nie onnatuurlik nie weens die meer gevorderde en meer gespesialiseerde aard van die werk in die inligtingsbiblioteke, maar dit verskaf alreeds 'n aanduiding van die tekort aan opgeleide personeel waarmee die sosiale biblioteke te kampe het.

'n Saak waarmee rekening gehou moet word, is die toenemende feminisering van die biblioteekberoep, ook in Suid-Afrika. In 1961 het Immelman bevind dat 71,9 persent van al die personeel dames was.[7)]

Soos uit tabel 2 blyk, toon die huidige opname 'n verhouding van 87,8 persent vroulike personeel teenoor slegs 12,2 persent mans. Die verhouding tussen mans en dames op die professionele vlak word deur die gegewens in tabel 2.3 aangedui. Dit is opvallend dat die persentasie professioneel opgeleide mans sedert die 1961-opname 'n dalende neiging toon.

In die professionele groep is daar volgens die 1969-opname 'n totaal van 115 of 14,5 persent mans en 679 of 85,5 persent dames. In vergelyking hiermee was daar in 1969 13 033 of 36 persent mans en 22 893 of 64 persent dames in die onderwysberoep gewees.[8)]

7) Ibid.

8) Hierdie statistiek verwys slegs na blanke onderwysers in openbare skole – *Suid-Afrika* (Republiek) Dept. van Statistiek. Suid-Afrikaanse statistieke...1970. Pretoria, 1970. E13.

Tabel 2.3

Verhouding tussen mans en dames professionele personeel.

| | *Hoër professionele vlak* | | *Laer professionele vlak* | | *TOTALE* | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *1961-Opname:* | | | | | | |
| Mans | | 31,4 | | 9,8 | | |
| Dames | | 68,6 | | 90,2 | | |
| *1969-Opname:* | | | | | | |
| Mans | 105 of | 18,2 | 10 of | 4,6 | 115 | 14,5 |
| Dames | 471 of | 81,8 | 208 of | '95,4 | 679 | 85,5 |
| | 576 | | 218 | | 794 | |

Hierdie tendens is in ooreenstemming met die situasie in byvoorbeeld Groot-Brittanje waar die persentasie dames wat in die register van die Library Association voorkom, gestyg het van 50 persent in 1930 tot 'n geskatte 70 persent in 1970.[9] Die persentasie dames wat in Suid-Afrikaanse biblioteke werk, is dus heelwat hoër en dit is 'n feit waarmee in die beplanning van die opleidingsprogramme rekening gehou moet word.

'n Verdere onrusbarende tendens wat uit tabel 2 blyk, is die baie klein persentasie persone met 'n natuur- of toegepaste wetenskaplike agtergrond, met of sonder professionele kwalifikasies, wat tans in biblioteek- of inligtingswerk werksaam is. In tabel 2.4 word die verhouding tussen personeel met 'n natuur- en geesteswetenskaplike agtergrond uitgebeeld.

Dit is net ondenkbaar dat die snel ontwikkelende biblioteek- en inligtingsdienste in nywerhede en navorsingsorganisasies, asook die

9) *Groot-Brittanje.* Library Advisory Councils for England and Wales. A report on the supply and training of librarians. London, H.M.S.O., 1968. p. 9.

groei van ander wetenskaplike en selfs groot openbare biblioteke sonder 'n groter toevloei van meer personeel met natuurwetenskaplike kwalifikasies sal kan klaarkom.

Tabel 2.4

Verhouding tussen personeel met 'n natuur- en geesteswetenskaplike agtergrond. *

| | *Natuurwetenskap* | *Geesteswetenskap* | *TOTAAL* |
|---|---|---|---|
| Hoër professionele biblioteek kwalifikasie plus 'n graad | 36 of 6,5 persent | 516 of 93,5 persent | 552 |
| Slegs 'n graad | 61 of 24 persent | 194 of 76 persent | 255 |
| | 97<br>12 persent | 710<br>88 persent | 807 |

* Bron: Tabel 2

### *6.2.2 Opgawe van addisionele personeel wat benodig word*

Vanaf die begin van 1973 sal daar tien opleidingseenhede aan Suid-Afrikaanse universiteite bestaan wat opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk aanbied. Agt van hierdie opleidingseenhede het sedert 1955 tot stand gekom, wat meebring dat daar in die jongste tyd meer opgeleide personeel gelewer is. In die 1969-opname is 'n poging aangewend om in hoofsaak die huidige en die verwagte behoefte na vyf jaar aan opgeleide personeel te peil.

Eerstens is aan die hoofde van biblioteke gevra of hulle in staat is om voldoende getalle personeel met professionele biblioteek- en inligtingskwalifikasies te rekruteer. Die inligting in tabel 3 toon dat 'n meerderheid van die respondente (54,2 persent) wel voldoende personeel kan rekruteer. Dit is veral gespesialiseerde biblioteke en inligtingsafdelings met 66,0 persent en opvoedkundige biblioteke met 58,6 persent wat die minste probleme ervaar, terwyl ongeveer een-derde van die sosiale

en nasionale biblioteke voldoende personeel kan bekom. Dié inligting is in teenstelling met die vraag na meer opgeleide biblioteek- en inligtingswerkers soos hierna sal blyk. Daar moet egter opgelet word dat in totaal 42,4 persent van die inrigtings aangetoon het dat hulle 'n gebrek aan beskikbare personeel ondervind.

Tabel 3
Beskikbaarheid van personeel met professionele biblioteek- en inligtingskwalifikasies.*

| | *Kan wel voldoende personeel rekruteer* | | *Kan nie* | | *Geen respons* | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Persentasie | | Persentasie | | Persentasie |
| Openbare biblioteke | 12 | 36,4 | 21 | 63,6 | | |
| Provinsiale biblioteke | 1 | 33,3 | 2 | 66,7 | | |
| Opvoedkundige biblioteke | 17 | 58,6 | 11 | 37,9 | 1 | 3,5 |
| Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste | 33 | 66,0 | 14 | 28,0 | 3 | 6,0 |
| Nasionale biblioteke | 1 | 33,3 | 2 | 66,7 | | |
| TOTAAL: | 64 | 54,2 | 50 | 42,4 | 4 | 3,4 |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 2.2; Bylaes 3 en 4 – vraag 3.2.

Daar is egter een faktor wat 'n ander kleur aan die situasie gee en dit is die groot persentasie vroulike werknemers (85,5 persent) in biblioteke, wat 'n hoë omset in personeel tot gevolg het. Die spesifieke saak is nie in die huidige opname aangeraak nie, maar in 1961 het Immelman bevind dat 71,8 persent van alle werknemers minder as vyf jaar diens en meer as die helfte slegs drie jaar diens gehad het.[10)] Wertheimer stel die verlies aan opgeleide personeel in Suid-Afrika op 80 persent binne die eerste vyf jaar van diens.[11)] 'n Ondersoek-

10) *Coetzee,* ibid.

11) *Wertheimer, R.M.* (Education for librarianship abroad): South Africa. *Library trends* 12:264, 1963/64.

kommissie in Groot-Brittanje het bereken dat slegs 10 persent van die damespersoneel 'n loopbaanleeftyd van dertig jaar in die biblioteekwese het, terwyl die orige 90 persent gemiddeld na vier jaar om een of ander rede die diens verlaat.[12)]

Die betekenis hiervan is enersyds dat daar 'n wesenlike behoefte aan opgeleide personeel met ervaring sal wees weens die snelle wisseling van personeel. Die feit word deur Immelman se bevinding bevestig[13)] en sal hoogs waarskynlik vandag ook nog geld. Andersyds mag die hoë omset in personeel die uitwerking hê dat die praktyk tans 'n groter getal afgestudeerdes kan absorbeer, maar dat enige noemenswaardige styging oor 'n paar jaar in die aantal manlike rekrute, en daarmee saam 'n afname in die omset, 'n oorproduksie van opgeleide personeel, altans in sekere kategorieë, tot gevolg kan hê.

Om 'n beeld te kan kry van die getalle en die tipe opgeleide personeel wat in 1969 in aanvraag was, dus die onmiddellike behoefte, en wat na beraming in die tydperk 1970 tot 1974 benodig sal word, is in die tweede plek die volgende vrae gestel:

Eerstens is die hoofde van biblioteke en inligtingsdienste gevra om 'n beraming te gee van die getal personeel wat in 1969 in diens geplaas sou kon word, beide in vakatures en in betrekkings wat deur persone gevul is wat nie oor die regte kwalifikasies vir hul werk beskik het nie, indien die regte persone beskikbaar sou gewees het. Hierdie inligting word in tabel 4 weergegee. Tweedens is 'n beraming gevra van die getal *addisionele* personeel wat van 1970 tot 1974 vir biblioteek- en inligtingswerk benodig word, en die respons hierop verskyn in tabel 5.

Uit tabel 4 blyk dat daar in 1969 in die biblioteke in die ondersoek betrek 'n beraamde tekort van 197 persone met laer en hoër

12) *Groot-Brittanje.* Library Advisory Councils for England and Wales, op. cit., p. 2.
13) *Coetzee,* op. cit., p. 136.

Tabel 4.

Beraming van die getal personeel wat in 1969 in diens geplaas sou kon word, beide in vakatures en in betrekkings wat deur persone gevul is wat nie oor die regte kwalifikasies vir hul werk beskik het nie.*

| | INLIGTINGSBIBLIOTEKE | | | SUBTOT. | SOSIALE BIBLIOTEKE | | SUBTOT. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gespesialiseerde biblioteke | Opvoedkundige biblioteke | Nasionale biblioteke | | Openbare biblioteke | Provinsiale biblioteke | | TOTAAL |
| (Persentasie tussen hakies aangedui) | | | | | | | | |
| 1. Laer professionele biblioteekkwalifikasies sonder 'n graad | 5 (6,4) | 6 (7,7) | 4 (5,1) | 15 (19,2) | 54 (69,2) | 9 (11,6) | 63 (80,8) | 78 (39,6) |
| 2. Professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad | 24 (22,0) | 21 (19,3) | 8 (7,3) | 53 (48,6) | 34 (31,2) | 22 (20,2) | 56 (51,4) | 109 (55,3) |
| 3. Gespesialiseerde inligtingskwalifikasies | 10 | | | 10 | | | | 10 (5,1) |
| | 39 (19,8) | 27 (13,7) | 12 (6,1) | 78 (39,6) | 88 (44,7) | 31 (15,7) | 119 (60,4) | 197 |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 2.2; Bylaes 3 en 4 – vraag 3.2.

Tabel 5.

Beraming van die addisionele getal personeel wat van 1970 tot 1974 vir biblioteek- en inligtingswerk benodig word. *

| | INLIGTINGSBIBLIOTEKE | | | SUBTOT. | SOSIALE BIBLIOTEKE | | SUBTOT. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gespesialiseerde biblioteke | Opvoedkundige biblioteke | Nasionale biblioteke | | Openbare biblioteke | Provinsiale biblioteke | | TOTAAL |
| (Persentasie tussen hakies aangedui) | | | | | | | | |
| 1. Laer professionele biblioteekkwalifikasies sonder 'n graad | 30 (15,5) | 48 (24,8) | 9 (4,6) | 87 (44,9) | 99 (51,0) | 8 (4,1) | 107 (55,2) | 194 (37,1) |
| 2. Professionele biblioteekkwalifikasies plus 'n graad | 39 (13,1) | 112 (37,6) | 19 (6,4) | 170 (57,0) | 113 (37,9) | 15 (5,0) | 128 (43,0) | 298 (57,0) |
| 3. Gespesialiseerde inligtingskwalifikasies | 31 | | | 31 | | | | 31 ( 5,9) |
| | 100 (19,1) | 160 (30,6) | 28 (5,4) | 288 (55,1) | 212 (40,5) | 23 (4,4) | 235 (44,9) | 523 |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5 — vraag 2.3, Bylaes 3 en 4 — vraag 3.3.

professionele kwalifikasies was. Van hierdie totaal het die sosiale biblioteekgroep 119 of 60,4 persent en die inligtingsbiblioteke 78 of 39,6 persent benodig.

Die gegewens in tabel 5 dui aan dat die biblioteke in die ondersoekgroep beraam dat hulle teen 1974 'n totaal van 523 bykomende betrekkings op die laer en hoër professionele vlak sal hê. In hierdie geval verlang die inligtingsbiblioteke 288 of 55,1 persent en die sosiale biblioteke 235 of 44,9 persent personeellede. Indien die twee stelle syfers saamgeneem word, gee dit 'n totaal van 720 bykomende nuutopgeleide personeellede wat teen 1974 vereis word, waarvan 272 of 37,8 persent op die laer professionele vlak en 448 of 62,2 persent op die hoër professionele vlak is.

Om 'n beeld van groeineigings, personeeltekorte en die verhouding tussen die personeelbehoeftes van die twee hooftipes biblioteke te kry word inligting uit tabelle 2.2, 4 en 5 in tabel 6 saamgevat.

Uit die gegewens in tabel 6 blyk baie duidelik dat die sosiale biblioteke 'n behoefte aan meer opgeleide personeel ervaar. In 1969 het die sosiale biblioteke in verhouding met die inligtingsbiblioteke op die laer professionele vlak onderskeidelik 51,8 persent teenoor 48,2 persent van die personeel, en op die hoër vlak 37,2 persent teenoor 62,8 persent gehad. Beide die onmiddellike behoeftes in 1969 en die behoeftes teen 1974 toon persentasiegewys 'n styging in die geval van die sosiale biblioteke. Op die laer professionele vlak is die styging aansienlik en bring dit ook 'n verandering in die verhouding tussen die totale getal laer en hoër professionele persone mee.

'n Vergelyking tussen die personeelbesetting in 1969 en die vooruitskatting van die behoefte aan opgeleide personeel in 1974 vir alle bibliotektipes, dui op die behoefte aan meer laer professionele personeel. In 1969 is die verhouding tussen laer en hoër professionele persone 27,5 persent teenoor 72,5 persent en in 1974 is dit 'n geskatte

Tabel 6.

Vergelyking van die behoeftes van sosiale en inligtingsbiblioteke aan opgeleide personeel.*

| | *Laer Professioneel* | | | *Hoër Professioneel* | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sosiale biblioteke | Inligtingsbib-lioteke | Subtotaal | Sosiale biblioteke | Inligtings-biblioteke | Subtotaal | TOTAAL |
| Personeelbesetting in 1969 (tabel 2.2) | 113 | 105 | 218 | 214 | 362 | 576 | 794 |
| | (51,8) | (48,2) | (27,5) | (37,2) | (62,8) | (72,5) | |
| Onmiddelike behoeftes in 1969 (tabel 4) | 63 | 15 | 78 | 56 | 63 | 119 | 197 |
| | (80,8) | (19,2) | (39,6) | (47,0) | (53,0) | (60,4) | |
| Personeelbehoeftes teen 1974 (tabel 5) | 107 | 87 | 194 | 128 | 201 | 329 | 523 |
| | (55,2) | (44,8) | (37,1) | (38,9) | (61,1) | (62,9) | |

(Persentasie tussen hakies aangedui)

* Bron: Tabelle 2.2, 4 en 5.

37,1 persent teenoor 62,9 persent.

'n Aanduiding van die verskillende biblioteektipes se beramings van toekomstige groei kan uit 'n vergelyking van die eindpersentasie volgens biblioteektipes in tabelle 4 en 5 verkry word. Die eindpersentasies vir gespesialiseerde inrigtings en nasionale biblioteke bly in hoofsaak dieselfde, terwyl die vir openbare en provinsiale biblioteke 'n dalende neiging vertoon. In die geval van opvoedkundige biblioteke styg die behoefte aan opgeleide personeel van 13,7 persent vir die onmiddellike behoefte na 'n geskatte 30,6 persent teen 1974.

Tydens die beplanning van die ondersoek vroeg in 1969 is geoordeel dat 'n vraag oor gespesialiseerde inligtingspersoneel slegs aan gespesialiseerde inrigtings, waar die benadering die beste bekend is, gestel word en nie aan die ander biblioteektipes nie, om sodoende moontlike verwarring uit te skakel.[14] Met die stap word nie geïmpliseer dat gespesialiseerde inligtingspersoneel nie ook in ander biblioteektipes 'n bydrae kan lewer nie; inteendeel, dit is 'n tipe opleiding wat vandag steeds meer in konvensionele biblioteke benut word. Hierdie ondersoeker is ook bewus daarvan dat sedert 1969 heelwat meer persone buite biblioteke in Suid-Afrika in inligtingswerk, byvoorbeeld as lid van 'n navorsingspan, betrokke geraak het. Dit was ongelukkig nie moontlik om 'n afsonderlike opname na die verskynsel van inligtingswerkers buite biblioteke in te stel nie. Die gegewens in tabelle 4 en 5 toon egter dat daar in 1969 reeds 'n behoefte aan personeel met 'n gespesialiseerde opleiding in biblioteek- en inligtingswerk bestaan het. Die respondente van die gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste alleen toon aan dat hulle in 1969 tien persone of 5,1 persent van die totaal met gespesialiseerde inligtingskwalifikasies benodig en vir die vyf jaar tot 1974 word die behoefte op 31 of 5,9 persent van die totaal geskat.

Ten slotte word die aandag gevestig op die opvallende korrelasie in tabelle 4 en 5 tussen die eindpersentasies volgens die tipe opleiding

14) Vgl. bylae 4, vrae 3,2 en 3.3.

in terme van die aantal persone wat benodig word. In totaal is die aantal persone volgens tipe kwalifikasie soos volg:

| | 1969 | | 1974 | |
|---|---|---|---|---|
| | | *Persentasie* | | *Persentasie* |
| Laer professionele biblioteekkwalifikasies | 78 | 39,6 | 194 | 37,1 |
| Hoër professionele biblioteekkwalifikasies | 109 | 55,3 | 298 | 57,0 |
| Gespesialiseerde inligtingskwalifikasies | 10 | 5,1 | 31 | 5,9 |

### *6.2.3 Bevindings*

Die vernaamste bevinding in die gedeelte is dat op grond van die beraming van onmiddellike behoeftes in 1969 en die behoefte aan opgeleide personeel in 1974, 'n totaal van 720 nuut opgeleide persone in 1974 benodig word. Hierdie 720 persone bestaan uit 272 of 37,8 persent op die laer en 448 of 62,2 persent op die hoër professionele vlak. Dit beteken dat volgens die beraming ongeveer 10 persent meer persone op die laer vlak in verhouding tot die hoër professionele vlak benodig word, want volgens die syfers vir die werklike personeelbesetting in 1969 was die verhouding van laer teenoor hoër professionele personeel 27,5 persent teen 72,5 persent. Die behoefte aan groter getalle laer opgeleide personeel kom veral van die kant van die sosiale biblioteke.

'n Verskynsel wat vir personeelvoorsiening van belang is, is die toenemende feminisering van biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika want in 1969 was 87,8 persent van alle personeel en 85,5 persent van alle professionele personeel vroulike werknemers.

'n Saak wat die aandag van die opleidingsinstansies vereis, is die ongunstige verhouding tussen die getal persone met 'n natuurwetenskaplike agtergrond, wat slegs 12 persent van die totale personeelbesetting uitmaak, teenoor die 88 persent persone met 'n geesteswetenskaplike agtergrond.

Ten slotte het 'n meerderheid van die respondente, weliswaar nie 'n baie groot meerderheid nie (54,2 persent), verklaar dat hulle nie probleme ondervind om professionele personeel te rekruteer nie.[15]

## 6.3 Die personeelbehoeftes in kwalitatiewe sin

### 6.3.1 *Inleiding*

Die oogmerk van die voorbereiding en opleiding van goed gekwalifiseerde beroepslui is ook 'n uiters belangrike faktor waarmee in beroepsopleiding rekening gehou moet word. Dit is die taak van die opleidingsinrigtings om afgestudeerdes te lewer wat oor die kennis en vaardighede beskik om met sukses tot die praktyk te kan toetree en hul plek vol te staan. Met die oog hierop behoort terdeë van die sienswyses van praktisyns uit die biblioteek- en inligtingswêreld kennis geneem te word betreffende die opleiding van personeel. Die ervaring leer egter dat daar heel dikwels 'n mate van spanning tussen die benadering van die opleidingsinstansies en die van die werkgewers of die praktyk bestaan met betrekking tot die aard van die opleiding wat die studente behoort te ontvang. Die werkgewers vereis in die reël dat pas afgestudeerde personeel in staat moet wees om onmiddellik by indienstreding hul dagtaak op eie stoom sonder verdere opleiding te kan aanpak.

Hulle moet dus onder andere afgerig wees in die uitvoering van werkprosesse en tegnieke. Daarteenoor is ook aangetoon[16] dat die opleidingsinstansies, veral in die geval van universiteite, dit as hulle primêre taak beskou om die student in die teoreties-wetenskaplike beginsels wat aan sy beroepsaktiwiteite ten grondslag lê, te onderrig. In die geval van beroepe waar die opleidingstydperk weens onvermydelike redes van te korte duur is, is die tendens om meer aandag aan die teoretiese opleiding as aan die bybring van tegniese vaardighede te gee. Die resultaat van so 'n tendens is dat die afgestudeerde by sy

15) Vgl. tabel 3.
16) Vgl. par. 4.3.2.

toetrede tot die praktyk 'n sekere mate van afrigting in tegniese vaardighede en die toepassing van sy teoretiese kennis sal moet ontvang.

Dié situasie kom ook op die gebied van die biblioteek- en inligtingswese voor, en die tweespalt wat as gevolg daarvan tussen die opleidingsinstansies en die praktyk bestaan, is 'n ongelukkige verskynsel en behoort teengewerk te word.[17] Terwyl daar 'n besliste tendens in beroepsopleiding in die algemeen bestaan om in 'n meer teoretiese rigting te beweeg, [18] behoort die opleidingsinstansies in die samestelling en aanbieding van hul opleidingsprogramme deeglik met die spesifieke biblioteek- en inligtingspraktyk waarvoor opgelei word, rekening te hou. Indien die situasie bestaan dat baie van die biblioteke en inligtingsdienste nie groot genoeg is of nie oor voldoende opgeleide en ervare personeel beskik om die regte indiensopleiding te verskaf nie, is dit 'n aanleiding om nog 'n redelike mate van praktiese opleiding te gee. Sodoende sal afgestudeerdes met minder indiensopleiding, en in kleiner inrigtings selfs daarsonder, oor die weg kan kom.

Die praktyk aan die ander kant moet ook besef dat die eise wat deur die universiteite aan opleidingskursusse kragtens die aard van beroepsopleiding gestel word, in 'n sterker teoreties georiënteerde rigting neig en dat 'n groter verantwoordelikheid ten opsigte van indiensopleiding van personeel op hulle skouers rus. Daar sal ook van verskillende vorms van voortgesette opleiding gebruik gemaak moet word om die personeel in staat te stel om met nuwere ontwikkelinge tred te hou.

*6.3.2 Behoeftes van die praktyk aan opgeleide personeel*

Die vasstelling van die behoeftes van die praktyk aan opgeleide personeel is 'n ingewikkelde saak, want daar is 'n hele aantal veranderlike

17) *Cowley, J.* Education, training and utilisation of library staff. *Assistant librarian* 64: 98, 1971.

18) *McGrath, E.J.* The ideal education for the professional man (*In:* National Society for the Study of Education. Committee on Education for the Professions. Education for the professions. Chicago, 1962. p. 282).

faktore soos tipe inrigting, ontwikkelingspeil van die verskillende inrigtings, ekonomiese toestande en die mannekragsituasie in die land wat 'n invloed daarop uitoefen. Die metode wat in die 1969-opname gevolg is, naamlik om inligting oor die behoeftes van die praktyk van die hoofde van inrigtings te vra, is een van die maniere waarvolgens te werk gegaan kan word, maar ook die metode gaan mank aan tekortkominge soos subjektiwiteit en verouderde opvattings.[19]

Eerstens is aan die hoofde van inrigtings gevra in watter opsigte hulle graag hul bestaande dienste sou wou uitbrei en verbeter indien personeel en middele dit toelaat, met ander woorde, watter aspekte van biblioteek- en inligtingswerk sal in die onmiddelike toekoms meer aandag kry.[20] Tweedens is 'n vraag oor 'n aanverwante saak gestel, naamlik bestaan daar 'n behoefte aan personeel met gespesialiseerde opleiding of voldoen personeel met basiese biblioteekkwalifikasies aan die eise van die dienste.[21] Derdens is die respondente versoek om 'n lys van aspekte van die opleidingsinhoud volgens die waarde daarvan vir doeltreffende werkverrigting te gradeer.[22] Vierdens moes die respondente 'n waardebepaling gee van die eienskappe en kwalifikasies wat vir sukses in die werk vereis word.[23] Daar is ook 'n vraag gestel wat daarop gemik was om agtergrondsinligting te bekom oor die wyse waarop personeel benut word.[24] Die hoofde van inrigtings moes aandui hoeveel personeellede op die verskillende opvoedkundige vlakke per taak ingespan word. Dit het slegs op die professionele aspekte van aktiwiteite betrekking gehad en dieselfde personeellid moes by al die aktiwiteite waarmee hy oorwegend besig was, bygetel word. Hoewel hierdie metode 'n enigsins rudimentêre maatstaf is, toon dit in die breë watter aktiwiteite die meeste klem ontvang en watter kategorie

19) Benewens die vraelyste wat aan die onderskeie inrigtings gestuur is, is persoonlike besoeke by 'n sekere aantal van die inrigtings ook afgelê – Vgl. par. 1.3 oor die metode van ondersoek.

20) Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 4; Bylaes 3 en 4 – vraag 5.

21) Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 5; Bylaes 3 en 4 – vraag 6.

22) Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 6; Bylaes 3 – vraag 7; Bylae 4, vraag 8.

23) Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 7; Bylae 3 – vraag 8; Bylae 4 – vraag 9.

24) Bylaes 1, 2 en 5 – vraag 3; Bylaes 3 en 4 – vraag 4.

personeel, byvoorbeeld, hoër of laer professioneel, in hoofsaak daarvoor gebruik word. Volledige statistiese gegewens in verband met die benutting van personeel word in bylaes 9 tot 13 weergegee.

Die resultate van die opname word ook in hierdie afdeling in hoofsaak volgens sosiale en inligtingsbiblioteke ingedeel en opgeweeg.

6.3.2.1 *Die behoeftes van die sosiale biblioteke*

Eerstens word die antwoorde op die vrae oor die aspekte van hul dienste wat hoofde graag wil verbeter en uitbrei en die behoefte aan 'n basiese versus 'n gespesialiseerde opleiding saam oorweeg. Soos uit tabel 7 blyk is daar dertien sake waaraan openbare biblioteke graag meer aandag wil verleen. Die saak wat as die heel belangrikste beskou word, is die diens aan kinders, daarna volg dienste aan oue-tehuise, gestremdes en ander uitbreidingsdienste, opvoeding vir volwassenes, naslaandienste, werk met jeugdiges en die beskikbaarstelling van oudio-visuele en ander nie-boekmateriaal, om slegs die wat die hoogste telling behaal het te noem.

In die geval van die provinsiale biblioteekdienste wat in die opname betrek is, was die eenparige mening dat dié dienste hul uitbreiding in horisontale opsig voltooi het en dat voortaan meer aandag aan die uitbouing van 'n diepte-diens gegee moet word. Aan die een kant sal daar nou meer tyd vir die opgeleide personeel wees om geaffilieerde biblioteke in die ontwikkeling van hul dienste by te staan en aan die ander kant sal die provinsiale biblioteke meer aandag aan sake soos navorsing oor biblioteekkundige probleme en die meganisering van hul dienste kan afstaan.

Op die vraag oor die aard van die opleiding het 13 of 39,4 persent van die 33 respondente van die openbare biblioteke verklaar dat personeel met basiese biblioteekkwalifikasies aan die eise van hul diens

voldoen. Sommige het wel gemeen dat 'n mate van ervaring nodig is alvorens laasgenoemde persone hul plek kan volstaan.

Van die ander respondente beskou die basiese opleiding nie as voldoende nie en sonder die volgende aspekte of terreine uit waarin hulle 'n behoefte vir gespesialiseerde opleiding nodig vind: kinderbiblioteekwerk 16 of 48,5 persent van die respondente; naslaanwerk 6 of 18,2 persent; werk met jeugdiges 5 of 15,2 persent; lesergidsdiens 3 of 9,1 persent en boekkeuring 3 of 9,1 persent.

Tabel 7.

Uitbreiding en verbetering van bestaande dienste – Openbare biblioteke.*

| | *Getal* | *Persentasie* |
|---|---|---|
| 1. Lewering van doeltreffende diens aan kinders | 18 | 54,5 |
| 2. Uitbreidingsdienste aan hospitale, oue-tehuise, gestremdes asook takbiblioteke, reisende biblioteke, ens. | 15 | 45,5 |
| 3. Meer aandag aan opvoeding vir volwassenes | 13 | 39,4 |
| 4. Naslaandienste | 12 | 36,4 |
| 5. Lesersgidsdienste | 12 | 36,4 |
| 6. Werk met jeugdiges | 10 | 30,3 |
| 7. Beskikbaarstelling van oudio-visuele en ander nie-boekmateriaal | 9 | 27,3 |
| 8. Samestelling van bibliografieë en leeslyste | 5 | 15,2 |
| 9. Meer aandag aan openbare betrekkinge | 5 | 15,2 |
| 10. Onderrig van gebruikers in benutting van biblioteek en sy bronne | 4 | 12,1 |
| 11. Uitbouing van versameling | 4 | 12,1 |
| 12. Verbetering van katalogisering, klassifikasie en indeksering | 4 | 12,1 |
| 13. Navorsing oor biblioteekkundige probleme | 2 | 6,1 |

* Bron: Bylae 1, vraag 4.

Die respondente van die provinsiale biblioteekdienste is almal van mening dat die basiese opleiding alleen nie voldoende is nie. Hulle voel eenparig dat gespesialiseerde opleiding in kinderbiblioteekwerk 'n besliste behoefte is, terwyl elk van die drie respondente een van die volgende sake vir gespesialiseerde opleiding uitsonder: lesergidsdiens, inligtingsverskaffing en bestuursopleiding.

Tweedens word gelet op die evaluering van aspekte van die opleidingsinhoud (tabel 8) en die waardebepaling van eienskappe en kwalifikasies vir sukses in biblioteekwerk (tabel 9) deur hoofde van sosiale biblioteke.

In hul evaluering van die opleidingsinhoud lê hoofde van beide die openbare en die provinsiale biblioteke die grootste klem op biblioteekbedryfskunde, uitbouing van die versameling, dienste aan kinders en jeugdiges, uitbreidingsdienste en openbare betrekkinge. Die openbare bibliotekarisse heg ook groot waarde aan onderrig in algemene naslaanwerk. Daarteenoor word meer gespesialiseerde aspekte soos indeksering, abstrahering, opsporing en evaluering van inligting en redigering van publikasies (laasgenoemde ook deur die provinsiale biblioteke) in die kategorieë belangrik of onbelangrik geplaas. 'n Saak soos meganisasie word deur die openbare biblioteke as belangrik en deur die provinsiale biblioteke as baie belangrik aangedui.

Die gegewens in tabel 9 toon dat die sosiale biblioteke beide persoonlikheid en professionele biblioteekkwalifikasies as baie belangrike voorwaardes vir sukses in die werk stel. Ook vakkennis en in 'n mindere mate tale word as belangrik beskou.

In bylaes 9 en 10 word gegewens oor die benutting van personeel vir beroepsarbeid in sosiale biblioteke verstrek. 'n Samevatting van die gegewens volgens die tipe biblioteek en die opvoedkundige vlak word in tabel 10 gegee, terwyl van die ander bevindings wat van belang is in die verdere bespreking vermeld word.

Tabel 8.

Evaluering van opleidingsinhoud deur hoofde van sosiale biblioteke.*

| | OPENBARE BIBLIOTEKE | | | PROVINSIALE BIBLIOTEKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Baie belangrik Persentasie* | *Belangrik Persentasie* | *Onbelangrik Persentasie* | *Baie belang- Persentasie* | *Belangrik Persentasie* | *Onbelangrik Persentasie* |
| 1. Beheer, organisasie en bestuur van biblioteke. | 71,9 | 28,1 | 0,0 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 2. Aanskaffing van materiaal | 59,4 | 31,3 | 9,4 | 0,0 | 66,7 | 33,3 |
| 3. Uitbouing van die versameling | 87,5 | 12,5 | 0,0 | 100,0 | 0,0 | 0,0 |
| 4. Katalogisering en klassifikasie | 51,6 | 45,2 | 3,2 | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| 5. Indeksering | 16,1 | 54,8 | 29,0 | | | |
| 6. Uitlening van materiaal | 50,0 | 34,4 | 15,6 | | | |
| 7. Algemene naslaanwerk (insluitend metodes en praktyke) | 87,5 | 12,5 | 0,0 | 33,3 | 66,7 | 0,0 |
| 8. Vaknaslaanwerk | 45,2 | 48,4 | 6,5 | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| 9. Abstrahering | 3,7 | 40,7 | 55,6 | | | |
| 10. Opsporing en evaluering van inligting vir gebruikers | 30,0 | 50,0 | 20,0 | | | |
| 11. Samestelling van bibliografieë, ens. | 26,7 | 56,7 | 16,7 | 33,3 | 66,7 | 0,0 |
| 12. Redigering van publikasies | 10,3 | 31,0 | 58,6 | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| 13. Dienste aan kinders | 96,9 | 3,1 | 0,0 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 14. Dienste aan jeugdiges | 90,6 | 9,4 | 0,0 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 15. Opvoeding vir volwassenes | 46,7 | 53,3 | 0,0 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 16. Uitbreidingsdienste | 62,5 | 34,4 | 3,1 | 100,0 | 0,0 | 0,0 |
| 17. Werk met oudio-visuele materiaal | 26,7 | 63,3 | 10,0 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 18. Openbare betrekkinge | 65,6 | 34,4 | 0,0 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 19. Meganisasie | 19,4 | 45,2 | 35,5 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |

* Bron: Bylaes 1 en 2, vraag 6.

Tabel 9.
Waardebepaling van eienskappe en kwalifikasies vir sukses in biblioteekwerk deur hoofde van sosiale biblioteke.*

| | OPENBARE BIBLIOTEKE | | | | PROVINSIALE BIBLIOTEKE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Hoër profesioneel* | *Laer profesioneel* | *Gegradueerd.* | *Matriek, ens.* | *Hoër profesioneel* | *Laer profesioneèl* | *Gegradueerd* | *Matriek ens.* |
| Persoonlikheid | 4,5 | 4,4 | 4,4 | 4,2 | 5 | 3,7 | 3,7 | 3,3 |
| Professionele biblioteekkwalifikasies | 4,6 | 4,00 | | | 5 | 3,7 | | |
| Vakkennis | 3,6 | 3,1 | 3,3 | 2,6 | 3 | 2,3 | 2 | 1,3 |
| Tale | 3,3 | 2,8 | 3,0 | 2,3 | 2 | 2 | 2 | 1,3 |

* Hierdie waardebepaling is gedoen aan die hand van 'n skaal waarop vyf as essénsieël en een as onbelangrik beskou is – Vgl. bylaes 1 en 2, vraag 7.

Tabel 10.

Benutting van personeel vir beroepsarbeid in sosiale biblioteke.*

| | *Openbare biblioteke* | | *Provinsiale biblioteke* | |
|---|---|---|---|---|
| | | *Persentasie* | | *Persentasie* |
| Hoër professioneel | 558 | 28,8 | 276 | 64,2 |
| Laer professioneel | 371 | 19,2 | 22 | 5,1 |
| Gegradueerd | 126 | 6,5 | 33 | 7,7 |
| Matriek, ens. | 882 | 45,5 | 99 | 23,0 |
| | 1937 | 100,0 | 430 | 100,0 |

* Bron: Bylaes 9 en 10.

Uit bogenoemde gegewens blyk dat die onrusbarende hoë persentasie van 45,5 persent van die totale personeelbesetting in openbare biblioteke, wat by beroepsarbeid betrokke is, persone met slegs matrikulasie is. Ongelukkig is dit juis by meer belangrike beroepsaktiwiteite in openbare biblioteke waar 'n hoë persentasie persone met matriekkwalifikasies werksaam is. Voorbeelde is lesersgidsdiens (35,0 persent), algemene naslaanwerk (45,6 persent), uitbreidingsdienste (53,7 persent), werk met jeugdiges (58,9 persent), terwyl die hoogste persentasie, naamlik 60,4 persent, by so 'n gespesialiseerde diens soos kinderbiblioteekwerk betrokke is.

Hierdie wanbalans in die personeelvoorsiening is waarskynlik teweeggebring deur die onvermoë van openbare biblioteke om mededingende diensvoorwaardes vir hul personeel aan te bied. Dit is terselfdertyd egter ook 'n aanduiding van die potensiaal van hierdie biblioteektipe om meer opgeleide personeel te kan absorbeer.

In die geval van die provinsiale biblioteke (tabel 10 en bylae 10) is die verhouding tussen die verskillende kategorieë personeel wat by beroepsarbeid betrokke is meer normaal, maar ook hier is die 23 persent vir die kategorie met slegs matrikulasie te hoog en die 5,1 vir die laer professionele vlak te laag.

#### 6.3.2.1.1 *Bevindings*

Volgens die inligting wat ingewin is, blyk dit dat die respondente van sosiale biblioteke van mening is dat klem op die volgende aspekte van die opleidingsinhoud gelê moet word: kinderbiblioteekwerk, naslaandienste, werk met jeugdiges, bedryfskunde, uitbreidingsdienste, lesersgidsdiens, uitbouing van die versameling, meganisering, opvoeding vir volwassenes, werk met oudio-visuele materiaal, openbare betrekkinge en biblioteekkundige navorsing.

Die een saak wat egter sonder twyfel uitgemaak kan word, is dat 'n dringende behoefte aan meer gespesialiseerde opleiding in werk met kinders en jeugdiges bestaan.

'n Volgende bevinding is dat ongeveer een derde van die respondente van sosiale biblioteke 'n basiese biblioteekkwalifikasie as voldoende vir die doeleindes van hul dienste beskou.

Wat betref die eienskappe en kwalifikasies wat vir biblioteekwerk vereis word, word die regte persoonlikheid en professionele biblioteekkwalifikasies as noodsaaklik beskou, terwyl vakkennis en tale ook belangrik is.

### 6.3.2.2 *Die behoeftes van die inligtingsbiblioteke*

Onder hierdie hoof word opvoedkundige biblioteke, gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste en nasionale biblioteke ingesluit. Soos in tabel 2.2 aangetoon, het die grootste persentasie van die professionele personeel wat in die opname betrek is, naamlik 58,8 persent in die inligtingsbiblioteke voorgekom. Die skatting van die toekomstige groei van die professionele personeel in hierdie groep het ook 'n hoër syfer as in die sosiale biblioteke, naamlik 55,1 persent teenoor 44,9 persent (vergelyk tabel 5) opgelewer. Die personeelbehoeftes van die inligtingsbiblioteke asook die opvattings van hul hoofde rakende die saak behoort dus heelwat gewig te dra.

Uit die antwoorde op die vraag watter uitbreidings en verbeterings van dienste hulle graag sou wou aanbring, soos saamgevat in tabel 11, blyk dat die hoofde van opvoedkundige biblioteke in volgorde van belangrikheid aan aspekte voorrang verleen, soos die verskaffing van beter inligtingsdienste aan hul gebruikers, wat van konvensionele naslaandienste tot lektuurberigdienste strek; onderrig en leiding aan gebruikers in die gebruik van biblioteke en inligtingsbronne; die samestelling van bibliografieë; en die uitbouing van die versameling.

Uit die gegewens in tabel 12 blyk dat 'n gelyke aantal respondente van die gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste die ontsluiting van inligting, beide deur konvensionele en nie-konvensionele metodes, as die belangrikste saak waaraan hulle meer aandag wil gee, voorop stel. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is, enersyds dat 'n aansienlike persentasie van die respondente besef dat die bibliografiese organisasie van hul dienste deur doeltreffender katalogisering en klassifikasie verbeter kan word. Die basiese behoefte wat hierin tot uiting kom, is daaraan toe te skryf dat heelwat kleiner inrigtings wat in die verlede nie oor opgeleide of nie oor voldoende opgeleide personeel beskik het nie in die kategorie van die monster betrek is. Andersyds is daar onder die gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste ook reeds verskeie inrigtings wat besef dat hulle beter dienste sal kan lewer indien die ontsluiting van die inligting met behulp van nie-konvensionele indekseringsmetodes uitgevoer word.

Verdere aspekte van hul dienste waaraan respondente in hierdie kategorie meer aandag wil gee, is in volgorde van voorkeur gespesialiseerde aktiwiteite soos die opsporing en evaluering van inligting, lektuurberigdienste, samestelling van bibliografieë en ook sake soos die uitbouing van die versameling, navorsing en publikasies.

Dit is opvallend dat 'n saak soos outomatisering slegs deur enkele van

Tabel 11.

Uitbreiding en verbetering van bestaande dienste – Opvoedkundige biblioteke.*

| | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| 1. Meer aandag aan inligtingsdiens, insluitend naslaandienste tot lektuurberigdienste | 17 | 58,6 |
| 2. Onderrig en leiding aan gebruikers in die gebruik van biblioteke en sy bronne | 16 | 55,2 |
| 3. Samestelling van bibliografieë | 8 | 27,6 |
| 4. Uitbouing van die versameling | 8 | 27,6 |
| 5. Openbare betrekkinge, veral met die gebruikers | 6 | 20,6 |
| 6. Doeltreffender organisasie van die biblioteekmateriaal | 5 | 17,2 |
| 7. Outomatisering | 2 | 6,9 |
| 8. Biblioteekkundige navorsing | 2 | 6,9 |
| 9. Publikasies | 1 | 3,5 |

* Bron: Bylae 3, vraag 5.

Tabel 12.

Uitbreiding en verbetering van bestaande dienste – Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste.*

| | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| 1. Ontsluiting van inligting deur konvensionele metodes, soos katalogisering en klassifikasie | 14 | 28,0 |
| 2. Ontsluiting van inligting deur nie-konvensionele indeksering, ens., ook van diverse soorte materiaal | 14 | 28,0 |
| 3. Opsporing en evaluering van inligting vir gebruikers | 11 | 22,0 |
| 4. Lektuurberigdienste | 8 | 16,0 |
| 5. Samestelling van bibliografieë | 6 | 12,0 |
| 6. Uitbouing van die versameling | 6 | 12,0 |
| 7. Biblioteekkundige en inligtingkundige navorsing | 6 | 12,0 |
| 8. Redigering van en die uitgee van publikasies | 5 | 10,0 |
| 9. Onderrig en hulp aan gebruikers in die gebruik van die biblioteek en inligtingsbronne | 4 | 8,0 |
| 10. Openbare betrekkinge | 4 | 8,0 |
| 11. Abstrahering | 3 | 6,0 |
| 12. Vertaalwerk | 3 | 6,0 |

* Bron: Bylae 4, vraag 5.

die respondente van die opvoedkundige biblioteke genoem word, waaruit afgelei word dat die omvang van organisasies in hierdie kategorie nog nie sodanig is dat grootskaalse outomatisering algemeen oorweeg word nie.

Die hoofde van die nasionale biblioteke noem drie sake waaraan hulle graag meer aandag sou wou gee, naamlik die uitbouing van die versameling, navorsing en openbare betrekkinge.

Oor die kwessie van 'n gespesialiseerde versus 'n basiese opleiding verklaar 13 of 44,8 persent van die opvoedkundige biblioteke, 17 of 34 persent van die gespesialiseerde inrigtings en een of 33,3 persent van die nasionale biblioteke dat personeel met 'n basiese opleiding aan hul eise voldoen.

Die respondente van die opvoedkundige biblioteke wat 'n gespesialiseerde opleiding verlang sonder die volgende terreine daarvoor uit: vyf hoofde of 17,3 persent meen dat 'n opleiding in gespesialiseerde inligtingswerk, sonder om die vakagtergrond te spesifiseer, noodsaaklik geword het; vyf of 17,3 persent respondente beklemtoon die belangrikheid van vakopleiding naas die basiese professionele opleiding; drie van hierdie respondente meen selfs dit moet 'n gevorderde vakopleiding wees, terwyl die ander twee spesifiek die natuurwetenskaplike rigting aandui: een persoon of 3,5 persent verkies personeel wat naas hul biblioteekkwalifikasie ook oor 'n onderwyskwalifikasie beskik; een van die volgende spesialiseringsrigtings word elk deur 'n respondent genoem: biblioteekbedryfskunde, nie-boekmateriaal en katalogisering en klassifikasie.

In die geval van die gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste is negentien of 38,0 persent van die respondente beslis ten gunste van 'n gespesialiseerde kursus in inligtingswerk, veral as dit op die natuurwetenskaplike rigting toegespits is. Sewe of 14 persent van die hoofde stel vakkennis van 'n natuurwetenskaplike of tegniese

aard as 'n vereiste vòòr 'n basiese biblioteekkwalifikasie. Die twee hoofde van nasionale biblioteke wat gespesialiseerde opleiding verlang, spesifiseer albei katalogisering en klassifikasie en bibliografiese werk, terwyl die een ook gespesialiseerde vakopleiding naas die basiese professionele kwalifikasie noem.

Die evaluering van die opleidingsinhoud deur die hoofde van inligtingsbiblioteke in tabel 13 toon dat al drie tipes inrigtings die volgende aspekte as baie belangrik beskou: biblioteekbedryfskunde, uitbouing van die versameling, en algemene naslaanwerk. Opvoedkundige en gespesialiseerde biblioteke sonder katalogisering en klassifikasie, vaknaslaanwerk in die natuur- en toegepaste wetenskappe en die opsporing en evaluering van inligting uit. Die nasionale biblioteke ag openbare betrekkinge as 'n baie belangrike saak.

Net soos in die geval van die sosiale biblioteke blyk uit tabel 14 dat die inligtingsbiblioteke die regte persoonlikheid en professionele biblioteek- en inligtingskwalifikasies as feitlik essensieël vir sukses in die werk beskou. Vakkennis word as baie belangrik op die hoër professionele vlak deur opvoedkundige en gespesialiseerde inrigtings aangemerk, terwyl tale op dieselfde vlak deurgaans as belangrik beskou word. Ook praktiese ervaring in navorsing en bestuur word in enkele gevalle as belangrik beskou.

'n Volledige beeld van die benutting van personeel volgens die opvoedkundige vlak vir beroepsarbeid in die inligtingsbiblioteke kan uit bylaes 11 tot 13 verkry word. In tabel 15 word 'n samevatting van die gegewens volgens die tipe biblioteek en opvoedkundige vlak gegee.

In die geval van die gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste is die persentasie van die totale personeel, naamlik 30,2 persent, wat vir beroepsarbeid gebruik word en wat slegs oor matrikulasie as hoogste kwalifikasie beskik, abnormaal hoog. Die verhouding word ook in die

Tabel 13.

Evaluering van opleidingsinhoud deur hoofde van inligtingsbiblioteke.*

| | *Opvoedkunde biblioteke* | | | *Gespes. biblioteke en inligtingsdienste* | | | *Nasionale biblioteke* | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie belangrik Persentasie | Belangrik Persentasie | Onbelangrik Persentasie | Baie belang-rik Persent. | Belangrik Persentasie | Onbelangrik Persentasie | Baie belang-rik Persent. | Belangrik Persentasie | Onbelangrik Persentasie |
| 1. Beheer, organisasie en bestuur van biblioteke | 69,6 | 30,4 | 0,0 | 66,7 | 27,1 | 6,3 | 100,0 | 0,0 | 0,0 |
| 2. Aanskaffing van materiaal | 29,2 | 62,5 | 8,3 | 41,7 | 39,6 | 18,8 | 33,3 | 66,7 | 0,0 |
| 3. Uitbouing van die versameling | 62,5 | 37,5 | 0,0 | 58,3 | 35,4 | 6,3 | 100,0 | 0,0 | 0,0 |
| 4. Katalogisering en klassifikasie | 76,0 | 24,0 | 0,0 | 52,1 | 41,7 | 6,3 | 33,3 | 66,7 | 0,0 |
| 5. Nie-konvensionele indeksering | 9,1 | 40,9 | 50,0 | 42,6 | 36,2 | 21,3 | | | |
| 6. Uitlening van materiaal | 24,0 | 60,0 | 16,0 | 20,4 | 51,0 | 28,6 | 33,3 | 0,0 | 66,7 |
| 7. Algemene naslaanwerk (insluitend metodes en praktyke) | 76,0 | 20,0 | 4,0 | 62,5 | 31,3 | 6,3 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 8. Vaknaslaanwerk: Natuur- en toegepaste wetenskappe | 50,0 | 37,5 | 12,5 | 68,1 | 31,9 | 0,0 | | | |
| 9. Vaknaslaanwerk: Geesteswetenskappe | 58,3 | 33,3 | 8,3 | 12,2 | 29,3 | 58,5 | | | |
| 10. Vaknaslaanwerk: Ekonomiese wetenskappe | 43,5 | 26,1 | 30,4 | 21,4 | 31,0 | 47,6 | | | |
| 11. Abstrahering | 0,0 | 52,2 | 47,8 | 19,1 | 42,6 | 38,3 | 0,0 | 66,7 | 33,3 |
| 12. Opsporing en evaluering van inligting | 52,0 | 44,0 | 4,0 | 64,6 | 25,0 | 10,4 | 33,3 | 66,7 | 0,0 |
| 13. Samestelling van bibliografieë, ens., | 28,0 | 64,0 | 8,0 | | | | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 14. Redigering van publikasies | 8,3 | 20,8 | 70,8 | 14,9 | 36,2 | 48,9 | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| 15. Hantering van nie-boekmateriaal | 32,0 | 48,0 | 20,0 | 29,2 | 47,9 | 22,9 | 66,7 | 33,3 | 0,0 |
| 16. Openbare betrekkinge | 41,7 | 45,8 | 12,5 | 38,3 | 36,2 | 25,5 | 100,0 | 0,0 | 0,0 |
| 17. Meganisasie | 20.8 | 41,7 | 37.5 | 20,8 | 31,3 | 47,9 | 33,3 | 66,7 | 0,0 |
| 18. Sisteemanalise | | | | 23,9 | 28,3 | 47,8 | | | |
| 19. Naslaanwerk: Patente | | | | 12,2 | 22,0 | 65,9 | | | |

* Bron: Bylae 3, vraag 7; bylae 4, vraag 8; bylae 5, vraag 6.

Tabel 14.

Waardebepaling van eienskappe en kwalifikasies vir sukses in biblioteekwerk deur hoofde van inligtingsbiblioteke.*

| | *Opvoedkundige biblioteke* | | | | *Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsafdelings* | | | | *Nasionale biblioteke* | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hoër professioneel | Laer professioneel | Gegradueerd | Matriek, ens. | Hoër professioneel | Laer professioneel | Gegradueerd | Matriek, ens. | Hoër professioneel | Laer professioneel | Gegradueerd | Matriek, ens. |
| Persoonlikheid | 4,6 | 4,4 | 4,0 | 3,9 | 4,2 | 3,9 | 3,9 | 3,4 | 4,7 | 4,3 | 4,0 | 4,0 |
| Professionele kwalifikasies | 4,5 | 4,1 | | | 4,6 | 4,1 | | | 4,3 | 3,3 | | |
| Vakkennis | 4,2 | 3,3 | 3,2 | 2,3 | 4,0 | 3,4 | 3,6 | 2,5 | 3,3 | 3,0 | 2,0 | 1,3 |
| Tale | 3,8 | 3,4 | 2,8 | 2,2 | 3,5 | 3,1 | 2,9 | 2,3 | 3,3 | 2,3 | 2,3 | 1,7 |
| Praktiese ervaring in | | | | | | | | | | | | |
| navorsing | 3,2 | 2,0 | 2,1 | | 2,8 | 2,1 | 2,5 | 1,7 | 3,3 | 2,0 | 1,3 | |
| dosering | 2,3 | | 2,1 | | | | | | | | | |
| produksie | | | | | 2,1 | 1,7 | 1,9 | 1,5 | | | | |
| bestuur | | | | | 3,3 | 2,1 | 1,9 | 1,4 | | | | |



* Bron: Bylae 3, vraag 8; bylae 4, vraag 9; bylae 5, vraag 7.

personeelbesetting van verskeie aktiwiteite weerspieël, waar persone met matriek die grootste persentasie uitmaak, soos aanskaffing van materiaal, nie-konvensionele indeksering, interbiblioteeklenings, naslaanwerk en lektuurberigdiens.

In die opvoedkundige en nasionale biblioteke word op 'n veel groter skaal van personeel met beroepskwalifikasies gebruik gemaak en is daar onderskeidelik slegs 12,0 persent en 14,2 persent van die personeel met matrikulasie by die beroepsarbeid betrokke.

Tabel 15.

Benutting van personeel vir beroepsarbeid in inligtingsbiblioteke.*

| | *Opvoedkundige biblioteke* | | *Gespesialiseerde biblioteke* | | *Nasionale biblioteke* | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | *Persentasie* | | *Persentasie* | | *Persentasie* |
| Hoër professioneel | 747 | 66,9 | 490 | 36,4 | 125 | 53,9 |
| Laer professioneel | 150 | 13,4 | 187 | 13,9 | 27 | 11,6 |
| Gegradueerd | 86 | 7,7 | 262 | 19,5 | 47 | 20,3 |
| Matriek | 134 | 12,0 | 406 | 30,2 | 33 | 14,2 |
| | 1117 | 100,0 | 1345 | 100,0 | 232 | 100,0 |

* Bron: Bylaes 11 tot 13.

6.3.2.2.1 *Bevindings*

Uit die reaksie van die respondente van die inligtingsbiblioteke op die vrae oor toekomstige ontwikkelinge in hul dienste en die evaluering van die opleidingsinhoud kan afgelei word dat die volgende aspekte in die opleiding beklemtoon behoort te word: die verskaffing van inligtingsdiens, hetsy in die vorm van algemene naslaanwerk, lektuurberigdienste of die opsporing en evaluering van inligting; die ontsluiting van inligting deur middel van beide konvensionele en nie-konvensionele metodes; bedryfskunde; uitbouing van die versameling; samestelling van bibliografieë; onderrig van gebruikers, openbare betrekkings; publikasies en navorsing.

Dit is verder duidelik dat 'n behoefte aan meer gespesialiseerde opleiding in inligtingswerk, met toespitsing op natuurwetenskaplike gebied, bestaan en dat hoofde van inligtingsbiblioteke ook 'n sterk voorkeur vir persone met 'n gespesialiseerde vakagtergrond, weer eens in 'n natuurwetenskaplike rigting, vertoon. Inligtingswerk het verskillende fasette, maar in die reël word dit hoofsaaklik met die ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting geassosieer en derhalwe bly dit aspekte wat ook in die basiese opleiding van kardinale belang is. Indien hierby in aanmerking geneem word dat meer as een derde van die inligtingsbiblioteke vind dat personeel met basiese beroepskwalifikasies in hul behoeftes voorsien, is dit wenslik dat meer aandag aan nuwe ontwikkelinge op inligtingsgebied in die basiese opleidingskursusse gegee word. Dit is egter ook nodig dat ten minste een inrigting, wat gunstig geleë is, dit oorweeg om 'n gespesialiseerde kursus met die klem op die natuur- en toegepaste wetenskappe in te stel.

### 6.4 Voortgesette opleiding

Hoewel die klem in hierdie studie op formele opleiding van personeel val, is enkele vrae aan respondente oor voortgesette opleiding gestel om te bepaal tot watter mate indiensopleiding van personeel aangebied word en of daar 'n besef van die noodsaaklikheid van ander vorms van voortgesette opleiding bestaan.[25)]

Faktore soos 'n kort opleidingstydperk, 'n meer teoretiese benadering in die opleiding en ingrypende veranderings en ontwikkelinge op biblioteek- en inligtingsgebied maak dit onmoontlik om die voorbereiding en opleiding van personeel gedurende die basiese opleiding af te handel. Dit is, byvoorbeeld, onrealisties om van opleidingsinrigtings te vereis om die student al die tegniese vaardigheid wat vir die suksesvolle uitvoering van sy werk nodig is, by te bring. Die aspek van

25) Bylaes 1, 2 en 5, vrae 8 en 9; bylae 3, vrae 9 en 10, bylae 4, vrae 10 en 11.

die voorbereiding vir 'n beroepsloopbaan word die beste deur 'n doelbewuste en beplande program van indiensopleiding in die praktyk afgehandel.

Ander vorme van voortgesette opleiding, soos die bywoning van kort kursusse of gevorderde studie, is verdere metodes om die beroepsopleiding van personeel mee af te rond en hulle met nuwe ontwikkelinge op hoogte te hou.

In die eerste plek is vrae oor die aanbieding van indiensopleiding vir personeel gestel. Uit tabel 16 blyk dat nege en vyftig of 50 persent van die biblioteke en inligtingsdienste die indiensopleiding van personeel nie as 'n doelbewuste en beplande aktiwiteit aanpak nie. Dit is veral opvallend dat slegs 27,6 persent van die opvoedkundige biblioteke 'n positiewe antwoord op die vraag kan gee. Terwille daarvan om die saak verder te ontleed, is respondente gevra om aan te toon in hoeverre hulle wel sekere vorme van indiensopleiding aan verskillende kategorieë personeel verskaf. Die uitslag van die vraag (tabel 17) is teleurstellend, want met die uitsondering van die provinsiale biblioteke, wat inderwaarheid indiensopleiding as een van hul belangrike take beskou, kry die saak nie voldoende aandag by die ander tipe inrigtings nie. Dit is eintlik net die opleiding wat personeel by hul werk, in die vorm van instruksies en samesprekings, ontvang, wat redelik algemeen in al die verskillende tipes inrigtings op die onderskeie opvoedkundige vlakke toegepas word. Die ander vorms van indiensopleiding naamlik beplande werkrotasie, personeelvergaderings en groepsbesprekings, kry, met die uitsondering van die provinsiale biblioteke, oor die algemeen min aandag.

Die oorsaak van die ontoereikende staat waarin die indiensopleiding verkeer, moet in hoofsaak in die gebrek aan voldoende personeel wat deur die meeste inrigtings ondervind word, gesoek word. Die tekort aan beroepslui word verder vererger deur die groot persentasie vrou-

Tabel 16.

Omvang van doelbewuste en beplande indiensopleiding deur verskillende tipes inrigtings.*

| | *Ja* | | *Nee* | | *Geen respons* | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | *Persentasie* | | *Persentasie* | | *Persentasie* |
| Openbare biblioteke | 17 | 51,5 | 16 | 48,5 | 0 | 0,0 |
| Provinsiale biblioteke | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Opvoedkundige biblioteke | 8 | 27,6 | 17 | 58,6 | 4 | 13,8 |
| Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsafdelings | 24 | 48,0 | 25 | 50,0 | 1 | 2,0 |
| Nasionale biblioteke | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 54 | 45,8 | 59 | 50,0 | 5 | 4,2 |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5, vraag 9.1; bylae 3, vraag 10.1; bylae 4, vraag 11.1.

like werknemers wat 'n hoë personeelomset veroorsaak en dit dus moeilik maak om personeel met die nodige ervaring te bekom of te behou wat die indiensopleiding kan waarneem. In par. 6.3.2.1.1 en par. 6.3.2.2.1 is bevind dat daar in sekere biblioteektipes, soos die openbare biblioteek en ook in gespesialiseerde inrigtings, 'n onrusbarende hoë persentasie personeel met slegs matrikulasie is wat vir beroepsarbeid gebruik word, en ook die feit het 'n negatiewe uitwerking op die verskaffing van indiensopleiding.

Uit die voorafgaande bespreking en gegewens kan afgelei word dat die praktyk van indiensopleiding oor die algemeen nog nie goed in Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste gevestig is nie. Hierdie feit tesame met die groot aantal kleiner inrigtings wat bestaan, maak dit noodsaaklik dat in die opleiding nog 'n redelike mate van praktiese opleiding verskaf moet word sodat afgestudeerde persone sonder intensiewe indiensopleiding wel hul koers sal kan vind.

Tabel 17.

Aanbieding van verskillende vorme van indiensopleiding.*

| | *Openbare bibl.* | | | *Provinsiale bibl.* | | | *Opvoedkundige bibl.* | | | *Gespes. biblioteek* | | | *Nasionale biblioteek* | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hoër prof. vlak | Laer prof. vlak. | Gegradueerd | Hoër prof. vlak | Laer prof. vlak | Gegradueerd | Hoër prof. vlak | Laer prof. vlak | Gegradueerd | Hoër prof. vlak | Laer prof. vlak | Gegradueerd | Hoër prof. vlak | Laer prof. vlak | Gegradueerd |
| 1. Instruksies aan en samesprekings met individuele personeellede | 63,6 [1)] | 63,6 | 54,5 | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 55,2 | 44,8 | 48,3 | 50,0 | 34,0 | 36,0 | 33,3 | 66,7 | 66,7 |
| 2. Beplande werkrotasie | 42,4 | 51,5 | 42,4 | 66,7 | 33,3 | 33,3 | 17,2 | 24,1 | 20,7 | 18,0 | 8,0 | 12,0 | | | |
| 3. Personeelvergaderings | 63,6 | 63,6 | 48,5 | 100,0 | 100,0 | 66,7 | 37,9 | 24,1 | 24,1 | 22,0 | 16,0 | 20,0 | | 33,3 | 33,3 |
| 4. Groepsbesprekings | 42,4 | 42,4 | 33,3 | 66,7 | 66,7 | 66,7 | 41,4 | 24,1 | 24,1 | 28,0 | 8,0 | 16,0 | 33,3 | 66,7 | 66,7 |
| 5. Interne opleidingskursusse | 12,1 | 9,1 | 6,1 | 66,7 | 66,7 | 66,7 | 3,4 | 3,4 | 0,0 | 16,0 | 6,0 | 8,0 | | | |
| | 44,8 | 46,1 | 36,9 | 80,0 | 73,3 | 66,7 | 31,0 | 24,1 | 23,4 | 26,8 | 14,4 | 18,4 | 33,3 | 55,6 | 55,6 |

* Bron: Bylaes 1,2 en 5, vraag 9.2; bylae 3, vraag 10.2; bylae 4, vraag 11,2.

1) As persentasie uitgedruk.

Die respondente is ook gevra wat hul behoeftes aan kort kursusse volgens die tipe personeel is (tabel 18) en in hoeverre hul organisasie bereid is om personeel vry te stel om voortgesette opleiding in verskillende vorms te ondergaan (tabel 19).

Die gegewens in tabel 18 toon dat die meerderheid respondente besef dat hul personeel kort kursusse as een van die vorms van voortgesette opleiding behoort by te woon. In totaal verklaar 82 of 69,5 persent van die hoofde dat hulle dit nodig ag dat personeel met professionele biblioteek- en inligtingskwalifikasies kort kursusse bywoon, terwyl 70 of 59,3 persent van mening is dat personeel met akademiese grade maar sonder professionele kwalifikasies ook die informele opleiding behoort te ondergaan.

Te oordeel aan die bereidwilligheid van organisasies (tabel 19) om personeel vry te stel om voortgesette opleiding te ondergaan, is die kort kursus van een dag tot 'n week die verkieslikste metode (83,9 persent), gevolg deur kort kursusse van een tot drie weke (52,5 persent), deeltydse studie aan 'n opleidingsinrigting (50,0 persent), terwyl die moontlikheid van voltydse studie aan 'n opleidingsinrigting die swakste is. (11,9 persent).

Ten slotte is respondente ook gevra of dit hul biblioteekowerhede se beleid is om die uitgawes van personeel wat by voortgesette opleiding betrokke is, te dra.[26)] Die antwoorde toon dat so 'n verskeidenheid van metodes aangewend word om die uitgawes van verskillende vorms van voortgesette opleiding te dra dat dit moeilik getabelleer kan word. 'n Telling van die positiewe antwoorde, in watter vorm dit ook al geskied, dui daarop dat die meerderheid van die biblioteekowerhede wel daartoe bereid is.

26) Bylaes 1, 2 en 5, vraag 8.3; bylae 3, vraag 9.5; bylae 4, vraag 10.3.

Tabel 18

Aanduiding van behoefte aan kort kursusse volgens tipe inrigting en personeel.*

| | *Behoefte vir persone met beroepskwalifikasies* | | | *Behoefte vir persone met akademiese grade maar sonder beroepskwalifikasies* | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Ja* | *Nee* | *Geen respons* | *Ja* | *Nee* | *Geen respons* |
| Personeel van: | | | | | | |
| Openbare biblioteke | 25 | 6 | 2 | 20 | 5 | 8 |
| | 75,8 | 18,2 | 6,0 | 60,6 | 15,2 | 24,2 |
| Provinsiale biblioteke | 3 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 |
| | 100,0 | | | 100,0 | | |
| Opvoedkundige biblioteke | 15 | 7 | 7 | 13 | 7 | 9 |
| | 51,8 | 24,1 | 24,1 | 44,9 | 24,1 | 31,0 |
| Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsafdelings | 36 | 8 | 6 | 32 | 10 | 8 |
| | 72,0 | 16,0 | 12,0 | 64,0 | 20,0 | 16,0 |
| Nasionale biblioteke | 3 | 0 | 0 | 2 | 1 | 0 |
| | 100,0 | | | 66,7 | 33,3 | |
| | 82 | 21 | 15 | 70 | 23 | 25 |
| | 69,5 | 17,8 | 12,7 | 59,3 | 19,5 | 21,2 |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5, vraag 8.1; bylae 3, vraag 9.1; bylae 4, vraag 10.1.

## 6.5 Samevatting

Die uitgangspunt in hierdie hoofstuk was dat met die behoeftes van die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika in die bestudering van vraagstukke rakende die opleiding van personeel rekening gehou moet word. Die vernaamste bevindings wat uit die opname wat in 1969 uitgevoer is, blyk, is die volgende:

Tabel 19.

Bereidwilligheid van owerhede om personeel vry te stel om voortgesette opleiding te ondergaan.*

| | *Voltydse studie aan opleidingsinrigtings* | | | *Deeltydse studie aan opleidingsinrigtings* | | | *Kort kursusse van een dag tot een week* | | | *Kort kursusse van een tot drie weke* | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Ja* | *Nee* | *Geen respons* | *Ja* | *Nee* | *Geen respons* | *Ja* | *Nee* | *Geen respons* | *Ja* | *Nee* | *Geen respons* |
| PERSONEEL VAN: | | | | | | | | | | | | |
| Openbare biblioteke | 2 | 21 | 10 | 7 | 15 | 11 | 29 | 4 | 0 | 11 | 11 | 11 |
| *Persentasie* | 6,1 | 63,6 | 30,3 | 21,2 | 45,5 | 33,3 | 87,9 | 12,1 | 0 | 33,3 | 33,3 | 33,3 |
| Provinsiale biblioteke | 2 | 1 | 0 | 2 | 1 | 0 | 3 | 0 | 0 | 2 | 1 | 0 |
| *Persentasie* | 66,7 | 33,3 | 0 | 66,7 | 33,3 | 0 | 100,0 | 0 | 0 | 66,7 | 33,3 | 0 |
| Opvoedkundige biblioteke | 5 | 15 | 9 | 16 | 3 | 10 | 20 | 1 | 8 | 11 | 7 | 11 |
| *Persentasie* | 17,3 | 51,7 | 31,0 | 55,2 | 10,3 | 34,5 | 69,0 | 3,4 | 27,6 | 39,0 | 24,1 | 37,9 |
| Gespesialiseerde biblioteke en inligtingsafdelings | 4 | 37 | 9 | 31 | 14 | 5 | 44 | 2 | 4 | 35 | 10 | 5 |
| *Persentasie* | 8,0 | 74,0 | 18,0 | 62,0 | 28,0 | 10,0 | 88,0 | 4,0 | 8,0 | 70,0 | 20,0 | 10,0 |
| Nasionale biblioteke | 1 | 2 | 0 | 3 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 |
| *Persentasie* | 33,3 | 66,7 | 0 | 100,0 | 0 | 0 | 100,0 | 0 | 0 | 100,0 | 0 | 0 |
| | 14 | 76 | 28 | 59 | 33 | 26 | 99 | 7 | 12 | 62 | 29 | 27 |
| | 11,9 | 64,4 | 23,7 | 50,0 | 28,0 | 22,0 | 83,9 | 5,9 | 10,2 | 52,5 | 24,6 | 22,9 |

* Bron: Bylaes 1, 2 en 5, vraag 8.2; bylae 3, vraag 9.2; bylae 4, vraag 10.2.

(1) dat teen 1974 na beraming 'n addisionele 720 nuut opgeleide personeellede, 272 of 37,8 persent op die laer en 448 of 62,2 persent op die hoër professionele vlak benodig word;
(2) dat die bogenoemde syfers in vergelyking met die personeelbesetting in 1969 daarop dui dat in verhouding tot die hoër opgeleide personeel, 10 persent meer personeel met 'n laer professionele opleiding benodig word;
(3) dat die sosiale biblioteektipes, die openbare en provinsiale biblioteke, 'n merkbare agterstand wat betref opgeleide personeel vertoon;
(4) dat die feminisering van die biblioteekberoep besig is om toe te neem;
(5) dat slegs 12 persent van die personeel 'n natuurwetenskaplike agtergrond gehad het in verhouding tot die 88 persent met 'n geesteswetenskaplike graad;
(6) dat meer as een derde van die respondente van mening is dat personeel met basiese biblioteek- en inligtingskwalifikasies aan die eise van hul diens voldoen;
(7) dat die aanbieding van gespesialiseerde opleiding in biblioteekdiens aan kinders en jeugdiges noodsaaklik geword het;
(8) dat inligtingswerk meer volledig in basiese opleidingskursusse gedek moet word, maar dat oorweging ook aan die instelling van 'n gespesialiseerde kursus, met die klem op die natuur- en toegepaste wetenskappe, geskenk behoort te word;
(9) dat benewens bogenoemde terreine die volgende onderwerpe deur respondente van die sosiale en inligtingsbiblioteke as belangrik uitgewys is en dat in basiese opleiding daarmee rekening gehou moet word: bestuur en beheer van biblioteke en inligtingsdienste; uitbouing van die versameling; ontsluiting van inligting; bibliografiese werk; onderrig van gebruikers; openbare betrekkinge; navorsing en meganisasie;
(10) dat die regte persoonlikheid en professionele kwalifikasies as baie belangrike vereistes vir sukses in biblioteek- en inligtingswerk beskou word;

(11) dat 'n abnormale hoë persentasie personeellede met matrikulasie in openbare biblioteke en in gespesialiseerde inrigtings vir beroepsarbeid gebruik word;
(12) dat indiensopleiding as metode van voortgesette opleiding nog nie in voldoende mate in Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste toegepas word nie en daarom behoort studente in hul beroepsopleiding soveel praktiese opleiding te ontvang dat hulle in staat is om onder die omstandighede in die praktyk die mas op te kom; en
(13) dat die meerderheid organisasies bereid is om personeel in staat te stel om voortgesette opleiding deur middel van deeltydse studie en kort kursusse te ondergaan.

## 7 DIE OPLEIDING VAN BIBLIOTEKARISSE EN INLIGTINGSWERKERS IN SUID-AFRIKA

In hoofstuk vier, waar oor die tendense in opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in sekere oorsese lande gehandel is, het geblyk dat opvattings oor hoër onderwys en die patroon wat die hoër onderwysstelsel van 'n land aanneem, 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van beroepsopleiding kan uitoefen. In die Verenigde State het die aanvaarding deur die universiteite van die taak van beroepsopleiding die weg gebaan vir die oorname deur hulle van die opleiding van 'n verskeidenheid beroepe, waaronder biblioteekwerk ook getel het. Daarby het die opvatting dat beroepsopleiding 'n gegradueerde karakter moet hê in die Verenigde State gelei tot die instelling van 'n basiese kwalifikasie in biblioteekkunde in die vorm van 'n meestersgraad wat na 'n studie van vyf jaar verwerf word.

Hierteenoor was dit juis die opvatting van die taak van die hoër onderwys wat in Groot-Brittanje in 'n belangrike mate daartoe bygedra het, dat voltydse opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk op universitêre vlak eers in die sestiger jare 'n meer algemene verskynsel geword het. Dit is derhalwe nodig om kortliks aan die invloed wat die hoër onderwysstelsel in Suid-Afrika op die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk kan uitoefen, aandag te skenk.

### 7.1 Hoër onderwys in Suid-Afrika

Die terrein wat deur die term „hoër onderwys" gedek word, is by verskillende geleenthede in wetgewing omskryf. Die mees resente omskrywing is die in die Wet op Onderwysdienste van 1967,[1] waarin inrigtings soos universiteite, universiteitskolleges, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en opleidingskole vir kuns, landbou, mynwese, ens. spesifiek genoem word, maar waarin ook neergelê word dat alle voltydse onderwys van 'n peil wat hoër is as die standaard wat vir 'n

1) *Suid-Afrika* (Republiek) Wet op Onderwysdienste, nr. 41, 1967.

eksamen vir die tiende standerd vereis word, ook hier tuishoort. Daarby kan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap enige ander onderwys in oorleg met die Minister van Finansies en met toestemming van die betrokke Administrateur tot hoër onderwys verklaar. Alle onderwys op die na-matriekvlak kan dus inderdaad onder hoër onderwys ingesluit word.

In Suid-Afrika was daar egter nog altyd 'n neiging om hoër of tersiêre onderwys sterk met universitêre onderrig te assosieer.[2)] 'n Regeringskommissie wat in 1928 die funksies van universiteite en tegniese kolleges moes afbaken, het sover gegaan om te verklaar dat „hoër onderwys" niks anders beteken as „universitêre onderwys" nie.[3)] Universitêre opleiding is dan ook sterk in aanvraag. In 1960 was die verhouding van universiteitstudente tot die totale blanke bevolking 1:97, terwyl dit in Nieu-Seeland 1:152, in Australië 1:199 en in die Verenigde Koninkryk 1:458 was.[4)]

In teenstelling met lande soos die Verenigde State, Groot-Brittanje of Australië het differensiasie in die stelsel van hoër onderwys in Suid-Afrika nog nie ten volle deurgewerk nie. Tegniese en beroepsopleiding op die vlak tussen die skool en die universiteit kan nog baie verbeter. Daar bestaan by baie mense ongelukkig ook die indruk dat tegniese opleiding vir die dom kind bedoel is.

In 1967 is daar egter wetgewing oor gevorderde tegniese onderwys aangeneem[5)] waardeur ses kolleges vir gevorderde tegniese onderwys tot stand gekom het, wat spesifiek ten doel het om gevorderde onderwys op die

2) *Van Zyl, A.J.* Optimum use of manpower through education, training and management; 2nd ed. Pretoria, Pretoria College for Advanced Technical Education, 1972. p. 240.

3) *Behr, A.L. en Macmillan, R.G.* Education in South Africa; 2nd ed. Pretoria, Van Schaik, 1971. p. 234.

4) Ibid., p. 243.

5) *Suid-Afrika* (Republiek) Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, nr. 40, 1967.

tersiêre vlak maar buite die universiteite uit te bou.[6] Op die huidige stadium is daar 'n mate van oorvleueling tussen kursusse wat deur die universiteite en hierdie kolleges vir gevorderde tegniese onderwys aangebied word. Een skrywer wys daarop dat vakke soos huishoudkunde, die opleiding van nie-akademiese ingenieurs en alle voorgraadse diplomas eerder aan dié kolleges as by die universiteite tuishoort.[7] Die patroon van universitêre opleiding in Suid-Afrika het egter deur 'n historiese ontwikkeling vorm aangeneem en daarom kan aanvaar word dat dit nie ligweg gewysig sal word nie. Aan die anderkant is dit ook duidelik dat aan die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys deur wetgewing van 1967 'n definitiewe plek in die hoër onderwysstelsel naas die universiteite toegeken is en dat ontwikkelinge hieruit kan voortspruit. Dié vermoede word versterk deur 'n verklaring van die minister van Nasionale Opvoeding in 1971 waarin hy sê: „Alles dui daarop dat die tyd ook in die Republiek aangebreek het dat universiteite in samewerking met kolleges vir gevorderde tegniese onderwys 'n voortdurende studie moet maak van die omvang en aard van bestaande en nuwe kursusse ten einde die funksies van die inrigtings vir hoër onderwys so veel as moontlik te beperk tot die doel wat hulle behoort te dien in 'n gekoördineerde stelsel van hoër onderwys. Ek vertrou dat die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese vir ons die regte pad sal aandui en dat sy bevindings tot belangrike funksionele vernuwings in ons stelsel van hoër onderwys sal lei."[8]

Indien ons meer spesifiek op die universiteite let,[9] blyk dat ons

6) *Suid-Afrika* (Republiek) Departement van Nasionale Opvoeding. Jaarverslag vir die tydperk 1 November 1970 tot 31 Desember 1971. Pretoria, Staatsdrukker, 1972. p. 19.

7) *Van Zyl*, op. cit., p. 245.

8) Toespraak deur sy edele J.P. van der Spuy, minister van Nasionale Opvoeding, by geleentheid van die gradeplegtigheid van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. op Saterdag 24 April 1971, p. 25.

9) *Behr en Macmillan*, op. cit., p. 243-260.

universiteitswese lewenskragtig is en vinnig ontwikkel. Gedurende 1973 behoort die bogenoemde verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese en sy aanbevelings bekend gestel te word en kan die aanvaarding en implementering van sekere of al die aanbevelings van die Kommissie tot belangrike verwikkelinge aanleiding gee.

Vir die huidige kan die Suid-Afrikaanse universiteit soos volg getipeer word. Die Suid-Afrikaanse universiteit is in departemente en fakulteite georganiseer. 'n Departement word in die reël met die onderrig in 'n bepaalde vak, soos engels of wiskunde geassosieer. 'n Fakulteit bestaan weer uit 'n groepering van 'n aantal verwante departemente. Die Fakulteit van Lettere sluit byvoorbeeld klassieke en moderne tale, filosofie, geskiedenis en in die meeste gevalle ook sosiaalwetenskaplike vakke in, terwyl die Fakulteit van Natuurwetenskappe in hoofsaak die biologiese en fisiese wetenskappe en wiskunde omvat.

Tot in 1920 is universitêre opleidingskursusse in Suid-Afrika hoofsaaklik in die Fakulteite van Lettere, Regte, Teologie, Opvoedkunde en Natuurwetenskappe aangebied en was daar weinig sprake van opleiding vir ander beroepe. Die behoefte aan beroepsopleiding was egter sterk in aanvraag en daarom is opleidingsrigtings soos die geneeskunde, die tandheelkunde, die ingenieurswese en die landbou spoedig aan verskillende universiteite ingestel. Later volg ook opleidingskursusse in die ekonomiese wetenskappe, die liggaamlike opvoeding, die sosiale wetenskappe, die huishoudkunde, die argitektuur, die musiek en die skone kunste. Dit is opvallend dat die beroepsopleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite hoofsaaklik as fakulteite en selde in die vorm van beroepskole georganiseer word.

Die minimum tydperk vir die verwerwing van 'n eerste baccalaureusgraad is soos volg:

Drie jaar: geesteswetenskappe, natuurwetenskappe en sosiale

wetenskappe.

Vier jaar: landbou, ingenieurswese, huishoudkunde, musiek, skone kunste en ander beroepsrigtings soos biblioteekkunde en maatskaplike werk.

Vyf jaar: argitektuur, tandheelkunde, regte en ingenieurswese (aan sommige universiteite).

Ses jaar: geneeskunde.

Die baccalaureusgraad in die Lettere en die Natuurwetenskap sluit gewoonlik twee hoofvakke in wat oor drie jaar geneem word plus kursusse in ander vakke wat in totaal dan uit tien of elf en nege kursusse respektiewelik bestaan. 'n Honneursgraad word na 'n verdere jaar voltydse studie in een van die hoofvakke verwerf, terwyl vir die meestersgraad 'n jaar voltydse studie na die honneurs- en vir die doktorsgraad 'n minimum van twee jaar studie en navorsing na die meestersgraad vereis word. Die curricula vir grade in die ingenieurswese, die handel, die geneeskunde en die landbou bestaan in die reël uit voorgeskrewe kursusse, sodat daar min geleentheid vir 'n keuse tussen kursusse is. „In general, in fact, South African faculty and degree structures tend to be rigid and too self-contained. There is need for more flexibility and for knowledge to be seen as a whole rather than to be divided up into watertight compartments."[10)]

In aansluiting by hierdie stelling moet daarop gewys word dat aan Suid-Afrikaanse universiteite baie min geleentheid vir 'n breë algemene opvoeding („general education") bestaan.[11)] In teenstelling met, byvoorbeeld, die Amerikaanse universiteite waar dit van die student vereis word om ook kursusse uit ander belangrike studieterreine, soos die geestes-, die sosiale en die natuurwetenskappe in sy curri-

10) Ibid., p. 250.

11) *Williams, A.R.* General education in higher education. (s. pl.) Published for the Institute of Higher Education by Teachers College Press, Teachers College, Columbia Univ., 1968. p. 110.

culum in te sluit,[12] is die voorgraadse curriculum in Suid-Afrika grotendeels in 'n bepaalde rigting soos die geesteswetenskappe, die sosiale, die ekonomiese of die natuurwetenskappe gespesialiseerd. Slegs enkele vakke soos psigologie, geografie en wiskunde word in meer as een fakulteit aangebied.

*7.1.1 Beroepsopleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite*

Die volgende patrone van beroepsopleiding het met verloop van tyd aan Suid-Afrikaanse universiteite ontwikkel:

1. In die beroepsgeoriënteerde fakulteite of skole vir beroepsopleiding soos die geneeskunde, die tandheelkunde, die ingenieurswese of die veeartsenykunde, is die hele of grootste deel van die curriculum beroepsgerig en word in die opleiding vir die eerste kwalifikasie naas die suiwer beroepskursusse meer met die toegepaste aspek van die wetenskap as met die volle wetenskap in basiese sin gewerk. Op die vlak van gevorderde studie soos vir meesters- en doktorsgrade kom die akademiese aspek wel volledig tot sy reg.

2. 'n Benadering wat vir 'n verskeidenheid van beroepe gevolg word, is om die beroepstudies eers ná die voltooiing van 'n eerste baccalaureusgraad in die vorm van 'n sterk beroepsgerigte wetenskaplik gefundeerde studiekursus te organiseer. Die tipe opleiding kan of op 'n tweede graad, soos in die teologie, of op 'n nagraadse diploma, soos in die opvoedkunde, die biblioteekkunde en die kommunikasiekunde, uitloop.

3. 'n Wyse van beroepsopleiding wat besig is om toe te neem is die geïntegreerde of beroepsgerigte baccalaureusgraad waarin die akademiese en beroepsvakke gekombineer word en die studietydperk dan na vier jaar verleng word. In teenstelling met die vorige benadering waar die

12) Ibid., p. x.

student 'n volle baccalaureusgraad voltooi het en daarna die beroepstudie afgelê het, vertoon die meeste van hierdie geïntegreerde grade 'n vermeerdering van die beroepskursusse ten koste van die suiwer akademiese inhoud. Die kandidaat vir die geïntegreerde graad lê dus nie meer 'n volle baccalaureusgraad in die vorm van suiwer akademiese kursusse af nie. In die geval van die geïntegreerde biblioteekkundige graad word die beginsel van die volle komplement aan akademiese vakke soos vir 'n baccalaureusgraad plus die beroepsvakke aan die meeste van die universiteite egter nog gevolg.

4. 'n Opleidingsbenadering wat redelik uniek aan die Suid-Afrikaanse universiteit is, is die praktyk om voorgraadse diplomas, meesal in 'n beroepsrigting, vir persone wat slegs oor 'n skooleindsertifikaat beskik of wat wel matriekvrystelling het, maar direk 'n beroepskwalifikasie wil verwerf, aan te bied. 'n Curriculum van akademiese en beroepsvakke word gewoonlik voorgeskryf met 'n studietydperk wat oor twee of drie jaar strek.

Uit die voorafgaande uiteensetting kan afgelei word dat die Suid-Afrikaanse universiteite beroepsopleiding as hul taak aanvaar het, want die opleiding van personeel vir 'n verskeidenheid van beroepe, selfs op verskillende vlakke, word deur hulle aangebied. Daar het egter heel weinig in druk verskyn waaruit die standpunt van die onderskeie universiteite rakende beroepsopleiding afgelei kan word.[13] Ook in dié opsig behoort die verslag en aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese 'n belangrike leemte te vul.

Beroepsopleiding word wel in enkele bydraes deur persone verbonde aan universiteite as 'n taak van hul inrigtings of van die universiteit

13) 'n Voorbeeld van so 'n standpunt verskyn in 'n verslag van die Potchefstroomse Universiteit.

*Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.* Sentrale Opnamekomitee. Akademiese en verwante aangeleenthede aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys; verslag van die Sentrale Opnamekomitee van die Senaat. Potchefstroom, 1966. p. 6-19.

in die algemeen beskou.[14] Op grond van die gegewens in hierdie bydraes word enkele opvattings kortliks gestel.

Wat die aard van die beroepsopleiding betref, is daar ooreenstemming by plaaslike skrywers dat dit die universiteit se taak is om aan die student 'n beroepsvoorbereiding en nie net 'n blote tegnies georiënteerde beroepsopleiding te verskaf nie. Onder beroepsvoorbereiding word hier verstaan die wetenskaplike onderleg en opvoeding vir 'n beroep teenoor die opleiding in die tegniese kennis van die beroep. „Praktiese feitekennis en tegniese vaardigheid los van wetenskaplike bekwaamheid is iets wat die universiteit nie behoort te verskaf nie en eintlik ook nie kan verskaf nie."[15] Ook in beroepsvoorbereiding moet die wesenskenmerk van die universiteit, naamlik die vorming van die wetenskaplike beroepsmens, vergestalt word sodat hy in sy optrede en metodes steeds 'n wetenskaplike ingesteldheid vertoon.[16]

Verskillende skrywers waarsku teen die tendens dat universiteite in die algemeen, maar ook in Suid-Afrika, in die aanbieding van beroepsvoorbereiding hul akademiese taak verwaarloos of degradeer tot 'n middel vir tegniese bekwaamheid.[17] Dié neiging word ook goed deur Bingle saamgevat wanneer hy na aanleiding van die eise van die beroepslewe sê: „Die kursusse wat aangebied word, moet meer en meer weg-

14) *Bingle, H.J.J.* Die beroepstaak van die universiteit. *Koers* 37: 332-348, 1970.

*Du Plessis, P.G.W.* Gevraagde universiteit; eenheid van die wetenskap in spesialisasie en beroepsvoorbereiding aan die huidige universiteit. Port Elizabeth, Univ. van Port Elizabeth, 1967. p. 51-54.

*Du Plessis, P.G.W.* Universiteitsopleiding in Suid-Afrika vir die sewentigerjare. *Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap. Bulletin* nr. 29: 13-16, 1971.

*Viljoen, G. van N.* University training and the professions. *Chartered secretary* 15: 203-205, 1968.

15) *Du Plessis, P.G.W.* Gevraagde universiteit... Port Elizabeth, Universiteit van Port Elizabeth, 1967. p. 53.

16) *Bingle*, op. cit., p. 339.

17) *Du Plessis*, op. cit., p. 3.

*Biesheuvel, S.* The changing function of the universities. Durban, University of Natal Press, 1965. p. 1.

breek van die basies wetenskaplike en met die professionele en lewensbehoeftes geïntegreer word; daar word al minder waarde aan die wetenskap as grondliggend vir die bou van die toepaslike professies geheg. En aan die ander kant word akademiese inhoud en status vir 'n horde lewensneringe opgeëis wat aan die absurde grens..."[18]

Die dilemma van dié situasie blyk aan die eenkant uit die behoeftes van soveel beroepe, waar die kompleksiteit van die aktiwiteite wat verrig of die beslissings wat geneem asook die omvang van die beroepskennis wat bygebring moet word, so toegeneem het dat dit gebiedend noodsaaklik geword het om die beroepstudie te verleng. Indien dit egter beteken dat van die nuweling verwag word om eers 'n vormende studiekursus, 'n baccalaureusgraad, te deurloop alvorens die beroepstudies onderneem word, mag dit die tydsduur van die opleiding onrealisties verleng en in die meeste gevalle sal so 'n stap tot 'n ongewenste afname in nuwe rekrute wat vir opleiding aanmeld, aanleiding gee.

Verskillende benaderingswyses word gevolg om die beroepsaspek beter tot sy reg te laat kom. Beroepsrigtings soos die geneeskunde, die tandheelkunde, die veeartsenykunde en die ingenieurswese is in staat om 'n hele fakulteit rondom een beroep te bou en die akademiese vakke of die meeste daarvan, in die raamwerk van 'n goed beplande curriculum op toegepaste wyse binne die fakulteit aan te bied. Minder gevestigde beroepe, waarvoor opleiding nie so sterk in aanvraag is nie, word verplig om ander uitweë te soek, soos opleiding in die vorm van die beroepsgerigte of geïntegreerde graad wat 'n vermeerdering van die beroepsinhoud ten koste van die suiwer akademiese inhoud meebring.

18) *Bingle, H.J.J.* Die universiteit in die branding (*In:* Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Die atoomeeu; 'in U lig'. Potchefstroom, 1969. p. 256.

Dié universiteit, aan die anderkant, wat sy roeping ernstig opneem, kan nie anders as om krities teenoor hierdie ontwikkelinge te staan nie, want daar word tereg gekonstateer dat die universiteit nie sy bestaansgrond in die behoeftes van ander instansies vind nie, „maar in sy eie lewenswet in samehang met die van ander, te wete om die wetenskap te beoefen, om die student te vorm as wetenskaplike, as toekomstige selfstandige bekleër van 'n beroep, as medemens, as totale mens en om kulturele leiding te gee aan die res van die samelewing."[19] Daarom behoort die universiteit in die uitvoering van sy taak te alle tye sy twee mees basiese funksies, naamlik wetenskapsbeoefening en opvoeding as rigsnoer te neem.[20]

Dit impliseer dat nie die beroepsvereistes 'n primêre rol in die bepaling van die opleidingsinhoud sal speel nie, maar „dat die struktuur van die wetenskap as geheel en van elke vakwetenskap afsonderlik die bepalers van die inhoud moet wees."[21] Ook in die samestelling van die curriculum moet hoofvakke en ondersteunende byvakke 'n verantwoorde wetenskaplike eenheid vorm.

Dit wil egter nie sê dat die beroepsbehoeftes glad nie in aanmerking geneem word nie; inteendeel, dit moet wel oordeelkundig en ondergeskik aan die eise van die basiese funksies van wetenskapsbeoefening en opvoeding ingewerk word. „Studie in die rigting van 'n bepaalde beroep beteken 'n *wetenskaplike* inwerk in die probleme en tegniek van die betrokke vak."[22]

19) *Du Plessis, P.G.W.* Universiteitsopleiding in Suid-Afrika vir die sewentigerjare. *Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap. Bulletin* nr. 29: 15, 1971.

20) *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.* Sentrale Opnamekomitee, op. cit., p. 7.

21) *Bingle, H.J.J.* Die beroepstaak van die universiteit. *Koers* 37: 342, 1970.

22) *Du Plessis, P.G.W.* Gevraagde universiteit... Port Elizabeth, Universiteit van Port Elizabeth, 1967. p. 53.

In die lig van hierdie standpunt is dit veral die beroepsgerigte of geïntegreerde graad as wyse van opleiding wat moontlikhede openbaar wat in stryd met die karakter van die universiteit kan wees. Bloot kwantitatief beskou val dit op dat die meeste van die geïntegreerde grade in verskillende rigtings in getal minder suiwer akademiese kursusse bevat as wat vir 'n gewone baccalaureusgraad aan die bepaalde universiteit vereis word. Dit beteken dat die moontlikheid om 'n gebalanseerde curriculum saam te stel, wat aan die eise van die wetenskap voldoen, hierdeur beperk word. Hierby kan ook herhaal word wat vroeër reeds gesê is, naamlik dat die graadstruktuur van die Suid-Afrikaanse universiteit min geleentheid vir algemene studies bied en reg vanaf die begin redelik gespesialiseerd is. Deur die akademiese inhoud van die graad te verminder word die spesialiseringsverskynsel verder aangehelp.

In dié verband word egter geredeneer dat die vorming van die student nie soseer die resultaat van 'n bepaalde leerstof is nie, maar eerder van 'n bepaalde benadering in die opleiding en daarom kan beroepsvakke ook die rol vervul.[23] Met die redenasie moet saamgestem word, want in die leerstof van enige ontwikkelde beroep behoort daar 'n voldoende mate van geordende kennis versamel te wees sodat die meeste vakke hulle daarvoor sal leen om vormend aangebied te word. Dit is egter ook net logies dat die opleidingsinhoud vir enige beroep 'n aansienlike persentasie prakties-tegniese kennis bevat. Uit 'n beginselstandpunt beskou, word die weg met die geïntegreerde graad gebaan vir die toelating en verheffing van die prakties-professionele tot die akademiese vlak en kan niemand aantoon presies waar om die streep te trek nie. Onder die opset waar beroepstudies na die voltooiing van 'n suiwer baccalaureusgraad volg, het ons minstens 'n konkreet toepasbare

23) *Fouche, B.* Die leergang by die opleiding van bibliotekarisse. M.A. (Bibl.)-verhandeling. Pretoria, 1968. p. 149.

maatstaf om die balans tussen die akademiese en die professionele te handhaaf.

In die lig van die voorgaande kan die wenslikheid van voorgraadse diplomas op universitêre vlak ook ernstig in twyfel getrek word. Wat nou egter belangrik is, is die feit dat hierdie opleidingspatrone deur 'n langsame historiese ontwikkeling tot stand gekom het. Indien dié benaderings byvoorbeeld deur 'n gesaghebbende instansie soos die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese in die lig van omstandighede bevestig sou word, bied dit opleidingsmoontlikhede wat verder geëksploiteer kan word.

### *7.1.2 Samevatting*

Uit die bespreking van hoër onderwys in Suid-Afrika, en meer in besonder beroepsopleiding, blyk die volgende:

dat die verslag en aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese tot funksionele vernuwings in hoër onderwys in Suid-Afrika kan lei, veral wat betref die verhouding tussen die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en die universiteite;

dat Suid-Afrikaanse universiteite beroepsopleiding as taak aanvaar het, en dat verskillende patrone ontwikkel het, soos beroepsgeoriënteerde fakulteite of skole, baccalaureusgraad plus beroepsopleiding, geïntegreerde of beroepsgerigte baccalaureusgraad en voorgraadse diplomas;

dat weinig oor die universiteite se amptelike standpunt betreffende hul beroepstaak bekend is, maar dat verteenwoordigers van die universiteite dit as beroepsvoorbereiding en -opleiding omskryf;

dat 'n mate van kommer bestaan oor die moontlike verdringing van die beoefening van die basiese wetenskappe deur die eise van beroepsopleiding, en in die verband word veral na die geïntegreerde baccalaureusgraad verwys.

## 7.2 Die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika

Die heersende opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk aan Suid-Afrikaanse universiteite word in die volgende paragrawe geskets op grond van inligting wat in 1973 by wyse van 'n vraelys[24)] van die onderskeie opleidingseenhede en uit die verskillende universiteite se jaarboeke, verkry is.

### *7.2.1 Vorme en vlakke van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika*

In algemene sin word twee vorme van beroepsopleiding onderskei, naamlik formele opleiding vir 'n eerste beroepskwalifikasie om tot 'n beroep te kan toetree, en voortgesette opleiding wat plaasvind nadat persone hul basiese beroepskwalifikasie behaal en met 'n loopbaan begin het.

#### *7.2.1.1 Formele opleiding*

Formele opleiding vir 'n beroep word in die reël aan 'n inrigting vir hoër onderwys op 'n voltydse en/of deeltydse basis aangebied. Persone wat sonder beroepskwalifikasies tot 'n beroep toetree en wat oor die regte toelatingsvereistes beskik, word, waar die fasiliteite bestaan, dikwels toegelaat om hul kwalifikasies te verwerf terwyl hulle werk. Hoewel die verskillende vorme van gevorderde nagraadse opleiding, soos honneurs-, magister- en doktorale studie in 'n sekere sin ook voortgesette opleiding is, word dit in hoofsaak as formele opleiding behandel.

Die formele voorbereiding en opleiding[25)] van personeel vir biblioteek- en inligtingswerk het, soos in hoofstuk vier aangetoon, reeds tot so 'n mate ontwikkel dat verskillende vorme en vlakke onder-

24) Vgl. bylae 6 asook die bespreking van die metode van ondersoek in paragraaf 1.3.

25) „Voorbereiding" en „opleiding" word as die ekwivalente van „education" en „training" beskou, maar tensy die onderskeid noodsaaklik is, word slegs „opleiding" in 'n meer algemene sin gebruik.

skei kan word. Die primêre vorm van beroepsopleiding is die opleiding vir die basiese beroepskwalifikasie, want al die lede van 'n beroep wat op volle beroepstatus aanspraak wil maak, behoort oor dieselfde minimumkwalifikasie te beskik.

Met die algemene basiese beroepskwalifikasie as uitgangspunt kan verdere of sekondêre vorme van opleiding op grond van die werking van spesialisasie en differensiasie onderskei word. Dit is wel moontlik dat *gespesialiseerde* basiese opleidingskursusse naas die algemene basiese opleiding voorkom, byvoorbeeld opleiding vir skoolbiblioteekwerk. Dit is 'n aanduiding dat die algemene opleiding nie in die meer gespesialiseerde behoeftes voldoen het nie, en omdat die aanvraag daarvoor groot genoeg was kon dit geregverdig word om sodanige gespesialiseerde basiese opleiding aan te bied.

*7.2.1.1.1 'n Algemene basiese opleiding*

Die algemene basiese beroepskwalifikasie vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika is óf die eenjarige nagraadse diploma[26)] óf die geïntegreerde graad[27)] in biblioteekkunde. Beide kwalifikasies, soos trouens alle formele opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika, kan slegs aan 'n universiteit verwerf word.

Soos uit tabel 20 blyk, kom die hoër diploma by al nege die universiteite wat by opleiding betrokke is, voor, terwyl ses van die universiteite ook die graad in biblioteekkunde aanbied.

*7.2.1.1.2 Spesialisering in die opleiding*

Die enigste vorm van gespesialiseerde basiese opleiding wat tot sover in Suid- Afrika ontwikkel het, is die opleiding vir kwalifikasies in skoolbiblioteekkunde. Aan die Universiteit van Suid-Afrika kan 'n

26) Die kwalifikasie staan onder verskillende benaminge bekend, die een wat hier gebruik sal word, is „hoër diploma in biblioteekkunde."

27) Aangebied as die Baccalaureus Artium in Biblioteekkunde – B.A. (Bibl.) of die Baccalaureus in Biblioteekkunde – B. Bibl., maar hier word na „graad in biblioteekkunde" verwys.

Tabel 20

Kursusse in biblioteek- en inligtingkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite, 1973.*

| | *Laer Diploma in Biblioteekkunde* | *Hoër Diploma in Biblioteekkunde* | *Graad in Biblioteekkunde* | *Honneurs in Biblioteekkunde* | *Magister in Biblioteekkunde* | *Doktorsgraad in Biblioteekkunde* | *Kwalifikasie in Skoolbiblioteekkunde* | *Ander* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapstad | * | * | | | *(a) | | | *(b) |
| Oranje-Vrystaat | * | * | * | * | * | * | | |
| Potchefstroom | * | * | * | * | * | * | * | |
| Pretoria | * | * | * | * | * | * | | |
| Randse Afrikaanse Universiteit | | * | * | * | * | * | *(a) | |
| Rhodes | * | * | | | | | | |
| Stellenbosch | * | * | * | * | * | | | |
| Universiteit van Suid-Afrika | * | * | * | * | * | * | * | |
| Witwatersrand | | * | | | *(c) | *(c) | | |

(a) Word vanaf begin 1973 aangebied.
(b) „Final Diploma in Librarianship" - Hoër Diploma van die Universiteit plus twee jaar ervaring in biblioteekwerk en 'n bibliografie.
(c) Amptelik bestaan daar nie kursusse in biblioteekkunde op hierdie vlak nie, maar geskikte kandidate word vir verdere studie onder toesig van die „Department of Bibliography, Librarianship and Typography" aanvaar.

* Bron: Bylae 6, vraag 1.

Diploma in skoolbiblioteekkunde gevolg word, aan die Potchefstroomse Universiteit 'n Universiteitsonderwysdiploma (skoolbiblioteekkunde) en aan die Randse Afrikaanse Universiteit, 'n B. Bibl. (Opv.). 'n Diploma in Kinderbiblioteekkunde is vir enkele jare aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangebied, maar dit het doodgeloop.

Met die oog daarop om die student tot 'n mate in die geleentheid te stel om te spesialiseer, maak sommige van die universiteite in hul basiese opleidingsprogram vir een van die volgende metodes voorsiening. Die universiteite van Pretoria, Stellenbosch en Suid-Afrika laat studente toe om deur selfstudie dieper op 'n gekose tema, soms uit 'n voorgeskrewe lys van onderwerpe, in te gaan. 'n Tweede benadering is die aanbieding van kort of semesterkursusse gedurende die basiese opleiding oor gespesialiseerde onderwerpe, soos kinderbiblioteekwerk, 'n vakbiblioteektipe of die vorm van die materiaal, byvoorbeeld aan die universiteite van Kaapstad, Witwatersrand en die Randse Afrikaanse Universiteit. Aan die laasgenoemde Universiteit word die student, wat daartoe in staat is, toegelaat om by wyse van 'n versterkte hoofvak 'n ekstra semester in die program van die vierde jaar, byvoorbeeld in kinderbiblioteekwerk, in te sluit.[28)]

Nog drie universiteite, Oranje-Vrystaat, Pretoria en Stellenbosch beoog die instelling van kursusse in skoolbiblioteekwerk, terwyl die Universiteit van Suid-Afrika die instelling van 'n kursus in inligtingkunde oorweeg.

*7.2.1.1.3 Differensiëring in die opleiding*

Differensiëring in die opleiding verloop basies in twee rigtings, soos in paragraaf 4.4.5.6 aangetoon, naamlik vertikale differensiasie, waarvolgens verskillende vlakke in die opleidingspatroon van 'n land tot stand kom en horisontale differensiasie of funksionalisasie, in welke geval die opleiding op 'n spesifieke aspek, soos boekkeuring, katalografie of inligtingsdiens toegespits word.

28) Vgl. bylae 6, vraag 4.1.3.

In die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon bestaan drie onderskeibare vlakke, naamlik die laer vlak, die hoër vlak wat as die basiese beroepskwalifikasie beskou word en die gevorderde nagraadse vlak. Die aandag word hier aan die laer en die gevorderde vlak gewy, aangesien die opleiding op die hoër vlak as die primêre vorm van opleiding reeds in par. 7.2.1.1.1 bespreek is.

Sewe van die universiteite het volgens tabel 20 'n opleidingskursus op die laer vlak. Die Randse Afrikaanse Universiteit het die kursus aanvanklik aangebied, maar gestaak omdat dit hul oorwoë mening is dat die bestaande inhoud van kursusse nie aan die doel van die werkers wat verlang word, beantwoord nie. Hulle het reeds die moontlikheid ondersoek om 'n gekombineerde diplomakursus in samewerking met die plaaslike Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aan te bied, maar is van oordeel dat die belangstelling vir so 'n „Diploma in Biblioteek- en Inligtingstegnologie" die instelling daarvan nog nie regverdig nie.[29)]

Volgens tabel 20 bied ses van die universiteite die honneursgraad, sewe die meestersgraad en ses die doktorsgraad in biblioteekkunde aan. Vroeër in die studie is 'n onderskeid tussen die opleiding van navorsers of suiwer akademies gerigte studie en gevorderde beroepsopleiding op die nagraadse vlak gemaak. Nie een van die universiteite maak daarop aanspraak dat hul honneurskursus uitsluitlik gevorderde beroepsopleiding ten doel het nie. Die Universiteit van Potchefstroom en die Rande Afrikaanse Universiteit meen wel dat hul kursusse akademies én beroepsgerig is, terwyl die ander vier 'n oorwegend akademiese rigting beklemtoon.

Horisontale differensiasie in die opleiding, of funksionele opleiding in biblioteek- en inligtingswerk, is nie 'n algemene verskynsel in die bestaande opleidingsprogramme nie, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan

29) Vgl. bylae 6, vraag 7.1.1.

30) Vgl. bylae 6, vraag 7.4.1.

’n definitiewe behoefte aan hierdie tipe opleiding. Dit kan weer direk aan bestaande praktyke in personeelorganisasie gewyt word, wat nie aantreklike moontlikhede vir ’n loopbaan in funksionele opsig bied nie. Enkele van die universiteite, soos Witwatersrand en die Randse Afrikaanse Universiteit bied aan die studente op die hoër vlak die geleentheid om deur middel van korter kursusse, byvoorbeeld in ontsluitingsleer, meer intensiewe opleiding te ontvang.

’n Vorm van funksionele opleiding wat nie primêr met beroepsopleiding te make het nie, is die opleiding van gebruikers in inligtingswerk wat plaasvind by daardie universiteite waar graadstudente toegelaat word om een of twee van die kursusse in Biblioteekkunde wat vir die graad in biblioteekkunde aangebied word, vir gewone graaddoeleindes te volg.

### *7.2.1.2 Voortgesette beroepsopleiding*

Die huidige kort opleidingstydperk wat vir die opleiding van personeel in biblioteek- en inligtingswerk beskikbaar is, sowel as die vinnige toename van kennis, vereis dat persone wat hulleself tot volwaardige beroepspersoonlikhede wil vorm en met veranderinge wil tred hou, aan verskillende vorme van voortgesette opleiding blootgestel moet word. Dit kan geskied deur verdere formele studie, indiensopleiding, informele studie, bywoning van professionele byeenkomste, deelname aan kort kursusse en simposia. Aangesien die saak nie volledig in die studie betrek word nie, word met bogenoemde samevatting volstaan.

### *7.2.2 Vereistes vir toelating tot biblioteekkundige studiekursusse*

Die toelatingsvereiste[31)] vir die laer diploma in biblioteekkunde word deur die meeste universiteite, naamlik Kaapstad,[32)], Oranje-Vrystaat,

31) Vgl. bylae 6, vraag 2.

32) Die Universiteit van Kaapstad verwag verder dat kandidate vir die laer diploma matriek met ’n gemiddeld van vyftig persent moes geslaag het.

Potchefstroom, Pretoria, Rhodes en die Universiteit van Suid-Afrika op matrikulasie of matriekvrystelling gestel. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is bereid om ook 'n skooleindsertifikaat in die eerste klas en die universiteite van Pretoria en Stellenbosch om ook 'n skooleindsertifikaat of senior sertifikaat te aanvaar.

Vir die hoër diploma word deurgaans enige baccalaureusgraad, behalwe een in biblioteekkunde, vereis. Die Universiteit van die Witwatersrand laat slegs vyf-en-twintig kandidate vir die hoër diploma toe.

Naas die hoër diploma kan kandidate aan die Universiteit van Kaapstad ook 'n finale diploma behaal. Na voltooiing van die hoër diploma word twee jaar ervaring in biblioteekwerk en 'n bibliografie oor 'n goedgekeurde onderwerp vereis, op grond waarvan die finale diploma toegeken word.

Vir die vierjarige graad in biblioteekkunde wat deur die universiteite van die Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, die Randse Afrikaanse Universiteit, Stellenbosch en die Universiteit van Suid-Afrika aangebied word, is die toelatingsvereiste vanselfsprekend matrikulasie of matriekvrystelling.

Ook vir die honneursgraad in biblioteekkunde, wat slegs deur die vyf Afrikaanse universiteite en die Universiteit van Suid-Afrika aangebied word, is die vereistes vir toelating eenvormig, naamlik 'n vierjarige graad in biblioteekkunde of 'n driejarige baccalaureusgraad plus 'n hoër of gelykwaardige diploma in biblioteekkunde. 'n Leeskennis van een of meer vreemde tale word feitlik deurgaans vereis.

Hoewel nie een van die drie Engelstalige universiteite 'n kursus op die honneursvlak aanbied nie, word kandidate met 'n hoër diploma in biblioteekkunde deur die universiteite van Kaapstad en Witwatersrand vir meestersgraadstudie aanvaar. In die geval van Kaapstad word dit spesifiek 'n „M.A. degree in librarianship" genoem. Die Universiteit van die Witwatersrand vereis dat die kandidaat vir min-

stens drie jaar in besit van die hoër diploma moet wees en ook oor drie jaar ervaring beskik. Die vyf Afrikaanse inrigtings en die Universiteit van Suid-Afrika vereis die tipe honneursgraad in biblioteekkunde waarna hierbo verwys is.

Vir doktorsgraadstudie vereis die universiteite van Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Pretoria, die Rande Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika die meestersgraad in biblioteekkunde, terwyl Witwatersrand bereid is om kandidate vir doktorale studie te aanvaar mits hulle die universiteit kan bevredig „in regard to their academic standing."

Toelatingsvereistes vir studie in 'n skoolbiblioteekrigting wissel van inrigting tot inrigting as gevolg van die wyse waarop die opleiding georganiseer is. Die Universiteit van Potchefstroom bied dit as 'n onderdeel van die universiteitsonderwysdiploma aan en daarom word 'n baccalaureusgraad vereis, maar kandidate moet ook die kursusse biblioteekkunde I en II wat vir die vierjarige graad aangebied word, voltooi het. Die Randse Afrikaanse Universiteit bied dit as 'n kombinasie van sy onderwysgraad en biblioteekkunde I tot IV aan en daarom is matriekvrystelling 'n vereiste. Vir sy diploma in skoolbiblioteekkunde vereis die Universiteit van Suid-Afrika 'n driejarige goedgekeurde onderwysdiploma. By al die genoemde inrigtings word 'n onderwyskwalifikasie as medevereiste gestel.

Met die uitsondering van die Universiteit van Suid-Afrika, wat veranderings ten opsigte van die toelatingsvereistes vir die B. Bibl. en die Hons. B. Bibl.-grade beoog, maar wat nog nie gefinaliseer is nie, het nie een van die ander universiteite wysigings in dié verband in gedagte nie.

### *7.2.3 Duur van opleidingskursusse*

Uit die antwoorde op die vraelyste[33] blyk dat die minimumvereistes

33) Vgl. bylae 6, vraag 3.

ten opsigte van die duur van biblioteekkundige opleiding 'n staat van eenvormigheid bereik het soos nie vantevore in Suid-Afrika bekend was nie. Die minimumvereistes wat by die verskillende universiteite vir voltydse studie in die onderstaande kursusse geld, is soos volg: twee jaar vir die laer diploma, wat óf as 'n afsonderlike akademiese en 'n professionele jaar óf as 'n saamgestelde kursus geneem word; een jaar nagraadse studie na 'n driejarige baccalaureusgraad vir die hoër diploma (in die geval van die Randse Afrikaanse Universiteit strek hierdie jaar vanaf ongeveer 15 Januarie tot einde Februarie die volgende jaar); vier jaar vir die baccalaureusgraad in biblioteekkunde; een jaar elk vir die honneurs- en die magistergrade (ook in die geval strek die studietyd vir die honneursgraad aan die Randse Afrikaanse Universiteit van ongeveer 15 Januarie tot einde Februarie die volgende jaar) en twee jaar vir die doktorsgraad. Die skoolbiblioteekkwalifikasies van Potchefstroom en die Universiteit van Suid-Afrika neem een jaar na 'n driejarige graad en een jaar na 'n driejarige onderwysdiploma onderskeidelik in beslag, terwyl die kursus van die Randse Afrikaanse Universiteit 'n saamgestelde graad is wat oor vier jaar strek.

### *7.2.4 Organisasie van die opleiding*

#### *7.2.4.1 Samestelling van die curriculum*

In soverre as wat die beskikbare inligting dit toelaat,[34] word die algemene patroon vir die samestelling van die curricula van die onderskeie opleidingskursusse gegee en die aandag op ander benaderingswyses, wat mag voorkom, gevestig.

*Die laer diploma*

Die tradisionele patroon waarvolgens die curriculum vir die laer diploma saamgestel word, word nog by die meeste universiteite aangetref. In die eerste jaar volg die kandidate aan die universiteite van

34) Vgl. bylae 6, vraag 4.1.2.

Kaapstad, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch en die Universiteit van Suid-Afrika 'n normale studieprogram van akademiese kursusse soos vir 'n B.A.-graad wat, afhangende van die betrokke universiteit, van drie tot vyf kursusse kan wissel en in die tweede jaar vind die beroepstudie plaas wat in die reël vyf vakke insluit.[35) ] Met die uitsondering van die Universiteit van Kaapstad, stel die ander vyf universiteite 'n kursus in een of albei die landstale as verpligtend. Sommige van die universiteite laat die kandidate toe om hierdie taalkursus(se) op 'n laer vlak, byvoorbeeld Engels IB in plaas van Engels I, te neem.

'n Nuwe benadering vir die samestelling van die curriculum vir die laer diploma is deur die Oranje-Vrystaat ingeslaan wat inhou dat die akademiese en beroepsvakke oor albei jare versprei word. Hierdie universiteit vereis dat kursusse in albei landstale gevolg word.

*Die hoër diploma*

Die curriculum vir die hoër diploma is by al die inrigtings tot 'n hoë mate dieselfde, aangesien die baccalaureusgraad wat as toelatingsvereiste gestel word, eers afgehandel moet word alvorens die vierde jaar van beroepstudies volg, waartydens van vier tot ses vakke, afhangende van die bepaalde universiteit, gevolg word.[36)]

Twee van die universiteite stel sekere nie-professionele vakke as 'n vereiste vir die voltooiing van hierdie kursus. Die Randse Afrikaanse Universiteit verwag dat kandidate een vreemde moderne taal op matrikulasievlak moet neem of oor 'n leeskennis daarvan moet beskik, terwyl die Universiteit van die Witwatersrand vereis dat kandidate, alvorens die diploma toegeken word, moet toon dat hulle in enige

35) Vergelyk bylae 14 vir die beroepsvakke wat deur die onderskeie universiteite vir die laer diploma aangebied word.

36) Bylae 15 toon die beroepsvakke vir die hoër diploma in biblioteekkunde.

twee tale behalwe Afrikaans-Nederlands en Engels oor vaardigheid beskik wat van matriekstandaard is. Die Universiteit van die Witwatersrand verwag ook van die student „to do a piece of original bibliographical work such as the compilation of a bibliography on an approved subject." Die bibliografie hoef nie noodwendig gedurende die jaar waarin die kursus geneem word, voltooi te word nie, maar dit moet wel voor die einde van die volgende jaar ingedien word.

*Vierjarige graad in biblioteekkunde*

In teenstelling met die eenvormigheid wat by die hoër diploma bestaan, vertoon die curricula vir die vierjarige graad, soos dit uit tabel 21 blyk, 'n gevarieërde beeld, want dieselfde getal kursusse, hetsy akademies of professioneel, word nie deur al die universiteite vereis nie.

Die verskille in die getal kursusse word tot 'n mate deur die feit dat sommige universiteite tien en ander elf kursusse vir die B.A.-graad vereis, verklaar. Die kolom vir die professionele kursusse in tabel 21 toon dat die universiteite van Potchefstroom en Suid-Afrika en die Randse Afrikaanse Universiteit in ooreenstemming met die heersende standaarde van die S.A. Biblioteekvereniging hul curricula sodanig ingerig het dat dit die volle komplement van die getal kursusse wat vir die baccalaureusgraad vereis word, bevat. Daarteenoor het die universiteite van Oranje-Vrystaat en Pretoria die getal beroepskursusse doelbewus ten koste van die aantal akademiese kursusse vermeerder, terwyl Stellenbosch weens roosterprobleme ook een akademiese kursus minder vereis. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bied naas biblioteekkunde ook ontsluitingskunde I en II en Pretoria inligtingkunde I tot III aan.[37] Die universiteite van Stellenbosch en die Oranje-Vrystaat en die Randse Afrikaanse Universiteit stel vereistes

37) Bylae 16 toon die beroepsvakke vir die graad in biblioteekkunde.

Tabel 21

Samestelling van curriculum vir graad in biblioteekkunde.*

| *Inrigting* | *Getal studiekursusse* | | *Nie-biblioteekkunde vakke voorgeskryf* |
|---|---|---|---|
| | *Akademies* | *Professioneel* | |
| Oranje-Vrystaat [b] | 8 | 6 | Twee taalkursusse insluitende Afrikaans en Nederlands of Engels of Engels Spes. |
| Potchefstroom [b] | 11 | 4 | |
| Pretoria [b] | 7 | 7 | |
| Randse Afrikaanse Universiteit [a] | 10 | 4 | (1) Een vreemde moderne taal op matrikulasievlak. (2) Minstens een jaarkursus in een van die volgende: Afr.-Nedl.; Engels; Duits of Duits Spes.; Frans of Frans Spes. |
| Stellenbosch [a] | 9 | 4 | Minstens een taalkursus |
| Universiteit van Suid-Afrika [b] | 11 [c] | 4 | |

(a) Regulasies van betrokke universiteit vir die graad Baccalaureus Artium vereis minstens TIEN kursusse.

(b) Regulasies van betrokke universiteit vir die graad Baccalaureus Artium vereis minstens ELF kursusse.

(c) Geld vir die Lettere-rigting, in die geval van die Natuurwetenskaplike of die Handel- en Administrasierigting is die getal akademiese kursusse in ooreenstemming met die B.Sc of B.Comm-reglement.

* Bron: Bylae 6, vraag 4.1.1.

ten opsigte van taalkursusse.

*Gevorderde studie*

Die vereistes vir die samestelling van 'n honneurskursus is by al die universiteite, behalwe die Universiteit van Suid-Afrika, baie buigsaam, sodat die behoeftes van die studente in aanmerking geneem kan word. By die laasgenoemde universiteit word in hoofsaak 'n voorgeskrewe sillabus gevolg, hoewel dit moontlik is om meer bepaald aandag aan 'n biblioteektipe of aspek van biblioteek- en inligtingswerk te gee. By die ander universiteite is die reëling dat die kandidate in oorleg met die departementshoof vier of vyf vraestelle, afhangende van die universiteit, uit die lys van onderwerpe soos in tabel 22 aangetoon, kies en dit vir hulle kursus aanbied. Op die wyse is dit moontlik om met die belangstellings en behoeftes van 'n individu of 'n groep rekening te hou.

Die Randse Afrikaanse Universiteit laat kandidate toe om 'n keusevraestel uit 'n ander vakgebied te neem.

Die kursus vir die magistergraad bestaan in die meeste gevalle uit die voltooiing van 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp soos by die universiteite van Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Suid-Afrika en Witwatersrand. By die Randse Afrikaanse Universiteit kan óf 'n verhandeling aangebied word óf 'n eksamen oor 'n goedgekeurde onderwerp afgelê word plus 'n skripsie. Stellenbosch vereis 'n skripsie en aanvullende studie soos die hoof in elke geval mag bepaal, terwyl Potchefstroom 'n verhandeling plus 'n vraestel(le) vereis.

### *7.2.4.2 Sillabusse van opleidingskursusse*

Hoofsaaklik op grond van die weergawe van die sillabusse in die universiteitsjaarboeke en vollediger inligting wat in enkele gevalle deur die opleidingsinstansies verstrek is, is gepoog om in meer algemene terme die vakinhoud van die laer en die basiese of die hoër oplei-

Tabel 22

Terreine waaruit Honneurskursusse saamgestel word.*

| | *Oranje-Vrystaat* | *Potchefstroom* | *Pretoria* | *Randse Afrikaanse Universiteit* | *Stellenbosch* | *Universiteit van Suid-Afrika* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Biblioteekbedryfskunde | * | * | * | * | | * |
| 2. Teoretiese Biblioteekkunde | * | * | | | * | |
| 3. Katalografie | * | * | * | * | * | * |
| 4. Dokumentasiekunde | * | * | * | * | | * |
| 5. Leserkunde (en Boekkeuring) | * | * | * | * | * | * (c) |
| 6. Historiese Biblioteekkunde | * | * | * (a) | * | * | * |
| 7. Spesiale rigtings (b) | * | * | | * | | * |
| 8. Vergelykende Biblioteekkunde | * | | | | | |
| 9. Sistematiese Biblioteekwetenskap | | | | * | | |
| Getal vraestelle wat afgelê word: | 4 | 4 | 5 | 5 | 4 | 5 |

a. Plus Filosofie van die Biblioteekkunde.

b. Sluit onderwerpe soos argief- en museumkunde, Africana, ens. in.

c. Sluit Spesiale vraagstukke in.

* Bron: Bylae 6, vraag 4.1.2.

dingsvlakke te ontleed om kenmerke en tendense te probeer vasstel. Die omvang van so 'n ontleding is doelbewus meer algemeen gerig omdat die weergawe van 'n sillabus, soos verstrek deur die Departemente nie as 'n baie betroubare beeld van wat werklik in die opleiding gebied word, beskou word nie.

Op grond van 'n ontleding en vergelyking van die sillabusse[38] is getrag om vas te stel in hoeverre die opleidingsinhoud van die onderskeie kursusse op die verskillende opleidingsvlakke by die verskillende universiteite dieselfde is. Hoewel verskille in die vakbenaminge, in die groepering van die vakinhoud in afsonderlike sillabusse en in die omvang van die inhoud van die sillabusse vir die onderskeie vakke aanwesig is, is daar 'n aansienlike mate van ooreenstemming wat betref die opleidingsinhoud van die onderskeie vlakke te bespeur. Op die basiese vlak is dit nie vergesog om biblioteekbedryfskunde,[39] katalografie of ontsluitingskunde, naslaanwerk of dokumentasiekunde, leserkunde en boekkeuring en historiese biblioteekkunde as basiese onderdele van die beroepsgedeelte van die curriculum wat by al die universiteite aangetref word, te identifiseer nie. In die lig van die verskeidenheid in die vakbenaminge wat gebruik word, is in bylae 17 gepoog om onder die opskrifte van gekose benaminge na die benaminge te verwys wat deur die verskillende universiteite gebesig word.

'n Belangrike nuwe ontwikkeling in die vormgewing van die sillabusse vir die graad in biblioteekkunde is die opsplitsing van die opleidingsinhoud in twee studiekursusse, naamlik biblioteekkunde I tot IV en ontsluitingskunde I en II deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en inligtingkunde I tot III naas biblioteekkunde I tot IV deur die Universiteit van Pretoria. In albei gevalle word

38) In bylae 14 word die sillabusse van die opleidingskursusse op die laer en in bylaes 15 en 16 vir die hoër vlak onderskeidelik weergegee.

39) Sluit teoretiese biblioteekkunde in.

die klem in die nuwe beroepsvakke op die ontsluiting en die beskikbaarstelling van inligting geplaas.

Verder het die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit die vak wetenskapkunde as onderdeel van inligtingkunde en biblioteekkunde ingevoer. Dit is hoofsaaklik bedoel om as onderbou vir vakke soos katalografie en dokumentasiekunde te dien. Die universiteite van Suid-Afrika en Witwatersrand maak voorsiening vir die bestudering van spesiale vraagstukke as deel van die basiese opleiding soos 'n gespesialiseerde tipe biblioteek of 'n tipe materiaal of biblioteekdiens aan 'n bepaalde groep gebruikers.

'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat die sillabusse van die twee studiekursusse wat tans op die hoër vlak as die basiese beroepskwalifikasies aangebied word, sonder dat dit op 'n doodse eenvormigheid uitloop, tot 'n hoë mate ooreenstem. Dit is 'n situasie wat vir die handhawing en uitbouing van biblioteek- en inligtingswerk as beroep bevorderlik is.

'n Volgende vraag wat gestel kan word, is in hoeverre die nuwe ontwikkelinge op biblioteek- en inligtingsgebied, soos dit in hoofstukke twee en drie geskets is, in die sillabusse vir die twee algemene basiese beroepskwalifikasies weerspieël word. Geoordeel bloot op grond van die toenemende mate waarin opskrifte soos nie-konvensionele ontsluitingsmetodes, lektuurberigdiens, ekserpering en tesouruskonstruksie, meganisering en reprografie in die sillabusse van universiteite soos Oranje-Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch, Suid-Afrika en die Randse Afrikaanse Universiteit voorkom,[40)] word duidelike pogings aangewend om die basiese sillabusse by veranderde omstandighede aan te pas. Ook die instelling van afsonderlike studiekursusse in ontsluitingskunde

40) Van die ander universiteite mag ook van die onderwerpe behandel, maar dit word nog nie in hul gedrukte sillabusse weerspieël nie.

en inligtingkunde deur die universiteite van Oranje-Vrystaat en Pretoria, wat rondom die ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting gebou is, is 'n aanduiding van die klem wat in die basiese opleiding op inligtingswerk geplaas word. Die skepping van die vak wetenskapkunde hou weliswaar nie net met ontwikkelinge op inligtingsgebied verband nie, maar is as onderbou vir die onderrig in inligtingsontsluiting en -herwinning 'n belangrike byvoeging tot die curriculum.

Gesien die vloeibare toestand waarin die hele terrein verkeer, veral in sy verhouding tot die ander kommunikasiewetenskappe, is die sillabusse van 'n algemene basiese beroepskwalifikasie in biblioteek- en inligtingswerk 'n aangeleentheid wat tans voortdurend in hersiening geneem behoort te word.

Die vraestelle vir die honneurskursus volg tot 'n hoë mate dieselfde indeling as die basiese vakke vir die hoër vlak,[41] naamlik teoretiese biblioteekkunde of biblioteekbedryfskunde, katalografie, dokumentasiekunde, leserkunde (en boekkeuring) en historiese biblioteekkunde, terwyl die universiteite van Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Suid-Afrika en die Randse Afrikaanse Universiteit ook vir studie in spesiale rigtings, soos africana, argiefkunde, museumkunde, ens. voorsiening maak. Hierbenewens het die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ook 'n vraestel in vergelykende biblioteekkunde en die Randse Afrikaanse Universiteit een in die sistematiek van die biblioteekwetenskap.

Die inhoud van die opleidingskursusse op die laer professionele vlak vertoon ook 'n hoë mate van ooreenstemming tussen die verskillende inrigtings en daarby oorvleuel dit by sommige universiteite met die leerstof van die basiese vlak. In die geval van die universiteite

41) Tabel 22.

van Potchefstroom, Rhodes en Stellenbosch vorm die sillabusse van die laer diploma 'n deel van sekere van die vakke vir die hoër diploma, en word vir laasgenoemde slegs meer gevorderde stof bygevoeg. Die universiteite van Rhodes en Kaapstad skryf verder 'n addisionele vak, „General literature" voor wat nie by die ander universiteite aangetref word nie.

Basies kan dieselfde onderdele van die opleidingsinhoud vir die laer professionele as vir die basiese vlak onderskei word, naamlik biblioteekbedryfskunde, katalografie, naslaanwerk of dokumentasiekunde, leserkunde en boekkeuring en historiese biblioteekkunde.[42] Hoewel die vakke vir die laer vlak van opleiding definitiewe ooreenkomste met dié vir die basiese vlak vertoon, bewys 'n nadere vergelyking van die sillabusse dat die vakke vir die laer diploma heelwat minder aspekte van biblioteek- en inligtingswerk dek en dat die klem in sommige kursusse doelbewus op die openbare biblioteek geplaas word. Daarby het respondente van vyf van die sewe universiteite, Kaapstad, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch en die Universiteit van Suid-Afrika, uitdruklik verklaar dat die klem in hul kursusse op die tegnies-praktiese eerder as op die teoreties-professionele geplaas word.

Dit blyk dus dat die opleidingsinhoud van die kursusse op die verskillende opleidingsvlakke 'n gemeenskaplike kerninhoud vertoon wat vir die vestiging en uitbouing van 'n sterk en uniforme beroep noodsaaklik is.

### *7.2.4.3 Praktiese opleiding*

#### *7.2.4.3.1 Praktiese opleiding gedurende klastye*

Praktiese opleiding[43] gedurende klastye word hoofsaaklik in die twee

42) Vgl. bylae 14 vir sillabusse van die laer diploma en bylae 17 vir die sistematisering van die vakbenaminge.

43) Bron: Bylae 6, vraag 4.2.

vakrigtings, katalografie en naslaanwerk of dokumentasiekunde aangebied. Van hierdie twee vakrigtings is dit egter net praktiese opleiding in katalografie wat aan al die opleidingsinrigtings in al die verskillende opleidingskursusse, die laer en die hoër diploma en die vierjarige graad, aangebied word. Een of ander vorm van praktiese opleiding in naslaanwerk of dokumentasie kom by ses van die nege universiteite voor. In die meeste gevalle word formele periodes of praktika vir die aanbieding van die praktiese opleiding voorsien, maar minstens een universiteit, Potchefstroom, verwag van die studente om opdragte vir praktiese werk tuis voor te berei en dan word die bespreking van die praktiese werk en probleme wat daaruit voortspruit gedurende die gewone lesure gedoen.

Die aard van die praktiese opleiding in katalografie neem sonder uitsondering die vorm aan van praktiese oefeninge in titelbeskrywing, trefwoordvorming en notasievorming. In die geval van die laer diploma word oefeninge in die toepassing van klassifikasiestelsels hoofsaaklik tot die Dewey-Desimale Klassifikasiestelsel beperk, terwyl die studente vir die hoër diploma en die graad ook notasievorming met behulp van ander stelsels soos die Universele Desimale Klassifikasiestelsel en die van die Library of Congress verrig.

Praktiese opleiding in naslaanwerk of dokumentasie hou meesal in dat die studente oefeninge doen in die gebruik van gepubliseerde inligtingsbronne asook geleer word hoe om inligtingsontsluiting met behulp van gepubliseerde hulpmiddels uit te voer. In dié verband word in sommige gevalle van die studente verwag om voorbeeldnavrae op te los en die resultate van die soektog op te teken waarna die resultate en probleme gedurende klastyd behandel word.

Slegs drie van die universiteite toon spesifiek aan dat hulle die studente praktiese opleiding in nie-konvensionele metodes vir inligtingsontsluiting gee. Die Universiteit van Pretoria vermeld oefeninge in indeksering, ekserpering en tesouruskonstruksie, asook evaluering en toe-

passing van koördinaatindeksering, die Randse Afrikaanse Universiteit gee praktiese opleiding in mikrografiese ontsluiting en die Universiteit van die Witwatersrand „practise in chain indexing and abstracting."

By die meeste universiteite is die voorsiening van fasiliteite vir praktiese opleiding beperk tot eksemplare van klassifikasiekodes, oefenversamelings van boeke vir katalogisering en apparaat soos 'n truprojektor. Slegs die Randse Afrikaanse Universiteit beskik oor 'n laboratorium waar, afgesien van die basiese toerusting vir oefeninge in ontsluitingsleer, modelle en voorbeelde van apparatuur wat in biblioteek- en inligtingswerk gebruik word, opgebou word. By die Universiteit van Pretoria is 'n laboratorium vir praktiese opleiding in biblioteek- en inligtingswerk in aanbou en ook Potchefstroom sal eersdaags oor meer doelmatige ruimtes vir dié doel beskik.

*7.2.4.3.2 Ervaringsdiens of praktiese opleiding buite klastye*

Die mees algemene weg wat gevolg word om studente wat nie reeds in biblioteke werk of gewerk het nie, 'n mate van ervaring van die praktyk as onderdeel van die beroepsopleiding te laat opdoen, is om ervaringsdiens gedurende die studietydperk, maar voor die eindeksamen plaasvind, te vereis. Sewe van die nege universiteite volg hierdie reëling, terwyl Pretoria, met die uitsondering van verpligte besoeke aan biblioteke, nie vir ander vorms van ervaringsdiens voorsiening maak nie, en die Universiteit van Suid-Afrika net ervaringsdiens van studente vir die Diploma in skoolbiblioteekkunde verwag. Studente vir die kursusse van die Universiteit van Stellenbosch moet beide voor en gedurende die opleidingstydperk ervaringsdiens verrig, terwyl persone wat die hoër diploma van die Universiteit van Kaapstad verwerf het en vir die finale diploma in aanmerking wil kom, eers twee jaar ervaring in biblioteekwerk moet hê.[44)]

Die tydperk van verpligte ervaringsdiens wissel van inrigting tot inrig-

44) Vgl. bylae 6, vraag 4.2.2.

ting en kan so min as 50 uur per jaar vir die hoër diploma of altesaam ses weke, versprei oor twee jaar, vir die graad wees. Drie universiteite vereis vier weke ervaringsdiens van beide die laer en hoër diplomastudente.

Op die vraag of daar enige samewerking ten opsigte van die regulering van die ervaring tussen die opleidingsinstansies en die biblioteke waar die studente ervaringsdiens doen, bestaan, het ses van die sewe universiteite wat ervaringsdiens vereis, bevestigend geantwoord. Uit die antwoorde oor die aard van die samewerking blyk egter dat dit nie op 'n goed georganiseerde grondslag geskied nie, maar hoofsaaklik daaruit bestaan dat die biblioteke versoek word om die student in die geleentheid te stel om sover moontlik alle soorte werk te doen. Daar is in sommige gevalle selfs nie eens formele skakeling tussen die Departement en die biblioteek nie.

Ses van die sewe universiteite verwag dat verslae deur die biblioteke oor studente wat ervaringsdiens verrig het, ingedien moet word. Drie van hierdie universiteite maak van 'n voorgeskrewe verslagvorm wat aan die bibliotekaris-in-bevel voorsien word, gebruik, maar die orige drie universiteite is tevrede indien die bibliotekaris 'n verslag volgens goeddunke opstel.

Benewens die Universiteit van die Witwatersrand, waar al die studente hul ervaringsdiens in die plaaslike universiteitsbiblioteek aflê, vereis die ander ses universiteite dat die biblioteke waar ervaringsdiens verrig word, onder die beheer van 'n gekwalifiseerde bibliotekaris moet staan.

Met die uitsondering van een vereis die opleidingsinstansies dat studente gedurende die opleidingstydperk georganiseerde besoeke by biblioteke, inligtingsdienste, drukkerye en binderye moet aflê.

#### *7.2.4.3.3 Wenslikheid en waarde van ervaringsdiens in opleiding*

Oor die wenslikheid en waarde van ervaringsdiens in die opleiding be-

staan meningsverskil, maar sewe van die nege universiteite meen dat dit wenslik is en waarde vir die student het, hoewel die meeste van die sewe 'n verbetering van die tipe opleiding bepleit.[45]

Die twee universiteite wat verpligte ervaringsdiens afgeskaf het, Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika, motiveer die stap soos volg:

die studente kry nie die geleentheid om sinvolle werk te verrig nie, maar word dikwels vir klerklike en ander onbenullige take, soos die wegpak van boeke gebruik; gevolglik leer hulle min daaruit en verkry 'n verkeerde indruk van biblioteekwerk; en

die opleidingsinstansies het geen beheer oor die wyse waarop die ervaringsdiens geskied nie.

Onder die sewe universiteite wat daarmee voortgaan, is die standpunt van sommige dat dit wel noodsaaklik is en waarde het, terwyl andere meen dat, hoewel ervaringsdiens onder huidige omstandighede beperkte waarde het, dit nie afgeskryf behoort te word nie omdat dit 'n belangrike metode ter oriëntering van die student is.

Die sentrale gedagte onder die voorstanders van verpligte ervaringsdiens is dat beter samewerking met die praktyk verkry moet word en dat die saak ook van die kant van die opleidingsinstansies meer sistematies aangepak behoort te word om die volle waarde van die metode van opleiding te benut. Soos reeds aangedui kan die opleidingsinrigtings meer doen om beter skakeling met die praktyk te bewerkstellig, sodat 'n verstandhouding opgebou kan word ten opsigte van die aard en die omvang van die ervaring wat die student behoort op te doen. Verder kan meer sistematiese inligting oor die resultate van die ervaringsdiens van die betrokke bibliotekaris, maar ook van die student verkry word.
Die waarde van ervaringsdiens sal beslis verhoog word indien die dosent die resultate van die ervaringsdiens met die student bespreek.

45) Vgl. bylae 6, vraag 4.2.2.7.

### *7.2.4.4 Tyd bestee aan teoretiese en praktiese opleiding*

In tabelle 23 en 24 word die resultate van 'n opname van die tyd wat onderskeidelik op die laer en die basiese vlak aan teoretiese en praktiese onderrig bestee word, aangetoon. Hoewel dit nie gewens is om die getal lesure en die tyd aan praktika bestee op die letter te vergelyk nie, omdat doseermetodes hierby in berekening gebring behoort te word, kan die volgende opgemerk word.

By die laer diploma is daar 'n groot mate van ooreenstemming tussen die opleidingsinrigtings ten opsigte van die tyd wat aan sowel die teoretiese as aan die praktiese onderrig bestee word. Op die basiese vlak sien die situasie egter anders daaruit. Hoewel die tyd wat deur die meerderheid inrigtings aan opleiding bestee word, vergelykbaar is, is dit onwaarskynlik dat doseermetodes daarvoor kan vergoed dat die Universiteit van die Witwatersrand slegs vier periodes per week vir teorie en praktika elk vir die hoër diploma gebruik, terwyl die Universiteit van Pretoria vir die ooreenstemmende opleidingskursus byvoorbeeld sestien periodes aan teorie en ongeveer nege aan praktika bestee.

Uit die inligting in tabel 24 kan verder afgelei word dat dit 'n aansienlike probleem is om twee gelykwaardige kwalifikasies parallel op die basiese vlak aan die residensiële universiteite aan te bied in die lig van die duplisering van arbeid en tyd wat daardeur vereis word. Tans is dit net die universiteite van die Oranje-Vrystaat en Pretoria wat beoog om die hoër diploma en die vierjarige graad heeltemal afsonderlik aan te bied. Die diploma en graadstudente van die Potchefstroomse Universiteit volg dieselfde klasse vir katalogisering en klassifikasie en vir boekkeuring, terwyl gesamentlike klasse vir die twee groepe aan die Universiteit van Stellenbosch slegs in die geval van boekkeuring voorkom. Hoewel die inligting vir die Randse Afrikaanse Universiteit nie in die tabel weerspieël is nie, omdat dit moeilik by die bestaande patroon van die ander

Tabel 23

Laer diploma in biblioteekkunde – getal lesure per week volgens vakke*
(T – Teorie P – Praktikum)

| VAKKE[1] | *Kaapstad* | | *Oranje-Vrystaat* | | *Potchefstroom* | | *Pretoria* | | *Rhodes* | | *Stellenbosch* | | *Suid-Afrika* [2] | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | T | P | T | P | T | P | T | P | T | P | T | P | T | P |
| 1. Biblioteekbedryfskunde | 2 | | 4 | | 4 | | 4 | | 2 | | | | | |
| *Grondslae en geskiedenis van die biblioteekwese* | | | | | | | | | | | 2 | | | |
| *Biblioteekorganisasie en administrasie* | | | | | | | | | | | 3 | | | |
| 2. Katalografie | 2 | 4 uur | 3 | 2 | 7 | | 2 | 3 uur | 4 | 4 | 2 | 4 uur | | |
| 3. Naslaanwerk of Dokumentasie | | | 3 | 2 | 3 | | 2 | | | | | | | |
| *Naslaanwerk en boekkeuring* | 2 | | | | | | | | 1 | 1 | 3 | | | |
| 4. Boekkeuring | | | 1 | | 2 | | 2 | | | | | | | |
| 5. Historiese Biblioteekkunde | 1 | | 1 | | 2 | | 1 | | 1 | | 1 | | | |
| 6. General Literature | 1 | | | | | | | | 1 | | | | | |
| | 8 | 4 uur | 12 | 4 | 18 | | 11 | 3 uur | 9 | 5 | 11 | 4 uur | | |

1) Hierdie indeling van vakke is op die inligting in bylae 17 gebaseer.
2) Die Universiteit van Suid-Afrika gee onderrig deur middel van korrespondensie.

*Opmerking:* Tensy anders aangetoon, verwys die syfers na die getal lesure.

* Bron: Bylae 6, vraag 4.1.4.

Tabel 24

Hoër diploma en graad in biblioteekkunde – getal lesure per week volgens vakke*

(HD – Hoër Diploma G – Graad in biblioteekkunde T – Teorie P – Praktium)

| VAKKE 1) | *Kaapstad* | | *Oranje-Vrystaat* | | | | *Potchefstroom* | | *Pretoria* | | | | *R.A.U.* 2) | | *Rhodes* | | *Stellenbosch* | | | | *Univ. van Suid-Afr.* 2) | | *Witwatersrand* | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | HD | | HD | | G | | HD | G | HD | | G | | HD | G | HD | | HD | | G | | HD | G | HD | |
| | T | P | T | P | T | P | | | T | P | T | P | T | P | T | P | T | P | T | P | | | T | P |
| 1. Biblioteekbedryfskunde | 2 | | 6 | | 8 | | 4 | 6 | 6 | | 8 | | | | 2 | | | | | | | | 1 | |
| *Grondslae en geskiedenis van die biblioteekwese* | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 | | 3 | | | | | |
| *Biblioteekorganisasie en -administrasie* | | | | | | | | | | | | | | | | | 3 | | 3 | | | | | |
| 2. Katalografie | 2 | 4 uur | 4 | 3 | 5 | 4 | 7 | 7 | 2 | 4 uur | 3½ | 4 uur | | | 3 | 4 | 2 | 4 uur | 5 | 8 uur | | | 1 | 4 |
| 3. Dokumentasiekunde | 1 | | 4 | 2 | 6 | 3 | 4 | 6 | 4 | 2 uur | 5½ | 6 uur | | | | | | | | | | | | |
| *Wetenskapkunde* | | | | | | | | | | | 3 | 3 uur | | | | | | | | | | | | |
| 4. Leserkunde en Boekkeuring | 1 | | 2 | | 2 | | 2 | 2 | 2 | | 3 | | | | | | | | | | | | | |
| *Naslaan en boekkeuring* | | | | | | | | | | | | | | | 2 | 1 | 4 | | 4 | | | | 1 | |
| 5. Historiese biblioteekkunde | 1 | | 2 | 1 | 3 | 1 | 3 | 2 | 2 | | 3½ | | | | 1 | | 1 | | 2 | | | | 1 | |
| | 7 | 4 uur | 18 | 6 | 24 | 8 | 20 | 23 | 16 | 6 uur | 26½ | 13 uur | | | 8 | 5 | 12 | 4 uur | 17 | 8 uur | | | 4 | 4 |

1) Indeling van vakke is op die gegewens in bylae 17 gebaseer.

2) Die Randse Afrikaanse Universiteit se stelsel van semesterkursusse maak dit moeilik om vergelykbare inligting hier aan te gee, en die Universiteit van Suid-Afrika gee onderrig deur middel van korrespondensie.

*Opmerking:* Tensy anders aangetoon, verwys die syfers na die getal lesure.

* Bron: Bylae 6, vraag 4.1.4

universiteite inpas, toon die opgawes dat hoër diploma en graadstudente deurgaans dieselfde klasse volg.

Om die doseerlas verder te verlig, volg sommige universiteite selfs die praktyk om studente vir die laer en die basiese vlak in dieselfde klasse te neem. By die Universiteit van Kaapstad woon studente vir die laer en die hoër diploma dieselfde lesings vir kort kursusse oor kinderliteratuur en africana by; by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat volg studente vir die laer diploma dieselfde klasse as biblioteekkunde I en II en ontsluitingskunde I; studente van die Potchefstroomse Universiteit vir die laer en die basiese vlak woon dieselfde klasse in katalogisering en klassifikasie en in boekkeuring by; terwyl by die Universiteit van Rhodes die studente vir die laer en die hoër diploma „Bibliography and modern book production" ten volle en „Cataloguing" en „Classification" gedeeltelik saam neem.

Ten slotte is dit opvallend dat in die meeste gevalle vier uur of meer aan praktiese opleiding gewy word. Aangesien die meeste van die tyd aan katalografie afgestaan word, is dit belangrik om na par. 7.2.4.3 terug te verwys waar geblyk het dat die meeste aandag in praktiese katalografie aan die konvensionele tegnieke soos naam- en saakkatalografie en notasievorming bestee word. Universiteite soos die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Pretoria begin meer tyd aan praktiese opleiding in nie-konvensionele tegnieke te gee.

### *7.2.5 Agtergrondsinligting*

#### *7.2.5.1 Die studente*

##### *7.2.5.1.1 Keuring van studente*

Met die uitsondering van Witwatersrand, waar „at least one second class degree pass" vir toelating vereis word en die Universiteit van Suid-Afrika en Stellenbosch wat vir toelating tot honneursstudie 'n bevredigende akademiese rekord vereis, bestaan soiets soos die for-

mele keuring van studente vir opleiding in biblioteek- en inligtingswerk skynbaar nie in Suid-Afrika nie.[46] In die reël is die inskrywing van studente onderhewig aan die goedkeuring van die departementshoof en kan studente wat nie geskik is nie, wel afgeraai word.

*7.2.5.1.2 Getal studente wat hul beroepskwalifikasies vanaf 1961 tot 1972 verwerf het*

In bylaes 18 tot 24 word volgens die onderskeie kwalifikasies in biblioteek- en inligtingkunde volledige besonderhede verstrek oor die getalle studente wat van 1961 tot 1972 per inrigting afgestudeer het.[47] Hierdie statistiek is in hooftrekke in tabel 25 saamgevat. Met die oog op die korrekte interpretasie van die getalle afgestudeerdes word in tabel 26 aangetoon hoeveel inrigtings in die verskillende jare studente gelewer het.

Uit die gegewens in tabel 25 blyk dat daar met die uitsondering van die driejarige graad en die laer diploma in biblioteekkunde 'n stygende lyn in die getal afgestudeerdes by al die opleidingsinrigtings aangetoon kan word. Dit is verblydend dat die skerpste styging op die vlak van die twee basiese kwalifikasies voorgekom het. In die geval van die hoër diploma neem die getal afgestudeerdes van 51 tot 131 per jaar toe, terwyl die opleidingsinrigtings slegs van 7 tot 9 vermeerder. Vir die vierjarige graad in biblioteekkunde styg die getal gegradueerdes van 2 tot 43 per jaar, terwyl die inrigtings van 1 tot 5 aanwas.

'n Verontrustende verskynsel is die skerp afname in die getal diplomandi vir die laer diploma in biblioteekkunde, waar slegs 37 persone in 1972 hul kwalifikasie teenoor die 75 in 1969 behaal het. Daarby word die driejarige graad in biblioteekkunde, wat ook personeel vir 'n vlak laer as die basiese kwalifikasie gelewer het, sedert 1973

46) Vgl. bylae 6, vraag 5.1.
47) In die geval van die Universiteit van Suid-Afrika word slegs statistiek oor blankes verstrek.

Tabel 25

Getal studente[1)] wat in die biblioteekkunde afgestudeer het, 1961–1972.*

| | *Hoër Diploma in Biblioteekkunde* | | | | | *Vierjarige graad in Biblioteekkunde* | | | *Totaal vir hoër prof. vlak* | *Driejarige Graad in Biblioteekkunde* | | | *Laer Diploma in Biblioteekkunde* | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | Subtotaal | S.A. B.V. Finaal | Totaal | M | V | Totaal | Totaal | M | V | Totaal | M | V | Subtotaal | S.A. B.V. Intermed. | Totaal |
| 1961 | 10 | 35 | 45 | 6 | 51 | | | | 51 | 1 | 12 | 13 | 4 | 45 | 49 | 10 | 59 |
| 1962 | 11 | 46 | 57 | 4 | 61 | | | | 61 | 0 | 6 | 6 | 1 | 44 | 45 | 29 | 74 |
| 1963 | 10 | 57 | 67 | 4 | 71 | | | | 71 | 0 | 15 | 15 | 5 | 70 | 75 | 22 | 97 |
| 1964 | 6 | 56 | 62 | 1 | 63 | 0 | 2 | 2 | 65 | 2 | 24 | 26 | 4 | 64 | 68 | 8 | 76 |
| 1965 | 14 | 70 | 84 | 28 | 112 | 0 | 8 | 8 | 120 | 1 | 31 | 32 | 3 | 71 | 74 | 8 | 82 |
| 1966 | 12 | 67 | 79 | | 79 | 1 | 8 | 9 | 88 | 0 | 33 | 33 | 3 | 51 | 54 | | 54 |
| 1967 | 10 | 63 | 73 | | 73 | 2 | 8 | 10 | 83 | 2 | 30 | 32 | 0 | 44 | 44 | | 44 |
| 1968 | 8 | 81 | 89 | | 89 | 2 | 14 | 16 | 105 | 2 | 28 | 30 | 1 | 64 | 65 | | 65 |
| 1969 | 6 | 77 | 83 | | 83 | 3 | 22 | 25 | 108 | 1 | 41 | 42 | 3 | 72 | 75 | | 75 |
| 1970 | 12 | 72 | 84 | | 84 | 1 | 18 | 19 | 103 | 1 | 36 | 37 | 3 | 66 | 69 | | 69 |
| 1971 | 11 | 94 | 105 | | 105 | 5 | 18 | 23 | 128 | 2 | 38 | 40 | 3 | 46 | 49 | | 49 |
| 1972 | 15 | 116 | 131 | | 131 | 3 | 40 | 43 | 174 | 1 | 28 | 29 | 1 | 36 | 37 | | 37 |
| | 125 | 834 | 959 | 43 | 1002 | 17 | 138 | 155 | 1157 | 13 | 322 | 335 | 31 | 673 | 704 | 77 | 781 |
| | 13,0 % | 87,0 % | | | | 11,0 % | 89,0 % | | | 3,9 % | 96,1 % | | 4,4 % | 95,6 % | | | |

| | *Honns. Biblioteek* | | | *M.A. Biblioteek* | | | *Doktorsgraad in Biblioteekkunde* | | | *Totaal vir gevorderde nagraadse vlak* | | | *Kwalifikasie in Skoolbiblioteekkunde* | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | Totaal | M | V | Totaal | M | V | Totaal | M | V | Totaal | M | V | Totaal |
| 1961 | 2 | 1 | 3 | | | | | | | 2 | 1 | 3 | | | |
| 1962 | 9 | 2 | 11 | 1 | 0 | 1 | | | | 10 | 2 | 12 | | | |
| 1963 | 5 | 1 | 6 | | | | | | | 5 | 1 | 6 | | | |
| 1964 | 3 | 4 | 7 | | | | | | | 3 | 4 | 7 | 3 | 3 | 6 |
| 1965 | 11 | 3 | 14 | 2 | 0 | 2 | 1 | 0 | 1 | 14 | 3 | 17 | 1 | 3 | 4 |
| 1966 | 3 | 4 | 7 | 2 | 0 | 2 | | | | 5 | 4 | 9 | 2 | 6 | 8 |
| 1967 | 7 | 3 | 10 | 3 | 0 | 3 | | | | 10 | 3 | 13 | 4 | 6 | 10 |
| 1968 | 6 | 4 | 10 | 2 | 0 | 2 | | | | 8 | 4 | 12 | 0 | 7 | 7 |
| 1969 | 6 | 1 | 7 | 1 | 1 | 2 | 1 | 0 | 1 | 8 | 2 | 10 | 1 | 10 | 11 |
| 1970 | 2 | 5 | 7 | 2 | 1 | 3 | | | | 4 | 6 | 10 | 2 | 14 | 16 |
| 1971 | 5 | 5 | 10 | 4 | 2 | 6 | 3 | 0 | 3 | 12 | 7 | 19 | 6 | 24 | 30 |
| 1972 | 5 | 11 | 16 | 5 | 1 | 6 | | | | 10 | 12 | 22 | 3 | 40 | 43 |
| | 64 | 44 | 108 | 22 | 5 | 27 | 5 | 0 | 5 | 91 | 49 | 140 | 24 | 113 | 137 |
| | 59,3 % | 40,7 % | | 81,5 % | 18,5 % | | 100,0 % | | | 65,0 % | 35,0 % | | 17,5 | 82,5 % | |

1) Inligting van die Universiteit van Suid-Afrika wat hierin opgeneem is, verwys slegs na blankes.

* Bron: Bylae 6, vraag 5.2.

M – Manlik
V – Vroulik

Tabel 26

Getal inrigtings wat afgestudeerdes gelewer het *

| | 1961 | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoër diploma | 7 | 7 | 7 | 8 | 8 | 7 | 7 | 7 | 8 | 8 | 9 | 9 |
| Vierjarige graad | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 2 | 3 | 3 | 3 | 3 | 4 | 5 |
| Laer diploma | 6 | 6 | 6 | 6 | 7 | 6 | 6 | 7 | 7 | 8 | 7 | 7 |
| Honneursgraad | 1 | 2 | 3 | 3 | 4 | 4 | 4 | 4 | 5 | 5 | 6 | 6 |
| Skoolbiblioteek-kunde | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 |

* Vergelyk bylaes 18 tot 24.

nie meer aangebied nie.

In tabel 2.3 in hoofstuk 6 is aangetoon dat die verhouding tussen mans en dames op die hoër professionele vlak in 1961 op 31,4 persent teenoor 68,6 persent en in 1969 op 18,2 persent teenoor 81,8 persent onderskeidelik te staan gekom het. Indien die totale getal studente vir die basiese of hoër professionele kwalifikasies in tabel 25 ontleed word, blyk dit dat die verhouding vir die hoër diploma op 125 of 13,0 persent mans teenoor 834 of 87,0 persent dames, en vir die vierjarige graad op 17 of 11,0 persent mans teenoor 138 of 89,0 persent dames te staan kom. Daar is dus 'n korrelasie tussen die verhouding van mans teenoor dames soos dit blyk uit die personeelbesetting in 1969 en die totale produksie van afgestudeerdes vir die tydperk vanaf 1961 tot 1972.

*7.2.5.2 Navorsingsaktiwiteite aan die opleidingsinrigtings*

In totaal is 26 of 65 persent van die getal van 40 voltydse personeellede wat aan die opleidingsinrigtings verbonde is, self met navorsing besig, terwyl 16 of 40 persent van die voltydse personeel leiding aan studente verskaf wat navorsing onderneem. Die feit dat slegs die Universiteit van Suid-Afrika vir 'n navorsingsassistentskap voorsiening maak, hoewel dit nie gevul is nie, en net die Randse Afrikaanse Universiteit 'n voltydse tegniese assistent in diens het, is 'n teken dat die navorsingsaktiwiteite van die opleidingsinrigtings nog nie op dreef gekom het nie.[48)]

Die getalle nagraadse kwalifikasies in die vorm van meesters- en doktorsgrade wat sedert 1961 toegeken is, naamlik 27 en 5 onderskeidelik, is 'n verdere aanduiding dat die opleiding van navorsers nog in die beginstadium is.[49)]

*7.2 5.3 Personeelbesetting*

In die geheel geneem vertoon die personeelbesetting vir die nege

48) Vg. bylae 6, vraag 6.2

49) Vgl. bylaes 22 en 23.

opleidingseenhede 'n redelike normale beeld. Uit die gegewens in tabel 27 blyk dat daar 40 voltydse en 16 deeltydse personeellede aan die nege opleidingseenhede verbonde is, wat 'n totaal van 56 of 'n gemiddeld van 6 personeellede per eenheid gee. Volgens die inligting in bylae 25, waar die personeelbesetting vir elke inrigting afsonderlik aangetoon word, blyk dat sewe van die nege departemente ses of meer personeellede het. In ses van die nege departemente beklee die hoof 'n professoraat, en 24 uit die totaal van 56 betrekkings of 43 persent het 'n graad van senior lektor en hoër.

Dit is verder opvallend dat die personeel op al die vlakke, behalwe die van die tweede professor, gemiddeld oor langer ervaring in die praktyk as in doseerwerk beskik. In nie een geval is die verskil tussen doseer- en praktiese ervaring egter ongesond groot nie, en dié gebalanseerde mengsel van ervaring word as wenslik en nuttig in beroepsopleiding beskou. Die gemiddelde dienslas van ongeveer twaalf lesure per week vir voltydse personeel is weliswaar nie laag nie, maar ook nie onredelik nie. By 'n toename in navorsingsverpligtinge sal dit gewens wees dat hierdie dienslas eerder moet daal as styg.

Die vernaamste tekortkoming in die personeelbesetting is die feit dat vyf uit die nege departemente onder 'n deeltydse hoof, die persoon wat ook die hoof of onderhoof van die universiteitsbiblioteek is, ressorteer. Die saak word verder in die volgende paragraaf bespreek.

*7.2.5.4 Die opleidingseenheid en sy personeel se posisie binne die universitêre organisasie*

Die beeld wat van die posisie en status van die opleidingseenheid en sy personeel binne die universitêre raamwerk verkry word, is met die uitsondering van een aspek glad nie ongunstig nie. Die een saak wat as minder gunstig beskou word, maar wat sekerlik ook

Tabel 27

Doserende personeel soos in 1973*

| *Benaming en graad* | *Getal* | | *Hoogste akademiese kwalifikasie* | | | | *Basiese beroeps-kwalifikasie* | *Gemiddelde jare ervaring in* | | *Gemiddelde getal lesure per week* | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Voltyds* | *Deeltyds* | *B-graad* | *Honns. graad* | *M-graad* | *Doktorsgraad* | | *Dosering* | *Praktyk* | *Voltyds* | *Deeltyds* |
| Hoof van opleidingseenheid[1)] | 4 | 5 | 1 | 1 | 3 | 4 | 9 | 14 | 20 | 11 | 4 |
| Tweede professor | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 20 | 19 | | |
| Senior lektor/lektrise | 13 | 0 | 2 | 3 | 4 | 4 | 13 | 9 | 10 | 12 | 0 |
| Lektor/lektrise | 21 | 10 | 14 | 9 | 6 | 2 | 31 | 4 | 9 | 11 | 2 |
| Junior lektor | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 3 | 13 | 0 |
| | 40 | 16 | 17 | 14 | 14 | 11 | 55 | | | | |

1) Ses van die nege hoofde van opleidingseenhede beklee die rang van professor.

* Bron: Bylae 6, vraag 6.1.

voordele inhou, is die verskynsel dat by vyf uit die nege universiteite die hoof van die universiteitsbiblioteek en van die opleidingseenheid nog dieselfde persoon is. Die verskynsel moet daaruit verklaar word dat die inisiëring van die opleiding in biblioteekkunde aan hierdie universiteite, maar ook aan van die ander inrigtings waar die situasie intussen verander het, gewoonlik van die universiteitsbibliotekaris uitgegaan het. Ten spyte van die gesamentlike hoofskap, word agt uit die nege opleidingseenhede as volwaardige akademiese departemente beskou en funksioneer hulle heeltemal selfstandig. Dit blyk verder dat beide die persoon wat aan die hoof van die opleidingseenheid staan en die ander doserende personeel ten volle gelykgeskakel is met die akademiese personeel in ander departemente wat betref lidmaatskap van liggame soos die senaat en fakulteite, gradering van betrekkings, salarisse en diensvoorwaardes.

Hoewel die gesamentlike hoof vir die biblioteek en die departement, in sake soos die benutting van die biblioteek en sy bronne in opleiding, die reëling van ervaringsdiens en die gebruik van biblioteekpersoneel as dosente in deeltydse hoedanigheid, vir die opleiding voordele inhou, het van die respondente opgemerk dat dit nie 'n bevredigende situasie is nie, en skyn dit asof die laaste stap in die selfstandigwording van bibliotekarisopleiding in die opsig in die volgende aantal jare voltrek sal word.

Daar is ook gevra in hoeverre persone van buite die departement met onderrig in die departement behulpsaam is? [50] Slegs die universiteite van Potchefstroom en Suid-Afrika maak tans nie van die moontlikheid gebruik nie. By die ander universiteite wissel dit van buite-persone wat ten volle vir 'n vak verantwoordelik is, tot persone wat op 'n deeltydse basis slegs 'n onderdeel van 'n vak aanbied.

Die gegewens wat in hierdie hoofstuk oor die bestaande opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika byeengebring is, dien as uitgangspunte by die bespreking in die volgende hoofstuk.

50) Vgl. bylae 6, vraag 7.6.

# AFDELING D

# 8 DIE OPLEIDINGSPATROON VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSWERK IN SUID-AFRIKA

## 8.1 Inleiding

Die geskiedenis van die georganiseerde biblioteek- en inligtingswese en die formele opleiding vir hierdie beroepsrigting in Suid-Afrika strek nog maar oor 'n korte veertig jaar. Hoewel die eerste en tweede opleidingskursusse op universitêre vlak reeds in 1938 en 1939 ingestel is, vind die werklike ontplooiing van formele opleiding eers in die vyftiger en sestiger jare plaas. Dit is egter vandag nog nie 'n algemene verskynsel dat al die vernaamste vorme van opleiding deur al die opleidingsinrigtings aangebied word of dat veel gespesialiseerde opleiding aangetref word nie. Deur die proses van ontwikkeling het 'n redelike mate van eenvormigheid in die opleidingsituasie tot stand gekom, en dit is juis belangrik om op die tydstip ontwikkelingsmoontlikhede vas te stel.

## 8.2 Die vermoë van die opleidingsinrigtings om voldoende getalle formeel opgeleide rekrute te lewer

Die eerste aspek van die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon wat nader ontleed moet word, is die vermoë van die opleidingsinrigtings om voldoende getalle formeel opgeleide rekrute te lewer.

Op die huidige stadium word alle blanke bibliotekarisse en inligtingswerkers op beide die laer en die basiese vlak slegs deur die universiteite opgelei. In hoeverre die situasie deur die ondersoek en aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese, wat moontlik vanjaar bekend gestel sal word, geraak word, kan nie nou bepaal word nie, en daarom word met die huidige opset gewerk.

In hoofstuk ses is gestel dat die opname wat in 1969 van die personeelbesetting en die personeelbehoeftes gemaak is, aangetoon het

dat 'n totaal van 794 persone met beroepskwalifikasies, 218 of 27,5 persent op die laer en 576 of 72,5 persent op die basiese of die hoër vlak, in biblioteke en inligtingsdienste werksaam was. Die respondente het verder aangedui dat hul onmiddellike behoefte in 1969 aan opgeleide personeel 197 persone beloop het en dat 'n verdere geraamde 523 opgeleide personeellede in die jare tot 1974 benodig word. Uit hierdie totaal van 720 persone moet 272 of 37,8 persent oor 'n laer en 448 of 62,2 persent oor 'n basiese professionele biblioteek- of inligtingskwalifikasie beskik. Volgens tabel 28[1] het daar in die vyf jaar van 1968 tot 1972 egter 'n totaal van 1091 persone hul beroepsopleiding aan die nege universiteite voltooi, en van die begin van 1973 bied die Universiteit van Natal ook opleiding aan. Beteken die syfers dat die gevaar van oorproduksie aan opgeleide personeel kan ontstaan?

'n Uiters belangrike faktor wat in die oorweging van hierdie syfers in gedagte gehou moet word, is die oorwig van 85,5 persent dames met 'n beroepskwalifikasie teenoor die 14,5 persent mans wat in 1969 in die beroep gestaan het. Daarby blyk uit tabel 25 dat min of meer dieselfde verhouding tussen die getalle dames en mans wat kwalifikasies behaal het, bestaan, naamlik 87,0 persent dames teenoor 13,0 persent mans vir die hoër diploma en 89,0 persent dames teenoor 11,0 persent mans vir die vierjarige graad.

Uit hierdie syfers kan afgelei word dat daar 'n besondere hoë personeelomset in Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste sal wees. Na aanleiding van 'n bespreking van die saak in paragraaf 6.1.2 word die aanname gemaak dat 80 persent van die dames die beroep binne vyf jaar verlaat. Die inligting in tabel 25 toon dat 945 persone van 1964 tot 1972 op die basiese of die hoër professionele vlak en 535 persone vir die laer diploma gekwalifiseer het. Op die basiese

1) Saamgestel uit die inligting in tabel 25.

Tabel 28.

Studente wat in biblioteekkunde afgestudeer het, 1968–1972*

| | *Hoër Diploma* | | | *Vierjarige graad* | | | *Totaal hoër prof. vlak* | *Driejarige graad* | | | *Laer diploma* | | | *TOTAAL* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | Tot. | M. | V | Tot. | | M | V | Tot. | M | V | Tot. | |
| 1968 | 8 | 81 | 89 | 2 | 14 | 16 | 105 | 2 | 28 | 30 | 1 | 64 | 65 | 200 |
| 1969 | 6 | 77 | 83 | 3 | 22 | 25 | 108 | 1 | 41 | 42 | 3 | 72 | 75 | 225 |
| 1970 | 12 | 72 | 84 | 1 | 18 | 19 | 103 | 1 | 36 | 37 | 3 | 66 | 69 | 209 |
| 1971 | 11 | 94 | 105 | 5 | 18 | 23 | 128 | 2 | 38 | 40 | 3 | 46 | 49 | 217 |
| 1972 | 15 | 116 | 131 | 3 | 40 | 43 | 174 | 1 | 28 | 29 | 1 | 36 | 37 | 240 |
| | 52 | 440 | 492 | 14 | 112 | 126 | 618 | 7 | 171 | 178 | 11 | 284 | 295 | 1091 |

* Bron: Tabel 25.

vlak het die totaal uit 834 dames en 111 mans bestaan, wat oor die nege jaar 'n gemiddelde jaarlikse produksie van 93 dames en 12 mans oplewer. Indien hierdie gemiddeldes as uitgangspunt geneem word en die gemiddeld vir die dames elke jaar met die 80 persent wat uit diens tree, verminder word, beteken dit dat daar een-vyfde van die 93 of 19 dames per jaar in die beroep agterbly. Saam met die 12 mans wat nie verminder word nie, kan daar dus op 'n permanente toevoeging van ongeveer 31 opgeleide persone per jaar op die hoër professionele vlak tot die beroepsgeledere gereken word. Met die oog op die vyfjaar periode waarvolgens die respondente van die 1969-opname hul beramings gedoen het, kan gereken word dat daar in totaal maar ongeveer 5 x 31 of 155 persone op die hoër vlak werklik in die beroep sal aanbly, teenoor die 448 wat benodig word.

Op die laer vlak bestaan die produksie van studente van 1964 tot 1972 uit 514 dames en 21 mans, wat 'n gemiddeld van 57 en 2 onderskeidelik per jaar gee. Indien dieselfde metode van berekening as vir die hoër vlak hier toegepas word, blyk dit dat een-vyfde van die jaarlikse gemiddelde van 57 op 11 dames neerkom, wat saam met die 2 mans 'n totaal van 13 persone beteken wat jaarliks op die vlak van die laer diploma oorbly. Oor vyf jaar gee dit 'n getal van 65 persone, terwyl die beraming van die 1969-opname 272 persone vereis het.

Hoewel hierdie syfers nie letterlik geïnterpreteer moet word nie, gee dit 'n aanduiding van die vraagstuk wat deur die feminisering van die beroep geskep word, en in hoofstuk ses het dit voorgekom asof die tendens aan die toeneem is. Dit lei tot die gevolgtrekking dat, hoewel volgens die getalle genoeg nuwe rekrute opgelei word, die groot persentasie dames veroorsaak dat daar 'n tekort aan opgeleide personeel bestaan.

'n Volgende saak wat aandag verdien, is die prominente behoefte aan meer opgeleide personeel op die laer professionele of middeldiensvlak. In tabel 29 word die verhouding tussen die personeel op die laer en

Tabel 29

Verhouding van laer teenoor hoër professionele personeel *

| | *Laer professioneel* | | *Hoër professioneel* | | *TOTAAL* |
|---|---|---|---|---|---|
| | *Getal* | *Persentasie* | *Getal* | *Persentasie* | |
| 1. Personeelbesetting soos in 1969. | 218 | 27,5 | 576 | 72,5 | 794 |
| 2. Behoefte aan nuut opgeleide personeel teen 1974. | 272 | 37,8 | 448 | 62,2 | 720 |
| 3. Getal persone wat na beraming vir die vyf jaar van 1968 tot 1972 in beroep agter gebly het. | 65 | 29,5 | 155 | 70,5 | 220 |

* Bron: Tabelle 2.2, 4 en 5.

die hoër vlak aangegee. Eerstens is die geskatte behoefte aan nuut opgeleide personeel op die laer vlak in 1974 in verhouding tot die hoër vlak 10 persent hoër as die personeelbesetting in 1969. Tweedens is die getal persone wat na beraming op die laer vlak in die beroep oor 'n tydperk van vyf jaar agtergebly het, baie laer as wat na skatting nodig sal wees. In die derde plek is personeel met 'n laer kwalifikasie in verhouding tot persone met 'n basiese kwalifikasie, wat van 1968 tot 1972 in die beroep agtergebly het, veel minder as wat vir 1974 in vooruitsig gestel word.

In die bespreking sover is die getal studente wat tot 1972 driejarige grade in biblioteekkunde behaal het buite rekening gelaat omdat die kwalifikasie nie van die standaard van die basiese vlak is nie, maar tog meer as die laer diploma ingehou het, en veral omdat dit vanaf 1973 glad nie meer aangebied word nie. Juis laasgenoemde feit vererger egter die vraagstuk van personeelvoorsiening op die middelvlak, want persone met driejarige graadopleiding kan nuttig op dié vlak gebruik word. Nog meer onrusbarend is die feit dat die getal laer diplomastudente volgens tabel 25 sedert 'n hoogtepunt van 75 in 1969 konsekwent gedaal het tot 37 in 1972.

Ten slotte kan ook terugverwys word na die gegewens oor personeelbesetting in bylaes 9 tot 13 waaruit blyk dat 'n aansienlike persentasie persone wat slegs oor matriek beskik vir beroepstake ingespan word. Hoewel onopgeleide personeel in die reël hoofsaaklik vir meer elementêre beroepsarbeid gebruik word, neem die omvang van die werk op die middelvlak in ontwikkelende organisasies aanmerklik toe, en dit is juis in die opsig dat persone met 'n subprofessionele opleiding goed gebruik kan word.

Alles dui daarop dat daar in kwantitatiewe opsig 'n besliste behoefte aan meer opgeleide personeel op 'n laer diensvlak bestaan.

Ook op die hoër of die basiese diensvlak verteenwoordig die geraam-

de 155 persone wat in die vyf jaar van 1968 tot 1972 in die beroep agtergebly het, 'n groot agterstand by die geskatte 448 persone wat tot in 1974 benodig word. In teenstelling met die laer vlak is die groeitendens in die studentetalle egter baie sterker. Van 1968 tot 1970 bly die getal opgeleides op die hoër vlak net oor die eenhonderd staan. In 1971 styg dit tot 128 en in 1972 skiet dit op na 174. Op die stadium is dit moeilik om te bepaal watter bydrae die universiteite van Oranje-Vrystaat en Pretoria, wat nou na die vierjaaropleiding oorgeskakel het, asook die Universiteit van Natal, wat pas in 1973 met 'n kursus op die hoër vlak begin het, tot die getal afgestudeerdes sal lewer. Die jaarlikse produksie kan egter binnekort waarskynlik met gemak tot 200 persone per jaar styg. Indien mans 15 persent of 30 persone hiervan uitmaak, bly 170 dames oor en een-vyfde van hierdie getal, of 34 dames, wat in die beroep bly, gee 'n toevoeging van ongeveer 64 persone in plaas van 31 waarmee in die vorige berekening gewerk is. Die vraag na opgeleide personeel sal egter bly toeneem en daarom bly 64 'n baie lae getal, en is dit duidelik van watter uiterste belang dit is dat meer mans vir die beroep gerekruteer word. Alleen langs hierdie weg kan die personeelprobleem daadwerklik verlig word.

Op die gevorderde nagraadse vlak is die produksie relatief gesproke selfs nog laer as vir die laer diploma en die basiese kwalifikasies. Volgens die inligting in tabel 25 het slegs 140 studente van 1961 tot 1972 gevorderde nagraadse kwalifikasies verwerf, terwyl daar in totaal 1157 persone op die hoër vlak in die tyd afgestudeer het. Dit beteken dat slegs 12,1 persent van die persone met 'n algemene basiese kwalifikasie op die hoër vlak gevorderde studie in die beroepsrigting onderneem het. Hiervan het 108 honneurs-, 27 magister- en 5 doktorsgrade verwerf. Die groter wordende biblioteke en meer komplekse inligtingsprobleme vereis ook op die vlak 'n groter produksie, en indien op die voorbeeld in ander lande gelet word, veral gevorderde beroepsopleiding.

'n Laaste saak wat in hierdie afdeling die aandag vereis, is die vraagstuk van die keuring van studente. In paragraaf 7.2.5 is aangetoon dat soiets soos die formele keuring van studente met die oog op studie in biblioteek- en inligtingkunde feitlik nog nie aan Suid-Afrikaanse universiteite bestaan nie. Twee redes is hiervoor verantwoordelik, naamlik die groot tekort aan voornemende studente en die feit dat die universiteite se subsidie op 'n per student-basis bereken word en alle voornemende studente wat oor matrikulasie beskik, in die reël aanvaar word.

Volgens die inligting in hoofstuk ses het geblyk dat die respondente van al die tipes biblioteke en inligtingsdienste die regte persoonlikheidshoedanighede as uiters belangrik vir sukses in die werk beskou. Daarom bly keuring van studente 'n aangeleentheid wat voortdurend aandag behoort te geniet, veral indien die geringste aanduiding sigbaar word dat die produksie nader aan die punt kom waar in die behoefte aan nuut opgeleides voorsien word.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dat, hoewel daar kwantitatief tans oënskynlik voldoende nuwe rekrute opgelei word, die hoë personeelomset as gevolg van die aansienlike persentasie dames daarvoor verantwoordelik is dat daar nog 'n groot behoefte aan opgeleide personeel bestaan. Juis hierdie faktore maak dit egter uiters moeilik om die behoefte aan opgeleide personeel presies te bepaal. Die hoë personeelomset bring verder mee dat daar 'n wesenlike tekort aan opgeleide personeel met die nodige ervaring sal wees.

Intussen leer waarneming dat vakatures vir nuut opgeleide personeel in die groter sentra opvallend skaars geword het. In 1969 het 54,2 persent van die respondente alreeds verklaar dat hulle nie probleme met die rekrutering van personeel ondervind nie. Daarby moet rekening gehou word met die feit dat daar vanaf 1973 in totaal tien opleidingsinrigtings aktief sal wees en hulle beskik oor die potensiaal

om veel meer persone op te lei as wat tans die geval is. Verder is die effek van die groot getal dames wat jaarliks opgelei word, maar die beroep na 'n kort dienstyd verlaat, dat 'n reservoir van personeel geskep word wat na 'n paar jaar van huishou weer na die praktyk mag wil terugkeer. 'n Beleidsverandering ten opsigte van indiensneming, byvoorbeeld om getroude dames slegs vir 'n deel van die werksdag te emplojeer kan die vraag na opgeleide personeel verder laat krimp.

Hoewel die behoefte aan opgeleide personeel, en veral sekere kategorieë, byvoorbeeld persone met 'n natuurwetenskaplike agtergrond, nog aansienlik is, word voorgestel dat oorweging daaraan verleen word om op 'n lopende basis ondersoek in te stel na die behoefte aan opgeleide personeel vir biblioteek- en inligtingswerk. Sodoende sal dit moontlik wees om vas te stel waar die dringendste behoeftes bestaan en in watter opsigte 'n versadigingspunt moontlik bereik kan word.

8.3 Die vermoë van die opleidingsinrigtings om bibliotekarisse en inligtingswerkers te lewer wat oor die vereiste voorbereiding en opleiding beskik.

*8.3.1 Inleiding*

In die voorafgaande gedeelte is die vermoë van die opleidingsinrigtings in terme van die kwantitatiewe oogmerk, wat vir beroepsopleiding gestel word, oorweeg. In hoofstuk vier is as tweede of kwalitatiewe oogmerk van beroepsopleiding verwys na die verantwoordelikheid van die opleidingsinrigtings om afgestudeerdes te voorsien wat oor die nodige vorming en opleiding beskik om met sukses tot hul beroep te kan toetree. Met die oog hierop moet aan die moontlike aanpassings ten opsigte van die inhoud en die organisasie van die opleiding aandag gegee word.

In die lig van die bevindings in hoofstuk vier oor die tendense in opleiding is gestel dat dit verkieslik is om die opleidingspatroon in die

eerste plek op 'n gedifferensieerde grondslag in te rig, want sodoende kan meer effektief in die behoefte aan opgeleide personeel voorsien word en word die fragmentering van die beroep teëgewerk. Die aard van die werk word dus as die uitgangspunt geneem, en op grond daarvan word tussen vlakke van werk in vertikale opsig en soorte van werk in horisontale opsig onderskei.

Vertikale differensiasie hou in dat personeel volgens diensvlakke op grond van die waardering wat aan die arbeid geheg word, opgelei word. Sodoende word die opleiding van die personeel gedifferensieër volgens die aard, omvang en eise wat deur die werk op elke vlak gestel word. Hieruit word weer die vereistes ten opsigte van die kwalifikasies vir die toelating, die duur van die opleiding, die inhoud en die wyse van aanbieding van die opleiding afgelei. Die personeel word dus nie alleen volgens die eise van elke vlak opgelei nie, maar 'n meer ekonomiese personeelstruktuur kan ook daargestel word deurdat goedkoper arbeid vir die laer gewaardeerde take beskikbaar is.

Volgens die bevindings in hoofstuk vier het daar in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk drie kardinale vlakke ontwikkel, die algemene basiese opleiding, wat as uitgangspunt dien, 'n laer of subprofessionele vlak en die gevorderde nagraadse vlak.

In horisontale opsig beteken differensiasie dat die klem in die opleiding op die soort werk, dus die funksie wat verrig word, val. Langs die weg kan deskundiges gevorm en voorberei word, wat nie tot 'n bepaalde tipe inrigting, byvoorbeeld die openbare biblioteek, beperk is nie, maar oor die onderlegdheid beskik om van die een na die ander oor te skakel. Omdat hier van „spesialisasie" of toespitsing in 'n funksionele opsig sprake is, behoort dit na voltooiing van 'n algemene basiese opleiding te volg.

Die standpunt wat in hierdie studie ingeneem word, is dat die pri-

mêre vorm van opleiding vir 'n beroep die algemene basiese opleiding is. Dié vorm van opleiding behoort die kern uit te maak in die opleidingspatroon vir 'n bepaalde beroep, en in die geval van biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika is dit des te meer noodsaaklik, enersyds weens die groot aantal kleiner biblioteke en inligtingseenhede wat hoogstens een of 'n paar opgeleide persone kan akkommodeer en wat dus oor kennis van al die fasette van hul beroep moet beskik, maar andersyds ook omdat die mark vir opgeleide personeel in werklikheid nie baie groot is nie en personeel in staat moet wees om gereedelik van een tipe biblioteek na 'n ander oor te skakel.

In hoofstuk vier is egter ook aangetoon dat spesialisering in die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers 'n noodsaaklikheid geword het vanweë die neiging om dienste volgens vakgebied, tipe gebruiker of die vorm van die materiaal te spesialiseer. Die gegewens wat in hoofstuk ses verstrek is, het inderdaad ook getoon dat 'n behoefte in Suid-Afrika aan gespesialiseerde opleiding in inligtingswerk op die gebied van die natuur- en toegepaste wetenskappe, maar ook ten opsigte van 'n diens aan kinders en jongmense bestaan. Op grond van die bespreking van tendense in die opleiding is tot die gevolgtrekking gekom dat spesialisering in die opleiding sover moontlik binne 'n gedifferensieërde struktuur aangebied moet word om fragmentering van die beroep te voorkom.

Die vraag is in watter mate die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon aan die eis van 'n gedifferensieerde struktuur voldoen, watter probleme ondervind word en watter aanpassings nodig is.

### *8.3.2 Algemene basiese opleiding*

In Suid-Afrika bestaan twee opleidingskursusse wat as algemene basiese beroepskwalifikasies vir biblioteek- en inligtingswerk beskou kan word, naamlik die eenjarige nagraadse diploma en die vierjarige graad. Vrae wat met die oog op die toekoms beantwoord moet word,

is of dié tweeledige opset behou moet word, in hoeverre die kursusse basies is en watter probleme daar tans in verband met die vorm van opleiding bestaan.

*8.3.2.1 Tweeledigheid van die basiese opleiding*

Uit die antwoorde van die hoofde van opleidingseenhede op 'n vraag waarom twee parallele basiese beroepskwalifikasies op die hoër vlak aangebied word, blyk dat net een universiteit verkies om slegs die hoër diploma aan te bied omdat die inrigting van mening is dat studente hul algemene vormende studie afgehandel moet hê alvorens die beroepsopleiding plaasvind. Onder die ander agt universiteite gee vier van die hoofde redelik pertinent te kenne dat hulle die graad as 'n beter opleidingskursus as die hoër diploma beskou, maar laasgenoemde behoort behoue te bly omdat dit as toegangskanaal vir persone uit ander vakrigtings as die geesteswetenskappe dien. Die ander vier hoofde maak nie 'n definitiewe onderskeid tussen die twee kwalifikasies nie.

In verband met die saak van die twee parallele kwalifikasies het een van die hoofde sy kommer uitgespreek oor die aansienlike duplisering van arbeidskrag en tyd wat deur dié opset meegebring word. Van die ses universiteite wat beide die hoër diploma en die graad aanbied, maak Oranje-Vrystaat en Pretoria nie voorsiening daarvoor dat die twee groepe enige kursusse of dele daarvan saam kan neem nie, terwyl Potchefstroom, die Randse Afrikaanse Universiteit en Stellenbosch in 'n mindere en meerdere mate die praktyk van gesamentlike klasse toepas. In die geval van die Randse Afrikaanse Universiteit word al die klasse trouens deur die twee groepe saam gevolg. Die Universiteit van Suid-Afrika word hier buite rekening gelaat omdat die opleiding deur middel van korrespondensie geskied.

Indien die tyd wat die universiteite van Oranje-Vrystaat en Pretoria beoog om daaraan te bestee as voorbeeld geneem word, kan uit

die gegewens in tabel 24 afgelei word wat die implikasies daarvan is indien die twee parallele kursusse heeltemal afsonderlik aangebied word. Beide universiteite het so pas na die vierjarige graad oorgeskakel en daarby het beide dic beroepsgedeelte van die curriculum in twee vakke geskei.[2)] Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat beoog om weekliks 18 lesure aan teorie en 6 lesure aan prakties vir die hoër diploma en 24 aan teorie en 8 aan prakties vir die vierjarige graad te bestee, terwyl die Universiteit van Pretoria vir die hoër diploma en die graad respektiewelik 16 lesure teorie en 6 uur prakties en ses-en-twintig en 'n half lesure teorie en 13 uur prakties per week wil gebruik. Indien die getal lesure en tye vir prakties per inrigting vir die twee kursusse saamgevoeg word, beoog Oranje-Vrystaat om 42 lesure aan teorie en 14 lesure aan prakties per week te bestee, terwyl die totale vir Pretoria op 42 lesure vir teorie en 19 uur vir prakties per week neerkom.

Hierteenoor moet oorweeg word hoe die produksie van studente met die tyd wat aan opleiding bestee word, vergelyk. Aangesien die bogenoemde twee universiteite nou pas na die vierjarige graad oorgeskakel het, is vergelykende statistiek nog nie beskikbaar nie en word die gemiddelde produksie van al die universiteite as uitgangspunt geneem. Volgens die inligting in bylaes 19 en 20 het die vyf residensiële universiteite in 1972, 'n jaar waarin studentetalle merkwaardig gegroei het, altesaam 43 persone met die graad gelewer of 'n gemiddeld van 9 per inrigting en die agt residensiële universiteite 107 persone met die hoër diploma of 'n gemiddeld van 13 persone per inrigting. Indien hierdie getalle saamgevoeg word en die 22 afgestudeerdes as 'n moontlike gemiddelde produksiesyfer per jaar per inrigting geneem word, dan verg die praktyk van afsonderlike opleiding vir parallele basiese kursusse 'n aansienlike belegging in personeeltyd en fasiliteite

2) Vgl. bylae 16.

in terme van die getal studente wat afstudeer.

Waarom word twee parallele kursusse op die hoër vlak dan aangebied? Die eenjarige nagraadse diploma wat na voltooiing van enige baccalaureusgraad gevolg kan word, was die vroegste vorm van bibliotekarisopleiding op universitêre vlak in Suid-Afrika en word vandag nog by al die universiteite wat oplei, aangetref. Hoewel in die literatuur geen argumente vir hierdie metode van opleiding gevind kon word nie, is die volgende waarskynlik die vernaamste oorwegings wat hier geld. Eerstens is dit 'n baie effektiewe toegangskanaal tot formele opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk, want dit hou in dat persone uit enige moontlike vakrigting, solank hulle oor 'n baccalaureusgraad beskik, toegang tot die beroepsopleiding kan verkry. Hierdie feit is van besondere belang vir dienslewering, veral met die oog op inligtingsverskaffing wat onder gespesialiseerde omstandighede geskied. Daarby skep dit die moontlikheid om die sogenaamde „laatbesluiters", persone wat dikwels oor andersoortige ervaring beskik, vir die beroep te rekruteer. Ten slotte is die meeste universiteite in staat om die hoër diploma ook op 'n deeltydse basis aan te bied, wat as rekruteringsmiddel dien en terselfdertyd die student in staat stel om praktyk en teorie in die opleiding te integreer en meer sinvol vir homself te verwerk.

'n Tweede oorweging, en in die verlede het dit by die universiteite waarskynlik swaar geweeg, is die feit dat die student sy akademiesvormende studie afgehandel het voordat die beroepstudie aangepak word. Volgens hierdie benadering is dit moontlik om 'n konkrete en algemeen geldende maatstaf vir die mate van algemene vorming wat die voornemende bibliotekaris en inligtingswerker behoort te ontvang, neer te lê.

By implikasie kan uit hierdie oorweging afgelei word dat die beroepstudie nie dieselfde vormende waarde as suiwer akademiese vakke het nie. Hoewel dit sekerlik van die meer tegnies-georiënteerde aspekte

van die beroepstudie gesê kan word, kan die meeste beroepsvakke ook vormend aangebied word. Dit is egter 'n feit dat die student wat sy akademiese studie reeds voltooi het, in die reël ryper is, en verder word sy aandag nie deur ander sake afgelei nie. Hy kan hom dus meer gekonsentreerd en intensief in sy beroepstudie verdiep. Daar moet egter op gewys word dat, aangesien die student normaalweg eers in sy diplomajaar met die beroepsvakke kennismaak, die beroepsopleiding nie as gevorderde nagraadse werk, byvoorbeeld van honneursstandaard, beskou behoort te word nie, soos die universiteite van Kaapstad en Witwatersrand wel doen.

Die idee van graadopleiding in biblioteekkunde verskyn in 1948 vir die eerste maal aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit met die instelling van sodanige graad aan die Universiteit van Pretoria. Dit was die oortuiging van die insteller, P.C. Coetzee, dat biblioteekkunde 'n volwaardige akademiese vak is, wat in beroepsopleiding dieselfde vormende waarde as ander akademiese vakke kan hê.[3)]

Ook in die geval van die graadopleiding is daar nog nie veel geskryf oor die redes vir die aanbieding van sodanige opleidingskursus nie. Daar kan egter met redelike sekerheid beweer word dat die groter mate van status („ons volkie is nie lief vir diplomas nie," aldus een van die respondente) wat aan die graadopleiding verbonde is, 'n faktor by die instelling was en dat dit vandag ook nog swaar in die guns van hierdie tipe opleidingskursus tel.[4)]

In die tweede plek het die graadopleiding 'n verdere opleidingsmoontlikheid gebied waardeur meer studente na die beroep gekanaliseer kon

3) *Coetzee, P.C.* Voorraad en personeel in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese, III: Biblioteekkundige opleiding en navorsing. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 29: 139, 1962.

4) *Malan, S.I.* Die opleiding van professionele bibliotekarisse in Suid-Afrika. (*In:* Biblioteke en mense. Libraries and people. Bydraes aangebied aan R.F.M. Immelman. Onder redaksie van J.G. Kesting (e.a.) Kaapstad, Struik, 1970). p. 46.

word. Afgesien daarvan dat die student met die doel voor oë na die universiteit kom om opleiding in biblioteek- en inligtingkunde te ondergaan, laat sekere van die universiteite studente toe om biblioteekkunde I en soms II ook vir gewone graaddoeleindes te neem. Heel dikwels raak van dié studente in die beroepsrigting geïnteresseerd en volg uiteindelik die beroepskursus. In die verband is dit ook waar dat studente wat aanvanklik met die beroepskursus begin, later na 'n ander kursus oorslaan. Die voordeel hiervan is dat 'n natuurlike seleksieproses plaasvind sodat alleen diegene wat sekerheid oor hul beroepskeuse het, met die studie voortgaan.

In die derde plek stem die opvatting van sekere hoofde van opleidingsrigtings met die samestellers van 'n verslag oor onderwysersopleiding ooreen[5] waar hulle stel dat die graadopleiding inhou dat die student van die begin af stelselmatig vir sy beroep opgelei word en ook langer kontak met sy dosente het, wat meer geleentheid vir beroepsoriëntering bied.

Verder bied die graadopleiding ook die moontlikheid dat die student sy vakke met die oog op sy toekomstige beroep reg kan kies. Vir 'n studie in biblioteek- en inligtingkunde word in Suid-Afrika egter met die uitsondering van tale, nog nie ander nie-beroepsvakke voorgeskryf sodat die vakkeuse vir die graad nie 'n probleem hoef te wees nie.

'n Vyfde oorweging het in die latere jare na vore gekom, soos ook uit beroepsopleiding vir ander rigtings blyk, naamlik dat hierdie opset die geleentheid bied om die beroepsinhoud van die curriculum ten koste van die suiwer akademiese inhoud te vermeerder – iets wat in die geval van die diploma alleen kan gebeur indien die opleidingstydperk verleng word. Die groot mannekragtekort in Suid-

5) *Suid-Afrika* (Republiek). Kommissie van ondersoek na die Opleiding van Blanke Persone as Onderwysers. Verslag. Pretoria, Staatsdrukker, 1969. p. 44-45.

Afrika moes 'n sterk stimulus agter hierdie tendens gewees het, want daardeur kon die noodsaaklikheid van die verlenging van die totale opleidingstydperk teengewerk word.

Naas die tradisionele benadering van die opleiding, naamlik 'n graad plus die hoër diploma, het die saamgestelde beroepsgeoriënteerde baccalaureusgraad in biblioteekkunde mettertyd gevestig geraak en vorm dit inderdaad deel van 'n meer algemene tendens in die organisasie van beroepsopleiding op universitêre vlak in Suid-Afrika.

*8.3.2.2 Probleme rondom die vierjarige graad en die hoër diploma in biblioteekkunde*

Een van die mees algemene probleme van beroepsopleiding, wat ook hier ter sprake is, is die groot toename in kennis, en dan veral beroepskennis, waarin die student onderlê moet word, asook 'n meer veeleisende beroepspraktyk, wat nie alleen rekrute met 'n beter algemene vorming en tegniese skoling vereis nie, maar ook afgestudeerdes met meer gespesialiseerde en besondere opleiding vir hul taak. Dit alles dui op die noodsaaklikheid van 'n langer opleidingstydperk om die student beide op te voed en op te lei. Hierteenoor staan die probleem dat die biblioteek- en inligtingspraktyk nog nie bereid is om aan afgestudeerdes die finansiële vergoeding en ander voordele te bied wat 'n langer opleidingstydperk as vier jaar regverdig nie. Die probleem om meer tyd vir die beroepsopleiding te vind, bring die saamgestelde graad en sy moontlikhede sterk na vore, en soos vroeër aangetoon is, het minstens twee van die universiteite, Oranje-Vrystaat en Pretoria, sover die beroepsinhoud van die graadkursus ten koste van die suiwer akademiese inhoud vermeerder om die vraagstuk te verlig.

In die verlede is die werk en die opleiding van die bibliotekaris primêr met die geesteswetenskappe geassosieer en daarom is die baccalaureusgrade in biblioteekkunde by al die universiteite onder die Fakulteit

van Lettere en Wysbegeerte ingestel. Indien dit prakties moontlik sou wees om aan die residensiële universiteite die beroepsvakke ook in kombinasie met ander hoofvakrigtings, soos die Universiteit van Suid-Afrika wel doen,[6)] aan te bied, kon op die wyse opleidingsmoontlikhede ontwikkel het, wat die instandhouding van die hoër diploma onnodig gemaak het. Weens praktiese vraagstukke soos roosterbotsings en/of die tekort aan doserende personeel om lesings vir die verskillende rigtings afsonderlik aan te bied, moet dié moontlikheid onder die huidige opset aan die residensiële universiteite as feitlik nul beskou word.

Die verlenging van die opleidingstydperk bly egter nog die beste oplossing vir dié probleem, veral ook met die oog op die aanbieding van meer gespesialiseerde opleiding, en moet daarom nagestreef word sodat tot die implementering daarvan op die vroegste moontlike stadium oorgegaan kan word.

'n Tweede probleem staan in verband met die samestelling van die curricula vir die basiese beroepskwalifikasies op die hoër vlak, maar handel ook oor die vraagstuk van die algemene vorming van die student en die tydsduur van die opleiding. Soos vroeër aangetoon, is dit die amptelike standpunt van die S.A. Biblioteekvereniging dat die curricula van die opleidingskursusse op die hoër professionele vlak benewens die biblioteekkundige inhoud, die volle komplement van die kursusse van 'n gewone baccalaureusgraad behoort te bevat. Hierby is ook neergelê dat die tydsduur minstens oor vier jaar moet strek. Die universiteite van Pretoria en Oranje-Vrystaat wat vir etlike jare 'n driejarige baccalaureusgraad in biblioteekkunde aangebied het se betrokke kursusse is in die lig van bogenoemde standpunt nooit deur die beroepsvereniging erken nie.

6) Naas die Lettere-rigting word die graad B.Bibl. ook in 'n Natuurwetenskaplike en Handel- en Administrasie-rigting aangebied.

Die bepaling dat die curriculum vir opleiding op die hoër professionele vlak 'n baccalaureusgraad of die ooreenstemmende getal akademiese kursusse behoort in te sluit, het die voordeel dat dit 'n konkrete maatstaf bied ten opsigte van die mate van algemene vorming wat die student behoort te ontvang. Aan die anderkant kan die standaard geïnterpreteer word as sou die beroepsvakke nie die nodige vormende waarde het nie, en daarom moet 'n baccalaureusgraad of die ekwivalent daarvan 'n deel van die curriculum vir die beroepstudie uitmaak.

Intussen het dit egter 'n vry algemene praktyk aan Suid-Afrikaanse universiteite geword om akademiese status aan beroepsvakke soos maatskaplike werk, opvoedkunde, dramakunde, en ook biblioteekkunde toe te ken. Dit hou in dat die beroepsvak as een van die hoofvakke van 'n saamgestelde beroepsgeoriënteerde baccalaureusgraad geneem word en in sommige gevalle, waaronder biblioteekkunde, kan die eerste of die eerste en die tweede kursusse vir gewone graaddoeleindes gevolg word. Hoewel geen patroon aangedui kan word nie, moet vir sommige van hierdie vierjarige geïntegreerde beroepsgrade, waaronder die in biblioteekkunde, aan sekere universiteite nog steeds twee ander vakke naas die beroepsvak tot op derdejaarsvlak geneem word. Besprekings oor hierdie benadering is baie skaars,[7] maar enersyds kan laasgenoemde opset ook as 'n moontlike gebrek aan vertroue in die vormende waarde van die beroepsvlak beskou word, terwyl dit andersyds waarskynlik terwille van die eenvormige standaard wat dit bied in die vorm van die ekwivalent van die getal kursusse vir 'n baccalaureusgraad, nagevolg word.

By ander beroepsrigtings, soos beplanning of maatskaplike werk, word nie alleen minder akademiese kursusse in die curriculum ingesluit nie, maar die nie-beroepsvakke word tot 'n hoë mate voorgeskryf sodat die

7) Vir 'n bespreking van die saak vergelyk *Fouche, B.* Die leergang by die opleiding van bibliotekarisse. M.Bibl.-verhandeling. Pretoria, 1968. p. 150-155.

student min geleentheid vir keusevakke het, wat inhou dat die beroepsopleiding eng gespesialiseerd is. Hierdie benadering vertoon ooreenstemming met die suiwer beroepsgerigte opleidingskursusse wat vroeër reeds vir geneeskunde, tandheelkunde of ingenieurswese daargestel is, hoewel die opleiding in laasgenoemde gevalle binne die raamwerk van 'n afsonderlike fakulteit plaasvind sodat al die leerstof op toegepaste wyse as 'n sorgvuldig geïntegreerde curriculum aangebied word.

Tensy daar dus as 'n voortvloeisel uit die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese se verslag 'n definitiewe beleid in dié verband neergelê word, mag die verskynsel van beroepsgerigte baccalaureusgrade sonder die komplement van 'n gewone graad se suiwer akademiese kursusse, 'n algemene praktyk in beroepsopleiding op universitêre vlak word.

Enige beroepsgemeenskap kan natuurlik, soos in die geval van die S.A. Biblioteekvereniging die afgelope jare, om spesifieke redes daarop aandring dat die beginsel van dieselfde getal akademiese kursusse as vir 'n gewone graad steeds gehandhaaf word, en die samewerking van die universiteite wat by opleiding betrokke is, probeer kry om die beginsel toe te pas. Dit is juis volgehoue druk van die S.A. Biblioteekvereniging wat tot die afskaffing van die driejarige grade in biblioteekkunde, wat deur die universiteite van Pretoria en Oranje-Vrystaat aangebied is, gelei het. In die plek van die driejarige grade het laasgenoemde twee universiteite nou vierjarige grade ingestel wat in die samestelling van hul curricula weereens van die beleidsrigting, soos tans deur die S.A. Biblioteekvereniging voorgestaan, afwyk, deurdat die beroepsinhoud doelbewus ten koste van die akademiese inhoud vermeerder is.[8)]

Die tyd het waarskynlik aangebreek dat die S.A. Biblioteekvereniging sy beleid betreffende die vereiste getal akademiese nie-beroepsgerigte

8) Vgl. tabel 21.

kursusse en die rol daarvan in die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers in oënskou moet neem.[9]

In paragraaf 7.1.1 is daar op gewys dat beroepsvakke wat op wetenskaplik gefundeerde wyse aangebied word vir die grootste gedeelte dieselfde vormende waarde as 'n studie van akademiese vakke kan hê. Daar is egter twee sake wat in die verband aandag moet kry, naamlik verkeerde praktyke in die organisasie en aanbieding van die graad in biblioteekkunde en die belang van vakkennis as integrale deel van die voornemende bibliotekaris en inligtingswerker se opleiding.

Die volgende praktyke het in die geval van die geïntegreerde graad in biblioteekkunde 'n negatiewe invloed op die vormende waarde van biblioteek- en inligtingkunde as beroepsvak. Suiwer tegniese leerstof en praktiese opleiding word op 'n vroeë stadium in die kursus, nog voordat die student enigsins 'n wetenskaplike basis in die vak het, aangebied, met die gevolg dat dit grotendeels op 'n meganiese aanleer van tegnieke en vaardighede uitloop. Voorbeelde is die universiteite van Oranje-Vrystaat en Suid-Afrika en tot 'n mate ook Stellenbosch,[10] wat die meer elementêre tegniese deel van katalografie reeds in die tweede studiejaar plaas. Dit is 'n neiging waarteen reeds in par. 7.1.1 gewaarsku is, naamlik dat met die geïntegreerde graad die deur geopen word vir die verheffing van die prakties-professionele tot die akademiese vlak.

Verder gee die probleem van hoe om die beroepsinhoud oor die verskillende jare versprei te kry, aanleiding tot praktyke wat geensins vir die vormende waarde van die beroepsvak bevorderlik kan wees nie, soos gevalle waar vakke of versnipper of in 'n enkele jaar saamgedruk word. Met verwysing na die vak leserkunde en boekkeuring kan inderdaad

9) 'n Ad hoc komitee is reeds aangewys om die *Standaarde vir biblioteekkundige opleiding* van die S.A. Biblioteekvereniging te hersien.

10) Bylae 16.

gevra word wie volg die regte benadering? Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat versprei die vak leserkunde en boekkeuring oor die eerste en die tweede jaar, Pretoria oor die tweede, die derde en die vierde jaar, terwyl die ander vier, Potchefstroom, die Randse Afrikaanse Universiteit, Stellenbosch en die Universiteit van Suid-Afrika dit in die vierde jaar aanbied.[11] In teenstelling met al die ander universiteite wat die vak katalografie oor meer as een jaar versprei, bied die Universiteit van Potchefstroom dit slegs in die derde jaar aan. Die standpunt van die meerderheid van die opleidingsinstansies is waarskynlik dat dit terwille van die ontplooiing van die vak katalografie noodsaaklik is om dit oor meer as een jaar te versprei. Die saambondeling van katalografie in die derde jaar in die Potchefstroomse graadkursus veroorsaak weer dat daar nie tyd beskikbaar is om enige ander beroepsvak of gedeelte daarvan in die derde jaar aan te bied nie, en daarom word die aanbieding van algemene biblioteekleer en dokumentasie na die tweede jaar onderbreek en eers in die vierde jaar weer voortgesit. 'n Soortgelyke onderbreking kom by die Universiteit van Suid-Afrika in die tweede jaar voor, maar hier word die belangrikste gedeelte van biblioteekbedryfskunde en dokumentasie dan in die derde en vierde jaar behandel. Ook die aanbieding van 'n vak soos biblioteekbedryfskunde vertoon heelwat variasies in die curricula van die verskillende universiteite.

Hierby word biblioteekkunde, en waar inligting- of ontsluitingskunde in verbinding daarmee voorkom, op 'n losse voet saam met enige verskeidenheid ander vakke in die curriculum vir die graad gekombineer sonder dat daar sprake van 'n wetenskaplik verantwoorde eenheid is.

Hierdie voorbeelde illustreer in watter mate die wyse waarop die verskillende universiteite die onderskeie beroepsvakke in hul kur-

11) Bylae 16.

susse organiseer en aanbied, skerp inwerk teen die ideaal om die beroepsvak vormend aan te bied. Daar behoort immers 'n onderskeibare patroon te wees in die logiese en progressiewe wyse waarop elke dissipline ontplooi word, asook 'n mate van eenstemmigheid betreffende die studiejaar waarin sekere dele van die leerstof, afhangende van die gevorderde aard daarvan, tuishoort. Hoewel daar 'n hoë mate van ooreenstemming in die inhoud van die dissiplines is,[12] is dit inderdaad moeilik om enige patroon aan te toon in die wyse waarop die leerstof by die verskillende universiteite in sillabusse gerangskik is en oor die verskillende jare versprei is.

Hierdie ontleding van praktyke wat in die geïntegreerde graad in biblioteekkunde aangetref word, dui daarop dat die vormende waarde van beroepsvakke, wat juis deur die wyse van aanbieding teweeggebring word, maklik tekort kan skiet en sodoende die vorming van die student kan benadeel. Daar kan egter met 'n mate van reg geredeneer word dat indien die samestelling van die beroepsgedeelte van die curriculum reg aangepak word en die beroepsvak werklik vormend aangebied word, dit nie noodsaaklik is dat die volle komplement aan akademiese kursusse van 'n baccalaureusgraad geneem hoef te word nie.

Benewens die vormende invloed wat van die studie van akademiese vakke uitgaan moet daarmee rekening gehou word dat die voornemende bibliotekaris en inligtingswerker in die uitoefening van sy beroep met kennis moet werk. Dit is daarom noodsaaklik dat hy, eerstens 'n oorsig van die hele gebied van kennis het, en tweedens 'n studie van een of meer basiese wetenskappe tot op minstens derdejaarsvlak gemaak het, wat hom in staat sal stel om aktiwiteite soos inligtingsontsluiting en -verskaffing met groter doeltreffendheid uit te voer. Indien

12) Vgl. bylae 17.

die verhoging van die beroepsinhoud van die curriculum ten koste van akademiese of basiese vakke te ver gevoer word, sal dit in 'n kollektiewe sin tot die verarming van die beroepsgemeenskap lei.

Die vraagstuk wat egter bly voortbestaan, is wat die getalsverhouding tussen die akademiese en die beroepskursusse vir die geïntegreerde graad behoort te wees nadat die beginsel van dieselfde getal akademiese kursusse as vir die gewone graad eenmaal verbreek is.

'n Derde probleem wat ook uit die vermeerdering van die beroepsinhoud van die saamgestelde graad voortspruit, is hoe om die beroepsinhoud van die hoër diploma gelykstaande aan dié van die graad te hou, soos dit veronderstel is om te wees. Onder huidige omstandighede is dit alreeds moeilik om die sillabusse van die hoër diploma in een jaar af te handel. Soos uit tabel 24 blyk, vereis die twee afsonderlike vakke, biblioteekkunde en inligtingkunde, wat Pretoria vir die graad aanbied, ses-en-twintig en 'n half lesure per week vir teorie en 13 uur vir prakties teenoor die hoër diploma se 16 lesure vir teorie en 6 uur vir prakties per week. Hoewel meer lesure vir die graad nodig sal wees omdat met jonger en onryp studente gewerk word en van die hoër diploma-student verwag kan word om vinniger te vorder, lyk die verskil van tien en 'n halwe lesure per week vir teorie en sewe uur vir prakties tussen die twee opleidingskursusse reeds na 'n bevoordeling van die graadstudent ten opsigte van die beroepsinhoud.

Enige vermeerdering van die beroepsinhoud van die vierjarige graad bo dié van die hoër diploma hou die moontlikheid in, soos uit die syfers vir Pretoria hierbo blyk, dat die hoër diploma gedegradeer kan word tot 'n tweederangse kwalifikasie of dat dit in 'n spoedkursus omskep word. Dit sal 'n ernstige fout wees, want dit is reeds gestel dat dit vir die residensiële universiteite feitlik prakties onmoontlik is om 'n saamgestelde beroepsgeoriënteerde baccalaureusgraad in meer as een fakulteit aan te bied. Die vermeerdering van die be-

roepsinhoud van die graad sal onvermydelik daarop afstuur dat die hoër diploma, wat onder andere die moontlikheid bied om die nodige vakverskeidenheid in biblioteek- en inligtingswerk te handhaaf, nie meer van 'n vergelykbare standaard, wat betref die beroepsgedeelte, sal wees nie, en daarom minder aftrek mag kry.

Ook die praktyk om die studietydperk van die hoër diploma in vergelyking met die graadstudie te verleng moet afgewys word, want daardeur word die diplomastudent gepenaliseer vir die onvermoë van die opleidingsinrigtings om hul vraagstukke op te los. So 'n verlenging van die hoër diploma se studietyd kan trouens ook as afskrikmiddel vir voornemende studente dien en behoort alleen toegepas te word indien dieselfde met die graadstudie gebeur.

Die belang van die hoër diploma blyk in 'n sekere sin uit die getal afgestudeerde studente, hoewel daar natuurlik veel minder inrigtings vir die graad oplei. Van 1964 tot 1972 het altesaam 790 persone die hoër diploma behaal teenoor die getal van 155 graadstudente. Op grond van die inligting in tabelle 25 en 26 kan die berekening van die gemiddelde produksie per inrigting meer vergelykbare gegewens oplewer. Vir die drie jare 1970, 1971 en 1972 het daar per inrigting gemiddeld 9, 12 en 15 studente 'n hoër diploma behaal en 6, 7 en 9 studente 'n graad in biblioteekkunde.

Die vraag is reeds gestel waarom twee basiese kwalifikasies op die hoër vlak van opleiding in biblioteek- en inligtingkunde aangebied word. Die opkoms van die graadopleiding moet toegeskryf word aan die feit dat dit meer statuswaarde het en die moontlikheid bied om die opleidingstydperk of te verkort of meer beroepsinhoud in dieselfde opleidingstydperk in te pas. Die blootstelling van die student aan beïnvloeding is ook heelwat langer. Die hoër diploma aan die anderkant is die tradisionele vorm van opleiding en is eintlik onmisbaar omdat dit 'n veelsydige toegangskanaal bied, nie alleen ten opsigte van vakverskei-

denheid, maar ook vir ervare persone en diegene wat gelyktydig wil werk en studeer.

Die gevolgtrekking wat uit hierdie bespreking betreffende die tweeledigheid van die basiese beroepsopleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika gemaak word, is dat, tensy dit prakties moontlik word om die tydsduur van die basiese opleiding van vier tot vyf jaar te verleng, beide die hoër diploma en die geïntegreerde beroepsgerigte graad behou sal moet word. Dit is verder die standpunt van hierdie ondersoeker dat beide as basiese beroepskwalifikasies beskou en gelykwaardig in stand gehou word. Die beroepsvereniging behoort egter vir homself uitsluitsel te verkry of dit noodsaaklik is dat die volle komplement van die akademiese kursusse vir 'n baccalaureusgraad as onderdeel van die beroepsgerigte graad geneem hoef te word, aangesien die beroepsvakke ook vormend aangebied kan word. Aan die anderkant sal daar teen gewaak moet word om die akademiese inhoud van die graad te veel te verlaag in 'n poging om die beroepsinhoud so volledig as moontlik te dek, want daardeur kom die vakkennis van die graadstudent en die posisie van die hoër diploma ernstig in gedrang. Die bepaling van die getal akademiese kursusse en die getalsverhouding tussen die akademiese en die beroepskursusse vir die geïntegreerde graad is 'n uiters moeilike probleem. Die benadering van die vraagstuk wat voorgestaan word, is dat die opleidingsinrigtings deur onderlinge samespreking, waarskynlik met behulp van die beroepsvereniging, 'n konsensus oor die saak probeer bereik in ooreenstemming met die eise van die tyd.

Ten slotte behoort die universiteite ernstige aandag te verleen aan die rasionalisasie in die aanbieding van lesings vir die hoër diploma en die graad sodat die lesings vir die twee opleidingskursusse nie ten volle geduplisseer hoef te word nie.

### *8.3.2.3 Inhoud van 'n algemene basiese opleidingskursus vir biblioteek- en inligtingswerk*

#### *8.3.2.3.1 Inleiding*

Die oorweging van die inhoudelike aspek van 'n algemene basiese opleidingskursus geskied in die eerste plek teen die agtergrond van die bevindinge van die derde hoofstuk oor die aard en omvang van biblioteek- en inligtingkunde as terreine van ondersoek en die moontlike verband tussen hulle. Daar is bevind dat tussen die aktiwiteite van biblioteek- en inligtingswerk geen basiese verskille bestaan nie, maar dat alleen graadverskille in die toepassing van die aktiwiteite aangetoon kan word. Die twee hooffunksies waarin die verskillende aktiwiteite gegroepeer kan word, is 'n inligtings- en 'n sosiale funksie.

In hoofstuk drie is verder bevind dat biblioteek- en inligtingkunde op die status van wetenskappe aanspraak kan maak, omdat hierdie twee terreine van ondersoek in proses is om kenwêrelde te konstrueer wat tot die konstituering van werkwêrelde sal bydra. Daar is ook aangetoon dat beide biblioteek- en inligtingkunde tot die breër terrein van die kommunikasie van inligting in die algemeen behoort, en dat daar persone is wat die daarstelling van 'n algemene en omvattende kommunikasiewetenskap, waardeur kommunikasie in alle moontlike verbande verklaar sal kan word, bepleit. So 'n omvattende wetenskap bestaan nog nie en daar is diegene wat die moontlikheid om dit daar te stel, in twyfel trek. Met die oog op opleiding van personeel word biblioteek- en inligtingkunde as 'n toegepaste wetenskap beskou wat die ontwerp, die installering en die instandhouding van inligtingontsluitingsisteme en prosesse, in hoofsaak vir indirekte kommunikasie via die rekord in al sy moontlike vorme, ten doel het.

'n Algemene basiese opleidingskursus volgens hierdie benadering sal in die eerste plek personeel vir operatiewe en ontwikkelingswerk lewer, terwyl voortgesette akademiese opleiding op die gevorderde vlak

meer spesifiek persone vir basiese en toegepaste navorsing sal voorberei.

In par. 4.3.2.2 van . ıerdie studie is na 'n uiteensetting van 'n program van beroepsopleiding verwys[13] wat, sover dit die opleidingsinhoud betref, die volgende komponente insluit: onderrig in die teorie wat aan die beoefening van die beroepsaktiwiteite ten grondslag lê, die bybring van die gespesialiseerde kennis en tegniese vaardighede wat kenmerkend van die beroep is en die algemene vorming van die beroepsmens. Die eerste en derde komponente handel merendeels oor die nie-beroepsvakke en word eerste bespreek.

*8.3.2.3.2 Nie-beroepsgedeelte van die curriculum*

Die teorie wat aan die beoefening van biblioteek- en inligtingswerk ten grondslag lê, word deur 'n groot verskeidenheid wetenskappe gelewer. Die aard en omvang van biblioteek- en inligtingkunde as toegepaste wetenskap word tot 'n hoë mate deur die vraagstukke waarmee dit te kampe het, bepaal. Hoewel biblioteek- en inligtingkunde self ook basiese navorsing kan en sal onderneem, maak dit in die ontwerp, die installering en die funksionering van inligtingsisteme, waar moontlik, van die bevindings en insigte van die basiese wetenskappe gebruik.

Die wetenskappe wat 'n bydrae tot die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers kan lewer, word aan die hand van 'n indeling deur Fouche onderskei in voedende, verwante en ondersteunende wetenskappe.[14] Die voedende wetenskappe lê ten grondslag aan die praktyk en dien as groeibodem vir die bestaande beroepsvakke en lewer steeds insigte en gegewens vir die uitbouing van die vakdis-

13) *McGrath, E.J.* The ideal education for the professional man. (*In:* National Society for the Study of Education. Committee on Education for the Professions. Education for the professions. Chicago, 1962. p. 283-301).

14) *Fouche,* op. cit., p. 157-167.

siplines. Van die vernaamste wetenskappe wat genoem kan word is kultuurgeskiedenis, sosiologie, sielkunde, logika en wiskunde. Daar is verskillende redes waarom hierdie vakke nie maar bloot net as komponente in die curriculum opgeneem kan word nie.[15] Afgesien daarvan dat die tyd dit nie toelaat nie en groot gedeeltes van die betrokke wetenskappe nie vir beroepsopleiding van direkte belang is nie, is dit vir die student baie moeilik om die implikasies van die basiese kennis vir sy eie beroep sonder meer in te sien. Dit is die taak van die beroepsopleiding om voortdurend die kennis en insigte van die basiese wetenskappe in terme van die problematiek van biblioteek- en inligtingswerk te interpreteer en in die bestaande vakverband te integreer. Daar kan met Fouche saamgestem word dat dit die aangewese weg is om die biblioteek- en inligtingkunde op die basis van die voedende wetenskappe as toegepaste wetenskap uit te bou.

Verwante wetenskappe het ook met die probleem van inligtingsoordrag te make, maar is met ander aspekte daarvan gemoeid en kan juis om daardie rede 'n bydrae tot die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers lewer. Die vernaamste verwante wetenskappe is museumkunde, argiefkunde, rekenaarwetenskap, reprografie, administratiewe outomatisasie, publiseerkunde, reklamekunde en perswetenskap.

Kommunikasiekunde hoort waarskynlik ook hier tuis, maar daar is reeds op gewys dat 'n omvattende inligtings- of kommunikasiewetenskap in vooruitsig gestel word wat inderdaad 'n basiese wetenskap sal wees. Daar is ook aangetoon dat so 'n omvattende wetenskap nog nie bestaan nie en as dit in aansyn geroep kan word, behoort dit eerder onder die eersgenoemde groep as 'n voedende wetenskap geklassifiseer te word. Waar kommunikasiekunde wel aan Suid-Afrikaanse universiteite aangebied word, het dit 'n bepaalde oriëntering, byvoorbeeld 'n

15) Ibid., p. 160.

sielkundige, 'n sosiologiese of 'n perswetenskaplike. In die lig van hierdie onbepaalde karakter van bestaande kursusse in kommunikasiekunde lyk dit gewens om dit liefs nie as 'n verwante wetenskap te beskou nie en om eerder toepaslike stof binne die raamwerk van die biblioteek- en inligtingkunde aan te bied. Dieselfde benadering geld eintlik ook ten opsigte van die ander verwante wetenskappe wat hierbo genoem is, hoofsaaklik omdat die tyd in die basiese opleiding daarvoor ontbreek en nie al die wetenskappe reeds voldoende ontwikkel het nie. Reprografie of dele daarvan kom in sommige van die opleidingskursusse voor, en van die universiteite, soos die Randse Afrikaanse Universiteit, bied vraestelle in museum- en argiefkunde op nagraadse vlak aan.

Die ondersteunende wetenskappe is daardie wetenskappe wat bevindings lewer wat op bepaalde aspekte van die beroepstoerusting van bibliotekarisse en inligtingswerkers van toepassing is. Onderlegdheid in vakke soos die linguistiek, die betekenisleer en die logika kan grootliks bydra tot 'n beter insig in probleme wat by inligtingsontsluiting ervaar word. Sekere ondersteunende vakke soos statistiese metodes, operasionele navorsing en aspekte van die wiskunde lewer nie soseer 'n inhoudelike bydrae tot die beroepsopleiding nie, maar rus die student toe met kennis betreffende die navorsingsmetodologie. 'n Deeglike gebruikskennis van een of meer moderne tale buiten Afrikaans en Engels is vir doeltreffende ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting nie alleen 'n bate in biblioteek- en inligtingswerk maar feitlik 'n noodsaaklikheid.

Ten slotte kan enige wetenskap as 'n ondersteunende vak in die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers beskou word, omdat dit kennis bybring wat onontbeerlik is vir onderwerpsontleding in die geval van indeksering en klassifikasie-in-diepte asook in die opsporing, die evaluering en die beskikbaarstelling van inligting vir gebruikers. Hoewel dit 'n feit is dat baie praktisyns, met byvoorbeeld

'n geesteswetenskaplike agtergrond, daarin geslaag het om deur selfstudie so 'n mate van kennis van 'n ander vakgebied, byvoorbeeld 'n natuurwetenskap, te verwerf dat hulle met groot sukses daarin kon diens lewer, is formele opleiding in 'n vakrigting verkieslik. In die verband stel Fouche 'n pertinente vereiste wat van veel waarde is, naamlik dat hierdie laaste kategorie ondersteunende vakke uit die basiese wetenskappe gekies behoort te word omdat dieselfde basiese wetenskappe die voedende wetenskappe van 'n verskeidenheid ander toegepaste wetenskappe is.[16] Sodoende verwerf die toekomstige bibliotekaris of inligtingswerker 'n baie breër basis met die oog op die ontsluiting en die beskikbaarstelling van inligting as wat die geval sou wees indien hy vakke soos kriminologie, maatskaplike werk, perswetenskap of drama- en toneelkunde bestudeer het. Hierdie bepaling geld dus spesifiek wanneer die addisionele akademiese vakke wat saam met die beroepsvakke geneem moet word, oorweeg word.

Die derde komponent van 'n program vir beroepsopleiding is die algemene vorming van die beroepsmens. Soos in hoofstuk vier aangetoon bestaan daar vandag 'n sterk bewustheid onder leiers in beroepe en professies dat die beroepspraktisyn oor die nodige sosiale begrip moet beskik om sy beroep in die beste belang van sy medemens te kan beoefen en in sy persoonlike hoedanigheid ook 'n positiewe bydrae in sy gemeenskap te kan lewer. Met die oog hierop word in die curriculum van die suiwer beroepsgeoriënteerde opleidingsprogramme, byvoorbeeld ingenieurswese, spesifiek vir 'n persentasie algemeen vormende kursusse voorsiening gemaak.[17] In 'n onlangse verslag oor die opleiding van ingenieurs in Suid-Afrika word die belang van algemeen vormende studies ook sterk beklemtoon.[18]

16) Ibid., p. 166-167.

17) *McGrath*, op. cit., p. 293.

18) *Suid-Afrika* (Republiek). Hoër Onderwys, Dept. van. Kommissie van Ondersoek na die Metode van Opleiding vir Universiteitsgrade in Ingenieurswese. Report, part III: The education and training of the engineer. Pretoria. 1969 p. 153-155.

Wat onder die vorige paragraaf oor ondersteunende vakke gesê is, hou in dat suiwer akademiese vakke alreeds in die curriculum vir biblioteek- en inligtingswerk opgeneem word, en daar is op gewys dat die beroepsvakke van biblioteek- en inligtingkunde ook vormend aangebied kan word. Op die wyse word daar voldoende geleentheid vir algemeen vormende studie voorsien.

Uit die voorafgaande blyk dat ondersteunende vakke soos die linguistiek, die betekenisleer, die logika, statistiese metodes en tale liefs deel van die curriculum vir opleiding in biblioteek- en inligtingswerk behoort uit te maak en dat aspekte van vakke soos rekenaarwetenskap, reprografie en elektroniese dataprosessering ook ingewerk kan word.

Die probleem is egter dat waar van die genoemde vakke nog in die curriculum van die vierjarige graad opgeneem kan word, dit in die geval van die hoër diploma, waar die kandidaat reeds 'n graad verwerf het, nie moontlik is nie. Die moontlike aanbieding van beroepsopleiding in die vorm van 'n tweede baccalaureusgraad kan ook in die opsig geleentheid bied om relevante leerstof uit die verwante en die ondersteunende wetenskappe meer doelgerig in die curriculum op te neem.

*8.3.2.3.3 Beroepsgedeelte van die curriculum*

Die tweede komponent van beroepsopleiding, soos hierbo aangetoon, omvat die bybring van die gespesialiseerde kennis en die tegniese vaardighede wat kenmerkend van 'n beroep is, en kan weer in teoretiese en praktiese aspekte geskei word. Die teoretiese word in hierdie paragraaf en die praktiese in 'n volgende paragraaf behandel.

In die lig van die bevindings in hoofstuk vier moet 'n algemene basiese opleidingskursus daarop gerig wees om personeel te lewer wat in die grondslae van biblioteek- en inligtingswerk onderlê is. Verder is dit die oogmerk van so 'n kursus om in die eerste plek persone as die

beoefenaars van 'n geleerde beroep en nie as basiese wetenskaplikes nie, soos die tendens in die Verenigde State is, op te lei. Daarby het dit geblyk dat een derde van die respondente in die opname oor opleidingsbehoeftes, wat hoofsaaklik kleiner biblioteke en inligtingseenhede verteenwoordig, persone met 'n basiese opleiding as geskik vir die eise van hul diens beskou. Aan die ander kant is daar die nasionale en universiteitsbiblioteke en enkele groter openbare en gespesialiseerde biblioteke en inligtingsdienste, wat reeds die behoefte aan personeel met meer gespesialiseerde opleiding uitspreek.

In die oorsig van tendense in die opleiding in ander lande in hoofstuk vier het aan die lig gekom dat heelparty gespesialiseerde opleidingskursusse in inligtingswerk, hoofsaaklik met 'n natuurwetenskaplike benadering, reeds ontwikkel het, maar dat werklike geïntegreerde basiese opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk, skaars is. Die tendens is eerder om by die bestaande tradisionele programme vir bibliotekarisopleiding keusevraestelle oor nuwere ontwikkelinge te voeg of om 'n afsonderlike gespesialiseerde kursus aan te bied.

By die bepaling van die hooftrekke van die beroepsinhoud van die curriculum word uitgegaan van biblioteek- en inligtingkunde as 'n toegepaste wetenskap. Die biblioteek- en inligtingkunde is daarop ingestel om gegewens te versamel met die oog op die uitvoering van handelinge wat 'n bepaalde resultaat wil bereik, en dit hou in dat die omvang en aard daarvan as wetenskap deur die praktiese probleme waarop dit gerig is, bepaal word. Daar is bevind dat die kernprobleem van die biblioteek- en inligtingkunde die proses van inligtingsoordrag is, en simplisties gestel, beteken dit dat drie hoofterreine onderskei kan word: inligting, die wyse waarop dit oorgedra word en die ontvanger of gebruiker van die inligting.

Inligting is net soos elektrisiteit 'n basiese verskynsel wat moeilik konkreet verklaar kan word, maar wat in terme van sy eienskappe en

uitwerkings omskryf kan word. Die voorstanders van die suiwer teoretiese benadering in inligtingkunde, soos in die Verenigde State, bestee heelwat aandag aan inligting as basiese verskynsel en die kommunikasieprosesse waardeur dit plaasvind. Dit omvat 'n studie van die fisiese en semantiese kenmerke van inligting, asook van die kenmerke van die literatuur, soos die groei van kennis of die verspreiding van idees, en ten slotte ook 'n studie van die gedrag van die gebruikers van inligting. Hierdie sake is relevant vir die opleiding in biblioteek- en inligtingkunde, maar met die oog op die kort opleidingstydperk, behoort die klem nie so sterk op die basiese aspekte van inligting nie, maar eerder op die toegepaste aspekte daarvan te val. Daarom word die studie van inligting grotendeels op die uitwendige manifestasie daarvan, naamlik die verskillende vorms van die rekord of dan inligtingsbronne, dokumentêr en nie-dokumentêr, gerig. Dit sluit in 'n studie van die oorsprong, aard en kenmerke van inligtingsbronne en die oogmerke waarmee dit gebruik word.

Die tweede terrein omvat 'n studie van die wyse waarop inligting oorgedra word, dus van inligtingsisteme, en in terme van biblioteek- en inligtingkunde beteken dit in hoofsaak inligtingsontsluitingsisteme. Die funksies van inligtingsisteme wat bestudeer word, omsluit die verkryging, ordening en ontsluiting, herwinning en disseminasie van inligting asook die bedryfs- of die organisasie- en bestuursaspekte wat daarmee saamhang. Beide menslike taal en masjientaal speel 'n prominente rol in die aktiwiteite wat hier ter sprake is. Die menslike taal in verband met die ontsluiting van inligting en masjientaal in verband met outomatisering. Daarom sal kennis en insigte van terreine soos die linguistiek, die betekenisleer en die wiskundige wetenskappe in hierdie deel van die kursus van besondere betekenis wees.

Die derde terrein is 'n studie van die gebruikers van inligting, hul motiewe en die wyse van gebruik van die rekord en die gevolge daarvan. Dit is inderdaad die aspek van die opleidingsinhoud waaroor dit

minste bekend is en waaroor nog veel nagevors moet word. Nietemin kan nou reeds aandag verleen word aan kategorieë van gebruikers van biblioteke en inligtingsdienste en hul inligtingsbehoeftes. Hierdie aspek van opleiding het 'n definitiewe psigologiese en sosiologiese inslag, en daarom sal kennis en insigte uit die sosiale psigologie en die groepsdinamika in die leerstof opgeneem kan word.

In die lig van die voorafgaande ontleding van die terrein van biblioteek- en inligtingkunde word die volgende komponente van die curriculum vir die bybring van die beroepsbevoegdhede van bibliotekarisse en inligtingswerkers kortliks getipeer, maar dit moet nie noodwendig as afsonderlike dissiplines geïnterpreteer word nie.

1. Teorie van biblioteek- en inligtingkunde – die filosofie, die grondslae en die vernaamste vraagstukke van biblioteek- en inligtingkunde; die rol van die bibliotekaris en die inligtingswerker in die gemeenskap; en die waarde en die betekenis van biblioteke en ander inligtingsisteme.

Hierdie komponent vorm die kern van die beroepsgedeelte van die curriculum en die resultate van die prinsipiële besinning oor sake soos kommunikasie en die mens, kultuur en die menslike samelewing, kennis en inligting asook die rol van die biblioteek- en inligtingswese in die verband, behoort as die grondslag by die bestudering van die ander komponente te dien.

2. Bronne van inligting of die rekord in sy verskillende vorme – die ontstaan en ontwikkeling asook die aard, vorme en funksie van die rekord; meer spesifiek die verband tussen die rekord en kommunikasie en die rekord en die wetenskap; en die versameling en bewaring van die rekord en van inligting.

In terme van bestaande kursusse omvat hierdie komponent 'n studie van die historiese bibliografie, van alle tipes inligtingsbronne en van

die uitbouing van versamelings van inligtingsbronne. As sodanig sal dit noue bande vertoon met die volgende komponent.

3. Die gebruiker van die rekord en van inligting – motiewe met die gebruik, die gebruik van die rekord en van inligting en die resultaat van die gebruik; meer spesifiek word onderskei tussen die mens as leser/gebruiker en die mens as student en navorser.

In terme van bestaande kursusse word hier na leserkunde en wetenskapkunde verwys en die resultate van hierdie kursusse sal belangrike insigte bied met die oog op die keuring en versameling van materiaal wat hierbo vermeld is, en ook vir die ontsluitingsleer wat met die menslike faktor moet rekening hou.

4. Die ontsluiting van inligting – identifikasie, beskrywing, ontleding en bibliografiese beheer van rekords en van inligting.

Hieronder word ingesluit 'n studie van die bibliografiese hulpmiddels wat by ontsluiting van inligting gebruik word sowel as die teorieë, tegnieke, metodes en stelsels wat onder katalografie en inligtingkunde ingesluit word.

5. Inligtingsdiens en die kommunikasie van inligting – opsporing, herwinning en disseminasie van inligting.

Hierdie komponent dek die aspekte van opleiding wat met die beantwoording van navrae en die disseminasie van inligting gemoeid is, maar veronderstel ook 'n studie van die vloei van inligting in verskillende gemeenskappe en vertoon so noue bande met die tweede, derde en vierde komponente.

6. Die bedryfsaspekte van inligtingsisteme – die beplanning en daarstelling van organisasiestrukture vir die funksionering van inligtingsisteme; interne organisasie en bestuur; owerheidsbeheer; huisvesting; problematiek van dienslewering aan verskillende groepe; outomatisering; evaluering van inligtingsisteme en biblioteek- en inligtingsnetwerke.

In die voorafgaande gedeelte is geen gedetailleerde sillabusse vir die onderskeie komponente voorgestel nie, en in die opname van die departemente biblioteekkunde se opleidingsprogramme is ook geen gedetailleerde ontleding van hul sillabusse gedoen nie. In bylaes 15 en 16 word wel 'n opgawe van sillabusse aangegee soos dit in universiteitsjaarboeke voorkom. Aan die hand hiervan word sekere algemene opmerkings in verband met die opleidingsinhoud gemaak.

In par. 7.2.4.2 is vasgestel dat die leerstof wat deur die verskillende universiteite op die basiese of die hoër vlak aangebied word, in hoofsaak in vyf onderdele gegroepeer kan word, naamlik biblioteekbedryfskunde (waaronder aspekte van teoretiese biblioteekkunde ingesluit word), katalografie, dokumentasiekunde, leserkunde en historiese biblioteekkunde. Terwyl die hoë mate van ooreenstemming in die opleidingsinhoud bevorderlik is vir die uitbouing van die eenheid van die beroep, word met Fouche saamgestem dat 'n te strenge afbakening van die leerstof in afsonderlike dissiplines juis die eenheidskonsepsie kan benadeel.[19] 'n Ter sake voorbeeld van die effek van so 'n skeiding in dissiplines is die huidige praktyk wat by die meeste universiteite gevolg word om die leerstof wat oor die ontsluiting van inligting handel in twee vakke, katalografie en dokumentasiekunde, te verdeel en die student daarom juis probleme ondervind om kennis van inligtingsontsluiting, wat onder katalografie opgedoen is, in dokumentasie toe te pas. Die Randse Afrikaanse Universiteit is die enigste universiteit wat hierdie terrein tans as een komponent behandel. Die universiteite van Oranje-Vrystaat en Pretoria het weliswaar dieselfde leerstof uitgelig en respektiewelik as ontsluitingskunde en inligtingkunde in afsonderlike vakke naas biblioteekkunde vir die saamgestelde graad georganiseer. Daar is in die studie aangetoon dat biblioteek- en inligtingkunde *as toegepaste wetenskap* basies dieselfde terrein dek, en daarom hou

19) *Fouche,* op. cit., p. 154-155.

sodanige verdeling van die beroepsleerstof in afsonderlike vakke die gevaar in dat die kunsmatige skeiding wat tussen biblioteek- en inligtingkunde in sommige kringe voorgestaan word, juis beklemtoon word.

'n Saak wat uit die voorgenoemde vraagstuk voortvloei, is die benaminge wat vir die onderskeie komponente van die leerstof gebesig word. Die gegewens in bylae 17 bevestig die groot verskeidenheid vakbenaminge, wat ongetwyfeld beklemtonings deur die onderskeie opleidingsinrigtings weerspieël, maar die vraag is of dit inderdaad nodig is. Is dit nie in belang van beroepsopleiding dat 'n groter mate van eenvormigheid in vakbenaminge teweeggebring word nie?

Meer spesifiek is daar die probleem met die naam van die beroepsvak in die saamgestelde graad of in die naam van die hoër diploma. Die meeste universiteite gebruik ***biblioteekkunde*** as die vakbenaming. In sommige gevalle word reeds heelwat leerstof, wat elders as inligtingkunde bekend mag staan, byvoorbeeld nie-konvensionele metodes van indeksering, daaronder ingesluit. Die standpunt wat deur sommige ingeneem word,[20] is dat biblioteekkunde inligtingkunde insluit, dus dat biblioteekkunde die oorspronklike en omvattende begrip is. Uit die historiese oorsig het dit inderdaad geblyk dat biblioteekkunde baie wyer geïnterpreteer kan word as wat in die reël gebeur, maar dit is ook 'n feit dat ***inligtingkunde*** as 'n begrip 'n wyer betekenis verwerf het en dat sy voorstanders waarskynlik meer dikwels en met groter sukses die omvang van die terrein aangetoon het. In hoofstuk drie is bevind dat 'n onderskeid moontlik is tussen 'n beoogde basiese inligtingswetenskap, wat in die Verenigde State as inligtingkunde bekend staan, en 'n toegepaste wetenskap, waarvoor benaminge soos biblioteekkunde of inligtingkunde ook gebesig word.

20) Vgl. byvoorbeeld die standaarde vir opleiding van die American Library Association. Revised standards for accreditation. *American libraries* 2: 959, 1971.

Die situasie skep verwarring, maar biblioteekkunde sal nooit algemene erkenning as die omvattende terrein verwerf nie, terwyl inligtingkunde alleen ook nie vir 'n geïntegreerde kursus, soos hier voorgestaan word, aanvaarbaar is nie. 'n Nuwe benaming wat begin veld wen is *informatica*, wat meer internasionaal van aard as die twee genoemde terme is. In hierdie studie word by die saamgestelde begrip, *biblioteek- en inligtingkunde*, as benaming vir die toegepaste wetenskap, wat met die proses van inligtingsoordrag gemoeid is, gehou.

Derdens is die algemene indruk dat by minstens die helfte van die universiteite die klem nog hoofsaaklik op die konvensionele biblioteekwese val, en dat nog weinig van die nuwe ontwikkelinge op inligtingsgebied in hul leerplanne weerspieël word. Die gebrek kan veral op die terreine van die katalografie en in 'n mate in dokumentasiekunde, die komponente wat met die ontsluiting van inligting te make het, aangetoon word.

Vierdens word die behoefte aangevoel dat meer aandag bestee moet word aan die uitbouing van 'n sentrale komponent wat as begronding van die terrein wat bestudeer word, kan dien. So 'n kursus, hetsy dit 'n inleiding tot of grondslae of teorie van biblioteek- en inligtingkunde genoem word, moet 'n breedopgesette oriëntering bied ten opsigte van die wese, die aard en die oogmerke van die beroep en van die wetenskap waarop dit berus, sodat die plek daarvan binne die kennisgeheel en die verband met ander kennisterreine duidelik blyk. Ook die rol en die betekenis van die beoefenaars van biblioteek- en inligtingswerk moet duidelik belig word. Hierdie inleiding behoort nie 'n onderdeel van biblioteekbedryfskunde te wees nie omdat dit 'n meer fundamentele betekenis het as die terrein wat deur die bedryfsaspek gedek word. Die opleidingskursusse van die Randse Afrikaanse Universiteit en Stellenbosch sluit onderdele in wat aan hierdie vereiste voldoen.

Vyfdens is dit opvallend dat die vraagstuk van die gebruiker van die

rekord en van inligting in die meerderheid van die opleidingskursusse nie voldoende aandag kry nie. 'n Veel grondiger studie moet van die mens as gebruiker van inligting in verskillende lewensverbande gemaak word. Dit sal wissel van die mens as leser in die sosiale biblioteek tot die basiese wetenskaplike en tegnoloog wat deur sterk inligtinggeoriënteerde organisasies bedien word, en dit moet ook die lees- en inligtingsbehoeftes van bepaalde groepe insluit. Hierdie problematiek word reeds aangepak in kursusse oor leserkunde en wetenskapkunde deur die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit, maar ook hulle kursusse kan verder uitgebou word. Die bestudering van die gebruikers van inligting behoort belangrike insigte en kriteria vir die keuring van materiaal en die uitbouing van die versamelings op te lewer.

Wetenskapkunde het egter nie net betekenis in terme van die gebruiker nie, maar dit verskaf ook 'n belangrike onderbou vir ontsluitingsleer en inligtingsdiens omdat die groei, ontwikkeling en ordening van die wetenskappe daarin belig word.

Hierdie ondersoeker is van mening dat die aanbieding van 'n algemene basiese opleidingskursus met 'n opleidingsinhoud volgens die hooftrekke wat hier geskets is, en met inagname van die opmerkings oor bestaande kursusse, wat hier weergegee is, beswaarlik in een jaar sal kan geskied. Vanweë die eis dat die graad en die hoër diploma gelykwaardig instand gehou moet word en die feit dat dit op hierdie stadium nie gewens is om die opleidingstydperk vir bibliotekarisse en inligtingswerkers te verleng nie, is daar twee sake waaraan aandag verleen behoort te word. Die een is dat prioriteite noodwendig bepaal sal moet word, sodat die kursus in een jaar aangebied kan word. In die Verenigde State word 'n vak soos historiese biblioteekkunde vandag byvoorbeeld hoofsaaklik as 'n keusevraestel aangebied.[21]

21) Vgl. tabel 1.

Verder blyk dit dat sommige universiteite nog heelwat tyd aan konvensionele katalogisering en klassifikasie bestee. Nuwere ontwikkelinge in die verband dui daarop dat minder tyd aan die konvensionele en meer tyd en aandag aan die nie-konvensionele metodes en stelsels van inligtingsontsluiting gegee behoort te word.

Ten slotte is dit duidelik dat min of geen tyd vir spesialisering in hierdie oorvol basiese kursus oorbly nie. Soos later blyk, bied gevorderde nagraadse opleiding 'n mate van 'n oplossing in dié verband.

*8.3.2.4 Die plek van praktiese opleiding in die curriculum*

*8.3.2.4.1 Inleiding*

In par. 7.2.4.3 en 7.2.4.4 is vasgestel dat praktiese opleiding in sy verskillende fasette nog 'n wesenlike deel van feitlik al die universiteite se opleidingsprogramme op die hoër vlak uitmaak. In hoofstuk vyf oor die historiese ontwikkeling van bibliotekarisopleiding is weliswaar aangetoon dat die tendens in Suid-Afrika is om van 'n tegnies-georiënteerde na 'n meer akademies-professionele opleiding oor te skakel. In hoofstuk vier onder par. 4.4.2.5 is tot die gevolgtrekking gekom dat die balans tussen die teoretiese en praktiese komponente van die curriculum gehandhaaf en dat teen die moderne neiging om die opleiding te akademies in te stel, gewaak moet word. Hoewel die teoretiese begronding van die student en sy vorming tot 'n wetenskaplike beroepsmens van primêre belang is, is dit ook die taak van die beroepsopleiding om die student die gespesialiseerde kennis, wat sy beroep van ander beroepe onderskei, by te bring en hieronder word die vermoë om sy kennis te kan toepas, ingesluit. In die meeste gevalle is die opleidingsperiode nie lank genoeg om vlotheid in die beoefening van beroepsvaardighede te bereik nie, maar die student behoort die nodige oriëntering in die uitvoering daarvan te ontvang. Die verdere afronding in die toepassing van tegnieke behoort eers plaas te vind nadat die student tot die praktyk toegetree het, en dit word tewens dwarsdeur sy

loopbaan voortgesit.

Die inligting in par. 6.5 het getoon dat indiensopleiding as metode van voortgesette opleiding in Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste relatief swak ontwikkel is en dat hoofde van inrigtings terdeë bewus is van die behoefte van hul personeel om deel te hê aan vorms van voortgesette opleiding soos kort kursusse. Daar is egter ook op gewys dat die groot persentasie vroulike werknemers 'n hoë personeelomset tot gevolg het en dat inrigtings daarom waarskynlik 'n gebrek aan ervare personeel sal ondervind wat 'n belemmerende faktor in die ontwikkeling van indiensopleiding is.

Verder het Suid-Afrika nog baie kleiner biblioteke en eenhede vir inligtingswerk, wat dui op 'n behoefte aan personeel wat 'n voldoende mate van praktiese opleiding ontvang het om hul werk vanaf die begin sonder leiding te kan doen. Pas afgestudeerdes met 'n oorwegende akademiese vorming sonder die nodige praktiese opleiding mag dit uiters moeilik vind om onder sulke omstandighede aan te pas en om hul vorming as beroepsmense op gebalanseerde wyse voort te sit.

*8.3.2.4.2 Praktiese opleiding gedurende klastye*

Die inligting in par. 7.2.4.3.2 en tabel 21 het getoon dat praktiese opleiding gedurende klastye deur al die universiteite in katalografie op die hoër vlak aangebied word. In die geval van die Universiteit van Stellenbosch word vir die graadstudente soveel as 8 uur, naamlik 2 uur in die tweede jaar, 4 uur in die derde jaar en 2 uur in die vierde jaar, per week aan praktiese opleiding in katalografie bestee, terwyl van die ander universiteite van 3 lesure of ongeveer 2 uur tot 4 uur per week praktiese katalografie aanbied. 'n Ander vak waar redelik algemeen vir praktiese opleiding voorsiening gemaak word, is dokumentasiekunde. Die Universiteit van Pretoria bestee in die geval 6 uur per week aan praktiese opleiding vir die graad, terwyl 'n verdere 3 uur per week aan prakties vir die vak wetenskapkunde deur dieselfde

universiteit afgestaan word.

Met hierdie voorsiening vir praktiese opleiding gedurende klastye kan nie fout gevind word nie, trouens dit is hierdie ondersoeker se standpunt dat weeklikse praktika van ongeveer 4 uur vir katalografie en 2 uur vir dokumentasiekunde as 'n minimum beskou moet word. Twee sake vereis in dié verband die aandag, naamlik, eerstens die uiterste belang daarvan dat die praktika onder gunstige toestande moet plaasvind. Elke opleidingsdepartement behoort oor 'n lokaal te beskik, waarin al die studente vir praktika onder toesig van die vakdosent kan byeenkom. Al die nodige apparaat, materiaal, modelle en voorbeelde moet sover moontlik hier saamgetrek word. Die S.A. Biblioteekvereniging het reeds enkele jare gelede 'n memorandum aanvaar, waarin die noodsaaklikheid van 'n laboratorium vir praktika gestel word, en die memorandum en sy aanbevelings is onder die aandag van die opleidingsinstansies gebring. Hier kan die student onder die voortdurende leiding en toesig van sy dosent leer om teoretiese beginsels prakties toe te pas en kan toepassings van tegnieke en prosesse uit die werklike praktyk, waarmee hy nie so geredelik in praktiese werk of ervaringsdiens te doene kry nie, gesimuleer word.

Tweedens het slegs drie universiteite, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit en Witwatersrand, pertinent aangetoon dat hul studente ook praktiese opleiding in nie-konvensionele metodes van inligtingsontsluiting ontvang. Uit die antwoorde van die ander universiteite blyk dat hulle nog in hoofsaak konvensionele katalogisering en klassifikasie beklemtoon. Die noodsaaklikheid daarvan om in die basiese opleiding meer aandag aan nie-konvensionele inligtingswerk te wy, bring mee dat ook in die praktiese opleiding meer tyd aan nuwere indekseringsmetodes, abstrahering, ens. bestee moet word.

*8.3.2.4.3 Ervaringsdiens of praktiese werk buite klastye*

Die algemene indruk wat uit die antwoorde van die opleidingsinrig-

tings oor ervaringsdiens verkry is, is dat dié aspek van praktiese opleiding nog geensins tot sy reg kom nie. Na aanleiding van die oorsig van praktiese opleiding in par. 4.4.2.5 is die standpunt van hierdie ondersoeker dat praktiese werk of ervaringsdiens 'n wesenlike deel van enige program vir beroepsopleiding moet uitmaak. Die meerderheid van die universiteite wat by opleiding gemoeid is, openbaar dieselfde siening, hoewel die uitvoering van ervaringsdiens nie op 'n vaste grondslag georganiseer is nie en twee universiteite dit afgeskaf het.

Dieselfde redes wat deur die universiteite van Pretoria en Suid-Afrika aangegee is vir die staking van hul ervaringsdiens moet waarskynlik in die algemeen ook vir die gebrek aan 'n definitiewe patroon in die aanbieding van hierdie vorm van opleiding verantwoordelik gehou word. Hul vernaamste besware is dat die studente nie sinvolle ervaring opdoen nie en, omdat die opleidingsinrigtings geen beheer oor dié vorm van opleiding het nie, kan hulle nie veel doen om die gehalte van ervaringsdiens te verbeter nie.

Die hele problematiek van ervaringsdiens moet in die eerste plek teruggevoer word na die feit dat nog geen vaste verstandhouding tussen die opleidingsinstansies en die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika betreffende die saak tot stand gebring is nie. Vir die uitbouing van ervaringsdiens as vorm van opleiding sal 'n nouer skakeling en 'n goeie wedersydse begrip tussen universiteit en praktyk tot stand gebring moet word. Baie van die persone in die praktyk het nie die regte siening van die belangrikheid van ervaringsdiens in beroepsopleiding en hul verantwoordelikheid in verband daarmee nie. Dit is egter nie net die taak van die universiteite alleen om die gesindhede te verander nie, die beroepsvereniging moet hierin 'n leidende rol speel.

Weens die onderontwikkelde staat waarin praktiese werk of ervaringsdiens in die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika

verkeer, is die eerste belangrike stap wat geneem moet word, die aktivering van die beroepsvereniging om by die hoofde en owerhede van biblioteke en inligtingsorganisasies begrip vir en samewerking in verband met ervaringsdiens te verkry. Indien vordering hiermee gemaak word, moet die opleidingsinstansies van hulle kant voortgaan om 'n meer definitiewe verstandhouding met biblioteke en inligtingsafdelings op te bou, sodat die studente doelgerig ingespan word en daar verslag oor die student se optrede gelewer word. Hiermee word nie vir sogenaamde „opleidingsbiblioteke" voorspraak gemaak nie, want 'n verskeidenheid van tipes biblioteke is vir ervaringsdiens nodig en daarby fluktueer studentetalle te veel van jaar tot jaar om slegs 'n sekere aantal individuele biblioteke in so 'n saak te betrek. Opleidingsinrigtings in dieselfde area behoort wel saam te beplan sodat individuele biblioteke nie oorbelas word nie.

Verder is dit ook twyfelagtig of dit ooit moontlik sal wees om die ideaal te bereik waar die opleidingsinstansies volle beheer oor ervaringsdiens in biblioteke en inligtingsdienste sal verkry. Hoewel hierdie gebrek altyd probleme sal oplewer, is dit nie voldoende rede om ervaringsdiens as deel van die beroepsopleiding daarom af te skaf nie.

Benewens die uitbouing van die onderlinge samewerking tussen die opleidingsinrigtings en die praktyk, kan eersgenoemde ook ander stappe neem om die huidige situasie te verbeter. Afgesien daarvan of 'n verslag oor die student deur die biblioteek waar hy ervaringsdiens gedoen het, ingelewer word, is dit noodsaaklik dat die student voor die aanvang van die ervaringsdiens deur die dosent daaromtrent georiënteer sal word. Waar moontlik, is dit ook baie wenslik dat kontak en bespreking tussen dosente en studente gedurende die ervaringsdiens sal plaasvind. Dit is egter noodsaaklik dat die student se ervaring na die tyd ook weer met hom behandel word. Een manier om die saak aan te pak, is om, soos die Randse Afrikaanse Universiteit, van die

student te verwag om 'n verslag oor sy ervaringsdiens in te dien. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vereis dat die student die verslag volgens 'n voorgeskrewe lys van vrae, wat beantwoord moet word, sal opstel.

Vanselfsprekend behoort studente wat reeds ervaring in biblioteek- en inligtingswerk het of tydens opleiding reeds voltyds werk vir vrystelling van ervaringsdiens, waar die ervaring as toepaslik beskou word, in aanmerking te kom.

Laastens word die praktyk van begeleide besoeke aan biblioteke, inligtingsdienste en aanverwante organisasies soos drukkerye, uitgewers en boekhandelaars onderskryf. Oorweging kan ook daaraan geskenk word om ander instansies wat met die versameling, bewaring, ordening en beskikbaarstelling van inligting gemoeid is soos argiewe, museums en instellings wat dataprosessering verrig, by hierdie studiebesoeke in te sluit. Hoe noukeurig hierdie besoeke ook al beplan word, is dit hoogstens 'n aanvullende metode en kan dit nie as plaasvervanger vir ervaringsdiens beskou word nie.

### *8.3.3 Gespesialiseerde opleiding*

Die behoefte aan gespesialiseerde opleiding van personeel is op 'n terrein soos die biblioteek- en inligtingswese 'n natuurlike verskynsel weens die verskeidenheid van vakrigtings, tipes gebruikers en verskillende vorme van materiaal wat ter sprake is. Dit is egter in hoofstuk vier as 'n uitgangspunt gestel dat spesialisering in die opleiding na 'n algemene basiese opleidingskursus behoort te volg, sodat alle beoefenaars wat as volwaardige lede van die beroep beskou word, eers in die kernleerstof van die beroep onderlê kan word. Aangesien die markwaarde van bibliotekarisse en inligtingswerkers tans slegs een jaar vir die beroepsopleiding toelaat, is dit vanweë 'n vol basiese program moeilik om in dieselfde jaar gespesialiseerde opleiding aan te bied. Soos in die Verenigde State en

Groot-Brittanje is daar ook Suid-Afrikaanse universiteite wat aan die studente die geleentheid bied om as onderdeel van die basiese opleiding kort spesialiseringskursusse in onderwerpe, soos kinderbiblioteekwerk of 'n vakbiblioteek of in 'n tipe materiaal, soos Africana, te volg. Die lengte van die kursusse wissel van 'n aantal periodes tot 'n semester. Dit moet egter betwyfel word of enige kursus korter as 'n semester werklik waarde kan hê. Om enigsins reg te laat geskied aan die voorgestelde algemene basiese kursus in biblioteek- en inligtingswerk sal dit buitendien nodig wees om die volle jaar daaraan te wy.

'n Volgende moontlikheid is om gespesialiseerde *basiese* kursusse te organiseer. Dit is egter 'n vorm van opleiding wat alleen in uitsonderlike gevalle regverdigbaar is, want, soos in par. 4.4.5.4 aangetoon, sal die beroepseenheid deur 'n verskeidenheid van afsonderlike gespesialiseerde kursusse benadeel word. 'n Voorbeeld van omstandighede wat gespesialiseerde basiese opleiding tot gevolg het, is die vereiste van die onderwysdepartemente dat onderwyserbibliotekarisse benewens hul bibliotekarisopleiding ook oor 'n volwaardige onderwyseropleiding moet beskik. Aan die universiteite waar onderwyseropleiding slegs in die vorm van 'n nagraadse diploma geskied, is die enigste uitweg om 'n afsonderlike gespesialiseerde kursus in skoolbiblioteekwerk naas die gewone basiese bibliotekarisopleiding te organiseer.

'n Verdere geval waar 'n gespesialiseerde basiese opleiding in Suid-Afrika geregverdig kan word, is vir gespesialiseerde inligtingswerk op die gebied van die natuur- en toegepaste wetenskappe. Op natuurwetenskaplike gebied is dit 'n bekende verskynsel dat funksionarisse, dikwels persone met gevorderde nagraadse opleiding en ervaring in navorsing en/of ontwikkelingswerk, deur die verloop van omstandighede die opdrag ontvang om inligtingswerk ten bate van hulle kollegas, byvoorbeeld die lede van 'n navorsingspan, te verrig. Op die wyse kan

so 'n persoon langs die empiriese weg homself leer behelp in die uitvoering van sy werksaamhede, maar tog nog steeds die behoefte gevoel om formele opleiding te ondergaan of om 'n kwalifikasie te verwerf. Sedert die opname van opleidingsbehoeftes in 1969, wat in hoofstuk ses weerspieël word, kon deur waarneming vasgestel word dat daar in Suid-Afrika 'n opmerklike aanwas van die tipe persoon was. Alhoewel geen statistiese gegewens oor hul getalle bekend is nie, is dit 'n geval waar 'n gespesialiseerde basiese opleidingskursus aangebied behoort te word. Dit kan net eenvoudig nie van hierdie ontwikkelde en ervare persone verwag word om een van die gewone basiese kursusse te volg nie. So 'n gespesialiseerde kursus behoort deur 'n universiteit in een van die groter sentra geloods te word, waarskynlik op 'n deeltydse basis, sodat die studente nie hul werk hoef te onderbreek nie, terwyl hulle die opleiding ondergaan.

Aangesien die beoogde basiese opleidingskursus vir biblioteek- en inligtingswerk min of geen plek vir gespesialiseerde opleiding oorlaat nie en die praktyk van gespesialiseerde basiese kursusse sover as moontlik beperk moet word, bly die vraagstuk van gespesialiseerde opleiding voortbestaan.

Twee moontlikhede wat vir gespesialiseerde opleiding oorweeg kan word, is spesialisering op die laer en die gevorderde vlak. 'n Terrein waarvoor gespesialiseerde opleiding juis sterk in aanvraag is, naamlik werk met kinders en jongmense, kan hier as voorbeeld geld. Dit is 'n rigting waarin opleiding moontlik op die nagraadse vlak voorsien kan word, maar weens die aard van die werk en die markwaarde van sodanige personeel behoort opleidingskursusse op 'n laer vlak vir die doel oorweeg te word. Die verdere moontlikhede van gespesialiseerde opleiding sal by die bespreking van dié twee opleidingsvlakke behandel word.

Ten slotte moet hier gestel word dat die beste oplossing vir die probleem is om die opleidingstydperk tot minstens twee jaar te verleng,

sodat genoegsame tyd vir die basiese opleiding beskikbaar is en aanvullend tyd vir gewenste spesialisering voorsien kan word.

### *8.3.4 Differensiasie in die opleiding volgens diensvlakke*

#### *8.3.4.1 Opleiding vir 'n laer diensvlak*

Feitlik al die aspekte van die opleiding vir 'n laer diensvlak in biblioteek- en inligtingswerk lewer in die Suid-Afrikaanse situasie probleme op.

Die vraag waar hierdie opleiding vir 'n laer diensvlak behoort plaas te vind, is op die huidige moment oënskynlik nie 'n probleem nie, want in Suid-Afrika kom dit uitsluitlik op universitêre vlak voor. Soos in hoofstuk sewe aangedui, is die opset die resultaat van 'n historiese ontwikkeling, en is dit in tred met die praktyk in hoër onderwys hier te lande om voorgraadse diplomas op universitêre vlak aan te bied. Dit is 'n toedrag van sake wat nie algemeen aan universiteite in ander lande voorkom nie en moet tot 'n hoër mate aan die feit toegeskryf word dat die hoër onderwysstelsel van Suid-Afrika deur die universiteit oorheers word. Die groeiende vraag na personeel met 'n hoër opleiding het in sekere oorsese lande, byvoorbeeld Australië, as stimulus gedien vir die uitbouing van 'n verdere vlak in die hoër onderwysstruktuur in die vorm van gevorderde tegniese kolleges waar veral beroepsopleiding op laer vlakke aangebied word. Die afgelope aantal jare het die gevorderde tegniese kolleges in Suid-Afrika meer erkenning begin kry, en die moontlikheid is nie uitgesluit dat die huidige voorgraadse diplomas later vanaf die universiteite na sodanige kolleges oorgeplaas kan word nie.

Op die huidige moment word die laer diploma in biblioteekkunde op universitêre vlak aangebied en is dit 'n vraag of die situasie onveranderd moet bly. Hoewel daar in lande soos die Verenigde State, Kanada, Groot-Brittanje en sekere Europese lande 'n besliste tendens is om

opleiding vir die laer diensvlak, gewoonlik in die vorm van 'n subprofessionele of tegniese opleiding, aan 'n nie-universitêre inrigting te organiseer, is daar voor die handliggende voordele aan verbonde om die status quo in Suid-Afrika te handhaaf. Langs die weg is dit makliker om beheer oor die standaard van die opleiding uit te oefen, en so 'n universitêre kwalifikasie sal altyd meer status aan die afgestudeerdes verleen.

Daar is egter sekere probleme waarmee rekening gehou moet word. Uit die gegewens in hoofstukke ses en sewe het geblyk dat heelwat meer personeel met 'n opleiding op 'n laer diensvlak benodig word, maar dat die getal afgestudeerdes oor die afgelope paar jaar 'n dalende neiging toon. Volgens die hoofde van opleidingsdepartemente kan die volgende as moontlike oorsake vir die gebrek aan rekrute geld.

Die feit dat vier van die sewe universiteite in ooreenstemming met die standaarde van die S.A. Biblioteekvereniging matrikulasievrystelling as toelatingsvereiste stel, weerhou waarskynlik bevoegde rekrute van toetrede, en verder bring dit mee dat persone wat aan die universitêre toelatingsvereiste voldoen, verkies om liewer 'n graadkursus as 'n tweejarige diplomakursus te volg. Die ander studierigtings wat voorgraadse diplomas aanbied soos maatskaplike werk of onderwys stel meesal die skooleindsertifikaat as minimum kwalifikasie. Hiermee saam moet daar ook rekening gehou word met die feit dat loopbaanmoontlikhede vir persone met 'n biblioteekkundige opleiding op 'n laer vlak nog nie ten volle ontwikkel is nie. In die Staatsdiens is hulle by tye al saam met die klerke gereken, en in Suid-Afrika is daar nog nooit duidelik aangetoon wat die taak van hierdie personeel inhou nie. Verder is daar groot verskille in die salarisse wat deur verskillende instansies vir hulle aangebied word en bestaan daar nie die moontlikheid om beurse vir studie in die rigting te bekom nie.

In die lig van bogenoemde negatiewe invloede word dit sterk betwyfel of daar enige noemenswaardige styging in rekrute verwag kan word, veral solank die meerderheid van die universiteite die toelatingsvereiste op matrikulasie hou. Indien daar nie in geslaag word om meer studente vir hierdie vlak te werf nie, kom die tyd en kragte wat aan die opleiding van 'n relatiewe klein getal persone bestee word, ook sterk onder die soeklig. By die drie universiteite waar die laer vlak se opleiding heeltemal afsonderlik geskied, Kaapstad, Pretoria en Stellenbosch, word van 8 tot 11 periodes teorie en van 3 tot ongeveer 4 uur per week aan prakties bestee.[22)]

Hierdie dienslas vereis minstens een voltydse personeellid, of veronderstel dat meer persone 'n deel van hul aandag aan hierdie opleiding sal moet wy,[23)] terwyl bylae 18 toon dat minder as tien studente per klas die afgelope jare 'n redelike algemene verskynsel is.

Hierdie probleem van die baie tyd en energie wat deur die aanbieding van kursusse op 'n laer en hoër vlak meegebring word, is lankal reeds deur daardie universiteite wat dit met gesamentlike klasse probeer verlig het, erken. Universiteite soos Oranje-Vrystaat, Potchefstroom Rhodes en in 'n mindere mate Kaapstad, pas hierdie praktyk toe, maar soos reeds gestel is dit een van die ernstige tekortkominge in die opleiding, wat beslis gestaak behoort te word. Indien besluit word om persone met skooleindsertifikate tot die kursus toe te laat, sal die praktyk van gesamentlike klasse met die hoër vlak heeltemal ondenkbaar wees.

Die idee om die toelatingsvereiste te verlaag sal ongetwyfeld op die vraag stuit of dit die taak van die universiteit is om rekrute van sodanige standaard op te lei en watter standaard hul opleiding behoort te

22) Vgl. tabel 23.

23) Volgens tabel 27 is die gemiddelde dienslas van doserende personeel tussen elf en twaalf lesure per week.

bereik. In 1969 het hierdie ondersoeker verskeie biblioteke gevind wat verkies het om in plaas van laer diplomastudente kandidate met 'n baccalaureusgraad sonder beroepsopleiding aan te stel en in diens op te lei, omdat die eersgenoemdes volgens die bibliotekarisse nie oor die nodige agtergrond beskik om in 'n biblioteek te werk nie.

Op die eerste vraag, naamlik of dit die universiteit se taak is om persone van minder as matriekstandaard op te lei, kan geantwoord word deur na die kursusse van soortgelyke standaard te verwys wat in rigtings soos onderwys, maatskaplike werk, handel of bodemkunde aangetref word. Verder kan verwag word dat die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese, en optrede deur die owerhede na aanleiding daarvan, sal leer of opleiding vir voorgraadse diplomas deel van die universiteit se taak in Suid-Afrika gaan bly. Indien die praktyk bevestig word, lê dit op die weg van die departemente wat by opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk gemoeid is om hierdie tipe opleiding uit te bou, en behoort die eerste stap te wees om die opleidingstydperk na drie jaar te verleng. Dit sal onmiddellik die geleentheid skep om die algemene vorming van die student 'n beter beslag te gee.

'n Volgende saak wat by die bespreking betrek moet word, is die aard van die opleiding. In par. 4.4.5.6.2.1 is twee benaderings onderskei, die laer professionele, wat tradisioneel die eerste stap in die opleiding van die volwaardige bibliotekaris uitgemaak het, en die subprofessionele, waar die vertikale differensiasie in die leerstof volledig deurgevoer is, sodat op hierdie vlak alleen opleiding in die meer tegniese aspekte gegee word. In Suid-Afrika word oorblyfsels van die laer professionele benadering in die kursusse van die universiteite van Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Rhodes en Stellenbosch aangetref, aangesien belangrike dele van die leerstof van die laer vlak by die van die hoër vlak ingesluit is. In die geval van die universiteite van Kaapstad, Pretoria en Suid-Afrika word meer definitief tussen die twee

vlakke in terme van die leerstof gedifferensieer.

Die subprofessionele benadering wat, soos in hoofstuk vier aangetoon, besig is om steeds meer veld te wen, word ook in hierdie studie voorgestaan. Namate biblioteek- en inligtingsorganisasies in Suid-Afrika groei, sal die behoefte aan personeel, wat die meer tegniese take uit die hande van die volwaardige beroepspraktisyn kan neem, al groter word.

Die rigting waarin die oplossing van die probleem van die opleiding van personeel op 'n laer vlak gesoek moet word, is om die kursus, afhangende van die uitvloeisels van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese se verslag, steeds op universitêre vlak aan te bied, maar om die toelatingsvereiste tot 'n skooleind- of senior sertifikaat te verlaag. Met die oog daarop om die algemene vorming van die tipe student te versterk, behoort die opleidingstydperk na drie jaar verleng te word. 'n Deel van die ekstra jaar kan aan 'n vorm van gespesialiseerde opleiding, soos kinderbiblioteekwerk, gewy word. Sodoende word die student tot 'n mate vir die ekstra moeite en koste in die vorm van 'n meer veelsydige opleiding, vergoed.

'n Probleem wat deur die verlaging van die toelatingsvereiste meegebring word, is soos ervaring in die verlede geleer het, dat 'n aansienlike persentasie van die persone sonder matriekvrystelling nie die vereiste akademiese kursusse kan slaag nie. Behalwe diegene wat nie die eerste jaar kon slaag nie, is daar ook diegene met een of twee ontbrekende kursusse, wat die samestelling van 'n klasrooster in die tweede, die beroepsstudiejaar, oneindig bemoeilik.

Met die oog op die behoeftes van voorgraadse diplomas en ander beroepskursusse bied die meeste universiteite sekere spesiale kursusse, veral in tale, soos Afrikaans, Engels IB, Spesiale Duits, aan. 'n Ontwikkeling in die verband wat moontlikhede inhou, is die instelling van die nuwe vierjarige onderwysdiploma vir sekondêre skole, wat as minimum toe-

latingsvereiste 'n skooleindsertifikaat vereis. Minstens een universiteit, Potchefstroom, het tot sover 'n verskeidenheid bykomende spesiale of aangepaste kursusse ingestel, wat dit moontlik maak om saam met die beroepsvakke 'n curriculum in een van drie rigtings, 'n geestes- of natuurwetenskaplike of in 'n handelsrigting, saam te stel. Daar word drie kursusse in elke vak aangebied, en die standaard wat gestel word, is gelykstaande aan die tweedejaar van 'n gewone baccalaureuskursus. Die vakkeuse maak vir die meer bekende moderne tale, sowel as vir Suid-Afrikaanse bantoetale en vakke soos geografie, geskiedenis, psigologie, biologie en wiskunde voorsiening.

Dit is waarskynlik wenslik dat die persone sonder matriekvrystelling slegs die spesiale kursusse sal neem. Afhangende van die praktiese uitvoerbaarheid daarvan kan kandidate met vrystelling, wat ook die biblioteekkundige kursus wil neem, toegelaat word om kursusse van die normale akademiese vakke te neem. Langs die weg kan moontlik 'n hoër slaagsyfer in die akademiese vakke verseker word, terwyl die student wel 'n akademiese vorming ontvang wat van 'n hoër standaard as onder die huidige bedeling is, waar net een jaar akademiese studie ingesluit word.

Vir die samestelling van die curriculum kan, in navolging van die bestaande praktyk vir die laer diploma, wat ook met die buitelandse situasie ooreenstem,[24)] die helfte van die tyd aan algemeen vormende studies en die ander helfte aan die beroepstudies gewy word. By die organisasie van die opleidingsinhoud behoort akademiese en beroepsvakke vanaf die eerste jaar op 'n geïntegreerde grondslag aangebied te word.[25)] In die opleiding wat hier voorgestel word, kan die eerste en tweede jaar aan basiese studies en die derde jaar aan een of

24) Vgl. par. 4.4.5.6.2.1, p. 212.

25) Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat volg reeds die benadering, maar verwag dat die studente biblioteekkunde I en II en ontsluitingskunde I vir die beroepsgedeelte van die laer diploma moet volg.

ander vorm van spesialisering gewy word. Uit die behoeftes, soos in hoofstuk ses gestel, is daar 'n duidelike behoefte aan persone met spesialisering in kinderbiblioteekwerk. Gedurende die spesialisering in die derde jaar kan ook terselfdertyd meer besondere aandag aan dienste soos die vir bejaardes, gestremdes, huisgebondenes en jeugdiges verleen word. Na gelang die aanwending van rekenaars in biblioteek- en inligtingswerk toeneem, bied rekenaartegnologie 'n verdere terrein waarop spesialisering in die derdejaar kan plaasvind. Dit is ook belangrik om, soos die meeste laer diplomakursusse tans, te vereis dat een of meer taalkursusse by die studieprogram ingesluit word.

Die beroepsvakke wat vir die basiese opleiding gedurende die eerste twee jaar gevolg word, behoort die volgende in te sluit: Grondslae van die biblioteekwese, bedryfsleer, katalografie, dokumentasie, leserkunde en boekkeuring en historiese bibliografie. Die klem moet merendeels op die tegniese aspekte geplaas word. Die praktiese opleiding gedurende klastye kan volgens bestaande praktyke uitgebrei word, terwyl in hoofsaak dieselfde argumente vir ervaringsdiens geld as wat in die bespreking van die basiese vlak geopper is.

*8.3.4.2 Die gevorderde nagraadse vlak*

Die opleiding vir 'n beroep op die gevorderde nagraadse vlak kan of oorwegend akademies of oorwegend beroepsgerig aangebied word. In Suid-Afrika het die meerderheid van die opleidingsinrigtings se nagraadse kursusse op die gevorderde vlak 'n oorwegende akademiese karakter. Soos in hoofstuk sewe aangetoon, bestaan gevorderde nagraadse opleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite uit drie trappe, naamlik honneurs-, magister- en doktorsgraad. Die honneurs is 'n studiegraad, terwyl die magister of studie- of navorsingsgraad of iets van albei en die doktorsgraad hoofsaaklik 'n navorsingsgraad is. In die Verenigde State waar 'n baccalaureusgraad vierjarig is, het dit redelik algemene praktyk geword om 'n meestersgraad vir 'n beroepstudie wat oor vyfjaar strek,

toe te ken. Dit is dan 'n basiese kwalifikasie en word deur doktorsgraadstudie gevolg. Die behoefte aan persone wat spesifiek gevorderde beroepsonderrig ontvang het, was egter so groot dat 'n studiegraad, die „post-Masters degree", vanaf die sestiger jare in 'n toenemende mate aangebied word. Hier bestaan dus nie 'n kursus wat met die honneursgraad in Suid-Afrika vergelyk kan word nie. Ook die situasie in Groot-Brittanje is verskillend, hoewel daar 'n mate van ooreenstemming met die praktyke aan Engelstalige universiteite in Suid-Afrika aan te toon is. Aan die meeste Suid-Afrikaanse universiteite beteken 'n honneurskursus 'n verdere jaar studie in 'n hoofvak na voltooiing van die baccalaureusgraad, terwyl die eerste graad in Groot-Brittanje met 'n aantal variasies as 'n „honneurs" verwerf kan word.[26)]

Die honneursgraad in biblioteekkunde word in Suid-Afrika slegs deur die vyf Afrikaanstalige universiteite en die Universiteit van Suid-Afrika aangebied en volg na die voltooiing van 'n vierjarige graad of die eenjarige nagraadse diploma in biblioteekkunde. Hierdie honneursgraad word deur die vyf genoemde universiteite weer as toelatingsvereiste tot die meestersgraad gestel. Hoewel hulle nie honneursgrade aanbied nie, aanvaar die universiteite van Kaapstad en Witwatersrand studente vir die meestersgraad in biblioteekkunde op grond van die hoër diploma in biblioteekkunde of 'n soortgelyke kwalifikasie. Afgesien daarvan dat die Universiteit van die Witwatersrand vereis dat die kandidaat drie jaar ervaring moet hê en sy kwalifikasie reeds drie jaar gelede verwerf het, stel hierdie twee universiteite die eenjarige nagraadse diploma in biblioteekkunde of sy ekwivalent, dus die vierjarige graad in biblioteekkunde, gelyk met honneurs. Hierdie praktyk moet beslis as 'n foutiewe benadering bestempel en afgekeur word, want die standaard van die opleiding op die gevorderde vlak word daardeur

26) *Priestley, B.* British qualifications; a comprehensive guide to educational, technical, professional and academic qualifications in Britain. Ed. by Philip Kogan. London, Deutsch, 1966. p. 172-173.

benadeel, en die student word die geleentheid ontneem om deur gevorderde akademiese of beroepsgerigte studie verdere vorming te ondergaan alvorens hy navorsing begin onderneem. Daar is inderdaad geen aanduiding dat die hoër diplomakursusse van die universiteite van Kaapstad en Witwatersrand enigsins van 'n hoër standaard as enige van die ander kursusse in die land op die ooreenstemmende vlak is nie sodat hulle nie as meer gevorderd beskou kan word nie.

Indien die bestaande akademiese struktuur van baccalaureus-, honneurs-, magister- en doktorsgraad onveranderd gelaat word, na aanleiding van die reeds genoemde ondersoek na die universiteitswese, word die oortuiging gehuldig dat die gevorderde nagraadse vlak beter benut kan word om sekere vraagstukke in die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk te verlig. Die opleidingstydperk van vier jaar wat tans vir die basiese biblioteek- en inligtingkundige opleiding beskikbaar is, is te kort om selfs 'n deeglike basiese opleiding aan te bied. Soos gestel is dit verkieslik dat spesialisering in die opleiding sover moontlik na die basiese opleiding moet volg, en daarom kan die honneursvlak hiervoor aangewend word.

Die tipe persoon wat in hierdie opleiding belangstel, is in die reël iemand wat reeds in die praktyk staan en 'n redelike aanduiding het van die rigting of aspek van biblioteek- en inligtingswerk waarop hy hom wil toelê. Hy kan dus gevorderde beroepsopleiding ondergaan waardeur hy beter vir groter verantwoordelikhede en eise deur formele onderrig voorberei word.

Die aanbieding van gevorderde opleiding met 'n sterk beroepsinslag skep ook die moontlikheid dat gespesialiseerde inligtingswerkers, wat oor nagraadse vakkwalifikasies en ervaring in inligtingswerk, maar nie oor 'n formele biblioteek- of inligtingskwalifikasie beskik, nie, en wat die nodige meriete het, in aanmerking daarvoor kan kom om na aflegging van sekere toelatingseksamens tot die gevorderde kursus toegang

te verkry. Elke universiteit sal sodanige gevalle volgens plaaslike maatreëls hanteer.

Daar kan egter ook reeds op die honneursvlak gedifferensieer word tussen meer beroepsgerigte en meer akademiese navorsinggerigte opleiding.[27] Tans word 'n akademiese navorsinggerigte opleiding op die honneursvlak by die meerderheid inrigtings aangetref. Hierdie tipe opleiding is noodsaaklik en behoort behou en uitgebou te word. 'n Departement wat sterk genoeg is, kan beide rigtings aanbied, of die akademiesgerigte studie kan hoofsaaklik op die magistervlak aangepak word. Aan die anderkant is dit die oortuiging dat 'n gevorderde beroepsgerigte kursus op die honneursvlak, wat terselfdertyd die geleentheid vir spesialisering bied, in die lig van die tendens in lande soos die Verenigde State en Groot-Brittanje, ook in Suid-Afrika nodig geword het. So 'n kursus moet op 'n definitiewe sillabus gebaseer wees en kan selfs praktiese opleiding insluit. Die verskillende aspekte van die voorgestelde beroeps- en praktykgerigte kursus op die honneursvlak word vervolgens bespreek.

Die toelatingsvereistes tot die kursus behoort die basiese biblioteek- en inligtingskwalifikasies, naamlik die nagraadse diploma of die vierjarige graad te wees, en die kandidaat moet oor ervaring in biblioteek- en inligtingswerk beskik of in diens staan terwyl hy studeer. Die voorgestelde kursus kan verskillende rigtings of aspekte van die biblioteek- en inligtingkunde as uitgangspunt neem. Met die oog op die relatief beperkte omvang van die plaaslike arbeidsmark en die wenslikheid om te enge spesialisering van personeel teen te werk, is dit hoogs wenslik om tussen hoofspesialiteitsrigtings, naamlik die sosiaal-opvoedkun-

27) Die onderskeid tussen 'n meer beroepsgerigte en 'n meer akademiese navorsingsgerigte opleiding is vroeër reeds gemaak deur *Malan, S.I.* Die opleidingsimplikasies van die nuwere tendense in die biblioteekwese vir Suid-Afrika (*In:* Van Rooy, H.C. en Viljoen, A.J. *reds.* Nuwere ontwikkelinge op die gebied van die biblioteekwese en inligtingvoorsiening. Potchefstroom, Departement Biblioteekkunde, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1969. p. 178-182).

dige en die inligtingsrigting te differensieer.

Binne die raamwerk van elke hoofrigting kan volgens behoefte verdere beklemtonings en spesialiserings onderneem word, maar in dié verband sal noodwendig met die vermoëns en spesialiteitsrigtings van die doserende personeel rekening gehou moet word.

Met die oog op wat hierbo gesê is, word voorgestel dat die curriculum vir die gevorderde beroepskursus uit vraestelle bestaan oor die teorie, die bedryfskunde, die ontsluitingskunde, inligtingsdiens en die leserkunde, wat op die bepaalde hoofrigting wat aangebied word, gerig is. Waar beide die hoofrigtings, die sosiaal-opvoedkundige en die inligtingsrigting deur dieselfde universiteit aangebied word, sal dit waarskynlik moontlik wees om die twee groepe vir verskeie van die klasse saam te neem.

By elke hoofrigting kan die geleentheid egter ook aan die student gebied word om 'n keuse uit 'n aantal gespesialiseerde vraestelle te maak. Die moontlikhede hier is bykans onbeperk, en in gevalle waar die agtergrond reeds gedurende die basiese opleiding daargestel is, hoef dit nie noodwendig volle kursusse te wees nie. 'n Halwe kursus mag nou voldoende wees om slegs die heel gespesialiseerde kennis in verband met 'n vakbiblioteek of die tipe gebruiker of die soort materiaal by te bring. In die sosiale rigting kan keusevraestelle, byvoorbeeld oor die gespesialiseerde aspekte van dienste aan kinders, jongmense, gestremdes of oudio-visuele materiaal aangebied word, terwyl in die inligtingsrigting keusevraestelle volgens vakgebied, tipe gebruiker of vorm van die materiaal of volgens die funksie, byvoorbeeld gevorderde ontsluitingskunde, georganiseer kan word.

'n Student kan ook toegelaat word om in oorleg met die departementshoof 'n vraestel of vraestelle buite sy eie departement ter ondersteuning vir 'n bepaalde belangstellingsrigting te volg. Vroeër in die studie is gewys op die bewusmaking deur inligtingkundiges van die inter-

dissiplinêre aard van die inligtingsprobleem, en daarom behoort die gevorderde student aangemoedig te word om op selektiewe wyse sy vorming buite die eie vakverband aan te vul. 'n Student wat hom op die inligtingsrigting toelê, waar inligtingsontsluiting van kardinale belang is, kan byvoorbeeld met vrug 'n vraestel oor die betekenisleer uit die algemene taalwetenskap volg.

'n Ander moontlikheid naas die differensiasie in die sosiaal-opvoedkundige en die inligtingsrigting, is om 'n funksionele benadering met so 'n gevorderde nagraadse kursus te volg. Die student lê hom dan in hoofsaak op een van die vernaamste funksionele aspekte soos bedryfskunde, ontsluitingskunde of leserkunde toe. Hierdie benadering word reeds in 'n mate deur sekere departemente gevolg, maar kan verder uitgebou word.

Indien die ideaal van die verlenging van die tydsduur vir die beroepsgedeelte van die opleiding verwesenlik word, sal departemente wat intussen begin het om gevorderde beroepsopleiding op die honneursvlak aan te bied, gereed wees om sonder veel probleme na die nuwe bedeling oor te skakel.

Die akademiese en navorsinggerigte opleiding op die honneursvlak behoort tot 'n hoë mate deur die algemene bepalings van elke universiteit betreffende gevorderde nagraadse opleiding gereël te word. Afgesien van die benadering wat op die honneursvlak gevolg word, behoort verdere studie op die meesters- en doktorsgraadvlak akademies en navorsingsgerig ingestel te wees.

Die instelling van gevorderde beroepsgerigte kursusse op die honneursvlak naas die bestaande kursusse sal aansienlike eise aan die personeel van enige opleidingsdepartement stel. Daarby mag die personeelbesetting meebring dat 'n departement sterk in 'n bepaalde rigting of aspek van die opleiding is. Verder bied agt van die tien universiteite opleiding op die nagraadse vlak aan.

In die lig van die genoemde faktore is hierdie ondersoeker van mening dat die opleidingsinrigtings oorweging daaraan moet skenk om, wat die gevorderde beroepsopleiding betref, deur onderlinge samespreking 'n terreinafbakening te bewerkstellig. Dit geld veral die vier residensiële opleidingsinrigtings en die Universiteit van Suid-Afrika wat in Transvaal aktief is. Op die wyse kan 'n groter aantal opleidingsmoontlikhede geskep word.

### *8.3.5 Opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers op universitêre vlak*

Aangesien dit in hoofstuk sewe geblyk het dat die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers in Suid-Afrika 'n universitêre aangeleentheid is, en dit volgens aanduidings waarskynlik ook so voortgesit sal word, word die organisasie van hierdie tipe beroepsopleiding aan die universiteit ten slotte oorweeg.

Die verskillende opleidingsprogramme is feitlik sonder uitsondering of deur die universiteitsbibliotekaris van 'n betrokke universiteit begin of deur hom geïnisieer. Soos in hoofstuk sewe aangedui, ressorteer vyf van die opleidingseenhede en die betrokke universiteitsbiblioteke onder dieselfde persone as hoofde. Sake het egter so ontwikkel dat al die opleidingseenhede met een uitsondering as selfstandige akademiese departemente aan hul universiteite erken word. Die algemene gevoel van respondente is dat dit verkieslik is dat die opleidingseenheid sy eie voltydse hoof sal hê. Dit is wenslik dat die situasie in die rigting sal ontwikkel. Die voltydse personeel van die onderskeie opleidingseenhede is ook reeds ten volle gelykgeskakel met die akademiese personeel in ander departemente ten opsigte van lidmaatskap van universiteitsliggame, grade van betrekkings en diensvoorwaardes.

Die tendens wat hieruit blyk, is dat die opleidingseenhede vir biblioteek- en inligtingswerk tot 'n groot mate reeds as volwaardige akade-

miese departemente aan die Suid-Afrikaanse universiteite gevestig is. Die vraag is of dit wel die gewenste opset is wat die beste ontwikkelingsmoontlikhede bied? Die antwoord hierop lê tot 'n belangrike mate in Suid-Afrika se hoër onderwysstelsel opgesluit. Die reedsgenoemde Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese se verslag en die optrede wat daaruit kan voortvloei, mag belangrike veranderinge in die verband inhou.

In par. 7.1 is verwys na kommer wat uitgespreek is oor die mate waarin beroepsopleiding die universiteite binnedring en die beoefening van die basiese wetenskappe as primêre taak op die agtergrond dring. Die beroepsgerigte baccalaureusgraad as 'n opleidingsbenadering is in die verband veral gemeld. Dit is egter nie 'n vraagstuk wat tot die opleiding in biblioteek- en inligtingkunde alleen beperk is nie, en daarom word in dié verband geen drastiese verandering in vooruitsig gestel alvorens daar nie 'n wysiging in die algemene patroon van beroepsopleiding plaasvind nie.

Die rigting waarin die verandering van beroepsopleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite behoort te verloop, is reeds deur 'n gesaghebbende skrywer oor hoër onderwys in Suid-Afrika, H.J.J. Bingle,[28] voorgestel en word deur hierdie ondersoeker onderskryf. Dit hou in dat opleiding vir die verskillende professies en beroepe as institute of beroepskole georganiseer word, wat aan die universiteite gekoppel is en hul taak onder leiding van en in samewerking met die universiteite uitvoer.[29] Langs die weg word die aanbieding van beroepsopleiding en die beoefening van die basiese wetenskappe van mekaar geskei, maar word eersgenoemde steeds binne die invloedsfeer van die universiteit aangebied. Verskeie netelige probleme word sodoende opgelos, soos die handhawing van 'n balans tussen akademiese en

28) Prof. H.J.J. Bingle is rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en lid van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese.

29) *Bingle, H.J.J.* Die beroepstaak van die universiteit. *Koers* 37: 346, 1970.

beroepsinhoud, die status van beroepsvakke as onderdeel van 'n akademiese graad en die aanbieding van meer tegniese en praktiese opleiding wat 'n wesenlike onderdeel van beroepsopleiding vorm.

Hierdie benadering word voorgestaan omdat dit die moontlikheid bied om in die toekoms die handhawing van 'n balans tussen twee belangrike funksies van die universiteit, die beoefening van die basiese wetenskappe en beroepsopleiding te verseker. Die eerste is die basiese funksie van die universiteit en die tweede word in 'n belangrike mate daarop gebou.

By verskillende geleenthede in hierdie studie is dit benadruk dat die omvang van die leerstof vir die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers so toegeneem het dat die opleidingstydperk vir die beroepsgedeelte na twee jaar verleng behoort te word. Hierdie praktyk word reeds deur sekere Noord-Amerikaanse opleidingsinrigtings[30)] gevolg en indien dit ook in Suid-Afrika ingestel word, sal dit sinvol wees om die beroepsopleiding in die vorm van 'n tweede graad te organiseer wat na voltooiing van enige baccalaureusgraad geneem kan word.[31)] Sodanige opset pas ideaal in by die voorstel van 'n geassosieerde instituut of beroepskool omdat die opleiding vir die tweede graad geheel en al aan sodanige opleidingseenheid aangebied kan word. Dit beteken dat die geleentheid bestaan om 'n curriculum saam te stel wat vir beide algemene basiese en meer gespesialiseerde en gerigte opleiding voorsiening maak. Die voltooiing van sodanige tweejarige beroepstudie behoort met 'n kwalifikasie bekroon te word wat toe-

30) *Land, B.* New directions in education for librarianship in Canada. *Canadian library* 26: 36-40, 1969.

*Horn, A.H.* The new position on the M.L.S. degree at UCLA. *California librarian* 33: 5-8, 1972.

31) Die idee van die verlenging van die beroepsopleiding na twee jaar en die organisasie daarvan in 'n tweede graad is vroeër reeds voorgestel — *Malan, S.I.* Bibliotekaris-opleiding vir die sewentigerjare in Suid-Afrika (*In:* Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 25ste Jaarlikse Konferensie, Oos-Londen, 1970. Referate gelewer. Potchefstroom, 1970. p. 88).

gang tot die meestersgraadstudie verleen. Die nagraadse eenjarige diploma en die baccalaureusgraad in biblioteekkunde sowel as die honneursgraad sal waarskynlik as gevolg hiervan geskrap word. Dit moet onteenseglik duidelik wees dat so 'n ontwikkeling 'n belangrike rasionalisasie van die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers sal meebring.

'n Volgende belangrike implikasie van die organisasie van die opleiding in die vorm van 'n beroepskool is dat voldoende aandag aan die meer tegniese en praktiese aspekte van die opleiding gegee kan word sonder die bekommernis dat dit met die beginsel van akademies vormende studie in botsing kan kom. Daarmee word geensins 'n terugkeer na die era van ambagsopleiding bepleit nie, want ook die beroepsleerstof moet wetenskaplik gefundeerd, georganiseer en aangebied word, maar daar kan dan voldoende geleentheid vir kliniese of praktiese opleiding daargestel word.

'n Ander aspek van laasgenoemde saak is dat die werklik tegnies georiënteerde studiekursusse op die voorgraadse vlak, soos subprofessionele opleiding, wat nie as die taak van 'n akademiese departement beskou kan word nie, met reg deur die beroepskool aangebied kan word.

Die opset van 'n opleidingseenheid, wat op sy eie staan en tot 'n hoë mate selfstandig funksioneer, bring ook die uiters belangrike voordeel dat die reëling van klasse nie binne die perke van 'n ingewikkelde en beperkende klasrooster van 'n groot fakulteit, waar baie min beweegruimte indien enige beskikbaar is, hoef plaas te vind nie. Dit bied die moontlikheid van groter soepelheid in die organisasie van die beroepsgedeelte van die opleiding, wat onder meerdere kan inhou dat 'n student erkenning kan verkry vir sekere voorgraadse werk, byvoorbeeld kursusse afgelê in linguistiek of statistiese metodes, wat as belangrike ondersteunende vakke gereken word, of vir

gevorderde vakkundige kwalifikasies of opleiding in aanverwante rigtings soos dataprosessering, rekenaarwetenskappe en kommunikasiekunde, en wat selfs kan beteken dat die studietydperk verkort mag word. Omdat hier met redelik gevormde studente gewerk word, kan 'n student se kursus by sy bepaalde agtergrond en ervaring aangepas word, iets wat baie moeilik in die huidige situasie moontlik is. 'n Verdere voordeel van so 'n instituut of beroepskool is dat dit die moontlikheid inhou om ontwikkelingswerk en navorsing op interdissiplinêre basis uit te voer.

Die organisasie van die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in die vorm van die beroepskool sal egter een leemte ten opsigte van 'n vorm van opleiding laat, wat onder die huidige bedeling oënskynlik in belangrikheid toeneem, naamlik die moontlikheid vir gewone graadstudente om biblioteekkunde I en aan sommige universiteite I en II vir gewone graaddoeleindes te neem. Biblioteekkunde I en II dek in die reël 'n inleiding tot die terrein van biblioteek- en inligtingkunde, die ontwikkelingsgeskiedenis van die rekord en van biblioteke, 'n inleiding tot dokumentasie en 'n studie van inligtingsbronne, sodat die student as gebruiker van inligting veel nut daaruit kan put, en dit skyn asof die waarde van die tipe kursus steeds meer ingesien word. Tans word biblioteekkunde I deur drie universiteite en biblioteekkunde I en II deur drie universiteite as oop vak aangebied en volgens bylae 26 is daar 'n styging in die getal studente wat biblioteekkunde as oop vak neem.

In paragraaf 4.4.5.6.3 is daarop gewys dat, hoewel hierdie vorm van opleiding, wat 'n funksionele differensiasie is, streng gesproke nie onder beroepsopleiding tuishoort nie, is dit 'n saak wat elders in die wêreld toenemende aandag kry. Die mening is dan ook dat universiteite meer aandag aan formele onderrig in die gebruik van inligting en al die vraagstukke in verband daarmee behoort te gee en dat die opleidingseenheid vir biblioteek- en inligtingswerk die verantwoordelikheid daarvoor

behoort te dra. Indien die beroepsopleiding in 'n afsonderlike skool georganiseer en die geïntegreerde graad afgeskaf word, is dit wenslik dat 'n afsonderlike kursus vir gewone graaddoeleindes, byvoorbeeld onder die hoof dokumentasiekunde ingestel word met die oogmerk om as 'n inleiding tot die gebruik van inligting te dien, en daarom sal heelwat aandag aan 'n studie van inligtingsbronne, in die algemeen en volgens breë vakterreine, gewy moet word.

# 9 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die doel met hierdie studie is om ondersoek in te stel na die gewenste aanpassings in die Suid-Afrikaanse opleidingspatroon in die lig van heersende ontwikkelingstendense op biblioteek- en inligtingsgebied. Met die oog hierop is die faktore wat 'n belangrike invloed op die opleiding kan uitoefen, vooraf ontleed om die implikasies daarvan vir die opleiding van bibliotekarisse en inligtingswerkers te bepaal. Die gevolgtrekkings met betrekking tot die faktore wat die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk kan beïnvloed, word in paragrawe 9.1 tot 9.5 weergegee, terwyl paragraaf 9.6 die gevolgtrekkings en aanbevelings in verband met die opleidingspatroon in Suid-Afrika bevat.

## 9.1 Biblioteek- en inligtingkunde as terreine van ondersoek

*9.1.1 Die biblioteek- en inligtingswese verskil nie in beginsel van mekaar nie, maar graadverskille kan in die toepassing van aktiwiteite wel aangetoon word.* Uit die historiese oorsig het geblyk dat die inligtingsfunksie in die historiese biblioteek in embrio aanwesig was, maar dat met die uitbouing en ontwikkeling daarvan buite die kring van die biblioteekwese vinniger vordering gemaak is. Vandag word die meeste van hierdie nuwere ontwikkelinge, soos nie-konvensionele metodes van inligtingsontsluiting, ook in die biblioteekpraktyk opgeneem. Benewens die waarde wat aan die effektiewe oordrag van inligting op die terreine van studie, navorsing, ontwikkeling en opvoeding geheg word, word die belang daarvan in die handel, die nywerheid, die staatsadministrasie, die weermag en ook in maatskaplike verband vandag beter verstaan en word meer aandag daaraan verleen.

*9.1.2 Die doel van biblioteek- en inligtingswerk is in inligtingsoordrag geleë en word deur 'n inligtings- en sosiale funksie ten uitvoer gebring.* By die oorweging van opleiding vir 'n bepaalde beroep moet die doel en funksies van die beroepsarbeid bekend wees. Die doel van biblioteek- en inligtingswerk kan uitgedruk word as die kommunikasie van inligting, of meer spesifiek gestel, as indirekte kommunikasie via die rekord. In wese bly dit egter die proses van inligtingsoordrag van 'n uitsender na 'n ontvanger. Inligtingsoordrag geskied deur middel van inligtingsisteme, wat baie verskillende vorme kan aanneem, soos 'n biblioteek of inligtingsentrum, of onderdele van ondernemings en organisasies wat spesifiek met die verwerking en verspreiding van inligting belas is. Op die gebied van die konvensionele en nie-konvensionele biblioteekwese word naas die inligtingsfunksie, wat primêr is, ook 'n sosiale funksie, veral op biblioteekgebied, onderskei. Onder laasgenoemde funksie geskied die oordrag van inligting spesifiek met die doel om te vorm en op te voed, of om 'n enkulturatiewe werking te hê of vir ontspanning.

In die verlede was tradisionele bibliotekarisopleiding daarop ingestel om personeel vir die kommunikasie van inligting via die rekord voor te berei. Die toenemende toepassing van inligtingswerk op ander terreine, soos in administratiewe- en bestuursverband of op militêre en veiligheidsgebied, skep moontlikhede waarvoor in die toekomstige uitbreiding van opleiding voorsiening gemaak kan word.

*9.1.3 Die biblioteek- en inligtingkunde is 'n toegepaste wetenskap wat binne die raamwerk van 'n breë omvattende basiese inligtings- of kommunikasiewetenskap, wat in vooruitsig gestel word, tuishoort.* Biblioteek- en inligtingsaktiwiteite is oor 'n lang

tydperk beoefen sonder dat daar sprake van 'n wetenskaplike dissipline was. Na gelang die behoefte aan die sistematiese versameling, bewaring, ordening, ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting sedert die 18e eeu aanmerklik toegeneem het, het biblioteek- en inligtingswerk geleidelik as arbeidsveld uitgekristalliseer en as beroep erkenning gekry. Dit skep die behoefte aan meer en beter formele opleiding wat deur inrigtings vir hoër onderwys onderneem is. Die eis van die universiteite om studente in die teorie van die onderskeie vakke te onderrig en die bewuswording dat vele probleemsituasies in die praktyk bestaan, lei tot pogings om 'n teoretiese raamwerk of die kenwêreld vir biblioteek- en inligtingswerk as werkwêreld te identifiseer.

Aanvanklik is biblioteek- en inligtingkunde soms sterk teenoor mekaar gestel en is óf die een óf die ander as die meer omvattende terrein bestempel. Verder was biblioteekkundiges geneig om biblioteekkunde tot die biblioteek as inrigting of net tot kommunikasie via die rekord te beperk, en het hulle ook nie altyd ingesien dat kommunikasie via die rekord naas die oordrag van inligting ook ten doel kan hê om gesindhede uit te druk, aan gevoelens lug te gee of bloot net aan die samelewingspel deel te neem nie. Inligtingkundiges, aan die ander kant, was gewoonlik vakkundiges op ander terreine as die biblioteekkunde, wat om verskillende redes, maar soms juis omdat hulle nie bevredigende diens as gebruikers van inligting ontvang het nie, in die probleem van inligtingsbeheer geïnteresseerd geraak het.

Op grond van hul kennis van vakgebiede soos die wiskunde, die psigologie, die linguistiek, die logika en hul ervaring van navorsing en ontwikkelingswerk ontwikkel hulle nie alleen 'n interdissiplinêre

benadering ten opsigte van die probleem van inligtingsbeheer nie, maar dra hulle ook 'n gesofistikeerde navorsingsmetodologie die terrein binne, veral insoverre dit die toepassing van die rekenaar of outomatisering van inligtingswerk betref.

Langs die weg ontstaan die opvatting van inligtingkunde as 'n suiwer ondersoekende wetenskap, wat van inligtingswerk as die tegnologie onderskei word. In die Verenigde State word dit as van die uiterste belang beskou dat 'n omvattende inligtings- of kommunikasiewetenskap daargestel moet word. Die idee van so 'n basiese inligtingswetenskap, wat ook as „informatica" bekend staan, word ook vanuit ander terreine, soos die vir administratiewe en bestuursinligting, bepleit. 'n Inligtingwetenskap volgens hierdie terme is nie in die reël deur bibliotekkundiges, met die uitsondering van persone soos J.H. Shera en P.C. Coetzee, in die vooruitsig gestel nie.

Daar bestaan egter ook nie eenstemmigheid dat 'n omvattende teoretiese raamwerk, wat alle kommunikasieprosesse kan verklaar, wel gerealiseer sal kan word nie. In die afwesigheid van 'n omvattende teoreties-wetenskaplike dissipline en die vooruitsig dat baie basiese navorsing, meesal deur basiese wetenskaplikes van ander vakgebiede soos linguistiek, psigologie, wiskunde en kubernetika nog gedoen moet word, word die standpunt in hierdie studie ingeneem dat biblioteek- en inligtingkunde as 'n toegepaste wetenskap beskou moet word. Die beoefenaars van hierdie terrein is in die eerste plek lede van 'n geleerde beroep en nie basiese wetenskaplikes nie. Vir die beplanning, die ontwerp, die installering en die instandhouding van inligtingsisteme met die oog op die lewering van biblioteek- en inligtingsdienste benut hulle die resultate van veral basiese navorsing wat op ander terreine uitgevoer is.

Met hierdie standpunt word die moontlikheid van 'n basiese inligtingswetenskap nie afgewys nie, maar dit word ook nie as die primêre taak

van die konvensionele en nie-konvensionele biblioteekwese gesien om so 'n wetenskap te ontwikkel nie. Alleen deur die medewerking van alle vak- en beroepsrigtings wat by die kommunikasie van inligting belang het, sal die blootlegging van onderliggende beginsels en die integrering daarvan in 'n omvattende teorie teweeggebring kan word. Terwyl hierdie proses van identifikasie en vormgewing plaasvind, kan die resultate daarvan reeds in die biblioteek- en inligtingspraktyk toegepas en in opleidingskursusse geïntegreer word.

## 9.2 Beroepsopleiding – algemeen

9.2.1 *Beroepsopleiding het twee basiese oogmerke, naamlik om afgestudeerdes in voldoende getalle en afgestudeerdes wat oor die nodige vorming en opleiding beskik om tot hul beroep te kan toetree, te lewer.* Hierdie twee oogmerke kan ook as die oogmerke vir kwantiteit en kwaliteit respektiewelik omskryf word. Die grootskaalse oorname van beroepsopleiding deur inrigtings vir hoër onderwys, veral deur die universiteite, het meegebring dat hierdie instansies saam met die beroepsgemeenskap die verantwoordelikheid aanvaar het om toe te sien dat voldoende getalle nuwe rekrute vir die beroep gelewer word. Dit kan gedoen word deur meer studente te werf, opleidingsfasiliteite te vermeerder, opleidingstydperk te verkort en om tussen die verskillende vlakke van personeel, wat benodig word, te differensieer en hiervolgens opleidingskursusse te organiseer.

Die kwalitatiewe oogmerk het ten doel om studente te vorm en op te lei sodat hulle oor die beroepsbevoegdheid, sosiale begrip, diensoriëntering en geleerde inslag beskik wat vir die beoefening van hul beroep vereis word. Die volgende vereistes is in die verband ook van belang: die klem moet in die opleiding sterker op die teoretiese as op die tegniese val, te veel detail in die opleidingsinhoud moet vermy word, en te vroeë en oormatige spesialisering in die opleiding

word as ongewens beskou.

9.2.2 *Die oorskakeling van die beroepsopleiding van die beroepsvereniging na inrigtings vir hoër onderwys, ook in die geval van biblioteek- en inligtingswerk, bring mee dat 'n meer teoretiese benadering in die opleiding gevolg word.*

9.2.3 *Die opvattings oor en die praktyke van hoër onderwys in 'n land oefen 'n bepalende invloed op die organisasie en aanbieding van beroepsopleiding uit.*

Die algemene patroon van hoër onderwys in 'n land is geneig om 'n sterk invloed op die beroepsopleiding vir individuele beroepe uit te oefen. Dit sal onder andere bepaal tot watter mate beroepsopleiding deur universiteite aangebied word, en of dit hoofsaaklik op nagraadse vlak of ook op voorgraadse vlak geskied. Indien die opleiding vir beroepe hoofsaaklik op universitêre vlak voorkom, sal 'n meer akademiese benadering in die opleiding waarskynlik gevolg word, wat beteken dat die afronding van die tegniese vaardigheid van nuut opgeleides in 'n groter mate aan die praktyk oorgelaat word. Die opleidingsinstansies bly egter daarvoor verantwoordelik om, met inagname van die vermoë van die praktyk om afgestudeerdes in diens op te lei, 'n voldoende mate van praktiese opleiding in die curriculum in te sluit.

Verder sal die mate waarin die land se hoër onderwysstelsel reeds ontplooi het, bepaal of daar geleentheid is om in die opleiding tussen vlakke van personeel te differensieer en die opleiding aan verskillende tipes opleidingsinstansies op te dra.

### 9.3 Vorme en vlakke van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk

9.3.1 *'n Algemene basiese opleidingskursus vir biblioteek- en inligtingswerk moet as die uitgangspunt by die oorweging van die gewenste opleidingspatroon geld en daarbenewens moet verdere gespesialiseerde*

*en gedifferensieerde vorms van opleiding onderskei word.*

9.3.2 *Spesialisering in die opleiding behoort na 'n algemene basiese kursus te volg en behoort alleen in uitsonderlike gevalle as gespesialiseerde basiese opleiding georganiseer te word.*

9.3.3 *Die oplossing van die vraagstuk van spesialisering in die opleiding is in die verlenging van die opleidingstydperk geleë, maar praktiese oorwegings verhinder voorlopig die implementering daarvan.*

9.3.4 *Hoewel die komponente van 'n basiese opleidingskursus vir biblioteek- en inligtingswerk nie met finaliteit aangetoon kan word nie, word die volgende kerngebiede wel deur verskillende skrywers vermeld: 'n studie van inligting, veral in opgetekende vorm; organisasie van inligting, veral in rekordvorm; inligtingsdiens en kommunikasie van inligting; gebruikers van inligting en die biblioteek- en inligtingsbedryf.*

Twee hoofvorme van beroepsopleiding, formele en voortgesette opleiding, kan onderskei word, maar in hierdie studie val die klem in hoofsaak op formele opleiding. Die primêre vorm van opleiding is die algemene basiese opleiding en daarbenewens kan spesialisering en differensiëring as verdere vorme van opleiding onderskei word.

Een van die kenmerke van 'n beroep is dat dit oor 'n korpus van kennis beskik, waarin al die beoefenaars van die beroep onderlê behoort te word. Die blootstelling aan en die assimilering van so 'n kernleerstof is juis een van die vernaamste voorwaardes vir die uitbouing van die eenheid van die beroep.

Dit is aangetoon dat daar nog nie 'n omvattende teoretiese raamwerk bestaan waarbinne alle aktiwiteite, wat met die proses van inligtingsoordrag gemoeid is, verklaar kan word nie. Op die terreine van die konvensionele en die nie-konvensionele biblioteekwese, waar baie klem op die kommunikasie van inligting via die rekord geplaas word,

is daar egter redelike ooreenkomste in die aktiwiteite wat plaasvind en behoort daar vir die voorsienbare toekoms nog gepoog te word om 'n algemene basiese opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk aan te bied, wat as grondslag vir die beoefening van beide terreine kan dien. Op die grondslag van so 'n algemene basiese kursus behoort meer gespesialiseerde opleiding te volg om in die toenemende behoefte aan persone wat volgens vakgebied, tipe gebruiker of die vorm van die materiaal gespesialiseer is, te voorsien.

Spesialisering in die opleiding word spesifiek saam met algemene basiese opleiding vermeld omdat die twee vorme van opleiding weens die behoeftes van die praktyk in die reël in 'n mate van spanning met mekaar verkeer. Die algemene basiese opleiding kan onmoontlik produkte lewer wat ten volle in staat is om aan die eise van die hedendaagse samelewing aan meer gespesialiseerde biblioteek- en inligtingsdienste te voldoen, maar dit is ook nie wenslik dat 'n verskeidenheid van gespesialiseerde basiese opleidingskursusse georganiseer word nie. Die ideale oplossing is 'n verlenging van die opleidingstydperk sodat spesialisering na die basiese program kan volg.

Terwyl praktiese oorwegings die implementering daarvan verhinder, word die oplossing soms gesoek in die insluiting van keusevraestelle oor gespesialiseerde onderwerpe by die basiese program. So 'n reëling bevredig egter nie, omdat spesialisering op die grondslag van basiese opleiding behoort te geskied en omdat dit inbreuk maak op die basiese opleiding.

In gevalle waar omstandighede dit vereis, en die aanvraag groot genoeg is, is die oplossing van die probleem van die voorsiening van gespesialiseerde werkkragte geleë in gespesialiseerde basiese opleiding, soos in die geval van skoolbibliotekarisse, van wie benewens biblioteekkennis ook 'n volwaardige onderwyskwalifikasie vereis word.

Een van die vernaamste vraagstukke waarvoor opleidingsinstansies

te staan kom, is die ontwikkeling van algemene basiese opleidingsprogramme vir biblioteek- en inligtingswerk. Enkele doelbewuste pogings is reeds aangewend om 'n raamwerk te omlyn waarbinne biblioteek en inligtingkunde inhoudelik geïntegreer kan word. Swank stel drie hoofkomponente vir 'n basiese curriculum voor: boeke en lesers of inligting en gebruikers, intellektuele organisasie van opgetekende kennis en die biblioteek- en inligtingsbedryf.[32)] Caldwell onderskei ewe-eens drie terreine, naamlik 'n studie van kennis self, die organisasie en bestuur van opgetekende kennis en 'n studie van gebruikers van kennis.[33)] Die indeling van Saracevic is eerder 'n omskrywing van die vakgebied van 'n basiese inligtingwetenskap, maar gee 'n aanduiding van opvattings oor die suiwer teoretiese benadering van opleiding: hy stel dit as die studie van basiese verskynsels soos inligting, kommunikasieprosesse en die vraagstuk van toepaslikheid; van inligtingsisteme, hul struktuur en funksies en 'n evaluering van inligtingsisteme, waarby die menslike faktor ook in berekening gebring word.[34)]

9.3.5 *In biblioteek- en inligtingswerk kan verskillende kategorieë werk onderskei word, naamlik operatiewe en ontwikkelingswerk, toegepaste navorsing en basiese navorsing.*

9.3.6 *Daar behoort minstens drie opleidingsvlakke te bestaan, die algemene basiese opleiding en opleiding op 'n laer of subprofessionele en op 'n gevorderde vlak.*

9.3.7 *Daar moet meer aandag geskenk word aan die uitbouing van 'n subprofessionele of tegniese opleiding.*

32) *Swank, R.C.* Documentation and information science in the core library school curriculum. *Special libraries* 58: 40-44, 1967.

33) *Caldwell, W.* Libraries and information science. *Library association record* 72: 137-141, 1970.

34) *Saracevic, T. red.* Introduction to information science. New York, Bowker, 1970. p. xix-xxiii.

9.3.8 *Op die gevorderde nagraadse vlak behoort 'n gevorderde beroeps- en 'n gevorderde akademiese opleiding aangebied te word.*

9.3.9 *Die funksionele opleiding is 'n ondergewaardeerde en onderontwikkelde vorm van opleiding.*

Deur die werking van vertikale differensiasie in die arbeidsorganisasie van die biblioteek- en inligtingspraktyk het daar verskillende kategorieë van werk tot stand gekom: operatiewe werk, ontwikkelingswerk, toegepaste navorsing en basiese navorsing. Onder invloed van dieselfde faktor het ook verskillende diensvlakke ontwikkel waarmee in die opleiding rekening gehou moet word. Eerstens is daar die opleiding vir 'n algemene basiese kwalifikasie wat die primêre vlak is. Opleiding op hierdie vlak aan die universiteit vereis 'n studietydperk wat van drie tot vyf jaar wissel en daarom behoort personeel wat oor hierdie kwalifikasie beskik liefs nie vir die uitvoering van die meer tegniese take en die moeiliker klerklike pligte gebruik te word nie. In lande waar die tradisionele Britse benadering van opeenvolgende eksamens wat geslaag moet word, nie bestaan het nie, was daar nie „vakleerlinge" beskikbaar om die suiwer tegniese werk te verrig nie. Gevolglik ontwikkel die idee om personeel vir 'n middelvlak op te lei, wat net die subprofessionele arbeid kan verrig. Die tendens van subprofessionele of tegniese opleiding is aan die toeneem, maar dit word nog nie algemeen aanvaar nie. Die personeel met subprofessionele kwalifikasies werk slegs op die operatiewe vlak, terwyl persone met basiese opleiding ook in hoofsaak hier bedrywig is.

Biblioteek- en inligtingswerk het so in omvang en kompleksiteit toegeneem dat daar benewens persone wat oor die nodige vorming en opleiding beskik om navorsing te verrig ook 'n behoefte ontstaan het aan personeel met meer gevorderde beroepsopleiding om as bestuurders, beplanners en koördineerders op te tree. Waar laasgenoemde tipe

personeel vir die operatiewe- en ontwikkelingswerk en toegepaste navorsing, geskik is, sal eersgenoemde tipe persoon wat oor gevorderde akademiese opleiding van die honneurs- en doktorsgraad vlak beskik, vir toegepaste en basiese navorsing aangewend word.

Naas die differensiasie in die opleiding volgens diensvlakke, is funksionele opleiding ook hier ter sprake. Dit is egter nog swak ontwikkel en word hoofsaaklik deur middel van keusevraestelle, byvoorbeeld nie-konvensionele ontsluitingsmetodes of gemeganiseerde inligtingsontsluiting, aangebied.

**9 4 Opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika en die behoefte aan opgeleide personeel van die biblioteek- en inligtingspraktyk**

9.4.1 *Uit die historiese oorsig blyk dit dat die verloop van opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika in hooftrekke met die ontwikkelingstadia van beroepsopleiding in die algemeen ooreenstem en dat dieselfde basiese vraagstukke hier aanwesig is.*

Aan die begin is 'n vakleerlinggeoriënteerde opleiding onder leiding van die beroepsvereniging ingestel, maar spoedig het 'n beweging ontstaan om 'n meer teoreties georiënteerde opleiding op universitêre vlak aan te bied. Sedert 1962 kan opleiding op biblioteek- en inligtingsgebied vir blankes slegs aan universiteite gevolg word. Ook oor 'n vraagstuk soos die tydsduur van die opleiding bestaan vandag eenstemmigheid, maar dit wil voorkom of die mate van algemene vorming, wat die voornemende bibliotekaris of inligtingswerker behoort te ontvang, nog nie bevredigend gereël is nie.

9.4.2 *Met die oog op die uitbouing en die bevordering van die opleiding vir biblioteek- en inligtingswerk is dit belangrik dat goeie kontak tussen die opleidingsinrigtings aan die een kant en die praktyk en die beroepsvereniging aan die ander kant moet bestaan.*

Hoewel die Onderwyskomitee van die S.A. Biblioteekvereniging bereid is om opleidingsprogramme of beroepskwalifikasies aan die hand van neergelegde standaarde vir opleiding te evalueer, kan dit alleen op versoek van die opleidingsinrigtings, die werkgewers of die personeellid self geskied, en is die akkreditering nie bindend nie, maar alleen adviserend van aard. Daarom is dit vir die uitbouing en bevordering van die opleiding van die uiterste belang dat goeie kontak en die regte verhouding tussen die beroepsvereniging en die universiteite, wat by opleiding betrokke is, moet bestaan.

9.4.3 *'n Opname in 1969 het getoon dat daar 'n wesenlike behoefte aan meer personeel met opleiding in biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika bestaan.*

Uit die opname van personeelbehoeftes in 1969 blyk dat meer opgeleide personeel vir biblioteek- en inligtingswerk op alle vlakke nodig is: heelwat meer personeel met 'n algemene basiese opleiding, meer persone met 'n subprofessionele opleiding, personeel met gespesialiseerde opleiding, veral in kinderbiblioteekwerk en in gespesialiseerde inligtingswerk op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied.

9.4.4 *Indiensopleiding as metode van voortgesette opleiding ontvang nog nie voldoende aandag in biblioteke en inligtingsdienste nie.*

'n Saak wat belangrike implikasies vir die opleiding inhou, is die feit dat indiensopleiding in die biblioteek- en inligtingspraktyk in Suid-Afrika nog relatief swak ontwikkel is. Om dié rede behoort studente in hul beroepsopleiding voldoende praktiese opleiding te ontvang sodat hulle in staat is om, indien hulle byvoorbeeld in 'n eenmanbiblioteek beland, self die mas te kan opkom.

**9.5 Uit die beskikbare gegewens blyk dat die Suid-Afrikaanse universiteite beroepsopleiding as taak aanvaar het, maar dat 'n mate van kommer bestaan oor die moontlike verdringing van die beoefening**

van die basiese wetenskappe deur die eise van beroepsopleiding.

In die literatuur is daar redelik min gegewens beskikbaar oor die amptelike standpunte van Suid-Afrikaanse universiteite betreffende hulle taak van beroepsopleiding. Uit enkele bydraes en uit waarneming van die praktyk kan egter afgelei word dat die universiteite wel die beroepstaak uitvoer. Daar bestaan selfs kommer oor die wyse waarop die professionalisering van die universiteit die beoefening van die basiese wetenskappe moontlik nadelig kan beïnvloed. In die verband word vooruitgesien na die verslag en aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese, wat waarskynlik aan die saak aandag sal gee.

**9.6 Gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die opleidingspatroon vir biblioteek- en inligtingswerk in Suid-Afrika.**

Daar is aangetoon dat beroepsopleiding kwantitatiewe en kwalitatiewe oogmerke het. In kwantitatiewe opsig het die opleidingsinrigtings die verpligting om voldoende getalle afgestudeerdes volgens die behoeftes van die praktyk te lewer, maar die produkte moet ook kwalitatief 'n opleiding ontvang wat hulle in staat stel om hul beroep met sukses te beoefen. In die studie is gepoog om binne die raamwerk van die bogenoemde twee oogmerke vas te stel watter aanpassings in die Suid-Afrikaanse opleidingsptraoon vir biblioteek- en inligtingswerk in die lig van ontwikkelingstendense as wenslik geag word.

9.6.1 In kwantitatiewe opsig lewer die universiteite globaal beskou oënskynlik voldoende getalle nuwe rekrute om in die behoeftes te voorsien, maar weens die hoë persentasie dames is die personeelomset sodanig dat daar steeds 'n tekort aan opgeleide personeel is. Op die hoër vlak is die groeineiging van die studentetalle opwaarts, maar op die laer vlak toon dit 'n dalende neiging. Wat betref die laer vlak word aanbeveel dat die minimum toelatingsvereiste

deur al die universiteite op 'n skooleindsertifikaat gestel word in 'n poging om die studentetalle te laat styg. So 'n stap hou implikasies vir die samestelling van die curriculum in, waarna later verwys word. Verder behoort die beroepsvereniging volgehoue aandag aan die loopbaanvooruitsigte veral van dié kategorie werkers te gee.

Op die vlak van die basiese kwalifikasie is daar 'n duidelike behoefte aan meer personeel met 'n vakagtergrond in die natuur- en toegepaste wetenskappe, terwyl meer manlike rekrute ongetwyfeld 'n algemene verbetering in die personeelsituasie tot gevolg sal hê.

